# DIE VRAAGSTUK

van die

# KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG.

met verwysing na

# DIE NASIONALE WELSYNSRAAD EN DIE F.A.K.

Verhandeling deur

MARTHINA ELAINE BOTHA (HONNS.-B.A.)

aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

Potchefstroom.

Januarie 1964.

# V O O R W O O R D.

In hierdie werkstuk word gepoog om in die lig van die eise van die Skrif 'n bydrae te lewer tot die vakwetenskap Maatskaplike Sorg.

Selfs al sou hierdie verhandeling geen noemenswaardige invloed op die praktiese beoefening van maatskaplike sorg hê nie, was die skryf daarvan reeds 'n beloning op sigself. Graag sou ek sien dat dit aanvaar word as 'n bydrae tot Calvinisties georiënteerde wetenskapsbesinning.

Langs hierdie weg betuig ek my opregte en hartlike dank aan mnr. C.N. Venter, my leier, onder wie se bekwame leiding, toesig en inspirasie ek hierdie verhandeling kon aanpak.

My eerste liefde vir wetenskaplike studie en in besonder vir die Maatskaplike Sorg het ek van hom geleer. Die gedagtes wat in hierdie verhandeling vorm aangeneem het, is vrug van sy onbaatsugtige toewyding aan die dosering van die Maatskaplike Sorg in die lig van die Woord van God en van sy onselfsugtige oordrag van deurknede kennis aan studente.

Graag betuig ek my opregte dank aan die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. vir die toestemming verleen om in die verhandeling na die koördinerende werk van die F.A.K. te verwys. My dank ook aan die Algemene Sekretaris en die personeel van die F.A.K. vir die vriendelike hulp te alle tye tydens hierdie ondersoek aan my verleen.

Hartlik dank aan die Nasionale Welsynsraad en die Registrateur van welsynsorganisasies en sy personeel vir die hulp verleen in verband met die verkryging van gegewens oor die koördinerende werk van die Nasionale Welsynsraad.

My dank ook aan my ouers en alle ander persone of instansies wat op een of ander wyse die verwesenliking van hierdie ideaal moontlik gemaak het.

In die vernaamste plek dank aan God, wat my hiertoe geroep het en die krag geskenk het om die werk te kan voltooi.

Mag hierdie werk 'n geringe bydrae wees tot die uitbouing van die teoretiese kennis van Maatskaplike Sorg, die praktiese beoefening van Calvinistiese sorg op elke lewensterrein en die uitbreiding van die koninkryk van God.

# DIE VRAAGSTUK
# VAN DIE
# KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG,
# MET VERWYSING NA
# DIE NASIONALE WELSYNSRAAD EN DIE F.A.K.

## INHOUDSOPGAWE.


VOORWOORD.

INLEIDEND. 1.

1. Doel van die studie. 1.
2. Uitgangspunt. 2.
3. Die vraagstuk van koördinasie in maatskaplike sorg. 8.
4. Metode. 10.
5. Die begrip koördinasie. 13.
6. Indeling van die verhandeling. 18.

AFDELING A.

PRINSIPIëLE ORIëNTERING. 20.

HOOFSTUK I. TERMINOLOGIE EN BEGRIPSBEPALING. 21.

1. Die term en begrip maatskappy. 21.
2. Die term en begrip kultuur. 30.
3. Die term en begrip maatskaplike sorg. 36.
4. Die term en begrip orde. 41.
5. Samevatting, beoordeling en bespreking. 52.

HOOFSTUK II. BEGINSELS TEN GRONDSLAG VAN KOÖRDINASIE IN DIE MAATSKAPLIKE LEWE. 53.

1. Universaliteit in eie kring. 54.
2. Soewereiniteit in eie kring. 57.
3. Die beginsel van enkapsis. 63.
4. Gesag en vryheid. 65.
5. Samevatting, beoordeling en bespreking. 71.

HOOFSTUK III. INSTANSIES EN ORGANE BETROKKE BY KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG. 76.

1. Die geïnstitueerde kerk. 76.
2. Georganiseerde partikuliere inisiatief. 83.

3. Die staat. 86.

4. Die koördinerende funksies van die betrokke sorginstansies. 92.

5. Die verhouding tussen die institutêre kerk, die partikulier georganiseerde inisiatief en die staat as koördinasievraagstuk. 100.

6. Samevatting, beoordeling en bespreking. 102.

AFDELING B.

MODERNE KOÖRDINASIETENDENSE. 105.

HOOFSTUK IV. DIE HUIDIGE KRISISTYD EN DIE MEGANIESE KOÖRDINASIEBEGINSEL. 106.

1. Historiese agtergrond. 106.

2. Die universalistiese maatskappybeskouing en staatstotalitarisme. 114.

3. Die subsidievraagstuk en die subsidiariteitsbeginsel in die meganiese koördinasie van maatskaplike sorg. 118.

4. Samevatting, beoordeling en bespreking. 130.

HOOFSTUK V. MODERNE KOÖRDINASIEMETODES. 138.

1. „Community organization". 139.

2. Die totalitêre welsynstaat. 155.

3. Samevatting, beoordeling en bespreking. 161.

AFDELING C.

KOÖRDINASIE IN SUID-AFRIKA. 168.

HOOFSTUK VI. DIE ROL VAN KONFERENSIES EN KONGRESSE IN DIE KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG. 169.

1. Die Kerklike kongres, Cradock, 1916 169.

2. Die „Gesamentlike kongres", Bloemfontein, 1923 170.

3. Die Carnegie-ondersoek na die armblankevraagstuk en die Volkskongres, Kimberley, 1934 172.

4. Die Nasionale konferensie oor maatskaplike werk, Johannesburg, 1936 — 177.

5. Die Suid-Afrikaanse nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, Johannesburg, 1944 — 179.

6. Samevatting, beoordeling en bespreking — 183.

HOOFSTUK VII. DIE KOÖRDINASIE VAN PARTIKULIERE MAATSKAPLIKE SORG IN SUID-AFRIKA. — 191.

1. Vroueverenigings — 192.

2. Die ontwikkeling van koördinasie by ander partikuliere sorginstansies — 196.

3. Kultuurorganisasies — 199.

4. Samevatting, beoordeling en bespreking — 206.

HOOFSTUK VIII. DIE ONTSTAAN EN INSTELLING VAN DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE AS KOÖRDINERENDE INSTANSIE IN DIE MAATSKAPLIKE SORG. — 210.

1. Die geesteklimaat waaruit die F.A.K. ontwikkel het — 210.

2. Die ontstaan van die F.A.K. — 213.

3. Die rol van die lewens- en wêreldbeskouing van dr. N.J. van der Merwe in die F.A.K. — 219.

4. Doelstellings en lidmaatskap van die F.A.K. — 222.

5. Die bestuur van die F.A.K. — 224.

6. Samevatting, beoordeling en bespreking — 230.

HOOFSTUK IX. DIE ONREGSTREEKSE KOÖRDINERENDE WERKSAAMHEDE VAN DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE. — 235.

1. Onregstreekse koördinasie ten behoewe van taalhandhawing — 237.

2. Onregstreekse koördinasie ten behoewe van die bewaring en uitbou van die Afrikaanse kultuur — 240.

3. Samevatting, beoordeling en bespreking — 262.

HOOFSTUK X. DIE REGSTREEKSE KOÖRDINERENDE WERK VAN DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE. 268.

1. Regstreekse koördinasie op nasionale vlak 269.

2. Regstreekse koördinasie op plaaslike vlak 277.

3. Regstreekse koördinasie op streeksvlak 283.

4. Samevatting, beoordeling en bespreking 286.

HOOFSTUK XI. DIE ONTWIKKELING VAN STAATSMAATREËLS WAT BETREKKING HET OP DIE KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG. 290.

1. Die fase 1910 - 1937 290.

2. Die fase 1937 - 1947 304.

3. Samevatting, beoordeling en bespreking 312.

HOOFSTUK XII. DIE WET OP WELSYNSORGANISASIES EN DIE NASIONALE WELSYNSRAAD. 316.

1. Die Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig 319.

2. Die Nasionale Welsynsraad 322.

3. Streekswelsynsrade 333.

4. Samevatting, beoordeling en bespreking 341.

HOOFSTUK XIII. ONREGSTREEKSE KOÖRDINERENDE AKTIWITEITE VAN DIE NASIONALE WELSYNSRAAD. 344.

1. Registrasie van welsynsorganisasies 344.

2. Advisering van die Minister, streekswelsynsrade en geregistreerde welsynsorganisasies 355.

3. Optrede van die Raad met betrekking tot die verwesenliking van die oogmerke van die Wet 369.

4. Samevatting, beoordeling en bespreking 371.

HOOFSTUK XIV. REGSTREEKSE KOÖRDINASIE DEUR DIE NASIONALE WELSYNSRAAD. 377.

1. Die eerste Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies 379.

2. Die tweede Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies 380.

3. Die vraagstuk van koördinasie gedurende die dienstermyn van die derde Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies 383.

4. Samevatting, beoordeling en bespreking 391.

AFDELING D.

GEVOLGTREKKINGE. 400.

HOOFSTUK XV. GEVOLGTREKKINGE EN AANBEVELINGE IN VERBAND MET DIE VRAAGSTUK VAN DIE KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG, MET VERWYSING NA DIE NASIONALE WELSYNSRAAD EN DIE F.A.K.

1. Inleidend. 401.

2. Prinsipiële oriëntering. 402.

3. Moderne Koördinasievorme. 407.

4. Koördinasie in Suid-Afrika. 411.

5. Aanbevelings. 430.

BRONNELYS. 432.

# I N L E I D E N D.

## 1. DOEL VAN DIE STUDIE.

### a. Ekstrinsieke doel.

Die voor die hand liggende doel van hierdie studie is die daarstelling van 'n afgeronde en gebalanseerde werkstuk ter verwerwing van 'n meestersgraad in die Maatskaplike Sorg.

Omdat die vakwetenskap Maatskaplike Sorg nog maar jonk is, het hierdie werkstuk ten doel om 'n bydrae te lewer tot wetenskaplike besinning oor die onderwerp van die studie, naamlik verskillende botsende metodes van sorg en hulle onderliggende geestesstrominge.

Nie slegs moet so 'n werkstuk inderdaad 'n bydrae tot 'n aktuele vraagstuk wees nie, maar dit moet ook voldoen aan alle vereistes om te bewys dat die student deeglik kennis dra van sy vakwetenskap, die spesifieke onderdeel waaraan aandag gegee word, en daarmee samehangende vraagstukke.

Die verhandeling moet ook as bewys dien dat daar diep en breed oor 'n bepaalde onderwerp gelees en gedink word, dat die vrug van hierdie denkarbeid op 'n gebalanseerde, beheerste, sistematies gekontroleerde wyse logies en verstaanbaar weergegee kan word. Dit moet dus gesistematiseerde, geverifieerde en gekontroleerde kennis wees.

### b. Intrinsieke doel.

Die vakwetenskap Maatskaplike Sorg is nog maar van resente datum. Weliswaar is die terrein wat deur hierdie wetenskap bestudeer word, so oud soos die mensheid self. Die doelbewuste navorsing en formulering van wetenskaplike kennis in verband met sorg in die menslike samelewing is 'n nuwere ontwikkeling wat onlangs aan die P. U. vir C. H. O. sy ontstaan gehad het. Soos later sal blyk, is die vakgebied van die Maatskaplike Sorg baie nou verweef met die interpretasie van die begrippe kultuur en maatskaplike sorg.

Dit hoort tot die taak van die navorser in hierdie vakgebied om alle metodes en vorme van sorg, soos hulle hulle in die menslike samelewing voordoen, te bestudeer en die vrug van hierdie wetenskaplike studie

dan weer te gee. Uiteraard rus die sorgtaak van die mens ten diepste in die kultuuropdrag van die mens, soos in die paradys aan hom gegee. Waar die kultuuropdrag van die mens egter sorgsaam besig wees met stof, plant, dier en mens veronderstel, het die vakwetenskap Maatskaplike Sorg tot studiegebied die bestudering van daardie sorgverskynsels wat hulle spesifiek in die menslike samelewing voordoen. Hierdie bestudering van die sorgtaak van die mens-in-samelewing sluit egter nie die menslike sorgsaam besig wees met materiële dinge uit nie. Kultuurskepping, -handhawing en -uitbouing is ten nouste gebonde aan die geskape natuur.

Die Maatskaplike Sorg sien hierdie metodes en vorme van sorg wat deur die mens in die uitvoering van sy sorgtaak toegepas word, as onderdeel van sy kultuurtaak, nie los van die onderliggende geestesstrominge waardeur dit gedra word nie. Bepaalde vorme en metodes van sorg soos dit deur kerk, staat, huisgesin, bedryf, partikulier georganiseerde inisiatief, ensovoorts, beoefen word, is dus ten diepste ingebed in bepaalde geestesstrominge. Van hierdie metodes en vorme van sorg word 'n wetenskaplike studie gemaak vanuit die gesigspunte van die geskiedenis, praktyk en die daaraan ten grondslag liggende beginsels.

Die vakwetenskap Maatskaplike Sorg bestudeer dus die verskillende soms botsende metodes en vorme van sorg in samehang met die geestesstrominge waarvan hulle op 'n bepaalde tydstip 'n historiese kultuurproduk is[1].

Daar bestaan 'n duidelike onderskeid tussen die twee terme Maatskaplike Sorg en maatskaplike sorg. Hierdie onderskeid sal later duideliker aan die lig kom in die hoofstuk wat handel oor terminologie en begripsbepaling.

Die intrinsieke doel van hierdie werkstuk is 'n wetenskaplike ondersoek na die vraagstuk van die koördinasie van sorgaktiwiteite soos beoefen deur verskillende sorginstansies in die maatskaplike sorg. Hoewel die ondersoek wesenlik die hele vraagstuk van sorgaktiwiteite

---

1. Vgl. Venter, C.N.: „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", artikel in Koers; III, 1, Aug. 1955, asook P.U. vir C.H.O.: Jaarboek van die- , 1963, p. 173.

deur verskillende sorgsfere raak, het dit ten diepste ten doel die bestudering van die onderlinge verhoudinge tussen hierdie aktiwiteite en by name die onderlinge skikking of ordening van sodanige aktiwiteite vir die vorming van 'n afgeronde geheel.

In die chaos van uitgangspunte ten opsigte van hierdie vraagstuk is dit die taak van die Christenwetenskaplike om 'n selfstandige Calvinistiese standpunt oor die vraagstuk daarop na te hou en dit by die lig van Woord en Belydenisskrifte uit te bou tot 'n eie kenmerkende Calvinistiese siening van die vraagstuk.

Die Skrif en die Belydenisskrifte van die Calvinistiese kerke, naamlik die drie Formuliere van eenheid, swyg nie oor die beginsels wat vir sorgaktiwiteite in die maatskaplike lewe geld nie. Weliswaar word geen uitgesproke en regstreekse voorskrifte ten opsigte van die funksie en taak van elke sorginstansie gevind nie, maar wanneer sorg gesien word as inherente deel van die kultuuropdrag van God aan die mens en maatskaplike sorg meer spesifiek as die uitvoering van hierdie kultuuropdrag ten opsigte van mense-in-samelewing, dan spreek die Skrif maar alte duidelik oor die beginsels waardeur hierdie sorgaktiwiteite gedra moet word. Immers, dit is onmoontlik vir 'n mens of groep mense om sorgsaam met andere in die samelewing besig te wees, sonder om bewus 'n bepaalde patroon van sorg, wat wesenlik onderdeel van die kultuurpatroon is, na te volg. Menslike beheersingsarbeid as sorgtaak en uitvoering van die kultuurtaak, is altyd doelgerig en gedra deur onderliggende ideologiese beginsels.

Juis omrede daar nog so 'n agterstand is op die gebied van die wetenskaplike besinning oor die vraagstukke van maatskaplike sorg, is dit dringend noodsaaklik dat daar vanuit Calvinistiese standpunt oor hierdie vrae besin moet word. Vandaar dan ook hierdie bydrae.

Nie slegs het die Maatskaplike Sorg 'n ernstige behoefte aan meer Calvinisties geöriënteerde denke oor sorgvraagstukke nie, maar dit het by uitstek behoefte aan die formulering van hierdie kennis en denke op prinsipieel verantwoorde wyse. In die lig hiervan is hierdie werkstuk dan ook 'n poging tot die formulering van kennis oor die bepaalde vraagstuk sodat hierdie gesistematiseerde kennis as

basis kan dien vir verdere studie van ander wat belang stel in dieselfde wetenskapsgebied.

'n Ander belangrike rede waarom hierdie vraagstuk ernstige besinning eis, is omdat daar in die praktiese beoefening van maatskaplike sorg soveel verwarring en uiteenlopende sieninge bestaan. Omdat daar vandag allerweë 'n krisis in die ganse kultuur bestaan, het dit des te noodsaakliker geword om sterk prinsipiële riglyne daar te stel vir die praktiese beoefening van maatskaplike sorg.

Die praktyk roep vandag om prinsipiële riglyne vir die vervulling van die sorgtaak.

Hierdie verhandeling het derhalwe tweërlei taak: Enersyds het dit tot taak die suiwere wetenskaplike formulering van wetenskaplike kennis, terwyl dit andersyds ten doel het leiding ten opsigte van praktiese en aktuele vraagstukke in die maatskaplike sorg.

Indien hierdie verhandeling slegs een doel bereik, naamlik om te dien as bron en vastrapplek vir verdere ondersoek, was dit reeds meer as lonend om dit aan te pak.

## 2. UITGANGSPUNT.

Dit is die oortuiging van die skryfster dat ook hierdie probleem nie vanuit ons immanente tydelike werklikheid verklaar kan word nie, omdat die skepping in sigself nie absoluut en selfgenoegsaam is nie. Daar word derhalwe uitgegaan van die standpunt dat alleenlik God, wat aan die kosmos transendent is, aan ons, deur sy Woordopenbaring, die juiste visie op die mens en samelewing en die vraagstukke in die samelewing kan gee. Hierdie ekstern kosmiese siening van die kosmiese gebeure word dus gefundeer op die Heilige Skrif as die Woordopenbaring van God[2].

Laasgenoemde uitgangspunt impliseer dat wetenskaplike arbeid hoegenaamd nie neutraal kan wees nie. „Oor die ganse linie staan die wysgeer en die vakwetenskaplike dus in diens van Christus of in diens van die Antichris – 'n middeweg is daar nie – en daarom is geen weten-

2. Vgl. Stoker, prof.dr. H.G.: Beginsels en metodes in die wetenskap; Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1961; p. 301. (Voortaan genoem: Beginsels en metodes.)

skaplike ooit neutraal nie"[3]. Wetenskap is wesenlik religieus bepaal, en die wetenskaplike moet 'n standpunt inneem ten opsigte van die wese, grond en bestemming van alle dinge. Alleenlik wanneer dit deur die lig van die Woord van God bestraal is, kan ons wetenskaplike kennis deurdring tot die wortel en wese van dinge. „Ook voor de wetenschap is de Bijbel de laatste norm"[4]. Prof. H.G. Stoker stel hierdie essensiële betekenis van die Bybel vir die wetenskaplike op sy bepaalde terrein soos volg:-

„Die erkenning van die Bybel as 'n supranaturele bron van kennis aangaande God en Sy verhouding tot die hele kosmos en in besonder tot die mens mag wel genoem word die formele beginsel van die Reformasie. Die konsekwente deurvoering van hierdie beginsel beteken die erkenning van die Bybel as leidend, liggewend en 'n rigsnoer nie net vir die religieuse en kerklike lewe nie, nie net in religieuse en etiese sin nie, maar universeel en objektief en wel as lig-verspreider op wat is en was en sal wees - en dus normatief geldig ook op die gebied van politiek, pedagogiek, handel, kuns, wetenskap ens"[5].

Wanneer die Heilige Skrif op hierdie wyse gebruik word, beteken dit geensins dat ons die Bybel as wetenskaplike handboek vir die oplossing van bepaalde maatskaplike probleme gebruik nie, want dit is tog nie die bedoeling van die Woordopenbaring nie[6]. Die gebruik van die Woord op hierdie wyse hou in die erkenning dat God Hom nie slegs in die natuur nie maar ook in die Skriftuur aan die mens geopenbaar het en dat ons dus die volle werklikheid slegs by die lig van die Woord

---

3. Vgl. Strauss, prof. H.J.: Christelike wetenskap; Bloemfontein, Sacum Bpk., 1953; pp. 15, 23, 24; Stoker, prof.dr. H.G.: Beginsels en metodes; p. 146.

4. Spier, J.M.: Wat is Calvinistiese wijsbegeerte?; Kampen, J.H. Kok, 1950; p. 17.

5. Stoker, prof.dr. H.G.: Wysbegeerte van die skeppingsidee; Kaapstad, HAUM, 1933; p. 89; vgl. ook van Rooy, prof. D.J.: „Bybel en wetenskap", artikel in Koers in die krisis, dl. I; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1935.

6. Wurth, prof.dr. G.B.: Het Christelijk leven in de maatschappij; Kampen, J.H. Kok; 1951 ; p. 48; vgl. ook Stoker, prof.dr. H.G.: Beginsels en metodes, p. 138 e.v.; Strauss: Christelike wetenskap, p. 48.

van God kan leer ken; „want in U lig sien ons die lig".[7)]

Die Protestantse en meer bepaald Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing word in hierdie werkstuk onderskryf, en dus sal getrag word om die siening van die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorg in ooreenstemming met hierdie lewensvisie te bring. Dit beteken dat die gangbare opvattings in verband met koördinasie ondersoek moet word by die lig van die Woord en Belydenis, met name die drie Formuliere van eenheid, en dat alles wat nie in ooreenstemming met die Woord is nie, onvoorwaardelik verwerp moet word, kragtens die eis van die Belydenis en die daaruit voortvloeiende lewensbeskouing.

Die Calvinisme het vir die onderhawige vraagstuk en vir die algemene maatskaplike problematiek besondere betekenis omdat dit, soos Van Rooy dit stel, „..... die totale werklikheidsfeer waarin 'n volk lewe en sy bestemming moet vervul, in sy ryke verskeidenheid en eenheid in oog vat .....".[8)]

In sy artikel „Die Kalvinisme as organisasie-beginsel in sosiale gaos" stel prof. L.J. du Plessis[9)] hierdie besondere betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse problematiek soos volg: „Vir ons tyd ook kan die Kalvinisme die oplossing gee, nie alleen omdat die omstandighede soveel ooreenkoms vertoon nie, maar veral omdat Kalvyn meer as iemand anders geantwoord het op die ewige roep van die mensehart na 'n God in wie hy kan rus, 'n God wat waarlik God is".

Die kosmos, en daarby inbegrepe die maatskaplike lewe, is deur God geskape, en die hele skepping staan onder die wet van God. Hiermee word bedoel dat die ganse skepping onderworpe is aan die goddelike ordinansies, wetmatighede en norme wat hulle oorsprong het in die soewereine wil van die Grote Skepper[10)]. Hierdie onderworpenheid van die

---

7. Vgl. Psalm 19; Psalm 36:10; Die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel II; Grosheide, prof.dr. F.W. e.a.; Christelijke Encyclopaedie, tweede hersiene druk; Kampen, J.H. Kok, 1956.

8. van Rooy, prof.dr. J.C.: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg" in FCSV-uitgawe: Op die voorpunt van die tye; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1944; p. 45.

9. du Plessis, L.J.: Artikel in Koers in die Krisis, dl. II; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1934-35; p. 23.

10. Spier, J.M.: Inleiding tot de wijsbegeerte der wetsidee, vierde hersiene druk; Kampen, J.H. Kok, 1950; p. 39.

geskapene aan die wette van God staan bekend as die kosmiese wetsorde of skeppingsorde[11]. Die aanvaarding van die feit dat daar 'n kosmiese wetsorde bestaan, bring mee dat ons uitgaan van die beginsel dat, ten spyte van die aanwesigheid van die sonde in die skepping, daar nogtans orde bestaan; want God is immers 'n God van vrede en nie van wanorde nie[12].

„Die skeppingsorde is trouens 'n goddelike meesterstuk, gegee in die wonder-menigvuldigheid van onderskeie skepseldinge, ordelik saamgevoeg en, soos die verskeidenheid van klanke in die orrelspel, 'n harmonieuse eenheid. Ja, soos die jubelende fees van die toonakkoorde - sonder wanklank - so is die werke van die Here 'n skeppingsfees in die suiwere orde van Sy magtige dade; 'n wonder harmonie van onderskeie en aard-eie dinge met onmiskenbare grense, gegrondves in die ewige sterkte van die Almagtige"[13].

Hierdie orde merk ons nie slegs in die natuur rondom ons op nie, maar die beginsels van die orde geld ook ten opsigte van die menslike en maatskaplike lewe. Alhoewel die mens in die daaglikse lewe telkens hierdie orde deur sy sondige neigings en dade verbreek, bly die orde tog in beginsel voortbestaan soos dit na die sondeval deur en in Christus herstel is. Die wyse waarop mens en medemens in maatskaplike verband en in al die ander samelewingsverbande met mekaar moet saamleef, is ook deur die Skepper aan ons gegee. „Elke samelewingsvorm .... is onderworpe aan sy aard eie-bouplan, en alle mense wat in 'n lewensvorm na behore wil saamleef en saamwerk is verplig om hulle aan die betrokke bounorme te onderwerp"[14].

---

11. Spier, J.M.: Inleiding tot de wijsbegeerte, p. 42; vgl. ook van Rooy, prof. D.J.: „Bybel en wetenskap;"Dooyeweerd, prof.dr. H.: Vernieuwing en bezinning; Zuthpen, J.B. van den Brink en Co., 1959; p. 37.

12. 1 Kor. 14:33; sien ook Spier, J.M.: Inleiding tot de wijsbegeerte; p. 297; vgl. ook „Het bittere raadsel van de goede schepping", in Wending; XVII, 5/6, Julie-Augustus, 1962; p. 338; Angelinus, P. dr. O.F.M. Cap: vierde druk; Utrecht, Dekker en van de Vegt, s.j.; p. 152.

13. Strauss : Christelike wetenskap; p. 338.

14. Strauss : Christelike wetenskap, p. 32; vgl. ook Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning; p. 41.

Samevattend kan gestel word dat die uitgangspunt van hierdie verhandeling spesifiek Calvinisties is en dat daar gepoog sal word om in die lig van die Goddelike Woord en aan die hand van die gereformeerde geloofsbelydenis die probleem van die koördinasie van maatskaplike sorg te benader.

Hierdie standpunt impliseer 'n Calvinistiese mens-, maatskappy-, lewens- en wêreldbeskouing. Dit hou terdeë rekening met die feit van die sondeval en die gevolge daarvan vir die menslike lewe en samelewing. Dit ken egter ook die herskeppingswerk van Jesus Christus, wat deur sy sterwe en opstanding in beginsel 'n onverganklike orde in hierdie in sonde gevalle wêreld gevestig het met die troosryke woorde: „Vrede laat ek julle na, My vrede gee ek aan julle" (Joh. 14:27).

3. <u>DIE VRAAGSTUK VAN KOÖRDINASIE IN DIE MAATSKAPLIKE SORG.</u>

Met die aanvang van hierdie ondersoek het dit geblyk dat daar slegs 'n beperkte hoeveelheid literatuur[15] oor die spesifieke vraagstuk van koördinasie as sodanig beskikbaar is. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die koördinasie van maatskaplike sorg in die reël nie as 'n ernstige vraagstuk opgeneem word nie. Uit die bestudering van die beskikbare literatuur het dit geblyk dat koördinasie van sorgaktiwiteite eers tot 'n probleem ontwikkel sodra daar op plaaslike vlak oorvleueling van maatskaplike werkaktiwiteite bestaan. In die reël gaan dit dan bloot om die bevredigende verdeling van die aantal „gevalle" in 'n bepaalde gebied.

Ondersoeke in verband met hierdie vraagstuk was blykbaar beperk tot plaaslike en interne koördinasievraagstukke. Hoewel daar enkele artikels oor die teoretiese en prinsipiële benadering van hierdie vraagstuk geskryf is, is daar hoofsaaklik vanuit die praktiese situasie geredeneer, met die gevolg dat die slotsom waartoe geraak is, dikwels slegs

---

15. Vergelyk o.m. in hierdie verband: du Plessis, S.: <u>Samewerking tussen organisasies</u>. Tesis vir diploma in sosiale en gesondheidswerk; Pretoria, April, 1951; Wagner, O.J.M. en Theron, E.: <u>Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging</u>; Kaapstad, Nasionale Pers, 1944; Lambrechts, H.C. en Theron, E.: <u>Vrouevolksdiens</u>; Kaapstad, H.A.U.M., 1960; Stulting, A.A.: <u>Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie</u>, D. Phil-proefskrif; Universiteit van Stellenbosch, November, 1961.

op die eenmalige, empiriese, plaaslike situasie van toepassing was. Daar kan geredelik gekonstateer word dat baie min van die artikels of werkstukke oor hierdie onderwerp uitgaan van die Skriftuurlike prinsipiële standpunt in verband met die plek en taak van die onderskeie, by die vraagstuk betrokke, instansies[16].

'n Ander leemte wat by die bestaande literatuur oor die onderwerp aangetref is, is die feit dat die vraagstuk nie gesien is in samehang met die geestesstrominge waarvan dit op 'n bepaalde tydstip en plek die historiese kultuurproduk is nie. 'n Vraagstuk soos hierdie kan nie geïsoleerd beoordeel of geabstraheer word uit die histories ontwikkelde kultuursituasie waarvan dit 'n integrerende deel vorm nie.

Hoewel ondersoeke in verband met sekere aspekte van die werk van die Nasionale Welsynsraad en die F.A.K. reeds aangedurf is, is daar, sover vasgestel kon word, nog geen studie gemaak oor die koördinasievraagstuk soos dit hom by die genoemde twee liggame voordoen nie.

Vorige ondersoeke op hierdie wetenskapsgebied het dus 'n groot deel van die veld braak gelaat. Hieronder ressorteer onder meer die prinsipiële aspekte van die vraagstuk, die kultuurhistoriese milieu waarin die vraagstuk tot ontwikkeling gekom het, en die meer omvattende interpretasie van die begrip „koördinasie".

Die onderhawige vraagstuk sentreer om die volgende hoofprobleme:

a. Die interpretasie van die begrip koördinasie, waaronder ingesluit is die uiteensetting van meganiese, organiese, interne, eksterne, totalitêre funksionele en territoriale koördinasie;

b. die beginsels waarop koördinasie van sorgaktiwiteite in die menslike lewe berus; dit wil sê, hoe hierdie beginsels die onderlinge koördinering van sorgaktiwiteite deur die onderskeie sorgliggame behoort te beheers;

---

16. Die artikel van prof. J.C. van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p. vorm 'n uitsondering.

c. die prinsipiële plek en taak van die verskillende sorginstansies en hulle onderlinge verhouding tot mekaar;

d. die geestesstrominge wat hedendaagse vorme en metodes van koördinasie tot gevolg het, wat 'n uiteensetting inhou van die invloed van die voortskrydende proses van sekularisasie en verwêreldliking van moderne metodes van koördinasie;

e. 'n kort oorsig van die geskiedenis van die koördinasievraagstuk in Suid-Afrika soos dit by die partikuliere inisiatief en staat aangetref word;

f. besondere klem op die vraagstuk van koördinasie soos dit aangetref word in die werk van die Nasionale Welsynsraad en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.

## 4. METODE[17].

'n Groot aantal metodes is toegepas om inligting oor die betrokke vraagstuk in te win. Die volgende bronne is geraadpleeg en het onder meer gedien as inligtingspunte in verband met die vraagstuk van koördinasie van sorgaktiwiteite in die samelewing.

a. Biblioteke.

Die raadpleging van wetenskaplike werke oor hierdie onderwerp het die grootste bron van inligting gevorm. In hierdie opsig is daar gebruik gemaak van allerlei werke oor die historiese, empiriese en prinsipiële aspekte van die vraagstuk. Bronne is geraadpleeg in die volgende biblioteke:

(1) die Ferdinand Postma-biblioteek van die P.U. vir C.H.O.,

(2) die Johannesburgse Stadsbiblioteek,

(3) die vakbiblioteek van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, te Pretoria, en

(4) deur middel van interbiblioteeklenings wat goedgunstiglik deur die genoemde drie biblioteke bekom is, kon nog 'n groot aantal werke geraadpleeg word.

---

17. Vgl. in verband met die toegepaste metodes: de Vleeschauwer, H.J.: Handleiding by die wetenskaplike tegniek; Johannesburg, Voortrekkerpers Bpk., 1961.

b. Voorgraadse akademiese vorming en klasaantekeninge.

Uit die aard van die saak kan die vrug van hierdie studie nie losgemaak word van die vorming wat die student onder leiding van dosente in die voorgraadse studiejare ondergaan het nie. In hierdie opsig het die breë en diep studie van die Maatskaplike Sorg-vraagstukke in die voorgraadse studiejare onder leiding van mnr. C.N. Venter veel bygedra tot die uiteindelike vorming van die denkbeelde wat in hierdie verhandeling vorm aangeneem het. Ook die insiggewende klasaantekeninge, waarvan in hierdie verhandeling ruim gebruik gemaak is, het veel bygedra tot die resultaat van hierdie studie.

c. Onderhoude.

Insiggewende onderhoude is gevoer met persone wat in die praktyk ten nouste met die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorg gemoeid is of was. In hierdie opsig kan genoem word onderhoude met personeel en amptenare van die Nasionale Welsynsraad asook insiggewende gesprekke met voorsitters van die Raad. Verder het ook onderhoude met hooggeplaaste amptenare van die Departement van Volkswelsyn 'n besliste bydrae tot hierdie ondersoek gelewer.

Ook moet hier genoem word die interessante gegewens verkry deur samesprekinge met die Algemene Sekretaris en personeel van die F.A.K., die koördinerende instansie van Afrikaanse kultuuraktiwiteite.

Wat onder hierdie afdeling beslis die belangrikste was, is die verhelderende gesprekke gevoer met mnr. C.N. Venter, Departementshoof van die Departement Maatskaplike Sorg aan die P.U. vir C.H.O. Deur hierdie gesprekke is die verworwe kennis in die regte perspektief en logiese raamwerk geplaas en kon dit veel makliker gesistematiseer en georden word.

d. Empiriese navorsing.

(1) Die Nasionale Welsynsraad.

Deur 'n geruime tyd lank die agendas, notule, jaarverslae en lêers van die Nasionale Welsynsraad te bestudeer kon feitelike gegewens oor die vraagstuk van koördinasie van maatskaplike sorg verkry word.

(2) Die F.A.K.

'n Empiriese ondersoek is van die werk van die F.A.K. gemaak. Daar is aan die werk van hierdie liggaam aandag geskenk deur die onderhoude met die Algemene Sekretaris en die bestudering van jaarverslae, notule en ander werke oor die totstandkoming, werk en wese van die F.A.K.

e. Metode waarvolgens gegewens verwerk, gesistematiseer en gekontroleer is.

Volledige aantekeninge is gehou van alle bronne wat geraadpleeg is. Wat literêre bronne betref is daar twee tipes kaarte gemaak. Gelinieerde indekskaarte van 6" x 4" is gebruik,en daarop is die naam van die outeur, volledige titel van die werk, plek van uitgawe, uitgewer, jaar van publikasie, aantal boekdele, ensovoorts, aangebring. Hierdie kaarte het deurgaans verwysingsprobleme vergemaklik en uiteindelik gedien as die bibliografie van die verhandeling. Wanneer dit nodig gevind is, is die inhoud van die werk skematies en opsommenderwys agterop die kaart aangebring.

'n Tweede stel kaarte is saamgestel waarop die vernaamste aspekte waarop 'n bepaalde werk klem lê, kortliks genoem is en veelvuldige woordelikse aanhalings neergeskryf is. Nadat daar reeds 'n groot aantal van hierdie kaarte gemaak is, is hulle in hooftrekke ingedeel in die hoofdele waaruit die verhandeling aanvanklik sou bestaan. So is, byvoorbeeld, alle kaarte waarop opsommings of aanhalings in verband met die begrip „koördinasie" gemaak is, saamgegroepeer. Later, namate die bronnelys toegeneem het, is die hoofindeling weer in bepaalde onderafdelings gesistematiseer. So, byvoorbeeld, is al die kaarte wat onder die hoofindeling „Terminologie" gegroepeer is, later herverdeel onder die terme kultuur, maatskaplike sorg, maatskappy, ens.

Toe daar min of meer genoegsame bronne geraadpleeg is om 'n geheelbeeld van 'n betrokke afdeling te kry, is oorgegaan tot die formulering van die breë trekke wat opsommenderwys uit die inhoud van die kaarte verkry is. Die kaarte, waarop ook die naam van outeur, titel van boek en bladsynommer van die aanhaling verskyn,het later gedien as besonder betroubare kontrolemiddel vir die verifiëring van stellings.

Uit die aard van die saak was die eerste samevoeging van hierdie kennis lomp en vol herhalings en die blote aanmekaarskakeling van aanhalings. Dit was noodsaaklik dat meer bronne geraadpleeg moes word om leemtes te vul en dat die stof herrangskik, ooringedeel en korter oorgeskryf moes word. Nadat hierdie hoofstukke nagesien is, het nog talle leemtes na vore getree, wat met 'n finale herskryf daarvan uit die weg geruim is.

5. DIE BEGRIP KOÖRDINASIE.

Om 'n duidelike beeld te verkry van wat deurgaans in hierdie verhandeling met die begrip koördinasie bedoel word, is dit noodsaaklik dat kortliks op die wesenlike inhoud van die begrip gelet word.

Die begrip koördinasie is 'n term wat sy oorsprong hoofsaaklik in die biologiese wetenskappe soos die Anatomie en die Fisiologie het. Dit word gebruik in die sin van die koördinering van spierbewegings in die liggaam met die doel om 'n ordelike handeling uit te voer. Dit beteken ook in dieselfde sin die georganiseerde werking van sekere liggaamsdele in samewerking met die brein[18].

Die voorvoegsel ko- beteken, volgens die Oxford English dictionary[19], „together", „in company", „in common", „jointly", „equally". Wanneer hierdie voorvoegsel aan die begin van 'n woord staan, verleen dit aan die woord die betekenis van saam, gemeenskaplik of gelyklik. Die selfstandige naamwoord koördinasie beteken, volgens bogenoemde woordeboek, 'n toestand wat georden of gerangskik is. Dit is nie altyd heeltemal duidelik of dit hier om die gelykskakeling van ongelykes of die blote ordening van reeds gelykes gaan nie, hoewel die woord co-ordinate beteken „consisting of a number of things of equal rank, or of a number of actions or processes properly combined for the production of one result"[20].

Etimologies is die woord afkomstig van die middeleeuse Latynse woord coordinare, wat beteken „saam rangskik". Die begrip rangskik

---

18. Du Plessis, S.: Samewerking tussen organisasies.
19. Murray, James A.H. and others: The Oxford English dictionary, vol. II; Oxford, Clarendon Press, 1933; p. 543.
20. Ibid., p. 965.

soos dit in hierdie sin gebruik word, is afkomstig van die begrip ordo, wat „orde" beteken. Die etimologiese betekenis van die woord dui dus op 'n werksaamheid waardeur iets gesamentlik georden of geskik word[21].

Die selfstandige naamwoord koördinasie beteken volgens die Verklarende Afrikaanse woordeboek „neweskikking, gelykstelling, in onderlinge verbandstelling, saamtrekking"[22]. Die term skik word hier gebruik in die sin van „orden" of „reël".

Die werkwoord koördineer beteken volgens die Verklarende Afrikaanse woordeboek „gelykstel" of „neweskik" en volgens die Oxford English dictionary[23] beteken dit „to bring into proper combined order as parts of a whole". Volgens laasgenoemde woordeboek is die teenoorgestelde van koördinasie subordinasie, wat „onderskikking" beteken[24].

Prof. E. Batzon[25] omskryf koördinasie van maatskaplike werk soos volg: „..... the linking and proportioning of these activities[26]. It is the process by which they are built up into a whole.....".

Die Dictionary of Sociology[27] omskryf co-ordinate soos volg: „To place together things of similar rank or order, to organise activities, parts or ideas so that they form an orderly arrangement or structure - function." Co-ordination word dan gesien as die samewerking van groepe en indiwidue op 'n georganiseerde en geïntegreerde wyse.

Die voorafgaande is bloot die woordeboekweergawes van die

---

21. Vgl. Weekly, Ernest: A concise etymological dictionary of modern English, revised edition; Secker and Warburg, London, 1952; p. 76.

22. Kritzinger, M.S.B., e.a.: Verklarende Afrikaanse woordeboek, tweede uitgebreide druk; Pretoria, Van Schaik Uitgewers Bpk., 1947; p. 267.

23. Ibid., p. 519.

24. Oxford English dictionary, p. 965.

25. Wagner en Theron: Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging, p.117

26. Verwysend na sy omskrywing van maatskaplike werk as die kompleks van aktiwiteite waardeur in die Westerse samelewing voorsiening gemaak word vir die bestaan of verbetering van diegene wie se bestaan op 'n redelike vlak nie vir hulle deur die gesin, private eiendom of persoonlike inisiatief voorsien word nie.

27. Fairchild, H.P.: Dictionary of Sociology; New York, Philisophical Library, 1944; p. 68.

taalbegrip koördinasie. As sodanig is dit egter ook 'n draer van 'n bepaalde gedagterigting. Alhoewel die woordeboekinterpretasie slegs die feitelike inhoud van die begrip weergee, dui dit ook in 'n sekere sin die ideologiese waarde-inhoud daarvan aan. Sentraal staan in al die omskrywinge die gedagte van verskillende instansies of aktiwiteite wat naas mekaar staan. Dit is die gemeenskaplike element in die omskrywing van die begrip.

Daar is egter ook twee ander uiteenlopende nuanses wat die begrip koördinasie in die spraakgebruik verkry, het, naamlik

i. die ordening of skikking as dele van 'n geordende geheel[28)] en

ii. die newegeskikte organisasie of ordening van gelyke aktiwiteite of instansies.

As die teendeel van koördinasie word subordinasie gesien, wat wesenlik „onderskikking" beteken, terwyl koördinasie „neweskikking" beteken.

Dit blyk dus dat die begrip koördinasie vir tweërlei interpretasie vatbaar is, waarin die kernelemente, enersyds, 'n geheel-deel-verhouding en, andersyds, 'n verhouding van newegeskiktheid van gelykes is.

Wat die aktiwiteit van koördinasie betref, kan daar 'n hele paar onderskeidinge gemaak word. In die eerste plek word daar geografiese koördinasie van sorgaktiwiteite aangetref. In hierdie vorm van koördinasie gaan dit hoofsaaklik om die verdeling van geografiese terrein. So word daar dan aangetref nasionale, provinsiale, streeks en plaaslike koördinasie. Hoofsaak in die vorme van koördinasie is die gebied wat deur bepaalde koördinerende liggame beslaan word.

In die tweede plek word funksionele koördinasie aangetref. Die uitgangspunt is in hierdie geval die funksie van die betrokke organe of instansies betrokke by die vraagstuk van koördinasie. 'n Algemene

---

28. Du Plessis (Samewerking tussen organisasies, p. 3) sien byvoorbeeld die koördinasie van maatskaplike werk as die samewerking met ander liggame of fasiliteite om 'n gemeenskaplike doel te bereik. Om hiertoe te kom moet daar 'n sentrale punt wees wat instruksies gee net soos die brein die boodskap na 'n ledemaat stuur.

indeling wat veral in die professionele maatskaplike werk in hierdie verband gevolg word, is die onderskeiding tussen algemene en gespesialiseerde maatskaplike werk. In die laasgenoemde geval word die verskillende groepe van behoeftiges as kriterium vir die verdeling van werksgebied gebruik.

In die derde plek is daar ook sprake van totalitêre koördinasie ter aanduiding van 'n vorm van koördinasie wat ten doel het die omspannende of alles insluitende koördinasie van sowel funksionele as geografiese terreine. In die reel het so 'n totalitêre koördinerende instansie tot taak nie slegs koördinasie nie maar ook terrein- en funksieverdeling. Hierdie vorm van koördinasie bring in die praktyk mee die aanvaarding van die beginsel dat 'n bepaalde orgaan of instansie in beginsel die hele terrein, sowel funksioneel as geografies, oorsien en derhalwe die bevoegdheid besit om aan die ondergeskikte organe of instansies funksies toe te sê.

'n Ander baie belangrike onderskeiding is dié tussen interne en eksterne koördinasie. Met interne koördinasie word bedoel die koördinasie van die interne werksaamhede van 'n bepaalde liggaam of die koördinasie van die werksaamhede van verskillende ondergeskikte of newegeskikte takke van een sentrale liggaam. Met eksterne koördinasie word bedoel die koördinasie van die werksaamhede van verskillende organisasies of liggame wat hulle met dieselfde of uiteenlopende werksaamhede besig hou.

'n Verdere onderskeiding is dié tussen organiese - en meganiese koördinasie. Die begrip organies word in hierdie verhandeling gebruik in die sin waarin dit deur C.N. Venter[29] gebruik word, naamlik ter aanduiding van Christelike orgaanvorming, terwyl meganies gereserveer word vir die aanduiding van nie-Christelike megaanvorming. Die wesensonderskeid tussen die twee begrippe is geleë in die feit dat hulle die onderskeid behels tussen 'n lewende organisme en 'n lewelose beweegbare werktuig

29. Vgl. Venter, C.N.: „Ons roeping as Calvinistiese jeug binne en ons Christelike lewenswandel buite die J.V.", artikel in Bond van J.V. op G.G.: Koers in ons J.V. werk, Potchefstroom, Pro Rege Pers, s.j.

deur die mens gemaak. Beide die begrippe word ook hier in ideaaltipiese sin gebruik ter aanduiding van die twee uiterstes wat in hierdie verband aangetref word, naamlik organisasie of Christelike orgaanvorming waarin dit om die Liggaam van Christus en die koninkryk van God gaan, en meganisasie waarin dit om on-Christelike megaanvorming gaan, ten dienste van die ryk van die Antichris.

Met organiese koördinasie word daar uitgegaan van die basiese standpunt dat dit 'n aktiwiteit moet wees wat die aktiwiteite van gelyke instellings op 'n newe-geskikte vlak moet orden of reël.

Wat die organiese koördinasie van sorgaktiwiteite betref, gaan dit om die geordende skikking van ongelyksoortige, gedifferensieerde maar gelyke sorgaktiwiteite met 'n gemeenskaplike doelstelling, naamlik die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit is dus 'n proses van gemeenskaplike of gesamentlike ordening, reëling, organisasie, newe- of rangskikking van sorgaktiwiteite met die oog op die bereiking van 'n geordende afgeronde geïntegreerde geheel. In die organiese koördinasie van sorgaktiwiteite word daar terdeë rekening gehou met die Skriftuurlik-prinsipiële eise.

Die begrip meganiese koördinasie van sorgaktiwiteite hou in dat wanordelike, chaotiese of onontgonne sorgfunksies op 'n meganiese wyse van buite tot 'n ordelike eenheid saamgevoeg moet word. Koördinasie word in hierdie samestelling veelal gebesig in die sin van die realisering van 'n ordelike eenheid deur 'n geheel-deel-verhouding. Omdat daar hier nie van die organiese eenheid van die liggaam van Christus uitgegaan word nie, word die ordeskeppende funksie dikwels aan 'n sogenaamde omvattende lewensverband toegeken. Op hierdie wyse kom 'n meganiese eenheid tot stand wat deur middel van bindende voorskrifte en dwang gehandhaaf moet word.

Meganiese koördinasie gaan uit van die standpunt van die meganiese bewerking van die proses van koördinasie deur middel van meganiese hulpmiddele enersyds en andersyds die negering van alle Skriftuurlik prinsipiële beginsels waarop die proses berus. Wanneer daar dus van die meganiese koördinasie van sorgaktiwiteite gepraat

word, word daarmee bedoel 'n proses waardeur bloot meganiese of lewelose orde in bepaalde verrigtinge gebring word, sonder dat daarmee spesifiek die koninkryk van God gesoek word. Uiteraard sal sodanige ordening of skikking van aktiwiteite uitgaan van 'n andersoortige as die Skriftuurlike standpunt met betrekking tot die onderliggende beginsels wat aan die verhouding tussen die organe betrokke by die proses van koördinasie ten grondslag lê.

6. INDELING VAN DIE VERHANDELING.

Die hoofafdelings van die verhandeling behels in hoofsaak die volgende:

a. Afdeling A.

Hierdie afdeling is gewy aan die verkryging van terminologiese helderheid ten opsigte van die sleutelbegrippe waarom die vraagstuk sentreer, te wete: die begrippe maatskappy, kultuur, maatskaplike sorg en orde. Verder sluit hierdie afdeling ook 'n breedvoerige uiteensetting van die grondbeginsels in wat aan die organiese koördinasie van sorg ten grondslag lê, asook 'n uiteensetting van die sorgtake van die hoofkategorieë van sorginstansies.

b. Afdeling B.

In afdeling B word kortliks bespreek die historiese ontstaan en ontwikkeling van die huidige kultuurkrisis, wat as gevolg het die ontstaan van die universalistiese gemeenskapsmite en die daaruit voortvloeiende moderne koördinasiemetodes, naamlik „community organization", en die kulminasie van hierdie ontwikkelingstendense soos dit in die totalitêre welsynstaat vergestalt is.

c. Afdeling C.

Hierdie afdeling is gewy aan die bespreking van koördinasietendense in Suid-Afrika. Daar word kortliks aandag gegee aan die koördinasie van sorg soos dit in die staat en deur partikuliere inisiatief ontwikkel het. In besonder word aandag geskenk aan die ontwikkeling van die koördinasie van sorginstansies in die Nasionale Welsynsraad, 'n statutêre liggaam wat kragtens die Wet op Welsynsorganisasies in die lewe geroep is, en die F.A.K. as voorbeeld van 'n koördinasievorm wat as federasie

sy taak vervul.

d. Afdeling D.

In afdeling D word die gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die vraagstuk van koördinasie met verwysing na die Nasionale Welsynsraad en die F.A.K. uiteengesit.

# AFDELING A.

## PRINSIPIëLE ORIëNTERING.

# HOOFSTUK I

## TERMINOLOGIE EN BEGRIPSBEPALING.

Om terminologiese helderheid te verkry oor die sleutelbegrippe wat in hierdie verhandeling gebruik word, is dit nodig om die terme maatskappy, kultuur, maatskaplike sorg en orde breedvoeriger te verduidelik.

### 1. DIE TERM EN BEGRIP „MAATSKAPPY".

Om die volle draagwydte van die begrip maatskaplik te verstaan, word kortliks aandag gegee aan 'n paar standpunte met betrekking tot die betekenis daarvan.

#### a. Abraham Kuyper.

##### (1) Saaklike uiteensetting.

Abraham Kuyper omskryf die begrip soos volg:

„..... dat het begrip van sociaal of maatschappelijk alles omvat wat, onder wat naam of vorm ook, de grens van het Gezin overschrijdt, niet in het keurslijf van den Staat bekend is, en toch een wezenlijk bestanddeel van het leven der wereld uitmaakt. Gezin, Maatschappij en Staat zijn metterdaad drie zelfstandige factoren van ons menschelijk leven, waar de Kerk als vierde extra-factor bijkomt".[1] Wanneer Kuyper maatskappy in hierdie sin verstaan, is daar volgens hom sprake van twee aspekte, naamlik die sosiale en die ekonomiese.[2] Die vrye maatskappy word deur Kuyper gesien as die lewensfeer wat teenoor die aan die owerheid toevertroude staatsbestuur gehandhaaf moet word.

Volgens die skema van Kuyper val staat, gesin en maatskappy op die terrein van die algemene genade, wat soms skynbaar onttrek is van die direkte heerskappy van Christus, terwyl die kerk die terrein is van die besondere genade, wat regstreeks onder heerskappy van die verlossende

---

1. Wurth, dr. G.B.: Het Christelijk leven in de maatschappij; p. 16 e.v.; Kuyper, A.: Gemeene gratie, dl. III, Kampen, J.H. Kok; s.j. ; p. 416; Schilder, dr. K.: Christus en cultuur; Franeker, T. Wever, 1953; p.60 e.v.

2. Kuyper, dr. A.: Pro Rege, derde deel; Kampen, J.H. Kok, 1912; p. 12.

Middelaar, Jesus Christus, staan.[3]

Volgens die beskouing van Kuyper is dit die taak van die staat om die taak van ander lewenskringe oor te neem wanneer hulle in gebreke bly om hulle versorgingstaak te verrig.[4]

By Kuyper is, volgens Dengerink, die maatskappy niks anders as 'n samevatting van die gehele kompleks van samelewingskringe wat hulle aansyn nie aan die staat, kerk en gesin dank nie.[5] Kuyper onderskei dus in die samelewing vier vorme, te wete: kerk, staat, maatskappy en gesin.

(2) Kort beoordeling.

Hoewel Kuyper 'n sterk voorstander was van die beginsel van soewereiniteit in eie kring en 'n sterk teenstander van die in sy tyd so sterk opkomende staatsabsolutisme, word daar nogtans in sy beskouinge 'n mate van universalisme opgemerk, deurdat die staat gesien word as die oorheersende verband en die ander lewenskringe, behalwe kerk en gesin, as ondergeskik aan die staat.[6]

Volgens Dengerink is hier in hierdie gedagtegang van Kuyper geen sprake meer van die sosiologiese deurwerking van die beginsel van soewereiniteit in eie kring nie. Die verskillende lewensfere beskik nie oor 'n eie soewereine gesagsfeer, naas alle ander „maar zijn elkaar as hoger en lager toegeordend".[7] Hierdie verhouding tussen die verskillende lewenskringe maak alreeds koördinasie in die sin van neweskikking onmoontlik, aangesien daar 'n verhouding van subordinasie bestaan, wat noodwendig

---

3. Venter, C.N.: „Probleme rondom die begrip terrein van die 'Gemeene gratie'". Referaat gelewer by 'n byeenkoms van die Wysgerige Studiekring, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom en gepubliseer in Perspektief, II, 1, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1963.

4. Dengerink, J.D.: Critish-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „Souvereiniteit in eigen kring" in de 19de en 20e eeuw, Academisch proefschrift, Vrije Universiteit te Amsterdam; Kampen, J.H. Kok, 1948; p. 144.

5. Ibid., p. 129; vgl. ook van Riessen, dr. Ir. H.: De maatschappij der toekomst, derde druk; Franeker, T. Wever, 1953; p. 15; Grosheide e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 326.

6. Dengerink, J.D.: a.w., p. 159.

7. Ibid., p. 144.

meebring dat in hierdie hiërargiese opbou van lewenskringe die hoogste lewenskring in ander lewenskringe ordenend en koördinerd moet optree; in hierdie geval is dit die staat. Hierdie opvatting van Kuyper bring, volgens Dengerink[8], mee dat hy die subsidiariteitsbeginsel, soos gehuldig in die Aristotelies-Thomistiese sosiologie, onderskryf wat geensins met die Skriftuurlike beginsel van soewereiniteit in eie kring versoen kan word nie.

Die klaarblyklike ooreenkoms tussen die maatskappybeskouing van Kuyper en die van die Aristotelies-Thomistiese sosiologie kan in hoofsaak toegeskryf word aan die groot ooreenkoms wat aangetref word in die onderskeiding van Kuyper tussen die algemene en besondere genade en die Roomse onderskeiding tussen die terrein van die „natuur" en „genade".[9]

Soos later sal blyk, is die subsidiariteitsbeginsel en die daaraan ten grondslag liggende universalistiese samelewingsopvatting, 'n stap in die rigting van totalitarisme en derhalwe onaanvaarbaar as prinsipiële grondslag vir koördinasie.

b. W. Geesink.

(1) Saaklike uiteensetting.

W. Geesink behandel die terme maatskappy, samelewing, gemeenskap, „Gesellschaft" en „societas" as feitlik sinoniem en gee dan 'n baie ruim en algemene konnotasie daaraan. Hy beskryf maatskappy in die mees algemene sin as 'n duursame vereniging van meerderes, wat deur gemeenskaplike werksaamheid tot die nastrewe van 'n gemeenskaplike doel verbonde is[10]. Geesink onderskei die samelewing soos volg: (a) die samelewing in die ruimste, (b) in enger en (c) in die mees engere sin. By laasgenoemde gaan dit om 'n vrywillige vereniging van mense tot 'n eng bepaalde doel, byvoorbeeld 'n handelsmaatskappy. In die engere sin

---

8. Ibid., p. 144. Sien ook hoofstuk IV hieronder.

9. Die onderskeid tussen die terrein van die natuur en dié van die genade word deur Dooyeweerd teruggevoer na die Griekse vorm-materie-motief. Hy gee egter 'n besonder deeglike en logies aanvaarbare uiteensetting van die „algemene genade". Vgl. Dooyeweerd, H.: Vernieuwing en bezinning, p. 35 e.v.

10. Geesink, prof.dr. W.: Gereformeerde ethiek, tweede deel; Kampen, J.H. Kok, 1931; p. 303.

word bedoel die gemeenskappe wat nie van die wil van die mens afhanklik is nie, byvoorbeeld die gesin. In die ruimste sin verstaan hy daaronder die menslike maatskappy of die mensheid.

(2) Kort beoordeling.

Hierdie omskrywing van die begrip maatskappy is baie vaag en relatief en vir die doeleindes van hierdie verhandeling onbruikbaar. Dit toon egter dat Geesink ook die gedagte huldig dat die term maatskappy vir die geheel van alle samelewingsvorme gebruik kan word.

c. J.M. Spier.

(1) Saaklike uiteensetting.

In die werk van J.M. Spier, wat 'n populêr-wetenskaplike uiteensetting van die wysbegeerte van die wetsidee is, word 'n onderskeid aangetref tussen samelewingsverbande of maatskaplike verbande, maatskappyverhoudinge en gemeenskappe. Die maatskappy word deur Spier soos volg omskryf: „In elk geval is zij geen verband, al behoort ze wel tot de menselijke samenleving. We zouden haar kunnen noemen: het grote veld van de persoonlijke vrijheid waarop de mensen als gelijken met elkander kunnen omgaan, zich in allerlei verhoudingen tot elkander kunnen stellen en zich ook met elkaar in vrijheid kunnen organiseren en dat alles buiten het gebied van de samenlevingsverbanden in institutaire zin"[11]. Die samelewingsverbande wat 'n institutêre karakter dra, is die staat en kerk, aangesien hulle nie uit menslike inisiatief ontstaan het nie maar hulle ontstaan aan 'n goddelike instelling te danke het, net soos die huwelik en gesin[12]. Onder 'n maatskaplike verband word verstaan elke vorm van samelewing waarin die regsubjekte verbonde is deur gesagsverhoudinge, byvoorbeeld die gesin, die staat, die kerk en die bedryf[13].

In die maatskap of maatskapsverhouding, daarenteen, is die regsubjekte

11. Spier, J.M.: Wat is Calvinistiese wijsbegeerte?, p. 55, asook Spier, J.M.: Inleiding, p. 226.

12. Spier, J.M.: Wat is Calvinistiese wijsbegeerte?, p. 55; sien ook van Spier, J.M. en Spier, H.J.: Wijsbegeerte en levenspractijk, p. 84.

13. Spier, J.M.: Inleiding, pp. 93, 176, 177; Spier, J.M.: Wat is Calvinistiese wijsbegeerte?; pp. 49, 57.

gekoördineer, hulle staan op voet van gelykheid[14]. Die verhouding is 'n eksterne verhouding, die relasie is veel losser, en die mense staan naas mekaar sonder gesagsverhouding[15]. Ook hierdie vrye maatskapsverhoudinge het hulle eie struktuurprinsipe, wat deur die onverbreeklike samehang tussen bestemmings- en funderingsfunksie bepaal is en wat op die historiese fondament rus, omrede dit opkom uit die menslike mag tot kultuurvorming[16].

Spier is van mening dat die menselike samelewing nie in verbands- en maatskapsverhouding opgaan nie, aangesien daar twee verhoudinge is wat nòg onder verband nòg onder maatskap gerangskik kan word, naamlik die huweliksverhouding en die familierelasie. Beide laasgenoemde verhoudinge dra, aldus Spier, 'n gemeenskapskarakter en vertoon derhalwe 'n interne eenheid, terwyl daar in die huwelik selfs van 'n gesagsverhouding sprake is. Hulle kan egter desnieteenstaande, volgens Spier, nie tot die verbande gereken word nie, daarom vat hy die twee-eenheid van die huwelik en die veeleenheid van die familie saam onder die term gemeenskap[17].

Elke tipe verband het 'n eie-aard- of eie-struktuurbeginsel. Dit is die beginsel wat die optrede en aksie van die bepaalde lewensverband moet rig en bepaal. Dit is dus in werklikheid die spesifieke aardeie taak wat in die skepping in 'n bepaalde lewensverband gelê is. Hierdie struktuurbeginsel is van bomodale karakter d.w.s. dit lê nie in een bepaalde tydelike aspek vervat nie, maar dit word benader vanuit die onverbreeklike samehang tussen die bestemmings- en funderingsfunksie[18]. Spier dui voorts aan dat die bestemmingsfunksie van die staat die juridiese is, terwyl die funderingsfunksie in die historiese kultuurvormende swaardmag gesoek moet word. 'n Kerk, daarenteen, het sy

---

14. Spier, J.M.: <u>Inleiding</u>, p. 93.

15. Ibid., pp. 93, 176, 177, 228.

16. Spier, J.M.: <u>Wat is Calvinistiese wijsbegeerte</u>?, p. 56.

17. Spier, J.M.: <u>Inleiding</u>, p. 177.

18. Spier, J.M.: <u>Wat is Calvinistiese wijsbegeerte</u>?, p. 51.

bestemmingsfunksie in die pistiese, terwyl dit in die historiese, in die kultuurvormende mag van die goddelike Woord gefundeer is. Verenigings is almal op die historiese gefundeer en is almal verskillend bestem al na gelang hulle aard en bedoeling is[19].

(2) Kort beoordeling.

Die belangrikste aspek van die beskouinge van Spier, is die feit dat beide maatskaplike verbande en maatskapsverhoudinge religieus bepaal is en ten diepste gegrond is in die transendente religieuse wortelgemeenskap in Christus[20]. Alleenlik deur die Middelaarsarbeid van Christus word die mensheid uit vrye genade behou en herstel. Hierdie liggaam van Christus kom nie slegs in die kerk as instituut tot uiting nie, maar openbaar hom in alle samelewingsvorme. „In het lichaam van Christus vindt heel de tydelijke samenleving haar zinvolheid. Of m.a.w. dat lichaam van Christus openbaart zich in de structuur van alle verbanden, die in beginsel door de Christus hersteld zijn en als zodanig op Hem zijn gericht"[21].

Hoewel die onderskeiding tussen verband, maatskap en gemeenskap betekenisvol kan wees, is die begrip maatskaplik of maatskappy soos Spier dit op die voetspoor van Dooyeweerd gebruik, te eng en sluit dit die primêre verbande uit wat by koördinasie betrokke is. Die stelling dat die liggaam van Christus hom in alle tydelike lewensverbande kan openbaar, is egter besonder belangrik en word ten volle onderskryf.

d. Dr. Ir. H. van Riessen.

(1) Saaklike uiteensetting.

Van Riessen verskil van die ou bekende driedeling van Kuyper tussen kerk, staat en maatskappy, omdat die maatskappy op hierdie wyse vòlgens hom 'n soort rommelsolder word vir wat nòg kerk nòg staat is[22]. 'n Bruikbaarder konnotasie word deur Van Riessen aan die begrip

19. Ibid.

20. Spier, J.M.: Inleiding, p. 180, 227; en van dieselfde skrywer: Wat is Calvinistiese wijsbegeerte?, p. 53.

21. Spier, J.M.: Inleiding, p. 180; Venter, C.N.: „Ons roeping as Calvinistiese jeug binne en ons Christelike lewenswandel buite die J.V.", t.a.p.

22. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 15.

maatskappy verleen as hy dit sien as die geheel van die vorme vir die samelewing van mense[23]. Van Riessen meen dat die maatskappy op drieërlei wyse opgeneem kan word: eerstens as die lewensmilieu van die mense, tweedens as die instrument van die mense om iets te ~~bereik, derdens~~ is dit 'n opdrag vir die mense om die maatskappy te bou en te hervorm in soverre dit by die historiese ontwikkeling uitbou nodig het. Hy onderskei dan die volgende drie vorme:

(a) insidentele vorme,

(b) ad hoc georganiseerde vorme (vergaderinge),

(c) duursaam georganiseerde vorme (samelewingsverbande, soos bedryf, staat en kerk).

Die maatskappy op hierdie wyse opgeneem sluit dus alle samelewingsvorme, kringe, aspekte ens. in.

(2) Kort beoordeling.

Die betekenis wat van Riessen aan die begrip maatskappy heg, is veel ruimer as die betekenis wat vorige skrywers daaraan heg. Inderdaad is hierdie begrip, volgens Van Riessen, bloot 'n term of begrip wat gebruik word ter aanduiding van die wye verskeidenheid van institutêre en ander samelewingsverbande wat hulle in die menslike samelewing voordoen. In hierdie sin is die uiteensetting van Van Riessen vir die doeleindes van hierdie werkstuk die aanvaarbaarste en bruikbaarste.

e. Prof. dr. G. Brillenburg Wurth.

(1) Saaklike uiteensetting.

Brillenburg Wurth sien die maatskappy as een van die vorme van die gemeenskapslewe onder die mense[24]. Volgens hierdie skrywer neem die gemeenskapsdrang, wat aan die mense inherent is, in die maatskappy konkrete gestalte aan. Waar daar van die maatskappy sprake is, tree volgens Wurth twee aspekte na vore, naamlik die sosiale en die ekonomiese. Hierdie onderskeiding doen Wurth blykbaar

---

23. Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, dl. IV, p. 526.

24. Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij, p. 16.

na aanleiding van 'n soortgelyke onderskeiding deur Kuyper[25].

In sy uiteensetting van die Christelike lewe in die maatskappy bepaal Wurth die aandag in hoofsaak by die ekonomiese en die sosiale aspekte van die menslike lewe en behandel dan onder meer die ekonomiese goedere van die mens en die mens en sy arbeid en die mens in die gemeenskapslewe.

(2) Kort beoordeling.

Wurth erken dat die gemeenskapslewe in talle vorme tot uiting kom. Die maatskappy is een van hierdie vorme waarin die sosiale en ekonomiese aspekte pertinenter na vore tree. Dit wil voorkom asof Wurth nog in 'n groot mate die uiteensetting van Kuyper navolg en dat hy ook die maatskappy afgrens teenoor die kerk, staat en ander institutêre samelewingsverbande. Ook hierdie siening van die begrip maatskappy is aan dieselfde kritiek onderhewig as dié van Kuyper. Die maatskappy op hierdie wyse opgeneem sluit nie die ander institutêre lewensverbande in nie en dek slegs die ekonomiese en sosiale aspekte van die samelewing. Uiteraard sal so 'n beperkte siening van die lewe van die maatskappy, nie vir die doeleindes van hierdie verhandeling bruikbaar wees nie, omdat dit nie alle aspekte van die menslike samelewing dek nie en derhalwe nie alle fasette van die koördinasieprobleem insluit nie.

e. Samevatting.

Die begrip maatskappy word deur verskillende skrywers uiteenlopend geïnterpreteer. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om reeds aan die begin van hierdie verhandeling te stel dat die aanvaarbaarste uiteensetting dié is van Van Riessen, wat die maatskappy sien as die geheel van alle institutêre en ander menslike lewensuitinge, met behoud van die beginsel van differensiëring of verskeidenheid. Die begrip dui dus die menslike samelewing as dinamiese aktiwiteit aan, waarin doelgerigte aktiwiteit en sorgsame besig wees aanwesig is. Kenmerkend van die menslike sorgaktiwiteite in die samelewing is die feit dat dit deur

---

25. Ibid., p. 18.

'n gemeenskapstrewe gekarakteriseer word[26].

Die begrip maatskappy of samelewing word voortaan gebruik in die sin waarin dit deur Van Riessen gedefinieer word, met die voorbehoud dat dit nie gesien moet word as die superstruktuur wat dien as die geheel waarin al die ander samelewingsverbande as onselfstandige dele of selfs outonome dele opgeneem is nie. Dit sou 'n verval wees in die universalistiese of totalitaristiese maatskappybeskouing, waarin die beginsel van soewereiniteit in eie kring verkrag word. Die enigste totalitêre „gemeenskap" wat die ganse samelewing vir homself opeis, is die koninkryk van God[27]. In elk van die verskillende samelewingsverbande vind die liggaam van Christus tydelik vergestalting[28]. Geen enkele tydelike gemeenskap mag as geheel geld waarvan die ander samelewingsverbande slegs dele sou wees nie. „Almal is as samelewingsverbande van die tydelike werklikheid gelykwaardig. Almal het deel aan al die aspekte van die tydelike werklikheid, funksioneer in al die sye van die werklikheid, alhoewel die funksionering bepaal word deur die struktuurbeginsel van die verband"[29].

Terloops kan gemeld word dat P. Kuin[30] praat van „sociale organen"

---

26. Dit is veral die Angel-saksiese ekwivalent van die begrip gemeenskap, naamlik „community", wat op hierdie gemeenskapsstrewe klem lê. Vgl. Steiner, J.F.: Community organization; New York, The Century Co., 1925; p. 15, asook Prahbu, dr. P.H.: „Social psychology of community development" in Indian journal of social work, Junie 1960, p. 2; Miles, A.P.: American social work theory; New York, Harper and Brothers, 1954; p. 207. Kyk ook Wurth, dr. G.B.: Het Christelijk leven in de maatschappij, p.16 e.v. Die begrip gemeenskap het vir die Calvinis egter 'n ander betekenis, naamlik in die sin van die gemeenskap van die heiliges vgl. vraag 55 van Sondag XXI van die Heidelbergse Kategismus en von Meyenfeldt, F.H.: De diaken als componist der gemeenschap; 's-Gravenhage, Uitgeverij van Keulen, 1955.

27. Taljaard, dr. J.A.L.: Lewens-en wêreldbeskouingsleer, deel B; Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1960; p.10.

28. Ongepubliseerde memorandum goedgunstiglik deur mnr. C.N. Venter aan my ter insae gegee.

29. Taljaard: Lewens- en wêreldbeskouingsleer B, p. 1.

30. Kuin, dr. P.: Ordening als maatschappelijke verschijnsel; Haarlem, H.D., Tjeenk Willink en Zoon, 1938; p. 211. Vgl. ook die sieninge van van der Kooy, dr. T.P.: Op het grensgebied van economie en religie; Wageningen, Zomer en Keunigs, 1953; p. 65.

as versamelnaam vir bedrywe, verenigings en stigtinge. Sy siening van hierdie sosiale organe stem in hoofsaak ooreen met dié van Van Riessen.

Samevattend word dan gestel dat die begrip samelewing dui op die mens wat aktief en sorgsaam besig is met die uitvoering van bepaalde aktiwiteite binne die verskillende samelewingsverbande en samelewingskringe.

## 2. DIE TERM EN BEGRIP KULTUUR.

Die begrip kultuur is 'n sleutelterm in die Maatskaplike Sorg, wat die verskillende soms botsende metodes en vorme van sorg in die menslike samelewing bestudeer. Daarom dan ook dat dit nadere ondersoek vereis.

Volgens dr. C.A. van Peursen gaan die woord kultuur terug op die Latynse woorde cultus en cultura, wat saamhang met die Latynse werkwoord colo of colere[31] wat beteken „bebouing van akkers, versorging, versiering, bewoon, verering van die gode, dien". Hy stel dit soos volg: „Dit woord bestrijkt dan het brede terrein der menselijke werkzaamheden, vanaf eenvoudige landbouw tot de dienst aan de goden en vanaf het simpele bewonen van een stukje grond tot de verzorging en verziering van woning en van eigen lichaam"[32]. Die skrywer sê dat die begrip kultuur by nadere omskrywing die betekenis van omvorming inhou - in die sin van omvorming van die natuur. Die Christelijke encyclopaedie[33] gee dieselfde gedagte soos volg weer: „menslike vormingsarbeid in en aan die geskapene", maar onderskei nog verder tussen kultuur as aktiwiteit en kultuur as resultaat of produk van 'n bepaalde proses.

---

31. Van Peursen, dr. C.A.: Cultuur en Christelijke geloof; Kampen, J.H. Kok, 1955; p. 15; vgl. ook Schilder: Christus en cultuur; Grosheide, e.a.: Christelijke Encyclopaedie, p. 331 e.v.; Bavinck, H.: Wijsbegeerte der Openbaring; 19 Stone-lezingen, November 1908, Princeton; Kampen, J.H. Kok, 1908.

32. Van Peursen, a.w., p. 15; Van der Kooy: Op het grensgebied, p. 36.

33. Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 332.

Prof. H.G. Stoker[34] praat in hierdie verband van 'n gawe wat die mens besit: alles wat hy aanraak, word kultuur. Stoker gaan uit van die standpunt dat godsdiens enersyds van religie en andersyds van kultuur onderskei moet word. Onder godsdiens verstaan hy handelinge waarmee die mens hom regstreeks tot God wend, byvoorbeeld waar hy in die binnekamer tot God bid, aan tafel huisgodsdiens hou en saam met die gemeente God aanbid en Hom dank en loof met woord en lied, die sakramente gebruik en na die verkondiging van die Woord van God luister. Dit is volgens Stoker geen kultuur nie. Die onderskeid word gebaseer op die feit dat die mens hom in sy kultuurvorming horisontaal rig, terwyl dit in sy godsdiens gaan om die vertikale verhouding tot God[35].

Daar bestaan egter 'n noue verband tussen godsdiens, kultuur en religie[36]. Kultuur is religieus bepaald; en wanneer dit as die vervulling van 'n goddelike opdrag gesien word, dien die mens daarmee God ook[37]. Ware kultuur is egter slegs moontlik wanneer dit geskied binne 'n bepaalde relasie, naamlik die geloofsverhouding van die mens tot God. Stoker wys op die oorsprong van die kultuurbegrip en dui daarmee een van die belangrikste aspekte in hierdie verband aan. „God het die mens, die kultuurvormer, as heer geplaas oor Sy skepping. Die mens heers kultuurvormend oor alles wat God aan sy sorg toevertrou. Hierdie heer-wees, hierdie heer-skappy, hierdie heer-sing en be-heer-sing druk die menslike heer-likheid op aarde uit"[38]. Dieselfde gedagte word deur prof. L.J. du Plessis onderskryf[39].

---

34. Stoker: Beginsels en metodes, p. 190 e.v.

35. Ibid., p. 190 e.v. Vgl. ook Schilder, dr. K.: Christus en cultuur, p. 55 e.v.

36. Du Plessis, prof. L.J.: Aard, doel en uitingsvorme van kultuur in die menslike samelewing, lesing, in Kulturele roepingsleerkursus, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1958 (ongepubliseerd).

37. Stoker: Beginsels en metodes, p. 190; vgl. ook Grosheide e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 332.

38. Stoker: Beginsels en metodes, p. 191; vgl. ook in dié verband Genesis 1:26, 28; Grosheide e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 332; Strauss: Christelijke wetenskap, p. 28.

39. Du Plessis, L.J.: Aard, doel en uitingsvorme van kultuur in die menslike samelewing, lesing Kulturele roepingsleerkursus, P.U. vir C.H.O., pp. 2, 3.

Die gedagtegang van dr. K. Schilder sentreer om die Christelike ampsgedagte. Hy sê dan ook in sy werk Christus en cultuur dat vir 'n verantwoorde opbou van die begrip kultuur of kultuurlewe die Skriftuurlike ampsgedagte regstreekse en konstitutiewe betekenis het. Die bestemming van die mens tot verantwoordelike ampswerk bepaal verder sy hele optrede in al sy relasies[40]. „God dienen, in het concrete leven, God gehoorzamen in alle functies van het bestaan, Gods uitgedrukten wet volbrengen met al wat in ons is, en zulks te midden van, en in organisch verband of verbond met alles wat om ons is .... Hier ligt het probleem van de cultuur, en haar omschrijving, in den wortel reeds gegeven"[41].

In die feit dat die gelowige mens as koning, profeet en priester geroepe en gesalf is, is hy medearbeider in die ryk van God[42].

Hierdie gawes wat nou deur die gelowige mens in diens van God gestel word ooreenkomstig die eise van die goddelike gebod, kan alleen op die regte wyse gebruik word deur die gehoorsaamheid verkry deur die Heilige Gees. Die strewe by die indiensstelling van hierdie gawes moet eskatologies gerig wees[43]. Schilder stel die verband tussen die menslike kultuuropdrag en menslike ampswerk soos volg: Deur die vervulling van sy amp werk die mens mee aan die „theocratische ordening aller dingen"[44]. „Voor het oog des geloofs zal daarmede bevestigd zijn, wat wij seiden, namelijk dat tot oecumenisch bouw, tot een homogeen continu 'colera' in den eigenlijken eschatologisch-bepaalden zin des woords, niemand bekwaam is, en ook geen enkele gemeenschap in staat is, welke niet uit God leeft en werkt"[45].

Die ander gedagte wat in die kultuuropvatting van Schilder skerp na vore tree, is die „gemeenskapsgedagte". Weliswaar bestaan daar in die Woord van God 'n noue verwantskap tussen die ampsgedagte en die gemeenskaps-

---

40. A.w., p. 42.

41. Ibid., p. 43.

42. Ibid., p. 44.

43. Ibid., p. 70.

44. Ibid., p. 47.

45. Ibid., p. 86.

gedagte. Die ampswerk wat deur Jesus Christus vervul is, is die grond van die menslike ampswerk. Juis die gemeenskap van die heiliges waaruit die ampte van priester, profeet en koning voortvloei, is ten diepste gegrond in die deelgenootskap aan Jesus Christus. Deur die verantwoordelike ampswerk van die mens kom gemeenskap tot stand[46]. Schilder sê: „Cultuur is altijd gemeenschapsdaad"[47].

Van der Kooy[48] gee dieselfde gedagte soos volg weer: „Oneindig rijker wordt nu echter nog het cultuurbegrip, wanneer wij de mens niet langer zien in de eenzaamheid, doch in de gemeenschap".

Van Peursen gee in hooftrekke 'n omskrywing van die begrip kultuur weer. Daarin kom tot uiting die feit dat dit in kultuur om menslike vormingsarbeid aan die geskapene gaan.

Kort beoordeling.

Die begrip kultuur behels dus die breë gebied van menslike sorgsaam besig wees met stof, plant, dier en mens. Die terrein waarby die Maatskaplike Sorg belang het, is die sorgsame of versorgende besig wees van die mens met mense in die menslike samelewing.

Prof. Stoker dui die vertikale dimensie van die kultuur aan, naamlik dat dit gegrond is in die verhouding van mens tot God. Kultuur is dus uitvoering van die goddelike opdrag tot kultuurvorming deur heerskappy oor die geskape natuur. Dit is dus menslike sorgsaam besig wees met die geskape natuur as uitvoering van die opdrag om te heers oor stof, plant, dier en mens.

Schilder lê in sy uiteensetting van wat kultuur is, veral klem op twee belangrike gedagtes, naamlik die Christelike ampsgedagte en die gemeenskapsgedagte. Wesenlik is dit 'n nadere omskrywing van die gedagtegang van die twee voorgenoemde skrywers. Deur God is die mens in 'n bepaalde amp gestel: die amp van die gelowige. Hy het as gevolg

---

46. Ibid., p. 42; Von Meyenfeldt: De diaken als componist der gemeenschap, p. 20, e.v.

47. Schilder: a.w., pp. 88, 89, 112; kyk ook Van der Kooy: Op het grensgebied, p. 39.

48. A.w., p. 39.

hiervan tot taak die volvoering van sy amp as koning, profeet en priester in sy versorging van stof, plant, dier en mens. Hierdie sorgaktiwiteit geskied altyd binne 'n bepaalde gemeenskapsrelasie. Ware kultuurbou geskied vanuit die geloofsverhouding tussen God en die gelowige mens, wat beteken dat die gelowige mens deur die soenverdienste van Jesus Christus weer eens in beginsel in staat is om ware dankbaarheid teenoor God te betoon en derhalwe in staat is om medearbeider in die koninkryk van God te wees. In sy sorgsaam besig wees met die geskape natuur as uitvoering van die opdrag van God en in geloofsverbondenheid met God en met sy medemens is die mens diensbaar in die koninkryk van God. Die gelowige mens stel hom derhalwe op hierdie wyse in diens van God. Hierdie bepaalde leefwyse en siening van die lewe het tot gevolg die ontstaan van 'n spesifieke kultuurpatroon. Die Christelijke encyclopaedie[49] defineer 'n kultuurpatroon soos volg: „Een cultuurpatroon kan men definiëren als een meer of mindere harmonische configuratie van gedragingen en geestelijke en materiële verworvenheden, zoals wij bij een aantal mensen aantreffen".

Deur God word ook aan die mens riglyne gegee waarvolgens hierdie kultuuropdrag ten uitvoer gebring moet word .... die Woord van God. Die gelowige aanvaarding van die geloofswaarhede van die Skrif bepaal wat die mens se siening van die lewe sal wees. Hierdie lewensbeskouing, wat gefundeer is in 'n bepaalde „cultus" en die daarmee samehangende wyse van lewensindiensstelling, bepaal op watter wyse daar deur die kultuurvormende mens op die gebied van stof, plant, dier en mens versorgend opgetree sal word.

Dit bepaal ook hoe die mens sorgsaam in die menslike samelewing sal optree. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing gegrond in die „cultus" en die daarmee samehangende waardes en voorskrifte vir kultuurvorming, het ook 'n bepaalde siening van die mens en die maatskappy tot gevolg. Ten diepste beslis dit oor die patroon van die wêreld, die plek van elke samelewingskring, hulle funksies, bevoegdhede en beperkinge asook hulle

---

49. Grossheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 335.

onderlinge verhoudinge en relasies[50].

Vanuit die diepere geloofsverbondenheid van die mens met sy God of 'n afgod vloei 'n bepaalde kultuurbeskouing en 'n bepaalde kultuurpatroon voort as vrug van die menslike oortuiging in verband met die bestemming van sy lewe en wêreld.

Die lewens- en wêreldbeskouing bepaal dus wat die maatstawwe is waarvolgens die lewe ingerig word, en vorm die rigsnoer vir menslike beheersingsarbeid of kultuurarbeid op elke lewensterrein in die menslike samelewing.

Wie nie in God glo nie, altans sy geopenbaarde wil nie as norm vir die lewe erken nie, moet buig voor ander waardes, wat hom die maatstawwe moet gee vir die bring van reël of orde in sy lewe. In die grond van die saak is hier sprake van die rig van die geloof op iets ten einde sinvol te kan leef[51].

Hierdie lewens- en wêreldbeskouing, wat in 'n bepaalde geloofsoortuiging gegrond is, bring nie net reël en orde in die persoonlike lewe nie maar bring ook mee die strewe na 'n samelewing wat aan die sentrale eise van die geloof beantwoord, en na 'n kultuur wat uiteindelik beheers word deur die hoogste lewenswaardes wat in die mens se lewe geld[52].

Die lewens- en wêreldbeskouing wat deur die mens of deur 'n groep mense of bepaalde instansie gehuldig word, bepaal ook watter plek, taak en funksie deur die betrokke indiwidu of groep persone aan elke afsonderlike samelewingskring toegeken word en watter opvatting oor die vraagstuk van orde en koördinasie in die menslike samelewing gehuldig word.

Hierdie sinvolle menslike vormingsarbeid, ooreenkomstig sy amp as gelowige en sy roeping as heerser oor die geskape werklikheid, is op 'n bepaalde eindbestemming gerig. Die gedagte word deur Schilder beklemtoon.

---

50. Van der Kooy: Op het grensgebied, pp. 72, 73; Kuin: Ordening als maatschappelijke verschijnsel, pp. 230, 231, 233; de Bruin, J. en Geijs, J.H.: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken; Alphen aan den Rhijn, Samson, 1954; p. 52; Strauss: Christelike Wetenskap, pp. 9, 10; Duvenage, dr. S.C.W.: Kerk, volk en jeug, dl. I; Zaandijk, J. Heijnis, 1962; p. 257.

51. Van der Kooy: Op het grensgebied, pp. 32.

52. Kuin: a.w., p. 233.

Die voorafgaande uiteensetting in ag geneem blyk dit dat die definisie van C.N. Venter[53] van kultuur die belangrikste komponente van die opvattinge van die genoemde werke bevat. Hy omskryf kultuur soos volg: „Kultuur kan min of meer omskryf word as 'n wyse van lewens-in-diensstelling deur enkelinge, groepe, volkere ens. selfs oor verspreide wêrelddele, byvoorbeeld die Jode ooreenkomstig die eise van een of ander bepaalde lewenskode (cultus) as tradisie en met 'n daarmee ooreenstemmende bepaalde toekomsverwagting".

In die geval van die gelowige is hierdie toekomsverwagting die koninkryk van God soos dit in die ganse tydelike Christelike samelewing vergestalting vind. Eskatologies gerigte kultuurarbeid stuur af op die bevordering van die koninkryk van God deur 'n positiewe, bouende en versorgende lewenswyse in diens van God en ter uitvoering van die goddelike opdrag om te heers oor stof, plant, dier en mens.

Kultuur is derhalwe die omvattende sorgaktiwiteit wat inhou versorging van sowel stof, as plant, dier en mens.

Dit is verder uit die voorafgaande duidelik dat kultuur die produk is van die geloofsoortuiging van 'n indiwidu of die geloofsbelydenis van 'n groep, volk of organisasie. Daarom dan ook dat die geestesstrominge wat 'n bepaalde tydvak beheers, bepaal watter patroon van lewensindiensstelling sal ontstaan.

Calvinisties-Christelike kultuur behels derhalwe die volgende komponente:

a. 'n Bepaalde wyse van lewensindiensstelling, naamlik, die Christelik-Calvinistiese;

b. ooreenkomstig 'n tradisioneel oorgelewerde lewenskode gegrond op die Wet van God;

c. met die geloofsoog gerig op die komende Godsryk.

3. DIE TERM EN BEGRIP MAATSKAPLIKE SORG.

Dit is nodig om kortliks te verduidelik wat verstaan word onder

53. Venter, C.N.: „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", ter aangehaalde plaatse. Vgl. ook die artikelreeks van dieselfde skrywer: „Die kultuurtoestand van die Afrikaner", in Die Taalgenoot, XXXI, 12; XXXII, 1-6, November 1962 - Mei 1963.

maatskaplike sorg. 'n Duidelike onderskeid behoort gemaak te word tussen die begrippe maatskaplike sorg en maatskaplike werk en die vakwetenskap Maatskaplike Sorg.

Dat daar 'n onderskeid bestaan tussen maatskaplike sorg en maatskaplike werk, word baie duidelik aangedui in die werk van Coetzee[54]. Hier word maatskaplike sorg gesien as die breër en meer omvattende begrip, wat veral die werksveld aandui waarop verskillende metodes en tegnieke gebruik word, waaronder maatskaplike werk.

Ook Venter[55] wys daarop dat maatskaplike sorg 'n breër en meer omvattende term is wat die tegniek van maatskaplike werk kan insluit. Laasgenoemde is dan een vorm of metode van sorg wat op die groot maatskaplike sorgwerksveld aangewend kan word om 'n bepaalde doel te bereik.

Met die term maatskaplike werk word 'n bepaalde historiese kultuurproduk bedoel waarin volgens 'n spesifieke metode of tegniek sorgsaam te werk gegaan word. Dit word gewoonlik gebruik ter aanduiding van die drie metodieke, te wete: „casework, groupwork and community organization"[56].

Vervolgens word kortliks die definisies van 'n aantal skrywers oor die begrip maatskaplike sorg gestel:

a. Gordon Hamilton.

In die meer Angel-Saksies georiënteerde werke is dit moeilik om 'n ekwivalent te vind van die term maatskaplike sorg soos dit in hierdie verhandeling gebruik sal word. Hamilton praat van 'n „social action" ter aanduiding van die verskillende en uiteenlopende pogings wat in die samelewing aangewend word[57]. Die begrip is veel breër as die begrip maatskaplike werk, wat die tegnieke van gevallestudiewerk, groepwerk en

---

54. Coetzee, J.H.: Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk, in Suid-Afrika (1859-1949); Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1953; p. 27. Kyk ook Stulting, A.A.: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie, p. 11, e.v.

55. Venter, C.N.: „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur"; artikel in Koers.

56. Vgl. Hamilton, Gordon: Theory and Practice of social case work; New York, Columbia University Press, 1951; pp. 14, 26.

57. Ibid., p. 14.

gemeenskapsorganisasie insluit.

Onder „social action" word dan verstaan die breëre maatskaplike aksie wat alle gemeenskaplike pogings van die samelewing omsluit. Daar word hier veral gedink aan maatskaplike aksie soos dit in wetgewing van owerheidsweë vorm aanneem.

Dit blyk duidelik dat die begrip „social action" 'n omvattender begrip as maatskaplike werk is. Dit dek trouens alle maatskaplike aksie op die gebied van gesondheid, arbeid, industrie, maatskaplike bystand, sosiale opvoeding, ontspanning, die voorkoming van misdaad en interkulturele assimilasie[58].

b. Prof. G. Cronje.

Hierdie skrywer gebruik die term maatskaplike volksorg. Hy gaan uit van die standpunt dat die volk 'n organiese lewensgemeenskap is en dat die maatskaplike volksorg nou ten taak het om waar een of ander maatskaplike probleem of maatskaplike nood voorkom, aktief ten opsigte daarvan op te tree[59]. Hy stel dit soos volg: „Die volk moet met ander woorde vir homself sorg. Dit beteken dat die maatskaplike sorg in die grond van die saak volksorg dien te wees. Maatskaplike volksorg sal dan ook op maatskaplike broederskap neerkom[60].

In sy riglyne vir die optrede van die verskillende instansies ten opsigte van die maatskaplike problematiek ken hy aan die staat en partikuliere instansies, op 'n vennootskapsbasis, sekere sorgtake toe.

Ook uit hierdie werk blyk dit dat die begrip ruimer opgeneem word as die professionele maatskaplike werk. Dieselfde besware kan teen die begrip maatskaplike volksorg geopper word as wat deur J.H. Coetzee[61] genoem word in verband met die begrip volksorg soos gebruik deur J.C. van Rooy: die voorwerp van versorging word hier seksioneel beperk en

---

58. Ibid., p. 15.

59. Cronje, prof.dr. G.: Mens tot medemens; Pretoria-Kaapstad, H.A.U.M., 1958; p. 40.

60. Ibid., p. 42.

61. Coetzee: Die barmhartigheidsdiens, p. 28; Van Rooy: „Die Betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p.

nie universeel aangedui nie.

c. J. Everts en A. Treurniet.

Die twee skrywers definieer maatskaplike sorg soos volg: „..... het geheel der systematische bemoeiingen met personen of gezinnen, welke ten doel hebben - op een wijze die is aangepast aan de individuele aard en omstandigheden dier personen of gezinnen - te voorzien in hun maatschappelijke noden of wel maatschappelijke noden welke hen bedreigen, te voorkomen"[62].

Alhoewel Everts en Treurniet maatskaplike sorg anders omskryf, verskil hulle siening nie wesenlik van die van die twee voorafgaande skrywers nie. Hulle stelling dat elke bepaalde vorm of metode van sorg 'n historiese kultuurproduk is, is van fundamentele belang[63].

Dit hou in dat elke vorm en metode van sorg gedra word deur bepaalde onderliggende geestesstrominge en gedagterigtings wat as leidrade en rigsnoer dien vir die kultuurarbeid waarvan die onderskeie maatskaplike sorgaktiwiteite inherent deel is. Hieruit kan afgelei word dat die begrip sorg allermins neutraal is, aangesien dit gesien behoort te word in verband met die struktuur van die samelewing waarvan dit 'n begeleidende verskynsel en integrerende deel uitmaak en omrede enige verandering of ontwikkeling op hierdie gebied onder die invloed staan van die kulturele en godsdienstige klimaat van die tyd en gemeenskap waarin die bepaalde vorm of metode van sorg ontwikkel het en waarby dit aangesluit is[64].

d. Prof. J.H. Coetzee.

Die aanvaarbaarste definisie vir die doeleindes van hierdie verhandeling is die van J.H. Coetzee. Dit lui soos volg: „As ons

---

62. Everts, J., en Treurniet, A.: Gids voor maatschappelijke werk, dl. I, Alphen, aan den Rhijn, Samson, 1954; p. 20.

63. Ibid., p. 26.

64. Vgl. Venter, C.N.: Professionele maatskaplike werk en sy verhouding tot pastorale werk; Ongepubliseerde M.Soc.Sc.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1954; p. 85; „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", t.a.p. ; p. 15; van Rooy, dr. H.: Casework en maatschappelijke werk; Assen, Van Gorcum en Camp., 1952 ; p. 18; Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijke werk, p. 25; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken; Grossheide e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 333; Kuin: Ordening, als maatschappelijke verschijnsel, p. 230.

saamstem met Kelso se definisie van maatskaplike welsyn dan kan maatskaplike sorg min of meer omskryf word as insluitend al daardie aktiwiteite, hetsy voorkomend, genesend, noodlenigend, rehabiliterend en nasorgend wat aangewend word uit welke motief - plig, humaniteit, natuurlike of goddelike naasteliefde - en deur welke instansie (hetsy indiwidueel, georganiseerde partikuliere inisiatief, kerk en owerheid), professioneel, gedwonge of vrywillig tot die bereiking van die hoogs moontlike selfstandigheid en natuurlike behoeftebevrediging van elke lid van die samelewing en die beswil van die gemeenskap as sodanig"[65).

Hierdie definisie dui op die aktiwiteite, motiewe en doel wat by elke bepaalde instansie vir maatskaplike sorg aangetref word. Dit kan uitgebrei word deur melding te maak van die onderliggende prinsipiële grondslae en geestesstrominge waardeur die verskillende sorgaktiwiteite, d.w.s. metodes van sorg, gedra word.

e. Samevattend.

Maatskaplike sorg is deel van die kultuurtaak van die mens, dit wil sê die uitoefening van heerskappy oor die aarde as woonplek van die mens. Die begrip sorg is nie 'n neutrale begrip nie, want nou verbonde aan hierdie begrip het 'n mens ook 'n hele kompleks van gevoelens, motiewe en gesindhede, soos byvoorbeeld die gedagte om „besorgd" te wees, 'n „sorgwekkende toestand" of „om te sorg"[66). Sorg is derhalwe 'n positiewe handeling wat geskied ooreenkomstig die lewens- en wêreldbeskouing van die versorger, en is dus wesenlik religieus bepaald. Dit word gedra deur die diepere geesteswaardes wat in die heersende kultus en kultuurpatroon gesetel is. Elke vorm van sorg het sowel 'n bepaalde uitgangspunt as 'n doelpunt. Die doelpunt hou in 'n bepaalde ideaal van versorgdheid. Die doel is altyd om 'n bepaalde toestand of staat van welsyn te bereik.

Verskillende metodes en vorme van maatskaplike sorg sentreer veral om twee teenoor mekaar staande pole, naamlik die eskatologiese en die utopiese, wat elk sy eie besondere uitgangspunt, metodes en toekomsverwagtings het. Later word hierdie twee pole breedvoeriger omskryf. Tans is dit genoeg om daarop te let dat hulle 'n ingrypende en beheersende

65. Coetzee: Die barmhartigheidsdiens, p. 28.

66. Venter: „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", t.a.p., p. 15.

invloed op alle metodes van sorg het.

In teenstelling met die omvattende sorgaktiwiteite in verband met stof, plant, dier en mens soos dit in die begrip kultuur inbegrepe is, gaan dit in maatskaplike sorg om 'n sorgsame besig wees met mense-in-samelewing. Hierdie sorgaktiwiteite geskied volgens bepaalde metodes op 'n ordelike wyse. Maatskaplike sorg is dus 'n bepaalde wyse van sorgsaam besig wees met mense-in-samelewing. Hierdie metode van sorgsaam besig wees is vrug van 'n besondere geesteskllimaat en word uitgevoer ooreenkomstig 'n oorgelewerde tradisionele lewenskode met die oog gerig op 'n bepaalde toekomsverwagting.

Die Maatskaplike Sorg bestudeer die uiteenlopende, verskillende, soms botsende metodes van sorg in samehang met die geestesstrominge, die geesteskllimaat waarvan hulle 'n historiese kultuurproduk is.

## 4. DIE TERM EN BEGRIP ORDE.

Omdat die begrip orde 'n wesenlike onderdeel van die begrip koördinasie vorm, neem dit 'n sentrale plek in hierdie werkstuk in. In die sorgtaak, as onderdeel van die kultuurtaak, gaan dit om die vraagstuk van orde in die menslike samelewing of in die skepping. Die vraagstuk van koördinasie en ook die van ordening sentreer dus om die sleutelbegrip orde in die menslike samelewing of in die skepping. Die daarstelling van orde in die skepping of in die menslike samelewing is 'n probleem wat baie nou skakel met kultuurvorming en met maatskaplike sorg, omrede dit die vrug van menslike beheersingsarbeid in die skepping of in die menslike samelewing is.

Alvorens daar dus oor die vraagstuk van koördinasie besin kan word, moet 'n prinsipieel verantwoorde standpunt ingeneem word ten opsigte van die volgende vrae: Bestaan daar wel orde in die skepping? Wat is die oorsake van wanorde in die skepping? Op watter wyse kan orde herstel word in die skepping en in die menslike samelewing? Watter oorsake gee aanleiding tot die noodsaaklikheid van koördinasie as metode tot die herstel van orde in die skepping?

### a. Die beginsel van orde.

Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing eis dat daar

onvoorwaardelik aanvaar moet word dat daar wel orde in die skepping bestaan[67].

'n Baie belangrike artikel van dr. A.A. van Ruler[68] eis by die besinning oor die vraagstuk van orde ons aandag. Kortliks kom die standpunt van die skrywer op die volgende neer. Omdat God die Skepper is van alle dinge, is Hy gevolglik ook Skepper van Satan en die sonde. As gevolg hiervan kan die mens nie alleen aanspreeklik gehou word vir die sonde en die chaos wat daar in die skepping heers nie, want een van die oorspronge van die chaos is geleë in die handelinge van God. Hy verdedig selfs die standpunt dat God nie maar net die chaos toelaat nie maar dat Hy dit ook dikwels wil[69]. Die skrywer noem as voorbeeld van die chaotiserende aktiwiteite van God die toringbou van Babel: „Daar ligt de organiserende activiteit aan de zijde van de mens en de chaotiserende aan de zijde van God"[70].

Hy gaan verder uit van die standpunt dat die chaotiese in die skeppingswerk van God aanwasig is. Die feit dat die wêreld in die begin woes en leeg was[71], word deur hom geïnterpreteer as dat daar chaos sou bestaan het. God bring nou orde in die chaos deur 'n aantal vaste punte in die chaos daar te stel. Hy beweer dat God die kosmos nie wil nie, en onder kosmos begryp hy die suiwere teendeel van die chaos, die afgeronde gestalte, die gawe voltooide geheel, die suiwer harmonie - „..... dat alles wil de God van de Bijbel niet"[72].

Hy sien dan ook verder orde as min of meer die middelpunt tussen

---

67. Vgl. die uitgangspunt van die skryfster soos uiteengesit in die inleidende gedeelte van hierdie verhandeling, p. 4. Sien ook Duvenage: Kerk, volk en jeug, dl. I, p. 228.

68. „God en de chaos", artikel in Wending; XIV, 5-6, Julie-Augustus 1959.

69. Van Ruler: Ibid., p. 336; sien ook Smeenck, C.: Christelijk-sociale beginselen, dl. I, Kampen, J.H. Kok, 1934; p. 5.

70. Van Ruler: „God en de chaos", t. a. p. . p. 336.

71. Genesis I:1.

72. Van Ruler: a.w., pp. 337, 338.

chaos en kosmos. Die skeppende God gaan dus voort om ordenend in die skepping op te tree. „Alle goddelijke ordening", verklaar hy, „is enerzijds bedwinging van de chaos, maar anderzijds is dit ook verbreking van de kosmos"[73].

Kosmos word deur die Christelijke encyclopaedie omskryf as 'n Griekse woord wat „orde", „sieraad" of „skoonheid" beteken en wat die eerste deur Pythagoras gebruik is in die betekenis van „wêreldorde" of „heelal", in teenstelling tot chaos, wat „wanorde" of „woestheid" beteken. Tans word kosmos alleen gebruik in die sin van heelal of wêreld van die hemelliggame[74]. Die chaos of die chaotiserende handeling word deur Van Ruler nie as sinoniem met sonde opgeneem nie. Sonde kan alleen die mens doen, maar die chaos kan nie volstrek aan die mens toegeskryf word nie. Daar steek in die chaos altyd 'n goddelike dimensie: as gerig, vloek en straf[75].

Opvallend is dit dat Van Ruler ten spyte van hierdie vreemde uitgangspunt tot die gevolgtrekking kom dat alleen die kruis van Christus in die uiterste van alle chaos weer orde bring, naamlik die orde van die versoening[76]. Deur die versoening van Christus groei die orde van die liefde.

Baie opvallend is die betekenis wat van Ruler aan die begrip vrede heg. Hy verklaar: „Het is inderdaad de vrede van God, die al ons verstand te boven gaat en ons hart en onze zinnen bewaart. We krijgen op een onbegrijpelijke wijze vrede met alles. Maar dat is dan in zichself reeds een goddelijke orde, welke in ons bestaan wordt ingedreven"[77].

Samevattend.

Die gedagtegang van hierdie skrywer gee kernagtig die probleem weer wat aan orde asook aan koördinering ten grondslag lê. Hoewel hy 'n supralapsariese standpunt huldig en uitgaan van 'n onskriftuurlike skeppingsbeskouing, word daar in sy gedagtegang die vernaamste

---

73. Ibid., p. 338.

74. Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 316.

75. Van Ruler: a.w., pp. 343, 344.

76. Ibid., p. 347.

77. Ibid., p. 349.

elemente van die ordeprobleem weergegee. Die vraagstuk sentreer naamlik om die volgende punte:

(1) Wat is die oorsaak van wan - orde in die skepping?

(2) Hoe kan hierdie wan - orde weer herstel word?

(3) Wat is die rol van die mens en menslike samelewingsverbande in hierdie vraagstuk?

Aan hierdie punte sal agtereenvolgens aandag geskenk word.

Dit is 'n onomstootlike feit dat God ~~'n bepaalde skeppingsorde~~ in die skepping gelê het. Hierdie skeppingsorde is aanwesig in stof, plant, dier en mens; dit wil sê, die ganse geskape natuur is in beginsel aan 'n bepaalde skeppingsorde onderworpe.

God het ook in die menslike samelewing die beginsel van orde gestel. Hierdie orde geld ten opsigte sowel van die indiwiduele mens as van die mens in groepsverband.

Omdat maatskaplike sorg in werklikheid sorgsame of versorgende besig wees met mense-in-samelewing is, het dit ook ten taak om hierdie beginsel van orde wat deur God in die menslike samelewing gelê is, deur kultuurarbeid te realiseer.

Dit is, volgens die oortuiging van die skryfster, 'n uitgemaakte saak dat daar voor die skepping ook orde bestaan het. Die blote feit dat daar toe nog geen sonde was nie (die sondeval kom immers eers na die skepping) en die wete dat God daar was, is genoegsame bewys dat daar 'n goddelike orde moet geheers het[78].

b. <u>Die oorsaak van wanorde.</u>

Die woord <u>chaos</u> of <u>wanorde</u> beteken letterlik: „gapende ruimte"; „die ongevormde en onbepaalbare", deur die Grieke ook genoem die <u>nie-bestaande</u>[79]. Dit is belangrik om daarop te let dat daar, volgens die <u>Christelijke encyclopaedie</u>, 'n teenstelling bestaan tussen die Griekse en die Skriftuurlike interpretasie van die begrip <u>chaos</u>!

Deur die Grieke word dit geïnterpreteer as 'n onbestaande leegte

---

78. Genesis 1:1; Stoker: <u>Beginsels en metodes</u>, p. 199; Strauss: <u>Christelike wetenskap</u>, p. 28.

79. Grosheide, e.a.: <u>Christelijke encyclopaedie</u>, p. 146.

en kwaliteitlose materie wat dien as materiaal tot die vorming van die wêreld. In die Griekse mite vorm die gode die wêreld uit die chaos. In die Griekse wysbegeerte van Plato vorm die wêreldformeerder of Demiurg die nie-bestaande in die lig van die idees tot die kenbare wêreld, waar orde heers[80]. Volgens die Christelijke encyclopaedie kry die begrip chaos later die betekenis van die ongeordende teenoor die geordende. Daarenteen spreek die Skrif van skepping, tot aansyn roep uit die niks en nie van 'n altoos reeds bestaande chaos nie. Wel ken die Skrif 'n toestand van ongevormheid: „woes en leeg" (Gen. 1:2).

In 'n preek van dr. S.C.W. Duvenage[81] wat handel oor Johannes 14:27 („Vrede laat ek julle na, my vrede gee ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie") toon hy die diepste oorsaak van al die onvrede en onrus in die menslike hart en lewe aan. Die begrip vrede word deur Duvenage geëksegetiseer, en daar word onder andere na aanleiding van die Ou-Testamentiese vredesgroet, sjaloom, bevind dat vrede wesenlik „orde" beteken in die sin van: „alles moet in orde wees". Hy stel dit soos volg: „In die Ou Testament het daar in die woord vrede (sjaloom) 'n diep en ryk betekenis opgesluit gelê. Dit bevat die gedagte van welsyn in die sin van welstand en gesondheid. Daarom word by begroeting van iemand daarna gevra soos in Genesis 29:6. Die vertaling is daar ‚Gaan dit goed?' Dieper liggend is die gedagte dat alles in orde moet wees - dan is daar ‚sjaloom', vrede. Alles moet ook in orde wees met God. Daarvoor is sy verbond die grondleggende waarborg. Buite God om is daar vir Israel geen vrede, geen heil, geen welsyn nie".

Op die vraag wat die diepste oorsaak van al die onvrede en onrus in die hart en lewe van die mens is, gee die Skrif, volgens Duvenage, slegs een antwoord: „Dit is die sonde wat die verhouding tussen mens en God versteur het, dit is die sonde wat in honderd en een gestaltes uitbreek in die skepping, ..... wat saam met die ander sondes ineenvloei

---

80. Ibid., asook Stoker: Beginsels en metodes.

81. Ongepubliseerd en goedgunstiglik aan my ter insae gegee.

en 'n magtige stroom word van onvrede en disharmonie en wanorde. En dit, terwyl die Skrif sê: „God is 'n God van vrede en nie van wanorde nie'" ..... (1 Kor. 14:33)[82].

Hoewel sonde ten diepste primêr die verhouding van God en mens raak, het dit sy kwade invloed nog veel verder gesaai. Dit het elke skeppingswerk van God deurtrek en verwoes en vermink[83]. Maar nie alleen die skepping as sodanig is deur hierdie daad geskend nie; ook die menslike samelewingsvorme het deurdrenk geraak van hierdie sondebeginsel. Reeds in Genesis word in die Skrif gelees van die eerste broedermoord. Brillenburg Wurth stel hierdie deurwerking van die sonde in die menslike lewe soos volg: „Er is ook zo iets als wat Johannes de Doper noemt, een, ‚zonde der wereld' (Johannes 1:29) een doortrokken zijn van het menseleven, ook van het leven der maatschappij, van de zondegeest, van het zonde-beginsel"[84].

Die sonde het dus nie slegs die persoonlike verhouding van die mens tot God vernietig nie maar ook elke menslike samelewingsvorm aangetas en ook die relasies tussen hierdie samelewingsvorme. Ook op die menslike samelewing het die sonde sy ontwrigtende stempel gelaat[85].

Die bron waaruit die wanorde, die chaos, opwel, is die sonde, wat 'n kloof tussen God en mens en mens en medemens geslaan het.

Maatskaplike sorgkoördinasie het tot taak die herstel van hierdie wanorde.

Maatskaplike sorgkoördinasie is dus onderdeel van die menslike kultuurtaak en het ten doel die vreedsame skikking of ordening van menslike en maatskaplike sorgfunksies in die menslike samelewing, deur Skrifgebonde uitvoering van die kultuuropdrag van God.

---

82. Vgl. ook Heidelbergse Kategismus, Sondag 3; van Ryssen, ds. J.W.J.: Die Messias uit die aarde; Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1954; p. 120. Visser 't Hooft, W.A.: „Man's disorder and Gods design", in The first assembly of the world council of churches held at Amsterdam Aug. 22nd - Sept. 4th, vol. V; London, S.C.M. Press Ltd., 1949.

83. Genesis 3:17; Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij, p. 58; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 36.

84. Wurth: a.w., p. 65; Strauss: Christelike wetenskap, p. 15.

85. Wurth: a.w., p. 58.

c. Die herstel van orde.

Ten spyte daarvan dat hierdie ontwrigtende werk van die sonde 'n onaanvegbare feit in die menslike samelewing is, is vir die Christen enersyds berusting daarin geheel en al onmoontlik, terwyl andersyds egter gewaarsku behoort te word dat dit in die sonde gaan om 'n in die wêreld en maatskappy so 'n diep gewortelde mag dat ons op ons hoede moet wees vir die illusie dat die sonde deur allerlei sosiale planne of maatreëls, deur ons mense beraam, sommer uit die weg geruim sou kon word. Die Calvinis weet by voorbaat dat dit futiel is om vanuit menslike kunde en wetenskap so 'n diep gewortelde probleem soos hierdie uit die weg te wil ruim. Dit is futiel om 'n bomenslike mag, soos die sonde, deur middel van menslike middele te wil bestry[86].

Die gelowige bely maar een oplossing vir die ganse skeppingsnood, naamlik die soenverdienste van Jesus Christus, wat nie alleen die uitverkore mensheid met God versoen het nie maar ook die gevalle skepping in beginsel herskep het en dit vir die gelowige mens en samelewing weer moontlik gemaak het om in harmonie met God te lewe. Duvenage[87] verklaar hieroor - en daar moet weer gelet word op die opvallende betekenis van die begrip vrede in hierdie verband: „Jesus Christus, die vredevors, het nou gekom om weer orde te herstel, om ons hart te vermuut, en ons wil om te buig en ons sinne te verander, sodat daar in ons lewens teenoor mekaar en in die eerste plek jeens God weer harmonie kan kom".

Hier gaan dit dus, anders as in die ongelowige wêreld van vandag met sy vredesbeloftes van 'n „New Deal" en die vredespogings van die V.V.O., terug na die roersele en oorlegginge van die hart, waaruit die sonde opwel. Die praktyk het reeds in oormaat bewys dat menslike beplanning ter bereiking van vrede op chaos uitloop[88].

In teenstelling met die menslike vrede gryp Christus weer terug na

86. Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij, p. 66; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 238.

87. Preek van dr. S.C.W. Duvenage oor Joh. 14:27.

88. Dink maar aan die onvrede wat juis die gevolg was van die optrede van die V.V.O. in die Kongo.

die dieper liggende betekenis van die Ou-Testamentiese vredesbegrip en wil Hy deur sy vredesgeskenk dit weer sowel tussen die mens en God as tussen die mense onderling in die menslike same-lewing of maatskappy in orde bring. Jesus Christus skenk sy vrede deur versoening te bewerk deur sy bloed[89].

Die mens mag nie onaktief en passief teenoor allerlei sosiale misstande en wanorde in samelewingsverhoudinge staan nie maar is geroepe om, in ooreenstemming met die kultuuropdrag van God, positief te werk te gaan om oor die sonde en die gevolge daarvan te heers.

Wanneer die mens en die maatskappy vanuit die lewenswortel Jesus Christus lewe, word die herskeppingswerk van Christus geleidelik sigbaar in die menslike lewe en samelewingsverbande. „Hij moet leven uit een wortel, de levenswortel, Christus, die het leven verlost en hersteld heeft. En als de mensheid zich losmaakt van deze wortel, het geloof in het verlossingswerk van Jesus Christus verzakend, dan is haar bestaan en dan is de samenleving onder haar invloed een gestadig afsterven"[90].

Hierdie lewe vanuit die nuwe lewenswortel, Christus, kan slegs geskied deur die gelowige aanvaarding van die Skrifbeginsels vir die persoonlike en maatskaplike lewe. Op hierdie wyse word daar afgesien van die strewe na integrale en omvattende oplossings vir die moeilikhede van die lewe[91].

Die mens wat uit die geloof in die voorsienige leiding van God leef, doen afstand van die krampagtige poging om met behulp van die wetenskap die samelewing al beplannend en organiserend integraal en sentraal te beheers en die toekoms te probeer forseer[92]. Hy weet by voorbaat dat hierdie beheersing sal misluk juis op die punt waarvoor dit by name bedoel is, naamlik die beteueling van die sonde en die deurwerking

---

89. Vgl. Van Ruler: „God en de chaos" t. a. p. p. 347; preek van dr. S.C.W. Duvenage oor Joh. 14:27; Visser 't Hooft: „Man's disorder and Gods design", t.a.p., p. 194.

90. Van Riessen: a.w., p. 201.

91. Ibid., p. 278; Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij, p.65

92. Vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 10.

daarvan in die menslike samelewing en samelewingsverbande[93].

Wanneer ons 'n oomblik terugkeer na ons siening van Christelike kultuur, merk ons dat dit die volgende komponente bevat. Dit behels

(1) 'n bepaalde wyse van lewensindiensstelling, naamlik die Christelik-Calvinistiese,

(2) ooreenkomstig 'n tradisioneel oorgelewerde lewenskode - gegrond op die wet van God,

(3) met die geloofsoog gerig op die komende Godsryk.

Dit beteken dus dat indien die Christendom van wesenlike vernuwende betekenis in die menslike lewe en samelewingsverbande wil wees, dit ten opsigte van bogenoemde drie kardinale elemente vernuwend moet werk. Wanneer 'n vernuwing van die ganse kultuur tot stand gebring kan word, sal die relasies tussen mense onderling en samelewingsverbande onderling orde toon.

Wanneer nie slegs enkelinge nie maar ook georganiseerde verbande binne die koninkryk van God diensbaar word, d.w.s. wanneer hulle in hulle ganse bestaan ooreenkomstig die norme van die Skrif funksioneer, dan is daar sprake van ware kultuur[94].

„Het christelijke liefdegebod is niet maar een hulpmiddel bij het maken van een keus.....het is prealabel aan elk maatschappelijk probleem, want het al of niet naleven er van bepaalt orde en structuur der maatschappij"[95].

Tereg praat Van der Kooy[96] dan ook van die harmoniese orde van die wet van God. A.J. Rasker[97] stel dieselfde gedagte soos volg: In soverre

---

93. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, pp. 237, 278, 279.

94. Van der Kooy: Op het grensgebied, p. 64. Die skrywer skets die noue samehang tussen die nalewing van die wet, ware diens aan God en ware gemeenskap.

95. Van der Kooy: a.w., p. 65; vgl. ook Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij; Van Riessen: De maatschappij der toekomst; Strauss: Christelike wetenskap; Schilder: De Openbaring van Johannes en het sociale leven; Delft, D. Meinema, derde druk, 1951.

96. Van der Kooy, a.w., p. 49.

97. Rasker, A.J.: „Evangelie en maatschappij" in Banning, dr. W.: Sociologie en kerk, 's-Gravenhage, Boekencentrum, Publicaties van het Sociologisch Instituut der Nederlandse Hervormde Kerk, no. 2; p. 76.

hierdie behoudende, bewarende wet van Christus, wat een is met die evangelie, in die gestalte van ons Westerse samelewing deurwerk, kan ons van 'n Christelike karakter of kerstening van die samelewing spreek.

Die wet van God en die nalewing daarvan deur die mens indiwidueel en in groepsverband waarborg dus 'n bestendige en ordelike kultuur.

Hierdie kultuurarbeid onder leiding van en in gehoorsaamheid aan die Woord en wet van God, geskied by die gelowige Christen onder die konstante verwagting van die koms van die koninkryk van God. Dit is 'n koninkryk wat 'n werklikheid is, en dit is 'n werklikheid wat reeds met die eerste koms van Christus aangebreek het en wat met sy wederkoms deur die wonderbare herskepping van God van die huidige onvolmaakte toestand sal oorgaan in 'n volmaakte toestand van orde en vrede - die vrede van Christus, wat as koning reeds oor alle dinge gesag voer[98].

Die mens is deur sy vormende, bouende en versorgende kultuurarbeid medearbeider van God op die ganse kultuurakker.

Menslike sorgaktiwiteite raak derhalwe stof, plant, dier en mens. Maatskaplike sorgaktiwiteite is kultuurarbeid in die menslike samelewing. Dit is inherent uitvoering van die goddelike kultuuropdrag en derhalwe medearbeid binne die raadsplan van God, en wanneer die gelowige mens sy versorgingstaak ooreenkomstig die Skriftuurlike eise uitvoer, werk hy mee aan die teokratiese ordening van alle dinge[99], is hy besig om ordeskeppend in die menslike en maatskaplike verhoudinge in te gryp. Hierdie ingrype is egter nie meganies geplan of geforseer nie, maar dit geskied op organiese wyse deur die alledaagse vervulling van die gedifferensieerde sorgtake van die onderskeie maatskaplike sorginstansies binne die raamwerk van die Skriftuurlike beginsels wat vir die vervulling van hierdie taak op elke sorgterrein geld.

d. <u>Koördinasie as herstel van orde.</u>

Die onderskeid tussen die twee begrippe <u>organies</u> en <u>meganies</u>

---

98. Rasker: „Evangelie en maatschappij" in <u>Sociologie en kerk</u>.

99. Schilder: <u>Christus en cultuur</u>, p. 49.

is reeds uiteengesit[100]. Vervolgens word kortliks gelet op die waarde en die moontlikhede van organiese sowel as meganiese koördinasie vir die herstel van orde in die menslike samelewing

(1) Organiese koördinasie.

Met organiese koördinasie van sorgaktiwiteite word bedoel die neweskikking van gelyke sorgaktiwiteite met as doel die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit beteken dat elke sorginstansie as tydelike vergestalting van die liggaam van Christus sy sorgtaak só moet vervul dat die ordelike skeppingsbeginsels daardeur gerealiseer word en die koninkryk van God daardeur gebou word.

Organiese koördinasie veronderstel dus nie spesiale pogings van buite elke onderskeie organisasie om nie maar hou in die gelowige vervulling van die sorgtaak ooreenkomstig die eise van die Skrif en die belydenis. Weliswaar is die volmaakte realisering van orde in die skepping in die sin van „sjaloom" vanweë die aanwesigheid van die sonde nooit te verwerklik nie, maar nog bly dit roeping en opdrag van elke maatskaplike sorgorganisasie om deur die getroue uitvoering van sy sorgfunksies mee te werk aan die teokratiese ordening van alle dinge. Deur hierdie ordening as deel van die kultuurtaak dra die proses van organiese koördinasie daartoe by om in die vestiging van die koninkryk van God op aarde, in beginsel „sjaloom" of vrede te bewerkstellig.

(2) Meganiese koördinasie.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die kernelement van organiese koördinasie die neweskikking van organiese sorgfunksies van Christelike organisasies is. Daarenteen is meganiese koördinasie wesenlik die onderskikking van sorgfunksies in 'n geheel-deel-verhouding. Die twee begrippe word hier slegs ideaaltipies gesien. In die praktyk kom hulle dikwels vermengd voor. Meganiese koördinasie kan slegs 'n uiterlike tegnies-meganiese binding daarstel wat noodwendig deur middel van totalitêre mag gehandhaaf moet word. Wesenlike orde in die sin van „sjaloom", is nie deur middel van meganiese koördinasie te bewerkstellig nie.

---

100. Venter, C.N.: „Ons roeping as Calvinistiese jeug" in Koers in ons J.V.-werk, p. 32 e.v. Vgl. ook p. 16 e.v. van hierdie verhandeling.

5. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

a. Uit die voorafgaande kan gekonkludeer word dat dit absoluut noodsaaklik is om terdeë rekening te hou met die realiteit van die sonde in die menslike lewe en samelewingsverbande. 'n Skriftuurlik verantwoorde standpunt in hierdie verband is dus gebiedend alvorens daar 'n oordeel gevel kan word oor enige metode van koördinasie of ordening.

b. Die mens en maatskappybeskouing sal verder ook bepaal wat die relasie tussen die verskillende samelewingsverbande ten diepste behoort te wees.

c. Dit is voor die hand liggend dat 'n beskouing wat rekening hou met die realiteit van die sonde in die skepping en daarteenoor die genadeherstel in Christus Jesus, geen absolute mag aan enige samelewingsverband sal toeskryf nie.

d. Dit sal nog minder bindende en ingrypende maatreëls vir die gedrag van die verskillende samelewingsverbande as die uitweg uit 'n bepaalde toestand van wanorde sien.

e. In die gelowige aanvaarding van die versoeningswerk van Christus vind daar dus nie slegs in die lewe van die gelowige 'n radikale ommekeer plaas nie, maar ook die gelowige realisering van Skrifgebonde beginsels in die menslike samelewing bring 'n radikale ommekeer van die samelewingsverhoudinge tot stand. Hierdie deurwerking van die Skriftuurlike beginsels in die verskillende samelewingskringe bring geleidelik orde mee waardeur die herskeppingswerk van Christus prakties tot openbaring kom.

In hierdie proses is die gelowige kultuurbouer in die menslike samelewing medearbeider deur die beoefening van sorg deur die verskillende Christelike kultuurorgane. Wanneer hierdie sorgarbeid rekening hou met die eise van Skrif en Belydenis, kom 'n natuurlike organiese koördinasie van aktiwiteite tot stand.

# HOOFSTUK II.

## BEGINSELS TEN GRONDSLAG AAN KOÖRDINASIE IN DIE MAATSKAPLIKE SORG.

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat 'n Calvinistiese Godsbegrip en mens- en lewens- en wêreldbeskouing noodwendig ook 'n Calvinistiese maatskappybeskouing impliseer. Die begrip maatskappy word in hierdie verhandeling gebruik bloot as begrip ter aanduiding van al die samelewingsvorme, kringe en instansies waaruit die samelewing bestaan[1], soos reeds breedvoerig uiteengesit is.

Dit word verder as aksiomaties aanvaar dat die liggaam van Christus of die koninkryk van God hom in alle lewensvorme kan vergestalt. Dit is dan ook die wesenlike verskil tussen die Roomse en die reformatories Christelike visie, naamlik dat die Rooms-Katoliek die Roomse Kerk en die UNA SANCTA of liggaam van Christus met mekaar vereenselwig, terwyl die Protestant die UNA SANCTA in vele institute aanwesig ag[2].

Hierdie religieuse gemeenskapsmotief[3] moet elke menslike daad en elke samelewingsvorm, dit wil sê die hele kultuur, deurtrek en dit diensbaar maak aan God en sy koninkryk. „Het is juist de volheid van de ordinantiën voor het gehele leven, welke het gehele leven opeist voor den dienst aan God"[4].

Vervolgens word stilgestaan by lewensbeginsels wat, voortvloeiend uit die eis van die Calvinistiese belydenis as kernagtige samevatting

---

1. Vgl. Venter, C.N.: Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg; ongepubliseerde memorandum aan my ter insae gegee; Dengerink: Critisch-historisch onderzoek; Van Riessen: De Maatschappij der toekomst; Geesink: Gereformeerde ethiek; Spier: Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee; Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, ens. Vgl. ook p. 29 van hierdie verhandeling.
2. Van Bilsen, prof. dr. B. e.a.: Kerk en staat; Publicatie Nr. 10 van die
2. Nederlandse Gesprekcentrum: Kampen, J.H. Kok, 1955.
Kyk ook Geesink: Gereformeerde ethiek, p. 423; Spier, J.M.: Inleiding; Dengerink: Critisch-historisch onderzoek; Strauss, H.J.: „Die grondslag, doel en taak van die Afrikaanse kultuurvereniging", ongepubliseerde lesing, gelewer tydens 'n A.T.K.V.-jeugleierkursus, Johannesburg, 1961.

3. Taljaard: Lewens-en wêreldbeskouing, dl. B; p. 1. Sien ook Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, 1, p. 46.

4. Dengerink: Kritisch-historisch onderzoek, p. 97.

van die Woord van God, vir die ganse kultuur as rigsnoer moet dien in alle maatskaplike optrede. Hierdie Skriftuurlike beginsels geld nie slegs vir enkele sektore van die samelewing nie maar vir die hele kultuur en dus vir alle maatskaplike sorgsfere en dus ook vir die relasies of verhoudinge tussen die verskillende groepe, sfere en instansies in die menslike samelewing of maatskappy.

Dit is die taak en roeping van die Christenwetenskaplike om hierdie Skriftuurlike beginsels op alle lewensterreine uit te dra. Van der Kooy[5] sê dat juis die Christen hier 'n taak het, omdat aan hom beginsels van transendente oorsprong geopenbaar is.

Van Riessen is van mening dat veral die volgende twee struktuurbeginsels vir die duursame organisasie van die maatskappy van wesenlike belang is, te wete <u>die beginsels van soewereiniteit in eie kring en van gesag en vryheid</u>[6]. Vir die doel van hierdie verhandeling is dit ook noodsaaklik om benewens aan bostaande twee beginsels ook aandag te skenk aan die beginsels van universaliteit in eie kring en die universele beginsel van die enkaptiese vervlegting van alle strukturele samelewingsvorme. In volgorde word hieronder behandel:

1. Die beginsel van universaliteit in eie kring;
2. die beginsel van soewereiniteit in eie kring;
3. die beginsel van enkapsis en
4. die beginsel van gesag en vryheid.

1. <u>UNIVERSALITEIT IN EIE KRING.</u>

Stoker sê dat die beginsel van koördinasie op die beginsel van universaliteit in eie kring[7] gefundeer word. Die uitdrukking <u>universaliteit in eie kring</u> wil sê dat die hele tydelike werklikheid hom in sy volle samehang binne die grense van elke wetskring[8] uitdruk.

---

5. Van der Kooy: <u>Op het grensgebied</u>, p. 74.
6. Van Riessen: <u>De maatschappij der toekomst</u>, p. 78.
7. Ongepubliseerde memorandum opgestel deur prof.dr. H.G. Stoker, goedgunstiglik aan my ter insae gegee.
8. Spier, J.M.: <u>Inleiding</u>, p. 106; vgl. ook Dooyeweerd: <u>Vernieuwing en bezinning</u>, pp. 44, 45; Fourie, dr. J.J.: „Verhouding tussen staat en kerk by Herman Dooyeweerd", dl. I, artikel in <u>Die kerkbode</u>, CXV, 5, 31 Julie, 1963, p. 152.

In die taal van Stoker sou dit beteken dat elke modaliteit in die skepping sy uitdrukking vind in elke sfeer van die werklikheid.

Die beginsel van universaliteit in eie kring, waardeur die universele samehang van alle aspekte in hulle eie struktuur tot uitdrukking kom, is die keersy van die beginsel van soewereiniteit in eie kring waarin die normsoortigheid en onherleibaarheid van elke aspek van die werklikheid tot uiting kom[9].

So het die staat byvoorbeeld deel aan alle modaliteite[10], maar hier staan elk van hierdie aspekte onder leiding van die tipiese leidende funksie van die staat, naamlik die juridiese.

Spesifiek met betrekking tot die onderhawige vraagstuk beteken dit dat juis hierdie feit, dat elke samelewingskring deel het aan alle modaliteite van die geskape werklikheid, meebring dat 'n groot mate van koördinasie tot stand kom. Nie alleen is daar 'n baie noue samehang en verbondenheid tussen die verskillende gedifferensieerde samelewingskringe[11] onderling nie, maar ook juis hierdie verbondenheid, hierdie op mekaar aangewys wees, verhoed grotendeels uiteenskeuring en isolasie. Die beginsel van universaliteit in eie kring impliseer nie dat die een samelewingskring uit die ander voortspruit nie. Nee, elke samelewingsverband is uniek en eiesoortig maar terselfdertyd nou ineengestrengel met alle ander samelewingsverbande.

Betekenis van hierdie beginsel vir die koördinasie van maatskaplike sorg.

a. Hierdie modaliteite, waaraan alles in die skepping in 'n mindere of meerdere mate deel het, stem ooreen met die veertien aspekte van die lewenswerklikheid wat deur die veertien wetskringe van die wysbegeerte van die wetsidee

---

9. Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 45.

10. Ongepubliseerde memorandum opgestel deur prof. H.G. Stoker en goedgunstiglik aan my ter insae gegee.

11. Ibid.; vgl. ook van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p., p. 43.

gedek word.[12]

b. Dit bring dus ook mee dat elke maatskaplike instansie ook deel het aan elk van die betrokke aspekte of modaliteite en dat die instansie derhalwe in die uitvoering van die kultuuropdrag 'n roeping het ten opsigte van elk van hierdie lewensfasette. So 'n maatskaplike instansie sal derhalwe ooreenkomstig sy eie uitgangspunt en doelstelling volgens die norme van die Skrif wat geld vir die begrensde taak wat hom opgelê is, sy roeping en taak volvoer onder leiding van die bepaalde leidende funksie waarvoor die instansie histories in die lewe geroep is.

c. Die feit dat elke samelewingskring ten opsigte van elke faset van die skeppingswerklikheid 'n beperkte en begrensde taak het, waaronder ingesluit is 'n koördinerende taak, bring mee dat indien elke kring sy roeping en taak ooreenkomstig Skriftuurlike eise vervul, doelbewuste en beplande meganiese koördinering deur 'n instansie van bo uitgesluit word.

'n Harmoniese kultuurorde behoort tot stand te kom. Hierdie orde is nie in hierdie tydelike werklikheid volkome te verwesenlik nie maar in beginsel tog in 'n mate realiseerbaar vanweë die herskeppende werk van Jesus Christus, wat nie slegs die menslike hart vernuut het nie maar ook die ganse skepping in beginsel herskep. Dit hoort nou tot die menslike taak en roeping om in die bepaalde verband waarin hy gestel is, die beperkte roeping en taak van dié verband op alle lewensterreine ten uitvoer te bring en so medearbeider van God te wees in die orde-ning van dinge en in die geleidelike maar onvolmaakte realisering van die orde, wat in beginsel reeds in Christus ons besit geword het.

---

12. Spier, J.M.: Wat is Calvinistische wijsbegeerte? pp. 21 tot 25. Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 43; Van Riessen: Op wijsgerige wegen; Wageningen, Zomer en Keunings, 1958; p. 79.

d. Die beginsel van universaliteit in eie kring het vir die maatskaplike sorg besondere waarde. Op hierdie beginsel rus die feit dat daar 'n differensiasie van sorgaktiwiteite bestaan. Elke maatskaplike sorg-organisasie het deel aan al die modaliteite van die geskape werklikheid en het 'n spesifieke en aard-eie sorgtaak wat in al die lewensfasette waaraan hy deel het, vervul moet word. Hierdie sorgfunksie, wat versorging volgens 'n bepaalde metode inhou, behoort in ooreenstemming te wees met die sorginstansie se bestemmingsfunksie.

Dit is duidelik dat ook die skeppingsbeginsel van universaliteit in eie kring organiese interne sowel as eksterne koördinasie van sorgaktiwiteite in beginsel moontlik maak.

2. SOEWEREINITEIT IN EIE KRING.

Die beginsel van soewereiniteit in eie kring is 'n beginsel wat blyk uit die feit dat God elke ding ordelik na sy eie aard geskep het[13].

Die persoon wat hierdie Skriftuurlik gegewe prinsipe weer duidelik onder die aandag gebring het, is Abraham Kuyper[14].

Die sterk opkomende staatsabsolutisme van sy tyd was waarskynlik die stimulus agter die klem wat Kuyper op hierdie besondere maatskaplike struktuurbeginsel gelê het. Dit was 'n reaksie teen die opkoms van die sterk sentraliserende staatsmag[15].

Die gedagte wat aan hierdie beginsel ten grondslag lê, is die feit dat God elke ding na sy eie aard geskape het en vir elke skeppingsfeer bepaalde norme en gedragslyne daargestel het, waaraan die bepaalde sfeer

---

13. Duvenage: Kerk, volk en jeug, dl. I, p. 228; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 41.

14. Spier, J.M.: Inleiding, p. 52; vergelyk ook Kuyper: Pro-rege; dl. 3; asook Kuyper: De gemeene gratie; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 52; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 79, e.v.

15. Dengerink: Critisch-historisch onderzoek, p. 108.

gehoorsaam moet wees[16]. Die wette en norme wat dus ooreenkomstig die Skrif vir een bepaalde normgebied geld, kan nie op 'n ander andersoortige lewensfeer van toepassing gemaak word nie[17]. „Deze souvereiniteit in eigen kring houdt dus in, dat de verschillende kosmische aspecten onderling onherleidbaar zijn"[18]. Hierdie skynbare isolasie tussen samelewingskringe van verskillende aard word egter gebalanseer deur die beginsel van universaliteit in eie modale en strukturele kring, sodat die samehang en eenheid van die skeppingsfere in 'n groot mate weer bevorder word[19]. Wanneer daar nou nader op die spesifieke betekenis van die beginsel ingegaan word, merk ons dat dit hoofsaaklik sentreer om die „eiewetlikheid"[20] van elke afsonderlinge skeppingsfeer.

Hierdie „eiewetlikheid" moet baie duidelik van die„Eigengesetzlichkeit"[21] onderskei word. Onder laasgenoemde word verstaan die geleidelike verselfstandiging van die verskillende lewensfere teenoor mekaar en van die kultuur as geheel teenoor die mens, en die ontwikkeling van selfstandige en outonome wette vir elke lewenskring, terwyl die soewereiniteit van die wet van God ter syde gestel word. Hierdie verskynsel word deur sommige skrywers toegeskryf aan die moderne kultuurontwikkeling waarin die wetenskap en tegniek so 'n vername rol speel.

In hierdie sin mag die beginsel van soewereiniteit in eie kring nooit opgeneem word nie. Hierdie beginsel geld steeds onder voorbehoud van die volstrekte soewereiniteit van die wet van God[22].

Prof. H.J. Strauss[23] stel hierdie feit kernagtig soos volg:

---

16. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 89; kyk ook Spier, J.M.: Inleiding, p. 53.

17. Spier, J.M.: Wat is Calvinistiese wijsbegeerte?, p. 28.

18. Ibid.; Vgl. ook Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 42.

19. Ongepubliseerde memorandum opgestel deur prof. H.G. Stoker goedgunstiglik aan my ter insae gegee.

20. Spier, J.M.: Inleiding, p. 52; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 79; Dengerink, J.D.: Critisch-historisch onderzoek, p. 10; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 47.

21. Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij, pp. 39-43.

22. Ibid., pp. 40 - 43.

23. Ibid., p. 31.

„Ten opsigte van elke norme-groep geld die beginsel van soewereiniteit in eie kring (heer in eie huis) en dit is 'n skeppingsbeginsel wat ons oral in die tydelike werklikheid aantref. Op elke lewensakker is slegs die norme wat daarvoor bedoel is soewerein, en sodra ons volgens ander beginsels daarop handel, stoot die akker ons af, of lewer dit 'n oes wat bloot uit onkruid bestaan[24] - die straf op die sonde. Norme op hul eie gebied uitgeleef, bots egter nie met die norme vir die ander akkers nie". Om verwarring met die term <u>Eigengesetzlichkeit</u> te voorkom word die term <u>normsoortigheid</u> voortaan in plaas van eiewetlikheid gebesig.

Die beginsel dui onder meer op die selfstandigheid van die verskillende lewenskringe[25] en die afgegrensdheid van die lewensgebiede teenoor mekaar. Dit beteken dus nie slegs dat die norme wat volgens die Skrif vir een bepaalde gebied geld, nie op 'n ander van toepassing is nie, maar ook dat die gesagsinstansies van een bepaalde kring, volgens die Woord van God, geen seggenskap ten opsigte van 'n ander kring het nie. Elke kring besit dus slegs beperkte bevoegdhede[26] en is nie absoluut nie - slegs die gesag van die Skrif en die koninkryk van God is absoluut.

Gesien binne die raamwerk van die Calvinistiese maatskappybeskouing bestaan daar geen hiërargie van samelewingstrukture nie. Hierdie maatskappybeskouing bely, inteendeel, die gelykwaardigheid en gelykheid van alle samelewingsverbande as gevolg van die feit dat hulle van die begin af deur God geskape is of algaande in die ontplooiing van die Raadsplan van God tot historiese ontwikkeling gekom het.

Die beginsel van soewereiniteit in eie kring gee ook uitdrukking aan die selfstandigheid van die gesag in 'n bepaalde kring ten opsigte van die gesag in elk van die orige kringe. „De samenlevingsverbanden staat dus niet in een gezags- of ondergeschiktheidshouding tegenover elkaar. Zo 'n houding mag alleen binnen al die verbanden bestaan.

---

24. Vergelyk, ook Spier, J.M.: <u>Inleiding</u>, p. 54.

25. Van Riessen: <u>De maatschappij der toekomst</u>, p. 82.

26. Spier, J.M.: <u>Inleiding</u>, p. 52; Duvenage: <u>Kerk, volk en jeug</u>, dl. I, p. 231.

Niet de onder- of bovenschikking, maar de nevenschikking is de juiste relatie tussen de samenlevingsverbanden"[27]. Die sleutel tot die koördinasie van enige aktiwiteit is geleë in die aanvaarding van die selfstandigheid van alle samelewingskringe en hulle newegeskikte posisie, d.w.s. dat geen tydelike samelewingsverband hiërargies bowe of ondergeskik is aan 'n ander nie.

Ook Dengerink[28] kom tot dieselfde gevolgtrekking ten opsigte van die beginsel van soewereiniteit in eie kring. „Krachtens het beginsel der souvereiniteit in eigen kring nu hebben de in hun interne structuur onderling radicaal verschillende samenlevingskringen ieder een eigen levenswet en kunnen zij dus niet aan elkaar gesubordineerd, doch slechts met elkaar gecoördineerd zijn...."

Van Riessen is van mening dat dit juis by hierdie punt van die onder- of bowe- of neweskikking is dat die beslissende slag teen die totalitaristiese maatskappy sal val. Hy sê dat die stryd teen die totalitêre gemeenskapsvorming prinsipieel en prakties alleen vanuit die stelling van die newegeskiktheidsrelasie met welslae gevoer kan word. „Is die stelling gevallen dan heeft een dictator op de weg van de totalisering geen ernstige weerstand meer te duchten van de samenlevingskringen; de onderschikking is immers een feit geworden en de totalisering kan geleidelijk en geruisloos geschieden ....."[29].

Nisbett[30] verdedig dieselfde standpunt. Hy stel dit soos volg: „Nevertheless, it is the continued existence of this array of intermediate powers in society, of this plurality of 'private sovereignities', that constitutes, above anything else, the greatest single barrier to the conversion of society to its totalitarian form".

Die behoud van die soewereiniteit van elke selfstandige samelewingskring waarborg dus in 'n groot mate die voortbestaan van 'n kultuur

---

27. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, pp. 82, 85.

28. Dengerink: Critisch-historisch onderzoek, p. 11; vgl. ook in die verband Duvenage: Kerk, volk en jeug, dl. I, p. 232.

29. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 82.

30. Nisbett, R.A.: The quest for community; New York, Oxford University Press, 1953; p. 265.

waarin enige totalitêre tendense bestry kan word. Nisbett[31] is van mening dat die probleem van die behoud van 'n kultuur ryk aan 'n verskeidenheid van selfstandige kulturele instansies een van die kernprobleme van die moderne samelewing is.

Die eerste skans en vesting wat opgebou kan word as teëvoeter vir enige vorm van totalitarisme berustend op 'n hiërargies-totalitêre maatskappybeskouing, is die handhawing en uitbou van die gedagte van soewereiniteit in eie kring. Slegs wanneer elke selfstandige samelewingskring hierdie beginsel tot in die fynste besonderhede op alle vertakkings van sy werk van toepassing maak, kan 'n kultuur, vry van dirigisme en tirannie, gewaarborg word.

Dit hou implisiet in die desentralisasie van mag[32]. Van Riessen[33] is egter van mening dat die desentralisasie van mag in 'n sekere mate die ondergeskiktheid aandui van diegene aan wie die mag uitgedeel word, aan die magsuitdelende instansie, met ander woorde die verabsolutering van laasgenoemde. Hy beskou die desentralisasie van mag dus nie as die absolute teendeel van die hiërargies gekollektiveerde en georganiseerde samelewing met 'n oorwig van verantwoordelikhede in die sentrum nie. Die positiewe siening van die saak word breedvoeriger behandel in punt 4 oor gesag en vryheid.

<u>Betekenis van hierdie beginsel vir die koördinasie van maatskaplike sorg.</u>

Samevattend word voorlopig ten opsigte van die genoemde beginsels die volgende gestel:

a. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring gee uitdrukking aan die selfstandigheid en die normsoortigheid van elke samelewingskring teenoor alle ander gelykstaande samelewingskringe.

b. 'n Bepaalde stel norme is op elke lewensgebied van toepassing

---

31. Nisbett: <u>The quest for community</u>, p. 256.

32. Ibid., p. 269.

33. Van Riessen: <u>De maatschappij der toekomst</u>, p. 283.

en mag nie summier as geldend beskou word op ander lewensgebiede nie.

c. Hierdie selfstandigheid en eie normestelsel impliseer 'n eiesoortige maar begrensde roeping en taak[34].

d. Daar kan kragtens die beginsel van soewereiniteit in eie kring geen hiërargie van samelewingskringe bestaan nie - dit wil sê nie onder- of boweskikking nie maar neweskikking.

e. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring is vir die koördinasie van maatskaplike sorg van deurslaggewende betekenis. Dit bring mee die erkenning van die selfstandigheid en soewereiniteit van elke samelewingsverband en daarby inbegrepe elke sorginstansie wat 'n bepaalde eiesoortige sorgfunksie in die menslike samelewing te vervul het.

Dit hou verder ook in die erkenning van die selfstandigheid en afgegrensdheid van die gesag in elke sorginstansie.

Die in eie kring soewereine gesagsinstansie van elke sorgsfeer oefen gesag uit binne die bestek van die sfeer waar dit geroep is, en het ook onmiddellik tot taak die koördinasie van sorgaktiwiteite wat aan hom opgedra is.

f. Dit is juis by hierdie skeppingsprinsipe dat die duidelike verskil tussen die Calvinistiese en universalistiese maatskappybeskouing duidelik na vore tree. Vir die universalistiese maatskappybeskouing geld die beginsel van outonomie, dit wil sê die relatiewe selfstandigheid en outonomie van die dele van die geheel, terwyl soewereiniteit in eie kring die skeppingsbeginsel is van die na hulle innerlike aard radikaal verskillende samelewingsverbande[35].

Wanneer die beginsel van outonomie ten opsigte van sorginstansies geld, word 'n geheel-deel-verhouding veronderstel, wat onmiddellik inhou dat alle sorginstansies deel is van en

---

34. Dengerink: Critisch-historisch onderzoek, p. 11.

35. Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 54.

ondergeskik is aan een groot en omvattende sorgsfeer. Hierdie siening het tot gevolg die onderskikking van in wese selfstandige gesagsfere aan 'n omvattende geheel. Die omvattende sorgsfeer word 'n meganisme wat die ander ondergeskikte sorginstansies as geheel omvat. Op hierdie wyse word die neweskikking van sorgorganisasies uitgesluit en totalitarisme bevorder. Sodanige omvattende sorgorganisme (eintlik -meganisme) tree in die plek van die liggaam van Christus of die koninkryk van God, wat alleen totalitêr en universeel mag wees. Organiese koördinasie van sorgaktiwiteite in Skriftuurlike sin is hiervolgens uitgesluit.

3. <u>DIE BEGINSEL VAN ENKAPSIS.</u>

Die verskillende samelewingsverbande soos staat, kerk, huisgesin, bedryf, skool en vereniging staan nie los van mekaar nie maar is op besondere wyse verstrengel. Samelewingskringe is op modale, strukturele en dinamiese wyse met mekaar vervleg[36].

Elke onderskeie samelewingsverband het, in ooreenstemming met sy tipiese bestemmings- en funderingsfunksie, 'n aard-eie sorgtaak om te vervul. In die uitvoering van hierdie sorgtaak in die menslike samelewing staan hierdie onderskeie samelewingsverbande, wat ook as sorginstansies optree, nie los van mekaar nie maar is hulle struktureel vervleg.

Dit is juis by hierdie strukturele vervlegting van samelewingskringe dat daar van die verskynsel van enkapsis sprake is[37]. Stoker noem as voorbeeld van die enkaptiese vervlegting van samelewingskringe die verbinding en ineenstrengeling van samelewingskringe op so 'n wyse dat elk tog nog sy eie strukturele identiteit bewaar, soos dit byvoorbeeld aangetref word in die lewe van die huisgesin, waar die huwelik deel uitmaak van die gesin en die gesin van die volk. Hy wys verder daarop dat volk, staat en kerk enkapties vervleg is, dit wil sê sonder

---

36. Stoker: <u>Beginsels en metodes</u>, p. 164 e.v.

37. Ibid.; kyk ook Fourie, dr. J.J.: „Die verhouding tussen staat en kerk by Herman Dooyeweerd", artikel in <u>Die Kerkbode</u>; CXV, 6, 7; Augustus, 1963; p. 190.

dat die een ten volle deel van die ander uitmaak[38]. Hierdie verskynsel bring dus mee dat daar 'n sekere mate van samehang of koördinasie van die sorgaktiwiteite van die enkapties vervlegte sorginstansies tot stand kom.

Die beginsel van enkapsis het sowel 'n negatiewe as 'n positiewe aspek. Negatief kan opgemerk word dat vervlegting van indiwidualiteit-strukture 'n samehang is wat nie as 'n verhouding tussen die geheel en sy dele gekenskets kan word nie; terwyl, positief, daaraan toegevoeg kan word dat die dinge of samelewingsverbande, en daarom ook die verskillende sorginstansies, wat met mekaar in vervlegte samehang staan, hulle eie interne struktuur of strukturele soewereiniteit in eie kring behou maar in hulle eksterne funksies verskillend ontsluit word[39].

Van besondere belang vir die onderhawige vraagstuk is die lig wat Spier op die teendeel van bostaande verskynsel werp. Een verskynsel wat die enkaptiese vervlegting van samelewingstrukture beslis nie impliseer nie, is 'n hiërargiese opbou van samelewingsvorme. Hierdie hiërargiese opbou kan geïllustreer word deur die opvatting dat die een samelewingsvorm uit 'n ander voortvloei en dat die vorige vorm slegs deel is van die daaropvolgende. Hierdie geheel-deel-verhouding impliseer dat die dele van die geheel dieselfde bestemmingsfunksie as die geheel het en dus deur dieselfde struktuurprinsipe bepaal word. Hier is dus nie sprake van 'n selfstandige soewereiniteit nie maar van slegs 'n relatiewe outonomie oor eie lewensgebied[40].

Die betekenis van hierdie beginsel vir maatskaplike sorg.

Samevattend kan geponeer word dat die wesenskenmerke van die verskynsel van enkapsis, die volgende is:

a. Daar bestaan 'n baie noue en natuurlike samehang tussen die verskillende samelewingsvorme.

---

38. Ibid.; Taljaard: Lewens- en wêreldbeskouingsleer, dl. B.

39. Spier, J.M.: Inleiding, pp. 233, 234; vgl. ook Spier, J.M.: Wat is Calvinistiese wijsbegeerte?, pp. 58, 59.

40. Spier, J.M.: Inleiding, p. 234; Dengerink: Critisch-historisch onderzoek, p. 221.

b. Hierdie verhouding impliseer geen geheel-deel-verhouding, waardeur die soewereiniteit van die dele slegs relatief is nie.

c. Hierdie vervlegting sluit uiteenskeuring en isolasie uit, terwyl dit terselfdertyd soewereiniteit in eie kring eerbiedig.

d. Die verskynsel van enkapsis bevorder dus grotendeels die koördinasie van die verrigtinge van die verskillende ongelyksoortige en na mekaar onherleibare samelewingskringe.

e. By implikasie is hierdie beginsel van enkaptiese ineenstrengeling ook van toepassing op die onderskeie sorgfunksies en sorgtake van elke sorginstansie:

   (1) Daar bestaan 'n noue verband, samehang en ineenstrengeling tussen die sorgfunksies van die verskillende sorginstansies.

   (2) Hierdie enkaptiese verhouding impliseer geen geheel-deel-verhouding van sorginstansies of sorgtake waardeur die soewereiniteit van die dele slegs relatief is nie.

   (3) Die enkaptiese vervlegting van sorgfunksies eerbiedig die beginsel van soewereiniteit en universaliteit in eie kring.

   (4) Deur hierdie natuurlike skeppingsbeginsel kom 'n groot mate van organiese, eksterne sowel as interne koördinasie van sorgaktiwiteite tot stand.

## 4. <u>GESAG EN VRYHEID.</u>

Die kern van die probleem van die daarstelling van orde en koördinasie in maatskaplike sorg is geleë in die aanvaarding of verwerping van die reeds genoemde beginsels, naamlik die beginsel van soewereiniteit in eie kring, universaliteit in eie kring en enkapsis. Die standpunt wat ten opsigte van hierdie beginsels ingeneem word, bepaal grotendeels wat die opvatting sal wees met betrekking tot die beginsels van gesag en

vryheid.

Dit is dan die kern van die verhouding tussen gesag en vryheid. Ware vryheid bestaan in die gebondenheid aan reëls en norme. Slegs in die onderworpenheid en die gehoorsaamheid aan die geldende norme vir 'n bepaalde lewensgebied kan vryheid tot volle verwesenliking kom. Die opvatting dat vryheid in die losmaking van alle gebondenheid aan norme en wette bestaan, is wesenlik 'n liberalistiese siening van vryheid.

Die funksie van die gesagdraer in 'n bepaalde lewensverband hang in 'n groot mate saam met die funksie, doel, taak en bestemming van die lewensverband. Die hooffunksie van die gesag in 'n samelewingsverband is die handhawing van orde[41)] binne daardie spesifieke gesagskring. Die funksie, doel, taak en bestemming van 'n bepaalde lewensverband kwalifiseer en beperk derhalwe die bevoegdheid en magte van die gesagsinstansie wat in daardie bepaalde kring ordeskeppend optree.

Daar bestaan so 'n noue verband tussen die beginsels van soewereiniteit in eie kring en van gesag en vryheid dat hulle in hulle wese onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Hulle word dan ook deur Van Riessen[42)] beskryf as die Skriftuurlike beginsels waaraan die lewensverbande en hulle relasies getoets moet word en wat vir die min of meer duursame organisasie van die maatskappy geld.

Alle gesag word van God ontvang en het sy oorsprong by God[43)]. In geen enkele vorm kom die gesag uit die enkele mens of een of ander samelewingsvorm op nie[44)]. Alleenlik God kan 'n mens as draer van sy goddelike gesag beklee. Die gesag wat 'n persoon of gesagsinstansie ontvang is gedelegeerde of afgeleide gesag.

---

41. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 91.

42. Ibid., p. 78.

43. Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 221; Strauss: Christelike wetenskap, p. 34; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 220.

44. Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 221; vgl. ook i.v.m. die wese en oorsprong van gesag, Stoker, prof.dr. H.G.: Praktiese Calvinisme; Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1956; p. 17 e.v.

Volgens Van Riessen is die funksie van gesag om binne 'n bepaalde lewensverband sodanige orde te verskaf en te handhaaf dat die daarin saamlewende mense, persoonlik en gesamentlik, die beste geleentheid kry om in vryheid hulle funksie te verrig en te ontplooi[45].

Die gesagsdraers in elke verband besit geen gesag vanweë hulle verkiesing tot 'n bepaalde amp nie maar is van Godsweë geroep en met gesag beklee. Hierdie gesag van mens oor medemense kan slegs begryp word vanuit die koninklike amp van Christus, „die Bron van alle gesag en dus ook die Oorsprong van alle ampsbevoegdhede"[46].

Baie treffend stel Van Riessen die kern van die saak soos volg: „..... zij staan in hun ambt, opdat de mensen in het gekwalificeerde samenwerken of -leven tot de vervulling van hun ambt, hun cultuurroeping kunnen komen, in rechstreekse, vrije verantwoordelijkheid voor God, die hen tot Zijn dienst roept. Gezag en vrijheid vormen een balans die in constructiewe zin de coördinatie van de gekwalifiseerde cultuuropdracht beoogt, in beschermende zin die arbeid behoedt tegen de doorwerking van de zonde; enerzijds willekeur en misbruik van de vrijheid werend, anderzijds voorkomend de omkering van de orde van gezag en vrijheid door machtsusurpatie"[47].

Chaos, tirannie, wanorde ens. kom dus tot stand wanneer daar 'n ongelykheid of 'n ongebalanseerdheid van die verhouding tussen gesag en vryheid tot stand kom. Waar hierdie ewewig tussen gesag en vryheid verstoor word, ontstaan allerlei uitwasse in die maatskaplike verhoudinge[48], wat dan noodwendig deur die swaardmag van die staat, volgens 'n bepaalde plan, bedwing en georden moet word. Dit bring noodwendig 'n sterk organisasie en sentralisasie mee wat, volgens Van Riessen, tot kollektivering lei. Hierdie skrywer is ook van mening dat die oorsake van hierdie antinormatiewe ontwikkeling in die maatskappy gesoek moet

---

45. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 220.

46. Strauss: Christelike wetenskap, p. 35.

47. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 91; Van der Kooy: Op het grensgebied, p. 115.

48. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 96.

word enersyds in 'n relativering of verabsolutering van gesag of andersyds in 'n gebrekkige insig in die bestemming van die mens, die funksie van die samelewingsverband en die wese van gesag[49].

Wanneer die beginsels van gesag en vryheid toegepas word op die verhoudinge tussen organisasies met verskillende of gelyke doelstellings, word tot die gevolgtrekking gekom dat elke selfstandige samelewingsfeer 'n eie gesagsinstansie behoort te besit, wat intern binne daardie spesifieke terrein ordeskeppend moet optree. Die gesag binne elke samelewingskring het 'n aard-eie roeping, wat in ooreenstemming met die normatiewe struktuurprinsipe of normsoortigheid en die bestemmingsfunksie van die kring sy taak uitoefen. Die uitoefening van gesag in elke lewenskring verskil dus van die van die gesag in ander kringe. Hierdie selfstandigheid van die gesag in verskillende kringe teenoor mekaar bring mee dat nie een van die gesagsinstansies in die ganse samelewing in 'n houding van ondergeskiktheid teenoor 'n ander moet staan nie. „Niet de onder- of bovenschikking, maar de nevenschikking is de juiste relatie tussen de samenlevingsverbanden"[50].

Daar kan derhalwe slegs van koördinasie sprake wees wanneer hierdie toestand van neweskikking tussen samelewingskringe geld. Die oomblik dat daar as gevolg van enige omstandigheid 'n bowe- en ondergeskiktsheidsverhouding tot stand kom, is daar alleen maar sprake van subordinasie. Dit bring onmiddellik verwarring mee ten opsigte van die taak van die gesag en veroorsaak onwillekeurig grensverwarring en oorvleueling en ingrype in die gesagterrein van ander samelewingskringe. Dit impliseer nie slegs miskenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring nie maar ook van die beginsels van universaliteit in eie kring en van gesag en vryheid.

<u>Die betekenis van hierdie beginsel vir die koördinasie van maatskaplike sorg.</u>

a. Die maatskappybeskouing en die opvatting van die beginsels van

---

49. Ibid., p. 98.

50. Ibid., p. 83.

universaliteit in eie kring, soewereiniteit in eie kring en enkapsis bepaal watter plek en taak aan die gesagsinstansie in 'n bepaalde liggaam toegeken word. Indien die beginsel van soewereiniteit in eie kring verwerp word, bring dit mee dat die eiesoortige karakter van die gesag oor bepaalde kringe ook verkrag word. Dit beteken dat meer as een gesagsinstansie op 'n spesifieke terrein ordeskeppend kan optree. 'n Toestand soos hierdie sal op die lang duur botsings tot gevolg hê en chaos veroorsaak. Daarom dan ook dat die maatskappybeskouing wat die prinsipiële verskil tussen samelewingskringe loën en die soewereiniteit in eie kring misken, gewoonlik voorsiening moet maak vir 'n sentrale oorkoepelende gesagsinstansie wat met ystere hand die werksaamhede en funksies van verskillende sorgsfere meganies, ekstern en totalitêr moet koördineer en saamsnoer. Onmiddellik word die beginsel van vryheid verkrag, sodat geen ware vryheid in so 'n geknieghalterde situasie kan opbloei nie. In die beginsels van 'n goeie balans tussen gesag en vryheid en van soewereiniteit in eie kring, is, vir sover dit die konstante struktuur van die maatskappy betref, die erkenning van die soewereiniteit van God oor die geskapene uitgedruk. Dit vorm die patroon waarbinne die mens op die onderskeie lewensterreine tot sy deur God gewilde bestemming kan kom[51].

b. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit geheel en al onskriftuurlik is om uit te gaan van die standpunt dat slegs een gesagsinstansie in die samelewing met die gesagsbevoegdheid beklee is om sowel binne bepaalde kringe as in die verhouding tussen die verskillende kringe ordeskeppend op te tree. Nie alleen lê daar reeds op grond van die beginsels van universaliteit in eie kring en enkapsis in beginsel 'n ordepatroon aan die geskapene ten grondslag nie, maar God

---

51. Ibid., p. 96.

wat alle gesagsbevoegdheid besit, het ook elke gesagsinstansie geroep om deur die verantwoorde uitoefening van sy gesagstaak in die maatskaplike lewe ordeskeppend op te tree en om deur hierdie getuienisarbeid die skeppingsbeginsels, wat deur die sonde in hulle ontplooiing gerem word, tot volle verwesenliking te bring.

c. Die taak van die gesagspersoon of gesagsinstansie in 'n samelewingskring is om leiding en rigting te gee aan die uitvoering van die kultuuropdrag, dit wil sê om toe te sien dat die arbeid in die kultuursfeer uitgevoer word ooreenkomstig die Skrifbeginsels wat vir daardie terrein geld. Dit veronderstel implisiet dat dit die taak van die gesag is om orde op sake te stel.

d. Vryheid kan alleenlik bestaan in die gebondenheid aan norme en beginsels en kan slegs opbloei in 'n milieu waarin die gesag nie alles oorheers nie maar die gesonde, gebalanseerde en geordende sfeer skep waarin verantwoordelike vryheid tot uiting kan kom.

e. Dit is die verantwoordelikheid van die gesagsdraers in elke sorginstansie om toe te sien dat dit orde-lik daaraan toegaan in die gesagsfeer waarin hulle met gesagsbevoegdheid beklee is.

f. Hierdie ordehandhawing hou ook in die interne koördinasie van sorgaktiwiteite wat deur die betrokke sorginstansie onderneem word.

g. Die feit van die sonde en sy deurwerking laat hom in die maatskaplike lewe terdeë geld, en met hierdie kragtige faktor moet beslis rekening gehou word. Juis hierdie feit mag dit soms noodsaak dat een of ander tydelike samelewingsverband ordenend moet ingryp, maar berusting daarin behoort vir die Calvinis onmoontlik te wees. Veral hier waar die sonde dit onvermydelik maak om van die gegewe Skrifbeginsels af te wyk, moet die Calvinis reformerend te werk gaan. Trouens, elke samelewingsverband moet tydens so 'n noodmaat-

reël wanneer een instansie tydelik die taak van andere oorneem, aktief daarna strewe om die ewewig weer eens te herstel en alle wanverhoudinge uit die weg te ruim.

5. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

Dit is duidelik dat die Calvinistiese uitgangspunt nie slegs meebring dat:

a. bestaande metodes van sorg eers onder die vergrootglas van die Skrifbeginsels ondersoek moet word nie maar

b. dat daar ook aan die Skriftuurlike eis gehoorsaam moet word om positief prinsipiële riglyne vir die eksterne en interne koördinasie van die aktiwiteite van elke samelewingskring en sorginstansie daar te stel.

Na aanleiding hiervan word ten slotte die belangrikste prinsipiële elemente waarom die vraagstuk van koördinasie in die maatskaplike sorg sentreer, kortliks aangestip:

(1) Die grondpatroon van die gereformeerde geloofsbelydenis is met betrekking tot hierdie onderwerp van aktuele betekenis. Die drie kerngedagtes van sonde, verlossing en dankbaarheid is ook die diepste grond van hierdie vraagstuk. Negering van hierdie drie kardinale feite bring mee 'n verskillende siening van die oorsaak van wanorde of noodsaak tot koördinasie enersyds en 'n geheel ander siening van die oplossing van die vraagstuk en taak en rol van die mens en menslike verbande in hierdie opsig.

Die gedagte van vrede, rus of orde, in dinamiese sin, is die hoofgedagte waarom die problematiek draai. Die Calvinis aanvaar dat hierdie vrede nie deur menslike tegnieke en metodieke bekombaar is nie maar dat dit slegs verwerf kan word deur die gelowige aanvaarding van die soenverdienste van Christus. Ook ten opsigte van die vraagstukke in maatskaplike sorg geld die aanvaarding hiervan as dwingende voorvereiste.

Dit bring onmiddellik mee 'n eie kultuurpatroon, 'n eie wyse waarop die lewe daagliks prakties in diens van God gestel word. Dit impliseer ook 'n eiesoortige siening van die taak en roeping van elke samelewingsverband en sorginstansie en hulle onderlinge verhouding.

Hierdie bepaalde uitgangspunt bring ook mee 'n spesifieke siening in verband met die metodes van sorg wat deur die verskillende samelewingskringe aangewend word.

(2) Wat die verskynsel van koördinasie self betref kan daar, op grond van die gegewens in hierdie hoofstuk, tot die gevolgtrekking gekom word dat alhoewel die begrip vir tweërlei interpretasie vatbaar is, naamlik in 'n organiese en meganiese sin, die wesenselement van organiese koördinasie <u>neweskikking van gelykwaardige sorgaktiwiteite of -instansies veronderstel</u>.

Koördinasie kan derhalwe as 'n beginsel in die skepping gesien word. Verskillende uiteenlopende koördinasiemetodes is ook vrug van 'n bepaalde historiese ontwikkeling en ten diepste ingebed in 'n mens- en maatskappybeskouing wat elk 'n eie religieuse fundering het.

(3) Ten opsigte van die grondliggende beginsels van koördinasie in die maatskaplike sorg word die volgende opgemerk:

(a) Die feit dat elke samelewingskring en sorginstansie deel het aan alle modaliteite van die geskape werklikheid, bring mee dat wanneer die betrokke organe op prinsipieel verantwoorde wyse hulle eiesoortige sorgtaak op elke lewensterrein uitvoer, daar moeilik leemtes en gebreke kan ontstaan. Andersyds word hierdie sorgtaak ook hierdeur begrens en skakel dit oorvleueling van sorgaktiwiteite uit.

Die sorgfunksie van elke samelewingskring is boonop anders as die funksie van elke ander kring, wat elk sy eie bestemmings-, en funderingsfunksie het, en kan slegs in 'n krisis- of noodtoestand deur 'n ander lewensfeer oorgeneem word.

Volgens die aard en samestelling van elke georganiseerde „kring" sal die sorgtoestand en sorgfunksie by alle kringe verskillend van mekaar wees. Hierdeur sal die versorging ook noodwendig verskil, omdat die metodes en doelstelling verskillend is[52].

(b) Die erkenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring sluit prinsipieel alle totalitêre tendense uit en bring mee

---

52. Venter, C.N.: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg", ongepubliseerde memorandum.

die eerbiediging van die normsoortigheid van elke samelewingsverband. Dit dien ook as behoudende element wat elke sweem van hiërargie in die wortel vernietig en op hierdie wyse verabsolutering van elke tydelike samelewingsverband uitskakel.

(c) Daar bestaan 'n baie noue en natuurlike vervlegting tussen verskillende samelewingsvorme wat reeds 'n groot mate van koördinasie in die versorgingsaktiwiteite van verskillende instansies meebring.

(d) Ware vryheid in die uitvoering van die sorgtaak kan slegs tot stand kom as gevolg van die erkenning van die eiesoortige posisie en taak van die gesag in 'n spesifieke verband en die onderwerping van beide gesag en ondergeskiktes aan die Woord en soewereiniteit van God.

(e) Die eerste vraag wat beantwoord moet word wanneer daar van 'n vraagstuk in die menslike samelewing sprake is, is: Wat is die agtergrond van die verskynsel? Weliswaar kan die vraagstuk van koördinasie in maatskaplike sorg nie tot een spesifieke saak herlei word nie, maar daar moet eers baie duidelik vasgestel word watter wanverhoudinge tussen samelewingskringe of sorginstansies 'n bepaalde wanorde of chaotiese toestand tot gevolg gehad het. Slegs wanneer die wanverhoudinge die algemene regsorde in so 'n mate versteur dat die gesamentlike aksie van die betrokke instansies geen uitwerking het nie, mag die staat as regsbedelende orgaan ingryp.

Primêr is dit die taak van elke betrokke instansie om te bepaal waar die grensoorskryding of leemte sy ontstaan gehad het, en die instansie wat in hoofsaak met die wortel van die probleem gemoeid is, behoort dan op te tree. Die korrekte benadering van die probleem is dus om te bepaal in watter kring die oorsaak van die vraagstuk geleë is en dan die spesifieke instansie in daardie kring primêr verantwoordelik te hou vir die bestryding van die wortel van die kwaad, terwyl die ander samelewingskringe ooreenkomstig hulle aard-eie norme en tipiese funderingsfunksie hulle spesifieke maatskaplike sorgroeping ten opsigte van die probleem vervul deurdat hulle die gevolge van simptome van die verskynsel soos dit hom in die kring openbaar bestry[53].

---

53. Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p.

'n Aktuele vraag wat hier ontstaan, is die kwessie wie daaroor moet besluit of daar grensoorskryding of leemtes bestaan, en watter instansie dan die betrokke gesagsinstansies in die sorgsfere verantwoordelik hou vir die regstelling van die wanverhoudinge.

Uit die aard van die saak kan slegs die Skrifbeginsels hierdie vraagstuk oplos. Daar sal egter altyd verskil van mening bestaan oor die interpretasie van die beginsels, en daarom is dit noodsaaklik dat die onderskeie sorginstansies, wanneer nodig, byeenkom om op 'n basis van samespreking gesamentlik te beraadslaag oor die probleme wat moontlik mag ontstaan. Hierdie samesprekings moet op 'n neweskikkende basis in 'n gesindheid van Christelike liefde geskied. Alleen wanneer daar 'n wedersydse wil tot samewerking bestaan, sal die wanverhoudinge op 'n vreedsame wyse geskik kan word.

Wanneer die georganiseerde verbande in die menslike samelewing dus hulle eiesoortige sorgtaak ooreenkomstig Skriftuurlike eise vervul, sal daar weinig behoefte aan meganiese geforseerde eksterne koördinasie ontstaan.

(f) Die koördinasie van maatskaplike sorg is 'n wesenlike onderdeel van die versorgingsarbeid in die menslike samelewing en is deel van die menslike kultuurtaak. Wanneer die kultuurbouende mense sorgsaam met mense-in-samelewing besig is, impliseer dit instansies wat by die koördinasie betrokke is.

Die totalitêre, omspannende, universeel oorkoepelende entiteit in die geval van die Calvinistiese koördinasie van die sorgaktiwiteite van maatskaplike sorginstansies is die koninkryk van God, wat 'n organiese gemeenskap, die liggaam van Christus[54] is met bepaalde organe met spesifieke funksies wat eskatologies afgestem is.

Die begrip <u>eskatologie</u> staan in verband met die leer van die laaste

---

54. Met die koninkryk van God of die liggaam van Christus word die universele kerk bedoel, en dit moet nie met die geïnstitueerde kerk verwar word nie vgl. uiteensetting op p. 76 van hierdie verhandeling. Vgl. ook Spier, J.M.: <u>Inleiding</u>; Geesink: <u>Gereformeerde ethiek</u>, p. 423, e.a. werke reeds aan die begin van hierdie hoofstuk aangehaal; vgl. ook hoofstuk III.

dinge[55]. Dit word gewoonlik gebruik in die sin van 'n verwagting in verband met die toekomstige einde van alle dinge en die daaropvolgende hiernamaals. Dit raak dus die wesenlike sin en uiteindelike doel van alle kultuurarbeid, waarvan maatskaplike sorgkoördinasie 'n bepaalde onderdeel is. Alle Calvinisties-Christelike maatskaplike sorgkoördinasie moet dus eskatologies afgestem wees.

Eskatologie word deur F.L. Polak[56] as volg omskrywe: „Die vorm van theodicee, welke het historisch gebeuren als heilsgebeuren doet afrollen volgens voorbestemd, noodwendig te verwezenlijken Plan der Voorzienigheid, tussen de schepping als oerbegin en de verlossing als voleinding, die is wonderbare herschepping door God van deze wêreld, na het oordeel ten laatsten dage, tot een gans andere wêreld, niet meer van deze tijd, doch definitieve terugkeer of inkeer tot de heilige en hemelse oorsprong: het eeuwige Koninkrijk Gods".

---

55. Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, dl. 2, p. 633; vgl. ook Polak, prof.dr. F.L.: De toekomst is verleden tijd; Utrecht, W. de Haan, 1950, p. 319.

56. Polak: a.w., p. 319.

# HOOFSTUK III.

## INSTANSIES EN ORGANE BETROKKE BY MAATSKAPLIKE SORGKOÖRDINASIE.

Alvorens koördinasie in die ware sin van die woord moontlik is, moet die regte verhouding tussen die verskillende sorginstansies wees die van gelykwaardigheid en neweskikking.

Vervolgens word daar kortliks stilgestaan by die primêre roeping en funksie van die verskillende sorginstansies intiem betrokke by die koördinasievraagstuk in die maatskaplike sorg. Omdat juis die vraag watter rol die staat in hierdie proses moet speel, tot probleem ontwikkel het, word daar in die aanduiding van die hooftrekke breedvoeriger by die taak van die staat stilgestaan.

### 1. DIE GEÏNSTITUEERDE KERK.

Die geïnstitueerde kerk as selfstandige samelewingsverband en goddelike instelling staan ook midde-in die brandpunt van die vraagstuk van koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite. Die geïnstitueerde kerk het 'n spesifieke roeping en taak in die maatskappy, wat 'n karakteristieke wyse van sorgsaam besig wees met mense-in-samelewing meebring.

Die geïnstitueerde kerk word van die onderskeie partikuliere instellinge onderskei deur sy kenmerkende karakter, wat deur sy goddelike oorsprong bepaal word[1]. Om die wese van die kerk te verstaan moet duidelik onderskei word tussen die universele kerk of die liggaam van Christus - ook genoem die koninkryk van God-, enersyds, en die geïnstitueerde kerk, wat net soos die Christelike huisgesin, die Christelike partikuliere

---

1. Van Bilsen, prof.dr. B.e.a.: Kerk en staat, t.a.p., p.5; vgl. ook Van Rooy „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p.; Taljaard: Lewens en wêreldbeskouing dl. B, p. 14; Nederlandse geloofsbelydenis, art. 27.
Dr. R. van Dijk omskryf die begrip kerk soos volg: „..... het op de eis der Goddelijke Woordopenbaring gegronde geloofs- en culteverband van Christgelovigen in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde", in Mens en medemens, Wageningen, Zomer en Keunings; p. 115; kyk ook Duvenage: Kerk, volk en jeug, dl. I.

organisasies en die Christelike staat 'n selfstandige tydelike vergestalting van die liggaam van Christus of die koninkryk van God is[2].

Die universele kerk is die religieuse wortelgemeenskap van die herbore mensheid en dra dus wesenlik 'n organiese gemeenskapskarakter. Dit is die enigste werklike gemeenskap wat daar kan bestaan[3]. Hierdie organiese gemeenskapskarakter van die universele kerk werk deur in elke onderskeie selfstandige newegeskikte en gelykwaardige institutêre tydelike vergestalting daarvan, naamlik in die geïnstitueerde kerk, die Christelike huisgesin, Christelike partikuliere organisasies, Christelike staat ens., elkeen soewerein in eie kring met 'n eie spesifieke en beperkte bestemmingsfunksie.

Almal saam staan egter onder leiding van die universele en totalitêr opeisende geloofsfunksie van die universele kerk.

Hierdie universele deurwerking van die gemeenskapskarakter van die universele kerk vorm die grondslag van die koördinerende werking van die beginsels van universaliteit in eie kring, soewereiniteit in eie kring, enkapsis en van gesag en vryheid soos hierbo uiteengesit.

Hierteenoor is die geïnstitueerde kerk, naas al die ander lewensverbande, slegs een van die tydelike vergestaltingsvorme van die universele kerk-gelykwaardig met en newegeskik aan al die ander maar soewerein in eie kring en met sy eie bestemmingsfunksie, wat vir die geïnstitueerde kerk 'n eie en unieke sorgfunksie in die koninkryk van God meebring.
Die sorgfunksie van die geïnstitueerde kerk kan saamgevat word met die woorde: bediening van die versoening met God die Vader in en deur die soenverdienste van sy Seun Jesus Christus deur die kragtige werking van die Heilige Gees, wat die wonder van die wedergeboorte en die inlywing van die indiwiduele gelowige in die universele kerk, dit wil sê die organiese gemeenskap van die liggaam van Christus, bewerk. Die bediening van die versoening bestaan uit die bediening van die Woord en die sakramente deur die predikant, die bediening van die regering van

---

2. Vgl. Spier, J.M.: Inleiding; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning; Venter: „Ons roeping as Calvinistiese jeug" in Koers in ons J.V.-werk; Duvenage: Kerk, volk en jeug, dl. I, pp. 247, 285; vgl. ook Fourie, dr. J.J.: „Die verhouding tussen staat en kerk by Herman Dooyeweerd", dl. II, t.a.p., p. 188.

3. Vgl. o.a. Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij.

Christus deur die ouderling, die bediening van die barmhartigheid van Christus deur die diaken en die koninklike, profetiese en priesterlike getuienis van die individuele gelowige in sy amp as gelowige in die Calvinistiese kerke[4].

Die geïnstitueerde kerk van Jesus Christus het 'n besondere roeping ten opsigte van sy gelowige lidmate, die samelewing as geheel en die maatskaplike sorg in die besonder. Hierdie taak kom ten uitvoer deur die arbeid van geroepe ampsdraers in die kerk, wat ooreenkomstig Skriftuurlike ~~opdrag voorsorg,~~ sorg en nasorg aan die gelowige lidmate bedien[5]. Op hierdie wyse word hulle toegerus vir die lewenstaak of kultuurtaak om medearbeiders van God te wees op elke lewensakker met die een gemeenskaplike doel: die koninkryk van God. Dit gaan dus in die arbeid van die kerk om 'n baie spesifieke wyse van sorgsaam met mense besig wees om hulle ooreenkomstig Skrif en Belydenis die lewensnorme in te skerp waarvolgens hulle elke dag hulle lewe in diens van God moet stel. Hierdie wyse van sorg het dan tot gevolg die medeontstaan van 'n bepaalde kultuurpatroon[6].

Daar moet onderskei word tussen die besondere ampte en die algemene amp van die ~~gelowiges in die kerk.~~ Die besondere ampte, naamlik die van predikant, ouderling en diaken, is onderskeidelik die profetiese, koninklike en priesterlike ampte, en hulle fungeer slegs in die kerk as instituut. Die algemene amp van die gelowige beteken dat elke gelowige

---

4. Vgl. Sietsma, dr. K.: De ambtsgedachte; Amsterdam, S.J.P. Bakker, 1952; p. 90 e.v.; Duvenage: Kerk, volk en jeug, dl. I, p. 287; Fourie: „Die verhouding tussen staat en kerk by Herman Dooyeweerd", dl. II, t.a.p., p. 189.

5. Venter, C.N.: Professionele maatskaplike werk en sy verhouding tot pastorale werk; Van Bilsen e.a.: Kerk en staat, publicatie nr. 10 van die Nederlandse Gesprekcentrum ; Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p.; du Toit, prof.dr. H.D.A.: Olie op die wonde; Pretoria, N.G. Kerk-uitgewers, s. j.; p. 97; Zeeman, dr. M.T.S.: Die armesorgwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika; Bloemfontein, SACUM Bpk., 1957; p. 127.

6. Schilder: Christus en cultuur, p. 119. Die skrywer stel dit treffend soos volg: „Gezegend mijn verstandige wijkouderling die goed huisbezoek doet; een cultuur-kracht, al weet hij het waarschijnlik zelf niet".

lidmaat van die kerk as instituut deur die Heilige Gees kragtens die salwing van Christus ook tot profeet, koning en priester gesalf is.[7] Laasgenoemde, naamlik die amp van die gelowige, lê ten grondslag aan die kultuurarbeid en sorgfunksies van die onderskeie samelewingsverbande en met name ook aan die van die partikulier georganiseerde sorg waarop later ingegaan word.

Vooraf word eers kortliks aandag geskenk aan die pastorale sorgfunksies van die onderskeie besondere ampte in hulle gesamentlike bediening van die versoening.

a. <u>Die profetiese amp.</u>

Die leraar en herder van die gemeente het die roeping om in die leeramp as kategeet die gemeente te onderrig ooreenkomstig die eise van die Woord en belydenis. Deur die verkondiging van die Goddelike Woord tydens erediens, huisbesoek, doop, huwelik en ander geleenthede beoefen die leraar sorg in die gemeente onder leiding van die geloofsfunksie. Hierdie sorg dra 'n spesifieke karakter[8].

Dit berus naamlik op die instelling deur die Here Jesus Christus[9]. Dit is die taak van die leraar van die gemeente om die Woord van God onvervals te verkondig deur die gemeente te onderrig, vermaan, vertroos, en bestraf. Die rede waarom hierdie verkondiging moet geskied, is omdat die leraar geroepe is om die bediening van die versoening waar te neem[10] deur Woordverkondiging en bediening van die sakramente. Die leraar is ook mederegeerder in die gemeente saam met die ouderlinge. Die ampswerk van die leraar is dus om saam met die ouderlinge die geestelike versorg-

---

7. Heidelbergse Katigismis, Sondag XII.

8. Venter, C.N.: <u>Professionele maatskaplike werk en sy verhouding tot pastorale werk</u> , pp. 20, 21.

9. Efesiërs 4:11, 12: „..... dat die Here Christus gegee het sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus". Vergelyk ook Formulier vir die bevestiging van die dienaars van die Woord.

10. Vgl. 1 Tim. 5:17, 2 Tim. 2:15, Titus 1:19 en veral 2 Kor. 5:18-20 asook Venter, C.N.: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg", ongepubliseerde memorandum.

ing en leiding van en toesig oor die gemeente te behartig en om daarbenewens die Woord van God en die sakramente te bedien, sodat die gelowiges vir hulle dienswerk toegerus kan word[11].

b. Die koninklike amp.

Die bediening van die regering van Christus geskied deur die regeeramp of ouderlingamp. Die ouderling is geroep as opsigter van die kudde van Jesus Christus wat moet toesig hou oor die leer en lewenswandel van die lidmate van die kerk. Hulle hanteer die sleutelmag van die koninkryk van God, naamlik die tug.

Hierdie uitoefening van die regeeramp het 'n besonder kragtige uitwerking in die maatskaplike lewe. Hierdie krag word deur Venter[12] omskryf as metasosiale krag, omdat dit hier gaan om 'n boaardse werklikheid, naamlik die hantering van die sleutels van die koninkryk. Die koninklike of regeeramp hou in:

(1) toesig oor die gemeente om toe te sien dat elkeen hom in belydenis en wandel gedra soos dit betaam, om die wat hulle onstigtelik gedra, te vermaan en om soveel moontlik te verhoed dat die sakramente ontheilig word, en dit bring die hantering van die tug mee;

(2) raad en hulp aan die bedienaars van die Woord in alle sake wat die welstand en die goeie orde van die kerk aanbetref;

(3) toesig oor die lewe en wandel van die bedienaar van Woord en sakramente en oor die suiwere verkondiging van die Woord sodat die kudde teen die insypeling van dwaalleringe beskerm word[13].

c. Die priesterlike amp.

Die priesterlike bediening van die ontfermende versoening van Jesus Christus aan alle gelowiges en insonderheid aan die armes is die taak van die diakonie. Van die oorsprong en instelling van die diakenamp

---

11. Zeeman, dr. M.T.S.: Gaan dit goed met die N.G. Kerk?; Bloemfontein, Merino-drukkers en -uitgewers, 1958; Zeeman: Die armesorgwerk, p.129; Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 30 en 31; Wurth, dr. G.B.: Christelijke zielsorg; Kampen, J.H. Kok, 1955; p. 100; Schilder: Christus en cultuur, e.a.

12. Venter, C.N.: Professionele maatskaplike werk en sy verhouding tot pastorale werk .

13. Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 128; Zeeman: Gaan dit goed met die Ned. Geref. Kerk?, p. 13.

word in Hand. 6 verhaal[14]. Die amp van die diaken is tweeledig, naamlik:

(1) die insameling van die offergawes van gelowiges vir die armes, en

(2) die uitdeling van hierdie gawes aan die nooddruftiges en behoeftiges.

Hierdie versorging van diegene wat waarlik behoeftig is, het sowel 'n materiële as 'n geestelike aspek en raak beide armes en rykes[15]. Die diaken moet tydens sy insameling van die offergawes van die gelowiges dit by hulle inskerp dat dit wat hulle besit, gawes uit die hand van God is en dat hulle uit dankbaarheid vir sy troue sorg nou ook hulle besittings in sy diens moet wy. Dit gaan hier, benewens om blote insameling van die noodsaaklike middele, om die bybring van 'n bepaalde lewenshouding, naamlik 'n lewe wat uit dankbaarheid aan God gewy word[16]. Die diaken is by uitstek die „componist der gemeenschap"[17] in die koninkryk van God. Wanneer hierdie gawes, wat wesenlik goddelike gawes is, weer aan die behoeftiges uitgedeel word, het dit ten diepste ook ten doel om by hulle 'n lewenshouding van ware dankbaarheid te kweek. Dit is dan ook die taak van die diaken om tydens die oordeelkundige uitdeling van die gawes die armes met trooswoorde uit die Skrif te bemoedig. By die armes moet voortdurend die arbeidsaamheid, dankbaarheid onder voorspoed en geduld onder teenspoed ingeskerp word[18].

---

14. Formulier vir die bevestiging van ouderling en diakens; vgl. ook Du Toit: Olie op die wonde, p. 14; Botha dr. L.L.N.: Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika; Paarl, Paarlse Drukpers-mpy. (edms.) Bpk., 1956; p. 18; Zeeman: Die armesorgwerk; p. 98; kyk ook Von Meyenfeldt: De diaken als componist der gemeenschap.

15. Wurth: Christelijk zielsorg, p. 102; Venter, C.N.: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk; Du Toit: Olie op die wonde, p. 106.

16. Vergelyk Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, asook die hele derde deel „Oor die dankbaarheid".

17. Von Meyenfeldt: De diaken als componist der gemeenschap; Du Preez, ds. J.: „Christus ons groot diaken", Die Kerkbode, CXII, 8, 24 Febr.1960.

18. Bevestigingsformulier vir diakens; Venter, C.N.: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die diakenamp 'n unieke sorgtaak en -roeping het om te vervul en dat dit in hierdie versorging gaan om die bediening van die barmhartigheid van die groot Hoëpriester, Jesus Christus, wat gesterf het as 'n versoening vir ons sondes[19], ten einde weer die ware gemeenskap met God en die naaste te herstel en só sy koninkryk weer op te rig.

d. Die invloed van die geïnstitueerde kerk op die maatskaplike lewe.

As die geïnstitueerde kerk trou bly aan sy primêre roeping, naamlik die bediening van die versoening, wat ook inhou die verkondiging van Skrifbeginsels vir die Christelike optrede op elke lewensterrein, sal dit 'n verstrekkende invloed in die maatskaplike lewe uitoefen. Die grootste bydrae wat die kerk kan lewer tot die vernuwing van die maatskaplike lewe, is daarin geleë dat elke gelowige gevoed en versterk word in sy geloofslewe en in gehoorsaamheid aan God. Hierdie vernuwing moet plaasvind in die kerk as instituut en van daaruit in die ganse universele kerk[20].

In die breëre maatskaplike lewe is dit veral die amp van die gelowige wat soos 'n suurdeeg alle menslike en maatskaplike verhoudinge deur getuienisarbeid deursuur. Dit is vrug van die ampswerk van die besondere ampsdraers wat in hulle pastorale sorg die versoening bedien met betrekking tot die praktiese lewensindiensstelling van elke indiwiduele lidmaat[21]. Die deur die besondere ampte deeglik versorgde lidmate het met hulle toerusting deur die Heilige Gees 'n heilsame invloed op die maatskaplike

---

19. Wurth: Christelijke zielsorg, p. 102; Du Toit: Olie op die wonde, p. 52. Vgl. verder in verband met die diakonale barmhartigheidsdiens: Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p., asook Zeeman: Gaan dit goed met die N.G. Kerk? p.15, Von Meyenveldt: De diaken als componist der gemeenschap; Du Preez: „Christus ons groot diaken", t.a.p.

20. Visser 't Hooft, W.A.: „Man's disorder and God's design", t.a.p., p. 80. Vergelyk ook Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij; asook Smeenck: Christelijk-sociale beginselen; Schilder: Christus en cultuur, ens.

21. Vgl. Alons, ds. L.: „Levensbeschouwing en maatschappelijke werk", in Tijdschrift voor maatschappelijk werk; X, 19, 5 Nov. 1956; p. 297; Strauss, prof.dr. H.J.: „Kerklike verenigings 'n dereformatoriese koers", in Die Gereformeerde vaandel; XIX, 3, Junie 1951; p. 84.

lewe.

Die institutêre kerk kan derhalwe alleen aan sy wesenlike roeping beantwoord wanneer hy sy lidmate deur positiewe versorging tot 'n verantwoorde kulturele roepingsbewustheid mobiliseer[22]. Dit beteken nie dat dit tot die taak van die geïnstitueerde kerk behoort om daadwerklik tot die praktiese Christelike optrede op elke lewensterrein toe te tree nie. Dit is die taak van die georganiseerde Christelike partikuliere inisiatief.

## 2. GEORGANISEERDE PARTIKULIERE SORG.

Die algemene amp van die gelowige lê ten grondslag aan alle partikuliere georganiseerde sorg. Elke gelowige is kragtens sy salwing as priester, profeet en koning geroep om op elke lewensakker kultuurvormend te werk te gaan ooreenkomstig die norme en eise van die Christelike godsdiens. Die besondere ampte in die geïnstitueerde kerk rus die gelowiges toe vir hulle dienswerk in die koninkryk van God. Die gelowiges word dus deur die besondere ampte versorg met die doel om hulle ten volle toe te rus vir hulle dienswerk, dit is hulle kultuurtaak[23]. Deur die gemeenskaplike arbeid van medegelowiges kom 'n bepaalde kultuurpatroon, wat eskatologies afgestem is, dan tot stand. Dit gaan nie hier om bloot menslike, humanitêre of volksdiens nie maar bepaaldelik om 'n spesifieke wyse van lewensindienstelling binne elke histories gegroeide selfstandige samelewingsverband in die koninkryk van God.

Die gelowige het, benewens sy taak as koning, profeet en priester op die spesifieke institutêr kerklike gebied, ook 'n roeping om op die breëre lewensterreine ooreenkomstig sy salwing op te tree. Die gelowige moet dus sy amp vervul nie net in die kerk nie maar ook in die staat,

---

22. Vgl. Alons: „Levensbeschouwing en maatschappelijke werk", t.a.p. p. 299; Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p.; asook Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij; Duvenage: Kerk, volk en jeug, dl. I; Schilder: Christus en cultuur, p. 119; kyk ook voetnoot 6 van hierdie hoofstuk.

23. Vergelyk Schilder: Christus en cultuur, p. 54; Venter: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk, p. 37; Zeeman: Die armesorgwerk, pp. 274, 275; kyk ook Efesiërs 4:11-16.

huisgesin, skool, bedryf, vereniging, komitee en oral waar hy in die posisie gestel word om kragtens 'n bepaalde bestemmingsfunksie met 'n spesifieke kategorie van mense sorgsaam besig te wees[24]. Hierdie sorg geskied onder leiding van die universele en totalitêr opeisende geloofsfunksie.

Hierdie sorg word beoefen in uitvoering van die kultuuropdrag, naamlik om te heers oor die geskape natuur, en in die roeping om die sonde en die gevolge daarvan in die skepping te bestry en so medearbeider te wees in en aan die koninkryk van God.

Die gelowige moet as profeet die beginsels van die Skrif vir alle lewensterreine navors en bestudeer en dit dan uitdra.

As koning moet hy heers oor die skepping en die sonde daarin, en deur hierdie beheersingsarbeid moet hy die koningskap van Jesus Christus op alle lewensterreine erken en proklameer.

Verder moet hy as priester sy lewe offer of in diens stel van die eskatologiese ideaal, naamlik die koms van die ewige koninkryk van God[25].

Drie aan mekaar onafskeidelik verbonde wesensbegrippe wat aan alle georganiseerde partikuliere sorg ten grondslag lê, is dus amp, kultuur en gemeenskap.

Hierdie ampswerk is kultuurdaad en daardeur diens aan God. Dit is tegelyk horisontaal en vertikaal gerig[26]. Wanneer daar van georganiseerde sorg sprake is, beteken dit dat meer as een gelowige in hierdie kultuurarbeid betrokke is. Wanneer hierdie sorg volgens Skrifbeginsels geskied, bring dit mee die realisering van die geloofswerklikheid van die gemeenskap van die heiliges. Kultuur is altyd gemeenskapsdaad[27]. Dit word

---

24. Zeeman: Gaan dit goed met die N.G. Kerk?, p. 35; Strauss: Christelike Wetenskap.

25. Vgl. Romeine 12:1 „Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle julle liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens".

26. Venter: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg". Prof. J.C. van Rooy, daarenteen, sien die grondslag van georganiseerde partikuliere volksorg as die beginsel van organiese liefde wat slegs horisontaal in strekking is („Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", p. 48).

27. Heidelbergse Kategismus, Sondag 11; vgl. ook Schilder: Christus en cultuur, pp. 74, 75.

deur Schilder[28)] omskryf as die sistematiese strewe na die prosesmatige oorwinning van dit wat God toebehoort, en om die in die skepping gelegde kragte, vir sover dit binne sy bereik is, te ontdek en uit te bou elk na sy eie aard en om dit aan mens en samelewing diensbaar te maak in gebondenheid aan die norme van God se geopenbaarde waarheid. Dit hou verder in om dan die vrug van hierdie beheersingsarbeid hanteerbaar te maak vir die mens en dit ten slotte diensbaar te maak tot die eer van God.

Dit is dus hier die universele kerk of die liggaam van Christus wat op organiese, lewende wyse arbei ter uitbreiding van die koninkryk van God. Die hulpmiddele, finansieel en andersins, wat in die versorging gebruik word, is ook offergawes wat uit liefde geskenk word. Die getuienis wat hier gelewer word, is ook bediening van die versoening[29)].

Elke georganiseerde sorgstigting het 'n taak ten opsigte van een spesifieke aspek van die werklikheid. Hulle sorg dan vir 'n bepaalde kategorie van mense wat sorgbehoewend is. Hierdie versorging geskied ooreenkomstig die spesifieke kategoriese uitgangspunt en doelstelling van die sorginstansie onder leiding van die bestemmingsfunksie van die georganiseerde groep. Dit beteken dat die funksie van elke versorger ten opsigte van die te versorgde sal verskil. Dit is eng beperk en begrens deur die tipiese leidende funksie waarvoor die betrokke instansie oorspronklik in die lewe geroep is. Die metode van versorging kan nie in elke afsonderlike sorgsfeer dieselfde wees nie, aangesien dit die soewereiniteit in eie kring van elke afsonderlike sfeer loën. Wanneer dieselfde versorgingsmetode in elke selfstandige samelewingsverband van toepassing is, is daar sprake van universaliteit in alle kringe en dus van totalitarisme by een of ander tydelike samelewingsverband[30)].

---

28. A.w., p. 54.

29. Venter: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg"; vgl. ook Strauss: „Kerklike verenigings - 'n dereformatoriese koers ", t.a.p., p. 87, asook Efesiërs 4:11-16, veral verse 15 en 16.

30. Venter: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg"; vgl. ook Zeeman: Die armesorgwerk, p. 277; Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme in die hedendaagse volksorg", t.a.p.

Geen tydelike samelewingsverband mag universeel of totalitêr opeisend wees nie. Alleen die universele koninkryk van God mag totalitêr en universeel opeisend wees, en dit geskied onder leiding van die geloofsfunksie, wat ook leiding gee aan al die onderskeie leidende funksies van die onderskeie selfstandige, gelykwaardige en newegeskikte georganiseerde groepe en dit tot 'n sinvolle en prinsipieel samehangende eenheid koördineer tot een groot en uiteindelike bestemming: Soli Deo gloria!

Die hooftaak van sodanige Christelike aksie is die kerstening van die verskillende lewensuitinge op die onderskeie gebiede en die vorming en bewaring van die reeds gekerstende lewensgebiede[31].

Die versorging van die naaste in nood is dus nie slegs die taak van die institutêre kerk nie, maar dit is ook die roeping van die partikulier georganiseerde inisiatief op die grondslag van die Woord en Belydenisskrifte.

Gelykwaardig met en newegeskik aan die geïnstitueerde kerk en die onderskeie partikuliere instansies, elk met sy eie bestemmingsfunksie, het die Christelike staat ook 'n eie sorgroeping onder leiding van sy eie bestemmingsfunksie.

## 3. DIE STAAT.

Die woord staat is van Italiaanse oorsprong; dit verskyn in die vyftiende eeu in die Italiaanse politieke literatuur en het daar deur die geskrifte van Machiavelli tot algemeen aanvaarde term geword. Dit beteken: „toestand waarin die volk verkeer en wel die bestuurs en magsorganisasie van die volk"[32].

Daar bestaan 'n onderskeid tussen die begrippe owerheid en staat[33]. De Groot wys daarop dat die owerheid 'n spesifieke taak in die staat te

---

31. Strauss: „Kerklike verenigings - 'n dereformatoriese koers," t.a.p., p. 87.

32. Ponsioen , J.: De menselijke samenleving; Bussum Paul Brand, 1953; dl. I, p. 174.

33. Vgl. de Groot, dr. D.J.: De reformatie en de staatkunde; Franeker, T. Wever, Christelijk Nationale Biblioteek, 1955; pp. 118-119. Hoewel hierdie onderskeid erken word, sal die twee begrippe nogtans albei gebruik word in die sin waarin dit gangbaar is en algemeen gebesig word.

vervul het.

Die Christelijke encyclopaedie omskryf die staat soos volg: „Een volk onder eigen overheid, wonende op eigen grondgebied vormt een staat"[34]. 'n Owerheid kan egter bestaan sonder 'n bepaalde grondgebied. Uit die Skrif leer ons veral die begrip owerheid ken, in teenstelling met die begrip staat, wat stam vanuit die humanistiese natuurregleer.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, een van die grondslae van die Calvinistiese Protestantisme, leer dat God as gevolg van die verdorwenheid van die mensegeslag die owerheid daargestel het, omdat dit sy wil is dat die wêreld deur wette en regeringe geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met hierdie doel gee Hy die owerheid die swaard in die hand om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm[35].

Volgens die algemene en besondere genadeskema van dr. Abraham Kuyper pas die staat binne die raamwerk van die algemene genade („gemene gratie") en is dit ingevoer om die bittere gevolge van die sondeval te temper[36].

Ons verenig ons egter in 'n meerdere mate met die siening van die wysbegeerte van die wetsidee, wat uitgaan van die standpunt dat die staat, net soos alle ander lewensverbande, deel het aan die herskeppende en verlossende middelaarsarbeid van Christus. Dit behoort dus tot die in Christus herstelde wêreldorde en staan onder die regstreekse heerskappy van Jesus Christus[37].

a. Die wese van die staat.

Die staat is 'n institutêre samelewingsverband wat op 'n goddelike instelling berus en wat sy tipiese funderingsfunksie in die monopo-

---

34. Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 260 e.v.

35. Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 36; vergelyk ook Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, dl. V, p. 486 e.v.

36. Kuyper, dr. A.: Anti-Revolutionaire staatkunde; dl. I, Kampen, J.H. Kok, p. 98. Vergelyk ook Geesink: Gereformeerde ethiek, p. 381, asook Fourie: „Die verhouding tussen staat en kerk by Herman Dooyeweerd", dl. I, t.a.p., p. 154.

37. Spier, H.J., en Spier, J.M.: Wijsbegeerte en levenspractijk, pp. 94, 95.

listiese organisasie van die swaardmag oor 'n territoriaal begrensde kultuurgebied vind en sy bestemming in die reg[38].

Uit bostaande kernagtige omskrywing kan 'n aantal wesenselemente van die staat afgelei word, naamlik:

(1) dat die staat 'n goddelike instelling is wat nie op menslike willekeur berus nie en ook nie in ewolusionistiese sin uit die historiese ontwikkeling van die skepping tot stand gekom het nie;[39]

(2) dat die karakteristieke wesenselement van die staat die dwangmag van die swaard is en[40]

(3) dat die staat sy bestemmingsfunksie in die reg of in die juridiese sy van die werklikheid het[41].

Veral die laasgenoemde twee elemente is van wesensbelang in die bepaling van die spesifieke taak en roeping van die owerheid.

Die owerheid fungeer in die juridiese sy van die werklikheid op grond van die feit dat God dit met die dwangmag van die swaard toegerus het om die sonde en die gevolge daarvan in die skepping te bestry. Die staat het derhalwe ten doel om toe te sien dat reg en geregtigheid geskied. „De Staatsidee is uitvloeisel van het gebroken en zondig karakter, dat de menschelijke saamleving na den val moest aannemen. Ze moet en zal standhouden, zoolang deze zondige toestand voortduurt"[42].

Die staat funksioneer nou onder leiding van die juridiese of regsaspek en het primêr regsbedeling en regshandhawing tot taak. Volgens

---

38. Spier, J.M.: Inleiding, pp. 202, 206; vgl. ook Strauss: Christelike wetenskap, p. 33; Taljaard: Lewens-en wêreldbeskouing, dl. B, p. 70 e.v., Geesink.: Gereformeerde ethiek, p. 375.

39. Volgens die Christelijke encyclopaedie bestaan daar egter selfs onder Protestante verskillende menings in verband daarmee.

40. Dengerink: Critisch-historisch onderzoek, p. 119.

41. Vergelyk Spier, H.J., en Spier, J.M.: Wijsbegeerte en levenspractijk, p. 92; Geesink: Gereformeerde ethiek, p. 380; Taljaard: Lewens-en wêreldbeskouing, dl. B., pp. 11, 14; Spier J.M.: Inleiding, p. 206; Strauss: Christelike wetenskap, p. 33; Kuyper, dr. A.: Anti-Revolutionaire staatkunde, p. 97; Spier, J.M.: Inleiding, p. 202. Kyk ook Fourie, dr. J.: „Die verhouding tussen staat en kerk by Herman Dooyeweerd", t.a.p., p. 154.

42. Kuyper: Anti-Revolutionaire staatkunde, p. 97.

Spier[43] is die sin van die reg vergelding - dit is die ewewigtige harmonisering van 'n menigvuldigheid van belange wat hulle binne die landgrense laat geld. Dit gaan hier spesifiek oor juridiese belange.

Tot die wese van die owerheid — en dit is ook in 'n sekere sin waar van die staat — behoort die gedagte van gesag. Gesien vanuit Calvinistiese standpunt het ons hier met 'n spesifieke soort gesag te doen, naamlik gesag wat nie uit die volk of die onderdane opkom nie, maar ampsgesag waarmee die gesagsdraers van Godsweë beklee is. Die gedagte van gesag veronderstel:

(a) gesagsdraers en

(b) gesagsonderdane[44].

Laasgenoemde bring mee 'n verhouding nie van ondergeskiktheid nie maar van onderwerping en gehoorsaamheid. Die onderwerping aan die ampsdraers wat van Godsweë in elke sorginstansie en lewenskring, ook in die staat, met gesag beklee is, is 'n eis van die gereformeerde geloofsbelydenis[45].

Omdat die vraagstuk van koördinasie in hierdie verhandeling wesenlik die verhouding van staat tot partikuliere inisiatief raak, word die taak van die staat in die algemeen en die sorgtaak in die besonder breedvoeriger behandel.

b. <u>Funksie en taak van die staat.</u>

Die feit dat die wese van die staat en by name die wese van die owerheid in die beginsel van geregtigheid gegrondves is, gee aan die staat sy leidende bestemmingsfunksie en taak asook sy spesifieke funksies, waaronder sy spesifieke maar beperkte funksies ten opsigte van die koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite.

Die rigsnoer vir die algemene optrede van die staat is die handhawing van die regsorde binne sy territoriale grense in die menslike

---

43. Spier, J.M.: <u>Inleiding</u>, p. 202.

44. Vgl. Van Riessen: <u>De maatschappij der toekomst</u>; Wurth: <u>Het Christelijk leven in de maatschappij</u>; Van Dyk; <u>Mens tot medemens</u>; Geesink: <u>Gereformeerde ethiek</u>, p.380; Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XXXVI.

45. Oberholzer, prof.dr. C.K.: <u>Ons en ons kinders</u>; Pretoria, J.L. van Schaik, Bpk., 1957.

samelewing. Die staat tree derhalwe slegs op prinsipieel verantwoorde wyse op wanneer dit hom as regstaat vergestalt. Na aanleiding hiervan kan gekonstateer word dat die primêre taak van die owerheid regsbedeling binne alle kringe is[46]. Die staat het hierdie regsbedelende funksie (wat sowel 'n negatiewe as 'n positiewe aspek het) ten opsigte van elke samelewingsfeer en sorginstansie wat hom binne sy grense bevind.

Die reg waarvan hier sprake is, is nie die humanistiese natuurreg, wat die erkenning van sogenaamde natuurlike menseregte as uitvloeisel het nie, maar dit is reg na die Bybelse opvatting daarvan, dit wil sê reg waaraan goddelike geregtigheid ten grondslag lê[47].

Hierdie openbare regsbedeling word soos volg gekwalifiseer:

(1) dit is 'n regsbedeling wat hom nie inlaat met dit wat tot die inwendige reg van die kerk, gesin, bedryf of ander partikuliere instansies behoort nie. Die staatstaak bestaan derhalwe in 'n sekere mate van onthouding ten opsigte van elke spesifieke samelewingsvorm en gevolglik ook ten opsigte van die sorgaktiwiteite van maatskaplike sorgorganisasies, wat hulle elk ooreenkomstig eie uitgangspunt en doelstellings sorgsaam met mense-in-samelewing besig hou. Hierdie kwalifikasie is gebaseer op die beginsel van soewereiniteit in eie kring.

(2) Dit beteken verder 'n regsbedeling wat hom slegs met die verhouding tussen samelewingsvorme en persone inlaat vir sover hulle deur die betrokkenes daarom gevra word of daartoe geroep word deurdat hierdie verhoudinge dreig om in 'n ongeregtige rigting te ontwikkel. Die afsonderlike samelewingsvorme het immers elkeen 'n eie juridiese funksie maar onder leiding van hulle eie funderings- en bestemmingsfunksie. Die staat mag hom dus geensins met die handhawing van reg en orde binne die spesifieke lewenskringe en sorginstansies inlaat alvorens die wanorde in die bepaalde kring die rus en orde in die publieke regsgemeenskap

---

46. Mekkes, prof.dr. J.P.A.: „Christelijke politiek", in A.R.S., XXI, 9; Sept. 1951; p. 295; Berghuis, W.P.: „De taak der overheid", in A.R.S.; Jan. 1949; p. 4; vgl. ook Spier, H.J. en Spier J.M.: Wijsbegeerte en levenspractijk; p. 92.

47. Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij, p. 99.

bedreig nie.

Dit gaan in hierdie regsbedeling nie om interne regshandhawing binne elke afsonderlike sorginstansie nie maar om die handhawing en instandhouding van die algemene regsbelang.

Uit die voorgaande blyk dit dat daar 'n besonder noue verband bestaan tussen wanverhoudinge, wanorde en ongeregtigheid in die maatskaplike lewe. Gesien vanuit Calvinistiese standpunt is die enigste opheffing van die wanverhoudinge, die enigste herstel van orde moontlik wanneer daar met die geregtigheid van Jesus Christus rekening gehou word. Die staat moet dus in sy pogings tot die ewewigtige harmonisering van die onderskeie regsbelange binne die kader van die algemene regsbelang met hierdie onomstootlike feit terdeë rekening hou.

(3) 'n Derde kwalifikasie van die regsbedelende funksie van die staat is dat dit nie slegs seksionele belange moet dien nie maar die volksbelang in die algemeen[48)], dit wil sê in soverre dit nie met die belange van die koninkryk van God strydig is nie.

Positief gestel is die staatstaak dus die daarstelling, versekering, onderhouding en waarborg van 'n gesonde regsmilieu vir die konstruktiewe bloei en ontwikkeling van elke in eie kring soewereine samelewingsvorm en sorginstansie in die koninkryk van God en gegrond op sy geregtigheid. (Matth. 6:33).

Hierdie positief konstruktiewe handhawing van die gesonde regsmilieu moet die groeibodem wees van en die grondvoorwaarde vir spontane kulturele verskeidenheid en soewereiniteit en moet alle uniformiteit en kulturele stagnasie in die kiem smoor. Die spontane orde tussen samelewingsvorme moet nie deur middel van gestrenge burokratiese wetsdwang tot stand kom nie maar deur die skepping van 'n sfeer van spontane vryheid, waar die owerheid aan elke samelewingsinstansie ruimte laat om sy deur God opgelegde roeping en taak binne die grense van die algemene regsbedeling

---

48. Vgl. Mekkes, prof.dr. J.P.A.: „Christelijke politiek", t.a.p., p. 295; Berghuis, W.P.: „De taak der overheid", t.a.p.; Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p., p. 50.

ten uitvoer te bring[49].

As gevolg van die verwoestende gevolge van die sonde in die skepping en veral in die menslike samelewing het dit ook nodig geword dat die staat negatief met dwangmag moet optree om die sonde en die deurwerking daarvan in die menslike samelewing te stuit. Negatief gestel moet die staat met dwang en geweld alle simptome van onreg of wanorde wat die algemene belang raak, teengaan, sodat die samelewing op hierdie wyse beskerm kan word teen alle binnedringing van ongeregtigheid van buite of alle wanordelike oorskryding van interne regsbelange binne elke soewereine lewensfeer of sorginstansie[50].

Die owerheid of staat het dus onder andere tot taak om in alle lewenskringe waar die orde dreig om hand-uit te ruk en die reg van andere te verdring, in te gryp en die regte van sy burgers te beskerm of die orde te handhaaf[51].

## 4. DIE KOÖRDINERENDE FUNKSIE VAN DIE BETROKKE SORGINSTANSIES.

### a. Die koördinasievraagstuk en die institutêre kerk.

Die geïnstitueerde kerk het die taak van interne koördinasie van sy eie sorgaktiwiteite. Dit is opvallend dat wanneer die kerk prinsipieel suiwer deur sy ampte funksioneer, daar weinig behoefte bestaan aan oorkoepelende koördinerende organe wat die kerklike sorg van die onderskeie plaaslike gemeentes, en meerdere vergaderings, saamorden.

Die soewereiniteit in eie kring van die onderskeie ampte, waardeur die ampsarbeid van die een afgeperk en begrens word ten opsigte van die ander, bring 'n beperking en ordening van alle menslike gesag asook die ordening van die lewensverbande mee. Dit het ook tot gevolg die uitskakeling van die oorvleueling van bevoegdhede en versorging. Die ampte is gelyk in status, newegeskik en gelykwaardig en het elk sy onderskeie sorgtaak onder leiding van die geloofsfunksie.

---

49. Nisbett: The quest for community, pp. 270, 283.

50. Vgl. Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", p. 50; Berghuis: „De taak der overheid ", t.a.p., p. 4.

51. Berghuis, W.P.: „De taak der overheid", t.a.p., pp. 9, 13.

Organiese interne koördinasie van sorg in die Calvinistiese kerke kom tot stand deur die verwerkliking van die organiese beginsels van universaliteit in eie kring, soewereiniteit in eie kring, enkapsis en gesag en vryheid. Wanneer die kerk egter organisasies of verenigings stig om as gevolg van die deformasie van die ampte plaasvervangend die ampswerk te verrig, word hierdie beginsels kragteloos en word dit nodig om oor te gaan tot meganiese koördinasievorme waarin afbreuk gedoen word veral aan die beginsels van soewereiniteit in eie kring en van gesag en vryheid.

Wanneer elke amp sy Skriftuurlike taak reg vertolk, hou dit in dat die kerkraad of ouderlinge die regte posisie in die kerk sal inneem, so ook die diakonie en meerdere vergaderinge.

Aangesien die kerk hom nie op die terrein van die oplossing van konkrete maatskaplike node mag begeef nie, sal hy selde met die staatsorg of partikuliere sorg in botsing kom. Wanneer dit wel gebeur, moet daar gepoog word om sodanige botsings, oorvleueling en grensoorskryding op vreedsame wyse op te los deur onderlinge gesprek en oorlegpleging, wat gekenmerk moet word deur prinsipiële besinning oor die onderskeie funksies van elk van die betrokke sorginstansies. Dit gaan hier om funksieverdeling en nie terreinafbakening en gebiedverdeling nie.

Dit is opvallend dat die deformasie van die ampte onwillekeurig lei tot meganiese koördinasie van die kant van meerdere vergaderings en oorskryding op die terrein van die partikuliere organisasies meebring[52].

Die koördinasie van sorgaktiwiteite binne die raamwerk van die geïnstitueerde kerk kan slegs op organiese wyse tot stand kom wanneer daar van 'n juiste en Skriftuurlik prinsipiële uitgangspunt uitgegaan word ten opsigte van die sorgfunksie en -taak van die meerdere vergadering, plaaslike kerkraad en gemeente, besondere ampte en amp van die gelowige

---

52. Verg. Zeeman: Die armesorgwerk; Strauss: „Kerklike verenigings - 'n dereformatoriese koers", t.a.p., pp. 83-107. Zeeman en H.J. Strauss wys in hierdie verband op die gevaar van die tendens by die Christelik maatskaplike rade en rings- en sinodale armesorgkommissies in die N.G.-Kerk. Vgl. verder Venter: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg"; Du Toit,: Olie op die wonde, p. 115; Zeeman: Gaan dit goed met die N.G. Kerk?, pp. 21-25.

in die algemeen.

Wat die eksterne koördinasie van kerksorg met die sorg van ander selfstandige samelewingsverbande betref, geld dieselfde basiese beginsels. Die geïnstitueerde kerk staan as tydelike institutêre samelewingsverband naas alle ander gelykwaardige verbande, mag dus nie aan ander verbande voorskryf hoe hulle hulle sorgtaak moet verrig nie en mag ook nie self aan hierdie verskillende sorginstansies gesubordineer word nie[53]. Samewerking tussen die verskillende sorginstansies moet nie 'n meganiese vermenging meebring nie maar moet die beginsels van soewereiniteit in eie kring,universaliteit in eie kring, enkapsis en gesag en vryheid van die onderskeie kringe, elk met sy eie spesifieke sorgfunksie, soos bepaal deur sowel sy funderings- as sy bestemmingsfunksie eerbiedig[54].

b. Die koördinasievraagstuk en georganiseerde partikuliere inisiatief.

Die primêre taak van elke onderskeie partikuliere sorginstansie is om koördinerend op te tree ten opsigte van die sorgaktiwiteite wat binne die bestek van sy bestemmingsfunksie val, dit wil sê interne koördinasie. Alle sorgaktiwiteite wat deur 'n bepaalde sorginstansie onderneem word in die verskillende lewensfasette waaraan hy deel het, moet deur die gesagsinstansies van die betrokke sorgsfere intern en ordelik gekoördineer word.

Uiteenlopende sorginstansies met verskillende sorgtake sal ideaaltipies en prinsipieel gesien nie nodig hê om hulle sorgaktiwiteite ekstern te koördineer nie, aangesien daar deur die skeppingsprinsipe van enkapsis 'n natuurlike organiese verstrengeling (met die behoud van eie kringsoewereiniteit) tot stand kom.

Die praktyk, wat van die sondebeginsel deursuur is, bewys egter telkens dat, hoewel verskillende sorginstansies prinsipieel verskillende

---

53. Du Toit: Olie op die wonde, p. 119; Taljaard: Lewens-en wêreldbeskouing, dl. B, p. 15; vgl. ook Fourie: „Die verhouding tussen kerk en staat by Herman Dooyeweerd", dl. II, t.a.p, p. 189.

54. Vgl. Berghuis, W.P.: „Samenwerken van overheid en particulieren" in A.R.S., XXV, 1, Januarie 1955.

sorgtake het om te vervul, daar nietemin allerlei leemtes, botsinge en oorvleuelinge plaasvind.

Hierdie probleme wat opduik, behoort op 'n vreedsame wyse geskik te word deur onderlinge raadpleging en oorlegpleging in 'n gesindheid van Christelike liefde en op 'n basis van samespreking. Nooit mag hierdie partikuliere sorginstansies 'n koördinerende liggaam in die lewe roep waarin hulle opgaan en sodoende hulle aardeie funksie verloën en hulle soewereiniteit verkrag nie. Wel mag hulle oorgaan tot die stigting van 'n koördinerende instansie waarby hulle mag affilieer as selfstandige, soewereine entiteite op 'n basis van neweskikking.

c. Die koördinasievraagstuk en die staat.

Dit word vandag feitlik algemeen aanvaar dat die staat as die territoriaal omvattende samelewingsverband ook tot taak het om die werksaamhede van die verskillende lewensfere wat hulle op sy geografiese terrein bevind, saam te snoer en in een geheel te koördineer.

Daar is in die juridiese funksie van die staat 'n groot mate van ordening, reëling en koördinasie inbegrepe. Die harmoniese reëling van die onderskeie regsbelange binne die staatsgrense het 'n sekere koördinerende aspek. Wanneer die staatstaak suiwer ten uitvoer gebring word, sal daar egter nie sprake wees van 'n krampagtige ge-„plan"-de ordening van verhoudinge nie maar sal as gevolg van die realisering van die Skrifbeginsels wat aan organiese koördinasie ten grondslag lê, 'n groot mate van samehang en ordelike verskeidenheid tot stand kom.

Talle skrywers gaan van die standpunt uit dat dit wesenlik tot staatstaak behoort om koördinerend en daarby inbegrepe ordenend op te tree ten opsigte van die onderlinge verhoudinge tussen lewenskringe en gevolglik ook ten opsigte van die werksaamhede van sorginstansies[55].

Kuin wys daarop dat die verskynsel van ordening nie summier met

---

55. Polak, prof.dr. F.L.: Om het behoud van ons bestaan; Leiden, H.E. Stenfert, Kroese's Uitgeversmaatschappij; Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p., p. 51; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 63; Polet, G.H.: „De staatstaak bij Goddelijke ordinantie", in A.R.S., XXV, 9 , Sept. 1955, p. 268; Kuin; Ordening als maatschappelijke verschijnsel.

owerheidsbemoeiing vereenselwig moet word nie[56]. Die gereformeerde skrywer W. Geesink[57] gaan ook van die standpunt uit dat dit tot die staatstaak behoort om die sosiale of maatskaplike lewe van die volk te orden. Hy kwalifiseer hierdie ordenende funksie egter soos volg: „Deze schikking of ordening is de rechtsorde, het door de overheid gestelde of objectieve recht, dat ze tegenover de weerstrevenden heeft te handhaven en waarvan het naaste doel is aan ieder het zijne te verzekeren". Die orde waarvan hier sprake is, is volgens hierdie skrywer, 'n middel waardeur 'n deel van God se sedelike wêreldorde, van God se wet en van God se regsorde gehandhaaf word. Die realisering van die laasgenoemde orde op die basis van die uitlewing van Skrifbeginsels verskil egter radikaal van die meganiese, geplande orde wat alleen deur die dwangmag van die staat tot stand kan kom.

Samevattend gestel blyk dit dus dat die owerheid ook 'n taak het ten opsigte van die koördinasie van die onderlinge betrekkinge van die samelewingskringe wat hulle binne die staatsgrense bevind. Hierdie koördinerende taak is egter begrens, ingeperk en ten nouste gebonde aan die leidende juridiese bestemmingsfunksie van die staat. Dit is die owerheidstaak om orde op sake te stel in sy eie nasionale lewenskring, dit wil sê om sy eie gebied te orden en daarin regsbedelend op te tree[58].

Van Riessen opponeer lynreg die stelling van Kuin, naamlik dat dit tot owerheidstaak behoort om die lewe te lei en te orden[59].

Die uitoefening van die ordenende en koördinerende funksie van die owerheid as aspek van sy regsfunksie mag slegs in die grenssituasie geskied. Die owerheid mag uitsluitend ter instandhouding van die publieke regsgemeenskap, ter beskerming van regsbelange, ter handhawing van die regsorde optree. Wanneer dit so hand-uit ruk dat die algemene

---

56. Kuin, a.w., p. 27.

57. Geesink: Gereformeerde ethiek, p. 396.

58. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, pp. 93, 230.

59. Ibid., p. 93, en Kuin: Ordening als maatschappelijke verschijnsel, p. 46.

belang daardeur geskaad word[60], mag die owerheid regsbedelend ingryp. Hierby moet egter in aanmerking geneem word dat „algemene belang" 'n baie relatiewe begrip is wat wissel namate die heersende geestesstrominge wissel[61].

Baie kernagtig stel Van Riessen[62] die staatstaak soos volg: „Het is niet haar taak, de samenleving in al haar verscheidenheid te harmoniseren. Zij is geen dirigent. Zij heeft evenmin de plicht het verkeer der levenskringen te regelen. Haar taak is die ontsporing te corrigeren, misstanden weg te nemen, het zwakke te beschermen".

Die kernprobleem by die bepaling van die taak van die owerheid — ook ten opsigte van die koördinasie van sorgaktiwiteite deur verskillende sorginstansies — is dus wat die grens van owerheidsbemoeiing in die verskillende lewenskringe behoort te wees.

Geesink[63] is in hierdie verband van mening dat die owerheidsgesag deur verskillende ander relasies beperk is, te wete:

(1) die onmiddellike verhouding van die mens tot God,

(2) die soewereiniteit in eie kring van die ander selfstandige lewensverbande.

Die probleem van die bepaling van 'n grens vir owerheidsbemoeiing hang ten nouste saam met die maatskappybeskouing wat gehuldig word. As die staat gesien word as die toporgaan van die maatskappy en die ander samelewingsfere as onselfstandige dele van die groot staatsgeheel, beteken dit dat elke samelewingskring en elke sorginstansie in die maatskaplike lewe dieselfde doel en funksie as die staat het en dat hulle derhalwe gerieflikheidshalwe onder die staat ingeskakel kan word.

Op hierdie wyse mag die staat egter nooit gesien word nie. Dit sou 'n oorheersing wees van die een gelykwaardige verband oor al die

---

60. Van Riessen: a.w., p. 93; Berghuis, W.P.: „De taak der overheid", t.a.p., p. 12; Van der Kooy: Op het grensgebied, p. 121.

61. Kuin: Ordening als maatschappelijke verschijnsel, p. 46; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 51, e.v.

62. De maatschappij der toekomst, p. 229.

63. Geesink: Gereformeerde ethiek, pp. 384, 390.

ander gelykwaardige verbande; dit sou 'n skending wees van die beginsel van soewereiniteit in eie kring[64].

Die owerheidstaak binne die raamwerk van die histories ontwikkelde staatsgedagte is dus baie beperk. Wanneer daar kortliks gelet word op die natuurlike faktore wat 'n begrensing van die staatstaak en daarmee gepaard die noodsaak tot terughoudendheid meebring, blyk die volgende:

(a) Kragtens die wese van die staat vind die staatstaak sy bestemming in die reg, en dit hou alreeds 'n versmalling van die staatstaak in.

(b) Die beginsel van soewereiniteit in eie kring nie slegs van die staat as sodanig nie maar ook van die onderskeie „owerhede" in die ryk gevarieerde en geskakeerde samelewing bring ook 'n natuurlike begrensing van die staatstaak mee.

(c) Die beginsels van gesag en vryheid hou in dat die owerheid, wat met ampsgesag beklee is, dit wil sê gesag wat 'n spesifieke geroepenheid veronderstel, in die uitoefening van sy regstaak daarna sal strewe om so 'n groot moontlike mate van vryheid daar te stel vir die selfstandige en verantwoorde optrede van die ander gesagsliggame binne sy regsgebied. 'n Fyn balans en ewewig tussen gesag en vryheid is noodsaaklik om burokrasie of anargie te voorkom.

(d) Uit die aard van die saak kan die owerheid nie bloot deur die maatstaf van doelmatigheid gelei word nie. Dikwels is die praktiese uitweg, gelei deur die eise van die praktyk, juis <u>die</u> weg wat geleidelik tot vermeerderde staatsverantwoordelikheid en totalitarisme lei. Die enigste maatstaf en norm vir owerheidsoptrede is die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte. Die prinsipiële riglyne wat hieruit afgelei word, bied die enigste positiewe aanduiding van die grens van die owerheidstaak en owerheidsbemoeiing. Dus ook die siening van die grens van die owerheidstaak moet gesien word binne die raamwerk van die ganse maatskappybeskouing.

---

64. Dengerink: <u>Kritisch-historisch onderzoek</u>, p. 118; Taljaard, <u>Lewens-en wêreldbeskouingsleer</u>, dl. B., pp. 11, 14.

Dit blyk dus dat owerheidsingrype in die maatskaplike lewe altyd gesien moet word as 'n droewe noodsaaklikheid. Wie dus die totalitarisme wil bestry, moet begin by die eerste manifestasies van grensoorskryding sonder dringende noodsaak en by die eerste simptoom van 'n totalitêre strewe onder leiding van die gemeenskapsideologie, by die omkering van die verhouding tussen gesag en vryheid en by die relativering van die selfstandigheid van die lewenskringe[65].

Wanneer daar gelet word op juis hoé beperk die staatstaak in werklikheid is, is dit te begrype dat die staat ten opsigte van die koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite 'n baie geringe of selfs geen rol behoort te speel nie. Uit die voorafgaande blyk feitlik geen grondige rede waarom die staat so diep ingrypend koördinerend te werk moet gaan ten opsigte van die verskillende aan hom gelykwaardige en newegeskikte sorgaktiwiteite van maatskaplike instansies nie. Die staat wat in al die modaliteite van die geskape werklikheid funksioneer, het 'n juridiese sorgtaak om in die menslike samelewing te verrig, terwyl die ander sorginstansies ooreenkomstig hulle basiese uitgangspunt, metode en doelstelling onder leiding van hulle bestemmingsfunksie hulle sorgtaak in die menslike samelewing verrig. Die staat het verder ook tot taak die koördinasie van sorgaktiwiteite onder leiding van sy tipiese leidende bestemmingsfunksie. Hierdie sorgaktiwiteite staan naas mekaar en word in 'n groot mate reeds gekoördineer deur die beginsel van enkapsis en universaliteit in eie kring. Die staat kan derhalwe die koördinerende aspek van sy regstaak verrig bloot in die uitvoering van sy roetineregstaak. Buitengewone koördinerende maatreëls moet slegs in buitengewone krisistoestande tydelik van toepassing wees.

Die staat het nie sy bestaansrede in homself nie dog is slegs

---

65. Vgl. Berghuis, W.P.: „De taak der overheid", in t.a.p., pp. 1-11; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, pp. 80, 192; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst; Mekkes: „Christelijke politiek", ter aangehaalde plaatse ; p. 297; Spier, H.J. en Spier, J.M.: Wijsbegeerte en levenspractijk, pp. 94, 95; Dengerink: Critisch-historisch onderzoek, p. 141; Venter: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg;" Du Toit: Olie op die wonde, p. 120.

middel ter voorbereiding van die koms van die koninkryk van God en in soverre die Christelike staat 'n tydelike vergestalting van die liggaam van Christus is.

5. DIE VERHOUDING TUSSEN DIE INSTITUTêRE KERK, DIE PARTIKULIER GEORGANISEERDE INISIATIEF EN DIE STAAT AS KOöRDINASIEVRAAGSTUK.

Na die kort uiteensetting van die onderskeie take van en koördinasievraagstukke met betrekking tot die geïnstitueerde kerk, die partikuliere inisiatief en die staat blyk dit baie duidelik dat die begrensing van die taak van elke instansie ook ten opsigte van sy maatskaplike sorgroeping geleë is in sy aard-eie bestemmingsfunksie wat hy as goddelike instelling of histories gegroeide kultuurorgaan moet verrig.

Juis die funksie wat elke spesifieke sorginstansie het om te verrig en wat deur geen ander instansie sonder nadelige gevolge oorgeneem kan word nie, bring 'n natuürlike en ordelike grens tot stand wat vir elke ander sorgorganisasie sy terrein negatief afbaken. Die Calvinistiese uitgangspunt hou derhalwe prinsipieel in dat funksionele differensiasie as verdelingsbeginsel aangewend moet word en nie terrein- of gebiedsverdeling nie.

Na aanleiding van hierdie funksionele verdelingsbeginsel sal die verhouding tussen die onderskeie organe soos volg wees:

a. Die staat, wat die handhawing van die regsorde tot taak het, sal 'n beleid van onthouding ten opsigte van die kerk en partikuliere inisiatief moet volg om sodoende volkome reg aan die beginsel van soewereiniteit in eie kring te laat geskied. Wanneer die geïnstitueerde kerk egter in die uitoefening van sy taak sy grense oorskry en die algemene regsorde bedreig, moet die staat ordenend ingryp. Hierdie owerheidsingrype is slegs geregverdig wanneer die wanverhoudinge en wanorde van so 'n aard is dat dit die ordelike samelewing van mense versteur. Wanneer die geïnstitueerde kerk of enige ander instansie die funksies van 'n ander usurpeer, behoort die Christelike staat ook waarskuwend in te gryp.

Dit is dan staatstaak om die gesonde regsmilieu te verskaf vir die spontane ontplooiing van die onderskeie sorginstansies binne sy regsgebied. Die meer moderne opvatting hou 'n meer positiewe siening

van die staatstaak in, wat onder meer subsidie meebring. Ten opsigte van hierdie vraagstuk word gewys op die wesenlike gevaar wat hierdie beleid inhou, naamlik toenemende kontrole en ingrype van owerheidsweë en staatsabsolutisme asook 'n miskenning van die prinsipiële geroepenheid van elke kring tot 'n spesifieke taak. (Hierop word in 'n volgende afdeling breedvoerig ingegaan.)

Owerheidsingrype moet altyd streng in ooreenstemming wees met sy juridiese taak en moet sover moontlik die beginsel van soewereiniteit in eie kring eerbiedig.

Sowel Zeeman as Van Rooy en Greyling gaan van die standpunt uit dat dit wesenlik tot die staatstaak behoort om die sorgaktiwiteite binne die raamwerk van 'n algemene beleid te koördineer. Hierdie koördinasie is egter slegs geregverdig wanneer:

(1) terdeë rekening gehou word met die soewereiniteit in eie kring van die afsonderlike samelewingsverbande;

(2) die staat net ingryp wanneer dit absoluut nodig is, dit wil sê wanneer die wanverhoudinge sulke afmetings aanneem dat die algemene regsorde versteur word en

(3) die beginsels van gesag en vryheid nie daaronder ly nie.

Dit bly nog 'n ope vraag of die staat wel nog koördinerend sal optree as daar met laasgenoemde drie voorbehoude rekening gehou word.

b. Die geïnstitueerde kerk, wat onder leiding van die geloofsfunksie fungeer, het tot primêre taak Woordverkondiging. Die kerk moet deur die uitvoering van hierdie taak die prinsipiële riglyne aandui vir die optrede van die verskillende lewenskringe ten opsigte van probleme in die maatskaplike lewe, maar nooit mag hy hom op die verskillende terreine begewe om self die vraagstukke op te los nie[66].

Die institutêre kerk moet, benewens sy sorgtaak aan sy eie lidmate,

66. Van Rooy: „Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg", t.a.p.

ook op breëre maatskaplike terrein getuienis lewer, onder andere ook oor die korrekte verhouding tussen samelewingsverbande. Wanneer die staat hom aan ongeregverdigde ingrype skuldig maak, moet die institutêre kerk baie duidelik sy getuienis laat hoor; so ook wanneer die staat of enige ander samelewingsverband sy plig versuim. Dit hoort nie tot die taak van die geïnstitueerde kerk om allerlei verenigings onder sy vleuels op te rig met die doel om die ganse maatskaplike lewe onder sy jurisdiksie te verkry nie; inteendeel, hierdie tendens tot verkerkliking bewerk deformasie in die geïnstitueerde kerk, verswak die institutêre kerk se invloedsfeer, deurdat dit die amp van die gelowige lam lê, en dit lei tot 'n sondige aksentverlegging in die koninkryk van God.

Dit is opvallend dat juis in 'n tyd waarin die institutêre kerklike lewe in verval verkeer, staatsabsolutisme aan die orde van die dag is. Die geïnstitueerde kerk verkondig nie meer die Skriftuurlik prinsipiële riglyne vir staatsoptrede nie.

c. Wat die verhouding van die partikuliere inisiatief tot die ander samelewingsverbande betref, is die hoofvereiste dat hulle hulle spesifieke aard-eie funksie op 'n selfstandige en verantwoorde wyse ten uitvoer sal bring. Dit wil sê dat hulle nie weens gebrek aan ondernemingsgees en roepingsbewustheid gerieflikheidshalwe onder die vleuels van die grotere institutêre kerk of staat sal wil inskuif en sodoende hulle wesenlike funksie prysgee nie. Hulle mag verder ook nie die taak van die institutêre kerk of staat of huisgesin wil oorneem, soos byvoorbeeld deur 'n sendingvereniging te stig en sodoende die eiesoortige taak van die geïnstitueerde kerk oor te neem nie. Wat die onderlinge verhouding van die onderskeie sorgsfere betref, moet 'n verhouding van newegeskiktheid en gelykwaardigheid heers. Koördinasie van aktiwiteite tussen organe onderling moet streng rekening hou met gelyksoortigheid van funksies. Organe met verskillende funksies en verskillende uitgangspunte en doelstellings kan nie onder een noemer gekoördineer word nie.

## 6. <u>SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.</u>

a. Die lewens- en wêreldbeskouing of religie wat die hart van die mens verower, bepaal wat sy mens- en maatskappybeskouing sal wees. Die maatskappybeskouing wat gehuldig word, bepaal weer

op sy beurt wat die taak sal wees wat die mens aan bepaalde verbande in die menslike samelewing sal toeskryf. Hierdie opvatting van die funksie en taak van die verskillende menslike samelewingsverbande bepaal weer wat die opvatting van hulle koördinerende taak sal wees. Die koördinasie-vraagstuk, is derhalwe ook 'n religieuse vraagstuk, omdat die heersende geestesstrominge wat uitvloeisel van bepaalde religieuse oortuiginge van die mens is, bepaal watter plek en taak aan die verskillende menslike samelewingsverbande ten opsigte van die vraagstuk van koördinasie toegeskryf sal word. In die koördinasievraagstuk gaan dit dus onder meer om die hele vraagstuk van orde as onderdeel van kultuurvorming en die plek en taak wat in die proses van die daarstelling van hierdie orde aan die onderskeie samelewingsverbande toegeken word.

b. In die onderlinge verhouding tussen die verskillende instansies en organe wat met die koördinasievraagstuk gemoeid is, is daar bepaalde kardinale skeppingsbeginsels wat geëerbiedig en gehandhaaf moet word en wat die funksie van elk van die instansies ordelik begrens en aan bande lê.

Die koördinasievraagstuk is ook 'n kultuurvraagstuk, omdat dit in hierdie vraagstuk gaan om die wyse waarop mense in georganiseerde verband in gehoorsaamheid aan die deur God gegewe skeppingsbeginsels hulle prinsipiële sorgtaak ooreenkomstig die norme van die Skrif, uitvoer.

c. Die taak van die geïnstitueerde kerk, staat en die partikulier georganiseerde inisiatief is bepaal deur die bestemmings- en funderingsfunksie van die onderskeie verbande. Die interne koördinasie van alle sorgaktiwiteite wat elkeen van hierdie lewensverbande ten uitvoer moet bring, is die voor die hand liggende taak van die gesagsinstansie in daardie verband. Eksterne koördinasie, daarenteen, moet tot stand gebring word deur onderlinge oorlegpleging en samespreking op 'n basis van newegeskiktheid. Wanneer eksterne

koördinasie van sorgaktiwiteite noodsaaklik word, beteken dit nie vanselfsprekend dat dit die taak van die staat is om in te gryp nie. Staatsingrype is alleen geregverdig wanneer die onderlinge wanverhoudinge dreig om so ongeregtig te ontwikkel dat die algemene regsorde, waarvoor die staat verantwoordelik is, daardeur geskaad sal word.

d. Koördinasie op 'n meganiese, oorkoepelende wyse is slegs geoorloof tydens krisissituasies en wel dan as tydelike noodmaatreël. Een lewensverband mag dus ook slegs <u>tydelik</u> die funksie van 'n ander oorneem. Wanneer dit blyk dat dit noodsaaklik geword het om 'n tydelike koördinerende instansie in die lewe te roep, moet die liggame wat daartoe oorgaan, toesien dat die belange van byvoorbeeld minderheidsgroepe ten volle beskerm is. Om hierdie rede moet die koördinasie op grond van gelyke funksies geskied, soos byvoorbeeld in die geval van die F.A.K., wat die werk van kulturele volksorganisasies koördineer, omdat hulle arbeid op die verskillende lewensterreine onder leiding van die beginsel van die bewaring en uitbou van die volkskultuur geskied.

e. Wanneer elke selfstandige samelewingsverband sy aard-eie funksie uitvoer en rekening hou met die grondleggende beginsels van organiese koördinasie, naamlik soewereiniteit in eie kring, universaliteit in eie kring, enkapsis en gesag en vryheid, sal 'n groot mate van natuurlike orde en vervlegting tot stand kom. Slegs koördinasie wat met hierdie beginsels rekening hou, is vir die Calvinis aanvaarbaar. Dit bring verder mee dat wanneer daar 'n verdelingsbeginsel vir die arbeid van die verskillende organe geformuleer moet word, dit nie uit die praktyk of die histories ontwikkelde empiriese situasie afgelei moet word nie, aangesien slegs die Skrif en die Belydenis normatief mag wees in hierdie kultuurarbeid in en aan die koninkryk van God.

# AFDELING B.

## MODERNE KOÖRDINASIETENDENSE.

# HOOFSTUK IV.

## DIE HUIDIGE KRISISTYD EN DIE MEGANIESE KOÖRDINASIEBEGINSEL.

### 1. HISTORIESE AGTERGROND.

Moderne meganiese koördinasiemetodes is grotendeels vrug van die huidige tydsomstandighede, geestesstrominge, kultuurpatroon en die faktore wat tot die ontstaan van hierdie kultuurpatroon aanleiding gegee het. Juis omdat belangrike verskuiwings hulle gedurende die afgelope dekades op hierdie gebied voltrek het, is nadere ondersoek van die agtergrond en groeibodem van die verskynsel geregverdig.

#### a. Die ontkerstening.

Die huidige tyd word deur talle skrywers gesien as die oorgang of verskuiwing na 'n ander, geheel nuwe era. Daar word gewys op die opkoms van 'n sogenaamde derde geslag, wat, in onderskeiding van die vorige, nog lewende twee geslagte, 'n geheel nuwe lewenshouding geopenbaar het, 'n lewenshouding wat gekenmerk word deur die kreet van Nietzche: „God is dood!"[1] Die mensheid beleef tans 'n oorgangsfase van een gevestigde, tradisionele kultuurpatroon na 'n nuwe, nog nie duidelik omlynde, kultuurpatroon[2]. Fundamenteel kan hierdie nuwe kultuurpatroon teruggevoer word na die proses van sekularisasie en verwêreldliking, soos dit reeds voor die Renaissance in werking was[3].

---

1. van Veldhuizen, G.: De kerk aan de zelfkant; Den Haag, J.N. Voorhoewe; p.10; Bouman, P.J.: „Jeugd", in Wending; spes.nr., Augustus-September 1955; Van Ryssen: Die messias uit die aarde; p. 34; Schilder: De openbaring van Johannes en het sociale leven; Couwenburg, dr. S.W.: De vereenzaming van de moderne mens; 3de druk; 's-Gravenhage, PAX, 1958.

2. Venter: „Maatskaplike werk en die keerpunt van die Westerse kultuur", t.a.p.; Venter, J.J.: Die huidige krisis in die menslike samelewing; ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.; pp. 86, 87, 95.

3. Vgl.: Couwenburg: De vereenzaming van de moderne mens; Nisbett: The quest for community; Polak: De toekomst is verleden tijd; Van Ryssen: Die messias uit die aarde; Venter: „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", t.a.p.; Wurth, dr. G.B.: Evangelieboodskap en wêreldkrisis; N.G. Kerkuitgewers, Kaapstad; pp. 3-17; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, pp. 107, 118, 135, 275; Du Toit: Olie op die wonde, pp. 12, 13; Couwenburg, dr. S.W.: De strijd tussen progressiviteit en conservatisme; 's-Gravenhage, Pax, 1959, p. 63; Venter, C.N.: „Die kultuurkrisis en die verbondsjeug", in Koers, XXVIII, 7 en 8, Jan.-Feb. 1961; kyk ook Venter: „Die kultuurtoestand van die Afrikaner", t.a.p.

Die sekularisasie wat reeds tydens die Middeleeue maar veral sedert die Renaissance duidelik na vore getree het, het vier kenmerkende verskynsels met hom meegebring, te wete:

(1) 'n Toenemende afvalligheid van God, sy Woord en die godsdiens asook 'n voortskrydende apatie en onverskilligheid teenoor alle transendente waardes;

(2) 'n daarmee gepaardgaande vestiging en verstewiging van die vertroue in menslike mag-kennis-wetenskap en organisatoriese vermoëns;

(3) 'n knaende eensaamheid, gegrondves in 'n skynbaar redelose angs;

(4) die opkoms van 'n ideologie waarin menslike gemeenskap, broederskap en kameraadskap tot 'n religieuse grootheid verhef word.

Hierdie oorgang word ook dikwels as 'n oorgang van die ou „Gemeinschaft" na die moderne „Gesellschaft" getipeer. Die gedagtegang van die meeste skrywers sentreer om die feit dat die ontwikkeling van die industrialisasie, verstedeliking, wetenskap en tegniek daartoe bygedra het dat die samelewingsverbande, wat deur 'n gemeenskapskarakter gekenmerk was, dit wil sê deur warm, medemenslike relasies, geleidelik plek gemaak het vir die „Gesellschaft"-verhouding, wat deur koel, onpersoonlike, saaklike verhoudings gekarakteriseer word[4].

In werklikheid het hier, as gevolg van die afvalligheid van God en sy Woord, onder die bekoring van menslike kunde, tegniek en prestasie, 'n wesenselement van die ou Christendomlike kultuurpatroon verlore geraak, naamlik die gemeenskapselement. Hierdie integrerende, bindende faktor wat nie slegs mens tot medemens nie maar ook samelewingsverbande organies aan mekaar verbind het, was religieus gefundeer op die ou tradision-

---

4. Van Dijk; Mens tot medemens, p. 39; vgl. ook Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij; p. 130; Kruijt, J.P.: „Hoe kan de Sociologie de kerk helpen?", in Banning, dr. W. e.a.: Sociologie en kerk, p. 54; Venter: „Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg"; Wurth, dr. G.B.: Mensbeschouwing en maatschappelijk werk; Kampen, J.H. Kok, 1957; p. 10; Ross, Murray G.: Community organization, theory and principles; New York, Harper and Brothers, 1955; Stulting: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies, p. 29 e.v.

ele lewenswaardes, onder leiding van die geloofsfunksie waarin God en sy Woord sentraal gestaan het. Gemeenskap, wat 'n religieuse begrip is en 'n vertikaal-horisontale gemeenskapsrelasie tussen God en die naaste veronderstel, kan slegs bloei in 'n geesteskliimaat waarin daar 'n intieme geloofs- en gemeenskapsverhouding tussen die mens en God bestaan[5]. Wanneer hierdie verhouding deur afvalligheid versteur word, tree daar vervreemding en vereensamende isolasie by die mens in.

As gevolg van afvalligheid van God en sy gebod het daar 'n leemte in die mens se lewe ontstaan. Sowel die gelowige as die ongelowige is geskape met 'n inherente drang tot gemeenskap met God. Die mens vind alleen rus wanneer hy deur die soendood van Jesus Christus met God die Vader versoen raak en die gemeenskapsverhouding tussen God en mens weer eens herstel word. Die sonde het hierdie verhouding, wat voor die sondeval bestaan het, verbreek, en nou woed daar 'n stryd in die menslike lewe tussen sy ingeskape drang na gemeenskap met God en sy natuurlike afkeer van God[6]. Dit is vanselfsprekend dat wanneer die mens nou God oorboord gooi, daar 'n diep en ernstige leemte in sy lewe ontstaan. Hierdie leemte in die menslike lewe manifesteer hom in die knaende en rustelose angs en eensaamheid wat uiteindelik op die nihilisme uitloop.

b. Die simptome van die krisistyd.

Met die verbysterende ontwikkeling van die wetenskap en tegniek en die daarmee gepaardgaande prosesse van verstedeliking, industrialisasie en outomatisasie het die mens aanvanklik nie hierdie leemte gevoel nie. Op subtiele wyse het hierdie ontwikkelinge sy oë verblind vir die werklikheid en almag van die ware God en het hy die skeppinge van sy eie hande tot afgod verhef.

---

5. Vergelyk Heidelbergse Kategismus, Sondag XXI, vraag en antwoord 55; 1 Johannes 1:3; Johannes 15:1-27; Fillipense 2:4-8; Wurth: Het Christelijk leven in de maatschappij, pp. 139-141; Wurth: Mensbeschouwing en maatschappelijk werk; p. 33.

6. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 33; Nisbett: The quest for community; Couwenburg: De vereenzaming van de moderne mens; Wurth: Evangelieboodskap en wêreldkrisis; vgl. ook die afdeling van die Heidelbergse Kategismus oor die mens se sonde en ellende asook ooreenstemmende gedeeltes in die Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse leerreëls.

Dit is opvallend dat die lewenskode of -norme waarvolgens die lewe van die moderne mens ingerig word, al hoe meer inhoudloos geword het. 'n Kenmerkende verskynsel van die huidige tyd is dan ook die nihilisme. Hierdie nihilisme bring Van Riessen[7] in verband met die wetteloosheid waarvan Paulus in II Thessalonicense 2 praat.

Hierdie nihilisme word herhaaldelik in die geskiedenis aangetref, dog met die verloop van tyd het dit hom in 'n meer radikale vorm begin openbaar. Tans kan daar vir die eerste keer van 'n bewus ingeslane nihilistiese rigting gespreek word en hierdie geesteshouding het selfs op die breë massas beslag gelê.

Die massamens het sy verskyning gemaak in die geskiedgebeure, en die hoofkenmerk van hierdie mens is dat hy nihilisties is. Hy glo nie meer aan die bestaan van 'n transendente werklikheid nie en aanvaar ook geen norme van transendente oorsprong as rigsnoer van sy lewe nie. Polak[8] merk dieselfde neiging op ten opsigte van die toekomsverwagting: „Deze, onze tijd is de eerste en enige sedert menseheugenis, die geen of, met vrijwel algemene weerklank, noch slechts negatiewe toekomsbeelden heeft opgebracht en geopenbaard. Alleen dat reeds is de wending van, de breuk in onze tijd".

Dit wil dus voorkom asof die huidige generasie geheel en al met die verlede gebreek het, asof daar 'n nuwe geslag opgestaan het wat geleidelik bewus vir hulleself 'n anti-Christelike, ateïstiese kultuurpatroon toegeëien het. Kenmerkend van die ou tradisionele fase was die „organiese" leefwyse. Lynreg daarteenoor staan die moderne burokratiese en meganies-rasioneel georganiseerde menslike samelewing.

Gesien teen hierdie stand van sake, naamlik die opkoms van 'n nihilistiese kultuur, waar geen objektiewe Christelike norme meer vir die persoonlike lewe of vir elke ander lewensterrein geld nie, word

---

7. Vgl.: De maatschappij der toekomst, p. 33; Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie. In hierdie werk word die ontstaan van die nihilisme teruggevoer na Rusland, waar dit as 'n rewolusionêre beweging in die negentiende eeu ontstaan. Sien ook: Nisbett: The quest for community; Couwenburg: De vereenzaming van de moderne mens.

8. Polak: De toekomst is verleden tijd, dl. II, p. 70.

daar kortliks aandag gegee aan die mees kenmerkende simptome van die huidige krisistyd en die metodes en vorme van maatskaplike sorgkoördinasie wat as gevolg hiervan uitgekristalliseer het.

Simptomaties van die krisistyd waarin ons ons bevind, is die oordrewe klem wat tans gelê word op die twee skynbaar teenstrydige stellings, naamlik, enersyds, die mens as enkeling en, andersyds, die mens as sosiale wese. Die twee aspekte word slegs in die regte perspektief gesien wanneer dit gesien word in die lig van die eskatologiese eindbestemming van die mens. Die feit dat die mens ten diepste religieuse wese is, bring mee dat hy in 'n vertikale verhouding tot God staan maar ook in 'n horisontale verhouding tot die medemens, wat gefundeer is in die vertikale dimensie van sy bestaan.

Juis omdat die huidige eeu by uitstek 'n gesekulariseerde tyd is, het hierdie kardinale feit van „gemeenskap" tot wesenlike probleem geword. Juis die gebrek en behoefte aan gemeenskap is die kenmerkende tema van die huidige tydsgewrig.

Nisbett[9] wys in sy werk „The quest for community" daarop dat die uitstaande karakteristieke kenmerk van die kontemporêre denke oor die mens en samelewing is „the preoccupation with personal alienation and cultural disintegration". Die tema van vereensaming en isolasie het beskrywend geword van die moderne menslike lewe[10].

In elke eeu is daar, volgens Nisbett, sekere sleutelwoorde, wat deur hulle herhaalde gebruik en herdefiniëring die kenmerkende kanale van geloof en denke karakteriseer. Vandag oorheers 'n geheel en al ander stel lewenswaardes die kulturele toneel as in die negentiende eeu. Woorde soos desintegrasie, desorganisasie, chaos, eensaamheid, angs en wanaanpassing is vandag aan die orde van die dag. Die emansipasie van die individu van tradisionele bande van klas, godsdiens en familieverband het gelei nie slegs tot die vervreemding van die mens van historiese, morele sekerhede nie maar het ook in 'n groot mate

---

9. T.a.p., p. 3.

10. Vergelyk Couwenburg: De vereenzaming van de moderne mens; Bouman, dr. P.J.: Rewolusie van die eensames, Nasionale Boekhandel Bpk., Johannesburg, 1958; Riesman, D.: De eenzame massa, Assen Van Gorcum, 1959.

gelei tot die vervreemding van die mens van sy medemens.

Die tema van die ontwortelde individu, sonder status, in 'n stryd om 'n betekenisvolle verband met sy medemens aan te knoop, wat broederskap in 'n soort morele gemeenskap soek, is so algemeen in die huidige eeu as die liberalistiese individu van 'n vroeëre tydvak[11)].

Hierdie sentrale tema het reeds sy verskyning op feitlik alle lewensterreine gemaak. Dit word aangetref in die teologie, wysbegeerte, letterkunde, sosiale wetenskappe, kuns, maatskaplike werk[12)].

'n Ander verskynsel wat gelyktydig met hierdie vereensamingsproses na vore tree, is die krampagtige soeke na enige vorm van gemeenskap wat die wanorde, die chaos sal ophef en aan die lewe weer sin gee. Dieselfde gedagte van isolasie het ook ten opsigte van samelewingsverbande na vore getree en daarteenoor 'n strewe na 'n omvattende gemeenskapsvorm wat weer integrasie of kohesie tot stand sal bring[13)].

Die moderne koördinasiemetodes het een gemeenskaplike karaktertrek, naamlik dat dit deur middel van wetenskaplike planmatige meganisasie hierdie los indiwidue of samelewingsverbande op meganiese wyse binne 'n totaalverband wil saampers. Daar ontbreek die wesenlike gemeenskapselement om hierdie samelewingsvorme in organiese verband saam te snoer[14)]. Daarom kan meganiese koördinasie miskien ook beskou word as by uitstek die simptoom van die krisistyd. Daarom word hierdie meganiese koördinasie nader onder die oë gesien. Soos reeds in die inleidende hoofstuk uiteen-

---

11. Vgl. Nisbett: The quest for community, p. 11.

12. Vergelyk Polak: De toekomst is verleden tijd; Zuidema, prof. S.U. e.a.: Denkers van deze tijd, dl. I, derde druk; Franeker, T. Wever; Couwenburg, dr. S.W.: De vereenzaming van de moderne mens. Dink maar aan K. Barth, P. Tillich, Nietzche, Sartre, Kierkegaard, e.a.

13. Kruijt: „Hoe kan de sociologie de kerk helpen?", p. 67; vergelyk ook Ross, M.G.: Community organization, p. 4; Nisbett: The quest for community, p. 26; Norton, W.J.: The co-operative movement in social work; New York; The Macmillan Co., 1927. Kruijt stel hierdie feit treffend soos volg: „Nu hunkert de gehele wêreld, bewust of onbewust naar integratie, naar nieuwe samenbinding ..... naar een nieuw geestelijk consensus" (a.w., p. 67); Nisbett gee dieselfde gedagte soos volg weer: „..... the concern for community, its values, properties and means of access, is the major intellectual fact of the present age". (The quest for community, p. 30).

14. Venter: „Ons roeping as Calvinistiese jeug" t.a.p., p. 32.

gesit is, word daar onder meganiese koördinasie verstaan 'n skikking of ordening van sorgaktiwiteite op 'n meganiese wyse binne die raamwerk van 'n omvattende totaalverband. Die verskillende sorgaktiwiteite is hier nie newegeskik aan mekaar nie maar staan in 'n geheel-deel-verhouding teenoor mekaar. Waar die wesenselement van organiese koördinasie die neweskikking van gelykwaardige aktiwiteite binne die raamwerk van die koninkryk van God is, gaan dit in meganiese koördinasie om onder en/of boweskikking van (dikwels) ongelykwaardige aktiwiteite binne die raamwerk van 'n omvattende totalitêre gemeenskapsverband. Hier word 'n bepaalde samelewingsverband totalitêr verklaar en bepaal hierdie verband die beginsels waarvolgens die ordening van sorgakwiteite sal geskied, asook die terrein waarop die verskillende gesubordineerde organe (megane) moet optree. Hier is geen sprake van funksionele differensiasie nie maar bloot van territoriale of funksionele desentralisasie.

Wanneer sorg in die menslike samelewing teen die hierbo geskets e agtergrond gesien word, vertoon dit 'n soortgelyke verskuiwing. Hierdie oorgang of verskuiwing word nie slegs bespeur in die mens wat versorg moet word nie, maar ook in die versorgende versorger en die metodes van sorg wat aangewend word.

Aangesien daar 'n algehele wysiging in die grondpatroon van die menslike samelewing ingetree het, het die sorgvraagstukke skynbaar vermeerder en die mens meer intens sorgbehoewend geword. Die eksistensiële bestaan van die mens het tot die dood toe vervul geword van angs, sorg en leed[15].

Uit die aard van die saak het hierdie intense sorgprobleme intensiewe versorgingsmetodes noodsaaklik gemaak, metodes wat veral terdeë met die verbrokkeling en desintegrasie van die menslike samelewing rekening sou hou. Die nuwe geesteskliimaat het nou, geheel in ooreenstemming met die nuwe lewenshouding, versorgingsmetodes voortgebring wat nie slegs in die teken staan van nie maar ook onder leiding van die gemeenskaps-

---

15. Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd; Schilder: De Openbaring van Johannes en het sociale leven; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, pp. 202, 244.

ideologie[16] uitgekristalliseer het.

Die mens wie se lewe deur die gemeenskapsideologie beheers word, sien as diepste behoefte en hoogste bevrediging in die menslike lewe slegs horisontale, menslike gemeenskap. As vrug van hierdie lewensiening ontstaan dan, veral gedurende die dertiger jare van hierdie eeu, gemeenskapsentra, gemeenskapskasse en -rade, maatskaplike welsynsverenigings, met as funksionarisse maatskaplike werkers, tegelyk die draers van die nuwe ideologie, onder leiding van die gemeenskapsdenke wat as enigste lewensnorm aanvaar: aanpassing by die gemeenskap[17]. Hierdie metodes van versorging het veral een element gemeenskaplik, naamlik dat hulle die gemeenskap tot norm verhef. Die proses mond later uit in 'n volledige afhanklikheid van die totalitêr omvattende welsynstaat, wat tot leidinggewende prinsipe en bestemmingsfunksie het die behartiging van die algemene welsyn van die gemeenskap. Dit het tot gevolg die toenemende relativering van die selfstandigheid van alle sorginstansies en die inskakeling en betrekking daarvan by staatsversorging, sodat daar later tussen die samelewingsverbande onderling nog net van 'n verhouding van subordinasie sprake is. Hierdie ondergeskikte verhouding lui die eerste fase van 'n totalitêre en universele maatskappybeskouing in, wat ten slotte uitmond in die in sigself selfgenoegsame en soewereine totalitêre welsynstaat[18].

Die mens wie se lewe deur hierdie gesekulariseerde gemeenskapstrewe beheers word, erken dan ook slegs sy verantwoordelikheid teenoor die

---

16. Lewenshouding impliseer hier 'n eiesoortige mens-, maatskappy-, lewens- en wêreldbeskouing onder leiding van die religie wat die hart verower. Voortaan word hierdie gemeenskapsideologie die religie van die kommunard genoem. (Die begrip word oorgeneem uit die werk van Schilder: De Openbaring van Johannes en het sociale leven, p. 16, wat die term aanhaal uit 'n werk van Eysinga, dr. H.W. Ph. E. van der Bergh: Revolutionaire cultuur; Leiden, Sijthoff's, 1919; p. 76).

17. Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 171, e.v.; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 57.

18. Vergelyk De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken; a.w.; Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk; Berghuis, W.P.: „Samenwerken van overheid en particulieren", t.a.p.

sorgbehoewende medemens via die gemeenskap, wat prakties maar die staat beteken[19]. In hierdie proses speel 'n nuwe universalistiese maatskappybeskouing, waaraan vervolgens aandag geskenk word, 'n belangrike en integrale rol.

## 2. DIE UNIVERSALISTIESE MAATSKAPPYBESKOUING EN STAATSTOTALITARISME.

Onder die vorige hoof is daar reeds daarop gewys dat die praktyk veral anormatief begin ontwikkel wanneer daar afgewyk word van die skeppingsbeginsel ten opsigte van die taak en funksie van samelewingskringe en hulle onderlinge verhoudinge.

Dit het veral opgeval dat 'n bowe- en ondergeskikte verhouding onmiddellik die tendens tot sentralisasie en totalitarisme versterk.

Vervolgens word daar kortliks stilgestaan by die wese van hierdie totalitêre maatskappybeskouing. Een van die wesenskenmerke van 'n totalitêre maatskappybeskouing is dat dit 'n hiërargiese opvatting van die samelewing huldig. 'n Bepaalde samelewingsorgaan word beskou as die „toporgaan" van die gemeenskap[20], wat dan dien as die sentrale omvattende liggaam waarin die ander samelewingsvorme as dele opgeneem is. Die onderliggende geestesstroming wat aan hierdie samelewingsbeskouing ten grondslag lê, is die universalisme.

Die universalisme is die teorie wat, terwyl dit die eenheid en realiteit van die verbande erken, na 'n hoogste verband soek wat as totaliteit alle laere verbande as onselfstandige dele in hom opneem[21]. Die verhouding van die laere verbande tot die hoogste verband is die van middel en doel, dit wil sê die interne struktuurprinsipe van die hoogste verband bepaal ook wat die funksie van die laere verbande moet wees. Hierdie grondkonsepsie van die samelewing is ten diepste gefundeer

---

19. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, pp. 83, 132.

20. Van Riessen, a.w., p. 84; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 171 e.v.

21. Spier, J.M.: Inleiding, p. 178, 179; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 173.

en het ook sy oorsprong in die ou Aristotelies-Thomistiese denkbeeld van die skeiding van die ryke van natuur en genade[22]. Waar hierdie uitgangspunt gehuldig word, word die weg versper vir die deurwerking van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, omrede die verhouding tussen die samelewingskringe onmiddellik gesien word as dié tussen geheel en dele[23]. Dit is opvallend dat hierdie Roomse denkbeeld, wat die staat as die finale ordenaar op die terrein van die natuur sien[24], in sy deurwerking in moderne versorgingsmetodes weer eens die klem op die staat as omvattende lewensgemeenskap laat val. Met die huldiging van hierdie uitgangspunt is die eerste stelling teen die totalitarisme reeds deeglik ondermyn[25].

Die Roomse visie is verteenwoordigend van 'n universalistiese samelewingsopvatting waarin die staat gesien word as die omvattende lewensgemeenskap op die terrein van die natuur[26].

Die vryheid, selfstandigheid en soewereiniteit in eie kring van die privaat inisiatief word, as gevolg van hierdie siening, ingeperk tot 'n relatiewe selfstandigheid wat deur die staat aan die ondergeskikte organisasie toegeken word. Hier is dus nou hoogstens sprake van outonomie oor eie lewenskring en nie meer van soewereiniteit in eie kring nie. Die staatstaak word op hierdie wyse aansienlik uitgebrei. Van 'n wesenlike struktuurverskil tussen die verskillende verbande is nou weinig sprake. Elkeen vervul net die taak wat indirek deur die staat aan hom opgedra is.

Hierdie universalistiese tendens, wat ook onder meer aan die subsidiariteitsbeginsel ten grondslag lê, vind sy suiwerste openbaring in die sosialisme en aanverwante strominge[27]. Nou is dit egter opvallend

---

22. Dengerink: *Critisch-historisch onderzoek*, pp. 6, 88; Dooyeweerd: *Vernieuwing en bezinning*, pp. 111, 116, 118 e.v.

23. Dengerink: *Critisch-historisch onderzoek*, pp. 67, 82, 259; Dooyeweerd: *Vernieuwing en bezinning*.

24. Van Riessen: *De maatschappij der toekomst*, p. 84.

25. Ibid.

26. Ibid.; Dooyeweerd: *Vernieuwing en bezinning*, p. 111, ev.

27. Spier, J.M.: *Inleiding*, p. 179.

dat die Sosialisme, as stelsel van maatskaplike ordening, hom nie slegs in die uiterste vorme van Fascisme en Kommunisme openbaar nie maar ook, op veel subtieler wyse, in die huidige vorme van bestuursorganisasie. Berghuis[28)] wys dan daarop dat die sosialisme hom subtiel in die organisatoriese vlak voltrek.

Veral Van Riessen het 'n baie duidelike uiteensetting gegee van die geleidelike deurwerking van die sosialisme, via die wetenskap en tegniek, in die organisatoriese vlak[29)]. Hy dui die moderne nivellerende kollektiverende tendens wat hom as gevolg van 'n oorspanning van die wetenskap en tegniek in die maatskaplike organisasie openbaar, aan as die „organokrasie"[30)]; dit wil sê 'n moderne vorm van organisasie wat gekenmerk word deur 'n sentralisasie van mag en bevoegdheid by die top, beplanning, ordening, die dirigisme, die burokrasie en die organisatoriese „elite".

Hierdie eeue-oue ideaal, naamlik om deur middel van planmatige wetenskaplike beheersingsarbeid die samelewing in 'n bepaalde organisatoriese vorm te giet, tref ons reeds in die vroegste utopieë aan[31)]. In die moderne tyd herleef hierdie ou denkbeelde in die vorm van wetenskaplike en tegniese metodes ter beheersing van die menslike samelewing. Van Riessen verwys in sy bespreking van die moderne tendense na die „primaat van die organisatoriese", wat sy oorsprong vind in die wetenskapsideaal, naamlik die uiteindelike beheersing van die menslike samelewing deur die toepassing van wetenskaplike en tegniese vaardigheid en kennis[32)].

---

28. Berghuis, W.P.: „De gemeente in de frontlijn", artikel in A.R.S.; XXI, 11, Nov. 1951; p. 382.

29. Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 192.

30. Ibid., p. 126, 190, 191, 129.

31. Sien Van Riessen: a.w., pp. 38-76; Polak: De toekomst is verleden tijd, dl. 2, p. 320. Die utopie word deur Polak soos volg omskryf: „Een planmatig geconstrueerd en met de voortgaande historische ontwikkeling gesynchroniseerd toekomstbeeld van een gans andere, reeds fictief als model in werking voorgestelde, rechtvaardige en menswaardige samenleving, welk ideaal, door de voor de vooruitgang in de tijd en op aarde verantwoordelijke mens, vrijscheppend en doelbewust tot eigen lotsbepaling kan en moet worden benaderd".

32. Kyk Van Riessen: De maatschappij der toekomst, hoofstuk V, asook pp. 190, 191, 195.

As gevolg van die integrerende en nivellerende tendens van die wetenskap en tegniek ontstaan geleidelik 'n gemassafiseerde samelewing, beheers vanuit 'n sentrum met 'n massa wetenskaplik beplande organisatoriese voorskrifte vir die gedrag en optrede van indiwiduele lede van die samelewing jeens mekaar, jeens ander instellinge en organe en goedere en, ten slotte, instellinge en organe jeens mekaar. Dit bring die praktiese posisie mee dat die norme (in die geval van maatskaplike instansies) vir die gedrag en werking van verskillende andersoortige maar gelyke organe nou nie meer van binne uit, vanuit eie struktuurprinsipe bepaal word nie maar van buite deur 'n groepie wetenskaplike „elite" opgelê word. Hierdie proses het tot gevolg 'n verdeling in twee mensetipes, naamlik 'n organisatoriese „elite", wat leiding moet gee aan 'n versorgde en afhanklike massa. 'n Geheel nuwe waardeorde ontstaan, waarin die staat tot normgewer verhef word. Die burger wat hierdie tendens ongehinderd laat voortwoeker, is skuldig aan die verheffing van die staat tot afgod[33]. Hierdie feit is slegs moontlik vanweë die kulturele vakuum waarin die moderne mens hom bevind. Totalitarisme in enige vorm het slegs 'n houvas op die massas wanneer hulle van alle tradisionele Christelike kulturele waardes losgeraak het en in 'n nihilistiese vakuum voortleef[34]. Baie raak word dit deur Nisbett soos volg gestel: „When the masses ..... already exist ..... what remains, then, but to rescue the masses from their loneliness, their hopelessness and despair, by leading them into the Promised Land of the absolute redemptive State. The process is not too difficult or even too violent, provided the masses have already been created in significant size by processes that have destroyed or diminished the social relationships and cultural values by which human beings normally live and in which they gain not merely their sense of order but their desire for freedom"[35]. Die organisatoriese magsvorming van die kant van die owerheid in die samelewing voer

33. Ibid., p. 98; vergelyk ook Nisbett: The quest for community, p. 191; de Gaay Fortman, W.F.: „Overheid" in A.R.S., XXX, 6, Junie 1960.

34. Nisbett: The quest for community, p. 202.

35. Ibid., p. 199.

geleidelik tot die Totalitarisme, wat in wese beteken 'n negering van die beginsels van gesag en vryheid en soewereiniteit in eie kring[36].

Al hierdie genoemde eienskappe word nou in 'n mindere of meerdere mate by die universalistiese maatskappybeskouing aangetref. Prakties word die hiërargiese opvatting versterk deur die staat as toporgaan of omvattende gemeenskapsverband te proklameer. Op hierdie wyse ontvang die ander samelewingsverbande slegs 'n relatiewe outonomie oor hulle eie bepaalde gebied[37].

In die moderne tyd vind die totalitêre tendens al hoe meer vergestalting in die staat. Hierdie proses geskied langsaam en baie subtiel. Berghuis[38] praat baie beskrywend van die sosialisme wat op „kousevoeten" ingesluip kom.

Nisbett toon ook in sy werk <u>The quest for community</u>[39], aan hoe die moderne totalitêre staat al hoe meer sy administratiewe en organisatoriese funksies onder alle sfere van die samelewing uitbrei, met die doel om 'n hoër mate van sentralisasie tot stand te bring. As gevolg hiervan krimp die selfstandige kultuursfere geleidelik al hoe meer. Hy stel baie pertinent dat die enkele beslissendste invloed op Westerse maatskaplike organisasies die totstandkoming en ontwikkeling van die gesentraliseerde territoriale staat[40] is.

Hierdie tendens kan die beste geïllustreer word wanneer die drie vernaamste praktiese vraagstukke van die dag, naamlik dié van <u>subsidie</u>, <u>subsidiariteit</u> en <u>meganiese koördinasie</u>, indringend ondersoek word.

## 3. <u>DIE SUBSIDIEVRAAGSTUK EN DIE SUBSIDIARITEITSBEGINSEL IN DIE MEGANIESE KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG.</u>

De Bruin en Geijs dui kernagtig aan dat die verskynsels <u>subsidie</u>,

---

36. Van Riessen: <u>De maatschappij der toekomst</u>, p. 132.

37. Ibid., pp. 84, 129; vgl. ook Smeenck: <u>Christelijk-sociale beginselen</u> p. 3; Dooyeweerd, H.: <u>Vernieuwing en bezinning</u>, p. 119.

38. Berghuis, W.P.: „Samenwerken van overheid en particulieren", t.a.p., p. 382.

39. Nisbett: <u>The quest for community</u>, p. 282.

40. Ibid., p. 98.

subsidiariteit en koördinasie onder andere deel is van die staatstaak en 'n taak is wat histories, tradisioneel en uit 'n oogpunt van doelmatigheid benader moet word. In die uitvoering van die taak moet die owerheid die bevolking betrek[41].

In volgorde van minder na meer aktueel word in hierdie hoofstuk nog aandag geskenk aan die vraagstukke van subsidie en subsidiariteit, terwyl die vraagstuk van moderne meganiese koördinasiemetodes in 'n volgende afsonderlike hoofstuk behandel word.

a. Die vraagstuk van subsidie.

Die vraagstuk van die toekenning van subsidie deur die staat aan partikuliere instansies was gedurende die afgelope dekades 'n veelomstrede vraagstuk. Net soveel voorstanders daarvan as teenstanders word, selfs onder Calviniste, aangetref.

Zeeman[42] gaan uit van die standpunt dat owerheidsubsidie in die huidige krisissituasie aanvaarbaar is met die voorbehoud dat:

(1) die vryheid en selfstandigheid van ander selfstandige samelewingsvorme nie aangetas en ondermyn word nie en

(2) dat die betrokke gesubsidieerde instansies daarna moet strewe om mettertyd van staatsteun onafhanklik te word.

Hierdie siening verteenwoordig 'n kompromiestandpunt wat as gevolg van die huidige krisissituasie ingeneem word.

'n Prinsipieel suiwerder standpunt word myns insiens egter aangetref in 'n aantal artikels in die tydskrif Anti-Revolutionaire staatkunde[43]. Volgens hierdie standpunt bring owerheidsubsidie noodwendig as newefunksies mee: toesig en kontrole van die kant van die owerheid oor en 'n groot mate van verantwoording teenoor die owerheid deur die partikuliere instansies. Hierdie ontwikkeling het tot gevolg die totstandkoming van sogenaamde gemengde bestuursorgane, waardeur die

---

41. De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 62. Die begrip koördinasie, soos deur hierdie skrywers geïnterpreteer, sou ooreenkomstig die onderskeid tussen organiese en meganiese koördinasie as meganiese koördinasie omskryf word.

42. Vgl.: Die armesorgwerk, p. 301.

43. Vgl. A.R.S., XIX, 1, Januarie 1949; XXI, 9, Sept. 1951; XXI, 11, Nov. 1951; XXV, 1 en 9, Jan. Sept. 1955; XXXI, 3, Mrt. 1961.

gesubsidieerde instansies hulle spesifieke karakter verloor en ten dele in die staat opgaan. Gevolglik word hulle staatsgereguleerde eenhede wat hulle selfstandigheid en soewereiniteit moet prysgee en uitvoerders word van staatsbeleid en -voorskrifte[44].

Die feit dat daar, deur die toekenning van finansiële subsidie ter aanvulling van die finansies van partikuliere instellinge, 'n verstrengeling van die staat en partikuliere instansies meegebring word, word deur Meeder as besonder gevaarlik beskou -- gevaarlik, omdat dit in die subsidievraagstuk wesenlik gaan om die handhawing van die regstaat teenoor die totalitêre staat en omdat wesenlik die vraagstuk van die vryheid van die verskillende maatskaplike sorginstansies hier in die gedrang kom[45].

(2) 'n Verdere wesenlike gevaar wat deur subsidie meegebring word, is die vermeerdering van belasting. Hierdie stelsel vorm naderhand 'n onverbreekbare kringloop. Die staat ken subsidie toe om die finansies van die partikuliere instansies aan te vul. Om dit te kan bekostig word meer belastings gehef. Dit bring weer mee dat die partikuliere inisiatief minder geld kan bybring, omdat die burgers minder kan bydra. Die uiterste vorm hiervan word aangetref in die totalitêre welsynstaat waar die staat die inkomste van die bevolking verdeel.

(3) Die konsekwente toepassing van die subsidiebeleid bring mee 'n ondermyning van die karakter van vrywilligheid en 'n uitholling van die persoonlike verantwoordelikheid en privaat inisiatief. Die subsidievraagstuk hang ten nouste saam met die staatsbeskouing en die opvatting in verband met die grens van en maatstaf vir staatsoptrede, wat later kortliks bespreek word[46].

Ten spyte van die besware teen die toekenning van staatsubsidie aan ander liggame word beweer dat dit as tydelike noodmaatreël in krisis-

---

44. Adviesrubriek in A.R.S., jrg. VII, 1931, p. 401.

45. Meeder, Ir. C.G.: „Gevaarlijke subsidiepolitiek" in A.R.S.; XXXI, 3, Mrt. 1961; p. 89 e.v.

46. Vgl. Meeder: ibid., pp. 89-93; Berghuis: „De gemeente in de frontlijn"; Van Riessen: De maatschappij der toekomst; Aanbevelings van die komitee van ondersoek i.s. die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies; 31 Aug. 1953; Pretoria, Staatsdrukker.

situasies aanvaarbaar geag word. Maar die ideaal moet steeds bly: „Ter behoud van onze vrijheid, zelfstandigheid en verantwoordelijkheid moeten wij er juist naar streven de omvang van het subsidiestelsel zoveel mogelijk te reduceren"[47]. Die vraagstuk van subsidiariteit sluit ten nouste by dié van subsidie aan.

b. Subsidiariteit en dualisme as oorgangsverskynsel.

Daar is in 'n vorige onderafdeling slegs sydelings verwys na die noue verwantskap wat daar tussen die subsidiariteitsbeginsel en die universalistiese maatskappybeskouing bestaan.

Hierdie beginsel is ook simptomaties van die verskuiwing wat die ganse kultuurbeeld gedurende die afgelope dekades ondergaan het. Soos later sal blyk, wortel hierdie beginsel wesenlik in die universalistiese Roomse maatskappybeskouing. In hierdie opsig is dit nog 'n oorblyfsel van die ou karitatiewe prinsipe. In 'n sekere mate is dit 'n dualistiese oorgangsverskynsel, wat nog reste van die oue met die nuwe sosiologies georiënteerde maatskappybeskouing verenig[48].

---

47. Meeder: ibid., p. 91 e.v.

48. Dat daar 'n baie noue verband tussen die Roomse en moderne universalistiese maatskappybeskouing bestaan, is reeds aangetoon. Die subsidiariteitsbeginsel wortel nog eintlik in die ou Roomse maatskappybeskouing maar het in die moderne tyd weer na vore getree om die universalistiese staatsbeskouing in te lui. Sedert die universalistiese staatsbeskouing egter reeds in die meeste lande in die gedaante van die totalitêre of welsynstaat sy beslag gekry het, het die subsidiariteitsbeginsel plek gemaak vir die aanvaarding van die feit dat die staat nie net 'n subsidiêre taak ten opsigte van die werk van ander samelewingsverbande te vervul ~~het nie maar volle verantwoordelikheid~~ behoort te aanvaar vir die „algemene welsyn van die gemeenskap". Beide Everts en Treurniet en De Bruin en Geijs verwys na die oorgang van die karitatiewe via die humanitêr-karitatiewe of humanitêr-etiese prinsipe na die sosiologiese prinsipe in die maatskaplike sorg. Everts en Treurniet onderskei by die karitatiewe prinsipe drie uitingsvorme, naamlik: a. die Rooms-katolieke-karitatiewe prinsipe, b. die Protestants-karitatiewe prinsipe en c. die kerklik-organisatoriese-karitatiewe prinsipe. Ooreenkomstig eersgenoemde prinsipe kom talle stigtinge en verenigings met uitgesproke godsdienstige doelstellings tot stand. Hierdie instellinge werk ten nouste saam met die kerk en die kerklike owerheid. Die Protestants-karitatiewe prinsipe het tot gevolg die ontstaan van talryke partikuliere Christelike instellinge. Die kerklik-organisatoriese prinsipe vorm die basis van die maatskaplike sorg van die diakonieë wat as ampsdraers namens die plaaslik georganiseerde institutêre kerk optree. Die humanitêr-karitatiewe prinsipe vorm die oorgang van die karitatiewe na die sosiologiese prinsipe en het tot gevolg die ontstaan van allerlei sg. neutrale of algemene instellinge. Hierdie geleidelike loswringing uit die kerklik- of dogmaties beheerste sorgaktiwiteite lui die sosiologiese fase in waarin sorgaktiwiteite beoefen word vanuit die veronderstelling dat die te versorge indiwidu deel uitmaak van die gemeenskap. Hierdie prinsipe lê hoofsaaklik ten grondslag aan die werk van die burgerlike owerheidsinstellinge. Vgl. Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk, p. 26 e.v.; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 68 e.v.

(1) Die begrip subsidiariteit.

Etimologies stam die woord subsidiariteit van die Latynse woord subsidium, wat saamgestel is uit die voorvoegsel sub- en die werkwoord sidere, wat onderskeidelik „onder" en „in orde bring" („to settle") beteken. Die begrip subsidium beteken oorspronklik: „troepe wat in 'n reserwemag agter die oorlogsfront gestasioneer is". In Engels is daar 'n noue verband tussen die woorde subsidie en subsidiariteit, hoewel dit wil voorkom asof die begrip gebruik word as byvoeglike naamwoord, subsidiêr, eerder as die selfstandige naamwoord, subsidiariteit[49].

Die Verklarende Afrikaanse woordeboek[50] gee die betekenis van die begrip subsidiariteit aan as: „ondersteunend, hulpverlenend" en „in die plek van". Hierdie betekenis word in die algemeen in die spreektaal aan die begrip geheg. Ook in Nederlands het die begrip subsidiariteit die betekenis „vervangend" of „in die tweede plek tredend" in teenstelling met die begrip pariteit, wat gelykheid van kanse om mee te werk aan die oplossing van maatskaplike vraagstukke impliseer[51]. In die begrip lê ook die betekenis opgesluit „onder-geskik" of „onder-georden".

Die handhawing van hierdie beginsel hou in dat die staat die vervulling van sorgtake aan die partikuliere inisiatief oorlaat in soverre hulle dit kan behartig. Wanneer die partikuliere sorginstansies egter om een of ander rede in die vervulling van hierdie taak te kort skiet, mag die staat ingryp en die taak oorneem. Wesenlik hou dit in dat die „hoëre gemeenskappe" die take wat hulle wel ook self kan verrig, aan die „laeres" oorlaat en slegs hulle taak oorneem wanneer die laeres nie

---

49. Davidson, rev. T.: Chambers' twentieth century dictionary, pp. 964, 965.

50. Kritzinger, M.S.B., e.a.: Verklarende Afrikaanse woordeboek; Vgl. ook van den Dam, drs. J.P.A.: Maatschappelijk werk; tweede druk; Utrecht, Het Spectrum, 1958; p. 127.

51. Cloeck, H.P.: Maatschappelijk werk in overgangstijd; Alphen aan den Rhijn, N. Samson, 1957; p. 85.

hiertoe in staat is nie[52].

Die subsidiariteitsbeginsel word in die Roomse Kerk as die leidinggewende beginsel ten opsigte van die vraagstuk van die ordening van die bedryfslewe en die sosioëkonomiese lewe aanvaar. Dit word in die geskrif van Pous Pius XI: Quadragesimo anno (1931) uiteengesit. In hierdie geskrif word die subsidiariteitsbeginsel tot rigsnoer vir die omgrensing van die owerheidstaak by die ordening van die bedryfslewe geproklameer[53].

Die beginsel, wat uitvloeisel van die Aristotelies-Thomistiese natuurbegrip is, gaan van die standpunt uit dat net soos die mens vir sy ontplooiing op die gemeenskap aangewys is, so is ook elke „laere gemeenskap" vir sy ontplooiing en vervolmaking op die „hoëre gemeenskappe" aangewys[54]. Alvorens die beginsel meer in besonderhede bespreek word, word daar kortliks gelet op die groeibodem en geesteskliamaat waaruit hierdie beginsel gespruit het.

### (2) Die dualistiese Rooms-Katolieke maatskappybeskouing.

Die Roomse onderskeiding tussen natuur en genade kan teruggevoer word tot die invloed van die Klassieke wysgerige strominge op die Roomse denke.

Die „vorm-materie"-motief van die Griekse wysgerige denke, wat deur Aristoteles bekend gemaak is, beheers op baie kennelike wyse die ganse Roomse geloofsleer en gevolglik ook hulle maatskappybeskouing. In die Roomse grondmotief van natuur en genade word egter gepoog om die Griekse grondmotief van vorm en materie by die van die Goddelike Woordopenbaring, naamlik skepping, sondeval en verlossing, aan te pas[55].

---

52. Geesink: Gereformeerde ethiek, p. 397; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 84; Dengerink: Critisch-historisch onderzoek, p. 259; Spier, J. en Spier, J.M.: Wijsbegeerte en levenspractijk, p. 80; Banning, dr. W.: Moderne maatschappijproblemen; Haarlem, De Erven F. Bohn, 1955; p. 168; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 57.

53. Van den Dam: Maatschappelijk werk; De Bruin en Geijs: a.w., p. 64; Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk, p. 29; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning.

54. Vgl. Dooyeweerd: a.w., pp. 120, 121; Banning, dr. W.: Hedendaagse sociale bewegingen; Arnhem, Van Loghum Slaterus, 1957, pp. 66, 67.

55. Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, pp. 111-117; Banning: Hedendaagse sociale bewegingen; pp. 46, 47.

Die grondkonsepsie van die Calvinistiese denke oor die maatskaplike lewe is die groot Skrifwaarhede, naamlik skepping, sondeval, verlossing en dankbaarheid. Rondom hierdie vier sentrale waarhede is die ganse Calvinistiese maatskappybeskouing gebou. Die Rooms-Katolisisme, daarenteen, gaan uit van die onderskeiding tussen die natuurlike of profane aardse lewe en die bonatuurlike genadelewe. Eersgenoemde vorm die onderbou van 'n Christelike genade-bowebou.

Hierdie sinkretisme tussen die ou wysgerige denkbeelde van Aristoteles en die Skrifwaarhede vind gedurende die Middeleeue gestalte in die magtige stelsel van Thomas van Acquino[56]. Hierdie twee-terreineleer beheers vandag nog nie slegs die Roomse geloofsleer nie, maar ook die ganse Roomse denke oor die onderlinge verhoudinge tussen instansies in die samelewing.

Onder die natuurlike lewe ressorteer die staat en alle ander maatskaplike verbande. Die genadelewe is egter slegs moontlik binne die geïnstitueerde Roomse kerk.

Die grondkonsepsie van die staatsopvatting is die stelling dat die mens as gemeenskapswese geskape is. Hierdie sosiale aandrif ontplooi trapsgewyse in die vorming van kleinere en grotere gemeenskappe met die onderlinge verhouding van middel tot doel, deel tot geheel of laere tot hoëre vorm. Hierdie natuurlike mensegemeenskap ontvang 'n bepaalde vorm naamlik die staat. Die staat is die volmaakte en omvattendste mensegemeenskap op die terrein van die natuur maar moet deur die kerk as genade-instituut tot vervolmaking gebring word. Dit besit 'n outarkie omdat dit op natuurlike gebied die hoogste en omvattendste gemeenskap is[57].

Die kerk is volgens die dualistiese siening van die Rooms-Katolisisme wesenlik bonatuurlik van aard. Die bonatuurlike genade kan die gelowige slegs toevloei deur middel van die Roomse kerk. Dieselfde geld vir die

---

56. Banning, dr.W.: a.w.; p. 45; vgl. ook Dooyeweerd, a.w., pp. 113-114.

57. Vgl. Dooyeweerd; a.w., p. 118; Van Bilsen, e.a.: Kerk en staat, publicatie nr. 10, van die Nederlandse Gesprek Centrum.

menslike samelewing[58].

Dit gaan in die Roomse eenheidskultuur om 'n kultuur waarin die genade die natuur moet opneem om dit te heilig. Omdat die kerk in die sfeer van die genade of die bonatuurlike lewe staan, moet die hele natuurlike lewe deur bemiddeling van die kerk tot hoër vervolmaking gebring word. Dooyeweerd[59] stel die plek van die kerk in die Roomse visie baie kernagtig soos volg: „Gelijk op, ‚natuurlijk terrein', de staat de volmaakte gemeenschap is, die alle andere natuurlijke levenskringen als zijn delen omvat, zo is op, ‚het terrein der genade' de Roomse Katolieke kerk het geheel van de christelijke samenleving in haar boven-natuurlijke volmaking, de volmaakte gemeenschap der christenheid".

Die Roomse visie van die kerk as instituut gaan uit van die Aristotelies-Thomistiese onderskeiding tussen natuur en genade, waardeur hulle dan aan die kerk as instituut die bevordering van die bonatuurlike welsyn van die mens en samelewing opdra. Waar die Roomse Kerk uitgaan van die siening dat die UNA SANCTA slegs in die institutêre kerk aanwesig is, gaan die Protestant van die standpunt uit dat die kerk as organisme of die liggaam van Christus onder andere in die institutêre kerk sy vergestalting vind[60]. Die Roomse visie bring 'n subordinasie of onderskikking van die staat en alle ander selfstandige partikuliere verbande aan die geïnstitueerde kerk mee en het 'n hiërargiese verhouding van samelewingsverbande tot gevolg wat tot 'n universalistiese siening van die menslike samelewing lei[61].

Die Roomse kerkinstituut is nou die universeel omvattende lewens-

---

58. Dooyeweerd: <u>Vernieuwing en bezinning</u>, p. 125.

59. A.w., p. 125. Vergelyk ook Banning: <u>Hedendaagse sociale bewegingen</u>, p. 49; Wurth: <u>Evangelieboodskap en wêreldkrisis</u>, p. 196; Smeenck: <u>Christelijk-sociale beginselen</u>, dl. I, pp. 190, 191.

60. Vgl. Van Dijk: <u>Mens tot medemens</u>, p. 115; Zeeman: <u>Die armesorgwerk</u>, p. 104 e.v. Dit beteken dat die liggaam van Christus ook in alle ander samelewingsverbande vorm kan aanneem.

61. Vgl. Spier, J.H. en Spier, J.M.: <u>Wijsbegeerte en levenspractijk</u>, p. 94; Ponsioen : <u>De menselijke samenleving</u>, dl.I; Grosheide e.a.: <u>Christelijke encyclopaedie</u>, p. 194; Van Bilsen, e.a.: <u>Kerk en staat</u> , pp. 5, 6.

verband wat die ganse Christelike samelewing omvat en heilig.

Ten slotte is dit dus in werklikheid die Rooms-Katolieke kerk wat die grense van die outonomie van die staat en alle andere lewensverbande bepaal[62]. Net soos alle samelewingsverbande in die tydelike werklikheid hiërargies aan die staat ondergeskik is, so is die staat dan weer in laaste instansie aan die kerk ondergeskik, daarom dan ook dat daar by die Rooms-Katolieke kerkskole, kerkhospitale en 'n kerkstaat aangetref word.

Die staat en alle ander laer geordende samelewingsverbande vind hulle hoëre volmaking in die „bo-natuurlike" gemeenskap van die kerk as genade-instituut.

Op „natuurlike" gebied bring hierdie maatskappybeskouing, wat in die universalisme gegrond is, 'n hiërargie van samelewingsverhoudinge mee, 'n toestand waarin al die laere deelorgane op natuurlike gebied hulle hoogste bestemming in die hiërargiese bowegeskikte en universele staat vind.

Die staat het, op grond van die feit dat hy die omvattende <u>natuurlike</u> mensegemeenskap is, tot taak die behartiging van die gemeenskaplike welsyn[63]. Gemeenskaplike welsyn beteken hier die belang van die geheel waarin die dele hiërargies saamgesnoer is. Omdat die Rooms-Katolieke visie die doel van die staat tot struktuurprinsipe verhef het, is hier geen sprake van die innerlike begrensing van die staatstaak en 'n kriterium vir staatsoptrede nie[64].

Die wesensonderskeid tussen die Calvinistiese en die Roomse siening van die struktuurprinsipe van die staat is die feit dat die Calvinis bely dat die staat ingestel is om die sonde ontwil, terwyl die Rooms-Katolieke die staat sien as uitvloeisel van die sosiale natuur van die mens[65].

---

62. Dooyeweerd: <u>Vernieuwing en bezinning</u>, p. 127.

63. Dooyeweerd: <u>Vernieuwing en bezinning</u>, p. 118; vgl. ook Banning: <u>Hedendaagse sociale bewegingen</u>, p. 69 ; Van Bilsen e.a.: <u>Kerk en staat</u> .

64. Dooyeweerd: <u>Vernieuwing en bezinning</u>, p. 122.

65. Vgl. Banning: <u>Hedendaagse sociale bewegingen</u> , p. 68, Van Bilsen e.a.: <u>Kerk en staat</u> ; Dooyeweerd: a.w.

Aangesien die staat, as hoogste orgaan op die gebied van die natuur, die ganse samelewing omvat, word die funksie en taak van die gesubordineerde verbande bepaal deur die innerlike aard van die staat. Dit bring mee dat die norme van die staat normgewend vir alle ander lewenskringe is en dat die ondergeskikte dele slegs uitvoerders van staatstaak is.

Wat die verhouding van die staat tot die ander selfstandige samelewingsverbande betref, bring hierdie siening 'n ernstige miskenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring mee. Die selfstandige samelewingsverbande soos huisgesin, bedryf, skool en ander partikuliere instansies beskik in hulle sfeer nou slegs oor afgeleide staatsgesag en 'n betreklike outonomie[66] oor eie lewensgebied in plaas van soewereiniteit[67].

Wat die verhouding tussen staat en kerk betref, blyk dit dat die Roomse kerkinstituut as gevolg van sy katolieke of omvattende karakter as totaalgemeenskap van die hele Christelike lewe fungeer. Die staat fungeer as die totaalgemeenskap van die hele „natuurlike" lewe maar is in alle sake waarby volgens die oordeel van die kerk die bonatuurlike welsyn van sy burgers betrokke is, aan die leiding van die kerk onderworpe. In werklikheid is dit die Roomse kerk wat die grense van die outonomie van die Christelike staat bepaal[68].

Hieruit is dit duidelik dat die ander <u>selfstandige samelewingsverbande</u> 'n baie beperkte en ondergeskikte taak het om in die samelewing te vervul. Ten diepste het hulle hoegenaamd geen aard-eie interne struktuurprinsipe nie; beskik hulle slegs oor 'n mate van outonomie; is hier van 'n gesonde balans tussen gesag en vryheid geen sprake nie en is daar net 'n beperkte ruimte in die hiërargiese opbou aan hulle toegeken. Die ganse kultuur is hier onder regstreekse leiding van die kerk, en derhalwe kom van kulturele ontplooiing, verskeidenheid en selfstandigheid weinig tereg. 'n Meganiese universalistiese eenheidskultuur onder leiding van die Roomse kerk kom tot stand. Organiese

---

66. Daar bestaan 'n wesensonderskeid tussen outonomie en soewereiniteit in eie kring.

67. Dooyeweerd: a.w., p. 119.

68. Dooyeweerd: <u>Vernieuwing en bezinning</u>, p. 127.

NB



koördinasie is onder hierdie omstandighede onmoontlik.

(3) Subsidiariteit in moderne meganiese koördinasievorme.

Die vraagstuk van subsidiariteit het na vore getree as gevolg van die gewysigde staatsopvattings waarin die staat 'n aktiewe plek in die samelewing inneem[69]. Baie nou verwant aan die subsidiariteitsbeginsel soos hierbo uiteengesit, is die hedendaagse variant daarvan, naamlik die standpunt van funksionele desentralisasie[70].

Volgens hierdie standpunt eien die staat hom in beginsel alle funksies in die maatskaplike lewe toe en desentraliseer hulle dan deur aan elke ondergeskikte samelewingsverband 'n beperkte outonomie oor 'n bepaalde terrein toe te ken. Hierdie standpunt verskil nie wesenlik van die vorige nie. Met die eerste oogopslag lyk dit asof hierdie funksionele desentralisasie ten doel het om sentralisasie van mag en derhalwe ook staatsabsolutisme teë te werk, maar in werklikheid het die universalistiese maatskappybeskouing hier reeds 'n voldonge feit geword, is dit reeds algemeen aanvaar dat die staat prinsipieel alle funksies mag uitvoer.

In die praktyk kom hierdie standpunt veral tot uiting in die nuwe vorme van bestuursorganisasie, wat oral, in alle lande, maar ook reeds in Suid-Afrika, hulle verskyning gemaak het[71]. Hierdie nuwe bestuursvorme word gekenmerk deur 'n toetrede van die staat tot al hoe meer selfstandige lewensterreine en die totstandkoming van sogenaamde gemengde organe, waar die partikuliere inisiatief slegs in raadgewende hoedanigheid in die uitvoering van die staatstaak betrek word. De Bruin en Geijs[72] wys daarop dat hierdie nuwe

---

69. Vgl. Cloeck: Maatschappelijk werk in overgangstijd, p. 85; Van den Dam: Maatschappelijk werk.

70. Banning: Moderne maatschappijproblemen, p. 169; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 83; vgl. ook: Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning.

71. De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 76 e.v.; vgl. Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk, p. 49 e.v.

72. A.w., p. 81; kyk ook Berghuis: „Samenwerken van overheid en particulieren", t.a.p.

wending in 'n baie sterk mate afbreuk gedoen het aan die selfstandige posisie van die partikuliere inisiatief. Die partikuliere inisiatief word verlaag tot hulporgaan in die uitvoering van owerheidsbeleid. Dit word slegs betrek en ingeskakel by die uivoering daarvan. Hierdie funksionele desentralisasie het die brug help slaan tussen die Roomse visie en die humanistiese natuurregsleer.

Die humanistiese natuurregsleer het veral die moderne begrip staat ingeburger. Daar word veral drie ontwikkelingsfases in die historiese groei van die moderne staat onderskei:

(a) Die fase word aangetref waar die heersende opvatting die leer van staatsonthouding was, waar die staat tot taak het om die natuurlike menseregte te handhaaf en te verseker.

(b) 'n Tweede ontwikkelingsfase tree egter na vore wanneer die historiese ontwikkeling van die volkslewe die staat al hoe meer daartoe noop om hom met die samelewing te bemoei. Die staat word nou bevoeg geag om allerlei doeleindes van kultuur, volksgesondheid en welvaart na te strewe. Die enigste voorwaarde was dat dit sou geskied in strenge gebondenheid aan die wet wat die burgers teen die willekeur van die staat beskerm.

(c) In die derde fase het die staatstaak geen juridiese grense meer nie. Hier is geen plek meer vir 'n normatiewe struktuurprinsipe van die staatsverband nie[73].

Hierdie drie ontwikkelingsfases was ten diepste gedra deur heersende denkrigtings en geestesstrominge. Kenmerkend van die wisseling in die opvatting van die staatstaak is die oorgang van die karitatiewe via die humanitêr-etiese prinsipe na die sosiologiese beginsel in die maatskaplike sorg[74].

---

73. Spier: Inleiding, p. 200.

74. Vergelyk Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken.

Die oorgang na die sosiologiese beginsel manifesteer hom veral in die loop van die dekades sedert die begin van die twintigste eeu in 'n veranderde en vermeerderde belangstelling van die owerheid in alle fasette van die maatskaplike lewe. Hierdie owerheidsbemoeiing het veral tot gevolg gehad 'n vernuwing van die begrip algemene welsyn[75].

Die gewysigde staatsopvatting het tot uitvloeisel gewysigde organisasievorme, waarvan die kenmerk veral vermeerderde toesig en kontrole deur die owerheid is[76]. Daar word al hoe meer in die rigting opgegaan waarin die owerheid die administratiewe en organisatoriese sfeer verskaf waarin alle organe hulle arbeid verrig. Die owerheid gee die norme en riglyne aan en tree in 'n toesighoudende hoedanigheid op. Die partikuliere orgaan tree, wat beleidsake betref, al meer in raadgewende hoedanigheid op[77].

Hierdie veranderde bestuurs- en organisasievorme wat vrug is van 'n veranderde mens- en maatskappybeskouing, gaan gepaard met 'n negering van die bekwaamheid van die partikuliere instellinge. Die taak en verantwoordelikheid van die owerheid word verruim en die van die partikuliere inisiatief versmal.

4. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

a. Die sekularisasie, wat die verval van die ou tradisionele Christendomlike kultuur meegebring het, het tot gevolg gehad allerlei simptome kenmerkend van 'n kultuur wat in 'n geweldige krisis gewikkel is. Hierdie simptome, soos angs, eensaamheid, frustrasie, chaos, desintegrasie en isolasie, het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n gemeenskapsideologie waarin die surrogaatgemeenskap tot

---

75. Van den Dam: Maatschappelijk werk, p. 121.

76. De Bruin en Geijs: a.w., pp. 72, 73.

77. Ibid., pp. 73, 74, 77, 78; vgl. ook Berghuis: „Samenwerken van overheid en particulieren", t.a.p. Vgl. ook i.v.m. die onderskeid tussen die begrippe owerheid en staat: Smeenck: Christelijk sociale beginselen, pp. 28-34.

religieuse grootheid verhef word. Dit beheers die ganse nuwe kultuurpatroon.

b. Die krisis bestaan veral daarin dat die nuwe kultuurpatroon nog nie bewus deur almal aanvaar is nie en dat daar as gevolg van die botsing tussen die nuwe en die ou kultuurpatroon tans 'n onsekere oorgangsfase voorkom.

c. Die gemeenskapsideologie is in die nuwe tyd die vrug van die universalistiese maatskappybeskouing waarin die koninkryk van God as die enigste universele en totalitêre entiteit deur die totalitêre staat[78)] verdring word. In hierdie omvattende staatsgemeenskap word die Skrif as lewensnorm verwerp en vervang deur sosiale aanpassing ooreenkomstig pseudowetenskaplike vereistes.

d. Die gedagte van 'n wêreldomspannende staatsgemeenskap vind sy oorsprong reeds in die dualistiese en universalistiese maatskappybeskouing van die Rooms-Katolisisme, wat tussen die sfeer van natuur en die van genade onderskei. Die geïnstitueerde kerk vorm op die terrein van die genade die hoogste gesag, en vanuit hierdie genade-bowebou word die ganse „natuur"-like lewe geheilig. Die geïnstitueerde kerk is die hoogste verband in die menslike samelewing, en dit skryf ook aan die staat, wat die hoogste gesag of toporgaan in die natuurlike lewe is, norme voor.
Die staat word dan as die omvattende lewensverband op die terrein van die natuur gesien, terwyl die kerk weer die ganse lewe onder die siekspan van die genade vat. Hierdie dualistiese uitgangspunt het in 'n gesekulariseerde vorm 'n universalistiese maatskappybeskouing tot gevolg.

e. Samevattend kan die volgende vernaamste eienskappe van die

---

78. Vergelyk Van Bilsen e.a.: <u>Kerk en staat</u> .

universalistiese maatskappybeskouing opgemerk word:

(1) Hierdie opvatting gaan uit van 'n geheel-deel-verhouding in die samelewing, waar 'n bepaalde verband verhef word tot die omspannende samelewingsvorm waarvan die ander samelewingsvorme slegs relatiewe onderdele uitmaak.

(2) Een of ander metode van ordening moet dan bepaal volgens watter reëls die verskillende instansies hulle jeens mekaar sal gedra.

(3) Uit die aard van die saak begin die wetenskap en die tegniek juis op hierdie punt 'n besondere invloed uitoefen. Kenmerkend dus van die universalistiese samelewingsiening is die besondere rol wat die verabsoluteerde wetenskap en tegniek daarin speel.

(4) Orde kom nou tot stand as gevolg van 'n hele reeks wetenskaplik beplande organisatoriese reëlings wat deur 'n geskoolde „elite" aan die ondergeskikte instansies opgelê word.

(5) Juis deur hierdie proses van ordening op die organisatoriese vlak word die weg berei vir een of ander vorm van totalitarisme. In die reël voer hierdie organokrasie, hierdie oorheersing van die organisatoriese, („meganisatoriese") indirek of regstreeks tot staatstotalitarisme.

(6) In laasgenoemde instansie word die staat die omspannende lewensgemeenskap waarin alle ander ondergeskikte instansies as onselfstandige dele opgeneem word.

(7) Hierdie verhouding bring mee 'n omkering in gesagsverhouding tussen liggame onderling en 'n negering

van die soewereiniteit van elke afsonderlike kring en het tot gevolg dat die onderskeie kringe slegs relatiewe outonomie oor eie lewensgebied besit.

(8) Die moderne staatstotalitarisme en die daaraan ten grondslag liggende universalistiese samelewingsiening is vrug van die gemeenskapsideologie wat in die huidige krisistyd so sterk na vore tree.

(9) Dit is 'n poging van 'n van alle norme losgeslane mensheid om sekerheid, vrede en rus te vind in 'n omspannende verabsoluteerde mensegemeenskap. Dit is dan ook ten diepste die vrug van die utopiese geestesstroom wat trag om deur middel van menslike hande 'n eie sekere toekoms te bou[79)].

(f) Wanneer die subsidiariteitsbeginsel teen die agtergrond van die Roomse dualistiese maatskappybeskouing gesien word, kan tot die volgende gevolgtrekkinge geraak word:

(1) Die Aristotelies-Thomistiese natuur-genade motief beheers die ganse Roomse denke oor die onderlinge verhoudinge tussen die onderskeie samelewinginstansies.

(2) Volgens hierdie skema is die staat die omvattende lewensverband op die gebied van die natuur en is alle ander samelewingsverbande hiërargies in 'n geheel-deel-verhouding aan die staat ondergeskik. Hierdie verhouding bring mee 'n situasie waarin die staat as hoogste orgaan aan die laere organe take uitdeel. Hierdie geheel-deel-verhouding

79. Ook van hierdie poging buite die woord van God om sal die profetiese woorde van Daniël 2:43 waar word: „..... hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie".

impliseer voorts dat daar geen wesensonderskeid tussen staat, bedryf, skool, privaat vereniging ensovoorts is nie.

(3) Wanneer daar tussen die samelewingsverbande so 'n verhouding van bowe- en ondergeskiktheid bestaan, waar die bowegeskikte orgaan die taakverdeling behartig, word die aard-eie roeping en taak en in eie kring soewereine gesagsbevoegdheid van die onderskeie samelewingsvorme misken en beskik hulle slegs oor 'n relatiewe afgeleide outonomie oor eie lewensgebied.

(4) Die dualistiese maatskappybeskouing hou verder in dat die sigbare kerk, die institutêre kerk, die ganse Christelike samelewing oorspan en die oorkoepelende genade-bowebou verskaf wat die sekulêre en profane wêreld tot geheiligde vervolmaking voer.

(5) Die basiese uitgangspunt ten opsigte van hierdie maatskappybeskouing is dat die mens met 'n sosiale aanleg as gemeenskapswese gebore word en dat die verskillende lewensgemeenskappe wat die indiwiduele lewe omvat, nou hiërargies georden word binne die totale gemeenskapsverband: die staat, wat tot taak het die behartiging van die algemene welsyn[80).]

(6) Hierdie dualistiese maatskappybeskouing beteken in die praktyk dat die staat normgewend vir alle lewenskringe mag optree, behalwe waar dit om die ewige welsyn van die indiwidue of gemeenskappe gaan. Die institutêre kerk as bonatuurlike gemeenskapsverband omspan weer al die ander gemeenskapsverbande en bepaal ten diepste weer die plek, taak en outonomie van elke verband.

---

80. De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, pp. 80, 81; vgl. ook Cronjé: Mens tot medemens: Cloeck: Maatschappelijk werk in overgangstijd.

(7) Die vrug van hierdie dualistiese maatskappybeskouing is die subsidiariteitsbeginsel wat hom in die moderne tyd geleidelik al hoe meer vergestalt in die standpunt van funksionele desentralisasie, waar die staat in beginsel die algemene welsyn behartig en die partikuliere inisiatief in gemengde organe in 'n adviserende hoedanigheid by die uitvoering van staatsbeleid betrek of ingeskakel word.

(8) Berghuis[81)] waarsku teen hierdie verskynsel, omdat die sosialisme hom juis in hierdie omstandighede subtiel op die organisatoriese en administratiewe vlak voltrek. Ook ander skrywers waarsku teen hierdie tendens waardeur die balans tussen gesag en vryheid versteur word en waardeur die staatstotalitarisme 'n houvas op die maatskaplike lewe kry[82)].

(9) In 'n sekere sin is hierdie subsidiariteitsbeginsel oorblyfsel van 'n tydperk waarin die karitatiewe prinsipe die beheersende beginsel in die maatskaplike sorg was. Die nuwe standpunt van funksionele desentralisasie is in 'n groot mate simptomaties van die oorgang na die sosiologiese prinsipe en lui 'n fase in waarin die staat 'n positiewe en omvattende taak in die maatskaplike sorg behartig[83)]. In 'n hele aantal lande het hierdie gewysigde staatsopvatting reeds posgevat en word die vrug daarvan gewaar in die totalitêre welsynstaat.

(10) Hoewel dit op die oog af lyk asof die beginsel van

---

81. Berghuis, W.P.: „Samenwerken van overheid en particulieren", t.a.p.

82. Nisbett: <u>The quest for community</u>; Van Riessen: <u>De maatschappij der toekomst</u>.

83. Vgl. De Bruin en Geijs: <u>De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken</u>; Everts en Treurniet: <u>Gids voor maatschappelijk werk</u>.

funksionele desentralisasie sentralisasie van mag teë werk, het dit as gevolg van die onderliggende universalistiese maatskappybeskouing juis sentralisasie van mag tot gevolg.

Die standpunt word gehuldig dat die staat nie die funksie van die laere organe behoort oor te neem nie, maar nogtans word die voorbehoud gestel dat die staat die hoogste orgaan op die tydelike natuurlike gebied is en daarom die reg het om in te gryp wanneer 'n laere orgaan op een of ander wyse te kort skiet[84]. Van Riessen[85] sê in verband met hierdie beginsel dat dit in 'n mate die direkte aansig van die totalitarisme versag maar dat dit nogtans 'n verhouding van bowe- en onderskikking impliseer.

(11) In teenstelling met die hierbo aangehaalde dualistiese siening gaan die Calvinisme uit van die grondwaarhede van die gereformeerde geloofsbelydenis, naamlik skepping, sondeval, verlossing, dankbaarheid, asook die gelykwaardigheid en soewereiniteit in eie kring van alle samelewingsvorme en hulle eie begrensde sorgtaak ten opsigte van die menslike samelewing. Die koninkryk van God word sowel in die geloof as vir praktiese doeleindes as die enigste universele en omvattende lewensverband vir die hele maatskaplike lewe aanvaar.

g. Dit blyk dat die twee beginsels van subsidie en subsidiariteit, veral in die moderne totalitêre welsynstaat, tot volle verwesenliking kom. Juis hier word die uiterste vorm van subsidiariteit aangetref, deurdat die staat al hoe meer die sorgtaak van die selfstandige sorginstansies oorneem sodra 'n bepaalde

---

84. Banning: Moderne maatschappijproblemen, p. 168.

85. A.w., p. 84.

sorgsfeer deur die inspanning en pioniersarbeid van die kant van die partikuliere organe ontgin is.

h. Die „oorname" geskied gewoonlik prosesmatig langs die weg van subsidie. Subsidie ondermyn nie slegs die selfstandige karakter van die onderskeie samelewingsvorme nie maar lei tot hulle afhanklikheid van die staat. Uit die aard van die saak is dit logies dat wanneer die owerheid die partikuliere sorg in so 'n gevorderde mate moet subsidieer, dit veel doeltreffender is om die diens self oor te neem. Op hierdie wyse kom die totalitêre welsynstaat onder meer deur die aanvaarding van die subsidiariteitsbeginsel en die proses van subsidie tot stand.

# HOOFSTUK V.

## MODERNE MEGANIESE KOÖRDINASIEMETODES.

Die universalistiese maatskappybeskouing wat met die opkoms van die religie van die kommunard of die hedendaagse gemeenskapsideologie weer pertinent na vore getree het, het bepaalde metodes en vorme van sorg as historiese kultuurprodukte tot gevolg gehad. Hierdie universalistiese geestesstroming met sy utopiese toekomsverwagting het bepaalde meganiese koördinasievorme tot gevolg gehad waarin onder meer die twee beginsels van subsidie en subsidiariteit of altans die huidige ekwivalent daarvan, naamlik funksionele desentralisasie, skerp na vore tree.

Die hedendaagse meganiese koördinasievorme het, benewens die feit dat hulle uit die universalistiese maatskappybeskouing ontspruit het, een ander element gemeenskaplik, naamlik dat hulle in 'n mindere of meerdere mate die vrug is van die utopie[1]. Meganiese koördinasievorme as vrug van die utopie het reeds in uiteenlopende gestaltes na vore getree.

Dit word aangetref in die sogenaamde proses van „ordening", soos dit veral vandag in die ekonomiese lewe aangetref word. In hierdie proses gaan dit om die meganiese daarstelling van gereëlde verhoudinge tussen verskillende sosiale organe[2]. Dit hou in 'n mindere of meerdere mate van sistematiese ingrype in die ekonomiese verhoudinge ten einde bepaalde vooraf opgestelde doeleindes te bereik[3].

Volgens Kuin[4] is ordening, organisasie, owerheidsbemoeiing en planning uitvloeisels van 'n algemene stroming wat aangedui word as die neiging tot die bewuste leidinggewing aan die maatskaplike lewe.

'n Ander uitloper van die meganiese, universalisties utopiese geestesstroom is planning. Dit is 'n proses waarvan konstruktiewe

---

1. Polak: De toekomst is verleden tijd, p. 320; vgl. ook voetnoot 31 van hoofstuk IV.

2. Kuin: Ordening als maatschappelijke verschijnsel, pp. 27, 35 e.v. Die skrywer behandel die hele vraagstuk van ordening in die bedryfs- en ekonomiese lewe in hierdie werk.

3. Banning: Moderne maatschappijproblemen, pp. 162, 163 e.v.

4. Kuin: Ordening als maatschappelijke verschijnsel.

koördinasie en sentralisasie van beheer wesenselemente uitmaak[5]. Sentrale beheersing van die samelewing vanuit een sektor, owerheidsingrype, staatsabsolutisme en die gevolglike nivellering of gelykmaking van verskille, is die regstreekse gevolg van die meganies beplande kollektivering en koördinasie van die samelewing. So is daar ook talle ander meganiese koördinasietendense wat op die verskillende lewensterreine as historiese kultuurprodukte van die universalistiese gemeenskapsideologie na vore tree.

In hierdie hoofstuk word vervolgens slegs twee van die meganiese koördinasievorme breedvoeriger bespreek, omdat dit lig werp op die historiese ontwikkeling wat hom in Suid-Afrika voltrek het. Daar word vervolgens aandag geskenk aan gemeenskapsorganisasie en die totalitêre welsynstaat as meganiese koördinasievorme in die maatskaplike sorg.

## 1. „COMMUNITY ORGANIZATION" AS MEGANIESE KOÖRDINASIETEGNIEK IN DIE MAATSKAPLIKE SORG.

### a. Ontstaan.

'n Nuwe era in die ontwikkeling van maatskaplike sorg word in die negentiende eeu betree met die totstandkoming van allerlei selfstandige partikuliere organisasies. Hier is in der waarheid sprake van 'n geheel en al nuwe geestesstroming wat aan die maatskaplike sorgdenke ten grondslag lê. Die maatskaplike werk, in sy moderne vorm van „casework, groupwork and community organization" is volgens

---

5. Kyk in verband met planning as meganiese koördinasievorm o.m. die volgende werke: Polak: De toekomst is verleden tijd, dl. I en II; Om het behoud van ons bestaan; Banning: Moderne maatschappijproblemen; Nisbett: The quest for community; Van Ryssen: Die messias uit die aarde; Van Riessen: De maatschappij der toekomst; Grosheide e.a. Christelijke encyclopaedie, pp. 466, 467; Jolles, H.M.: „Het ideaal van de planner" in Sociologische Gids; IV, 1, Januarie 1957; pp. 1 - 6; Kuin: Ordening als maatschappelike verschijnsel; Venter, J.J.: Die huidige krisis in die menslike samelewing met besondere verwysing na die sosiologiese opvatting van Karl Mannheim; De Haan, B.J.: „Bureaucratie", in Nederlands Sociologische Vereniging; Sociologisch Jaarboek, dl. III; Leiden, E.J. Brill, 1949; asook die artikel van Kuin: „Bureaucratie", t.a.p.; Van den Dam: Maatschappelijk werk; Mannheim K: Man and society in an age of social reconstruction; London, Kegan Paul, 1940.

Everts en Treurniet[6], vrug van die evolusie wat die hele maatskappybeeld in die negentiende en twintigste eeu ondergaan het.

Met die Industriële Rewolusie en die snelle ontwikkeling en hoogbloei van die wetenskap en tegniek het 'n geheel nuwe geestesklimaat oor Wes-Europa gespoel, wat veral daardeur gekenmerk is dat dit 'n besondere waardering vir die gemeenskaps- of sosiale aspek van die menslike lewe gehad het asook 'n kenmerkende breuk met die tradisioneel geldende waardes en norme, ook op die gebied van die maatskaplike sorg, meegebring het.

Duidelik word bogenoemde omwenteling weerspieël in die oorgang van die karitatiewe na die sosiologiese beginsel as grondslag van die maatskaplike sorg[7].

As gevolg van die groot Industriële Rewolusie en die vooruitgang van die wetenskap en tegniek wat veral in die negentiende eeu sy hoogtepunt bereik het, het die armes se posisie, veral in Engeland, al hoe hagliker geword[8]. As gevolg van die heersende opvattings in verband met die beperktheid van die staatstaak is daar van die kant van die owerheid weinig gedoen om hierdie toestande te verhelp. As gevolg van die geweldige geestelike verval in die negentiende-eeuse kerke kon daar van die

---

6. Gids voor maatschappelijk werk, pp. 3, 25, e.v.; Pieterse, dr. J.: „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk", artikel in Mens en gemeenskap, III, 1, Maart 1962. Die negentiende eeu verteenwoordig 'n fundamentele verskuiwing in die ganse mensbeeld en maatskappybeskouing. As gevolg van die Industriële Rewolusie, die Réveille en veral die voortskrydende sekularisasie dring die humanisme al meer op die voorgrond. Vergelyk in verband met die fundamentele verskuiwings wat hulle in die negentiende eeu voltrek: Biesterveld, prof.dr. P., van Lonkhuisen, dr. J., en Rudolph, ds. R.W.J.: Het diaconaat; Hilversum, J.H. Witzel, 1907; pp. 203, 201, 189; Kamphuis, M. e.a.: Helpen als ambacht; Baarn, Bosch en Keuning; pp. 43, 46, 50, 90.; Warner, A.G., Queen, S.A. and Harper, E.B.: American charities and social work, fourth edition; New York, T.Y. Crowell Co., 1937; p. 21; Witmer, H.: Social work. An analysis of a social institution; New York, Rinehart and Co., 1942; pp. 127,142, 165; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 13 e.v.

7. Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk, pp. 25-27; asook De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijk dienst voor sociale zaken, pp. 54-55.

8. Vergelyk Warner, Queen and Harper: American charities and social work, p. 6.

kant van die kerk ook min hulp verwag word.

Die benarde posisie waarin talle van die armes en arbeiders in hierdie tyd verkeer het, het dan as stimulus gedien vir die skielike ontstaan soos paddastoele van 'n menigte privaat organisasies wat hulle dikwels op besonder onoordeelkundige wyse met die welsyn van die armes bemoei het. Die onoordeelkundige wyse waarop vryelik aan feitlik alle behoeftige aansoekers hulp verleen is, het daartoe meegewerk dat bedelary[9] op groot skaal toegeneem het en die uitdeel van aalmoese aan behoeftiges alledaagse praktyk geword het.

Daar ontstaan dus gedurende hierdie tydperk, veral as gevolg van min bemoeienis van die kant van die staat en die kerk, 'n geweldige opbloei in die werk van die partikuliere inisiatief. Dit is veral die sektariese en meer humanistiese georiënteerde liggame wat nou op die voorgrond tree. Hierdie massale oplewing van die privaat inisiatief met sy oormatige duplisering en oorvleueling van hulpverlening enersyds en die skreiende leemtes en verwaarlosing andersyds is die hoofstimulus vir die totstandkoming van die „Charity organization societies" in Engeland (1868) en Amerika (1877), wat hoofsaaklik koördinasie van hulpverlening en koöperasie ten doel het[10].

Gedurende hierdie selfde periode kom in die „East End" van Londen, deur die werk van domheer Samuel Barnett, die eerste „social settlement" tot stand, bekend as Toynbee-hall. Dit word ook gekarakteriseer as 'n sosiale nedersetting met 'n gemeenskapsentrum as sentrale buurthuis. Die doel van hierdie „social settlements" was die koördinasie van gesa-

---

9. Steiner, J.F.: Community organization; New York, Century, 1925; p.101; vgl. ook Miles, A.P.: American social work theory; A critique and a proposal; New York, Harper and Brothers, 1954.

10. Vgl. Biesterveldt e.a.: Het diaconaat, p. 202; Norton, W.J.: The co-operative movement in social work; New York, Macmillan, 1927; pp. 9, 18, 19, 21; Young, A.F. and Ashton, E.T.: British social work in the nineteenth century; London, Rutledge and Kegan Paul, 1956; pp. 69, 92. 94, 95, 98; Steiner: Community organization; pp. 101, 103; Warner, Queen and Harper: American charities and social work, pp. 23, 521; Witmer, H.L.: Social work; p. 142; Kamphuis M. e.a.: Helpen als ambacht. Studies over maatschappelijk werk; Baarn, Bosch en Keunig, 1951, p. 73; Encyclopaedia Brittanica, Cambridge University Press, 1910-1911, 11th edition, vol. 5, p. 885.

mentlike pogings ten behoewe van die sorgbehoewende in 'n bepaalde buurt[11].

Die huiwerige pogings tot koördinasie wat deur hierdie twee genoemde rigtings, te wete die „Charity organization society" en die „Social settlements"-beweging, aangewend is, tesame met die heersende geestesklimaat waarin veral klem gelê is op die gedagte van die versorging van die „gemeenskap as geheel", het 'n leidende rol gespeel in die ontstaan van die gemeenskapsorganisasietegniek[12].

By beide hierdie bewegings word die koördinasie van aktiwiteite onder leiding van wetenskaplik geskoolde amptenare in 'n mindere of meerdere mate gevind.

Steiner[13] voer verder ook aan dat die wetenskaplike benadering van die studie van sosiale probleme grootliks tot die „gemeenskapsbeweging" bygedra het.

b. Gemeenskapsorganisasie (begripsbepaling).

Die begrip gemeenskapsorganisasie is van huis uit Amerikaans en word ook gedra deur 'n tipies-Amerikaanse gedagtestroming[14]. Weliswaar het dit reeds sy oorsprong in die „Social settlement" en „Charity organization society"-beweging, wat in Engeland en later in Amerika ontspring het, maar die nuwere konnotasie en waarde wat aan die begrip geheg word, is produk van die kulminasie van die faktore wat reeds 'n geruime tyd lank

---

11. Grosheide e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 67; Kurtz, Russel H.: Social work yearbook. A description of organised activities in social work and in related fields; 14th issue; New York, Boyd Printing Co., 1960; p. 187; Seligman, R.A.: Encyclopaedia of the social sciences; The Macmillan Co., MCMXLVIII; pp. 157-162.

12. Witmer: Social work, pp. 143, 167; Steiner: Community organization, pp. 5, 101, 111, 113, 114; Norton: The co-operative movement in social work, p. 135; Young and Ashton: British social work in the nineteenth century, pp. 233-234. In hierdie fase kom die owerheid nou ook meer in die sentrum van die sorgaktiwiteite te staan. Dit vorm 'n lynregte kontras met die ou opvatting van die begrensde owerheidstaak. Sien ook Moltzer, M.J.A.: „De organisatie van het maatmaatschappelijk werk", artikel in Problemen van maatschappelijk werk; Gedenkboek ter gelegenheid van het 50-jarige bestaan (1899-1949) van de school voor maatschappelijk werk; Amsterdam, J. Muuses, 1949.

13. Community organization, p. 11.

14. Boer, J.: „Community organization en community development als methoden bij het maatschappelijk opbouwerk", in Kamphuis, M.: Om de leefbaarheid van het bestaan. Geschriften van de Academie voor Sociale en Culturele Arbeid te Croningen, nr. 3; Lochem, De Tijdstroom, 1959; p. 98.

in die Westerse samelewing hulle desintegrerende werksaamhede voortsit.

Hierdie stelling geld nie net ten opsigte van „community organization" nie maar ook van sy aanverwante verskynsels soos „community development" en „community planning"[15]

(1) M.G. Ross.

M.G. Ross definieer die begrip „community organization" in sy gesaghebbende werk oor hierdie onderwerp soos volg: „Community organization ..... is a process by which a community identifies its needs or objectives, orders (or ranks) these needs or objectives, develops the confidence and will to work at these needs or objectives, finds the resources (internal and/or external) to deal with these needs or objectives, takes action in respect to them, and in so doing extends and develops coöperative and collaborative attitudes and practices in the community".

Dit is dus 'n proses waardeur 'n „gemeenskap"

(a) sy node en doelstellings vasstel;

(b) dit orden en rangskik;

(c) die vertroue en wil om hieraan te werk uitbou;

(d) die interne of eksterne bronne vind om met hierdie node te handel en die doelstellings te bereik;

(e) hiertoe handelend optree

(f) en deur dit te doen samewerking en gesamentlike optrede in die gemeenskap laat ontwikkel[16].

Die begrip community word deur Ross in tweërlei betekenis gebruik. Hy onderskei 1) geografiese en 2) funksionele gemeenskap. Onder eersgenoemde word ingesluit al die persone in 'n spesifieke „geografiese area". Gemeenskap of „community" word egter ook gebruik as 'n aanduiding van 'n groep of groepe persone met gemeenskaplike belange of funksies. Uit die aard van die saak sluit die laaste betekenis nie

---

15. Community organization, p. 39; kyk ook Pieterse, dr. J.E.: „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk", artikel in Mens en gemeenskap, III, I, Maart 1962; asook Stulting: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies, p. 20 e.v. Die begrip „community organization" word doelbewus so gespel, in teenstelling met die gewone skryfwyse „community organisation", omdat dit die gangbare spelling in die Amerikaanse literatuur is.

16. Vgl. Boer: „Community organization en community development", a.w., t.a.p., p.94; Ross: Community Organization.

almal in die geografiese gemeenskap in nie maar net die beperkte groep wat op funksionele wyse verbonde is[17].

Die samelewing/gemeenskap bepaal, volgens die definisie van Ross, vanself watter behoeftes daar bestaan en watter oogmerke nagestreef behoort te word. Hierdie node of behoeftes word ooreenkomstig die gemeenskaplike maatstawwe georden en gerangskik in die volgorde van belangrikheid en word dan deur middel van gesamentlike aksie en die gebruik van sekere interne of eksterne bronne opgelos. Naas die konkrete en min of meer materiële behoeftes en voorsieninge speel die verbetering van die tussenmenslike verhoudings, die sogenaamde gemeenskapsintegrasie, 'n groot rol in die „community organization"-proses[18].

(2) Die Christelijke encyclopaedie.

Die Christelijke encyclopaedie vertaal „community organization" met „buurt-huiswerk"[19] soos dit in Nederland bekend is en omskryf dit soos volg: „Een facet van maatschappelijk werk, arbeid die tracht, met krachtig gebruik van een centraal huis, een buurthuis, de buurt- , wijk- of dorpsgemeenschap te bevorderen".

Die hoofdoel van hierdie werksaamhede was histories die vorming van gemeenskap. Opvallend is dat hierdie buurthuise neutraal wou wees en van geen verbondenheid aan godsdiens of politiek wou weet nie omdat hierdie verbondenheid moontlik juis 'n breuk in die gemeenskapsvorming tot stand sou bring[20]. Hierdie ouere „buurt-huiswerk" ontwikkel die afgelope jare in die rigting van „community association", naamlik koördinerende, buurt- of wykswerk.

Die skrywer van hierdie gedeelte in die ensiklopedie wys daarop dat die ontwikkeling van hierdie sogenaamde neutrale werk vir die Christen veral ten opsigte van deelname en samewerking veel probleme

---

17. Ross: Community organization, pp. 40, 41; Boer: a.w., t.a.p., p. 93; vgl. ook Stulting: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies.

18. Boer; a.w., t.a.p., p. 95.

19. T.a.p., p. 67 e.v.

20. Grosheide e.a.: Christelijke encyclopaedie, p. 67; vgl, ook Kurtz; Social work yearbook, 1960, p. 187; Seligman: Encyclopaedie of the social sciences, pp. 157-172.

oplewer. „Waar de mythe van ‚de gemeenschap' overheerst, waar strikte neutraliteit geldt, is medewerking van Christenen feitelijk onmogelijk". Die skrywer wys ten slotte daarop dat „buurt-huiswerk" opvoedingswerk is en opvoeding wat nie na Christus wys nie werk destruktief[21].

(3) J.P.A. Van den Dam[22].

Volgens Van den Dam is „community organization" die proses waardeur hulpbronne en behoeftes op die terrein van die sosiale welsyn, aanwesig binne 'n geografies- of funksioneel begrensde arbeidsveld, steeds effektiewer op mekaar afgestem word. Dit gaan, volgens hierdie skrywer, in hierdie metode[23] in die maatskaplike werk baie duidelik om bemoeiinge op die gebied van die sosiale welwese waarby menslike behoeftes ondersoek word, nagespeur word watter hulpbronne aanwesig is, behoeftes en hulpbronne met mekaar in aanraking gebring word, die belangstelling van die burgers vir die sosiale probleme in die gemeenskap opgewek word en leemtes en oorvleueling in hulpverlening uitgeskakel word[24].

(4) Arthur Miles.[25]

Hierdie skrywer verstaan onder hierdie proses „the procedures and techniques used in translating plans into action"[26]. Dit gaan dus, volgens hierdie omskrywing, om die toepassing van bepaalde tegnieke ten einde bepaalde vooraf opgestelde planne te verwesenlik.

(5) Samevattend.

Samevattend word die volgende ten opsigte van die begrip „community organization" gestel:

(a) Blykbaar het die begrip „community organization" in elke land waar dit wortelgeskiet het, tot 'n eiesoortige funksie en

---

21. Grosheide, e.a., a.w., p. 68.

22. Van den Dam: Maatschappelijk werk, p. 88.

23. Boer: a.w., t.a.p., p. 92.

24. Van den Dam: a.w., p. 89; vgl. ook Fairchild: Dictionary of sociology, p. 52.

25. Miles: American social work theory.

26. Miles: a.w., p. 184.

betekenis ontwikkel. Gemeenskaplike elemente eie aan feitlik al die omskrywinge van die begrip is die volgende:

(i) Dit is 'n proses wat as hoofdoelwit het die nastrewing van gemeenskap of gemeenskapsintegrasie[27].

i. In breëre sin omvat die gemeenskapsintegrasie die onderlinge verhouding en koördisie van verskillende metodes van versorging en die werk van verskillende versorgingsinstansies.

ii. In engere sin het dit ten doel die verbetering of integrasie van tussenmenslike verhoudinge.

(ii) Dit het ook ten doel die afstem van hulpbronne op die behoeftes en nodes aanwesig in die gemeenskap.

(iii) Gemeenskapsorganisasie veronderstel altyd in 'n mindere of meerdere mate die bestaan van 'n voorafopgestelde plan waarvolgens die proses moet verloop.

(b) Kenmerkend dus van die ontwikkeling van „community organization" is die feit dat dit alle verbondenheid met godsdienstige of politieke groeperinge negeer. Dit kan uit die aard van die saak ook nie anders nie, want wanneer verskillende versorgingsmetodes vanuit verskillende lewens- en wêreldbeskouinge ten bate van en in diens van die gemeenskap onder een noemer saam gekoördineer word, moet hulle noodgedwonge ter wille van samewerking hulle religieuse verbondenheid prysgee.

c. „Community development".

Alvorens daar nader op die spesifieke taak en funksie van gemeenskapsorganisasie ingegaan word, onderskei ons hierdie begrip kortliks van die begrip „community development". Hiermee word beoog die daarstelling vir die hele gemeenskap van sosiale en ekonomiese

---

27. Ross: Community organization; Norton: The Co-operative movement in social work, p. 151.

omstandighede wat vir hulle so gunstig moontlik is, en dit moet vervul word met die aktiewe deelname en so volledig moontlike eie inisiatief van daardie gemeenskap. Dit sluit, volgens Ross, onder andere ook in die bevrediging van die nie-materiële behoeftes van die gemeenskap[28].

Die proses van gemeenskapsontwikkeling stam uit twee prosesse, naamlik ekonomiese ontwikkeling en gemeenskapsorganisasie[29]. Van die kant van gemeenskapsorganisasie het dit die idees van maatskaplike welsyn, opvoeding van volwassenes, openbare ontspanning, sosiale beplanning en sosiale wetgewing oorgeërf, terwyl die ekonomiese ontwikkeling veral die gedagtes van die verhoging van die lewenstandaard deur vermeerderde produksie, die distribusie van materiële bronne, ensovoorts, laat posvat het.

Die „community organization"-proses is die oudste van die twee. „Community development" is volgens die meeste skrywers 'n omvattender begrip. Dit dui 'n ontwikkelingsproses aan wat alle fasette van die menslike samelewing dek en wat 'n plan van aksie vir die hele samelewing as geheel inhou. „It is in this sense that community development programmes have to be set up and organized as an interrelated approach simultaneously on different fronts"[30]. Die term „community development" het na die Tweede Wêreldoorlog internasionale betekenis verkry, toe deskundiges van leidinggewende lande, onder andere Amerika, op ekonomiese gronde uitgestuur is na onderontwikkelde gebiede in ander lande, veral soos geblyk het, na agrariese gebiede. Spoedig het dit geblyk dat ekonomies-tegniese programme aangevul moes word deur allerlei sosiaal-kulturele maatreëls. Verder is gevind dat vir die verbetering van die sosiaal-ekonomiese situasie 'n geïntegreerde en gekoördineerde optrede

---

28. Boer: „Community organization en community development", a.w., t.a.p., p. 99; Ross: Community organization, p. 7. Albei skrywers verwys na die definisie van „community development" in die Twentieth report of the Administrative Committee on co-ordination of the economic and social council (E/2931, Annex. III).

29. Prahbu, dr. P.H.: „Social psychology of community development", in Indian journal of social work; XX, 5, June 1960.

30. Vgl. Boer: a.w., t.a.p., p. 100 e.v., asook Prahbu: „Social psychology of community development", t.a.p.

van alle gespesialiseerde dienste nodig was[31].

Baie duidelik en onomwonde blyk uit die ontwikkeling van die „community development" dat ook hier sprake is van 'n sterk ideologiese geladenheid. Die twee belangrike aspekte van die proses, naamlik die opvoedkundige en die organisatoriese, moet volgens mej. T. Boer gebaseer wees op en rekening hou met die sogenaamde „felt needs" van die gemeenskap. Baie duidelik kom hierdie ideologiese agtergrond tot uiting daarin dat die proses, veral gesien vanuit opvoedkundige oogpunt, ten doel het 'n verandering in die houding, mentaliteit en gedragspatroon in die gemeenskap indien dit volgens die insigte van die deskundiges die beoogde sosiale en ekonomiese vooruitgang in die weg staan. Die sukses van die beweging is dan ook volgens die skryfster in 'n groot mate afhanklik van die mate waarin die bepaalde gemeenskap waarin die proses plaasvind, hom met die hele onderneming emosioneel identifiseer[32].

F.J.A. Bouman gebruik die begrip „<u>community development</u>" en „maatschappelijke opbouwerk" as sinoniem[33].

d. <u>Die funksie en taak van gemeenskapsorganisasie.</u>

Ross onderskei in sy werk <u>Community organization</u> drie tipes doelwitte wat in gemeenskapsorganisasie nagestreef kan word, naamlik:[34]

(1) <u>'n Spesifieke doelwit.</u>

In hierdie geval is die werk van die groep uitsluitend gesentreer op 'n spesifieke doelstelling wat nagestreef word.

(2) <u>Algemene doelstelling.</u>

Die tweede algemene benadering noem hy die „general content objective". Dit word nagestreef wanneer 'n groep, organisasie of raad, soos byvoorbeeld 'n welsynsraad, waarvan die doelstelling is die koördinasie en ordelike uitbouing van dienste

---

31. Boer: a.w., t.a.p., p. 103.

32. Ibid., pp. 100, 101, e.v.

33. Bouman, dr. F.J.A.: „Aspecten van maatschappelijke opbouw", artikel in <u>Mens en maatschappij</u>, XXXVI, 2,

34. Aldaar, pp. 17, 19, 20, 49.

in 'n bepaalde belangstellingsgebied, die algemene doel nastreef om toe te sien dat die bestaande dienste ordelik uitgebou en oorvleueling en leemtes uitgeskakel word. Hy lê in hierdie verband die baie belangrike stelling neer, naamlik dat die koördinasie van die dienste van outonome verenigings nie geforseer kan word nie maar dat die groepe betrokke by die proses in 'n sekere mate deur middel van verteenwoordiging betrek moet word.

(3) „Process objective".

Hier is die hoofdoelwit om die bevolking van 'n bepaalde streek te aktiveer om self ten opsigte van 'n spesifieke probleem handelend op te tree.

Gemeenskapsorganisasies het, volgens Ross[35], tot primêre taak om in die gemeenskap die nodige integrasie en kohesie te bewerkstellig wat die bepaalde gemeenskap in staat sal stel om die probleme in sy midde te oorkom. Die kernprobleem wat gemeenskapsorganisasie moet oplos, is 'n foutiewe heersende kultuurpatroon en waardestelsel. Dit is interessant dat hierdie skrywer daarop wys dat die proses dikwels juis misluk omdat dit weinig aansluiting vind by die heersende kultuurpatroon. Hierdie feit dui daarop dat gemeenskapsorganisasie die draer van 'n bepaalde ideologie of lewens- en wêreldbeskouing is en dat dit juis hierdie ideologie in die samelewing wil indra waar die sogenaamde neutrale tegniek toegepas word. Die hoofdoelwit van gemeenskapsorganisasie, naamlik om die gemeenskap te leer om homself te help, geskied, volgens hierdie skrywer, onder meer deur 'n verandering van die ou gevestigde, tradisionele lewenswaardes. Hierdie vooruitgang geskied onder leiding van 'n wetenskaplik geskoolde „elite"[36] wat die rigting en koers aandui waarin hierdie verandering ooreenkomstig wetenskaplike eise en voorwaardes moet geskied. Hierdie klein groepie wat die verandering moet bewerkstellig, moet sosiaal-

35. Ibid., p. 42.

36. Ibid., p. 13; vgl. ook Van Riessen: De maatschappij der toekomst.

wetenskaplik geskooldes wees of anders leiding ontvang van die „social scientists"[37].

e. Metodes waardeur gemeenskapsorganisasie bewerkstellig word.

Reeds in die vroegste ontwikkelingsfases van die „Charity organization society" was die metodes wat aangewend is om die koördinasie van sorgaktiwiteite te bewerkstellig: gemeenskapskasse, sosiale rade en sentrale registers[38].

Vandag nog word die spore van hierdie ontwikkeling in die meeste lande aangetref waar die maatskaplike werk en aanverwante tegnieke hulle ingang gevind het.

Die wyse waarop die proses van gemeenskapsorganisasie veral ingang gevind het in die meeste lande waar dit aanvanklik onbekend was, is in die vorm van sosiale rade en die gemeenskapskasbeweging („social councils and community chests"). Alle welsynsorganisasies het in 'n mindere of meerdere mate in die „community organization"-proses 'n rol gespeel, maar die gemeenskapskasse en -rade het in hoofsaak die professionalisering van die proses teweeggebring[39].

Dit is veral na die Tweede Wêreldoorlog dat hierdie koördinasietendens en eenheidstrewe tussen die gedifferensieerde en gespesialiseerde organisasies hom voordoen[40]. Hierdie eenheidstrewe manifesteer hom in Nederland veral in die opkoms van die koördinerende rade[41]. Die Armenwet van 1912 in Nederland maak reeds voorsiening vir die stigting van hierdie

---

37. Ross: a.w., p. 75. Let in die verband op die feit dat 'n kwart van die lede van die Nasionale Welsynsraad geskoolde sosiaal-wetenskaplikes moet wees.

38. Vgl. Norton: The co-operative movement in social work, pp. 22, 35, 51; Warner, Queen and Harper: American Charities and social work, p. 28; Young and Ashton: British social work, pp. 108, 119; Stroup, Herbert: Social Work. An introduction to the field; New York, American Book Co., 1948; pp. 49, 54.

39. Miles: American social work theory, p. 190; Boer: „Community organization en community development," p. 96; Seligman: Encyclopaedia of the social sciences, pp. 106-107.

40. Boer; a.w., t.a.p., p. 91; Warner, Queen and Harper: American charities and social work, p. 525.

41. Moltzer, M.J.A.: „Organisasie van het maatschappelijk werk", in Problemen van maatschappelijk werk. Kyk die hele hoofstuk.

sogenaamde „armenraden". Later word hulle bekend as sosiale rade en ondergaan ook die kenmerkende oorgang van die karitatiewe na die sosiologiese prinsipe wat die hele ontwikkeling van die maatskaplike sorg ondergaan het[42).

In Amerika het hierdie tendens tot die koördinasie van werksaamhede deur middel van sosiale rade reeds vroeg in die eerste dekades van hierdie eeu sy verskyning gemaak. Die hooftaak van hierdie sosiale rade was om koördinasie van werk te bevorder veral deur die identifisering van gemeenskaplike behoeftes en die gesamentlike optrede ten opsigte daarvan[43).

Hierdie federasies van sosiale organe, „social councils" of welsynsrade in Amerika stem ooreen met die „sosiale raden" en in 'n sekere sin ook met die „provinciale opbouworganen" in Nederland. Veral die Nederlandse organe toon groot trekke van ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies en sy plaaslike of streekwelsynsrade[44).

Die gemeenskapskas het in hoofsaak ten doel die gesamentlike finansiering van die werk van sy geaffilieerde ledeorganisasies, terwyl die sosiale raad ten doel het die koördinasie en integrasie van verskillende dienste in die „gemeenskap".[45) In Amerika het hierdie federatiewe tendens alle sektore van die samelewing ingesluit, naamlik gesondheid, ontspanning, opvoeding, welsyn en so meer[46).

---

42. Vgl. Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk, pp. 25, 49, 50; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, pp. 54, 55; Polak: De toekomst is verleden tijd, pp. 104-108; vgl. ook p. 121 van hierdie verhandeling.

43. Ross: Community organization, p. 41; vgl. ook: Norton: The co-operative movement in social work, p. 36. Boer: „Community organization en community development", asook Miles: American social work theory.

44. Vgl. Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk; Ross: Community organization; Boer: „Community organization en community development", t.a.p., asook Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig.

45. Miles: American social work theory, p. 194.

46. Die verskil tussen hierdie federatiewe tendens en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings is hoofsaaklik geleë in die feit dat die twee federasievorme vrug is van twee radikaal antitetiese geesstrominge. 'n Ander opmerklike verskil is die feit dat organisasies wat gebruik maak van die dienste van professionele maatskaplike werkers saam polariseer by eg. rade. Dikwels kom hierdie rade ook van owerheidsweë tot stand. Die F.A.K. daarenteen snoer liggame saam wat op grond van die aanvaarding van die gemeenskaplike taak van kultuuruitbouing en handhawing tot die federasie toetree.

Die Social work yearbook van 1960 wys daarop dat dit kenmerkend is van die ontwikkeling van die gemeenskapsorganisasieproses dat daar sedert 1930 'n merkbare toename in staatstoetrede tot hierdie terrein te bespeur is.

Hierdie verskynsel word allerweë beskou as 'n mylpaal op die gebied van die ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie. In hierdie tydperk het talle state daartoe oorgegaan om staatsdepartemente met maatskaplike welsyn as hooftaak in die lewe te roep. Die staatsdepartemente het met maatskaplike welsyn as opdrag onder andere tot funksie gehad die administrasie van welsynsaktiwiteite waarvoor statutêr voorsiening gemaak is. Daar word verder ook gewys op die feit dat hierdie ontwikkeling noodwendig sentralisasie meebring[47].

Die weë waarlangs gemeenskapsorganisasie veral ingang gevind het, was sosiale rade, gemeenskapskasse en sentraal koördinerende staatsdepartemente van maatskaplike welsyn.

f. Gemeenskapsorganisasie - die draer van 'n lewens- en wêreldbeskouing.

Gesaghebbende skrywers erken dat die doelstellings van gemeenskapsorganisasie in die normatiewe sfeer veranker is. In hierdie verband is konserwatisme 'n struikelblok in die weg van „social change"[48].

„Community organization" word algemeen aanvaar as die derde metode in die maatskaplike werk wat saam met „social casework" (maatskaplike gevallestudiewerk) en groepwerk, verteenwoordigend is van 'n bepaalde mens- maatskappy- lewens- en wêreldbeskouing. Dit is veranker in dieselfde teoretiese en prinsipiële agtergrond en is gelaai met die ideologie van die maatskaplike werk[49].

Dit onderskryf ook die basiese beginsels wat in die gangbare „social casework" van toepassing is, waaronder die inherente waarde en waardigheid en die selfbeskikkingsreg van die individu, aanpassing by die omgewing,

---

47. Ibid., pp. 187, 188; Encyclopaedia of the social sciences, p. 107.

48. Vgl. Boer: „Community organization en community development"; Kamphuis: Om de leefbaarheid van het bestaan, p. 96; Ross: Community organization, pp. 60, 72; Steiner: Community organization, p. 71.

49. Vgl. Boer: „Community organization en community development", t.a.p., p. 97; asook Miles: American social work theory; Ross: Community organization; Venter, C.N.: „Maatskaplike werk en die P.U.", artikel in Die Veteraan, XXVIII, 2, Junie 1963; Idem: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk. Bisno, H.: The Philosophy of social work; Washington, Public Affairs press, 1952.

ens.[50])

Miles[51]) verklaar onomwonde dat die basis van die dinamika van gemeenskapsorganisasie die deur Dewey geïnspireerde pragmatisme is. Hy verklaar: „It comes directly from John Dewey's philosophy of the 'Ever-enduring process of perfecting, maturing and refining' goals in community life".

Die proses het dan deur die leiding van sosiaal-wetenskaplik opgeleide deskundiges ten doel om die „gemeenskap in nood" in die oplos van sy sosiale probleme behulpsaam te wees.

Nie slegs die pragmatisme vanuit Amerika het in die ontwikkeling van die maatskaplike werk en die tegniek van gemeenskapsorganisasie 'n beslissende woord meegespreek nie, maar op baie subtiele wyse het die Freudianisme veral as nuwe wyse van lewensindiensstelling, as 'n nuwe kultuurpatroon 'n beslissende invloed op die ontwikkeling van die proses uitgeoefen. Dit is dan veral die maatskaplike werk-filosofie as 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat in die gemeenskapsorganisasieproses tot uiting kom. Die maatskaplike werk-filosofie is deursuur van die a priori's van die Freudiaanse dieptepsigologie[52]).

Ten opsigte van die wese van professionele maatskaplike werk kom Venter[53]) op grond van 'n prinsipiële ontleding van die basies onderliggende beginsels ten grondslag van maatskaplike werk tot die gevolgtrekking dat die metode juis as gevolg van die uitgangspunt en mensbeskouing

---

50. Van Loon, dr. P.C.J.: Doelmatigheid van het maatschappelijk werk; Hertogenbosch; Malmberg, 1950; p. 30; Miles: American social work theory, pp. 77, 214; Ross: Community organization, pp. 60, 61, 62, 66; Bisno: The philosophy of social work, pp. 5, 35; Hamilton, Gordon: Theory and practice of social casework, pp. 6-11; Van Rooy: Casework en maatschappelijk werk; Boer: „Community organization en community development", t.a.p., p. 96; vgl. ook Venter: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk, pp. 87, 88 en die hele hoofstuk V en „Maatskaplike werk en die P.U.", t.a.p.

51. Miles: American social work theory, p. 202.

52. Vgl. Wurth: Mensbeschouwing en maatschappelijke werk; p. 36; Miles: American social work theory; Bisno: The philosophy of social work.

53. Venter, C.N.: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk, pp. 106, 107.

nie in staat is om die probleem (maatskaplike krisis) wat dit wil bestry, op te los nie. Dit staan magteloos voor die probleem omdat dit nie kultuurproduktief is nie. Verder voer hy aan dat dit hoogstens 'n tegniese bindmiddel is wat op meganiese wyse trag om tussenmenslike verhoudinge te herstel.

Hierdie gevolgtrekking kan selfs in 'n sterker mate van toepassing wees op die gemeenskapsorganisasietegniek wat op organisatoriese en administratiewe vlak hierdie eenheid of integrasie nastrewe.

g. Samevattend.

(1) Gemeenskapsorganisasie is gebore uit tweërlei versorgingsmetodes, naamlik die „Charity organization society" en die „Social settlement"-beweging, wat beide inherent ten doel gehad het die uitskakeling van oorvleueling en leemtes in versorging en die totstandkoming van geestelike integrasie: „communitas" of 'n „spiritual community"[54], met behulp van 'n organisatories administratiewe tegniek.

(2) Die gemeenskapsorganisasieproses het ten doel die daarstelling van intermenslike gemeenskap, omdat daar as gevolg van die industrialisasie en verstedeliking en die ontstaan van koel en onpersoonlike „gesellschaft"-verhoudinge gebrek aan gemeenskap tot stand gekom het.

(3) Dit is een van die drie basiese metodes in die gangbare professionele maatskaplike werk en is gevoed uit dieselfde ideologiese ondergrond as die professionele maatskaplike werk.

(4) Die wyse waarop dit oral in die wêreld ingang gevind het, was veral deur middel van gemeenskapskasse, sosiale rade en staatsdepartemente van maatskaplike welsyn.

(5) Gemeenskapsorganisasie is saam met „casework" en „groupwork" die draer van 'n bepaalde lewensbeskouing.

---

54. Tellegen, prof.dr. F. Ph.: „Bezinning op communicatie", artikel in Tijdschrift voor maatschappelijk werk, XXIII, 12 , 20 Junie 1959; vgl. ook Ross: Community organization, pp. 50, 51, asook Boer: „Community organization en community development", t.a.p., p. 106. J.F. Steiner wys in die verband op die ideaal van die „Social Settlement"-beweging en noem dit „community solidarity" - vgl. sy Community organization, pp. 113, 114.

## 2. DIE TOTALITêRE WELSYNSTAAT.

Wanneer die opkoms en ontstaan van die moderne totalitêre welsynstaat gesien word teen die agtergrond geskets in die vorige hoofstuk, is dit baie duidelik dat dit vrug is van 'n diepgaande proses van sekularisasie wat hom in die Westerse wêreld voltrek het. Simptome van hierdie tendens word ook in die Ooste bespeur[55].

Tegelyk met hierdie proses en hoofsaaklik as gevolg daarvan het 'n geheel nuwe opvatting van die staatstaak ontstaan, wat nie slegs aan die staat 'n meer sentrale plek in die samelewing toeken nie maar ook daaraan 'n veel breër omlynde sorgtaak in die menslike en maatskaplike lewe toeken. Die staatstaak word nou omskryf as die behartiging van die „algemene welsyn" of die „welsyn van die gemeenskap".

Met hierdie nuwe interpretasie van die staatstaak het die burger die reg om van die staat sy daaglikse lewensonderhoud te eis as hy om een of ander rede buite sy beheer (dikwels binne sy beheer) nie in sy eie behoeftes kan voorsien nie[56]. Die moderne metodes van bestaansbeveiliging en maatskaplike versekering moet in die gedesintegreerde menslike lewe weer sekerheid en stabiliteit bring. Dit moet in die uiteengevalle massamaatskappy weer eens binding en kohesie verskaf, sodat deur die wetenskaplike planning van die menslike lewe die leemte van gebrek aan gemeenskap met God en die naaste op horisontale vlak tegnies-wetenskaplik of meganies „opgevul" kan word[57].

### a. Historiese mylpale in die ontwikkeling van die moderne welsynstaat.

Polak[58] onderskei in die ontwikkeling van welvaartsplanning

---

55. Vgl. artikels in Indian journal of social work, die mondstuk van maatskaplike werk in die Ooste, o.a. Chaudhari, dr. K.S.: „The vertices of social welfare", XIX , 2 , 1 Junie 1958; vgl. ook de Jongh, dr. J.F.: „Die werk van die V.V.O. op maatskaplike gebied", in Tijdschrift voor maatschappelijk werk, XIII , 15 , September 1959; Nisbett: The quest for community; Couwenburg: De vereenzaming van de moderne mens, pp. 70, 71.

56. Cilliers, prof. A.C.: „Die beroerders van Israel", in Die Huisgenoot, XXXIV, 1460, 1461, 17 en 24 Maart 1950; Marx, H.L.: The welfare state; UNESCO: Human rights; tweede druk, New York, Allan Wingate.

57. Van Riessen: De maatschappij der toekomst.

58. Om het behoud van ons bestaan; vgl. ook Van Riessen: De maatschappij der toekomst.

vier uitstaande periodes, naamlik:

(1) Die tydperk 1917 - 1929.

Alhoewel hierdie indeling in vier fases in hooftrekke die ontwikkeling van die welsynstaatgedagte aandui, word die eerste spore van hierdie gedagte reeds lank voor die tyd aangetref. Dit was veral die staatsmaatreëls van die groot staatsman Bismarck in Duitsland wat die moderne welsynstaat inlui[59].

Die welsynstaatidee het uit talle ideële en materiële strominge geput, waaronder die utopie, die rasionalisme, tegnokrasie, sosialisme en die veldwinnende gedagte van sosiale regverdigheid[60].

In Engeland het dit voortgebou op die grondslag wat reeds deur die sosialistiese denkers soos die Fabians gelê is, waaronder die Webbs, Shaw en andere, terwyl die gedagte veral ingang vind ná die Eerste Wêreldoorlog. Die krisis en chaos wat die gevolg hiervan was, het meegebring dat die staat al meer moes ingryp in al die fasette van die maatskaplike lewe. Die kiem van die min of meer gekristalliseerde idee word in Duitsland gevind, waar Walther Rathenau die eerste wetenskaplike geskrif hieroor die lig laat sien het[61].

(2) Die fase 1929 - 1939.

Die ontwikkeling van die welsynstaat moet gesien word as deel van die wêreldomspannende planningstendens wat deur die volgende belangrike wêreldgebeurtenisse na vore getree het:

(a) die Eerste Wêreldoorlog van 1914 - 1918,

(b) die Tweede Wêreldoorlog.

Hierdie gebeurtenisse het een gemeenskaplike gevolg gehad, naamlik vermeerderde staatsingrype op totalitêre wyse[62]. Die chaotiese naoorlogse omstandighede het in 'n groot mate die staatsowerheid gedwing om ordenend in te tree. Uiteraard het hierdie optrede veral die vorm van welsyns-

---

59. Cilliers: „Die beroerders van Israel", t.a.p.: die eerste staatsmaatreëls wat deur Bismarck ingevoer is, was ongeluksversekering, siekteversekering en voorsiening ten behoewe van bejaardes.

60. Polak: De toekomst is verleden tijd.

61. Die werk bekend as Planwirtschaft.

62. Banning: Moderne maatschappij-problemen, pp. 163-166.

dienste aangeneem.

Sedert 1925 en veral na die wêreldkrisis van 1929-1933 word die verskynsel van welsynsmaatreëls van staatsweë in 'n toenemende mate aangetref. In Italië en Duitsland word spoedig twee vierjaarplanne opgestel, en in die Ooste groei die gedagte binne die raamwerk van staatsbemoeiing en sentrale ordening. In die Weste vat die gedagte feitlik gelyktydig sowel in Amerika as in Engeland pos. Dit is veral die ekonomiese depressie van die dertiger jare en die daaropvolgende massawerkloosheid wat die planningstendens laat omswaai in die rigting van welvaartsplanning van staatsweë. Die „New Deal" van Roosevelt, wat ingelui word deur die „Social security act" van 1935 en die Beveridge-plan van 1942 in Engeland, is die voorlopers van die welsynstaatgedagte[63].

Laasgenoemde twee ontwikkelings lui 'n fase in wat gekenmerk word deur die opkoms van allerlei nuwe welvaartsideale. Polak noem onder andere sosiale solidariteit, diens, regverdigheid en gelykheid, sosiale koöperasie en koördinasie en sosiale kontrole en direksie. Hierdie nuwere ontwikkelings val saam met en omvat allerlei nuwe denkbeelde en beskouinge oor die staatstaak en sosiale rekonstruksie[64].

In die begin word hierdie nuwe verskynsel met 'n groot mate van wantroue bejeën, word dit veral gesien as 'n bedreiging van die indiwiduele vryheid. Selfs in Amerika en Engeland is dit in die beginstadium

---

63. Polak: Om het behoud van ons bestaan, p. 170 e.v.; Van Riessen: De maatschappij der toekomst, p. 208; Van Ryssen: Die messias uit die aarde; Grosheide, e.a.: Christelijke encyclopaedie, pp. 466, 467; Polak: De toekomst is verleden tijd, pp. 246, 247 e.v.; Wilson, D.: „America and the welfare state", in Planning, XXVI, 438, 25th Jan. 1960; Marx, H.L.: The welfare state; Ebenstein, W.: Today's -isms; New York, Prentice Hall, 1954; Leyendecker, H.M.: Problems and policy in social assistance; New York, Harper and Brothers, 1950; Beveridge, Sir, William: Pillars of security; London, George Allen and Unwin, 1943; idem: Social insurance and allied services; London, H.M. Stationery office, 1942; Burns, E.: Social security and public policy; New York, McGraw Hill Book Co., 1956; Sullivan, J.R.: Die volk se grondwet; Maatskaplike beveiligingswet vir S.A., vertaal deur P.J. Retief; Durban, Knox Publishing Co., 1944.

64. Polak: Om het behoud van ons bestaan, p. 110; kyk ook Everts en Treurniet: Gids voor maatschappelijk werk; De Bruin en Geijs: De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken.

as 'n „tool of communism"[65] beskou. Maar geleidelik word hierdie nuwe vorm van sorg onder die versamelnaam bestaansbeveiligingsmaatreëls oral ter wêreld in 'n mindere of meerdere mate ingevoer. Die staat het nou nie meer prinsipieel 'n juridiese taak te vervul nie maar sorg van die wieg tot die graf[66].

Die diep ingrypende versorgingsmaatreëls van owerheidsweë omspan die ganse lewe van die indiwidu in al sy fasette. Dit alles geskied onder die dekmantel van naoorlogse opbou. In wese is dit egter nie die opbou van 'n ekonomies ineengestorte maatskappy nie maar die subtiele verwesenliking van 'n eeue-oue utopiese ideaal, naamlik 'n maatskaplike welsynstaat, wat aan die geestelik losgeslane mensheid weer sekerheid moet verskaf. Dit is ten diepste weer vrug van die sekularisasie.

(3) Die oorgangsfase 1930 - 1948.

Polak[67] sien die welvaartsbeplanning as 'n oorgangsverskynsel, kenmerkend van 'n fase waarin daar oorgegaan word van 'n vrye ruilsverkeershuishouding na 'n planhuishouding. Die laaste fase voltrek hom veral gedurende die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog wanneer die staat met allerlei maatskaplike opboumaatreëls die naoorlogse

---

65. Marx: The welfare state.

66. Vgl. Banning: Moderne maatschappijproblemen, p. 172; Bisno, H.: The philosophy of social work, pp. 45, 46. In hierdie werk word die verskynsel kernagtig soos volg omskryf: „The welfare state, in which the political institution is thought of as being a positive and active agent in assisting those within its province to attain, by common enterprise, the greatest possible self-fulfillment, self-realization and self-expression .......... This view of the role of the state is in sharp contrast ....... with that approach which constitutes primary, and almost exclusive, functions of the state to be that of the regulator, the integrator, the impartial mediator .......... and the defender".

67. Om het behoud van ons bestaan.

wêreld wil omspan. Hy dui ook nog 'n vierde fase aan waarin die tendens hom in 'n meer demokraties-sosialistiese rigting vergestalt[68].

b. <u>Die welsynstaat.</u>

In die werk van H.L. Marx word 'n interessante versameling definisies en omskrywings van die welsynstaat aangetref[69]. In hoofsaak kom hierdie omskrywings daarop neer dat die staat nou ál die lewensuitinge van die menslike samelewing omspan en in alle sfere versorgend optree onder die dekmantel van die behartiging van die welsyn van die gemeenskap. Die geleidelike verskuiwing wat plaasgevind het, word aangedui as 'n verskuiwing of 'n ontwikkeling van die „neutrale Nachtwaker Staat" na die sosiale welvaartstaat[70]. Die staat word al meer medeverantwoordelik enersyds vir die bevordering van die algemene sosiale welvaart en andersyds vir die bestryding van sosiale node.

Die vernaamste kenmerke van die welsynstaat kan kortliks soos volg saamgevat word:

(1) Eerstens word daar uitgegaan van die standpunt dat elke indiwidu op 'n minimum lewenstandaard geregtig is en dat dit tot die staatstaak behoort om dit aan hom te verskaf.

(2) In die tweede plek moet die staat 'n beleid van volle indiensneming („full employment") volg, dit wil sê aan alle staatsburgers moet 'n bestaan verseker word, selfs al moet die belastingbetaler die las van hierdie

---

68. Ibid.; vgl. ook Ebenstein: <u>Todays -isms</u>. Laasgenoemde skrywer sien die welsynstaat veral as simptoom van die demokratiese sosialisme wat hom in die Weste as die ander uiterste van die „totalitarian way of life" manifesteer.

69. Marx: <u>The welfare state</u>. Besonder insiggewend is die definisie van Roscoe Pound, aangehaal in hierdie werk: „The service state, the state which, instead of preserving peace and order and employing itself with maintaining the general security, takes the whole domain of human welfare for its province and would solve all economic and social ills through its administrative activities, has been creeping up on us"; vgl. ook Berghuis: „Samenwerken van overheid en particulieren", t.a.p.

70. Banning: <u>Moderne maatschappijproblemen</u>, pp. 172, 173.

dikwels onproduktiewe arbeid dra.

(3) Derdens moet die staat die indiwidu deur middel van sosiale versekering volle beskerming teen die vernaamste bedreiginge van die lewe bied[71].

(4) Hierdie sekerheid kom tot stand deur die proses van die herdistribusie van inkomste of nivellering van inkomste, wat deur 'n progressiewe belastingstelsel tot stand gebring word.

(5) Ten diepste is dit kollektiewe spaarmaatreëls van staatsweë, omdat die indiwidu nie vir homself kan spaar nie[72].

(6) Die „democratic way of life", wat op die humanistiese konsepsie van die lewe gebaseer is, vorm die basis van die welsynstaat. Daarom dan ook dat die grondkonsepsies ten grondslag van die welsynstaat so kernagtig vervat is in die universele deklarasie van menseregte soos deur die Algemene Vergadering van die V.V.O. in 1948 aanvaar[73].

(7) Die welsynstaat lui 'n fase in waarin die staat 'n uitgebreide sorgtaak het om te vervul en waarin die partikuliere instansies slegs binne die raamwerk van die omvattende staat hulle afgeleide sorgtaak in die sfeer van 'n relatiewe outonomie kan vervul.

(8) Van 'n eie sorgtaak ooreenkomstig eiesoortige taak en roeping is hier min sprake. Die partikuliere inisiatief het op die lang duur geen wesensverskillende taak om te verrig nie maar word slegs uitvoerders van die staatstaak.

---

71. Vgl. Ebenstein: Todays -isms, pp. 136, 137, 143; asook Beveridge: The pillars of security.

72. Polak: De toekomst is verleden tijd; Ebenstein: Todays -isms, pp. 144, 145; Meeder: „Gevaarlijke subsidiepolitiek", t.a.p.

73. Bisno: The philosophy of social work, pp. 35, 37.

Alhoewel Polak hewig ontken dat daar enige oorsaaklike verband tussen welvaartsplanning, burokrasie en staatstotalitarisme bestaan, is daar skrywers wat wel deeglik waarsku teen die burokratiese, totalitêre tendens wat die welsynstaatgedagte inhou[74].

3. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

a. Die metode van gemeenskapsorganisasie in die maatskaplike sorg is die vrug van 'n gesekulariseerde en van alle tradisionele bande ontbonde kultuur. Dit word gevoed deur die onderliggende utopiese geestesstroming wat as diepste oorsaak van die huidige tydsgewrig die verskynsels soos verstedeliking, industrialisasie en outomatisasie sien.

b. Twee kenmerkende verskynsels wat regstreeks aanleiding gegee het tot die intense en intensiewe bemoeienis met die tegniek van gemeenskapsorganisasie en meganiese koördinasie in die samelewing, is:

(1) die oordrewe beheptheid met die gemeenskapsgedagte, en

(2) die intense bewustheid van die aanwesigheid van wanorde, desintegrasie en wanverhoudinge in tussenmenslike verhoudinge[75].

c. Daar word met behulp van hierdie organisatoriese en administratiewe bindmiddel 'n meganiese integrasie in die gemeenskap nagestrewe wat veral geopenbaar word deur 'n groter mate van emosionele identifikasie met gemeenskaplik nagestrewe doeleindes, die ontwikkeling van gemeenskapswaardes en 'n gemeenskaplike normesisteem wat basies ten doel het 'n verandering in die heersende norme- en kultuurpatroon op die grondslag

---

74. Van Riessen: De maatschappij der toekomst; Hayek, F.A.: The road to serfdom; London, Routledge, 1944; Kuiper, dr. H.: „Protest against the welfare state", in Torch and Trumpet, IX, 2, May-June 1959.

75. Vgl. Nisbett: The quest for community, p. 10.

van die demokratiese, wetenskaplike humanisme („humanistic science")[76].

d. Die hoofdoelwit en die hele opset van die gemeenskapsorganisasie-program is dus gerig op die realisering van die gedagte van 'n wêreldgemeenskap waarin die binding, integrasie of kohesie of kommunikasie tot stand gebring word deur die basiese maatskaplike werktegniek[77]. Gemeenskapsorganisasie het dan tot taak om in die breëre samelewing deur middel van koördinasie van sorgaktiwiteite hierdie samebinding teweeg te bring. Die menslike vernuf en organisasievermoë speel uiteraard in die proses 'n primêre rol[78].

Ross gee onomwonde te kenne dat die proses totalitêr en bruikbaar is as metode van sorg in elke lewensfeer[79].

e. Daar word in die gemeenskapsorganisasie van die standpunt uitgegaan dat die hoofoorsaak van die huidige krisis in die sosiaal-kulturele vlak geleë is en wel in die wanverhoudinge wat ontstaan deur die afbreek van die natuurlike kragte wat integrasie bevorder deur prosesse soos verstedeliking, industrialisasie, meganisasie, outomatisasie ensovoorts[80]. Die aanwesigheid van laasgenoemde verskynsels het ook grotendeels meegewerk tot die verlies van „gemeenskap"[81]. Gemeenskapsorganisasie het nou ten doel om die saaklike, onpersoonlike samelewingsvorme waarin

---

76. Norton: The co-operative movement in social work, p. 350. Hierdie „science of humanism" word omskryf as 'n sintese tussen wetenskap en tussemenslike liefde. Vgl. ook: Biano: The philosophy of social work, asook Steiner: Community organization, p. 65.

77. Prahbu: „Social psychology of community development", t.a.p.

78. Norton: The co-operative movement in social work, p. 373; vgl. ook: Wagner en Theron: Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging.

79. Ross: Community organization, p. X.

80. Steiner: Community organization, p. 31; vergelyk ook Miles: American social work theory, p. 181; Boer: „Community organization en community development", p. 92; Ross: Community organization, p.10.

81. Ross: Community organization, pp. 78-90.

die gemeenskapselement ontbreek, weer eens van 'n meganiese integrerende binding te voorsien[82].

f. Die metodes van sorg wat nou vanuit die agtergrond van die moderne siening van die kultuurkrisis gebore word, verteenwoordig 'n geheel ander denkwyse en onderliggende geestesstroming as wat vanuit Calvinistiese standpunt toegepas sal word. Wanneer die huidige krisissituasie gesien word as bloot die oorgang na of die manifestasie van 'n saakliker onpersoonlike samelewingsvorm as gevolg van prosesse soos verstedeliking, industrialisasie ensovoorts bring dit mee dat ander metodes van sorg, voorsorg en nasorg aangewend word om die situasie te oorkom - metodes wat geheel en al in ooreenstemming is met die gesekulariseerde uitgangspunt en utopiese doelstelling. Dit word vanuit hierdie standpunt gesien al hoe nodiger om 'n omvattende gekoördineerde plan te ontwerp wat elke sfeer van die samelewing omvou en wat deur middel van koördinasie van die metodes trag om 'n sinvol geïntegreerde gemeenskapslewe te ontwikkel. Die neiging word al hoe sterker bespeur dat hierdie koördinasie van alle georganiseerde en beplande pogings ten bate van die „gemeenskap" en ter bereiking van die ideaal van die gemeenskapsideologie in die hande van die absolute staat oorgaan[83].

g. Die huidige botsing tussen die ou Christendomlike kultuurpatroon en die nuwe kultuurpatroon met sy kenmerkende sosiale religie het 'n verwarrende oorgangsfase veroorsaak. Gemeenskapsorganisasie wat die dampkring van die professionele maatskaplike werk ook diep ingeadem het, is grotendeels die speerpunt van 'n nuwe religie wat verlossing en uitkoms aan die gesekulariseerde, vereensaamde en geïsoleerde massas bied.

---

82. Steiner, J.F.: Community organization, p. 10.

83. Nisbett: The quest for community, pp. 32, 33.

h. Gemeenskapsorganisasie kan kortliks omskryf word as een van die maatskaplike werk-tegnieke wat onder andere deur middel van meganiese koördinasie en koöperasie daarna strewe om behoeftes en bronne in 'n bepaalde geografiese of funksionele gemeenskap op mekaar af te stem om sodoende 'n groter mate van integrasie of kohesie tot stand te bring, wat 'n uiteindelike egte belewing van gemeenskap tot gevolg sal hê. Die begrip moet onderskei word van „community development", wat veral die denkbeelde van die sogenaamde „rural sociology" in praktyk bring en 'n nog meer totale en omvattende koördinasie van funksies en metodes ten doel het, hoofsaaklik met die oog daarop om in onderontwikkelde lande „social change" te bewerkstellig.

i. Gemeenskapsorganisasie wil op 'n meganiese, planmatige wyse integrasie tussen lewensgebiede bewerkstellig deur gebruikmaking van metodes soos koördinasie deur middel van sosiale rade, sentrale registers, gemeenskapsentra en -kasse, met as omvattende uiteindelike doelstelling die herskepping van die hele kultuurpatroon van 'n samelewing ooreenkomstig die wetenskaplike eise en norme van 'n klein groepie wetenskaplik (sosiaal) geskoolde deskundiges.

j. Die lewensbeskouing ten grondslag van hierdie metode is gebaseer op 'n totalitêre en hiërargiese siening van die menslike samelewing. Basies is die vernaamste punt van prinsipiële kritiek die oorbeklemtoning en verabsolutering van menslike gemeenskap. Nie God, sy Woord en sy koninkryk staan hier sentraal nie maar die tot religieuse grootheid verhewe menslike gemeenskap.

k. Prinsipieel is die oorspanning van die gemeenskapsgedagte vir die Calvinis onaanvaarbaar, omdat dit die enigste ware gemeenskap misken. Slegs die koninkryk van God mag totalitêr wees. Slegs die Woord van God en sy wet mag as geldende rigsnoere vir <u>alle</u> lewensuitgange toegepas word. Hierdie tegniese integrasiemetodes kan hoogstens 'n mate van meganiese kollektivisering bereik maar geen organiese gemeenskap in die ware

Bybelse sin van die woord nie.

l. Oppervlakkig beskou lyk gemeenskapsorganisasie en sy talle uitlopers soos 'n bloot neutrale wetenskaplike organisatories-administratiewe tegniek, maar ten diepste is dit draer van 'n nuwe religie, die religie van die kommunard[84].

m. Opsommenderwys kan gestel word dat die begrip koördinasie en die aanverwante begrip koöperasie twee sleutelmetodes is in die bereiking van die ideologiese gemeenskap. Menslike gemeenskap sonder verbondenheid aan enige godsdiens staan sentraal in hierdie proses. Dit gaan hier bloot om die horisontale dimensie van die menslike lewe, ontdaan van enige verbondenheid aan die vertikale verhouding tot God. Dit vorm die grondkonsepsie van hierdie nuwe ideologie, onder die dekmantel van 'n suiwer tegnies-wetenskaplike administratiewe tegniek. Wat die proses in die bestudering van die vraagstuk van koördinasie in die maatskaplike sorg van soveel belang maak, is die feit dat hierdie proses soos hierbo geskets sy eerste verskyning in die meeste lande maak in die vorm van die sosiale of nasionale rade, gemeenskapskasse, staatsdepartemente vir maatskaplike welsyn, waar die partikuliere inisiatief by betrek word, en 'n toenemende sentralisasie op plaaslike, provinsiale en nasionale niveau[85].

n. Net soos gemeenskapsorganisasie is die opkoms van die welsynstaat vrug van die sekularisasie. Dit is 'n oorgangsverskynsel wat aan die vereensaamde mensemassas sekerheid wil bied deur wetenskaplike en tegniese planning van die menslike lewe.

---

84. Schilder: De openbaring van Johannes en het sociale leven, p. 16. Die skrywer haal die term aan uit 'n werk van: Van Eysinga: Revolutionaire cultuur; p. 76.

85. Social work year book, 1960; Seligman: Encyclopaedia of the social sciences; Norton: The co-operative movement in social work; Ross: Community organization; vgl. ook Wilson: „America and the welfare state", t.a.p.

o. Welvaartsbeplanning het 'n tydvak ingelui waarin daar 'n kenmerkende wysiging en verbreding van die staatstaak ontstaan het en waarin die staat in 'n toenemende mate die algemene welsyn van die gemeenskap tot taak sou hê. In die meeste lande ter wêreld het hierdie gedagte omstreeks die dertiger jare posgevat. Gebeurtenisse soos die twee wëreldoorloë en die maatskaplike en ekonomiese krisis wat daarop gevolg het, het hierdie tendens in 'n groot mate bevorder.

p. Die welsynstaat kom tot stand deur middel van 'n proses bekend as die herdistribusie van inkomste. Dit is 'n gelykskakelingsproses waardeur die inkomste van die bevolking gelykgeskakel of genivelleer word, deurdat daar van die rykes geneem en aan die armes gegee word. Die sosialiseringsproses wat deur middel van die herdistribusie van inkomste tot stand kom, grens aan die sosialisme soos dit hom in die sosialistiese heilstaat voltrek. Die vernaamste punte van ooreenstemming tussen die welsynstaat en die sosialistiese heilstaat is die volgende:

(1) Beide is staatstelsels wat totalitêr wil wees en die hele lewe wil omspan.

(2) Beide staatsvorme onderskryf in beginsel die prinsipe van die herverdeling van inkomste deur die staat[86].

Dit blyk dat daar tussen die sosialisties georganiseerde staat en die moderne welsynstaat nie soseer 'n wesensverskil as slegs 'n graadverskil bestaan nie.

q. Daar word in die welsynstaatgedagte verder die standpunt gehuldig dat die gemeenskap, wat prakties die staat beteken, verantwoordelik is vir die ekonomiese welsyn van die bevolking en dus sekerheid moet verskaf en die verantwoordelikheid vir

86. Vgl. Kuiper, H.J.: „Protest against the welfare state", t.a.p.; Marx: The welfare state; Ebenstein: Todays -isms, p. 142.

die sorgtaak van alle sfere op hom moet neem van die wieg tot aan die graf. Die partikuliere sorginstansies mag in 'n relatiewe sin hulle gedelegeerde sorgtaak vervul, maar wanneer die ondernemings groter finansiële offers eis, word dit stelselmatig aan die staat oorgedra. Dit hou in 'n verkragting van die roeping en taak van die partikuliere inisiatief[87].

r. Die vernaamste kritiek teen die welsynstaat is die feit dat dit 'n verkragting van die beginsels van soewereiniteit in eie kring en van gesag en vryheid meebring en daardeur die universalistiese en totalitêre tendens in die samelewing versterk.

s. Die Calvinis bely die soewereiniteit van God oor die ganse maatskaplike lewe, en hy bely die inherente verdorwenheid van die mens. Daarmee hang ten nouste saam die erkenning van die soewereiniteit, selfstandigheid en onafhanklikheid van elke afsonderlike samelewingskring. Die sosialistiese welsynstaat onderskryf die afhanklikheid en onderworpenheid van elke lewenskring aan die gemeenskap van die staat. Op hierdie wyse maak diens aan God plek vir diens aan die gemeenskap[88].

t. Die welsynstaat is in wese onrealisties in die benadering van die mens. Dit erken nie die natuurlike verdorwenheid van die mens en sy inherente afkeer van werk en verantwoordelikheid nie[89].

u. Die welsynstaat is vir die Calvinis onaanvaarbaar omdat dit die wesenselemente van die Calvinistiese mensbeskouing opponeer en ten diepste vrug van die utopie is[90].

---

87. Venter: Professionele maatskaplike werk en sy verhouding tot pastorale werk.

88. Vgl. Van Riessen: De maatschappij der toekomst.

89. Cilliers: „Die beroerders van Israel", t.a.p.

90. Vgl. Kuiper: „Protest against the welfare state", t.a.p. Hierdie skrywer maak daarvan melding dat „.... people are allured by socialistic ideas which present beautiful promises of a better social structure". Hy wys verder daarop: „There is not the slightest basis in what the Bible teaches about the proper task of the state to justify the modern trend to an almost unlimited expansion of governmental interference with the economic life of the nation". Vgl. verder ook Stander, ds. S.J.: „Staatsabsolutisme", in Koers, dl. III, Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1945;

# AFDELING C.

# KOÖRDINASIE IN SUID-AFRIKA

# HOOFSTUK VI.

## DIE ROL VAN KONGRESSE EN KONFERENSIES IN DIE VRAAGSTUK VAN DIE KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG IN SUID-AFRIKA.

Langs die weg van verskeie kongresse en konferensies is geleidelik nuwe versorgingsmetodes in die Suid-Afrikaanse volkslewe ingedra. Vervolgens word slegs aandag geskenk aan die vernaamste kongresse wat onder meer 'n vormende invloed gehad het op die rigting van die ontwikkeling van die koördinasie van maatskaplike sorg in Suid-Afrika. Hier word die besondere invloed van die kerk, en by name die N.G. Kerk, duidelik bespeur.

Dat onoordeelkundige hulpverlening 'n probleem geword het, veral sedert die ontstaan van die armblankevraagstuk, is seker nie te betwyfel nie. Daarom te meer dat daar reeds van die begin van hierdie probleem ernstige besinning oor die vraagstuk van koördinasie nodig was[1]. Enersyds is die krisis in die volkslewe ervaar as 'n maatskaplike of sosio-ekonomiese krisis met die daaruit voortspruitende sosiale wanaanpassing, terwyl andersyds dit ervaar is as 'n verval van en 'n gebrek aan 'n tipiese en eie Afrikaanse kultuurpatroon wat baie nou ineengestrengel was met die stryd om die gelykberegtiging en erkenning van Afrikaans as taal en daardeur die uiteindelike vestiging van 'n suiwer Calvinisties-nasionale volksleefwyse.

### 1. DIE KERKLIKE KONGRES, CRADOCK, 1916.

Gedurende 1916 vind 'n kerklike kongres te Cradock plaas wat in hoofsaak gaan om die brandende kwessie van die armblankevraagstuk[2]. Aangesien die armblanke onder meer gesien is as iemand wat glad nie wil werk nie en verder verkies het om op liefdadigheid te teer, is

---

1. Vgl. Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, T.G. 13-O'8; Pretoria Government Printing and Stationery Office, 1908; pp. 136, 159, 151.; Coetzee, J.H.: Verarming en oorheersing; Die tweede Trek-reeks, onder redaksie van Prof. J. De W. Keyter e.a., Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942.

2. Greyling, P.F.: Die Neder. Geref. Kerk en armesorg; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 244; Botha: Die maatskaplike sorg, p. 154 e.v.; Coetzee: Verarming en oorheersing.

aanbeveel dat hierdie euwel uit die weg geruim moes word deur die oprigting van dwangarbeid-kolonies[3].

Reeds by hierdie konferensie is gevoel dat onoordeelkundige hulpverlening talle probleme in die hand werk en dat die vraagstuk van koördinasie dringend geword het. Twee oplossings is aanbeveel, naamlik:

a. hulpverlening deur een kanaal, byvoorbeeld deur 'n godsdienstige liggaam wat slegs sy geloofsgenote versorg, of
b. die daarstelling van 'n sentrale informasieburo waar deeglik aantekening van alle hulpverlening gemaak word[4].

Een van die belangrike besluite van die konferensie was dat die behoorlike organisasie van die armesorg noodsaaklik is, sodat niemand onversorgd bly nie[5].

'n Belangrike kenmerk van hierdie kongres is die feit dat daar na die institutêre kerk opgesien word om tot aksie oor te gaan en leiding te gee in die maatskaplike lewe[6]. Miskien is hierdie tendens grotendeels toe te skryf aan die feit dat die staat destyds die Afrikanervolk nie goedgesind was nie en dat die institutêre kerk die enigste georganiseerde instansie was wat enigsins aan die reuseprobleem aandag kon skenk[7].

Gedurende 1922 vind te Stellenbosch 'n kerklike kongres plaas wat hoofsaaklik oor die vraagstuk van opvoeding gehandel het.

## 2. DIE „GESAMENTLIKE KONGRES", BLOEMFONTEIN, 1923.

'n Mylpaal in die ontwikkeling van kongresse en die invloed daarvan op die koördinasie van maatskaplike sorg vind in 1923 te Bloemfontein plaas, waar die „gesamentlike kongres" gehou word. Hierdie

---

3. Greyling: Die Neder. Geref. Kerk en armesorg, p. 292; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 244; Coetzee: Verarming en oorheersing.
4. Greyling: a.w., p. 294.
5. Vgl. Greyling: a.w.; Zeeman; a.w., p. 244.
6. Vgl. Botha: Die maatskaplike sorg, p. 170.
7. Die staat het reeds in 1908 aandag geskenk aan die armblankevraagstuk maar het oor die algemeen 'n beleid van onthouding ten opsigte van die maatskaplike lewe gevolg.

kongres word so genoem omdat dit die eerste geleentheid is waartydens kerk, staat en partikuliere inisiatief gesamentlik oor sorgvraagstukke, en meer spesifiek die armblankevraagstuk, oorleg gepleeg het[8].

Die kongres het veral klem gelê op die enorme rol wat die verskynsels van werkloosheid en verstedeliking in die armblankevraagstuk speel.

Daar is oor die algemeen gevoel dat daar deur die regering te min in verband met die hele vraagstuk gedoen is. Van die kant van die staat, daarenteen, was daar tot op hierdie tydstip 'n mate van huiwering ten opsigte van en selfs afkeer teenoor staatsinmenging en staatsoptrede in vraagstukke van hierdie aard[9].

Een van die belangrike gevolgtrekkings van hierdie kongres was dat daar nog 'n groot behoefte en gebrek aan die koördinasie van die werk van liefdadigheidsgenootskappe bestaan het[10]. Daar is aanbeveel dat daadwerklike pogings aangewend moes word om die koördinasie van die werk van liefdadigheidsgenootskappe te bewerkstellig. Veral in die stede was hierdie gebrek aan koördinasie van werk te bespeur in die toenemende bedelary onder die verarmde Afrikaanse volksdeel[11]. Die kongres het die feit betreur dat daar van regeringsweë ten opsigte van die aanbevelings van die Cradockkongres (1916) nog nie daadwerklik opgetree is nie, en veral aangedring op staatsaksie ten opsigte van die volgende sake:

a. 'n ondersoek om die lot van die blanke bywoners en landbouarbeiders te verbeter;

b. die in die lewe roep van 'n statutêre liggaam wat as 'n adviserende raad die regering van advies sal dien ten opsigte van sake op die gebied van volkswelsyn[12].

---

8. Botha: a.w., p. 177; Greyling: a.w., p. 298; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 245.

9. Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, p. 158.

10. Botha: a.w., pp. 182, 183; Greyling: a.w., p. 301.

11. Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, pp. 113, 159, 161, 162.

12. Greyling: a.w., p. 298, 305, Zeeman: Die armesorgwerk, p. 245. Greyling wys daarop dat sedert die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn hierdie ideaal in vervulling gegaan het.

Die 1916- en 1923-kongres het een element gemeenskaplik gehad, en dit was hulle bemoeienis met die lot van die armblanke en hulle besondere klem op die noodsaaklikheid van koördinasie in hulpverlening ten einde die vraagstuk te bowe te kom.

In die algemeen kan genoem word dat dit veral van hierdie laaste konferensie kenmerkend was dat daar 'n minder afkerige standpunt teenoor staatsoptrede gehuldig is en dat staatsaksie ten opsigte van die onderhorige vraagstukke juis aangemoedig is.

Hoewel die konferensie ook enersyds die noodsaaklikheid van die herstel van die diakonale amp beklemtoon, pleit dit voorts vir die aanstelling van „opgeleide susters" in die gemeentes om behulpsaam te wees met armeversorging[13].

Zeeman wys daarop dat hierdie kongres onder meer 'n hele aantal wette in hierdie verband tot gevolg gehad het[14].

Dit is opvallend dat P.F. Greyling[15] hierdie aanvanklike huiwering van die kant van die staat om in die haglike armblankevraagstuk in te gryp aan die heersende staatsfilosofie toeskryf. Met die koms van 'n nuwere staatsfilosofie het die gedagte dat die „gemeenskap as geheel"[16] 'n roeping teenoor die sorgbehoewendes het, meer en meer veld gewen.

## 3. DIE CARNEGIE-ONDERSOEK NA DIE ARMBLANKEVRAAGSTUK EN DIE VOLKSKONGRES, KIMBERLEY, 1934.

Nog 'n belangrike mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die koördinasie van maatskaplike sorg in Suid-Afrika is die verslag van die Carnegie-ondersoek na die armblankevraagstuk.

Gedurende 1927 word Suid-Afrika deur twee ampsdraers van die Carnegiekorporasie van New York, Amerika, besoek. As gevolg van hierdie besoek het die Korporasie in 1928 'n bedrag van R8,000-00 tot die beskikking van 'n gesamentlike raad van beheer gestel vir 'n grondige ondersoek na die armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Verskeie ander instansies

---

13. Botha: a.w., p. 185.

14. Zeeman: Die armesorgwerk, p. 245.

15. a.w., p. 296, 297.

16. Word hiermee die staat bedoel?

het ook finansiële bydraes tot hierdie onderneming gedoen, naamlik: die universiteite, die N.G. Kerk en die Federale Vroueraad[17]. 'n Kommissie van ondersoek is aangestel wat ondersoek moes instel na en verslag moes doen oor vyf verskillende aspekte van die vraagstuk, te wete: die sosiologiese-, ekonomiese-, opvoedkundige-, godsdienstige-, psigologiese- en gesondheidsaspekte van die probleem. Die kommissie van ondersoek het tot taak gehad die wetenskaplike versameling van feite en gegewens in verband met die vraagstuk.

In 1932 het vyf boekdele die lig gesien, waarin die vyf aspekte van die probleem uiteengesit is[18]. Die voorstelle wat in hierdie verslag vervat is, moes later dien as die basis vir bespreking vir 'n volkskongres oor hierdie vraagstuk.

Die kommissie het die oorsaak en kern van die vraagstuk veral gesien as 'n hoë mate van ontoereikende aanpassing by moderne omstandighede. Onder die faktore wat hiertoe meegewerk het, word gereken die industrialisme, die moderne sakegees en die godsdienstig georiënteerde opvoeding en onderwys[19], wat nie genoegsame aandag aan die sosiologiese aspekte van die opvoedingsproses geskenk het nie.

In hooftrekke het die aanbevelings, soos vervat in die verslag, veral klem gelê op die noodsaaklikheid van vermeerderde staatsteun op die gebied van sosioëkonomiese vraagstukke, die sentralisasie van die plattelandse skole en 'n meer sosiologies georiënteerde opleiding van onderwysers, sodat hulle meer begrip van die probleme van sosiale „wanaanpassing" het[20].

---

17. Vergelyk Sensus en Statistiek, Buro van: Offisiële jaarboek van die Unie en van Basutoeland, Bechuanalandprotektoraat en Swaziland; nr. 13 1930-31, Pretoria Staatsdrukker, p. 267; nr. 14, 1931-32, p. 280. voortaan bekend as Offisiële jaarboek van die Unie van S.A.; Botha: a.w., pp. 189, 190; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 246; Carnegiekommissie: Die armblankevraagstuk in Suid-Afrika, 5 dele; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1932; Greyling; a.w., p. 305.

18. Vgl. Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 14, 1931-32, p. 280; Botha, pp. 190, 191. Die Nasionale Onderwysburo was ook in hierdie ondersoek behulpsaam.

19. Vgl. Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 14, 1931-32, p. 280; Carnegieverslag, p. viii. (Ek onderstreep).

20. Carnegieverslag, dl. I , pp. xxiii, xxiv, viii.

Veral die volgende vier aanbevelings het verreikende gevolge gehad op die ontwikkeling van die koördinasie van maatskaplike sorg in Suid-Afrika:

a. Die dringende noodsaaklikheid is beklemtoon dat deeglik geskoolde maatskaplike werkers aangestel moes word, wat deur wetenskaplike diagnose en gevallestudie die probleme kon ontleed en behandel[21].

b. Samewerking tussen kerk en staat is bepleit met die ietwat arbitrêre funksieverdeling dat die staat verantwoordelik is vir die ekonomiese welsyn en opheffing van die bevolking terwyl die kerk die sedelik-godsdienstige opheffing moes behartig. Klem is veral gelê op die noodsaaklikheid om sosiale wetgewing daar te stel om die vraagstuk te bekamp[22].

c. Ten opsigte van die vraagstuk van koördinasie het die kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat 'n veel groter mate van koördinasie van die werk van verskillende liefdadigheidsliggame nie slegs gewens was nie maar ook gebiedend noodsaaklik. Dit het gegeld ten opsigte van die koördinasie van soortgelyke liggame, liggame in die stede en op die platteland, vrywillige en publieke liefdadigheid en van Uniale en provinsiale armesorg[23].

Daar is aanbeveel dat landelike armesorgkommissies in die lewe geroep word in samewerking met die kerk, wat met staatsteun belangrike organisasiewerk moes onderneem. Hierdie plaaslike komitees sou dan ook koördinasie kon bevorder. Daar is op gewys dat dit raadsaam sou wees om die voorbeeld van die samewerking tussen die „public assistance" van die owerheid en die „voluntary aid committees" in Engeland na te volg. Dit sou kontrole, raad en voorligting van die kant van die owerheid aan private liggame meebring[24].

---

21. <u>Offisiële jaarboek van die Unie van S.A.</u>, nr. 14, 1931-32, p. 280; <u>Carnegieverslag</u>, p. xxxi.

22. <u>Carnegieverslag</u>, dl.II, pp. 74, 81, 85, e.v.

23. Vgl. <u>Carnegieverslag</u>, dl. I, pp. v, xiii, xxxii; dl. V, pp. 128, 129, 140 en 141.

24. Vgl. <u>Carnegieverslag</u>, dl. I, p. xiii; dl. V, pp. 138, 139 en 155.

d. Een van die belangrike aanbevelings van hierdie kommissie was dié in verband met die oprigting van 'n staatsburo vir maatskaplike welvaart. Deur die totstandkoming van so 'n staatsdepartement kan 'n versiende liefdadigheidsbeleid, gegrond op wetenskaplike beginsels wat tred hou met oorsese ontwikkelinge, uitgebou word. Dit sou meebring die koördinasie van dienste wat tussen 'n hele aantal departemente verdeel was, asook die koördinasie van dienste gelewer deur die sentrale regering en provinsiale administrasies.

Hierdie staatsdepartement sou dus in hoofsaak die koördinasie van maatskaplike sorg ten doel hê, wat onder meer inhou:

(1) die behoorlike afbakening van die funksie en arbeidsveld van elk,

(2) die reëling van doelbewuste samewerking en onderlinge steun,

(3) optrede as 'n informasieburo wat die beste advies oor metodes en tegnieke kan verskaf,

(4) die skenk van aandag aan die opleiding van maatskaplike werkers,

(5) optrede as 'n adviserende liggaam vir die staat ten opsigte van maatskaplike welvaart[25].

'n Ander ingrypende aanbeveling was dat 'n volkskongres belê moes word waar die bevindinge en voorstelle van die kommissie bespreek kon word. Die beginsels van die verslag moes dan dien as 'n sogenaamde tienjaarplan vir die maatskaplike sorg van die land[26].

d. Die Volkskongres, wat van 2 tot 5 Oktober 1934 te Kimberley gehou is, het net die stempel gedruk op die besluite en aanbevelings van die Carnegiekommissie. Dit is gereël deur die Armesorgraad van die N.G. Kerk. Verskeie onderkomitees is benoem en hulle het 'n hele paar maande lank die onderwerpe bestudeer. Die gekoördineerde aanbeve-

---

25. Vgl. Carnegieverslag: dl. I , p. xxxiii; dl. V, pp. 150, 266.

26. Vgl. Greyling: Die Ned. Geref. Kerk en armesorg, p. 305; Botha: a.w., p. 191.

lings van hierdie komitees is aan die kongres voorgelê[27].

Ook hierdie kongres het die nadruk gelê op die koördinasie van die werk van die verskillende welsynsorganisasies en het veral gewys op die noodsaaklikheid om van owerheidsweë die koördinasie verpligtend te maak[28].

Een van die sprekers, ds. P. du Toit, het in sy referaat, oor die „Beginsels van opbouende armsorg", gewys op die noodsaaklikheid van die koördinasie van diens- en hulpverlening. Hy het veral gewys op die belangrikheid van vriendskaplike samewerking, behoorlike verdeling van arbeidsveld en duidelike doelstellings. Die koördinasie van geldinsameling deur middel van die gemeenskapskas is ook bepleit[29]. 'n Voortsettingskomitee is benoem wat, benewens sy ander ondernemings op die gebied van maatskaplike sorg, ook sterk gepleit het vir die instelling van 'n departement van volkswelsyn. Later het die voortsettingskomitee tot die besluit geraak dat dit raadsaam sou wees dat dit in 'n nasionale liggaam omgeskep word wat alle maatskaplike welsynsbelange verteenwoordig. Dit is dan ook later omgeskep in die Instituut vir Volkswelstand[30].

Dit is dus in die algemeen kenmerkend van die fase rondom 1930 dat daar allerweë 'n vermeerderde toename in die belangstelling in die vraagstuk van koördinasie te bespeur is[31]. Tesame met hierdie besef van die noodsaaklikheid van die koördinasie van sorgaktiwiteite

---

27. Greyling: Die Ned. Geref. Kerk en armesorg, p. 309; Du Toit, P. (samesteller): Verslag van die volkskongres oor die armblankevraagstuk, Kimberley, 3-5 Oktober 1934; Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1934; Botha: a.w., p. 192; Unie van Suid-Afrika: Jaarverslag van die Departement van Onderwys, 1933 en 1934;(U.G. 46-'35);Pretoria, Staatsdrukker, 1935.

28. Du Toit: Verslag van die volkskongres oor die armblankevraagstuk, 1934, p. 267; Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 21.

29. Du Toit: Verslag van die volkskongres oor die armblankevraagstuk, 1934.

30. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 39; F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, 1929-1954, p. 49.

31. S. du Plessis wys in haar verhandeling op die beginsel van holisme of totaliteit wat gedurende die afgelope dekades al hoe meer veld gewen het - vgl. du Plessis, S.: Samewerking tussen organisasies.

het ook die besef ontwaak dat opgeleide professionele maatskaplike werkers onontbeerlik was vir geslaagde welsynswerk. Hierdie ontwaking word onder meer toegeskryf aan die invloed van die Carnegie-verslag[32].

## 4. DIE NASIONALE KONFERENSIE OOR MAATSKAPLIKE WERK, JOHANNESBURG, 1936.

Gedurende 1936 is 'n groot nasionale konferensie insake maatskaplike werk op versoek van 'n groot aantal welsynsliggame op die Rykstentoonstelling in Johannesburg gehou[33]. Dit is gereël deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Unie-departement van Onderwys.

Die doel van die konferensie was om maatskaplike werk-organisasies van die staat, provinsie en partikuliere inisiatief sowel in die stede en dorpe as op die platteland in staat te stel om inligting te verkry betreffende hulle verskillende arbeidsvelde, die programme wat onderneem word, en die probleme wat hulle daarby voordoen. Hierdeur is gepoog om 'n forum te verskaf vir die bespreking van gemeenskaplike probleme, die vorming van 'n grondslag vir beter onderlinge samewerking en die bepaling van 'n nasionale beleid[34].

Dit was een van die eerste nasionale konferensies waar professionele maatskaplike werk op 'n wetenskaplike basis behandel en bespreek is[35].

Gedurende die dertigerjare is daar oor die hele wêreld, Suid-Afrika

---

32. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949;(U.G. 36-'50);Pretoria, Staatsdrukker.

33. Dit is van meer as bloot toevallige belang dat hierdie konferensie so georganiseer is dat dit met die Rykstentoonstelling in Johannesburg saamgeval het. Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, wat reeds in die Komitee vir Intellektuele Koöperasie van die Volkebond verteenwoordig was, was verantwoordelik vir die reëling van die konferensie. Die Volkebond en die Gemenebes van Nasies was twee sake wat wyle genl. Smuts baie na aan die hart gelê het -- vgl. Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1935; (U.G. 55-'36); Pretoria, Staatsdrukker; p. 19.

34. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 18, 1937.

35. Vgl. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 18, 1937, p. 259; Brummer, dr. F.: Verslag van die Nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936; Pretoria, Staatsdrukker, 1937.

ingesluit, 'n tendens tot vermeerderde staatsoptrede op alle terreine van die lewe geopenbaar. Dit, tesame met 'n toename in die eise tot koördinasie van staatswe̊ë, het ook in Suid-Afrika voorgekom. Dit was asof hierdie tendens momentum verkry het vanaf die publikasie van die Carnegieverslag.

Veral die gedagte van koördinasie in die sin waarin dit deur S. du Plessis[36] verstaan word, tree geleidelik hier meer na vore. Dit word al hoe meer van die staat verwag om die onderskeie maatskaplike sorgaktiwiteite van sowel die staat as die privaat inisiatief in een omvattende beleid en verband saam te koördineer. Die voorbeeld wat deur hierdie skryfster aangehaal word, herinner sterk aan die geheel-deel-verhouding van die universalistiese staatsmite. Du Plessis bring ook hierdie tendens in verband met die holismestroming wat ook in Suid-Afrika terdeë sy invloed laat geld het, onder andere deur die toedoen van genl.J.C. Smuts, wat in die onderwys 'n voorstander van hierdie geestesrigting was[37].

Genl. Smuts het in sy openingsrede tydens die 1936-konferensie oor maatskaplike werk veral klem gelê op die noodsaaklikheid van die koördinasie van welsynsdienste en weer eens sterk gepleit vir die instelling van 'n afsonderlike departement van volkswelsyn, wat veral

---

36. S. du Plessis noem in haar verhandeling (pp. 2, 3) dat koördinasie 'n term is wat sy oorsprong hoofsaaklik in Anatomie en Fisiologie het. Dit beteken die georganiseerde werking van sekere liggaamsdele in samewerking met die brein. Sy meld ook dat daar in koördinasie 'n sentrale punt moet wees wat instruksies gee, net soos die brein die boodskap aan 'n liggaamsdeel stuur. Daar moet dus 'n sentrale punt wees vanwaar die instruksies gegee en die beleid opgestel word.

37. Du Plessis: Samewerking tussen organisasies, p. 1; Van Wyk, J.T.: Plaaslike beheer in die onderwys van Transvaal, 1902-1910; ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1958, pp. 140, 233, 237. Sien ook die Smuts-onderwyswet nr. 25 van 1907; Greyling: Die Ned. Geref. Kerk en armesorg, p. 297; Hancock, W.K.: Smuts, The sanguine years, 1870-1919; Cambridge University Press, 1962 ; pp. 239, 242, 244; Smuts, J.C.: Holism and evolution, 3rd edition; London, Macmillan and Co., 1936; Blanckenberg, P.B. (samesteller): The thoughts of genl. Smuts; Cape Town, Juta and Co., 1951; Armstrong, H.C.: Grey steel. J.C. Smuts: a study in arrogance; London, Arthur Baker Ltd., 1937; p. 374.

die funksies van staatsdepartemente sou koördineer[38]. Deur talle sprekers is op hierdie konferensie nadruk gelê op die chaotiese toestand waarin welsynsdienste in die land verkeer het, en die absolute noodsaaklikheid van die koördinasie van sorgaktiwiteite[39]. Dr. E.G. Malherbe meld ook in sy voorsittersrede dat die aksent verskuif moet word van onafhanklike, indiwiduele optrede tot gekoördineerde aksie[40].

Een van die vernaamste aspekte van die werk van die konferensie, wat deur die konferensie aan die Uitvoerende Komitee opgedra is om voort te sit, is die aanbeveling dat 'n staatsdepartement van volkswelsyn daargestel behoort te word[41].

5. DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE KONFERENSIE OOR DIE NAOORLOGSE BEPLANNING VAN MAATSKAPLIKE WELSYNSWERK, JOHANNESBURG, 1944.

Na die 1936-konferensie breek die oorlog uit, wat uiteraard die ontwikkelinge op die gebied van die koördinasie van welsynsbedrywighedo, tydelik altans, aan bande lê.

Nog voor die einde van die Tweede Wêreldoorlog word daar in 1944 'n konferensie gereël oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk. Hoewel die Wetsontwerp op Welsynsorganisasies reeds in daardie stadium opgestel was[42], het hierdie konferensie en die gedagtes tydens hierdie byeenkoms geopper seker momentum verleen aan die ontwikkelinge op die gebied van die koördinasie van maatskaplike sorgbedrywighede.

---

38. Brümmer: Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936; Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 2. Vgl. ook Hancock: Smuts, pp. 289-308.

39. Brümmer: Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936, pp. 20, 28-30, 40, 41, 51 e.v. Onder andere is hierdie feit genoem deur prof. E. Theron, dr. F. Brümmer, mej. H.P. Pollack e.a.

40. Brümmer: Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936, p. 3.

41. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 18, 1937, p. 259.

42. Die Wetsontwerp op Welsynsorganisasies is reeds in 1944 vir die eerste keer deur mnr. Harry Lawrence, Minister van Volkswelsyn en Demobilisasie, in die Volksraad ingedien maar het net 'n eerste lesing bereik — kyk Union of South Africa: House of Assembly, Debates, vol. 60 and 61, 1947, Cape Town, Unie-Volkspers Bpk., 1947.

Hierdie konferensie, gehou vanaf 25 tot 29 September 1944, is bygewoon deur meer as 1500 afgevaardigdes van oor die hele land. Ook by hierdie konferensie tree genl. Smuts as openingspreker op[43]. In sy openingsrede het genl. Smuts veral sy blydskap uitgespreek oor die feit dat die konferensie op nasionale grondslag gereël is, sodat dit die hele vraagstuk van die naoorlogse beplanning van maatskaplike sorg vanuit 'n nasionale perspektief kon benader. Hy pleit verder vir die benutting van die skat van „mensliewendheid en menslike gevoel" wat deur die oorlog blootgelê is. Juis hierin sien hy die skans teen die ontstaan van verdere oorloë, naamlik die ontwikkeling van ware gemeenskapsin[44].

Daar is tydens hierdie konferensie deur talle sprekers gewys op die noodsaaklikheid van die instelling van 'n volkswelsynsraad, wat tot taak sou hê die nasionale koördinasie van die welsynswerk wat deur die staat, vrywillige welsynsorganisasies, provinsiale owerhede en plaaslike owerhede onderneem word. Daarby moes ingeskakel word die universiteite wat navorsingswerk oor maatskaplike sorgvraagstukke onderneem.

Die destydse Sekretaris van Volkswelsyn, mnr. G.A.C. Kuschke, het in sy toespraak daarop gewys dat 'n nasionale volkswelsynsraad, waarin die meeste privaat liggame verteenwoordig was, lomp sou wees en ondoeltreffend uitvoering sou gee aan koördinasie op nasionale grondslag. Hy het aanbeveel dat die reeds bestaande deskundige nasionale rade, wat ten opsigte van die koördinasie van hulle eie werkterrein belangrike werk gedoen het, uitgebou moes word om selfs meer terreine te omvat. Hierdie landwye koördinerende rade kon dan in raadgewende hoedanigheid met die Departement van Volkswelsyn saamwerk[45]. In die skema wat deur Kuschke in die vooruitsig gestel is, is daar ook plek vir plaaslike adviserende rade wat deur die plaaslike owerhede uit verteenwoordigers

---

43. Unie van S.A.: Verslag van die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 25 tot 29 September 1944; Staatsdrukker, Pretoria, 1945; p. 2.

44. Ibid., p. 3.

45. Unie van S.A.: Verslag van die Nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 18.

van die verskillende plaaslike vrywillige liggame saamgestel sal word. Die onderlinge verhouding tussen die plaaslike owerhede, plaaslike adviserende rade en die Departement van Volkswelsyn kon dan ook, volgens hierdie spreker, moontlik later statutêr vasgelê word[46].

'n Tweede spreker, G.C. Thompson, wat die onderwerp „Die Stigting van 'n maatskaplike welsynsraad vir Suid-Afrika" moes inlei, het in sy toespraak voorgestel dat 'n nasionale volkswelsynsraad daargestel behoort te word uit verteenwoordigers van nasionale rade, privaat organisasies betrokke by maatskaplike werk, 'n verteenwoordiger van die Verenigde Uitvoerende Komitee van Munisipale Verenigings, 'n verteenwoordiger van die universiteite, met die Sekretaris van Volkswelsyn en Demobilisasie as voorsitter van die raad[47]. Die voorgestelde funksies van hierdie nasionale volkswelsynsraad sou onder meer wees:

a. die advisering van die Departement van Volkswelsyn ten opsigte van maatskaplike welsynsvraagstukke;
b. die oorweging van voorgenome wetgewing, in raadgewende hoedanigheid;
c. die beplanning van die nasionale volkswelsynsbeleid;
d. die advisering van die Minister van Volkswelsyn , wat ook weer op sy beurt die raad in verband met sekere vraagstukke kon raadpleeg;
e. die omskrywing van die arbeidsvelde van die verskillende groepe wat maatskaplike werk doen[48].

Volgens mnr. G.A.C. Kuschke is die Departement in sy taak van koördinasie gestrem deur die ordonnansies wat in die Kaap en die Transvaal die registrasie en koördinasie van welsynswerk beheer het, en deur die

---

46. Ibid., p. 16.

47. Unie van S.A.: Nasionale konferensie oor na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 22.

48. Ibid., p. 22.

feit dat Natal nog vir sy eie welsynswerk verantwoordelik was[49].

'n Groot deel van die konferensie is gewy aan die bespreking van die vraagstuk van demobilisasie en die inskakeling van die teruggekeerde soldaat in die samelewing.

Daar is by hierdie konferensie aan die volgende sake aandag geskenk:

a. Koördinasie van maatskaplike welsynsdienste;
b. bestaansbeveiliging;
c. die welsyn van die oud-soldaat;
d. opleiding en navorsing in maatskaplike werk;
e. maatskaplike herstel;
f. die welsyn van geestelik en liggaamlik afwykendes;
g. versorging in inrigtings;
h. ontspanning as volkswelsyn;
i. armesorg;
j. behuising en
k. volkswelsyn op die platteland[50].

Die nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk staan in die teken van die „opbou van 'n beter wêreld" en 'n planmatiger en wetenskapliker benadering van maatskaplike sorgvraagstukke[51]. Dit is die vrug van geestesstrominge wat reeds sedert die vroeë dertiger jare in die Afrikaanse volkslewe werksaam was en waarin die staat met verloop van tyd 'n meer prominente rol in die hele koördinasievraagstuk sou speel. Die destydse Sekretaris van Volkswelsyn, mnr. G.A.C. Kuschke, was blykbaar afkerig van die gedagte dat 'n

---

49. Met die oordrag van armesorg en die verantwoordelikheid vir liefdadigheidsinrigtinge van die provinsies na die sentrale regering, n.a.v. die aanbevelings van die interdepartementele komitee van 1936, het Natal verkies om sy eie armesorg en liefdadigheidsinrigtinge te beheer; Unie van S.A.: <u>Verslag van die nasionale konferensie oor na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944</u>, p. 15. Die ordonnansies waarna verwys word, is Ordonnansie nr. 4 van 1919 (Kaap) en nr. 5 van 1926 (Transvaal). In Natal het Ordonnansie nr. 8 van 1932 die registrasie van welsynsliggame gereël.

50. Unie van Suid-Afrika: <u>Verslag van die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944</u>.

51. Ibid., p. 2.

sentrale, nasionale koördinerende liggaam buite die Volkswelsynsdepartement tot stand moes kom. Hy wou graag sien dat hierdie koördinasie op nasionale grondslag via die staatsdepartement van Volkswelsyn sou plaasvind. Die voorgestelde plaaslike rade wat in adviserende hoedanigheid sou optree, kon die partikuliere inisiatief betrek. As beginselstandpunt is egter deur hom aanvaar dat dit die verantwoordelikheid van die staat as geheel is om die finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van die maatskaplike sorg van die land te onderneem.

Die konferensie is veral belangrik in dié opsig dat dit klem lê op die noodsaaklikheid van koördinasie deur middel van volkswelsynsrade en 'n nasionale koördinerende volkswelsynsraad.

6. SAMEVATTING, BESPREKING EN BEOORDELING.

a. Dit is simptomaties van die ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse volkslewe dat die klem algaande verskuif is van die karitatiewe na die sosiologiese prinsipe in die koördinasie van maatskaplike sorg. Die eerste konferensies en kongresse word deur die institutêre kerk gereël, wat hom die lot van die noodlydende Afrikanerdom aantrek. In die jare net na die eeuwisseling word daar in die algemeen deur die bevolking na die kerk opgesien om tot aksie oor te gaan ten einde bepaalde maatskaplike vraagstukke die hoof te bied. Dit is opvallend dat die tendens tot die vermeerderde belangstelling in die vraagstuk van koördinasie gepaard gaan met 'n ander parallelle ontwikkeling, naamlik die stelselmatige toetrede van die staat tot welsynswerk.

b. Van 1923 af word die staat nie net by die organisasie van die kongresse en konferensies in verband met die vraagstukke betrek nie maar gaan die inisiatief ten opsigte hiervan van die staat uit[52]. Die orde word nou net omgekeer, en die staat betrek nou die partikuliere inisiatief en die kerk by sy werksaamhede.

---

52. Die 1934-, 1936- en 1944-konferensies is deur die staat georganiseer. Die staat het ook 'n groot aandeel in die 1923-„gesamentlike kongres".

c. Deur 'n hele aantal skrywers word gewys op die verskuiwingsproses wat hom in Suid-Afrika voltrek het en wat veral gekenmerk is deur 'n nuwe opvatting van die staatstaak, die geleidelike oordrag van die funksies van private welsynsliggame na die staat en die verskuiwing van belangstelling in sake van kultureel-politieke aard tot sake van sosioëkonomiese aard[53].
Die gesamentlike kongres van 1923 is in die proses van verskuiwing die oorgang van die karitatiewe na die sosiologiese benadering.

d. In hierdie fase wat dwarsoor die wêreld gekenmerk word deur 'n beweging in die rigting van vermeerderde staatsteun en -beheer en 'n toename in sosiale wetgewing, lui die Carnegieverslag in 1934 in Suid-Afrika die nuwe tydperk in. Die verslag het veral uitlandse denkbeelde die volkslewe ingestuur deur sy aanbevelings in verband met die totstandkoming van 'n staatsdepartement van volkswelsyn en die indiensneming en opleiding van professionele maatskaplike werkers. Die Carnegieverslag was die draer van 'n maatskappybeskouing waarin die staat onder meer tot taak gehad het koördinasie van hulpverlening aan en aanpassingshulp vir die indiwidu in nood[54]. Dit is interessant dat dit ook simptomaties is van hierdie klemverskuiwing op die gebied van die maatskaplike sorg dat in 1934 verbeteringsgestigte, gesertifiseerde tehuise en proefdienste van die Departement van Gevangenisse na die Unie-departement van Onderwys oorgedra is. Hierdie gebeurtenis verteenwoordig 'n geheel en al veranderde en nuwe opvatting van sowel misdaad as straf. Misdaad word nou gesien as oortreding van die norme van die gemeenskap, as sosiale wanaanpassing, terwyl straf nou

---

53. Du Plessis: <u>Samewerking tussen organisasies</u>, p. 9; Venter: <u>Professionele maatskaplike werk en sy verhouding tot pastorale werk</u>, p. 103; Brümmer: <u>Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk</u>, 1936; Greyling, P.F.: <u>Die Ned. Geref. Kerk en armesorg</u>, p. 297.

54. Vgl. in die verband die artikelreeks van C.N. Venter: „Die kultuurtoestand van die Afrikaner", in <u>Die Taalgenoot</u>, November 1962 tot Mei, 1963, asook sy artikel „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", t.a.p.

nie meer vergeldend nie maar rehabiliterend van aard moet wees[55].

e. In hierdie proses, wat oor die hele wêreld gekenmerk is deur die ontstaan van nuwe staatsdepartemente en 'n nuwe verantwoordelikheidsbesef van die burger teenoor sy minder bevoorregte landgenoot, via die staat, is die Carnegieverslag in Suid-Afrika die speerpunt en gangmaker wat die nuwere opvattings oor die staatstaak en professionele maatskaplike werk die land indra[56]. Die publikasie van hierdie verslag en die besluite van die daaruitvoortvloeiende Volkskongres van 1934 lui 'n nuwe fase in die geskiedenis van koördinasie van maatskaplike sorg in Suid-Afrika in en kan as 'n keerpunt beskou word.

f. Met die nasionale konferensie oor maatskaplike werk wat in 1936 gehou is, het die samewerking tussen staat, kerk en partikuliere inisiatief reeds 'n voldonge feit geword en moes daar slegs voortgebou word op die beginsels wat deur die vorige kongresse en konferensies neergelê is. Die tendens tot samesnoering van sorgaktiwiteite onder die beheer van die staat, wat hom reeds in alle lande gemanifesteer het, het in Suid-Afrika na vore getree in die vorm van 'n besonder sterk belangstelling in die koördinasievraagstuk[57].

g. In 1944, wanneer die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk plaasvind, funksioneer die Departement van Volkswelsyn, wat onder meer deur die toedoen van die 1936-konferensie tot stand gekom het, reeds sewe jaar. Uit die besprekinge en verslag van hierdie konferensie blyk dit dat die nuwe departement nie geheel en al in sy doel van

---

55. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1933 en '34, p. 5; asook Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 16, 1933-34, p. 298.

56. Carnegieverslag, p. 85.

57. Dink maar aan die Social Security Act, 1935, van Amerika, die Beveridgeplan (Engeland) en die sosialistiese welsynstaatgedagte van die Skandinawiese lande ens.

die koördinasie van welsynswerk geslaag het nie. Daar bestaan reeds weer die behoefte aan 'n sentrale liggaam wat die koördinasie van die werk sal behartig. Tydens hierdie konferensie word die moontlikheid van 'n nasionale welsynsraad breedvoerig bespreek en word die gedagte van so 'n koördinerende raad deur die liggame daar verteenwoordig in beginsel aanvaar.

h. In die verwesenliking van die gedagtes van staatskoördinasie van die maatskaplike sorg het die holistiese lewens- en wêreldbeskouing van genl. Smuts 'n belangrike rol gespeel. In hierdie lewens- en wêreldbeskouing word reeds die eerste kiem gevind van die gedagtes waaruit die staatsdepartement van volkswelsyn gespruit het. Tydens die 1936-konferensie oor maatskaplike werk is die gedagte van staatskontrole en -koördinasie van maatskaplike sorg deur genl. Smuts geopper[58]. Hy was in hierdie jare Minister van Justisie.

Hierdie gedagtes van samesnoering en eenheidsvorming van verskillende dele is reeds deur hom sowel in die onderwys as in die algemene staatkundige lewe van toepassing gemaak. Die Holisme, wat in 'n sekere verband ook bekend staan as die Vitalisme, vergoddelik die organies universele lewe, waarin elkeen op aarde deel is van die ander. Dit hou ook noue verband met die Evolusionisme, wat glo dat hoër lewensvorme uit die laere lewensvorme ontstaan het. Dit is 'n gesigspunt waarby alles in die lig van die omvattende geheel gesien word[59]. Die Holisme sien die ganse skepping as 'n geheel van organiese strukture wat elk 'n selfstandige geheel („whole") vorm. Hierdie verskynsel word nie slegs in die materie, plant en

---

58. Brümmer: Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936.

59. Kritzinger e.a.: Verklarende Afrikaanse woordeboek, p. 187; Grosheide e.a.: Christelijke encyclopaedie, dl. III, p. 493, en dl. VI, p. 499; vgl. ook Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning. Die skrywer wys op die noue verband wat daar bestaan tussen die vitalisme of die verabsolutering van die lewe as geheel en die universalistiese geheel-deel-maatskappybeskouing.

dier aangetref nie maar ook en veral in die menslike persoonlikheid, wat die hoogste uitingsvorm van hierdie geheelprinsipe is. Hierdie proses word, volgens Smuts, ook in menslike verhoudinge en die staat aangetref[60]. Dit is dus duidelik dat die Holisme gevolglik impliseer dat die geheelprinsipe hom ook in die lewe van die staat kan vergestalt.

Smuts het in die ganse skepping een saambindende faktor gesien, wat die eenheid en samehang van alle dinge beheer en verklaar het, naamlik die „whole"[61]. Hy het die proses van holisme gesien as die grondleggende aktiwiteit, wat soos 'n polsslag deur alle ander aktiwiteite in die skepping geklop het[62].

In die skeppingsbeskouing van Smuts was daar weinig of geen plek vir die Calvinistiese Godsbegrip nie. Dit wil natuurlik nie sê dat Smuts 'n ongelowige was nie; inteendeel, sy jeugjare getuig van 'n besonder sterk ontwikkelde godsdienssin. Reeds as kind het hy egter in sy godsdiens leiding ontvang van 'n prediker wat bekend was om sy meer liberale interpretasie van die tradisionele Calvinistiese geloofswaarhede. In sy latere lewe was een van sy groot vriende, Wolstenholme, 'n

---

60. Smuts: Holism and evolution, p. 105; Armstrong: Grey steel, p. 374. Blanckenberg stem nie met hierdie stelling saam nie. Hy beweer dat hierdie geheelprinsipe nie deur Smuts op die staatkundige lewe van toepassing gemaak was nie, kyk Blanckenberg (samesteller): The thoughts of general Smuts, p. 165. Die ontwikkeling van die Unie van S.A., Die Volkerebond en die Gemenebes van Nasies staaf egter die bewering van Armstrong.

61. Hy stel dit in sy werk Holism and evolution soos volg: „The harmonies of nature, the grand sweep of natural law throughout all time and all space, the great ideas and the vast synthesis of thought which embrace the interior spiritual world no less than the external visible universe, all have their origin and find their last explanation in that ultimate unity which is the essence of the Whole and without which all the heterogeneous elements of experience would fall asunder and chaos would take the place of cosmos". Vgl. in die verband Hancock: Smuts, p. 298.

62. Hancock: Smuts, pp. 10, 375. In die verband skryf Hancock soos volg: „Yet in his universe there appeared to be no need nor even room for God. There was a design, but no Designer. In Smuts' philosophy there was, for the ordinary man, no God".

ongelowige[63].

Uit hierdie lewens- en wêreldbeskouing het uiteraard Smuts se onderwysbeleid as historiese kultuurproduk voortgevloei[64]. Baie duidelik is sy staatsbeskouing en sy strewe op staatkundige gebied ook vrug van hierdie denkbeelde wat sy ganse lewensopvatting beheers het[65]. Die konsiliasiepolitiek van Smuts, waarin die een oorheersende denkbeeld van die uiteindelike eenwording van die twee Suid-Afrikaanse volksgroepe vervat is, kan ook regstreeks tot die Holisme herlei word[66]. Hierdie sienswyse van wyle genl. Smuts het ook verder duidelik geblyk in die standpunt wat hy ingeneem het ten opsigte van die vraagstuk van neutraliteit tydens die twee wêreldoorloë

---

63. Die onderwysbeleid van Smuts, soos onder meer beliggaam in sy Onderwyswet van 1907, het ingehou dat daar 'n sogenaamde eenheidsbeginsel in die onderwys nagestreef moes word, waarin geen regverdiging vir die ou C.N.O.-beleid meer bestaan het nie. Die Hollandse en die Engelse taal sou volgens hierdie wet gelyke regte geniet. In die praktyk het daar egter van die erkenning van Hollands of Afrikaans weinig tereggekom. Twee wesenselemente van hierdie onderwysbeleid was die koppeling van sentrale toesig en beheer en plaaslike inisiatief. Ten einde die kompromie tussen owerheidsverantwoordelikheid en plaaslike inisiatief doeltreffend te bewerkstellig, is oorgegaan tot die instelling van 'n sentrale direktoraat en adviesraad en plaaslik verkose komitees. Vgl. in die verband Hancock: Smuts, p. 239 e.v. Dit wil voorkom asof hierdie organisasievorm van 'n sentrale koördinerende liggaam en plaaslike komitees in die Nasionale Welsynsraad hom herhaal.

64. Vgl. Smuts se Onderwyswet nr. 25 van 1907.

65. Op staatkundige gebied het Smuts hierdie eenheidsideaal nagestreef deur te werk vir die verwesenliking van die Unie van Suid-Afrika, d.w.s. die eenwording van die vier provinsies. Tesame met ander „dominions" en kolonies sou die Unie weer opgeneem word in die groter eenheid, die Britse Ryk, wat weer op sy beurt saam met ander volkere deel sou uitmaak van die Volkerebond - kyk Hancock: Smuts, p. 375.

66. Smuts se ideaal vir die volk van Suid-Afrika was die uiteindelike eenwording en samesmelting van die Afrikaans- en Engelssprekende bevolkingsgroepe in een groter broederskap: die Suid-Afrikaanse volk. Om hierdie rede het Smuts hom dan ook op alle terreine vir die verwesenliking van hierdie ideaal beywer. Kyk Hancock: Smuts, pp. 181, 199.

en die stryd om 'n eie Suid-Afrikaanse vlag[67].

i. Uit die voorgaande is dit duidelik dat die denkbeelde van genl. Smuts 'n belangrike rol gespeel het in die koördinasie van maatskaplike sorg van staatsweë in Suid-Afrika. Sy aandeel in die 1936-konferensie en die 1944-konferensie het in 'n groot mate daartoe bygedra dat die aanbevelings van hierdie konferensies so spoedig in die praktyk verwesenlik is. Die besondere klem wat deur hom gelê is op die belangrikheid van die inskakeling van alle staatswelsynsdienste in een omvattende staatsdepartement, en daarna weer die klem wat deur hom op die nasionale koördinasie van welsynswerk gelê is, bewys dat ook in hierdie veld sy holistiese lewens-en wêreldbeskouing deurslag gegee het.
In 'n sekere sin vorm hierdie twee konferensies van 1934 en 1936 waartydens genl. Smuts as spreker opgetree het 'n keerpunt in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorg. Na hierdie konferensies is daar 'n duidelike skeiding te bespeur tussen die sogenaamde welsynsorganisasies en kultuurorganisasies[68]. Die welsynsorganisasies polariseer met verloop van tyd saam om die Nasionale Welsynsraad terwyl die Afrikaanse kultuurorganisasies rondom die F.A.K. polariseer. Hierdie twee groeperinge van liggame konfereer dan ook na 1936 slegs by uitsondering saam oor sake

---

67. Vgl. in hierdie verband die werke onder meer van Scholtz, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940; Johannesburg, Voortrekkerpers, 1944, en Hancock: a.w. Dit is ook belangrik dat mev. Smuts vanweë die standpunt van die regering ten opsigte van die oorlog en die simpatie van haar man vir die saak van Brittanje 'n reuseaandeel gehad het in die insameling van geld en geskenke vir Suid-Afrikaanse soldate oorsee. Sien in hierdie verband haar artikel „What I want for the 60,000 'glory-bags' sent up North every month" in Outspan, XXXI, 803, 29 Julie 1942. Sy het 'n leidende aandeel gehad in die oorlogsfonds bekend as die „Gifts and Comforts Organization". Vgl. ook Macdonald, Tom: Ouma Smuts, the first lady of South Africa, Hurst Blackett, London; 1946; pp. 9, 74 en 93.

68. Vgl. die omskrywing van 'n kultuurorganisasie in Botha, M.E.: „Die waarde van maatskaplike sorg vir kultuurwerkers", in Die Veteraan, XXVII, 2 Junie 1963, en die van 'n welsynsorganisasie in die Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig.

van gemeenskaplike belang. Die ontwikkelingsgang wat ná hierdie datum bespeur word is een waarin die welsynsliggame wat hoofsaaklik met die professionele maatskaplike werk gemoeid is, saam kongresse en konferensies reël, terwyl die Afrikaanse kultuurliggame saam gekoördineer word onder die vleuels van die F.A.K. wat van tyd tot tyd kongresse en konferensies van stapel stuur.

## HOOFSTUK VII.

## DIE KOÖRDINASIE VAN PARTIKULIERE MAATSKAPLIKE SORG IN SUID-AFRIKA.

Maatskaplike sorg in Suid-Afrika het 'n baie ryk geskiedenis. Kort na die volksplanting het daar in die Suid-Afrikaanse volkslewe 'n sterk en gesonde gesinsorg en later kerksorg tot stand gekom. Hoewel die maatskaplike sorg aanvanklik ongedifferensieerd was en kerk-, staat- en gesinsorg baie nou ineengestrengel was, het daar veral kort na die Tweede Vryheidsoorlog 'n groot mate van differensiasie in die metodes van sorg, asook in die instansies by die versorging betrokke, tot stand gekom. Chronologies word daar in die geskiedenis van maatskaplike sorg in Suid-Afrika vier ontwikkelingsfases onderskei[1]:

a. As eerste fase word beskou die waarin die gesin primêr as versorgingseenheid optree en alle sorgaktiwiteite in en deur die gesinsgroep plaasvind[2]. Hierdie vorm van sorg was veral kenmerkend van die pionierfase in die geskiedenis van die volk. Die gesin was die sentrum waarom alle sorg gedraai het, en geen spesifieke instansie was vir georganiseerde of gekoördineerde maatskaplike sorg verantwoordelik nie.

b. Tydens die tweede, die kerksorgfase, het die kerk as instituut deur middel van sy ampsdraers ten opsigte van die lidmate van die kerk versorgend opgetree. Eers was die optrede van die kerk baie beperk en terughoudend, maar later word kerksorg op 'n meer wetenskaplike en georganiseerde planmatige wyse aangepak.

c. Die derde fase is die van partikuliere sorg deur vroue-

---

1. Unie van S.A.: Verslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 28; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 36 e.v.; Botha: Die maatskaplike sorg, p. 141 Unie van S.A.: Verslag van die S.A. Nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk; 1944; p. 20.

2. Cronjé: Mens tot medemens, p. 15 e.v.

organisasies[3]. Die doelstellinge van hierdie verenigings was in hoofsaak die bevordering van die welsyn en die sedelike, sosiale en kulturele welvaart van die Afrikaanssprekende deel van die volk.

d. Sedert die jare dertig word vermeerderde belangstelling en aktiwiteit van die kant van die staat in alle sorgvraagstukke van die land bespeur[4].

Die negentiende eeu kenmerk, in feitlik alle lande, die ontstaan en bloei van partikuliere sorginstansies. In Suid-Afrika het hierdie ontwikkeling op die gebied van die maatskaplike sorg veel later as in ander lande ingetree. Dit was eers teen die einde van die negentiende eeu dat daar van 'n sterk georganiseerde maatskaplike sorg op kerklike en partikuliere terrein sprake was. Dit is gedurende hierdie fase tot ongeveer 1920 dat maatskaplike sorg hoofsaaklik deur die kerk en die verskillende vrouekomitees en later vrouevereniginge beoefen is. Hierdie metodes van versorging was streng aangepas by die praktiese landsomstandighede[5] en die onmiddellike sorgbehoeftes van die sorgbehoewendes.

1. VROUEVERENIGINGS.

Die metodes van versorging was in die algemeen gewortel in die tradisionele volkswaardes en gedra deur 'n besef van volksamehorigheid. Dit het in die eerste plek geskied met die oog op die onmiddellike leniging van nood maar in hoofsaak as 'n metode om 'n eie kultuurpatroon te behou in teenstelling met die destyds vreemde lewens- en wêreldbeskouing wat van owerheidsweë op die onderdrukte volk afgedwing is.

---

3. Unie van S.A.: Verslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 17; vgl. ook van Rensburg, S.M.: Die ontstaan en ontwikkeling van die Oranje-Vrouevereniging as vereniging vir maatskaplike werk; Verhandeling vir die graad M.A. in Sosiologie, Universiteit van Pretoria, November 1946, pp. 22-24; Zeeman, dr. M.T.S.: Die armesorgwerk, p. 269.

4. Lambrechts, H.C. en Theron, E.: Vrouevolksdiens; Kaapstad, H.A.U.M., 1960; p. 33.

5. Die oorlog van 1899 en die daaropvolgende konsentrasiekampellende. Rebellie van 1914-1918 en die daaruit voortspruitende ontstaan van die Helpmekaarbeweging, die griepepidemie ens. Vergelyk ook Du Toit: Olie op die wonde, p. 123; Verslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 17; Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 5 e.v.

Hoewel die werk van die vrouekomitees en later die vrouevereniginge uit die suiwer Afrikaans-Calvinistiese groeibodem ontspruit het, wil dit voorkom asof daar, deur die invloed van veral Engelssprekende vroue wat hulle die lot van die noodlydende Afrikaners aangetrek het, 'n mate van politieke, kulturele en godsdienstige vervlakking in die sin van neutraliteit ingetree het. Om hierdie rede het die destydse A.C.V.V. dan ook blykbaar nie kans gesien om met die Z.A.V.F. in die Kaapprovinsie te verenig nie. Laasgenoemde organisasie het sy lidmaatskap nie tot 'n bepaalde groep met eie geloofs- en politieke oortuiging beperk nie maar het lidmaatskap vir alle blanke vroue ongeag lewens- en wêreldbeskouing oopgestel[6].

Daar is 'n baie duidelike en direkte lyn te bespeur met betrekking tot die invloed van die negentiende-eeuse liberalisme in Engeland op die ontwikkeling van die partikuliere maatskaplike sorg aan die Kaap. Die ontstaan van allerlei vereniginge met filantropiese doelstellings was in 'n groot mate die produk van die humanistiese liberalisme wat hom in Suid-Afrika, selfs in die kerklike geledere, nie onbetuig gelaat het nie[7]. Hierdie liberalistiese denkbeelde het Suid-Afrika van vroeg af reeds binnegedring. Die hele negentiende eeu was 'n tydperk van beroering en ommekeer, 'n tydperk waarin alle tradisionele lewenswaardes omver gewerp is in ruil vir die nuwere „verligtingsdenkbeelde".

Die liberalistiese gedagtestroom wat die ganse volkslewe deursuur het, spruit onder andere uit die unitariese godsdiens, soos dit veral die Suid-Afrikaanse kerklik godsdienstige lewe beïnvloed het. Dit

---

6. Pienaar, T.C.: In diens van die volk; Johannesburg, A.P.B. uitgewers, 1944; pp. 2, 4, 7, 11, 17; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 269. Vgl. ook Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, pp. 14-18.

7. Hanekom, dr. T.N.: Die liberale rigting in Suid-Afrika; Kaapstad, Die Citadelpers, 1951; pp. 30, 141; Venter: „Die kultuurtoestand van die Afrikaner", t.a.p.; Venter, E.S.: „Die emansipasie van die vrou", in Die Taalgenoot, XXXI, V, April 1962; Coetzee, J.H.: Verarming en oorheersing; Pauw, S.: Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1946; p. 38; Nepgen, C.C.: Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1938; Meyer, dr. P.J.: Die Afrikaner; Die Tweede Trek-reeks, nr. 1; Nasionale Pers, Bloemfontein, 1940.

vind ook egter sy voorlopers in die liberalistiese beskouinge van die vrouestemregbeweging en die liberalistiese beskouinge wat in die stamlande van Suid-Afrika geheers het[8].

Dit is opmerklik dat juis die „verdraagsaamheidsgedagte", die kernspreuk van die liberalistiese lewensbeskouing, al spoedig in die partikuliere georganiseerde sorg aan die Kaap sy verskyning maak. Dit kom naamlik tot uiting in die breuk wat daar tussen die A.C.V.V. en Z.A.V.F. in die Kaapprovinsie ontstaan.[9] Die kernverskil was hier die verdraagsaamheid ten opsigte van andersdenkendes.

Dit is opvallend dat juis een van die leidsters van die sogenaamde „suffragette"-beweging in Engeland, mev. Saul Solomon, 'n leidende aandeel in die totstandkoming van die Z.A.V.F. gehad het[10].

---

8. Vgl. Hanekom: Die liberale rigting; Solomon, W.E. Gladsone: Saul Solomon - The member for Cape Town;Cape Town,Oxford University press, 1948, p. 128; Fullford, Roger: Votes for women; London, Faber and Faber, 1957 , pp. 68, 81; Pethick-Lawrence, Lord: Unshackled; Dame Christabel Pankhurst; London, Hutchinson, 1959, p. 69; Webb, B.: My apprenticeship, 2 volumes; Harmondsworth, Penguin Book Co.Ltd., 1938; p. 264.

9. Zeeman: Die armesorgwerk, p. 269; Pienaar: In diens van die volk, pp. 2, 4, 7, 11, 17.

10. Die „suffragette"-beweging het uit 'n groot aantal geestesstrominge geput. Veral liberalistiese en sosialistiese gedagtes het 'n vormende invloed op die feministebeweging gehad. Besonder opvallend is dan ook die ooreenkoms in die naam van die „Women's Liberal Federation" in Engeland en die Z.A.V.F. in Suid-Afrika. Eersgenoemde organisasie het hom veral ten doel gestel die stryd om vroueregte. Dr. K. Schilder wys in sy werk Die Openbaring van Johannes en het sociale leven op die noue verband wat daar tussen die feminisme en die hedendaagse sosialistiese staatsbeskouing bestaan. In hierdie verband is dit ook belangrik dat die leermeester van Proudhon en Karl Marx, William Thompson, een van die eerste kampvegters van die feminisme was. Vgl. in verband met die invloed van die verskillende strominge, Hanekom; Die liberale rigting; Fullford; Votes for women; Webb, B.: My apprenticeship, dl. I, p. 166; Bisno: The philosophy of social work; Polak: De toekomst is verleden tijd, p. 193, 195, e.v.; Pethick-Lawrence: Unshackled, p. 69; Schilder: De Openbaring van Johannes en het sociale leven, p. 155; Pienaar: In diens van die volk, p. 1; Solomon: Saul Solomon - The Member for Cape Town, pp. 13, 28, 349; Du Toit: Olie op die wonde, p. 123; S.A.V.F.: Vyftig jaar van seën, 1904-1954; Pretoria, Wallachs; 1954; pp. 10-14; Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 14 e.v. Laasgenoemde twee skryfsters ontken dat die „suffragette"-beweging in Engeland enige merkbare invloed op die ontstaan van die Suid-Afrikaanse vroueverenigings gehad het en beweer dat die wêreld se vrouebeweging, die feminisme, in Suid-Afrika in Afrikaans oorgesit is. Wat ook al hiermee bedoel word, blyk die bewering by nadere ondersoek naïef en oppervlakkig te wees en kan dit nie 'n toets aan historiese feite deurstaan nie.

Mev. Saul Solomon het deur haar invloedryke werk en entoesiasme gedurende die groeijare van die vroueorganisasies noodwendig vanweë die ideologiese agtergrond waaruit sy gestam het, baie van die meer liberale gedagtes in die partikuliere sorg van Suid-Afrika ingedra[11]. Dit wil voorkom asof die vroueverenigings dan ook deurlopend in 'n sekere sin 'n tweeslagtige karakter bly behou. Enersyds skaar hulle hulle by die tradisioneel gegroeide Afrikaanse kultuurinstellinge, terwyl hulle andersyds ook die meer humanisties geöriënteerde professionele maatskaplike werk, wat vrug is van 'n aan die kultuur vreemde geestesstroming, in die Afrikaner-volkslewe indra[12]. Hierdie dubbelslagtige ontwikkeling blyk veral later baie duidelik wanneer hulle by die vraagstuk van koördinasie van maatskaplike sorg in Suid-Afrika betrokke raak.

Alhoewel die vier vernaamste vroueorganisasies in die land reeds vroeg aan die begin van hierdie eeu tot stand gekom het[13], het 'n groot koördinerende liggaam eers in 1920 ontstaan. Dit staan bekend as die Federale Vroueraad[14].

Vanaf die stigtingsdatum van die vier groot vroueverenigings was daar noue samewerking. Uiting aan hierdie samewerking word deur middel van die Federale Vroueraad gegee, wat uit twee verteenwoordigers uit elke provinsie bestaan. Die raad is 'n adviserende liggaam wat op 'n basis van onderlinge bespreking 'n nasionale beleid vir werksaamhede bepaal, die werk van die vier provinsiale organisasies koördineer en,

---

11. Mev. Saul Solomon was 'n Jodin. Vgl. ook in verband met die Joodse invloed op die ontwikkelingsgeskiedenis van die Charity Organization Society; Slater, Gilbert: Poverty and the state; London, Constable and Co., 1930; p. 21 e.v.

12. Venter: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk.

13. Vgl. Du Toit: Olie op die wonde, p. 123; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 268; Van Rensburg: Die ontstaan en ontwikkeling van die O.V.V. as vereniging vir maatskaplike werk; Pienaar: In diens van die volk; Botha: Die maatskaplike sorg, p. 72; Die vroueverenigings het in die volgende jare tot stand gekom: A.C.V.V., 1904; Z.A.V.F., 1904; O.V.V., 1908 en die N.C.V.V. 1915.

14. Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 18.

indien nodig, vertoë tot die regering rig[15].

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN KOöRDINASIE BY ANDER PARTIKULIERE SORGINSTANSIES.

Van die eerste partikuliere sorginstellinge wat hulle met die sorgvraagstukke van die land bemoei het, was die kinderwelsynsverenigings. In 1924 kom die Nasionale Raad vir Kindersorg tot stand om as 'n skakel te dien tussen die verskillende Kindersorgvereniginge in die land. Die doel van die totstandkoming van hierdie liggaam was om 'n eenvormige beleid te bewerkstellig en samewerking met die staat te vergemaklik[16].

Aan die einde van 1931 was daar in die vier provinsies reeds 82 kindersorgvereniginge met die Nasionale Raad vir Kindersorg geaffilieer.

Twee belangrike ontwikkelings op die gebied van die koördinasie van maatskaplike sorg is:

a. die totstandkoming van 'n Federale Raad vir Moederkunde en Gesinsorg op 22 September 1926 op inisiatief van die vier vrouevereniginge in samewerking met die Helpmekaarvereniging en die Armesorgkommissie van die N.G. Kerk[17];

b. die totstandkoming van 'n „Gesamentlike Komitee vir Kindersorg" bestaande uit verteenwoordigers van die Federale Raad vir Moederkunde en Kindersorg en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg, 'n komitee wat ingestel is om sake te bespreek in verband met wetgewing, finansies, gemeenskaplike beleid en om gesamentlik die regering oor sulke sake te nader[18].

Na die totstandkoming van die Raad vir Maatskaplike Werk op inisia-

---

15. Vgl. du Plessis, S.: Samewerking tussen organisasies; p. 7; Unie van S.A. Jaarverslag van die Departement van Wolkswelsyn, 1937-1949, p. 40; Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., no. 19, 1938, p. 212; Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, pp. 130, 131.

16. Du Plessis: Samewerking tussen organisasies, p. 1; Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A., nr. 14, 1933; nr. 12, 1929-30, p. 284.

17. Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 131.

18. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 14, 1931-32, p. 271.

tief van die Federale Vroueraad, wat onder meer gesondheidswerk en kindersorgaangeleenthede sou behandel, is die Federale Raad vir Moederkunde en Kindersorg ontbind en daarna ook die Gesamentlike Komitee vir Kindersorg[19].

Hierdie Federale Raad vir Maatskaplike werk was die vrug van 'n besluit van die federale kongres van die vier vrouevereenigings wat in 1933 in Bloemfontein gehou is. In 1935 vind samesprekings tussen die Federale Armsorgraad van die N.G. Kerk en die Federale Vroueraad plaas met die oog op die bepaling van 'n konsepkonstitusie vir die voorgestelde raad. Die hoofdoel van hierdie „Christelike Maatskaplike Raad van Suid-Afrika" sou wees die koördinering van alle maatskaplike dienste op Christelik-gereformeerde grondslag.

As gevolg van die totstandkoming van gemeentelike armesorgkommissies met hulle subkommissies vir koördinasie asook die latere groepareaplan vir samewerking tussen kerk en staat het die gedagte aan die voorgenome stigting van so 'n federale raad vir maatskaplike werk skipbreuk gely[20].

Hiernaas, of miskien selfs hierteenoor, word 'n ander tendens op die gebied van die ontwikkeling van koördinasie aangetref met die totstandkoming van die sogenaamde nasionale rade, wat 'n ontwikkeling verteenwoordig waarin die koördinasie van maatskaplike sorg 'n meer gedifferensieerde patroon volg[21]. Hier is sprake van kategoriese koördinasie van maatskaplike sorg, met die basiese ooreenkoms dat professionele maatskaplike werk deurgaans as metode van sorg aangewend word. Onder kategoriese maatskaplike sorg word verstaan die metodes van sorg wat aangewend word by die versorging van die onderskeie kategorieë van sorgbehoewendes, byvoorbeeld blindesorg, dowesorg, kreupelsorg, geestesgesondheidsorg ensovoorts.

Die verskillende nasionale rade op kategoriese grondslag kom

---

19. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 16, 1933-34, p. 297.

20. Zeeman: Die armesorgwerk, p. 280.

21. Unie van S.A. Verslag van die nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 21.

hierna tot stand, naamlik:

die Union of Jewish women (1912),

die Nasionale Komitee vir geesteshigiëne (1920)[22]

die Nasionale Raad vir blindes (1929),

die Nasionale Raad vir dowes (1929),

die Federale Armesorgraad van die N.G. Kerk (1933),

die Vereniging vir maatskaplike dienste (1935),

die Nasionale Raad vir die versorging van kreupeles (1939),

die N.H.S.V.-hoofbestuur (1940),

die Ondersteuningsraad van die Nederduits Hervormde Kerk (1945),

die Nasionale Raad vir huweliksvoorligting en gesinslewe (1954),

die Suid-Afrikaanse Rehabilitasieraad (1955),

die Nasionale Raad vir die welsyn van bejaardes (1956),

die Nasionale Raad vir alkoholisme. (1956 )[23].

Die provinsiale hoofbesture van die vier provinsiaal georganiseerde vrouevereniginge het in hierdie stadium reeds 'n geruime tyd bestaan.

Hierdie verskillende rade en hoofbesture het hoofsaaklik ten doel

---

22. Vgl. „'n Geskiedkundige oorsig", artikel in Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir geestesgesondheid, nr. 3, April 1961, p. 10. Die naam is in 1929 en daarna gewysig. Tans staan dit bekend as „Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir geestesgesondheid".

23. Gegewens in verband met die stigtingsdatums van die verskillende nasionale rade is verkry van die liggame se onderskeie kantore en van die kantoor van die Registrateur van Welsynsorganisasies. Vgl. ook i.v.m. die ontstaan en doelstellings van die onderskeie rade: Unie van S.A. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, pp. 24, 38; Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 17, 1934-35; 21, 1940; Theron, E en de Villiers, J.J.: Welsynswerk met gestremdes; Kaapstad, H.A.U.M., 1959, pp. 40, 41 e.v. Wagner en Theron: Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging, p. 118; Greyling: Die Neder. Geref. Kerk en armesorg, p. 303; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 134; Botha: Die maatskaplike sorg, p. 129; Du Toit: Olie op die wonde, p. 50; Coetzee, J.H.: Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk. Die Federale Armesorgraad se naam is in 1960 verander na die Federale Raad vir die diens van barmhartigheid, en in 1962, met die eenwording van die vier N.G.-kerke en die aanvaarding van die nuwe kerkorde, het dit die Algemene Kommissie vir die diens van barmhartigheid van die Kerk se Algemene Sinode geword. Vgl. ook Ned. Geref. Kerk, Federale Armesorgraad van die -- : Die diens van barmhartigheid. Die armesorg van die N.G.-Kerk in S.A.; Nasionale Handelsdrukkery, Elsiesrivier, 1955; Die Kerkbode, 13 April 1955. In 1962 was daar reeds 16 sulke nasionaal koördinerende rade by die kantoor van die Nasionale Welsynsraad geregistreer. Kyk ook i.v.m. die S.A. Rehabilitasieraad, p. 384 van hierdie verhandeling.

die koördinasie van die werksaamhede van die onderskeie geaffilieerde organisasies en takke in hulle onderskeie sorgsfere. Die nasionale rade tree in hoofsaak in adviserende hoedanigheid op en dien as skakel tussen die organisasies en die regering. In die meeste van hierdie organisasies word professionele maatskaplike werkers vir die uitvoering van die sorgtaak gebruik. Hierdie tendens word later veral gestimuleer deur die klimaat wat deur die Departement van Volkswelsyn geskep word, asook sy vereistes ten opsigte van die opleiding van maatskaplike werksters[24].

Hoewel daar in hierdie stadium geen private liggame bestaan het wat die belange van die maatskaplike sorg as geheel op nasionale skaal gekoördineer het nie, het die nasionale rade, wat staatsteun vir hulle werksaamhede ontvang het, in 'n groot mate bygedra tot die voorkoming van oorvleueling en tot die koördinasie van werksaamhede[25].

Dit is duidelik dat veral omstreeks die dertiger jare van hierdie eeu 'n vermeerderde belangstelling in die vraagstuk van koördinasie van maatskaplike sorg, ook van die kant van die partikuliere inisiatief, bespeur kan word[26].

## 3. KULTUURORGANISASIES.

Tipies en kenmerkend van die Afrikaanse volkslewe is die feit dat daar versorgend omgesien word na die volksgenoot in nood. Dit is 'n wesenkenmerk van die Afrikaanse volkslewe, en dit is veral gewortel in sy diep godsdienssin en Calvinistiese lewensoortuiging aangaande die amp van die gelowige[27]. Uit hierdie ondergrond kom dan telkens tydens

---

24. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949; asook Venter, C.N.: „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", t.a.p.

25. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, pp. 20, 21, 24.

26. Vgl. Unie van S.A.: Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936, pp. 5, 7, 11, 17, 25, 27-29, 33 e.v.; Wagner en Theron: Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging, p. 118; Die Nasionale Raad vir die versorging van kreupeles in S.A.: Referate gelewer tydens die konferensie van maatskaplike werksters oor die rehabilitasie van kreupeles; Pretoria, 1958; referaat T.

27. Vgl. p. 83 e.v. van hierdie verhandeling in verband met die amp van die gelowige. Kyk ook Nepgen: Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes, pp. 67-92, 152, 211.

krisis- en noodsituasies beweginge spontaan uit die volk op om die nood te lenig, om op te bou en die versplintering van kultuurkragte teë te werk.

Vervolgens word kortliks gelet op twee van die vernaamste vorme van sorg wat op hierdie wyse spontaan uit die hart van die volk voorgekom het. Hierdie twee organisasies vorm, saam met die Afrikanerkerke en -vroue-organisasies, die vernaamste vorme van heropbou van 'n versonke volksdeel, naamlik:

a. die Helpmekaarbeweging,

b. die Reddingsdaadbond.

Daar moet op gelet word dat ook ander kultuurliggame binne hulle eie werkterrein belangrike werk gedoen het, o.a. die A.T.K.V., A.T.K.B., A.K.V.V. en andere.

a. Die Helpmekaarbeweging.

Die Rebellie van 1914 het vir die rebelle wat daaraan deelgeneem het, veel ontbering, lyding en armoede op die hals gehaal. As gevolg van die feit dat hulle dikwels noodwendig van die plase en winkels waar hulle gedurende die opstand aangedoen het, noodsaaklike voedselvoorrade moes neem, het hulle veel skade berokken.

Na die beëindiging van die Rebellie het hierdie rebelle swaar gely onder die gevolge van hulle dade, veral omdat almal wat op een of ander wyse skade gely het, skadevergoeding van die rebelle geëis het. Eers was dit maar klein bedrae wat sporadies hier en daar opgeëis is, maar later het dit gegroei tot 'n magtige stroom van skuld wat op die betrokke rebelle gerus het. Ten spyte van die feit dat die rebelle huis en haard verpand het om hierdie stroom van eise te delg, het die eise, sommige buitensporig, steeds aangegroei.

In hierdie chaos het die Helpmekaarbeweging, wat spontaan uit die volksgeledere opgewel het, ontstaan[28]. Die Helpmekaarbeweging het soos

28. Die Helpmekaar-gedenkboek; Kaapstad en Bloemfontein, Nationale Pers Bpk., 1918; pp. 6, 7, 11; Scholtz, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, p. 117.

'n bruisende stroom die volksgees in besit geneem en sy ontstaan gevind in Bethlehem, Lindley en Reitz in die Vrystaat. Beide rebelle en nie-rebelle het hier saamgespan om die gemeenskaplike skuld te delg, sodat 'n deel van die volk nie in armoede sou versink nie[29].

Orals is pogings aangewend om geld in te samel. Geld is van die banke geleen. Hiervoor het 6 of meer persone gesamentlik as borge geteken. Die verskillende distrikte het weer toegesien dat die borge weer gewaarborg word, deurdat elkeen op die basis van hulle besittings bydraes gedoen het. Op hierdie wyse, en ook deur die hou van verkopings, waar die vroue deur koekbak en handewerk hulle deel bygedra het, is groot dele van die skuld gedelg[30].

Daar is besluit om as laaste finale poging tot geldinsameling 'n Helpmekaardag te hou om veral die Vrystaatse skuld wat nie ten volle gedek was nie, te betaal.

'n Sekere heer, T.E. de Villiers, het beloof om £500-0-0 by te dra indien 500 andere ook bereid was om elk £100-0-0 by te dra.

Bo almal se verwagting het hierdie gebaar die Helpmekaarfonds die hoogte in laat skiet, sodat dit die vereiste hoeveelheid geld wat geïn moes word, vér oortref het[31].

In die Helpmekaarvereniging het dr. N.J. van der Merwe, die eerste voorsitter van die F.A.K. en vooraanstaande kultuurleier in die Afrikaanse volkslewe, ook 'n belangrike rol gespeel[32]. Dr. van der Merwe is kort na sy terugkeer na 'n besoek aan Holland tot voorsitter van die Hoofbestuur verkies en het tot sy dood voorsitter van die Vereniging gebly. Hy was die siel en stukrag van die Helpmekaarvereniging in die Vrystaat[33]. In die tydsbestek wat dr. Van der Merwe voorsitter van die

---

29. Helpmekaar-Gedenkboek, p. 17.

30. Ibid., pp. 17, 21.

31. Inid., pp. 21, 28.

32. Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, p. 117 e.v. Vgl. ook hoofstuk VIII, p.219, van hierdie verhandeling.

33. Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, p. 118 e.v.; Van Schoor, M.C.E.: Die Vrystaatse Helpmekaar, Bloemfontein, Sentrale Pers, 1960.

Helpmekaarvereniging was, het die vereniging groot hoogtes bereik en hom veral beywer vir die bevordering van opvoedkundige geleenthede vir die Afrikanerjeug. Maatreëls vir die verligting van die ekonomiese posisie van die boere en die hele kwessie van landboukrediet is 'n ander terrein waarop die Helpmekaar in sy omvattende reddingspoging beweeg het[34].

Uit hierdie kort weergawe van die hooftrekke van die werk van die Helpmekaarvereniging is dit duidelik dat hier 'n spontane versorgingsmetode uit die volk self ontstaan het, wat gedra is deur 'n diep volksbewoënheid met die lot van die noodlydendes. Tereg het president M.T. Steyn dan ook van hierdie beweging gesê: „Die helpmekaar is uit God gebore". In hierdie tyd het die gees van saamwerk die hele volk aangegryp[35].

Chronologies sou die ontstaan van die F.A.K. nou behandel moes word, maar aangesien daar in 'n latere hoofstuk breedvoeriger op die ontstaan, ontwikkeling en werk van die F.A.K. ingegaan word, word die Reddingsdaadbond, wat deur die toedoen van die F.A.K. ontstaan het, eers kortliks behandel.

b. Die Reddingsdaadbond.

Die Reddingsdaadbond (Rdb.) is 'n beweging gebore uit die geesteswroeging van 'n volk in nood, 'n volk op pad na selfstandigwording. Dit was die vrug van 'n diep grypende proses van nasiewording, waartydens die dieper liggende tradisionele volkswaardes en -ideale gestalte aangeneem het in 'n magtige reddingsdaad om die volk op ekonomiese gebied van ondergang te red[36].

Hierdie gedagte van 'n reddingsdaad in die gesindheid van saamwerk,

---

34. Scholtz, G.D.: Dr. N.J. van der Merwe, p. 120.

35. Helpmekaar-gedenkboek, pp. 5, 37; Nienaber, dr. P.J.: Dr. J.D. Kestell, Vader van die Reddingsdaad; Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., 1946; pp. 67, 107, 109. In die bevordering van hierdie gees van saamwerk en help mekaar het dr. J.D. Kestell („Vader Kestell") 'n leidende rol gespeel.

36. Coetzee, dr. J.A.: Ons Reddingsdaad; Brosjure uitgegee deur Hoofkantoor van die Reddingsdaadbond, Johannesburg; p. 4; Nienaber, dr. P.J.: Dr. J.D. Kestell, vader van die Reddingsdaad; Bloemfontein, Nasionale Pers, 1946; p. 113.

help mekaar en red mekaar het sy oorsprong gehad by die alombekende en beminde dr. J.D. Kestell, beter bekend as vader Kestell. Van hom het in die Voortrekkereeufeesjaar die gedagte uitgegaan dat die hulde aan die stoere voorgeslag in die vorm van 'n daad moes geskied: Die Reddingsdaadbond[37].

Vader Kestell het dit as sy lewenstaak beskou om hierdie reddingsdaadgedagte aanvanklik in ongeorganiseerde maar later in georganiseerde vorm te propageer. Sy werkie, My nasie in nood,[38] is 'n sprekende bewys van sy intense aanvoeling van en meelewing in die volksnood en sy onverbiddelike geloof in die reddingsdaadgedagte.

Die gedagte van vader Kestell was dat die reddingsdaad die vorm van 'n sindikaat moes aanneem, opgerig uit aandeelhouers wat nie die oog op diwidende het nie maar wat die rente op die kapitaal wat hulle stoot, sou aanwend om plase te koop wat in die mark kom. Die grond sou daarna aan die persone wat uit die grond geraak het, verhuur of verkoop word[39].

Ten grondslag aan hierdie hele beweging het die gedagte gelê van 'n reuse-volksofferande gedra deur 'n diepe geroepenheid tot gesamentlike nasiediens, 'n gees van saamwerk, help mekaar, red mekaar[40].

Die armblankevraagstuk en die verval in kulturele waardes wat daaraan ten grondslag gelê het, het nie slegs die materiële aspek van die volksbestaan aangetas nie maar veral die geestelike, die kulturele[41]. Hierdie ekonomiese krisis het deurgewerk in al die bestaansuitinge van die Afrikaner.

In hierdie krisisomstandighede van die Afrikanervolkslewe kom die Reddingsdaadbond deur die toedoen van die F.A.K. tot stand. Die Reddingsdaadbond was 'n voortvloeisel van die Ekonomiese Volkskongres van die

---

37. Coetzee: Ons Reddingsdaad, p. 9; Nienaber: Dr. J.D. Kestell, p. 111 e.v.

38. Kestell, J.D.: My nasie in nood, Die Tweede Trek-reeks, nr. III, onder redaksie van Keyter, prof.dr. J. de W. e.a.; Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., 1940.

39. Vgl. Nienaber: Dr. J.D. Kestell, p. 106 e.v.; Coetzee: Ons Reddingsdaad, p. 61; Kestell, J.D.: My nasie in nood, p. 19 e.v.; Van den Heever, prof.dr. C.M. en Pienaar, prof.dr. P. de V.: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, dl. II; Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950; p.87

40. Coetzee: Ons Reddingsdaad, p. 63; Kestell, J.D.: My nasie in nood, pp. 54, 91.

41. Kestell, J.D.: My nasie in nood, pp. 15, 82-92 e.v.

F.A.K. wat in 1939 plaasgevind het. Uit hierdie kongres het die Ekonomiese Instituut van die F.A.K. ontstaan.

Op die eerste vergadering van die dagbestuur van die Ekonomiese Instituut, op 8 Desember 1939, is besluit dat daar oorgegaan word tot die stigting van 'n omvattende volksorganisasie wat geleidelik alle losstaande organisasies in hom sal opneem en waarby bestaande organisasies ingeskakel kon word. Hierdeur sou die toestand van oororganisasie opgelos word en sou 'n gesamentlike poging aangewend word ter stywing van die Reddingsdaadfonds[42]. Die Reddingsdaadfonds het reeds in die Eeufeesjaar, 1938, sy hoogste kerf bereik. Geld is onder meer ingesamel deur skakelkomitees. Die geldinsameling het ten doel gehad die stywing van die Fonds en die herlewing van egte boeregasvryheid[43].

Met die ontstaan van die Rdb. is 'n landswye volksorganisasie gestig wat ten doel het die positiewe bestryding van volksverarming. Die sindikaatgedagte van dr. Kestell het nie tot volle verwesenliking gekom nie, maar in plaas daarvan het 'n heerlike volksbeweging, gedra deur nasiediens en volksopoffering, ontstaan, wat ten doel gehad het die opheffing van die volk[44].

Die geld wat deur die beweging ingesamel is, is onder meer op die volgende wyses bestee:

(1) die toekenning van steun aan kleinhandels- en nywerheidsondernemings;

(2) die stigting van 'n werkverskaffingsburo waardeur werknemers met werkgewers in aanraking gebring is en andersom;

(3) aandag is gegee aan die Afrikaner se besteding van sy vrye tyd, deur die bevordering van rolprente, volkspele ens.[45]

---

42. Nienaber: Dr. J.D. Kestell, pp. 116, 117; F.A.K. Silwerjubileumuitgawe, 1929-1954; p. 50; Coetzee: Verarming en oorheersing, p. 27.

43. Coetzee: Ons Reddingsdaad, p. 23.

44. Nienaber: Dr. J.D. Kestell, pp. 116, 117; F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, 1929-1954, p. 50.

45. Coetzee: Ons Reddingsdaad, pp. 29, 38.

Tydens 'n Rdb.-kongres gehou te Bloemfontein gedurende 1941 het dr. N. Diederichs 'n baie belangrike verklaring gedoen in verband met die stigting van 'n Eenheidskomitee waarin die Rdb., die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag verenig het met die doel van samewerking op grond van sekere gemeenskaplike beginsels. Hierdie samewerking sou op die basis van newegeskiktheid geskied. Elke organisasie sou sy eie identiteit, funksies en soewereiniteit behou maar sou op grond van hulle gemeenskaplike grondbeginsels saamwerk. Daar is ook getrag om deur die stigting van hierdie Eenheidskomitee die terreine en funksies van die verskillende volksorganisasies duideliker af te baken, om daardeur oorvleueling te voorkom[46].

Wat die vraagstuk van koördinasie betref, blyk dit dat die Rdb. die verskillende losstaande bewegings en organisasies wat hulle vir die ekonomiese vooruitgang van die Afrikaner beywer het, saamgesnoer het om eendragtige optrede te verseker. Toe dit in 'n stadium duidelik was dat daar 'n mate van oorvleueling tussen die werksaamhede van die F.A.K. en die Rdb. ontstaan het, is deur die twee liggame tot 'n vergelyk gekom dat die F.A.K. hom meer op die „kulturele" terrein sou toespits, terwyl die Rdb. hom op die ekonomiese gebied sou beywer. Hierdie beginsels is ook deurgevoer met betrekking tot plaaslike werksverdeling tussen die takke van die twee organisasies[47].

In 1954 het dit geblyk dat die taak van die Rdb. min of meer afgehandel was. Van die kant van die Rdb.-bestuur is genoem dat die volk dit nie meer as noodsaaklik beskou het dat daar 'n reddingsdaad behoort plaas te vind nie. Derhalwe is deur die Rdb.-bestuur aanbeveel dat daar oorgegaan behoort te word tot die stigting van 'n genootskap van Afrikaners wat die uitvoerende aksie van die F.A.K. sou oorneem. Daar is verder aanbeveel dat 'n gesamentlike komitee

---

46. Coetzee: Ons Reddingsdaad, pp. 15, 60. Vgl. ook die notule van die Uitvoerende Bestuur van die F.A.K., 11 April 1941, in verband met die toetrede van die F.A.K. tot die Eenheidskomitee.

47. Notule van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K., I Desember 1945 en 18 Februarie 1946; F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, 1929-1954; notule van Die U. K., I Mei 1957; F.A.K. Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., I April 1956 tot 31 Maart 1957, p. 18.

van die F.A.K. en Rdb. benoem moet word, wat as bestuursliggaam vir hierdie nuwe genootskap sou optree. Takke van die genootskap kon dan gestig word waar daar nie reeds skakelkomitees of kultuurverenigings bestaan het nie.

Dit sou meebring dat die F.A.K. nie moes voortgaan met die stigting van nuwe skakelkomitees en kultuurverenigings nie. Daar is na aanleiding van hierdie aanbevelings samesprekinge gevoer met verteenwoordigers van die Rdb.-hoofbestuur. Die F.A.K. was nie vir die stigting van hierdie nuwe plaasvervangende genootskap te vinde nie, en daar is derhalwe besluit dat, aangesien die taak van die Rdb. afgehandel was, sy bestaan nie meer geregverdig was nie. In 1956 is daar oorgegaan tot die ontbinding van die liggaam. Die Reddingsdaadfonds het egter nog bly voortbestaan[48].

4. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

a. In die ontwikkelingsgang van die vroueverenigings is dit duidelik dat die liberalisme hom nie onbetuig gelaat het nie. Die koördinasiepatroon wat by die vroueverenigings aangetref word, is een waarin die belangrikste kenmerk dié van koördinasie van werksaamhede op provinsiale grondslag is.

b. Daar word in 'n sekere sin 'n dubbelslagtige ontwikkeling by die vroueverenigings aangetref, naamlik dat hulle aan die een kant draers wil wees van 'n Christelik-nasionale kultuurpatroon, terwyl hulle andersyds gebruik maak van professionele maatskaplike werk as versorgingsmetode.

c. In Suid-Afrika word daar 'n soortgelyke ontwikkelingstendens as in die buiteland aangetref met betrekking tot die ontstaan van nasionaal georganiseerde koördinerende rade. Die ontwikkeling van hierdie rade verteenwoordig 'n gesonde uitbouing van die beginsel van gedifferensieerde koördinasie op kategoriese grondslag in die maatskaplike sorg.

d. Ten spyte van die feit dat die koördinasie van partikuliere

---

48. Notule van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K., 6 Mei 1954.

sorg in die vorm van hierdie nasionale rade 'n prinsipieel suiwere ontwikkeling is, is die kern van die probleem geleë in die feit dat die verskillende nasionale rade en ook die vroueverenigings gebruik maak van een „universele" versorgingsmetode: professionele maatskaplike werk. Sorginstansies wat vanuit verskillende standpunte met uiteenlopende doeleindes en verskillende sorgbehoeftes slegs van één versorgingsmetode gebruik maak, verabsoluteer daardie metode. Die metode, andersyds, is totalitêr en universeel, en dit hou in die verkragting van die basiese beginsels ten grondslag van newe-skikkende organiese koördinasie van sorg[49].

e. In die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse kultuurliggame het ons met 'n ander geestesstroming te doen. Van hierdie feit is die geestesklimaat waaruit sowel die Helpmekaarvereniging as die Rdb. ontstaan het, 'n sprekende bewys. Hoewel dit 'n noodtoestand en krisissituasie in die volkslewe was wat meer as die gewone aandag en deursettingsvermoë van die volk geëis het, is hier nie opgesien na een omvattende of universele versorgingsmetode nie maar is daar saamgestaan in die gees en gesindheid van eendragtige volksliefde ten einde die probleem op te los.

Ook die Rdb. het ontstaan in 'n tydperk toe daar 'n dringende behoefte bestaan het aan die ekonomiese selfstandigwording van die Afrikaner. In die werk van hierdie liggaam word daar 'n unieke benadering tot die probleem van volksarmoede aangetref. Hoewel die doelstellings van die beweging grotendeels ooreengekom het met die van ander organisasies wat ook die bestryding van volksarmoede ten doel gehad het, het dit juis wat uitgangspunt en metode betref, radikaal verskil van versorgingsmetodes wat gevoed is deur die sosiaal-

---

49. Venter: „Maatskaplike werk en die P.U.", t.a.p; „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", t.a.p.

wetenskaplike opvattings van Amerika[50].

f. Laasgenoemde twee kultuurorganisasies is vrug van 'n geestesstroming waarin die indiwiduele optrede van die gelowige volksman teenoor sy volksgenoot in nood voorop staan. Selfs waar die hulpverlening in georganiseerde verband geskied, word die gesamentlike aksie gekenmerk deur die diep medelye met en bewoënheid oor die verarmde volksgenoot. Die werk word nie opgedra aan 'n onpersoonlike hoogs gespesialiseerde professionele werkkrag wat die hulp namens andere verleen nie. Dit is opmerklik dat die organisasiepatroon van die grootste meerderheid sogenaamde kultuurorganisasies[51] gekenmerk word deur die feit dat gesamentlike optrede gefundeer is in die Christelik-nasionale lewensbeskouing en in die amp van die gelowige.

g. Dit gaan in die algemeen by die kultuurorganisasies om 'n volksbelewenis van nood en spontane volksoptrede ten opsigte daarvan. Hoewel die uitvoerende amptenaar ook in hierdie liggaam 'n belangrike rol speel, is dit meer in 'n organisatoriese en administratiewe sin. Die wesenlike sorg geskied deur die volkslewe in georganiseerde verband.

h. Dit is duidelik dat hier in die Afrikaanse volkslewe in die partikulier georganiseerde sorg histories twee ontwikkelingstendense te onderskei is, naamlik enersyds die vroueverenigинge en nasionale rade en andersyds die Afrikaanse kultuurliggame, wat met radikaal teenoor mekaar staande versorgingsmetodes soortgelyke sorgprobleme probeer oplos. Karakteris-

---

50. Coetzee: Ons Reddingsdaad, p. 3; Die Carnegieverslag het die heil van die volk op heel 'n ander wyse probeer dien. vgl. p. 184 van hierdie verhandeling. Vgl. i.v.m. die geestesstrominge ten grondslag van die professionele maatskaplike werk: Venter: Die verhouding tussen professionele maatskaplike werk en pastorale werk ; „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", t.a.p.

51. Vgl. ook in hierdie verband my artikel „Die waarde van maatskaplike sorg vir kultuurwerkers", t.a.p.

tiek van die onderskeid tussen die twee groepe liggame is die feit dat die eerste groep vir die uitvoering van hulle sorgtaak feitlik deurgaans van professionele maatskaplike werkers gebruik maak, terwyl die kultuurliggame die lede individueel en in georganiseerde verband inspan ter leniging van die volksnood.

i. De Volkskongres van 1934 is die uitdraaiplek waar die twee strominge, wat voorheen nog baie nou saamgevloei het, geskei het. Vanaf hierdie kongres ontwikkel beide strominge in hulle eie kenmerkende rigting en word die verskil in onderliggende geestesstrominge met verloop van tyd al hoe duideliker[52)].

---

52. Vgl. ook p. 189 van hierdie verhandeling.

# HOOFSTUK VIII.

## DIE ONTSTAAN EN SAMESTELLING VAN DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE AS KOÖRDINERENDE INSTANSIE IN DIE MAATSKAPLIKE SORG.

Die ontstaan van die F.A.K. kan alleen begryp en reg geïnterpreteer word as dit gesien word teen die agtergrond van die kultuurpatroon van die Afrikanervolk. Die totstandkoming van die F.A.K. was 'n doelbewuste en positiewe kultuurdaad, gebore uit die roepings- en verantwoordelikheidsbesef van 'n volk wat geglo het dat hy met 'n doel aan die Suidpunt van Afrika geplaas is en wat in hierdie feit die hand van God gesien het, wat aan die volk 'n eie roeping en taak opgelê het om te vervul. Daarom dan ook dat hierdie kort oorsig nie volledig sal wees sonder 'n verwysing na die kultuurpatroon en lewens- en wêreldbeskouing wat die groeibodem vir die totstandkoming van die F.A.K. was nie.

### 1. DIE GEESTESKLIMAAT WAARUIT DIE F.A.K. ONTWIKKEL HET.

Die Afrikaanse kultuurpatroon word reeds sedert die volksplanting gekenmerk deur 'n bepaalde bestaanswyse, 'n bepaalde wyse van lewensindiensstelling ooreenkomstig bepaalde kultuurwaardes. Juis hierdie feit het tot gevolg gehad die ontwikkeling van 'n eiesoortige kultuur en daarmee gepaard die ontwikkeling van eiesoortige kultuurgoedere en kultuuruitinge, in teenstelling met die lewenswyse van die Engelse bevolkingsgroep, wat onder soortgelyke omstandighede en omgewing 'n ou gevestigde kultuurpatroon moes handhaaf en uitbou.

Die organiese volksbegrip is van meet af aan kenmerkend van die Afrikanerkultuurlewe[1]. Ooreenkomstig hierdie siening is die volkslewe 'n dinamiese en organies lewende geheel met 'n bepaalde bestemming en 'n bepaalde toekomsverwagting. Dit is dus nie slegs die indiwidu en die huisgesin wat 'n bepaalde roeping en taak het om in die koninkryk van God te vervul nie, maar ook die volk as organiese lewensgemeenskap

---

1. Vgl. Krüger, ds. I.D.: „Calvinisme en volkseenheid", artikel in Op die voorpunt van die tye, pp. 23-28, asook Notule van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad, 5 Oktober 1942.

in die mate waarin dit aan die Skrifeise in hierdie verband voldoen, het 'n spesifieke roeping en taak wat in organiese verband ten uitvoer gebring moet word[2].

Hierdie organiese karakter van die Afrikaanse volksgemeenskap moet verstaan word in die sin waarin die begrip „organies" deur C.N. Venter[3] gebruik word, naamlik ter aanduiding van die volksgemeenskap wat 'n tydelike vergestalting is van die organiese eenheid van die liggaam van Christus. Die lewens- en wêreldbeskouing waardeur hierdie organiese volksbegrip gedra word, is die Calvinisme.

Juis die Calvinisme, met sy aard-eie waardesisteem gegrond op die Woord en die Belydenis, het tot gevolg gehad organiese gemeenskapsvorming en kultuurskepping[4] in die Afrikaanse volkslewe. Hierdie feit was in die geskiedenis van die Afrikaanse kultuurlewe een van die sterkste saambindende elemente. Hierdie Calvinistiese lewensbeskouing was die gemeenskaplike en saambindende faktor wat ten grondslag lê aan die samehorigheidsgevoel en eenheidstrewe wat die grondslag en krag vir alle positiewe kultuurontplooiing gevorm het[5]. Dit is die „Afrikaanse gedagte"[6] wat met verloop van tyd sy neerslag gevind het in die vorm van bepaalde bewuste kultuuruitinge soos 'n eie taal, musiek, sang, letterkunde, tradisie, sosiale instellinge, ensovoorts.

Baie duidelik word dit gestel deur die redaksie van Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner[7]: „Dit is die Afrikaanse Gedagte wat uit die Afrikaner se lotsbestemming opgekom het, eers aarselend en onhelder, om

---

2. Meyer: Die Afrikaner.

3. „Ons roeping as Calvinistiese jeug binne en ons Christelike lewenswandel buite die J.V."; Meyer: Die Afrikaner, p. 55; Notule van die A.N.K., 5 Oktober 1942. Vgl. ook Krüger: „Calvinisme en Volkseenheid", t.a.p.; Kruger, Jannie: Kultuur in die Republiek; F.A.K., Johannesburg, 1960; p. 9.

4. Meyer: Die Afrikaner, pp. 36, 55.

5. Van den Heever en Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel III, p. 7.

6. Ibid., Meyer: Die Afrikaner, p. 6; Kruger,: Kultuur in die Republiek.

7. Aldaar, p. 7.

gaandeweg skerper vorm aan te neem en in die denke en dade, die uitingswyse en sosiale instellinge, die volksgeloof en letterkunde duidelik sy innerlike gestalte te vertoon as iets inheems, as 'n eie organiese krag wat alles opsystoot en oorwoeker wat nie met sy sielevesels in hierdie land vergroei is nie".

Uit hierdie groeibodem en geesteklimaat het die F.A.K. voortgespruit juis toe hierdie aard-eie kultuurpatroon en kultuurgoedere van alle kante bedreig is. Dit was 'n beweging wat 'n uiting was van 'n roering diep in die volksiel[8].

Hierdie Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing was vanaf die vroegste jare van die bestaan van die F.A.K. sy uitgesproke standpunt wat gehandhaaf moes word teenoor die liberalistiese element in die volkslewe wat die soewereiniteit van die mens en die daarmee gepaard gaande tendens tot nivellering van grense bely het[9].

Wat hierdie punt betref, is dit nodig om die ontstaan en ontwikkeling van die F.A.K. in 'n mate vooruit te loop deur te wys op die bepaalde kultuurbeskouing wat deur hierdie liggaam en by implikasie ook deur sy geaffilieerde liggame gehuldig word. Dit kan kernagtig saamgevat word in die woorde van dr. T.E. Dönges by die F.A.K.-kongres in 1937[10]: „Kultuur ..... is die hele massa van sielsuitinge wat een indiwidu of nasie onderskei". Hy het daaraan toegevoeg: „Kultuur is nie net die sielsuiting van 'n nasie op letterkundige of kunsgebied nie. Dit is die lewensbeskouing van 'n nasie soos uitgeleef op elke gebied van die volkslewe en omvat: letterkunde....., kuns....., godsdiens....., sedes.....". Hy het voorts ook die besonder belangrike stelling geponeer: „Die kultuur is die skakel tussen voorsaat en nakroos, tussen volksverlede en volkstoekoms, tussen tradisie en ideaal". Dieselfde gedagte van die innige verbondenheid tussen kultuur en godsdiens word aangetref in die kultuurstrewe van een van die leidinggewende figure

---

8. Verslag van die F.A.K.-kultuurkongres, Kaapstad, 21-23 Desember 1931.
9. Notule van die 9de tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1948.
10. F.A.K.-Referate en verslag. F.A.K.-kongres, 6 en 7 Julie 1937, p.10.

op kultuurgebied, dr. N.J. van der Merwe. In 'n biografie oor sy merkwaardige lewe onder meer as leier in die Helpmekaarvereniging en eerste voorsitter van die F.A.K. wys G.D. Scholtz[11] daarop dat sy kultuurstrewe op die beginsel berus het dat die Afrikaanse kultuur sy vernaamste stukrag in die godsdiens vind. Volgens hierdie skrywer het dr. N.J. van der Merwe van die standpunt uitgegaan dat die kultuur die vertolking moet wees van die sielelewe van die volk op kultuurgebied en 'n eenheidsband behoort te vorm wat die volk as geheel omvat en ook sy ekonomiese en maatskaplike lewe insluit.

Hieruit is dit duidelik dat die geesteskliмaat waaruit die F.A.K. ontstaan en gegroei het organies van aard was en kultuur gesien het as 'n bepaalde wyse van lewensindiensstelling ooreenkomstig spesifiek Calvinistiese lewenswaardes, gegrond op die Woord en die Belydenis. Aangesien hierdie bestaanswyse die ontstaan van sekere geestelike en materiële kultuurgoedere tot gevolg gehad het, is dit vanselfsprekend tot die kultuurtaak gereken om hierdie kultuurerfnisse te handhaaf en uit te bou en ongeskonde aan die nageslag oor te lewer. Sommige van die kultuurerfnisse was tasbaar en materieel, terwyl die grootste erfnis die oorlewering van 'n tradisioneel ontwikkelde wyse van lewensindiensstelling was.

Alleen wanneer die ontstaan van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge teen hierdie agtergrond gesien word, kan ook die waarde van die liggaam in die breë volkslewe bepaal word en so ook sy betekenis as koördinerende faktor in die kultuursorg as volksorg van die Afrikaner.

## 2. DIE ONTSTAAN VAN DIE F.A.K.

Die tydperk na die Tweede Vryheidsoorlog was vir die Afrikaner in alle opsigte een van vernedering en verstrooiing. Nie slegs moes die Afrikaanse volk sy vryheid en onafhanklikheid prysgee nie, maar hy moes ook toesien hoe sy kultuur en kultuurerfnisse van alle kante deur die magtige en oorheersende Britse kultuur bedreig is. Die Afrikanerkultuur-

---

11. Van Schoor: Die Vrystaatse Helpmekaar, p. 54; Scholtz: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe.

lewe het in die tydperk van 1910 tot 1930 'n gevaarlike laagtepunt bereik, te meer omdat geleidelik die ideaal na vore getree het van die sogenaamde super-Afrikaner, wat in sy lewe twee kultuurpersoonlikhede wou verenig[12].

Voor die totstandkoming van die F.A.K. is daar reeds op verskeie fronte 'n behoefte gevoel aan georganiseerde optrede om die vervalle volksmure weer eens te herbou, en derhalwe het daar reeds sporadies op verskillende plekke kleiner kultuurliggame tot stand gekom wat hulle vir kultuurherstel, -handhawing en -bou beywer het[13].

Reeds in 1909 is in Bloemfontein 'n konferensie gehou onder die voorsitterskap van prof. A. Moorrees om oor nouer samewerking in die kultuurstrewe te beraadslaag. Uit hierdie konferensie het die Suid-Afrikaanse Akademie voortgekom, 'n mylpaal in die kultuurstrewe van die Afrikaner[14]. In die onderskeie provinsies was ook reeds 'n beweging aan die gang om die verspreide kultuurkragte saam te snoer ten einde 'n meer verenigde front te vorm. In Natal het die Saamwerkunies bestaan, wat in daardie stadium onder leiding van 'n Sentrale Kultuurraad reeds betreklik goed georganiseer was. Kort voor die totstandkoming van die F.A.K. was daar ook reeds 'n beweging in die Vrystaat aan die gang om 'n sentrale sekretariaat vir die Helpmekaarverenigings van die O.V.S. in te stel en het dr. N.J. van der Merwe reeds gewys op die noodsaaklikheid van 'n gefedereerde kultuurorganisasie[15].

Tesame met die onrusbarende verval en vervlakking op kulturele gebied word daar in hierdie tyd 'n grootskaalse organisatoriese versnippering van kragte op kultuurgebied aangetref[16]. Benewens die

---

12. Berig in Die Burger, 19 Desember 1929.

13. In daardie stadium het die Helpmekaarbeweging reeds bestaan, asook die Afrikaner-Broederbond en in Natal die Saamwerkunies.

14. „Handhaaf en bou", in Die Volksblad, 19 Desember 1929.

15. Vgl. verslag van die Reëlingskommissie vir die Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie, Bloemfontein, 24/8/1929, p. 2; Van Schoor: Die Vrystaatse Helpmekaar, p. 55. Dr. N.J. van der Merwe het 'n leidende aandeel gehad in die werksaamhede van die Helpmekaarvereniging. Kyk p. 201 e.v. van hierdie verhandeling asook Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, p. 118 e.v.

16. F.A.K.: Referate gelewer by geleentheid van die 12de tweejaarlikse kongres en silwerjubileum van die F.A.K., 29 September - 3 Oktober 1954, Bloemfontein; 1955; pp. 8, 9.

kulturele ontaarding en organisatoriese versnippering het die armblankevraagstuk ook nog swaar op die volk gerus.

In die ontwrigte volksomstandighede skryf 'n bekommerde Afrikaner aan die koerant: „Wat kan ons doen om die stroom van verengelsing te keer.....?" Hy vra verder dat Afrikaners wat in die voortbestaan van hulle volk belang stel, koppe bymekaar moet sit en eendragtige optrede moet beplan. Die brief was die vonk in droë gras en het die behoefte aan eendragtige en gesamentlike optrede dwarsdeur die land beklemtoon en aangewakker.

Kort hierna, in 1929, kom daar roering in die geledere van 'n aantal vooraanstaande Afrikaanse kultuurleiers. Daar is, diep onder die besef dat opgetree moet word om die kulturele erfnisse van die volk te red, onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns op 24 Augustus 1929 in Bloemfontein 'n vergadering van 'n aantal geesdriftiges belê om oor optrede in hierdie verband te beraadslaag. Op die gedenkwaardige byeenkoms word die volgende historiese besluit geneem: „Die vergadering besluit om 'n Uniale kongres op te roep onder die naam: Afrikaanse Taal en Kultuurkongres, met die doel om simpatieke verenigings en persone saam te bring vir die uitwerking van 'n gesamentlike program vir die handhawing van ons taal op alle gebiede en vir die positiewe ontwikkeling van ons kultuur, met die oog op die uitvoering daarvan deur middel van 'n sentraal verteenwoordigende bestuur en/of gekonsolideerde provinsiale taal- en kultuurorganisasies"[17]. 'n Uitvoerende komitee is gekies uit die geledere van die teenwoordiges, en die sou toesien dat daar prakties uitvoering gegee word aan die gedagte om so 'n konferensie te hou. Dr. N.J. van der Merwe is by die geleentheid verkies as voorsitter van die komitee. Op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee is besluit dat elke organisasie of tak van 'n orga-

---

17. Verslag van die Reëlingskommissie vir die Afrikaanse Taal en Kultuurkonferensie, Bloemfontein, 24/8/1929; kyk ook F.A.K.: <u>Referate by geleentheid van die silwerjubileumkongres</u>, 1954, pp. 8, 9; F.A.K.: <u>Silwerjubileum-uitgawe</u>, 1929-1954, pp. 14, 90; Van den Heever en Pienaar: <u>Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner</u>, deel III, p. 87; Scholtz: <u>Dr. N.J. van der Merwe</u>, p. 122; F.A.K.-brosjure: <u>Wat elke Afrikaner behoort te weet</u>.

nisasie een verteenwoordiger na die konferensie kon stuur. Die doel van die konferensie was om te beraadslaag oor gemeenskaplike Afrikaanse belange en die doeltreffende koördinasie van die verstrooide kultuurkragte. Die historiese Uniale Taal- en Kultuurkonferensie vind op 18 en 19 Desember 1929 in Bloemfontein plaas, met as primêre doelstelling die handhawing van die Afrikaanse taal en die positiewe uitbou van 'n eie Afrikaanse kultuur[18]. Dr. N.J. van der Merwe het as voorsitter van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie opgetree.

In 'n berig in Die Burger van 21 Desember 1929 is daarop gewys dat gehandhaaf moes word wat reeds bereik is, sodat die kultuurskat wat volksbesit is, die geestesgoedere van die voorgeslag, suiwer en onvervals vir die nageslag bewaar kon word. Vir die verdere voortbou op die reeds gelegde fondamente was 'n „mobilisasie van ..... kultuurkrag" nodig.

Die Uniale-Taal- en Kultuurkonferensie het dan ook in die teken van hierdie mobilisasie van kultuurkragte gestaan. In sy voorsittersrede het dr. N.J. van der Merwe gewys op die doel van die byeenkoms, naamlik „..... 'n poging aan te wend tot koördinasie van al ons verstrooide kultuurkragte ..... en 'n deeglike program van aksie op te stel"[19].

Daar is tydens die konferensie belangrike referate gelewer deur vooraanstaande kultuurleiers in die Afrikanerkultuurlewe van daardie tyd. In die referaat van dr. P.C. Schonees oor „Praktiese middele ter bevordering van 'n volkskultuur" is bepleit dat die Unie in 'n aantal kultuurkringe verdeel moes word, elk met sy eie bestuur, wat dan in 'n sentrale Uniale Kultuurraad gekoördineer sou wees na die voorbeeld van die Saamwerkunies wat reeds in Natal op dié wyse saamgestel was. Aan hierdie gedagte is eers in 1936 uitvoering gegee[20].

---

18. F.A.K.: Silwerjubileum-uitgawe, p. 15; Offisiële notule van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie, 18, 19 Desember 1929, Bloemfontein; Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, p. 122; Notule van die A.N.K., 19/9/61; referaat deur dr. W.E.G. Louw: „Die F.A.K. in die Republiek".
19. Offisiële notule van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie, 18, 19 Desember 1929, Bloemfontein; kyk ook berigte in Die Volksblad, 19 Desember 1929, en Die Burger, 21 Desember 1929.
20. Vgl. program van die Afrikaanse taal- en kultuurkonferensie, Bloemfontein, 18-19 Desember 1929; F.A.K.: Silwerjubileum-uitgawe, 1929-1954, p. 19; Notule van die Uitvoerende Komitee, 6 Mei 1954; Offisiële notule van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie, 18, 19 Desember 1929.

Op hierdie konferensie is 'n voorstel aanvaar dat daar oorgegaan moes word tot die stigting van 'n federasie van Afrikaanse kultuurverenigings. Die naam van die voorgestelde saamgesnoerde koördinerende kultuurliggaam was die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. Baie beskrywend het die F.A.K., die kultuurmondstuk van die Afrikaanse kultuurlewe, as leuse gekies „Handhaaf en Bou". Dr. N.J. van der Merwe is tot eerste voorsitter verkies.

Alle organisasies wat op die konferensie verteenwoordig was, is op grond van 'n konferensiebesluit beskou as lede van die Federasie tot tyd en wyl die betrokke organisasies die aansluiting by die Federasie goed- of afkeur. As lede sou verder beskou word alle Afrikaanse organisasies wat hulle met die doelstelling van die Federasie kon verenig en wat deur die Uitvoerende Komitee erken is.

Met die oog op die noodsaaklikheid van onmiddellike gekoördineerde aksie is die volgende masjinerie deur die Konferensie in die lewe geroep:

a. 'n Uitvoerende Komitee van vyf lede;
b. vyf provinsiale skakelkomitees, wat sou dien as skakels tussen die plaaslike liggame en die Uitvoerende Komitee;
c. die Sekretaris van die Konferensie is gevra om voorlopig as sekretaris/penningmeester van die Federasie diens te doen.
d. Daar is aan die Uitvoerende Komitee opgedra om middele te vind om 'n vaste voltydse sekretaris aan te stel.
e. Deur die Konferensie is 'n beroep gedoen op alle kultuurverenigings en op alle Afrikaners wat die ontwikkeling van die volkskultuur op die hart dra, om so spoedig moontlik minstens £5,000 byeen te bring vir die doeleindes van die Federasie.
f. Verder is aan die Uitvoerende Komitee opgedra om met die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns die verhouding tot daardie liggaam te reël.
g. Daar is verder deur die Konferensie aan die Uitvoerende Komitee opgedra om 'n uitgewerkte program van aksie asook 'n konstitusie vir die Federasie op te stel[21]. Alle gekollekteerde

21. Offisiële notule van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie, 18, 19 Desember 1929.

gelde sou onder die toesig en beheer van die Uitvoerende Komitee wees.

Deur hierdie gebeurtenis is daar voorsien in 'n dringende behoefte tot die samesnoering van kragte op kultuurgebied en is die doeltreffende sametrekking en koördinasie van die kleinere kultuurliggame tot stand gebring om 'n eenheidsband daar te stel wat sou meebring dat daar nie deur die organisatoriese versnippering van kultuurkragte verlies van energie op kultuurgebied sou plaasvind nie.

Die karakteristieke organisasievorm van die F.A.K., naamlik die federasie, het 'n koördinasievorm daargestel wat geensins die eie identiteit van die bestaande organisasies vernietig het nie. Dit het bloot as 'n skakel tussen hulle kom staan. Die F.A.K. het die uiteenlopende stroompies van die Afrikaanse kultuuruitinge op 'n neweskikkende wyse in 'n bruisende stroom saamgesnoer en gekanaliseer[22].

Dit is as die taak van die Uitvoerende Komitee gesien om onder andere aan al die gefedereerde liggame leiding te gee in verband met gesamentlike optrede. Kort hierna is deur die Uitvoerende Komitee besluit dat 'n beroep op kultuurorganisasies gedoen sou word om op 3 Mei 1930 'n kultuurdag te hou vir die insameling van geld[23]. As 'n leidraad vir die gesamentlike handhawing en uitbou van die Afrikaanse kultuur is deur die Uitvoerende Komitee 'n „Program van Aksie" opgestel[24]. Hierdie Program van Aksie het vooropgestel die behoud van die eie identiteit van elke meewerkende liggaam. In die Program van Aksie is die F.A.K. gesien as 'n doeltreffender manier om die saak van die Afrikaanse taal, kuns en kultuur te dien. In hierdie program, wat deur die F.A.K. aan sy geaffilieerde liggame voorgehou is, is veral klem gelê op die volgende:

---

22. F.A.K. <u>Silwerjubileum-uitgawe, 1954</u>, pp. 19, 23.

23. Notule van die Uitvoerende Komitee, 19/12/1929, en 19/4/1930.

24. F.A.K.: <u>Handhaaf en Bou</u>, <u>Program van Aksie</u>; Johannesburg, Hortors Bpk.; Notule van die Uitvoerende Komitee, 19/4/1930 en 29/1/1933; kyk ook verslag van die Uitvoerende Komitee aan die Kultuurkongres, 1931.

(1) Handhawing van Afrikaans in gesprek;

(2) handhawing van Afrikaans in geskrif;

(3) bevordering van die Afrikaanse kuns en kultuur, toneel, konserte, openbare lesings, tentoonstellings, nasionale feeste, tydskrifte, onderwys, persartikels, biblioteke, ondersteuning van die Afrikanersaak en verteenwoordiging, ensovoorts.

Hierdie gebruik, om vir die verskillende kultuurliggame 'n bepaalde werkprogram voor te hou, is later verskillende kere herhaal, met onder meer die opdrag om mekaar op stoflike gebied te help, die Afrikaanse pers in stand te hou, die Voortrekkervereniging te bevorder, kultuurdag te vier, Afrikaanse liedere te sing en die poging van die F.A.K. om 'n eie volkslied te bekom, te steun, die F.A.K. te steun as ontvang- en uitsaaistasie vir kultuurwerk en om 'n verenigde front te vorm en die Afrikaanse taal te handhaaf, veral in die handel.

## 3. DIE ROL VAN DIE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING VAN DR. N.J. VAN DER MERWE IN DIE F.A.K.

Omdat dr. N.J. van der Merwe so 'n pertinente rol in die ontstaan en ontwikkeling en in die geskiedenis van die F.A.K. gespeel het, regverdig sy aandeel in die werk van die F.A.K. en die determinerende invloed van sy lewens- en wêreldbeskouing op die rigting en strewe van die F.A.K. nadere toeligting.

Toe Van der Merwe in 1929 as voorsitter van die nuut gestigte F.A.K. verkies is, het hy reeds 'n leidende aandeel gehad in die politieke en kulturele lewe van die land[25]. Van der Merwe het die talente aan hom toebedeel in 'n ruime mate in diens van sy land en sy volk gestel. As onderwyser, predikant, jeugleier, kultuurleier, politikus, partyleier en kampvegter vir die republikeinse ideaal het hy in die Afrikaanse kultuurlewe sy lewensbeskouing uitgedra en sy

---

25. Ten tye van sy verkiesing as voorsitter van die F.A.K. was Van der Merwe reeds volksraadslid vir die kiesafdeling Winburg.

invloed laat geld[26].

Van der Merwe was in die eerste plek Calvinis wat sy Calvinistiese lewensoortuiginge op alle lewensterreine wou uitdra. In die handhawing van hierdie Calvinistiese lewensoortuiginge op alle lewensterreine het hy die behoud van die Afrikaanse volk gesien. Binne hierdie raamwerk en teen hierdie agtergrond moet sy werk in die volkslewe gesien word. Los van hierdie onderliggende beginsels kan die krag en invloed van Van der Merwe nie na waarde geskat word nie. Dit was die oortuiging van Van der Merwe dat die Calvinis sy kulturele roeping daarin vind om in alle rigtinge die heerlikheid van sy Skepper, wie se beelddraer hy is, tot openbaring te bring. Sy interpretasie van hierdie wêreldbeskouing vir die praktiese daaglikse lewe het ingehou die erkenning van die soewereiniteit in eie kring van elke selfstandige lewenskring. In verband met die samehang van die verskillende lewenskringe skryf Van der Merwe soos volg: „In elke kring, op elke gebied is daar uit 'n ander gesigspunt weer verband deurdat algar onderworpe is aan die ordinansies van dieselfde Skepper en saam as 'n grootse eenheid Sy heerlikheid verkondig"[27]. Die eenheid in die verskeidenheid in die skepping was dus vir hom geleë in die onderworpenheid aan die skeppingsordinansies van God. Die betekenis van die Calvinisme in die volkslewe het syns insiens daarin gelê dat daar in die volksbestaan gewaak moet word teen die neiging om, soos hy dit gestel het, „te pronk met die vere van ander". Kultuur moet, volgens Van der Merwe, die openbaring wees van die ewige ordinansies van God soos dit deur die eie siel ervaar is[28].

Geestelike vryheid en selfstandigheid was die twee vernaamste komponente van Van der Merwe se kultuurbeskouing. Hy het onwrikbaar geglo dat die Afrikanervolk die draer was van 'n eie Godsgedagte. Dit

---

26. Van der Merwe was onder andere voorsitter van die Helpmekaarvereniging en het 'n leidende aandeel gehad in die werksaamhede van die Voortrekkerbeweging en die Calvinistiese Bond vgl. Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, pp. 118, 136, 137, 168, 171 asook Heese, J. de V.: Van Penkop tot hoofleier; Kaapstad, 1941; pp. 47, 80.

27. Vgl. in die verband sy artikel „Calvinisme en kultuur", in Koers in die Krisis, dl. I, p. 280; vgl. ook Heese: Van penkop tot hoofleier, p. 80.

28. Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, p. 282.

het meegebring dat die Afrikaner op kultuurgebied geen kompromie kon sluit nie. Die valse eenheidsideaal, soos deur 'n groep van die volk voorgestaan, het vir Van der Merwe lynreg gebots met die konsekwensies van die Calvinistiese kultuurbeskouing, wat ingehou het dat 'n hoër eenheid alleen bereikbaar is deur die erkenning en die handhawing van dit wat aan elkeen van die selfstandige eenhede eie is[29].

In die Afrikanerkultuurstryd het Van der Merwe sy bydrae op tweërlei wyse gelewer, deur naamlik as spreker by verskillende openbare geleenthede op te tree en by hierdie geleenthede sy beskouinge te propageer, en ook deur sy werk in die verskillende Afrikaanse kultuurverenigings, waar hy prakties en daadwerklik die kultuurstryd bevorder het. Van der Merwe was een van die wat, in die tydperk wat die stigting van die F.A.K. voorafgegaan het, gevoel het dat die stroom van verengelsing wat die Afrikanervolk bedreig het, alleen gekeer kon word as daar 'n sentrale koördinerende instelling in die lewe geroep kon word wat al die verstrooide kultuurkragte in een magtige organisasie kon saamsnoer. Aan die geskiedkundige stigtingskongres van die F.A.K. sou die naam van Van der Merwe altyd onverbreeklik gekoppel wees. Van der Merwe het as indiwidu en in sy hoedanigheid as voorsitter van die F.A.K. ook 'n eenheidsideaal nagestreef, maar 'n eenheidsideaal wat ruimte gelaat het vir die erkenning van die verskeidenheid, die kontraste, die verskille in die volkslewe. In hierdie eenheidsideaal was dit die gemeenskaplike faktor van 'n tradisioneel oorgelewerde volkskultuur, dit wil sê 'n tradisioneel oorgelewerde lewenswyse wat persone, selfs van uiteenlopende politieke beskouinge en kerkverband in 'n hegte eenheid kon saamsnoer. Hierdie eenheidsideaal het egter nie die uitbuiting van een groep of die nivellering van verskille tussen groepe meegebring nie. In 'n sekere sin kan dr. N.J. van der Merwe beskou word as een van die vernaamste eksponente van die Calvinisties-nasionale lewens- en wêreldbeskouing soos dit in die Afrikanerkultuur vergestalting vind.

Uit die aard van die saak het hierdie lewensbeskouing 'n besliste standpunt ten opsigte van 'n hele aantal kultuurvraagstukke in die

---

29. Ibid., pp. 109, 110, 111 e.v.

Afrikanervolkslewe meegebring, te wete die vlagstryd, die stryd om 'n eie volkslied en die vraagstuk van isolasie of konsiliasie van die twee volksgroepe in Suid-Afrika[30]. Sy aandeel in die twee eersgenoemde aangeleenthede en sy besliste standpunt ten opsigte van die konsiliasie-politiek soos deur genl. Smuts en die andersdenkende volksgroepe gepropageer is die vernaamste bewys van die deurwerking van sy Calvinisties-nasionale lewens- en wêreldbeskouing in die praktyk van die volkslewe. Sy aandeel in die verwesenliking van sy Calvinisties-nasionale oortuiging in hierdie bogemelde stryd sal in die loop van die verhandeling breedvoeriger blyk. Cilliers wys daarop dat nasionalisme en holisme twee lynreg teenoor mekaar staande lewensbeskouinge is, wat onversoenbaar met mekaar is. Daarom dan ook dat dit vir Van der Merwe en Smuts geheel onmoontlik was om in een politieke partyverband saam te werk[31].

Vervolgens word die samestelling en doelstellings van die F.A.K. behandel.

## 4. DOELSTELLINGS EN LIDMAATSKAP VAN DIE F.A.K.

Die F.A.K. met sy verskillende bestuursliggame, institute en kommissies het sedert sy ontstaan 'n bepaalde ontwikkelingsgang deurgemaak. Aangesien die hoofdoel van hierdie werkstuk nie is om 'n volledige oorsig van die ontstaan van elk van hierdie onderdele te gee nie, word daar in die behandeling van elke afsonderlike bestuursliggaam, instituut en kommissie slegs kursories verwys na die ontwikkeling wat dit deurgemaak het.

### a. Die doelstellings van die F.A.K.

X

Volgens sy grondwet[32] is dit die doel van die F.A.K.

---

30. Kyk Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, p. 130 e.v. in verband met Van der Merwe se stryd vir 'n eie Afrikaanse vlag en volkslied.

31. Cilliers, dr. A.C.: South African nationalism or British holism; Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1938; Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, pp. 281, 283.

32. Vgl. oorspronklike konstitusie van die F.A.K., soos aanvaar op die derde vergadering van die Uitvoerende Komitee, 28 Junie 1928, Johannesburg, asook die Grondwet en Statute van die F.A.K. soos aanvaar op die F.A.K.-kultuurkongres, 5 Julie 1945.

„(a) om alle beskikbare kragte op kultuurgebied in 'n sentrale Afrikaanse kultuurorganisasie te organiseer en saam te snoer, met die oog op -

(i) die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal;

(ii) die beskerming en uitbouing van 'n eie Afrikaanse kultuur gegrond op die godsdiens en die tradisies van die Boerenasie; en

(iii) die behartiging van alle Afrikaanse belange op kultuurgebied, geestelik sowel as stoflik;

(b) om, in die nastrewing van die doeleindes genoem in (i), (ii) en (iii) van paragraaf (a) van hierdie sub-artikel, nouer samewerking te bevorder tussen alle ander afsonderlike Afrikaanse verenigings, instellings, organisasies en liggame van watter aard ook al wat hoofsaaklik vir ander doeleindes opgerig, ingestel of in die lewe geroep is of sal word, maar wat voel dat hulle belang het by die nastrewing en verwesenliking van die gemelde doeleindes".

Ter uitvoering van die doelstellings hierbo genoem bepaal die Grondwet 'n wye verskeidenheid van metodes waardeur die hoofdoelstellings van die F.A.K. tot verwesenliking kan kom, waaronder die stigting van kultuurverenigingе wat op plaaslike grondslag hierdie taak ten uitvoer sal bring, asook die stigting van skakelkomitees wat die werk van die plaaslike kultuurverenigings en ander geaffilieerde liggame op 'n plaaslike of streeksgrondslag sou koördineer en saamsnoer ten einde die doeltreffender bereiking van die ideale van die F.A.K. te bewerkstellig.

b. <u>Lidmaatskap van die F.A.K.</u>

In die vroeë beginjare van die F.A.K. is tot lede van die F.A.K. toegelaat:

Alle Afrikaanse organisasies wat hulle verenig met die doelstellinge van die F.A.K. en wat deur die Uitvoerende Bestuur erken is. Onder organisasies is verstaan:

(1) afsonderlike verenigingе;

(2) plaaslike takke van bestaande verenigings of unies met die toestemming van hulle hoofbesture;

(3) die hoofbesture van sodanige verenigings of unies wat uit verskillende takke bestaan[33].

Nadat daar in 1944 aandag gegee is aan die reorganisasie van die F.A.K., met as newedoel reorganisasie met die oog op die beter koördinering van die kultuurkragte van die Afrikaanse volkslewe, is die Statute sodanig gewysig dat daarin voorsiening gemaak word vir drie soorte lede wat by die F.A.K. kan aansluit, naamlik[34]:

(a) gewone lede, waaronder verstaan word alle kultuurverenigings, debatsverenigings en skakelkomitees;

(b) meewerkende lede, wat in twee groepe verdeel word, naamlik -
   (a) kerkrade en kerklike verbandsliggame en
   (b) hoofbesture en takke;

(c) donateurlede, en dit sluit in indiwiduele persone wat deur hulle persoonlike bydraes en morele steun die F.A.K. in sy taak wil help.

In 1956 is daar ook besluit dat lewenslange lidmaatskap onder sekere voorwaardes aan donateurlede toegeken kan word.[35] Wat die voorwaardes vir lidmaatskap betref, bepaal die Statute dat enige vereniging, liggaam of persoon wat deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is en die Grondwet en Statute van die F.A.K. aanvaar tot lid van die F.A.K. toegelaat word.

5. DIE BESTUUR VAN DIE F.A.K.

Met verloop van tyd is deur die F.A.K. 'n aantal bestuursliggame in

---

33. Konstitusie van die F.A.K. soos aanvaar op die derde U.K.-vergadering, 28 Junie 1928.

34. Notule van die U.K., 28 September 1944; Notule van die sewende amptelike F.A.K.-kongres, Bloemfontein, 29 September 1944; Verslag van die Uitvoerende Komitee, 1944-1946; Notule van die dertiende tweejaarlikse F.A.K.-kongres, 2, 3 Oktober 1956.

35. Vgl. Notule van die dertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 2 en 3 Oktober 1956; Verslag van die werksaamhede van die F.A.K. vanaf 1 April 1956 tot 31 Maart 1957, p. 12.

die lewe geroep wat belas is met die praktiese uitvoering van die kultuurtake wat van tyd tot tyd deur hierdie koördinerende liggaam ten uitvoer gebring moes word.

Die volgende bestuursliggame oefen die beheer en bestuur uit oor die F.A.K.[36]:

a. Die Algemene Vergadering of Kongres,
b. die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad,
c. die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. en
d. die Dagbestuur van die Uitvoerende Komitee.

Op plaaslike grondslag word die werk van die F.A.K. deur skakelkomitees en kultuurverenigings uitgevoer.

a. Die algemene vergadering[37].

Daar is reeds in die eerste konstitusie van die F.A.K. daarvoor voorsiening gemaak dat daar om die twee jaar 'n gesamentlike kongres van alle geaffilieerde lede sou plaasvind.

In die Statute wat in 1945 aanvaar is, is daar voorsiening gemaak dat elke gewone lid, skakelkomitee, meewerkende lid en donateurlede op 'n bepaalde voorgeskrewe basis verteenwoordiging in die F.A.K.-kongres kan geniet. Lede van die bestuursliggame van die F.A.K. het ook volle sittingsreg op die F.A.K.-kongres. Uit die bespreking van die werksaamhede van die F.A.K. blyk dit later dat juis hierdie tweejaarlikse kongresse, waartydens aktuele volksake behandel is, in 'n groot mate bygedra het tot die koördinasie van die kultuuraktiwiteite van die onderskeie kultuurliggame.

b. Die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad.

In 1934, presies vyf jaar na die totstandkoming van die F.A.K., is daar deur die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. besluit dat 'n breër bestuursliggaam in die lewe geroep behoort te word wat

---

36. Verslag van die Uitvoerende Komitee, 1944-1946; Statute van die F.A.K. soos aanvaar op 'n F.A.K.-kongres, 5 Julie 1945.

37. Vgl. Statute van die F.A.K., artikel 3.

namens verskillende groot kultuurorganisasies kon optree. Dit was die gedagte van dr. N.J. van der Merwe dat hierdie bestuursliggaam so verteenwoordigend van die Afrikaanse volkslewe moet wees dat die hele Afrikanervolk die gesag daarvan sal erken. Op 20 Desember 1934 besluit die derde uniale kongres van die F.A.K. dat sodanige kultuurraad in die lewe geroep moet word en kom die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad (A.N.K.) tot stand wat naas die F.A.K.-kongres die koördinerende instelling van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe word[38]. Die A.N.K. sou hierna tweejaarliks tussen die gereelde tweejaarlikse kongresse van die F.A.K. vergader.

Op 1 en 2 Julie 1936 het die eerste vergadering van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad in Bloemfontein plaasgevind. Reeds by hierdie vergadering het 'n groot aantal invloedryke Afrikaanse kultuurliggame hulle steun aan die werk van die A.N.K. toegesê. By hierdie geleentheid is daar besluit dat die F.A.K. uitgebrei sou word om alle Afrikaanse liggame wat die doel en strewe van die F.A.K. onderskryf, te omvat[39].

Die A.N.K. is 'n verteenwoordigende mondstuk van die georganiseerde kultuurlewe in Suid-Afrika en besit die bevoegdheid om namens die onderskeie liggame wat hy verteenwoordig, besluite te neem en op te tree ten einde sy doelstellings prakties te verwesenlik.

(1) <u>Samestelling van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad.</u>

In die Statute van die F.A.K. word op die volgende wyse voorsiening gemaak vir die samestelling van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad[40]:

„(a) Die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad word deur lede van die Uitvoerende Komitee, verteenwoordigers

---

38. Notule van die Uitvoerende Komitee, 3 Februarie 1934; <u>Program vir die F.A.K.-kultuurkongres, 1934</u>; Verslag van die Uitvoerende Komitee, 1944-1946; U.K.-notule, 11 April 1941.

39. F.A.K.: <u>Silwerjubileum-uitgawe</u>, 1929-1954, p. 23; Scholtz: <u>Dr. N.J. van der Merwe</u>, pp. 124, 125.

40. Vgl. artikel 4 van die <u>Statute van die F.A.K.</u>

van die drie Afrikaanse Kerke op provinsiale of uniale grondslag soos die geval mag wees saamgestel en deur die hoofvertakkings van die volkslewe soos dit uniaal of provinsiaal op Christelik-nasionale grondslag georganiseer is.

(b) Elkeen van die liggame wat deur die Uitvoerende Komitee van die Federasie tot lidmaatskap uitgenooi word of by die Uitvoerende Komitee van die Federasie om lidmaatskap aansoek doen en as lid toegelaat is, het die reg om een verteenwoordiger vir 'n tydperk van 2 jaar of, volgens eie goeddunke, vir 'n langer tydperk in die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad te benoem.

(c) Die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad kan by die Uitvoerende Komitee van die Federasie aanbeveel watter ander liggame uitgenooi sal word om 'n verteenwoordiger in die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad te benoem."

(2) Bevoegdhede van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad.

Die volgende bevoegdhede is aan die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad toegeken:

„(a) Die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad bepaal in breë trekke die beleid wat toegepas moet word in alle gevalle en aangeleenthede waaroor die kongres van die Federasie hom nie uitgespreek het nie, en wat binne die bestek van die doel en strewe van die Federasie val.

(b) Die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad tree op om die doelstellings van die Federasie te verwesenlik en wel deur middel van opdragte aan die Uitvoerende Komitee en aanbevelings by die samestellende liggame van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad.

(c) Die lede van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad sal hulle beywer:

(i) om die belangstelling van die samestellende liggame deur hulle verteenwoordig, gaande te hou in die doel, strewe en bedrywighede van die Federasie,

(ii) om die samestellende liggame, deur hulle verteenwoordig, gedurig tot deelname aan die bedrywigheid van die Federasie aan te moedig.

(iii) om die Uitvoerende Komitee na die beste van hulle vermoë behulpsaam te wees met die uitvoering van besluite deur die kongres van die Federasie geneem"[41].

c. <u>Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. en A.N.K.</u>

Met die totstandkoming van die F.A.K. in 1929 is daartoe oorgegaan om 'n Uitvoerende Bestuur saam te stel wat tot taak sou hê die uitvoering van die doelstellings van die F.A.K. en die uitvoering van besluite van die F.A.K.-kongresse. Hierdie eerste Uitvoerende Bestuur is saamgestel uit verteenwoordigers van die vier provinsies en Suidwes-Afrika. Met die stigting van die A.N.K. word hierdie Uitvoerende Bestuur omgeskep tot 'n liggaam wat tot taak het om as uitvoerende orgaan van beide die F.A.K. en die A.N.K. op te tree, en staan dit bekend as die Uitvoerende Komitee van die F.A.K.

Die eerste Uitvoerende Bestuur van die F.A.K. is saamgestel uit vyf lede, later is die ledetal van die Uitvoerende Komitee uitgebrei na sewe lede, met een gekoöpteerde lid in adviserende hoedanigheid. In 1956 is die ledetal van die Uitvoerende Komitee vermeerder na nege lede[42].

---

41. Vgl. F.A.K.: <u>Silwerjubileum-uitgawe,</u> 1929-1954; <u>Statute van die F.A.K.</u> Kyk offisiële notule van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie 1929.

42. Vgl. verslag van die Uitvoerende Komitee, 1944-1946, asook die <u>Grondwet en Statute van die F.A.K.</u> soos aanvaar op 5 Julie 1945, <u>Bloemfontein.</u> Kyk ook Notule van die A.N.K., 6 Oktober 1955 en 2, 3 Oktober 1956.

Aan die Uitvoerende Komitee is opgedra die behartiging van die sake van die Federasie. Die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad is die hoogste uitvoerende gesag van die Federasie. As die A.N.K. nie in sitting is nie, berus die hoogste gesag van die F.A.K. egter by die Uitvoerende Komitee met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee gebonde is aan die besluite van die A.N.K.

Aangesien die F.A.K. voortgespruit het uit die pogings wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie aangewend is om die koördinasie van kultuurkragte teweeg te bring, was dit reeds een van die eerste opdragte aan die Uitvoerende Bestuur om die verhouding van die F.A.K. tot hierdie liggaam vas te stel[43]. In die eerste konstitusie wat vir die F.A.K. saamgestel is, is ook 'n duidelike aanduiding gegee van wat in die toekoms die verhouding van die F.A.K. tot die Akademie sou wees. Alle lede van die Akademie sou sittingsreg met adviserende stem op die F.A.K.-kongres hê. Hoofbestuurslede van die Akademie sou ook geregtig wees om as afgevaardigdes met volle stemreg die F.A.K.-kongresse by te woon. Dit blyk uit latere verslae van die werk van die F.A.K. dat daar 'n besondere aangename gees van samewerking tussen die twee liggame geheers het[44].

d. <u>Die Dagbestuur van die Uitvoerende Komitee.</u>

Sedert 1934 is dit nodig geag om 'n Dagbestuur in te stel, wat die opdragte van die Uitvoerende Komitee ten uitvoer sou bring en alle spoedeisende sake sou afhandel. Die Dagbestuur word saamgestel uit die voorsitter en twee lede van die Uitvoerende Komitee. Hierdie twee lede word deur die Uitvoerende Komitee aangewys.

In die Statute word die volgende bevoegdhede aan die Dagbestuur opgedra: Die Dagbestuur is belas met die uitvoering van die besluite van die Uitvoerende Komitee en het sodanige verdere bevoegdhede as wat van tyd tot tyd aan hom opgedra word. Die Dagbestuur het verder die

---

43. Vgl. <u>Konstitusie van die F.A.K.</u> soos aanvaar op die derde U.K.-vergadering, 28 Junie 1930.

44. Kyk onder meer die notule van die U.K., 31 Mei 1948.

bevoegdheid om in die geval van alle spoedeisende sake die volle bevoegdheid van die Uitvoerende Komitee uit te oefen. Van hierdie sake moet dan op die daaropvolgende vergadering van die Uitvoerende Komitee verslag gedoen word[45].

e. <u>Skakelkomitees en kultuurverenigings.</u>

Op plaaslike grondslag word die werk van die Federasie voortgesit deur die plaaslike kultuurverenigings as uitvoerende liggame en deur die plaaslike skakelkomitees as koördinerende liggame en gebiedskultuurrade. Verdere aandag word egter aan hierdie liggame, hulle samestelling en werksaamhede gegee in die hoofstuk wat oor die regstreekse koördinerende werksaamhede van die F.A.K. handel.

6. <u>SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.</u>

Wat die ontstaan en ontwikkeling van die F.A.K. as koördinerende liggaam op nasionale vlak betref, kan, na aanleiding van die voorafgaande, die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

a. Die F.A.K. het spontaan uit 'n diep gevoelde volksbehoefte aan die samesnoering van kragte ontstaan. Die hoofoogmerk agter die totstandkoming van die F.A.K. was nie geleë in die feit dat verskillende kultuurliggame mekaar op kultuurgebied verdring het nie, maar was die produk van 'n gees van samewerking wat spontaan uit die organiese volkslewe opgewel het en wat ten doel gehad het die beskerming, handhawing en uitbouing van die bedreigde volkskultuur en kultuurprodukte. Dit was die vrug van die vrywillige samesnoering van kragte ter wille van die behoud van die volkseie. Dit was 'n daad gebore uit die onselfsugtige strewe na die handhawing en uitbouing van 'n eiesoortige kultuurpatroon as opdrag en roeping aan die volk as geheel.

b. Die geesteklimaat waaruit die F.A.K. voortgespruit het, was

45. <u>Statute van die F.A.K.</u>; Notule van die U.K., 31 Mei 1948.

deurdrenk van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, wat aanvaar het dat die Afrikaanse volk met 'n besondere roeping, taak en opdrag aan die Suidpunt van Afrika geplaas is.

c. Die kultuurbeskouing wat deur die F.A.K. en, daarby inbegrepe, ook deur sy lede gehuldig word, gaan uit van die beginselstandpunt dat die ganse lewe met sy volle rykdom en verskeidenheid deel uitmaak van die menslike kultuurtaak. Dit bring mee dat daar op elke lewensterrein nie slegs skeppend nie maar ook behoudend en handhawend opgetree behoort te word ter beskerming van die reeds gevormde kultuurpatroon en kultuurprodukte. Hierdie taak van handhawing het gedurende die tydperk van die ontstaan van die F.A.K. juis feller na vore getree, omdat die Afrikanerkultuur bedreig was deur 'n vreemde en vyandiggesinde wêreldkultuur waarin die Calvinisme slegs 'n geringe rol gespeel het.

d. Die besondere invloed van die lewens- en wêreldbeskouing van dr. N.J. van der Merwe, die eerste voorsitter van die F.A.K., kan beslis nie gering geskat word nie. In sy persoonlikheid was verenig die kenmerke van die tradisievaste Calvinistes-nasionale Afrikaner wat in elke lewensuiting gestreef het na absolute gehoorsaamheid aan die Goddelike kultuuropdrag. In die lewens- en wêreldbeskouing van Van der Merwe was vervat die vernaamste komponente van die tradisionele wyse van lewensoortuiging, en lewensindiensstelling wat deur die Afrikanervolk gehuldig is. Sy diepe afhanklikheid van God en sy onwrikbare geloof in die kulturele eindbestemming van die Afrikanervolk het hom 'n positiewe kultuurwerker gemaak wat 'n baie duidelike stempel op die Afrikaanse volkslewe afgedruk het.

Dr. N.J. van der Merwe se kultuurbeskouing het ingehou die erkenning van die soewereiniteit en die selfstandigheid van elke lewenskring naas andere in die skepping en die eiesoortige taak en roeping van elke instelling in die menslike samelewing. Hiervan is sy veelvuldige bedrywighede in die kerklike, staat-

kundige en verenigingslewe bewys. Wat die roeping van die Afrikanervolk betref, het sy siening ingehou die erkenning van die afgesonderdheid van die volk van ander volksgroepe met vreemde lewensoortuiginge. Hy het geglo dat die weg van hoër eenheid tussen die onderskeie volksgroepe alleen berreikbaar was langs die weg van, soos hy dit self gestel het: „stelling, teenstelling en samestelling"[46]. Hierdie besondere siening van die lewe, die verhouding tussen volksgroepe en samelewingsinstellings het uiteraard 'n vormende invloed gehad op die wyse waarop die F.A.K. koördinerend te werk gegaan het. Die ganse onregstreekse en regstreekse koördinerende aksie van die F.A.K. was gemik op die verwesenliking van hierdie doelstellinge.

e. Wat die samestelling van die F.A.K. betref, blyk dit dat daar van die ontstaan van die Federasie af so 'n verteenwoordigend moontlike organisasievorm daargestel is. Die Uitvoerende Bestuur en die provinsiale skakelkomitees het die vier provinsies en Suidwes-Afrika verteenwoordig, terwyl die Kongres aan alle geaffilieerde liggame 'n geleentheid gebied het om hulle plaaslike gemeenskaplike belange te berde te bring. Later, met die instelling van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad, is 'n organisasievorm daargestel wat die ganse georganiseerde en gekoördineerde Afrikaanse kultuurlewe verteenwoordig het. Hier word derhalwe in die samestelling van die F.A.K. en sy bestuursliggame verteenwoordiging van sowel funksionele as geografiese aard aangetref.

f. Die verteenwoordiging van die onderskeie geaffilieerde kultuurlig-

46. F.A.K.: Silwerjubileum-uitgawe, 1929-1954, pp. 8, 100; Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe. Weens die vele terreine waarop Van der Merwe as leier opgetree het, kon hy maklik in die versoeking gekom het om die een lewensterrein aan die ander ondergeskik te maak, of die norme van een samelewingskring op 'n ander oor te dra. Van hierdie tendens is daar nie by Van der Merwe sprake nie.

game op kultuurgebied het geskied met die behoud van die eie identiteit van die onderskeie liggame asook met die behoud van hulle soewereiniteit in eie kring. Op geen wyse is die beginsel van gesag en vryheid of van soewereiniteit in eie kring deur die wyse waarop die F.A.K. en sy bestuursliggame saamgestel is, in beginsel of in die praktyk aangetas of verkrag nie. Die natuurlike enkaptiese vervlegting van die samelewingskringe het behoue gebly as gevolg van die feit dat daar nie kunsmatig van bo 'n bepaalde gebieds- of funksieverdeling op die onderskeie liggame afgedwing is nie.

g. Die een vername faktor wat die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die Federasie moontlik maak en verseker, is die feit dat hier sprake is van 'n gemeenskaplike saambindende kultuurpatroon en homogeniteit van volksverband, taal, tradisies en sedes.

h. Opvallend is dit dat daar in die F.A.K. nie verwys word na die negatiewe aspek wat koördinasie betref nie, maar dat die F.A.K. ten doel het die bevordering van die positiewe, op die grondslag van die gemeenskaplike volkswaardes en volkskultuur.

i. Geen eise word met betrekking tot die konstitusies van affilierende liggame gestel nie, behalwe dat dit die grondwet en statute van die F.A.K. moet onderskryf.

Hierdie punt is besonder belangrik met betrekking tot die koördinasie van sorgaktiwiteite. Toetrede tot die F.A.K. berus dus in die eerste plek by die affiliërende liggaam wat vrywillig toetree op grond van die feit dat die grondleggende beginsels soos vervat in die Grondwet en Statute van die F.A.K. onderskryf word. Hierdie gemeenskaplike faktor bind reeds in 'n groot mate liggame aan mekaar en aan die F.A.K. Geen dwang word deur die F.A.K. uitgeoefen nie, en geen ingrypende vereistes word ten opsigte van die toetredende liggaam se konstitusie gestel nie.

j. Samevattend blyk dit dus dat daar wat die Grondwet en Statute van die F.A.K. betref, geen noemenswaardige beletsel bestaan dat koördinasie in organiese sin in die praktyk verwesenlik kan word nie. Wanneer die werksaamhede van die F.A.K. as landswye koördinerende liggaam in die volgende hoofstuk breedvoeriger bespreek word, sal dit blyk dat daar tog, veral in die afgelope jare, 'n tendens te bespeur is dat die F.A.K. op nasionale vlak en die skakelkomitees op plaaslike vlak hulle al hoe meer op die terrein van die aktuele praktiese kultuurwerksaamhede begewe wat maklik deur die geaffilieerde liggame behartig kan word en wat moontlik meer binne hulle werksgebied val. Sodanige ontwikkeling kan uiteraard, indien dit oor 'n lang tydperk voortduur, verlies van inisiatief van die kant van die ander partikuliere kultuurliggame tot gevolg hê, asook verlies van soewereiniteit oor die arbeidsterrein wat prinsipieel en histories by 'n bepaalde kultuurorganisasie tuis hoort.

## HOOFSTUK IX.

## DIE ONREGSTREEKSE KOÖRDINERENDE WERKSAAMHEDE VAN DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE.

Van sy ontstaan af was die F.A.K. op kultuurgebied aktief. Haas geen terrein van die volkslewe was uitgeskakel uit sy omvattende pogings om op alle terreine en lewensgebiede in een gekoördineerde poging te handhaaf en te bou volgens die tradisionele Afrikaanse kultuurpatroon nie. In die uitvoering van sy taak, soos die Grondwet en Statute van die F.A.K. bepaal, het die F.A.K. van 'n groot verskeidenheid metodes gebruik gemaak.

Omdat die organisasievorm van die F.A.K. 'n federasie is, is bykans elke onderneming wat deur hom aangepak word, 'n gekoördineerde poging. Die F.A.K.-kongres, Afrikaanse Nasionale Kultuurraad en die Uitvoerende Komitee en Dagbestuur van die F.A.K. is die liggame wat koördinasie op nasionale en landwye vlak bevorder. Hierdie liggame tree op as die mondstukke van die gekoördineerde Afrikaanse kultuurlewe, en daarom is bykans elke aksie wat deur hierdie liggame namens die F.A.K. as geheel geloods word, onregstreeks gekoördineerde pogings.

Uit die doelstellings van die F.A.K. blyk dit dat dit in die werk van die federasie gaan om die samesnoering of koördinasie van alle beskikbare kragte op kultuurgebied met die oog op:

1. Die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal.
2. Die beskerming en uitbouing van 'n eie Afrikaanse kultuur.
3. Die behartiging van alle Afrikaanse belange op sowel geestelike as stoflike kultuurgebied.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling word laasgenoemde twee doelstellings as een beskou, omdat hulle wesenlik baie nou aan mekaar verwant is. In die Grondwet van die F.A.K. word hierdie doelstellings as die <u>hoofdoelstellings</u> gesien, terwyl die F.A.K. ook onder-

geskik hieraan, daartoe kan oorgaan om ter bevordering van bogemelde doeleindes, skakelkomitees en kultuurverenigings in die lewe te roep.

Om in die werk van die F.A.K. van 'n afsonderlike koördinasiefunksie te praat sou verkeerd wees. Alle optrede van die F.A.K. staan in die teken van die samesnoering of die koördinasie van kultuurkragte. Hiervan is die F.A.K.-kongres, die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad en die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. die produk. Soos reeds in die vorige hoofstuk genoem word die samesnoering van kragte op kultuurgebied op plaaslike vlak deur die skakelkomitees en later deur die gebiedskultuurrade behartig. In die geval van die werk van die F.A.K. is dit moeilik om duidelik te onderskei tussen regstreekse en onregstreekse koördinasie. Dit kan in hoofsaak daaraan toegeskryf word dat die federasie as organisasievorm reeds 'n vorm van koördinasie is, met die gevolg dat ook al die beheerliggame van die F.A.K. as koördinasievorme gesien kan word. Daarom dan ook dat die optrede van hierdie beheerliggame met die oog op die verwesenliking van die doelstellings van die Federasie deurgans as gekoördineerde pogings gesien kan word. 'n Onderskeiding tussen regstreekse en onregstreekse koördinasie in die werk van die F.A.K. is dus in 'n sekere sin 'n kunsmatige onderskeiding. Weliswaar word daar by die skakelkomitees en veral by die gebiedskultuurrade meer klem op doelbewuste, positiewe en regstreekse koördinasie gelê as by die ander gesagsliggame van die F.A.K., maar dit kan onder meer toegeskryf word aan die feit dat die plaaslike- of streeksliggaam vanweë sy posisie in die plaaslike samelewing en sy regstreekse skakeling met plaaslike liggame in 'n beter posisie is om aandag aan die regstreekse koördinasie van kultuuraktiwiteite te gee.

In die koördinerende werksaamhede van die F.A.K. is dit nodig om tussen twee tipes van koördinasie te onderskei:

a. waar die F.A.K. as verteenwoordigende gekoördineerde mondstuk van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe optree ten opsigte van bepaalde kultuursake; en

b. waar die F.A.K. oorgaan tot die doelbewuste en regstreekse koördinasie van aksie op die verskillende lewensterreine.

Vir die doeleindes van die verhandeling sal eersgenoemde tipe van koördinasie, waar die F.A.K. en sy beheerliggame as verteenwoordigend van die gekoördineerde Afrikaanse kultuurliggame optree, beskou word as onregstreekse koördinasievorme, terwyl doelbewuste pogings van die kant van die F.A.K. ten einde die koördinasie van die werksaamhede van bepaalde geaffilieerde liggame te bewerkstellig, as regstreekse koördinasie beskou sal word.

Vervolgens word die onregstreekse koördinerende werk van die F.A.K. ten opsigte van sy twee hoofdoelstellinge, naamlik taalhandhawing en kultuurbewaring en uitbou, kortliks behandel.

## 1. ONREGSTREEKSE KOÖRDINASIE TEN BEHOEWE VAN TAALHANDHAWING.

Seker een van die belangrikste funksies wat deurgaans deur die F.A.K. vervul is en tans nog vervul word, is die bewaring van die taalerfnis van die Afrikanervolk. Hierdie feit was een van die hoofbeweegredes vir die ontstaan van die F.A.K. In die uitvoering van hierdie doelstelling het die F.A.K. 'n menigte van take en ondernemings aangepak en gesteun. Op verskillende lewensterreine het die F.A.K. geveg vir die erkenning en behoud van die Afrikaanse taal. Een van die belangrikste voorbeelde is seker die stryd om moedertaalonderwys. Hierdie stryd word later breedvoeriger behandel in die onderafdeling „Volksonderwys en opvoeding"[1].

In hierdie verband kan ook gelet word op die belangrike kultuurwerk wat gedoen is deur die publikasie van woordelyste waarin die korrekte Afrikaanse terme vir Engelse woorde aangegee word. Die F.A.K. het hom ook beywer, veral in die jare van 1930 tot 1948, om Afrikaans sy regmatige plek in die staatsdiens en ander openbare liggame te laat inneem. Aandag is ook geskenk aan die verskaffing van doeltreffende biblioteekdienste vir die Afrikaanse leserspubliek en die uitbreiding en ondersteuning van die Afrikaanse perswese[2].

---

1. Vgl. p. 250 van hierdie verhandeling.
2. Verslag van die U.K. aan die Kultuurkongres, 1931; F.A.K.-kongresbesluite, Kaapstad, 1931; Notule van die Uitvoerende Bestuur, 28 Januarie 1933; F.A.K.: Program vir die F.A.K.-kultuurkongres, Johannesburg, 1934; F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe; Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1954 tot 31 Maart 1955; kyk ook jaarverslae van die F.A.K. vanaf 1955 tot 1962.

Vier aangeleenthede wat egter in die stryd om die behoud van die Afrikaanse taal skerp na vore tree, is

a. die Afrikaanse verpleegsterstryd,

b. die stryd om die erkenning van Afrikaans in die radiowese,

c. die taalfeeste en

d. die film oor die wonder van Afrikaans, „Doodkry is min".

a. Die Afrikaanse verpleegsterstryd.

Omdat in die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging en Verpleegstersraad veronregting van die Afrikaanse taal- en ander regte plaasgevind het, is deur die F.A.K. oorgegaan tot die instelling van 'n verpleegsterskomitee, wat spesifiek tot taak gehad het die behartiging van die taal- en kultuurbelange van Afrikaanssprekende verpleegsters.

Dit het vir die F.A.K. in hierdie werk gegaan om 'n beginselstryd, naamlik taalgelykheid en rasseskeiding. Deur bemiddeling van die F.A.K. is daar deur 'n groep verpleegsters die Afrikaanse Verpleegbond gestig waarin die genoemde twee beginsels ten volle tot hulle reg kom. Die hoofdoel agter die totstandkoming van die Afrikaanse Verpleegbond was nie soseer die daarstelling van 'n teenhanger vir die reeds bestaande statutêre liggaam, die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad, nie maar die teëwerking en hervorming van liberalistiese invloede in hierdie liggaam. Die hoofdoel van die Bond was om rasseskeiding, en taalgelykheid in die verpleegstersberoep, in die Vereniging en in die Raad tot stand te bring. Die stryd om die handhawing van die twee genoemde beginsels is met alle erns aangepak toe bekend geword het dat die beheer van een van die grootste takke van die Verpleegstersvereniging in die hande van nie-blankes oorgegaan het.

Pleidooie in hierdie verband is tot die owerheid gerig omrede die kern van die probleem geleë was in die feit dat die twee beginsels van rasseskeiding en taalgelykheid nie in die Wet op Verpleegsters beliggaam was nie. 'n Memorandum is deur die F.A.K. voorgelê aan die Gekose Komitee van die Parlement wat hierdie saak en die hersiening van die Wet tot taak gehad het. Hierdie beginsels is in die nuwe Wet op Verpleegsters beliggaam. Die Afrikaanse Verpleegbond het na die bereiking van die

ideaal bly voortbestaan om die belange van die Afrikaanssprekende verpleegsters as groep te behartig en toe te sien dat die regte van die Afrikaanssprekende verpleegsters in die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging en -raad gehandhaaf word. Deur die toedoen van die A.V.B. en die F.A.K. is daar onlangs drie Afrikaanssprekendes in die Verpleegstersraad verkies[3].

b. <u>Die stryd om die erkenning van Afrikaans in die radiowese.</u>

Die F.A.K. het dit van vroeg af reeds as sy taak gesien om teen die veronregting van die Afrikaanse taal en kultuur in die radiowese te veg. Daar is reeds sedert die bestaan van die Johannesburgse Radiomaatskappy deur die F.A.K. aandag aan hierdie belangrike saak in die volkslewe gegee.

In 'n stadium is daar selfs aandag daaraan geskenk om dit vir Afrikaners moontlik te maak om op ekonomiese wyse radio's te bekom, sodat die luisteraarskring uitgebrei en die druk van die kant van die luisteraarspubliek op die Radiomaatskappy verhoog kon word ten einde reg aan die Afrikaanse taal in die radiowese te laat geskied.

In die uiteindelike totstandkoming van die S.A.U.K. het die F.A.K. 'n leidende rol gespeel. Toe daar in Mei 1950 oorgegaan is tot die instelling van 'n handelsradio, het die F.A.K. spoedig besef watter nadelige invloed die voorgestelde sender op die Afrikanervolkslewe kon hê, en optrede in die verband is beplan. Teen 1958 is daar deur die F.A.K. 'n radiokomitee benoem, wat 'n wakende oog oor die belange van die Afrikaner se taal en tradisie in die radiowese gehou het[4].

c. <u>Die taalfeeste.</u>

'n Hoogtepunt in die stryd om die handhawing van Afrikaans word in 1959 bereik met die landswyd georganiseerde taalfeeste, waar-

---

3. Notule van die F.A.K.-kongres, 2 en 3 Oktober 1956; Notule van die U.K.-vergadering, 16 Februarie 1953, 7 Augustus 1957; vgl. ook jaarverslae van die F.A.K. vanaf 1955 e.v.

4. Vgl. Notule van die U.K., 7 Mei 1958; F.A.K.: <u>Silwerjubileumuitgawe</u>; F.A.K.: <u>Program vir die sewende amptelike kongres van die F.A.K., 1944</u>.

tydens die „Wonder van Afrikaans" op luisterryke wyse deur die ganse volk herdenk is[5].

In 1960 het die Suid-Afrikaanse Akademie sy vyftigjarige bestaan gevier. In aansluiting hierby word die F.A.K. deur die Akademie versoek om 'n reeks taalfeeste te reël wat met die feesvieringe van die Akademie gepaard sou gaan. Na aanvanklike huiwering en twyfel oor die uitvoerbaarheid van die gedagte besluit die Dagbestuur van die F.A.K. om die groot saak aan te pak en word daar werk gemaak van die organisasie van die reuse-landswye onderneming. Die pakkende tema vir die taalfeeste, naamlik „Die Wonder van Afrikaans", is deur mnr. Douglas Fuchs voorgestel. Die hoogtepunt van die feesvierings word bereik met die gesamentlike taalfees op 30 Mei 1959 by die Amfiteater in Pretoria.

d. „Doodkry is Min".

Na afloop van die taalfeeste het die F.A.K. aandag geskenk aan die verfilming van die grootse gedagte wat in die taalfeeste tot uiting gekom het, naamlik die wonder van die Afrikaanse taal. Ook hierdie poging van die kant van die F.A.K. ter handhawing van die Afrikaanse taal was 'n hoogtepunt. Die film „Doodkry is min" word deur bemiddeling van die F.A.K. op die draaiboek geplaas en is sedert die voltooiing daarvan aan duisende Afrikaners vertoon. In die film word die ontstaan, ontwikkeling en groei van die Afrikaanse taal uitgebeeld.

Die volksvertoning van die merkwaardige rolprent in die Amfiteater van die Voortrekkermonument in Pretoria is deur 40,000 mense bygewoon[6].

2. ONREGSTREEKSE KOÖRDINASIE TEN BEHOEWE VAN DIE BEWARING EN UITBOU VAN DIE AFRIKAANSE KULTUUR.

Die tweede doelstelling waarvoor die F.A.K. as gekoördineerde mondstuk van die Afrikanerkultuurlewe hom beywer is die behartiging van alle Afrikaanse belange op sowel geestelike as stoflike kultuurgebied en die beskerming en uitbouing van 'n eie Afrikaanse kultuur.

---

5. Vgl. F.A.K.: Jaarverslag vir die Taalfeesjaar 1959/60 en program vir die vyftiende F.A.K.-kongres, Pretoria, 1960.

6. Notule van die U.K., 18 November 1959 en 1 Mei 1961; Verslae van die F.A.K. vanaf 1958.

Hierdie optrede van die F.A.K. deur middel van positiewe kultuuraksie op verskillende terreine van die volkslewe het daartoe meegewerk dat daar met verloop van tyd 'n bepaalde tipies Afrikaanse kultuurpatroon tot stand gekom het wat veral herkenbaar is uit die historiese kultuurprodukte wat as uitvloeisel van die gekoördineerde aksie van die F.A.K., tot stand gekom het.

Die verskillende terreine van die kultuurlewe waar die F.A.K. onregstreeks koördinerend te werk gegaan het ten einde kultuurbewaring en kultuurbou te bewerkstellig, kan vir die doeleindes van oorsigtelikheid in die volgende hoofgroepe saamgegroepeer word, naamlik:

a. Volksmusiek en -sang;
b. Volkskuns;
c. Volksgeskiedenis;
d. Volksfeeste;
e. Volksonderwys en opvoeding;
f. Volksekonomie;
g. Volkswelstand en
h. Volkskultuur.

a. <u>Volksmusiek en -sang.</u>

Die vernaamste werk van die F.A.K. op die gebied van musiek is deur die Musiekkommissie van die F.A.K. behartig. Daar is egter ook 'n aantal aangeleenthede wat deur die F.A.K. in samewerking met die Musiekkommissie of selfstandig behartig is.

(1) <u>'n Eie volkslied.</u>

Een van die eerste take wat deur die F.A.K. op die terrein van die bevordering van volksmusiek en -sang aangepak is, is die stryd om 'n eie volkslied[7]. Drie jaar na die ontstaan van die F.A.K. is in 1932 'n wedstryd deur hierdie liggaam uitgeskryf wat gelei het tot die uiteindelike aanvaarding van „Die Stem van Suid-Afrika",

7. <u>Handhaaf-en-bou</u>, reeks nr. 4; <u>Verslag van F.A.K.-kultuurkongres, Kaapstad, 1931</u>; Notule van 'n vergadering van die U.K., 30 Julie 1932.

gedig deur Langenhoven en soos getoonset deur ds. M.L. de Villiers, as volkslied van Suid-Afrika. Die F.A.K. het 'n belangrike rol gespeel in die vertoë wat tot die owerheid gerig is om „Die Stem" as enigste volkslied van Suid-Afrika verklaar te kry. In die stryd om die verkryging van 'n eie volkslied het dr. N.J. van der Merwe ook 'n baie belangrike aandeel gehad. Hy het die aanvaarding van 'n eie volkslied gesien as een van die hoogste openbaringsvorme van nasionale selfstandigheid. Juis vanweë sy groot liefde vir Suid-Afrika en sy weiering om dit wat aan die eie volkskultuur vreemd was, sonder voorbehoud te aanvaar, het hy hierdie stryd met groot deursettingsvermoë aangedurf. Hierdie ideaal is verwesenlik toe adv. J.G. Strijdom op 2 Mei 1956 „Die Stem" tot amptelike volkslied van die Unie van Suid-Afrika verklaar het[8].

(2) Die F.A.K.-sangbundel.

In 1930 is daar reeds algemeen 'n behoefte gevoel aan die versameling van alle Afrikaanse liedere in een bundel. Met hierdie taak het die Afrikaanse Studentebond spoedig 'n begin gemaak. 'n Versoek is deur die A.S.B. tot die F.A.K. gerig waarin gevra word dat die F.A.K. die taak van die samestelling van 'n Afrikaanse liederebundel moet onderneem.

Op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee gehou op 22 November 1930 is besluit dat die F.A.K. hierdie taak sal onderneem en aan die voorbereidende werk van die A.S.B. in hierdie verband erkenning sal gee[9].

Nadat die versameling van liedere vir hierdie bundel reeds 'n geruime tyd lank aan die gang was, is 'n versoek ontvang van die firma De Bussy, waarin gevra word dat die F.A.K. sy kragte saam met die firma moet inwerp sodat hierdie taak gesamentlik ten uitvoer gebring kan word.

---

8. Notule van die U.K., 7 Augustus 1957. Vgl. in verband met die stryd om 'n eie volkslied en die aandeel van dr. N.J. van der Merwe daarin Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, pp. 316 e.v.

9. Notule van die U.K.-vergadering, 28 Januarie 1933; F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, p. 25; F.A.K.: Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1954 tot 31 Maart 1955, en 1 April 1956 tot 31 Maart 1957; Notule van die A.N.K., 5 Oktober 1957.

Die gesamentlike poging van die firma De Bussy en die F.A.K. het tot gevolg gehad die publikasie van die F.A.K.-sangbundel in 1937[10].

Op hierdie wyse het die volkskat van volksliedere vir die nageslag behoue gebly en deel geword van die kultuurbesit van die Afrikaner.

'n Belangrike bydrae van die F.A.K. tot die kultuurbesit van die Afrikanervolkslewe op die gebied van sang en musiek was die uitgee van 'n groot aantal komposisies en verwerkings van Afrikaanse musiek-, sang- en koorstukke.

(3) <u>Die musiekkommissie van die F.A.K.</u>

Die Musiekkommissie van die F.A.K. is in 1941 deur die Uitvoerende Komitee aangewys, omdat daar gevoel is dat meer gedoen behoort te word met betrekking tot die bekendstelling van Afrikaanse musiek. Die Musiekkommissie word jaarliks deur die F.A.K. se Uitvoerende Komitee saamgestel met die opdrag om -

(a) Afrikaanse musiek uit te bou, te bevorder en daaroor te waak;

(b) Afrikaans as medium by die doseer van musiek te propageer en te help bevorder;

(c) die gebruik van Afrikaanse musiek en liedere te bevorder en gereeld aan te moedig;

(d) die aanmoediging van Afrikaanse komponiste.

Die uitgee van die eerste F.A.K.-sangbundel was die voorloper wat gelei het tot die instelling van die Musiekkommissie van die F.A.K. Hierdie Kommissie het waardevolle werk gelewer met betrekking tot die propagering van die Afrikaanse musiek en die standaardisering van Afrikaanse musiek. Die Kommissie was verder ook reeds verantwoordelik vir die verskyning van verskeie komposisies en 'n handleiding in musiek bekend as „Trap-vir-trap", asook 'n musiekterminologie opgestel deur mnr. (tans prof.) M.C. Roode. Die Kommissie het ook waardevolle werk gedoen in verband met die behoud van die tipies Afrikaanse musiekvorme,

---

10. Notule van die U.K.-vergadering, 22 November 1930; F.A.K.: <u>Silwer-jubileumuitgawe</u>.

die beskikbaarstelling van beurse vir musiekstudie, die stryd om en bevordering van musiekonderrig deur medium van Afrikaans, ensovoorts[11]. Hierdeur is ook 'n positiewe bydrae tot die vorming van 'n eiesoortige volksmusiek en volksangkuns gedoen.

(4) Instituut vir Volksmusiek.

Tydens vergaderinge van die F.A.K. is ook aandag gegee aan die instelling van 'n Instituut vir Volksmusiek in samewerking met die universiteite van Stellenbosch en Potchefstroom. Hierdie gedagte was die uitvloeisel van die buitengewone F.A.K.-kongres oor volksmusiek en -sang wat in 1957 in Stellenbosch gehou is. In 1960 kom sodanige Instituut by die Universiteit van Stellenbosch tot stand[12]. Ook in Potchefstroom kom 'n dergelyke Instituut tot stand.

b. Volkskuns.

Die taak van die bewaring en behoud van die volkseie is ook deur die F.A.K. aangepak met die doel om die kultuurbesit van die Afrikanervolk op die gebied van die kuns te bewaar en uit te bou.

(1) Konferensie van Kunswedstrydverenigings.

Hierdie taak is onder meer deur die F.A.K. onderneem deur die belê van 'n konferensie saam met verskillende kunswedstrydverenigings ten einde beter koördinasie van hulle kragte in die hou van provinsiale en interprovinsiale kunswedstryde teweeg te bring[13]. Die konferensie het in Desember 1932 plaasgevind. Kunswedstryde was reeds in daardie stadium 'n gevestigde metode om die volkseie by die Afrikaner tuis te bring en om hom bewus te maak van sy kultuurerfnis op die gebied van sang, musiek, voordrag, prosa, poësie en kuns in die algemeen. Deur

---

11. Vgl. F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe; F.A.K.: Program vir die sewende amptelike kongres van die F.A.K., 1944, asook jaarverslae van die F.A.K., soos onder meer vervat in die programme vir F.A.K.-kongresse.

12. F.A.K.: Jaarverslag, 1958/59, p. 11; F.A.K.: Jaarverslag, Taalfeesjaar, 1959/60, p. 16.

13. Vgl. Notule van die U.K.-vergadering, 13 Februarie 1932 en 28 Januarie 1933.

hierdie konferensie, waartydens samesprekings gevoer is oor die samesnoering van kragte asook die standaardisering van beoordeling, het die F.A.K. ook sy daadwerklike bydrae in hierdie verband gelewer. Belangrike besluite is op hierdie konferensie geneem, waaronder die volgende: 'n Uniale kunsfees in 1935 gelyktydig met die F.A.K.-kongres, 'n lys van bevoegde beoordelaars vir kunswedstryde en geskikte voordrag- en sangstukke en wenke betreffende voordragkuns[14].

(2) Die Uniale Kunswedstrydkomitee.

Dit was veral die plaaslike kultuurverenigings wat in die dorpe en stede positiewe pogings tot kultuurontwikkeling en kultuurbou aangewend het deur kunswedstryde te organiseer. Die pogings van die F.A.K. op hierdie terrein gee aanleiding tot die stigting van 'n Uniale Kunswedstrydkomitee met die doel om die hou van Afrikaanse kunswedstryde aan te moedig en om die toekenning van punte te standaardiseer en die instelling van eksamens in die voordragkuns te koördineer[15].

(3) Die Sentrale Toneelburo.

Om op die gebied van die Afrikaanse toneel die kragte van die volk saam te snoer is deur die F.A.K., mede as gevolg van vertoë ontvang van die Suid-Afrikaanse Akademie, oorgegaan tot die instelling van 'n Sentrale Toneelburo. Die Sentrale Toneelburo was die voorloper van die tans ontbinde Nasionale Toneelorganisasie en het hom ten doel gestel die keuring van toneelstukke en beroepstoneelgeselskappe, die plasing van toneelresensies in nuusblaaie en die opbou van 'n toneelbiblioteek[16].

Die F.A.K. het verder ook aandag geskenk aan die veronregting van

---

14. F.A.K.: Program vir die F.A.K.-kongres, Johannesburg, 19 en 20 Desember 1934, p. 18.

15. F.A.K.: Referate en verslag, F.A.K.-kongres, Bloemfontein, 6 en 7 Julie 1937, p. 97; Silwerjubileumuitgawe, p. 24.

16. Notule van die U.K., 7 Augustus 1937, p. 3; F.A.K.: Referate en verslag, F.A.K.-Kongres, Bloemfontein, 1937; Bylae B by die Agenda van die U.K.-vergadering, 26 April 1945; Verslag van die Toneelkommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns; F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe.

Afrikaans in die boukuns en die bouterme[17] en aan die onderhoud van behoeftige kunstenaars.

c. Volksfeeste.

Een van die doeltreffendste wyses waarop die breë lae van die volk van sy kultuurerfnis bewus gemaak word, is die gereelde viering van volksfeeste. Die F.A.K. het die waarde hiervan in die volkslewe besef en van sy ontstaan af hieraan aandag gegee.

Die F.A.K. het hom dit ten doel gestel om die verering van die voorgeslag en die tradisies van die voorvaders te handhaaf deur die georganiseerde kultuurlewe deur middel van oproepe in die pers en by wyse van omsendbriewe bewus te maak van die verpligting om die opkomende geslag se aandag op sy ryk kultuurerfnisse en tradisionele feesvierings gevestig te hou. Volksfeeste was in die verlede nog altyd in die lewe van die Afrikanervolk die uitdrukking van die volkseie en 'n demonstrasie van dit wat in die volksiel omgaan. Hierdie gedagte van die huldiging van die volksverlede is onder meer ten uitvoer gebring deur die huldiging van groot volksmanne en -vroue, waaronder Totius, vader Kestell en andere.

(1) Kultuurdag.

Daar is reeds tydens die Uniale taal- en kultuurkonferensie van 1929 besluit dat geaffilieerde liggame jaarliks 'n kultuurdag behoort te vier ten einde die volk kultuurbewus te maak. Geld wat op hierdie dag ingesamel is, is gedeeltelik aan die F.A.K. geskenk vir die opbou van die Sentrale Kultuurfonds van die F.A.K. Die doel van hierdie viering was die ontwikkeling van taal- en kultuurbewussyn by die Afrikaner en die insameling van geld vir die instelling van 'n voltydse sekretariaat van die F.A.K.[18]. Kultuurdag is elke jaar op 30

---

17. Notule van die U.K., 2 Mei 1956.

18. Handhaaf-en-bou, reeks nr. 4: Verslag van die F.A.K.-kultuurkongres, Kaapstad, 1931; Verslag van die U.K. aan die Kultuurkongres, 1931; F.A.K.: Program vir die F.A.K.-kultuurkongres, 1934; Silwerjubileumuitgawe, asook Notule van die U.K., 18 November 1959.

of 31 Mei gevier.

(2) Van Riebeeckdag.

Daar is ook deur die F.A.K. verder aandag geskenk aan die viering van Van Riebeeckdag (6 April) as nasionale feesdag. By herhaalde geleenthede het die F.A.K. vertoë tot die owerheid gerig waarin versoek word dat hierdie dag asook Kruger- of Heldedag (10 Oktober) as openbare vakansiedae erken moet word. Kunsverenigings, skakelkomitees en ander geaffilieerde liggame is per omsendbrief aangespoor om op hierdie twee feesdae groot volksfeeste te belê en aantreklike programme aan te bied.

Met die viering van Van Riebeeckdag[19] is die aandag van die volk veral toegespits op die geboorte van die Afrikanervolk en val die klem op die viering van die Dietse afkoms van die Afrikaanse volk. Ten spyte van voortdurende oproepe van die kant van die F.A.K. dat Van Riebeeckdag as nasionale feesdag 'n prominenter rol in die volkslewe behoort te speel, blyk dit dat daar veral in die afgelope jare slegs op geïsoleerde plekke Van Riebeeckfeeste gevier word.[20] Die jaar 1952 was 'n hoogtepunt in die viering van Van Riebeeckfees. By hierdie geleentheid is op 6 April 1952 die volksplanting aan die Suidpunt van Afrika herdenk deur middel van 'n luisterryke volksfees aan die voet van Tafelberg.

(3) Heldedag.

Die F.A.K. het 'n belangrike rol gespeel in die erkenning van 10 Oktober as openbare vakansiedag. Die benaming van hierdie dag as Krugerdag het in die Transvaal sy oorsprong gehad. In die ander provinsies het die dag bekend gestaan as Heldedag. Die feesvierings op hier-

---

19. Vgl. Notule van die U.K., 8 September 1945.

20. F.A.K.: Program vir die F.A.K.-kultuurkongres, Johannesburg, 1934; Silwerjubileumuitgawe, p. 85 e.v.; F.A.K.: Program vir die dertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1956, p. 21 e.v.; F.A.K.: Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1954 tot 31 Maart 1955; F.A.K.: Program vir die veertiende tweejaarlikse kongres, 1958; kyk ook jaarverslae van die daaropvolgende jare.

die dag staan al hoe meer in die teken van die viering van die nasionale onafhanklikheidswording van die Afrikanervolk. Hierdie feesdag was in hoofsaak gewy aan die gedagte van die vryheidstrewe van die Afrikanervolk soos dit by die meeste groot volkshelde tot uiting gekom het en waarvan president Paul Kruger die versinnebeelding was[21].

(4) Geloftefees.

Een van die feeste wat seker die belangrikste plek in die Afrikaanse volkslewe ingeneem het en by meer as een geleentheid in die lewe van die volk kultuurvernuwing tot stand gebring het is Geloftefees. Die F.A.K. tree as sekretariaat op vir die Algemene Geloftedagkommissie van Suid-Afrika. Hierdie Kommissie het hom daarop toegelê om aan verenigings wenke in verband met programme aan die hand te doen en sprekers vir feesgeleenthede aan te beveel. Verder het die Kommissie ook aandag geskenk aan die onderwerpe wat by die geleenthede gebruik is, en die atmosfeer wat by die feeste behoort te heers[22].

Twee belangrike gebeurtenisse vind tydens die Geloftedagvierings op 16 Desember plaas, naamlik die Simboliese Ossewatrek van 1938, georganiseer deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), en die Rapportryersfeeste in 1949. Hierdie twee gebeurtenisse vind plaas gelyktydig met die hoeksteenlegging in 1938 en die inwyding in 1949. Die F.A.K. het ook in hierdie feesvierings 'n leidende rol gespeel[23].

(5) Republikeinse Dankfees.

Die rol van die F.A.K. in die verkryging van 'n eie Afrikaanse republikeinse staatsvorm is onmiskenbaar. Die Algemene Sekretaris en lede van die A.N.K. en Uitvoerende Komitee het hulle onverpoosd beywer vir die propagering van die Republikeinse ideaal. Dit was die standpunt van die F.A.K. dat hierdie ideaal losgemaak moes word van alle partypolitieke motiewe en as deel van die vryheidstrewe

---

21. F.A.K.: Program vir die dertiende tweejaarlikse kongres, 1956, p. 22.

22. Ibid.

23. F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, pp. 89, 88.

van die Afrikanervolk bekend gestel moes word. Die gedagte is verder gepropageer deur die publikasie van 'n brosjure, Kultuur en die Republiek, deur J.J. Kruger. Met die uiteindelike bereiking van hierdie lank gekoesterde volksideaal is die F.A.K. in die kort tydsbestek van 'n paar dae verantwoordelik vir die reëlings vir die Republikeinse dankfees[24].

d. Volksgeskiedenis.

Uiteraard was die bewaring van feite in verband met die volksverlede en die in herinnering roep van die dade van die voorgeslag 'n wesenlike onderdeel van die taak van kultuurbewaring soos dit in die doelstellings van die F.A.K. geformuleer is. In die uitvoering van hierdie taak het die F.A.K. onder meer daartoe oorgegaan om die volgende twee kommissies in die lewe te roep:

(1) Die historiese kommissie van die F.A.K.[25].

Daar is sedert die ontstaan van die F.A.K. 'n dringende behoefte gevoel aan die versameling en teboekstelling van historiese gegewens oor die Tweede Vryheidsoorlog en die geskiedenis van die Afrikaner in die algemeen. Vir hierdie doel is, onder meer op aandrang van dr. G. Preller, oorgegaan tot die instelling van 'n Historiese Kommissie, wat tot taak sou hê die koördinering van alle pogings tot feiteversameling in verband met die geskiedenis van die Afrikaner en die doeltreffende sistematisering daarvan. Hoewel daar veral in die beginjare van die F.A.K. veel aandag aan hierdie saak bestee is, blyk dit dat die versameling van gegewens as gevolg van allerlei praktiese probleme nie uitvoerbaar was nie.

(2) Sentrale volksmonumentekomitee.

Die Sentrale Volksmonumentekomitee is in 1931 deur die

---

24. Vgl. Kruger: Kultuur en die Republiek; F.A.K.: Jaarverslag en program vir die sestiende F.A.K.-kongres, 11 tot 13 Julie 1962, Durban; Jaarverslag 1960/61. Kyk ook notule van die U.K., 17 Februarie 1960 en 26 Oktober 1960.

25. Notule van die U.K., 30 Julie 1932; F.A.K.: Program, F.A.K.-kultuurkongres, Johannesburg, 1934, asook F.A.K.: Program vir die sewende amptelike kongres van die F.A.K., 29 September 1944, p. 6.

F.A.K. in die lewe geroep om die verskillende pogings wat deur groepe Afrikaners op verskeie plekke aangewend is ten einde geld in te samel vir die oprigting van volksmonumente, saam te snoer en te koördineer[26]. Kort na die totstandkoming van die F.A.K. het die Afrikaner opnuut tot 'n besef gekom van sy waardigheid as volk, en daarmee het gepaard gegaan die bewussyn dat 'n wesenlike element van nasionale selfstandigheid die huldiging van die voorgeslag is. Op talle kleiner plekkies het komitees ontstaan wat op 'n tasbare wyse vorm wou gee aan die spontane volksdrang deur die oprigting van monumente ter ere van die voorgeslag. Die Sentrale Volksmonumentekomitee is spesiaal deur die F.A.K. daargestel om hierdie kleiner stroompies te koördineer en dit saam te snoer in een magtige kultuurstroom[27].

Die vrugte van samewerking het nie uitgebly nie: in 1938 kon die hoeksteen van die groot Voortrekkermonument te Pretoria gelê word, en in 1948 is dit met 'n luisterryke inwydingsplegtigheid aan die volk van Suid-Afrika gegee as vrug van die samesnoering van kragte vir die bereiking van een gemeenskaplike volksideaal[28].

In latere jare het hierdie Komitee sy aandag veral gewy aan die versorging van die terrein om monumente[29].

e. Volksonderwys en opvoeding.

Die F.A.K. het reeds kort na sy totstandkoming besef dat die bewaring van die geestelike kultuurbesit van die volk alleen veilig was as dit ongeskonde aan die nageslag oorgedra kon word. In hierdie proses

---

26. F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, p. 26; F.A.K.: Program vir die F.A.K.-kultuurkongres, 1934, p. 18.

27. Notule van die U.K., 20 November 1957; Notule van die F.A.K.-kultuurkongres, Johannesburg, 19 en 20 Desember 1934; F.A.K.: Program vir die veertiende tweejaarlikse kongres (1958) en jaarverslag 1 April 1957 tot 31 Maart 1958, p. 16.

28. „Die F.A.K.", ongepubliseerde referaat opgestel deur W.S.J. Grobler en goedgunstiglik aan my ter insae gegee. F.A.K.-brosjure: Wat elke Afrikaner behoort te weet.

29. Notule van die U.K., 17 Februarie 1960; F.A.K.: Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1956 tot 31 Maart 1957, p. 20.

van kultuuroordrag sou die skool 'n besonder belangrike rol speel. As die Afrikaanse taal en kultuur egter nie in die skool tot sy reg kom nie, sou die Afrikaanse seun en dogter al spoedig van hulle kultuur-erfnis vervreemd wees met die gevolg dat die tipiese lewenswyse van die Afrikanervolk spoedig sou verdwyn. Teen hierdie gevaar moes daar ten alle koste gewaak word.

Om die langdurige pogings tot verengelsing van die Afrikanerkind die hoof te bied, besluit die F.A.K. om in 1939 'n volkskongres oor Christelik-Nasionale Onderwys te organiseer waar die beleid ten opsigte van Christelik-nasionale onderwys duidelik aan die Afrikanervolk gestel sou word. Uit hierdie kongres vloei voort die Nasionale Instituut vir Onderwys en Opvoeding wat tot taak het die uitdra van die C.N.O.-ideaal.

Die oorspronklike naam van die Instituut is in 1945 verander na die Instituut vir Christelike Onderwys en Opvoeding. Dit het onderge-skik aan die A.N.K. gefungeer[30]. In die regulasies vir die Instituut word die volgende taak daaraan opgedra:

„(a) om die histories geworde ideaal van Christelik-Nasionale onderwys en opvoeding in Suid-Afrika voortdurend te propageer en te bevorder;

„(b) om die C.N. Onderwys- en opvoedingsbeleid soos deur die F.A.K. aanvaar, te propageer en ingang te laat vind;

(c) om 'n wakende oog te hou oor die opvoeding en onderwys in Suid-Afrika en om, waar nodig, voorligting te gee en die nodige optrede in belang van C.N. Onderwys en opvoeding te organiseer;

(d) om enige fonds wat die F.A.K. in belang van C.N. Onderwys en Opvoeding mag instel op te bou en te beheer of mede-seggenskap in die beheer daarvan uit te oefen of om die F.A.K. in verband met die aanwending daarvan te adviseer; en

(e) om enige verdere opdrag van die F.A.K. in verband met C.N.

---

30. Notule van die Nasionale Instituut vir Onderwys en Opvoeding, 3 Julie 1945. Vgl. ook F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe.

Onderwys en opvoeding uit te voer"[31].

In 1956 is besluit dat die voormalige opdrag van die I.C.N.O. uitgebrei moes word om die volgende te omvat:

„(a) Dat die benaming Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys vervang word met die oorspronklike benaming Nasionale Instituut vir Christelike Onderwys en Opvoeding;

(b) dat die werkterrein van die Instituut uitgebrei word om die hele gebied van onderwys en opvoeding - teorie en praktyk - te behels;

(c) dat die grondslag van die Instituut se optrede sal wees die bevordering van die Christelike en Nasionale ideale wat reeds in ons volkslewe histories geword het"[32].

Oor die algemeen het die Instituut tot taak die koördinasie en bevordering van alle pogings op die gebied van Christelik-nasionale onderwys[33].

Die Instituut word saamgestel uit verteenwoordigers van verskeie onderwysinstansies, kerke, ouerverenigings en die F.A.K.[34].

Wat die werksaamhede van hierdie Instituut betref, was die volkskongres oor moedertaalonderwys wat in 1943 gehou is, 'n hoogtepunt. Die stryd om moedertaalonderrig was een van die vernaamste terreine waarop die Instituut hom begewe het.

In hierdie stryd het dit in hoofsaak gegaan om die stryd teen die destyds heersende beleid van dubbelmediumonderrig in gemengde skole. Hierdie beleid het tot gevolg gehad die verkragting van die taalregte van die Afrikaner. Hierop het die F.A.K. beslis gereageer, en toe dié

---

31. Statute van die Nasionale Instituut vir Onderwys en Opvoeding en later die I.C.N.O. bylae A by Agenda van die I.C.N.O., 29 Junie 1946.

32. F.A.K.: Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1956 tot 31 Maart 1957, p. 16; Notule van die Uitvoerende Komitee, 14 November 1956.

33. F.A.K.: Verslag van die Sewende amptelike kongres van die F.A.K., 1944.

34. Vgl. Statute van die Instituut vir Christelik-nasionale onderwys van die F.A.K. , bylae A by die Agenda van die I.C.N.O., 29 Junie 1946.

optrede reaksie uitgelok het van die kant van die instansies wat hierdie beleid gepropageer het, is daar deur die F.A.K. prakties opgetree om sy beginselstandpunt ten opsigte van moedertaalonderwys te handhaaf.

Hierdie stryd, wat van 1943 af met mening deur die F.A.K. aangedurf is, het op verskeie plekke in die land brandpunte ontsteek. So is daar onder meer geveg vir die behoud van hierdie beginsel in die Daisyfield-skool in Rhodesië. Die stryd het veral in Natal in Pietermaritzburg tot 'n hoogtepunt geloop. Om die reg van die Afrikanerouer in Pietermaritzburg te beskerm moes die F.A.K. oorgaan tot die daarstelling van 'n C.N.O.-bewaarskool. In hierdie poging tot handhawing van die Afrikaanse kultuur, het die Instituut as koördinerende liggaam opgetree, wat die onderskeie pogings in hierdie verband saamgesnoer het ten einde 'n beter en gekoördineerde eindresultaat daar te stel[35].

In latere jare het in Durban met die Stamford-hillskool 'n soortgelyke posisie ontwikkel. Ook hier is alles deur die Instituut en die F.A.K. in die stryd gewerp ter behoud van die kultuurerfnis en om die pogings tot verengelsing van die kant van die owerheid teë te werk[36].

Bogenoemde is voorbeelde van die beginselstryd wat deur die F.A.K. gevoer is teen die nadelige en denasionaliserende invloed van dubbelmediumonderrig.

Hierdie werk is verder deur die F.A.K. landswyd voortgesit deur die verspreiding van brosjures waarin die C.N.O.-beleid uiteengesit is, en deur die aanstelling van organiseerders wat hierdie gedagtes deur middel van organisasiewerk en persoonlike kontak met die ouer moes voortsit[37].

Een van die groot take waarop die Instituut hom veral toegelê het, was die formulering van 'n beleid waarin die kernbeginsels van Christelik-nasionale onderwys en opvoeding tot uiting sou kom[38]. Hoewel hierdie

---

35. F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, p. 59 e.v.
36. F.A.K.: Jaarverslag en program vir die sestiende F.A.K.-kongres, Durban, 1962, p. 13; F.A.K. brosjure: Wat elke Afrikaner behoort te weet.
37. F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, pp. 61, 62.
38. Vgl. F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, F.A.K.: Program vir die dertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., pp. 20 en 21, asook F.A.K.: Program vir die veertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1958.

beleid in die vroeë strydjare deur alle belanghebbende liggame onderskryf en aanvaar is, tree daar met verloop van tyd al hoe meer verskil van opinie in verband daarmee na vore. Veral die drie Afrikaanse kerke kon mettertyd nie meer oor die Christelik-nasionale onderwysbeleid tot 'n vergelyk kom nie. Hierdie feit was een van die aanleidende oorsake tot die uiteindelike ontbinding van die Instituut[39].

In 1959 is daar reeds deur verskeie instansies vertoë tot die owerheid gerig waarin gevra word om die instelling van 'n onderwysadviesraad wat tot taak sou hê die formulering van 'n eenvormige landsbeleid ten opsigte van die onderwys, die advisering van die regering met betrekking tot onderwysaangeleenthede en die koördinering van werksaamhede in hierdie verband. Die F.A.K. het dan ook 'n memorandum ingedien by die Gekose Komitee wat met die saak gehandel het[40].

Met die totstandkoming van die Onderwysadviesraad in 1962 was die taak van die N.I.C.O. van die F.A.K. afgehandel. Volgens woordvoerders van die F.A.K. was dit die bereiking van 'n lank gekoesterde ideaal. Die ou N.I.C.O. het, volgens mededelinge, een swakheid gehad, naamlik dat dit langsaam en moeisaam dinge op die onderwysfront tot stand kon bring vanweë die feit dat dit nie dieselfde erkenning van owerheidsweë geniet het as wat 'n statutêre liggaam sou geniet nie.

In die Onderwysadviesraad is persone verteenwoordig wat nou aan die F.A.K. en die Instituut verbonde was.

f. <u>Volksekonomie</u>[41].

Alhoewel die F.A.K. hom by uitstek tot taak gestel het geestelike kultuurbou en -handhawing het hy ook daadwerklik aandag geskenk aan die ekonomiese en materiële aspekte van kultuurvorming. Met die doel om die Afrikaner in sy strewe tot ekonomiese selfstandigwording

---

39. Notule van die U.K., 17 Februarie 1960 en 26 Oktober 1960.

40. Notule van die U.K., 18 November 1959 en 4 Augustus 1961. Sedert 1960 is die Instituut ontbind, en toe is besluit dat die Dagbestuur van die F.A.K. as voortsettingskomitee vir die Instituut sou optree kyk Notule van die U.K., 26 Oktober 1960.

41. Met die begrip <u>volksekonomie</u> word niks meer bedoel as net die ekonomiese lewe van die Afrikanervolk nie.

te steun en om die beginsels van die Afrikaanse kultuur op die terrein van die ekonomie en die handel in te dra, word in 1939 die eerste Ekonomiese Volkskongres van die F.A.K. gehou. 'n Voorstel is op hierdie kongres aanvaar om 'n groot finansieringshuis te stig met die doel om die Afrikaner se kapitaal- en koopkrag te mobiliseer. Ter verwesenliking van hierdie doel kom Federale Volksbeleggings in 1940 tot stand. Op die eerste Ekonomiese Kongres word daar ook besluit om oor te gaan tot die stigting van die Ekonomiese Instituut van die F.A.K., wat ten doel gehad het die uitvoering van die besluite van die kongres en die doen van stappe met betrekking tot die ekonomiese selfstandigwording en opheffing van die Afrikaanse volk[42].

Die instansies wat in hoofsaak in die Ekonomiese Instituut verteenwoordiging geniet, is die F.A.K., Afrikaanse finansiers, nyweraars, handelaars, landbouers, arbeidsorganisasies, universiteite en handelsopleidingskolleges en die Armesorgkommissies van die Afrikaanse kerke. Kort na die totstandkoming van die Ekonomiese Instituut gaan hierdie liggaam oor tot die stigting van die Reddingsdaadbond.

Die doelstellinge van die Ekonomiese Instituut behels onder meer die volgende[43]:

(1) Voorligting aan Afrikaners in verband met aangeleenthede betreffende die landsekonomie, handel en nywerheid;

(2) die trusteeskap van die Reddingsdaadfonds;

(3) die bepaling van 'n ekonomiese beleid vir die Afrikaner.

Die Instituut het verder ook tot taak gehad die optrede as koördinerende liggaam vir die stryd om ekonomiese selfstandigwording van die Afrikanervolk.

Benewens die Reddingsdaadbond en die finansieringshuise Federale

---

42. F.A.K.: <u>Silwerjubileumuitgawe</u>, p. 50, 51; F.A.K.: <u>Referate gelewer ten tye van die Silwerjubileumkongres, 1954</u>, p. 16; Notule van die Ekonomiese Volkskongres, Bloemfontein, 3, 4 en 5 Oktober 1939.

43. Notule van die A.N.K., 2 en 3 Julie 1940, en van die U.K., 18 November 1959.

Volksbeleggings het die Ekonomiese Instituut ook geboorte gegee aan die Afrikaanse Handelsinstituut wat die Afrikaanse sakemanne in 'n eie organisasie saambind. Die doel van die Afrikaanse Handelsinstituut is dienslewering aan die Afrikaanse sakegemeenskap deur nouer onderlinge voeling en groter samewerking tussen Afrikaanse sakeondernemings teweeg te bring[44]. Dit verskaf dus 'n forum vir besprekinge, waardeur 'n meer gekoördineerde en gekonsolideerde Afrikaneraksie op handelsgebied tot stand gebring kan word.

Hoewel die Ekonomiese Instituut selfstandig fungeer, sy eie kongresse hou en sy eie jaarverslae opstel, het dit nog 'n onderdeel van die F.A.K. gebly. Onlangs is deur die Instituut gevoel dat daar nouer skakeling tussen die Ekonomiese Instituut en die F.A.K. behoort te wees, en derhalwe is daartoe oorgegaan om, veral op administratiewe gebied, nouer met die F.A.K. saam te werk. Sedert 1960 het die Ekonomiese Instituut saam met die F.A.K. kantore betrek en word die administratiewe werk van die Instituut deur die F.A.K.-personeel behartig[45].

g. <u>Volkswelstand.</u>

Die Instituut vir Volkswelstand van die F.A.K. kom in 1939 tot stand as 'n omvorming van die Voortsettingskomitee van die 1934-volkskongres, wat in Kimberley gehou is. Die Instituut het tot stand gekom nadat die meeste besluite van die volkskongres reeds deur die Voortsettingskomitee afgehandel was[46].

Die Instituut is ingestel met die doel om op die maatskaplike terrein adviserend en koördinerend op te tree. Dit het egter nie self maatskaplike sorg onderneem nie en het ook nie ten doel gehad ingrype in die werksaamhede en inmenging op die terrein van die indiwiduele welsynsorganisasies nie. Die Instituut is in 1940 tot 'n gewone Instituut van die F.A.K.

---

44. F.A.K.: <u>Silwerjubileumuitgawe</u>, pp. 50, 51; vgl. ook jaarverslae van die U.K., 1957, 1958, 1960/61.

45. Notule van die 15de tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 28 en 29 September 1960; Notule van die U.K.-vergadering, 26 Oktober 1960.

46. Notule van die A.N.K., 3 Julie 1940; F.A.K.: <u>Program en verslag vir die agtste tweejaarlikse kongres van die F.A.K.</u>, 1946.

omgeskep[47].

In 1944 is besluit dat die samestelling van die Instituut in heroorweging geneem behoort te word. Die Uitvoerende Komitee het dan ook in hierdie verband besluit dat die universiteite genader moet word om verteenwoordigers in die Instituut te benoem. Die Instituut kon self ook organisasies nooi om verteenwoordigers daarin te benoem. Ander deskundiges op die gebied van Volkswelstand kon ook gekoöpteer word. In die Instituut is die departemente van Sosiologie van die vier Afrikaanse universiteite, die F.A.K., die Rdb. en Ekonomiese Instituut, die Instituut vir Christelik Nasionale Onderwys en Opvoeding, die vrouevereniginge en die Armesorgkommissies van die N.G. en Hervormde Kerke en die Uniale Diakonale Kommissie van die Gereformeerde Kerk verteenwoordig[48].

(1) <u>Hoofdoeleindes van die Instituut vir Volkswelstand.</u>

Die Instituut het as hoofdoeleindes gehad om volgens Christelik-nasionale beginsels -

(a) navorsingswerk oor die verarmingsvraagstuk in die besonder en maatskaplike vraagstukke in die algemeen te onderneem en te bevorder;

(b) 'n doeltreffende maatskaplike beleid, waarin veral klem gelê word op die voorkoming en bestryding van verarming, te bepleit;

(c) opbouende maatskaplike sorg te bevorder;

(d) algemene voorligting oor maatskaplike sorg en volkswelstand deur middel van publikasies, kursusse ens. te onderneem;

(e) maatskaplike werk as beroep te bevorder en

(f) die algemene en gemeenskaplike belange van meewerkende

---

47. Notule van die A.N.K.-vergadering, 3 Julie 1940; Notule van die U.K., 11 April 1941; F.A.K.: <u>Silwerjubileumuitgawe</u>, 1929-1954, p. 49.

48. Vgl. Notule van die U.K., 11/2/44, 4/8/44, 12/5/44, asook aanhangsel C by die agenda van die U.K.-vergadering, 8/9/45.

liggame te behartig; oorvleueling van werksaamhede te voorkom en die nodige koördinasie op maatskaplike gebied te bewerkstellig[49].

Met die wysiging van die samestelling van die Instituut is daar ook voorsiening gemaak dat die Instituut uitgebou word tot die volgende drie afdelings[50]:

(i) 'n afdeling vir sosiale volksbeleid;

(ii) 'n afdeling vir rassebeleid en

(iii) 'n afdeling vir volksgesondheidsbeleid.

Bogenoemde drie aangeleenthede was die drie hoofwerkterreine waarop die Instituut hom begewe het in die paar jaar wat hy aktief opgetree het ter verwesenliking van sy doelstellinge.

(2) Werksaamhede van die Instituut vir Volkswelstand.

Sedert die ontstaan van die Instituut het hy aan sake op maatskaplike gebied aandag gegee. Aandag is geskenk aan die formulering van 'n gepaste maatskaplike beleid vir die Afrikaner[51]. In hierdie verband moet gewys word op die kongresse wat op aandrang van die Instituut oor aktuele maatskaplike sake gereël is. In 1945 is 'n volkskongres oor maatskaplike beleid gereël. Hiertydens is aandag gegee aan die beleid ten opsigte van die Afrikaanse gesinslewe, arbeid en opvoeding van die jeug[52].

In 1944 is 'n volkskongres oor die rassebeleid van die Afrikaner gehou. Die kongres is onder andere belê omrede die Instituut nie kans gesien het om die destydse owerheidsbeleid ten opsigte van die rassevraagstuk te steun nie[53].

---

49. Aanhangsel C by die agenda van die U.K.-vergadering, 8/9/45.

50. Notule van die U.K.-vergadering, 12/12/44 en 8/9/45, asook Notule van A.N.K.-vergadering, 4/7/45; kyk ook: F.A.K.: Silwerjubileumuitgawe, p. 49.

51. Notule van die U.K.-vergaderings, 14/2/42, 24/6/47.

52. Verslag van die U.K., 1944-1946; Silwerjubileumuitgawe.

53. F.A.K.: Verslag vir die sewende amptelike kongres van die F.A.K.

In die periode na 1946 is daar in besonder aan die twee genoemde sake aandag gegee. Die onderafdeling wat die rassevraagstuk en die beleid in verband daarmee as opdrag gehad het, het 'n aantal subkomitees benoem om die beleid ten opsigte van die rassevraagstuk vanuit die volgende aspekte te ondersoek[54]:

(a) die naturellevraagstuk;

(b) die Jodevraagstuk;

(c) die Asiatevraagstuk;

(d) die Kleurlingvraagstuk en

(e) die Blankevraagstuk.

Na 1947 word daar maar min vordering in die werk van die Instituut opgemerk. Van die kant van die Uitvoerende Komitee is aandag geskenk aan die instelling van 'n Instituut vir Rassestudies, wat in 1947 tot stand kom. Hierdie Instituut het later ontwikkel in die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA)[55].

Hierna is deur die Uitvoerende Komitee by 'n paar geleenthede aandag gegee aan die moontlikheid om die Instituut op te hef, maar in die lig van die feit dat die S.A.V.F. 'n komitee insake die gesinslewe in die lewe geroep het, is besluit dat verwikkelinge in hierdie verband dopgehou moet word[56]. Die gedagte dat die komitee in 'n instituut omgeskep sou word, het nie ten uitvoer gekom nie.

In die tydperk na 1950 raak die Instituut heeltemal onaktief[57].

Die Instituut het 'n tydskrif uitgegee bekend as Volkswelstand. Dit is later omgeskep in 'n meer algemene kultuurblad met die naam Inspan, waarin ook algemene berigte oor die werk van die F.A.K. verskyn het. In

---

54. Notule van die U.K.-vergadering, 18 Februarie 1946.

55. Notule van die U.K.-vergadering, 7 Oktober 1947; Agenda en verslag van die F.A.K., 1948; Sekretariële verslag 1947-48.

56. Notule van die U.K.-vergaderings, 7, 8/2/49, 19/5/49, 9/2/50.

57. 'n Memorandum ingedien deur C.N. Venter i.v.m. 'n Christelik-nasionale welsynsbeleid is na die Instituut verwys, maar daar word nie daarna weer melding gemaak van die werksaamhede van die Instituut nie - kyk Notule van die U.K., 29 September 1950; 18 Augustus 1951.

September 1952 word die uitgee van hierdie blad ook gestaak[58].

h. Algemene volkskultuur.

In sy omvattende strewe na die bewaring en uitbou van die Afrikaanse volkskultuur het die F.A.K. op talle ander terreine koördinerend opgetree. Interessantheidshalwe word ook nog gewys op die werk van die F.A.K. in verband met die volgende aangeleenthede:

(1) Die Instituut vir Volkskultuur.

Van die kant van die F.A.K. is in 1945 die gedagte geopper dat daar oorgegaan moes word tot die stigting van 'n Instituut vir Volkskultuur wat hom vir die volgende sake moes beywer:

(a) die beskerming van die Afrikaanse letterkunde teen agteruitgang;

(b) die beskerming van die Afrikaanse musiek teen agteruitgang en uitbuiting en

(c) die daarstelling en uitbouing van 'n eie Afrikaanse rolprentproduksie.

Die Instituut moes verder ook voorsien in die behoefte aan die deurwerking van die kultuur in alle bevolkingslae, die handhawing van die Afrikaanse taal en die beskerming van die kuns[59]. Deur die Uitvoerende Komitee is 'n kommissie benoem om op die aangeleentheid in te gaan, en die hele saak met die S.A. Akademie te bespreek. Die kommissie het aanbeveel dat daar tydens die tweejaarlikse kongres aan die saak aandag gegee moet word, met die gedagte dat by hierdie geleentheid die voorgestelde Instituut gestig kon word[60]. Later het geblyk dat die instelling van so 'n Instituut probleme mag oplewer, moontlik omdat hierdie taak reeds in 'n groot mate deur die Suid-Afrikaanse Akademie behartig is[61].

---

58. Notule van die sewende amptelike kongres van die F.A.K., 1944; Notule van die U.K.-vergadering, 23 September 1952.

59. Vgl. Notule van die U.K., 5 Julie 1945 en 8 September 1945.

60. Notule van die U.K., 1 Desember 1945; kyk ook aanhangsel A by die Agenda van die vergadering 1/12/45.

61. Notule van die U.K., 18 Februarie 1946.

Dit het geblyk dat die Instituut in hooftrekke ten doel sou hê die beskerming, bevordering en handhawing van feitlik al die verskillende kultuuruitinge van die Afrikaanse volkskultuur.

(2) Die Militêr-kulturele Komitee.

Die Militêr-kulturele Komitee is in die lewe geroep om hom te beywer vir die instelling van Afrikaans georiënteerde regimente, om na die belange van die Afrikaanssprekende in die leër om te sien en om by jong Afrikaners belangstelling in die militêre beroep op te wek[62]. Met die totstandkoming van die A.K.V.V., die kultuurvereniging van die leër, lugmag en vloot, is die behoefte aan sodanige komitee uit die aard van die saak opgehef[63].

(3) Die Literêre Onderkomitee van die F.A.K.

In 1957 is in beginsel goedkeuring geheg aan die instelling van 'n Literêre Onderkomitee, met dr. W.E.G. Louw as sameroeper, wat op die gebied van die literatuur dieselfde funksie sou vervul as die Musiekkommissie op die gebied van musiek[64].

(4) Erepenningkomitee.

Die A.N.K. het op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee daartoe oorgegaan om 'n erepenning in te stel wat aan persone toegeken word wat hulle in die volkslewe onderskei het deur verdienstelike werk op die kultuurorganisatoriese terrein te lewer. 'n Erepenningkomitee is deur die F.A.K. in die lewe geroep, wat sodanige toekennings oorweeg en doen[65].

---

62. Notule van die A.N.K., 1 Oktober 1953.

63. Notule van die U.K., 19 Februarie 1957.

64. Notule van die A.N.K., 5 Oktober 1957; F.A.K.: Program vir die veertiende tweejaarlikse kongres, 1958 en jaarverslag vir die tydperk 1 April 1959 tot 31 Maart 1958.

65. F.A.K.: Program vir die dertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1 April 1956, p. 23; Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1956 tot 31 Maart 1957; Program vir die veertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1958; Jaarverslag. 1960/61; Jaarverslag en program vir die sestiende F.A.K.-kongres, Durban, 1962. Die erepenning is sedert 1956 nog slegs aan dr. D.F. Malan en dr. S.H. Pellisier toegeken.

(5) Die Krugersterfhuiskomitee.

Daar is in 1951 op versoek van dr. D.F. Malan, destydse Eerste Minister, 'n Krugersterfhuiskomitee in die lewe geroep, wat tot taak het die advisering van die Minister in verband met sake rakende die Krugersterfhuis in Clarens, Switserland[66].

3. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

Omdat die organisasievorm van die F.A.K. 'n federasie is, staan alle optrede van die F.A.K. in die teken van koördinasie. Hierdie feit word teweeg gebring deur die samestelling van die F.A.K. enersyds en andersyds deur sy doelstelling om deur middel van die samesnoering van kultuurkragte die Afrikaanse taal en die stoflike en geestelike kultuur van die Afrikanervolk te handhaaf, te bewaar en uit te bou.

In hierdie hoofstuk is die optrede van die F.A.K. ten opsigte van die verwesenliking van hierdie twee hoofdoelstellinge in hooftrekke uiteengesit. In geen opsig moet hierdie hoofstuk beskou word as 'n volledige weergawe van die uitgebreide en omvangryke werk van die F.A.K. nie. Die verwysing na die onregstreekse koördinerende werk van die F.A.K. is gebruik as empiriese voorbeeld van hoe 'n bepaalde eiesoortige Calvinistiese koördinasiemetode in die alledaagse lewenspraktyk vorm aanneem. Daar kan wat die onregstreekse koördinerende werk van die F.A.K. betref die volgende opgemerk word:

a. In feitlik al die genoemde werksaamhede van die F.A.K. staan een gedagte sentraal, naamlik die handhawing van die Afrikaanse taal as draer van 'n besonder eiesoortige lewens- en wêreldbeskouing en die daaraan onafskeidelik verbonde kenmerkende eiesoortige leefwyse. Al die ander vorme van kultuurbewaring het later uit hierdie een sentrale motief van taalhandhawing gespruit. Taalhandhawing was die brandpunt van die F.A.K. se stryd om die behoud, bewaring en uitbou van die Afrikaner se volkskultuur. Omdat die F.A.K. die volk as skepping van God

---

66. Vgl. jaarverslae van die F.A.K. asook programme vir die tweejaarlikse kongresse vanaf 1951 en daarna.

aanvaar en die taak van taalhandhawing sien as die stryd om die behoud van volksidentiteit, het hy hom daarop toegespits om die taal, as uitdrukking van die volksiel te bewaar en uit te bou[67].

b. Omdat die taal wesenlik die draer is van 'n bepaalde siening van die mens en die wêreld om hom, is taalhandhawing een van die belangrikste vorme van kultuurbou in die menslike samelewing. Die taal van 'n volk is die draer van die godsbegrip wat in die lewe van die indiwiduele lid van die volk en die volk as geheel gehuldig word. Uiteraard het dit tot gevolg bepaalde karakteristieke wyses waarop die betrokke volk in die alledaagse lewe versorgend te werk gaan, in diens van die god waarin hulle glo. Taalhandhawing vorm die brandpunt van waaruit die F.A.K. sy taak van kultuurhandhawing en kultuurbou op die verskillende terreine van die volkslewe aangedurf het. Van hierdie kenmerkende lewens- en wêreldbeskouing is onder meer die stryd om die erkenning en gelykberegtiging van Afrikaans in die verpleegstersberoep, die radiowese, en die rolprentwese historiese kultuurprodukte. Ook die viering van die groei en uiteindelike erkenning van die Afrikaanse taal deur die landswye taalfeeste is van hierdie lewens- en wêreldbeskouing die historiese kultuurproduk.

Hoewel dit byvoorbeeld op die oog af in die werk van die Radiokomitee bloot gegaan het om taalhandhawing as sodanig, was die pogings as gekoördineerde aksie, in hierdie verband in hoofsaak gerig op die uitskakeling en teëwerking van die nadelige en denasionaliserende invloed wat die radio as massakommunikasiemiddel kon hê wanneer dit net die Engelse taal, denkbeelde en lewens- en wêreldbeskouing sou verteenwoordig. Hierdie gekoördineerde poging het dus gelei tot die beskerming van die volkskultuur.

---

67. F.A.K.: <u>Program vir die twaalfde tweejaarlikse kongres van die F.A.K.</u>, 1954.

c. Feitlik geen lewensterrein is deur die F.A.K. onbetree gelaat nie. Op elke terrein word daar versorgend met betrekking tot die bewaring en uitbou van die Afrikaner se kultuurerfnis opgetree op positief kultuurskeppende wyse. Onregstreekse koördinasie as uitvloeisel van die federasie as organisasievorm kom tot stand nie soseer deur die uitskakeling van botsing en oorvleueling nie, maar in hoofsaak as gevolg van samesnoerings van kragte vir die bereiking van gemeenskaplike ideale. Van hierdie strewe is die optrede van die F.A.K. op die volgende kultuursfere, historiese kultuurprodukte:

(1) Op die gebied van volksmusiek en -sang is daar deur die toedoen van die F.A.K. eenvormige standaarde ten opsigte van die musiek in die algemeen aanvaar. Die F.A.K. het 'n belangrike rol gespeel in die erkenning van „Die Stem van Suid-Afrika" as amptelike volkslied van die land en die samestelling van die F.A.K.-volksangbundel wat die skat van Afrikaanse volksliedere vir die nageslag behou het.

(2) Die F.A.K. het in sy pogings op die terrein van die volkskuns daartoe bygedra dat die werk van die verskillende kunswedstrydkomitees en verenigings gekoördineer is om sodoende standardisering van beoordeling ens. in die hand te werk. Die werk van die Sentrale Toneelburo het die weg gebaan vir die Afrikaanse beroepstoneel wat in 'n groot mate die Afrikaanse drama en toneelkuns in die algemeen ten goede gekom het.

(3) Deur sy koördinerende werk in belang van die behoud en oordrag van die Afrikaanse volksgeskiedenis, kom deur die toedoen van die F.A.K. die Historiese kommissie en die Sentrale Volksmonumentekomitee tot stand. Veral laasgenoemde komitee het daadwerklik daartoe meegewerk dat die volksgeskiedenis vir die nageslag verewig is.

Die leiding wat die F.A.K. gegee het ten opsigte van die viering en organisering van volksfeeste het ook die herinnering aan die ryk en mooi volksgeskiedenis van die Afrikaner in die volksbewussyn laat voortleef.

(4) Die koördinerende funksie van die Nasionale Instituut vir Christelike Onderwys en Opvoeding was die uitdra van die Christelik-nasionale onderwysbeleid en die koördinasie van alle pogings ter bevordering van Christelik-nasionale onderwys.
Moedertaalonderrig, die groot ideaal van hierdie Instituut, kon slegs verwesenlik word as daar een sentrale koördinerende liggaam was wat al die kleinere pogings in een groot poging saamgesnoer het. Dit het in die werk van hierdie Instituut nie slegs gegaan om die handhawing en behoud van Afrikaans as voertaal in die skool nie maar om die behoud van die hele stel lewenswaardes, die wyse van lewensindiensstelling waarvan die Afrikaanse taal die draer is. Met die invoer van die dubbelmediumskoolbeleid het nie slegs 'n bedreiging vir die Afrikaanse taal op die voorgrond getree nie maar ook 'n bedreiging vir die Afrikaanse opvoeding en onderrig as draer van 'n bepaalde Calvinistiese kultuurpatroon. Deur die jong kind van sy eie taal te vervreem is hy ook vervreem van sy volkseie kultuuruitinge soos tradisies, sedes, kultuurgoedere, godsdiens ens. Juis omdat die F.A.K. as georganiseerde kultuurmondstuk van die Afrikaanse kultuurlewe intens bewus was van die gevaar wat hierdie subtiele ondermyning vir die volkslewe as geheel ingehou het, het hy hom aktief beywer vir die behoud van moedertaalonderrig en enkelmediumskole.

(5) Op die gebied van die ekonomiese opheffing van die Afrikanervolk het die F.A.K. deur die totstandkoming van die Ekonomiese Instituut daartoe bygedra dat die Afrikaner

bewus geword het van sy roeping ook ten opsigte van die volksekonomie. Die Ekonomiese Instituut van die F.A.K. was die koördinerende instelling wat in die Afrikaanse volkslewe die pas aangegee het ten opsigte van die stryd om selfstandigwording op ekonomiese gebied. Die hooftaak van hierdie Instituut was die ekonomiese opheffing en die bevordering van die ekonomiese selfstandigwording van die Afrikanervolk.

Deur die toedoen van hierdie Instituut het twee liggame tot stand gekom, naamlik:

(a) Federale Volksbeleggings, wat ten doel gehad het die mobilisering van die Afrikaner se kapitaal- en koopkrag, en

(b) die Afrikaanse Handelsinstituut, wat Afrikanersakemanne in een liggaam saamgesnoer het.

Die gekoördineerde pogings van die liggame wat in hierdie Instituut verteenwoordig is en die liggame wat deur sy toedoen ontstaan het, het derhalwe daartoe meegewerk dat die Afrikaner ook in die ekonomiese sfeer van sy kultuurlewe geleidelik tot selfstandigheid gekom het.

(6) Die Instituut vir Volkswelstand, wat uitvloeisel van die volkskongres oor die armblankevraagstuk was, het tot hooftaak gehad adviserende en koördinerende optrede op die sogenaamde „maatskaplike" terrein. Samevattend gesien het die Instituut hoofsaaklik die volgende funksies verrig: navorsingswerk, voorligting en die formulering van 'n maatskaplike, rasse en volksgesondheidsbeleid.

Die Instituut vir Volkswelstand het ook daartoe aanleiding gegee dat die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede in die lewe geroep is. Die Instituut het dus as spreekbuis van die georganiseerde Afrikanervolkslewe opgetree, ten opsigte van bepaalde maatskaplike vraagstukke.

Die Instituut was nie baie lank aktief gewees nie. Moontlik

kan dit toegeskryf word aan die feit dat die staatsdepartement van Volkswelsyn feitlik gelyktydig met die Instituut tot stand kom. Interessantheidshalwe kan daarop gelet word dat die Instituut ook as een van sy doelstellings gehad het die bevordering van maatskaplike werk as beroep. Dit behoort gesien te word in die lig van die feit dat die volkskongres wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Instituut, in 'n tydvak plaasgevind het waar die professionele maatskaplike werk en die organiese volksorg op grond van die amp van die gelowige nog baie nou verstrengel was. Dit is eers later in 1936 dat die weë van die twee versorgingsmetodes skei.

(7) Oók die ander werk van die F.A.K. op die gebied van die volkskultuur in die algemeen was vrug van die hoofdoelstelling van die Federasie, naamlik om in een saamgesnoerde en gekoördineerde poging op alle terreine te handhaaf en te bou. Deur die gekoördineerde positiewe kultuuraksie op die verskillende lewensterreine het daar deur die toedoen van die F.A.K. bepaalde historiese kultuurprodukte tot stand gekom wat andersins nooit of baie moeilik die lig sou gesien het. Slegs die samesnoering van kragte het hierdie prestasies moontlik gemaak.

d. Hierdie ideale wat in die doelstellings van die F.A.K. beliggaam is en wat vorm aangeneem het in die historiese kultuurprodukte wat deur die toedoen van die F.A.K. tot stand gekom het, was in 'n groot mate die vrug van en ingebed in die Calvinisties-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van dr. N.J. van der Merwe. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing word mooi uitgedruk in sy verklaring tydens die stigting van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad in 1936: „Ons glo dat hierdie Afrikanernasie 'n eie Godsgedagte dra. Ons glo dat sy bestaan deur God gewil is. Ons is bewus van 'n dure roeping om hierdie Godsgedagte uit te leef"[68].

---

68. Scholtz: Dr. N.J. van der Merwe, p. 106, aangehaal uit Die Volksblad, 1 Julie 1936.

# HOOFSTUK X.

## DIE REGSTREEKSE KOÖRDINERENDE WERK VAN DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE.

Die onregstreekse koördinerende werk van die F.A.K. het in hoofsaak betrekking gehad op die uitvoerende funksies van die F.A.K., naamlik waar die F.A.K. as federasie in die uitvoering van bepaalde opdragte as gekoördineerde mondstuk van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe optree ten einde bepaalde doelstellings te verwesenlik wat nie regstreeks koördinasie ten doel het nie.

Daar is egter ook in die werk van die F.A.K. sprake van 'n regstreekse koördinasie van kultuuraktiwiteite. Hierdie stelling is egter onderworpe aan die voorbehoud reeds in die vorige hoofstuk genoem, naamlik dat 'n onderskeiding tussen regstreekse en onregstreekse koördinasie in die werk van die F.A.K. in 'n sekere sin kunsmatig is.

Die F.A.K. het op grond van die volgende sake regstreekse koördinasie tot doel:

1. Sy samestelling en organisasievorm;
2. sy hoofdoelstelling, naamlik saamgesnoerde en gekoördineerde optrede met die oog op taal- en kultuurhandhawing, en
3. sy ondergeskikte doelstelling van regstreekse koördinasie op plaaslike vlak deur middel van skakelkomitees en kultuurverenigingе.

Uit hierdie punte vloei voort dat die F.A.K. regstreekse koördinasie van kultuuraktiwiteite op die volgende vlakke tot taak het:

a. Die F.A.K.-kongres, Afrikaanse Nasionale Kultuurraad en die Uitvoerende Komitee en Dagbestuur van die F.A.K. het op grond van hulle samestelling, en die doelstellings van die F.A.K. regstreekse koördinasie op nasionale vlak ten doel;
b. die gebiedskultuurrade het tot taak die regstreekse koördinering van kultuuraktiwiteite op streeksvlak, en
c. die skakelkomitees en kultuurverenigings moet op plaaslike vlak, regstreekse koördinasie bewerkstellig.

Hieruit blyk dit dat die F.A.K. deur sy nasionale, streeks- en plaaslike liggame geografiese koördinasie van kultuurwerksaamhede beoog. Vervolgens word die regstreekse koördinasie van sorgaktiwiteite op die genoemde geografiese vlakke breedvoeriger bespreek.

## 1. REGSTREEKSE KOÖRDINASIE OP NASIONALE VLAK.

Koördinasie op nasionale vlak het hoofsaaklik geskied deur die F.A.K.-kongresse, die werk van die A.N.K. en die Uitvoerende Komitee en Dagbestuur van die F.A.K. Die eerste groot taak wat op die F.A.K. gewag het was die doelgerigte inskakeling van kragte en die behoorlike organisering van kultuurwerk op nasionale vlak[1]. In die uitvoering van hierdie taak het die F.A.K.-kantoor 'n belangrike rol gespeel. Veral na die aanstelling van 'n vaste sekretariaat en die uitbreiding van die personeel kon daar meer daadwerklik opgetree word[2].

Die F.A.K. wat tot stand gekom het met die doel om die werk van die verskillende kleiner kultuurliggame saam te snoer ten einde beter koördinasie van hulle werk teweeg te bring, moes kort na sy totstandkoming aan 'n koördinasievraagstuk van nasionale aard aandag skenk.

### a. Regstreekse koördinasie ten einde oorvleueling uit te skakel.

Waar die F.A.K. in die beginjare hom veral daarop toegelê het om die werk van die verskillende geaffilieerde liggame saam te snoer ten einde verenigde optrede op die kultuurfront te bewerkstellig, ontstaan daar in 1940 vir die eerste keer die probleem dat optrede vereis word om oorvleueling en botsing van werksaamhede uit die weg te ruim.

Daar word in hierdie tyd 'n buitengewone toename in die aantal plaaslike kultuurliggame bespeur. Orals kom klein organisasies tot stand wat hulle vir een of ander aspek van die volksaak beywer. Nie alleen het hierdie ontwikkeling meegebring dat daar op die terrein van

---

1. Verslag van die U.K. voorgelê op die Kultuurkongres, Kaapstad, 21-23 Desember 1931.

2. F.A.K.: Program vir die F.A.K.-kultuurkongres, 1934. Kyk ook Notule van die U.K., 13 Februarie 1945.

ander reeds bestaande organisasies wat doeltreffend funksioneer, oortree is nie, maar dit het ook verdubbeling van werk en verspilling van kragte tot gevolg gehad[3].

Die A.N.K. het op sy derde vergadering aan hierdie saak aandag gegee, en na aanleiding van die besprekings hieroor is besluit dat aan die Uitvoerende Komitee opgedra word om:

(1) deur bemiddelende optrede alles in sy vermoë te doen sodat die oorvleueling van die werksaamhede van die geaffilieerde Afrikaanse liggame op ekonomiese, maatskaplike en kulturele gebied voorkom sal word;

(2) sodra nuwe liggame ontstaan, op hoogte te kom van die aard en doel van hulle werksaamhede en hierdie inligting onder korreksie van die bestuur van die nuwe organisasies aan alle geaffilieerde liggame te verskaf en om die nuwe liggame met die oog op affiliasie te nader;

(3) in voeling te kom met nie-geaffilieerde Afrikaanse liggame en alles in sy vermoë te doen dat dergelike liggame hulle werk sodanig sal afbaken dat botsings met gefedereerde liggame voorkom sal word;

(4) gereeld 'n lys van gefedereerde en ander Afrikaanse liggame met 'n aanduiding van doelstelling en werkterrein beskikbaar te stel;

(5) alle gefedereerde en ander Afrikaanse liggame jaarliks te versoek om hulle jaarverslae van werksaamhede aan die Hoofkantoor van die F.A.K. te stuur vir verspreiding onder alle Afrikaanse liggame van nasionale of provinsiale omvang[4].

Daar is ook met die oog op doeltreffender koördinering van die werk van die onderskeie liggame aan die Sekretaris opgedra om in breë trekke

---

3. Notule van die A.N.K., 2, 3 Julie 1940. Dieselfde vraagstuk geniet in 1944 aandag vgl. Notule van die U.K.-vergadering, 12 Mei 1944.

4. Notule van die A.N.K., 2 en 3 Julie 1940.

'n uiteensetting van die organisering van Afrikaanse liggame onder die F.A.K. in die sekretariële verslag op te neem[5].

b. <u>Regstreekse koördinasie met die oog op aktivering van kultuurliggame.</u>

Presies die teenoorgestelde vraagstuk tree omstreeks die jaar 1950 na vore: 'n onrusbarende slapte word in die Afrikaanse kultuurlewe bespeur. Hierdie kultuurslapte kom tot uiting in die afname in die aantal geaffilieerde skakelkomitees en kultuurverenigings, die geleidelike vermindering in die aantal nuwe kultuurliggame wat tot stand kom, en die ontbinding van talle kultuurliggame. Aan hierdie onrusbarende vervalsimptome het die F.A.K. ernstig aandag gegee[6].

Om hierdie kultuurslapte en doodsheid te bekamp is verskeie moontlike metodes oorweeg. Deur die F.A.K.-kongres van 1952 is aan die Uitvoerende Komitee opgedra om stappe te oorweeg ten einde hierdie doodsheid in die geledere van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe teë te werk en vas te stel wat tot die ontbinding van soveel organisasies aanleiding gegee het. 'n Memorandum is hieroor opgestel, en die saak is deur middel van 'n Nuwejaarsboodskap oor die radio bekend gemaak. Aandag is weer eens gegee aan die verskaffing van 'n deeglik uitgewerkte program van aksie, waarvolgens beplande en georganiseerde optrede in hierdie verband moontlik gemaak sou word[7].

In die memorandum wat oor hierdie onderwerp opgestel is, word onder meer aandag gegee aan die wenslikheid van die stigting van gemeenskapsentra om te dien as konsentrasieplekke van plaaslike sosiale en kulturele organisasies[8]. Daar is egter nie aan hierdie gedagte uitvoering gegee nie. Die F.A.K. het bevind dat die kultuurslapte in die Afrikaanse volkslewe

---

5. Kyk Notule van die U.K.-vergadering, 29 November 1940 en 11 April 1941.

6. F.A.K.: <u>Agenda en Jaarverslag, tiende kongres van die F.A.K., 1950</u>; Notule van die A.N.K., 4 Oktober 1951; F.A.K.: <u>Agenda en jaarverslag vir die elfde F.A.K.-kongres, 1952</u>.

7. Notule van die U.K., 6 Desember 1952; F.A.K.: <u>Agenda en jaarverslag vir die elfde F.A.K.-kongres, 1952</u>.

8. Notule van die U.K., 3 Maart 1954.

toegeskryf moes word aan die naoorlogse geesteklimaat wat die ganse naoorlogse wêreld laat vervlak het. Hierdie gees van vervlakking het tot gevolg gehad die kwynende bestaan van menige kultuurvereniging en het aanleiding gegee tot probleme wat administratief en organisatories van aard was[9]. Om hierdie toestand te help bekamp het die firma Rembrandt R2,000.00 geskenk. Dit het die F.A.K. in staat gestel om 'n organiserende sekretaris aan te stel wat skakelkomitees besoek, donateurlede werf en behulpsaam is met die organisasie en reorganisasie van kultuurwerk op plaaslike en nasionale vlak[10].

Hierdie poging tot kultuurvernuwing het 'n merkwaardige vermeerdering in die aantal geaffilieerde kultuurverenigings tot gevolg gehad[11]. Met verloop van tyd is dan ook 'n hele aantal organiserende sekretarisse in verskillende gebiede aangestel, wat 'n merkbare toename in belangstelling op kultuurgebied meegebring het.

Die F.A.K. het ook koördinerend opgetree ten opsigte van ander kultuuraktiwiteite wat deur verskillende kultuurliggame op nasionale vlak aangepak is. In hierdie verband kan slegs verwys word na die aandag wat aan die koördinasie van ontspanningsgeriewe vir die jeug geskenk is[12].

c. Regstreekse eksterne koördinasie van die werk van die F.A.K. met die van ander kultuurliggame.

Die F.A.K. het nie net sy aandag by die koördinering van die werk van sy geaffilieerde liggame bepaal nie, maar het ook aandag gegee aan die eksterne koördinasie van sy werk met die van ander nasionaal georganiseerde volksorganisasies en die liggame wat deur sy toedoen ontstaan het.

Gedurende 1941 het die F.A.K. saam met die Herenigde Nasionale Party

---

9. F.A.K.: Program vir die twaalfde tweejaarlikse kongres, 1954.

10. Notule van die A.N.K., 1 Oktober 1953; F.A.K.: Program vir die dertiende tweejaarlikse Kongres van die F.A.K., Bloemfontein, 1956.

11. Notule van die A.N.K., 5 Oktober 1957; Kyk ook Notule van die F.A.K.-kongres, 3 Oktober 1956, asook jaarverslae van die F.A.K. van 1955 en daarna.

12. Notule van die U.K., 19 Februarie 1957 en 1 Mei 1957.

en Ossewabrandwag tot die Eenheidskomitee toegetree. Die beginsel wat aan die toetrede van die F.A.K. tot hierdie Komitee ten grondslag gelê het, was dat daar 'n dringende behoefte aan die koördinering van Afrikaanse volksorganisasies bestaan het. As gevolg van 'n beswaar ingedien deur 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. oor die toetrede van die Federasie tot die Eenheidskomitee is besluit dat daar uit hierdie liggaam uitgetree sou word[13].

Aangesien 'n behoefte gevoel is aan die konsolidasie van die verskillende kultuurorganisasies wat deur die toedoen van die F.A.K. tot stand gekom het en wat onder die vleuels van die F.A.K. fungeer, is samesprekings gevoer met verteenwoordigers van die F.A.K., Rdb., die Ekonomiese Instituut en die Afrikaanse Handelsinstituut. Dit het tot gevolg gehad dat sekere organisatoriese en administratiewe reëlings getref moes word om die situasie te verbeter. Op hierdie wyse is nouer skakeling tussen die betrokke liggame tot stand gebring[14].

Na aanleiding van 'n konferensie gehou in 1950 met verteenwoordigers van jeugorganisasies en organisasies wat jeugwerk doen, is besluit dat daartoe oorgegaan moet word om 'n Instituut vir jeugorganisasies en jeugdiens as koördinerende liggaam in die lewe te roep, met die volgende opdrag[15]:

(1) Om 'n wakende oog te hou oor alle sake betreffende jeugorganisasies en jeugdiens en die inskakeling van die jeug daarin;

(2) om, waar nodig, voorligting te gee en die nodige optrede in belang van die jeug te organiseer;

---

13. Notule van die U.K., 11 April 1941 en 6 Oktober 1941; kyk ook in hierdie verband p.205 van hierdie verhandeling en Coetzee, dr. J.A.: <u>Ons reddingsdaad</u>, p. 15, 60.

14. Vgl. in hierdie verband: Notule van die U.K., 25 Junie 1952, 6 Desember 1952, 16 Februarie 1953, 6 Augustus 1953 en 3 Maart 1954; Notule van die F.A.K.-kongres, 1952 en F.A.K.: <u>Program vir die twaalfde tweejaarlikse kongres van die F.A.K.</u>, p. 23.

15. Notule van die U.K., 14 Augustus 1950. Kyk ook Notule van die konferensie met Jeugorganisasies en organisasies wat jeugwerk doen, Bloemfontein, 7 Oktober 1950.

(3) om die algemene Christelik-nasionale lewens-en wêreldbeskouing eie aan die Afrikanervolk voortdurend te propageer en te bevorder;

(4) om enige gelde wat die F.A.K. in belang van jeugwerk beskikbaar stel, namens die F.A.K. in te samel en die F.A.K. in die besteding daarvan behulpsaam te wees;

(5) om koördinering van belanghebbende organisasies en hulle werksaamhede ter bevordering van die oogmerke van sulke organisasies aan te moedig.

Die Instituut sou soos volg saamgestel word[16)]:

(a) Een verteenwoordiger van elk van die erkende nie-politieke vrywillige Afrikaner-jeugorganisasies en organisasies wat jeugwerk doen;

(b) twee verteenwoordigers van die F.A.K.;

(c) hoogstens agt persone, so verteenwoordigend moontlik, wat hulle reeds op die gebied van jeugwerk onderskei het en wat deur die F.A.K. benoem word.

Hierdie Instituut het slegs een vergadering gehou. In 1958 is daar deur die F.A.K. oorgegaan tot die instelling van 'n Jeugkomitee en die aanstelling van 'n voltydse jeugorganiseerder[17)].

Met die doel om nouer skakeling tussen die onderskeie kultuurliggame tot stand te bring het die A.T.K.V. in 1955 informele samesprekings belê tussen die F.A.K., die A.T.K.V., A.K.POL. en die A.T.K.B. Uit hierdie samesprekings het geblyk dat 'n tweede A.N.K. beoog is om nouer samewerking tussen die verskillende liggame teweeg te bring. Die F.A.K. het hierdie saak bespreek en tot die gevolgtrekking gekom dat indien die beoogde skakelliggaam tot stand kom, dit op die gebied van die F.A.K. en A.N.K. sou oortree. Die A.T.K.V. is verwittig dat die skakeling tussen die verskillende organisasies op 'n informele grondslag behoort te geskied, sodat daar nie aan die reeds bestaande federale liggaam afbreuk gedoen

---

16. Notule van die U.K., 14 Augustus 1950.

17. Notule van die U.K., 1 Oktober, 1958.

word nie[18].

Daar is ook met die oog op nouer skakeling tussen die nasionaal georganiseerde kultuurorganisasies 'n konferensie belê waarheen verteenwoordigers van die F.A.K., A.T.K.V., A.K.POL., die A.T.K.B. en die A.K.V.V. uitgenooi is[19].

Die Federale Vroueraad, wat as koördinerende instansie vir die groot vroue-organisasies in die land optree, is ook op 'n indirekte wyse by die koördinerende werk van die F.A.K. betrek. Daar is naamlik deur die F.A.K. besluit dat verteenwoordigers van die Federale Vroueraad van tyd tot tyd genooi sal word om die vergaderings van die Uitvoerende Komitee by te woon wanneer sake wat die vrou spesifiek raak, aandag geniet[20]. Hierdie besluit is onder meer geneem omdat daar 'n voorstel ingedien is dat die Uitvoerende Komitee 'n spesiale verteenwoordiger van vroueliggame in die Uitvoerende Komitee moet benoem.

d. <u>Regstreekse koördinasie met die oog op beleidsbepaling en gesamentlike optrede.</u>

Die regstreekse koördinasie van die werksaamhede van die verskillende kultuurverenigings, skakelkomitees en geaffilieerde liggame van die F.A.K. het in 'n groot mate tot stand gekom deur die gereelde tweejaarlikse kongresse van die F.A.K. waartydens sake van aktuele volksbelang behandel en bespreek is. Die betrokke liggame wat op die kongresse van die F.A.K. verteenwoordiging geniet, het die volste reg om enige aangeleentheid wat binne die bestek van die doelstellings van die F.A.K. val, by die kongres aanhangig te maak. Die F.A.K.-kongresse is van tyd tot tyd as volkskongresse oor belangrike volksake gehou[21].

So vind daar gedurende die bestaan van die F.A.K. onder meer die volgende belangrike volkskongresse plaas, waarop aandag geskenk is aan die formulering van beleid op verskillende terreine van die volkslewe, asook praktiese maatreëls ter verwesenliking van die gedagtes wat op die kongresse geopper word, bespreek is:

---

18. Ibid., 15 Augustus 1955.
19. Ibid., 17 Februarie 1950 en 18 Mei 1960.
20. Ibid., 4 Augustus 1961.
21. F.A.K.: <u>Silwerjubileumuitgawe</u>.

(1) Ekonomiese volkskongres, 1939;

(2) Volkskongres oor moedertaalonderwys, 1943;

(3) Volkskongres oor die rassebeleid van die Afrikaner, 1944;

(4) Volkskongres oor die Afrikaner se maatskaplike beleid, 1945;

(5) Volkskongres oor kultuuraangeleenthede, 1946;

(6) Silwerjubileumkongres, 1954;

(7) Volkskongres oor jeugsake, 1956;

(8) Volkskongres oor volksmusiek en -sang, 1957;

(9) Kongres met die tema: „Ons verantwoordelikheid teenoor die immigrant", 1958;

(10) F.A.K.-jeugkongres, 1962[22].

Al hierdie kongresse het belangrike besluite geneem ten opsigte van aktuele vraagstukke in die Afrikaanse kultuurlewe en het ook aanleiding gegee tot die ontstaan van allerlei institute en kommissies wat op 'n permanente grondslag die werk en die gedagtes van die kongresse kon voortsit[23]. So kom daar byvoorbeeld in 1963 die Jeugraad van die F.A.K. tot stand as 'n voortvloeisel van die F.A.K.-jeugkongres van 1962. In hierdie Raad is lede benoem op grond van hulle kennis van jeugaangeleenthede en hulle omgang met jeugwerksaamhede. Een van die hooftake wat aan die Raad opgedra is, is die koördinering van die werk van jeugorganisasies[24].

Die gereelde volkskongresse oor aktuele volksake het die aandag van die aanwesige instansies skerp toegespits op die noodsaaklikheid van gesamentlike optrede en het derhalwe ook daartoe meegewerk om die positiewe kultuuraksie van die onderskeie liggame te koördineer en te kanaliseer. Hierdie gesamentlike beraadslaging oor sake van gemeenskaplike belang het gelei tot die aanvaarding van 'n eenvormige beleid ten opsigte van die vraagstukke onder bespreking en het die samesnoering van kragte

---

22. Vgl. Notule van die betrokke kongresse asook jaarverslae van die F.A.K. vanaf 1929 tot 1962; Vgl. ook Notule van die U.K., 13 Oktober 1943, 13 November 1946, 1 Mei 1957, 20 November 1957, ensovoorts.

23. Vgl. die verskillende institute en kommissies genoem in hoofstuk IX van hierdie verhandeling.

24. Notule van die Dagbestuur van die U.K., 8 November 1962.

vir die bereiking van die doelstellings van die F.A.K. moontlik gemaak

2. <u>REGSTREEKSE KOÖRDINASIE OP PLAASLIKE VLAK.</u>

Regstreekse koördinasie op plaaslike vlak word deur die skakelkomitees en ook deur die kultuurverenigings tot stand gebring. Die hoof onderskeid tussen die werk van die skakelkomitees en die kultuurverenigings is daarin geleë dat die skakelkomitees aanvanklik gestig is met die hoofdoel om op plaaslike vlak die koördinasie van kultuuraktiwiteite tot stand te bring, terwyl die kultuurvereniging 'n uitvoerende liggaam is wat tot taak het die uitvoering van plaaslike kultuuraktiwiteite. Beide die skakelkomitees en die kultuurverenigings word in die praktyk as F.A.K.-takke beskou wat op plaaslike vlak die doelstellings en taak van die F.A.K. as federasie ten uitvoer bring.

a. <u>Skakelkomitees.</u>

Die F.A.K. het dit as een van sy eerste en voor die handliggende take gesien om op plaaslike vlak die regstreekse koördinasie van kultuurbedrywighede te bevorder. In die konstitusie van die F.A.K., soos opgestel deur die Uitvoerende Komitee in opdrag van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie van 1929, is voorsiening gemaak vir die instelling van vyf provinsiale skakelkomitees. Hierdie komitees is reeds op die 1929-konferensie gekies met die doel om die werk van die verskillende geaffilieerde kultuurliggame in die vier provinsies en Suidwes-Afrika te koördineer. Op die 1931-kultuurkongres word egter verslag gedoen dat hierdie provinsiale skakelkomitees nie doeltreffend funksioneer nie[25]. Derhalwe is besluit dat daar oorgegaan moet word tot die instelling van plaaslike koördinerende liggame wat tot taak het die koördinasie van die plaaslike kultuuraktiwiteite van die geaffilieerde liggame in die betrokke gebied.

Hoewel die provinsiale skakelkomitees reeds in 1931 deur plaaslike skakelkomitees vervang is, word 'n vaste beleid vir die werk van die skakelkomitees eers in 1945, met die aanvaarding van die konstitusie vir

25. F.A.K.: <u>Handhaaf- en-boureeks</u>, nr. 4; <u>Verslag van die F.A.K.-kultuurkongres</u>, Kaapstad, 1931.

skakelkomitees, neergelê[26]. In die fase van 1931 tot 1945 bestaan daar nog geen vaste basis waarop gewerk kan word nie. Die verskillende plaaslike skakelkomitees moes selfstandig bepaal op watter wyse hulle hulle taak van die koördinering van kultuuraktiwiteite van geaffilieerde liggame tot uitvoering sou bring.

Op die 1931-kongres is 'n belangrike bepaling aanvaar waardeur die werk van die plaaslike skakelkomitees op 'n vaster grondslag geplaas is. Daar is naamlik besluit dat die registrasie van alle skakelkomitees verpligtend gemaak word, sodat geen skakelkomitee erken sou word alvorens hy onder die konstitusie van die F.A.K. geregistreer is nie. Aan geregistreerde skakelkomitees is die reg verleen om te vermeld dat hulle ter plaatse die verteenwoordigers van die F.A.K. is[27].

In 1933 ontvang die F.A.K. 'n brief van die Skakelkomitee van Kaapstad waarin die gedagte uitgespreek word dat daar meer regstreekse raadpleging met skakelkomitees behoort te wees, alvorens volksaangeleenthede deur die F.A.K. aangepak word. Na aanleiding hiervan is besluit dat die belangrikste sake op die agenda van die Uitvoerende Bestuur voor 'n vergadering eers aan die skakelkomitees bekend gemaak moet word, sodat aanbevelings deur die skakelkomitees gedoen kan word[28].

In die fase voor 1934 is dit aan die skakelkomitees oorgelaat om vrywillig bydraes tot die sentrale kultuurfonds van die F.A.K. te doen uit die gelde wat op Kultuurdag ingesamel is. Tydens die F.A.K.-kongres van 1934 is besluit dat elke geaffilieerde liggaam daarna 'n vaste jaarlikse bydrae tot hierdie fonds moet lewer[29].

Ten einde onder meer duidelikheid te verkry oor die lidmaatskap en affiliasie by skakelkomitees is met 'n aantal skakelkomitees same-

---

26. Notule van 'n buitengewone F.A.K.-kongres, 5 Julie 1945; Notule van U.K., 8 September 1945.

27. F.A.K.: Program, F.A.K.-kultuurkongres, 1934, sekretariële en geldelike verslag, 1 Oktober 1931 - 30 September 1934. Kyk ook Notule van die F.A.K.-kongres, 19 en 20 Desember 1934.

28. Vgl. Notule van die U.K., 7 November 1933 en 3 Februarie 1934.

29. F.A.K.: Program vir die F.A.K.-kultuurkongres, 1934.

sprekings gevoer. By hierdie geleentheid is besluit dat daar by die Uitvoerende Komitee aanbeveel moet word om aan al die Afrikaanse nie-politieke liggame en vereniginge in hulle omgewing te vra om deur die skakelkomitee met die F.A.K. te affilieer[30].

(1) Doelstellings van skakelkomitees.

In die eerste konsepkonstitusie vir skakelkomitees, wat in 1945 deur die F.A.K. aanvaar is, word die volgende doelstellings vir die Skakelkomitees voorgehou[31]:

„(a) Om alle beskikbare Afrikaner kragte in die onmiddellike omgewing te koördineer met die oog op:

(i) Die beter plaaslike bevordering en behartiging van alle Afrikaanse belange op kultuurgebied, geestelik sowel as stoflik;

(ii) die plaaslike handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal.

(b) Die oorvleueling van terreine en funksies van plaaslike liggame en verenigings te voorkom.

(c) Om te dien as die plaaslike kanaal waardeur die F.A.K. sy werksaamhede meer doeltreffend kan organiseer."

(2) Lidmaatskap.

Enige nie-politieke Afrikaanse vereniging en liggaam wat die Grondwet en Statute van die F.A.K. kan onderskryf, mag as lid van die skakelkomitee aansluit.

(3) Samestelling.

Die skakelkomitee word uit een verteenwoordiger van elk van die samestellende liggame of verenigings saamgestel.

Die skakelkomitee tree in tweërlei opsig op, naamlik

(a) Koördinerend ten opsigte van plaaslike kultuuraktiwiteite en

---

30. Notule van die U.K., 1 Julie 1946.

31. Vgl. Konsepreglement vir skakelkomitees.

(b) as kanaal van die F.A.K.[32].

In hierdie verband is dan ook baie belangrike werk deur die plaaslike skakelkomitees gedoen. In 1946 is op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee aandag gegee aan die posisie van skakelkomitees en na aanleiding van hierdie bespreking is besluit dat[33]:

(i) plaaslike omstandighede moet aantoon wat die wenslikste is: 'n skakelkomitee of 'n kultuurvereniging;

(ii) die verdere stigting van skakelkomitees nie baie sterk aangemoedig moet word nie; wel dat direkte affiliasie met die F.A.K. sterk aanbeveel moet word;

(iii) ywerige skakelkomitees aangemoedig moet word;

(iv) van alle kultuurverenigings en skakelkomitees verwag word om minstens 50% van die opbrengste van funksies aan die F.A.K. te stuur.

'n Probleem wat met verloop van tyd opgeduik het, is dat skakelkomitees moeilik vanweë hulle samestelling, die breë volksmassas kon bereik en derhalwe in die uitvoering van hulle werksaamhede gestrem is. As gevolg hiervan is deur die F.A.K. aanbeveel dat skakelkomitees moet oorgaan tot die stigting van kultuurverenigings, wat sou dien as uitvoerende liggame wat bepaalde kultuurtake, deur die F.A.K. aan hulle opgedra, ten uitvoer sou bring[34].

In die praktyk het hierdie ontwikkeling meegebring dat die skakelkomitee hoofsaaklik ten doel het die daarstelling van 'n eenheidsband met betrekking tot die werksaamhede van die plaaslike gespesialiseerde kultuurliggame. Mettertyd het dit begin blyk dat die skakelkomitee se

---

32. F.A.K.: Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1954 tot 31 Maart 1955, p. 10.

33. Agenda vir die U.K.-vergadering, 5 Julie 1945; Notule van die U.K., 18 Februarie 1946.

34. F.A.K.: Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1954 tot 31 Maart 1955, p. 9.

taak geleidelik beperk is tot bloot die bepaling van datums vir onderskeie funksies en geleenthede om hierdeur oorvleueling en botsing te voorkom. In hierdie verband moet vermeld word dat die F.A.K. ten gunste was van die algemene kultuurvereniging waardeur die verskillende bevolkingslae gesamentlik by die uitvoering van kultuuraktiwiteite betrek word.

b. Kultuurverenigings.

Met die totstandkoming van die F.A.K. in 1929 het die groot verskeidenheid van liggame wat tot die federasie toegetree het in die algemeen as kultuurverenigings bekend gestaan, afgesien daarvan of die betrokke liggame toneel, debat, gesellige verkeer of enige ander doelstelling nagestreef het. Hierdie kultuurverenigings het 'n besonder belangrike funksie in die volkslewe vervul en het deur affiliasie by die F.A.K. ook hulle kragte vir die kultuurstryd saamgesnoer.

Nadat dit geblyk het dat die provinsiale skakelkomitees in die praktyk nie so suksesvol was as wat aanvanklik gemeen is nie, is daar, soos reeds genoem, oorgegaan tot die instelling van skakelkomitees vir groepe van kultuurverenigings.

Met die aanvaarding van die vaste basis vir die werksaamhede van die skakelkomitees is ook besluit dat daartoe oorgegaan moet word om op plaaslike grondslag spesifieke kultuurverenigings in die lewe te roep wat as uitvoerende liggame van die F.A.K. en selfstandig in die plaaslike samelewing diens sou doen.

(1) Doelstellings van die kultuurvereniging.

Die Kultuurvereniging het die volgende ten doel:

„(a) Die uitbouing van die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing;

(b) die bewuswording van die afsonderlike bestaan, taak en roeping van die Afrikaanse volk;

(c) die verspreiding van kennis van die Afrikaanse volksverlede en handhawing van ons volkstradisies en volksidentiteit;

(d) die handhawing van ons moedertaal en uitbouing daarvan tot algemeen aanvaarde omgangstaal van die samelewing

in al sy openbare vertakkinge;

(e) die opwekking van innige eerbied en waardering vir ons voortbrengsels op die gebied van die letterkunde, musiek, beeldhou- en skilderkuns;

(f) die aanbieding van ontspanning in die neem waarvan die lede hulself nie sal vernietig nie, maar wat bereken sal wees om hulle diepste behoeftes aan die Ware, die Skone en die goeie te stimuleer en te bevredig;

(g) die bevordering plaaslik van al die Afrikaner se stoflike en geestelike belange"[35].

(2) Lidmaatskap.

Lidmaatskap van 'n kultuurvereniging word beperk tot Afrikaanssprekendes, bo die ouderdom van 16 jaar wat die grondreëls van die vereniging onderskryf en onderneem om aktief by te dra tot die verwesenliking van sy doelstellings, met dien verstande dat na die stigtingsvergadering 'n persoon slegs 'n lid kan word op voorstel van 'n bestaande lid en na goedkeuring deur die bestuur[36].

Die plaaslike kultuurverenigings wat as takke van die F.A.K. fungeer het, het in 'n groot mate bygedra tot die bewusmaking van die Afrikaner van sy nasieskap en sy roeping in die Afrikaanse kultuurlewe.

c. Die verhouding van die skakelkomitees en kultuurverenigings tot die F.A.K. en tot mekaar.

Die verhouding waarin die skakelkomitees en kultuurverenigings tot die F.A.K. staan, is dieselfde as dié van 'n organisasie en sy takke. Die besluite geneem deur die Uitvoerende Komitee en die opdragte wat deur die Uitvoerende Komitee aan die skakelkomitees en kultuurverenigings gegee word, word deur middel van omsendbriewe aan die skakelkomitees en kultuurverenigings bekend gestel. Jaarverslae oor die werk van die skakelkomitees en kultuurverenigings word by die F.A.K. ingehandig. Die skakelkomitee het die reg om twee verteenwoor-

---

35. Grondwet van 'n kultuurvereniging, art. 3.

36. Ibid., art. 5.

digers na die F.A.K.-kongresse te stuur, terwyl die indiwiduele liggame en verenigings wat dit verlang op eie onkoste een verteenwoordiger na F.A.K.-kongresse mag stuur[37].

Wat die onderlinge verhouding tussen die plaaslike skakelkomitee en kultuurvereniging betref, is die taak van koördinasie aan die skakelkomitee opgedra, terwyl die skakelkomitee daartoe kan oorgaan om 'n kultuurvereniging te stig om die plaaslike kultuuraktiwiteite te behartig[38].

3. REGSTREEKSE KOÖRDINASIE OP STREEKSVLAK.

Hoewel die F.A.K. reeds vroeër aandag gegee het aan die moontlikheid van streekskultuurrade en streekskultuurkonferensies[39], kry hierdie gedagtes eers in 1962 werklik vorm. Daar het met verloop van tyd 'n al hoe sterker wordende behoefte ontstaan om F.A.K.-takke wat sou dien as plaaslike takke en verteenwoordigers van die F.A.K. en wat ten doel sou hê die uitvoering van die plaaslike werksaamhede van die F.A.K. in die lewe te roep[40]. Dit het egter geblyk dat, indien daar aan hierdie gedagte uitvoering gegee sou word, die federasie-ideaal skade sou ly. Hierdie gedagte het dan ook spoedig plek gemaak vir die gedagte van koördinasie van kultuurwerksaamhede op streeksvlak deur middel van gebiedskultuurrade. In 1963 gaan die F.A.K. daartoe oor om vir groepe skakelkomitees en kultuurverenigings gebiedskultuurrade in te stel, waardeur breër koördinasie van die werk van geaffilieerde liggame tot stand gebring word. Hierdie gebiedskultuurrade beslaan 'n veel groter geografiese terrein as die skakelkomitees en kultuurverenigings.

Met die instelling van die gebiedskultuurrade het die F.A.K. met betrekking tot die benadering van die koördinasievraagstuk 'n nuwe fase betree. Waar die skakelkomitees vantevore die wydvertakte kultuurwerksaamhede van die geaffilieerde liggame moes koördineer, het die gebieds-

---

37. Vgl. Konsepreglement vir skakelkomitees.

38. Ibid.

39. Notule van die U.K., 15 Februarie 1956 en 18 Februarie 1959.

40. Notule van die U.K., 7 Februarie 1962 en 25 Mei 1962.

kultuurrade tot taak die inisiëring van nuwe kultuuraksies deur middel van desentralisasie in kultuurselle waarin die indiwiduele lid die volle geleentheid gebied word om hom in 'n bepaalde belangstellingsrigting te verdiep[41].

a. <u>Doelstellings van die gebiedskultuurrade.</u>

Die doeleindes waarvoor 'n gebiedskultuurraad hom beywer, is die volgende[42]:

(1) om 'n onbreekbare samehorigheidsgevoel tussen Afrikaners in sy gebied te kweek;

(2) om die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. aangaande bepaalde kultuurbehoeftes, wat moontlik in sy gebied bestaan, in te lig en te adviseer;

(3) om volksfeeste òf op plaaslike òf op streeksgrondslag te organiseer en te bevorder;

(4) om in adviserende hoedanigheid toesig te hou en leiding te gee en desnoods gesamentlike optrede te beplan;

(5) om die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing uit te bou;

(6) om die Afrikaanse volk van sy afsonderlike bestaan, taak en roeping bewus te maak;

(7) om kennis van die Afrikaanse volksverlede en handhawing van die volkstradisies en volksidentiteit te versprei;

(8) om die moedertaal te handhaaf, te bevorder en uit te bou;

(9) om gesonde geestelike en fisieke ontspanning aan te bied;

(10) om innige eerbied en waardering vir die voortbrengsels op die gebied van die letterkunde, musiek, beeldhou- en skilderkuns op te wek deur leeskringe, studiekringe, musiekkringe, toneelverenigings, stokperdjieverenigings, Rapportryerskorpse ens. te stig en in stand te hou;

(11) om binne sy gebied al die Afrikaner se geestelike en stoflike belange te bevorder.

---

41. Redaksionele artikel in: <u>Handhaaf</u>, F.A.K.-nuusbrief; I, September, 1963.

42. Ibid.

Met die stigting van sodanige gebiedskultuurrade as doelwit is in verskillende sentra, op enkele uitsonderings na, met groot welslae gebiedskonferensies gehou. Die doel van hierdie konferensies was die bewerkstelliging van blywende skakeling en groter samehorigheidsgevoel tussen bepaalde gebiede[43]. In September 1963 was daar reeds 'n totaal van 45 sodanige gebiedskultuurrade gestig: 17 in die Kaapprovinsie, 13 in Transvaal, 7 in die Oranje-Vrystaat en 4 in Natal. Daar word verwag dat daar reeds vroeg in 1964, 65 sodanige rade reg deur die Republiek sal bestaan.

Vir die doeltreffende funksionering van die gebiedskultuurrade is daar deur die F.A.K. kultuurvoorligtingskursusse gereël en is advieskomitees in die lewe geroep wat ten doel het die advisering van plaaslike kultuurorganisasies in verband met hulle pogings om deur middel van subkomitees of onderafdelings lede te aktiveer deur voorsiening te maak vir bepaalde belangstellingsrigtings[44]. Die volgende advieskomitees is in die lewe geroep:

(a) Advieskomitee insake leeskringe;

(b) Advieskomitee insake toneelkringe;

(c) Advieskomitee insake musiekkringe;

(d) Advieskomitee insake kunskringe.

In verband met die advieskomitees vir verskillende stokperdjies is deur die Uitvoerende Komitee besluit dat die kultuurrade eers in die verband getoets sou word[45].

Omdat die instelling van hierdie rade 'n nuwere ontwikkeling in die werk van die F.A.K. is, het hulle in die tydperk van hulle bestaan nog nie geleentheid daartoe gehad om te toon op watter wyse hulle die regstreekse koördinasie van aktiwiteite binne hulle bepaalde streke sou kon bevorder nie. Die instelling van hierdie rade was egter in 'n groot

---

43. Notule van die U.K., 25 Mei 1963 en 14 Februarie 1963.

44. F.A.K.: Handhaaf; I, 1 en 2, September en Oktober 1963.

45. Notule van die U.K., 25 Mei 1963.

mate 'n poging van die kant van die F.A.K. om weer eens kultuuraksie te bevorder en 'n einde te maak aan die kultuurslapte wat in die Afrikaner se kultuurlewe te bespeur was. Volgens berigte in Handhaaf, die amptelike maandblad van die F.A.K., is hierdie nuwere ontwikkeling geslaagd en het die gebiedskultuurrade reeds daarin geslaag om kultuurliggame te aktiveer.

## 4. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

Waar daar in die vorige hoofstuk aandag gegee is aan onregstreekse koördinasie van sorgaktiwiteite by die F.A.K. soos dit vorm aanneem in sy pogings tot taal en kultuurhandhawing, word daar in hierdie hoofstuk breedvoeriger stilgestaan by die regstreekse koördinerende werksaamhede van die F.A.K. op nasionale, plaaslike en streeksvlak. Ten opsigte van die regstreekse koördinerende aktiwiteite van die F.A.K. kan die volgende samevattend gestel word:

a. Koördinasie op nasionale vlak was inbegrepe by die taak en funksies van die A.N.K. en die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. Hierdie beheerliggame van die F.A.K. het naas die F.A.K.-kongres die hoofverantwoordelikheid ten opsigte van die koördinasie van die sorgaktiwiteite van geaffilieerde liggame. Hierdie taak van regstreekse koördinasie vloei voort uit die samestelling van die F.A.K. as liggaam verteenwoordigend van die hele georganiseerde Afrikanerkultuurlewe en uit sy hoofdoelstelling om in een saamgesnoerde poging die Afrikaanse taal en kultuur te handhaaf.

In die pogings tot regstreekse koördinasie op nasionale vlak het die F.A.K. aandag gegee aan die volgende fasette van koördinasie, te wete:

(1) uitskakeling van oorvleueling;

(2) samesnoering van kragte vir aktivering op kultuurgebied;

(3) regstreekse eksterne koördinasie van sy werk met dié van ander kultuurliggame en

(4) koördinasie met die oog op beleidsbepaling en gesamentlike optrede.

Veral ten opsigte van laasgenoemde aspek van die koördinasievraagstuk het die gereelde tweejaarlikse F.A.K.-kongresse baie bygedra. Deur hierdie kongresse is die gedagtes van die geaffilieerde kultuurliggame oor bepaalde aktuele volksake saamgesnoer ten einde 'n eenheidsfront op kultuurgebied daar te stel en eendragtige optrede te verseker.

b. Op plaaslike vlak is die werk van die Federasie deur die skakelkomitees en kultuurverenigings voortgesit. Hulle het in die praktyk as F.A.K.-takke gefungeer. Die skakelkomitees het veral in die beginjare van die werk van die F.A.K. belangrike regstreekse koördinasie verrig deur die uiteenlopende plaaslike kultuurliggame in een gekonsolideerde verband saam te snoer met die oog op die uitvoering van gemeenskaplike doelstellings. Hoewel die skakelkomitees en kultuurverenigings naas mekaar bestaan het, het dit mettertyd duidelik geword dat die skakelkomitee nie doeltreffend kon fungeer as daar nie ook aan die uitvoering van bepaalde kultuuraktiwiteite aandag geskenk word nie. Derhalwe is daar veral in later jare klem gelê op die behoefte aan die plaaslike kultuurvereniging wat naas die skakelkomitee in uitvoerende hoedanigheid optree om die take wat die F.A.K. vir gemeenskaplike uitvoering aan die plaaslike liggame opdra, in die praktyk te verwesenlik. Ten spyte hiervan is die baie belangrike taak van die skakelkomitee ten opsigte van koördinasie van plaaslike kultuuraktiwiteite nie opgehef nie.

Deur die verteenwoordiging in die skakelkomitee het plaaslike liggame die reg om namens hulle spesifieke liggame sake te stel. Verder staan dit die plaaslik geaffilieerde liggame ook vry om verteenwoordigers na die F.A.K.-kongres te stuur en beskrywingspunte by hierdie kongresse in te dien. Daar bestaan dus in hierdie verband vir die verskillende kultuurliggame groot vryheid asook demokratiese verteenwoordiging en soewereiniteit oor eie werkterrein.

c. 'n Nuwe ontwikkeling in die regstreekse koördinasie van kultuurwerk, is die instelling van gebiedskultuurrade vir groepe van skakelkomitees en kultuurverenigings wat koördinasie op streeksvlak sowel as die uitvoering van bepaalde kultuurtake ten doel het. Dit is in hierdie stadium egter moeilik om die regstreekse koördinerende werk van die gebiedskultuurrade te beoordeel, aangesien hierdie ontwikkeling nog van resente datum is.

d. Die deurslaggewende faktor wat bepaal of 'n liggaam by die F.A.K. sal affilieer, is nie in sy eie konstitusie geleë nie maar in die feit dat hy die beginsels vervat in die Grondwet en Statute van die F.A.K. onderskryf. Dit beteken egter nie dat die F.A.K. bloot elke liggaam wat om affiliasie aansoek doen, as geaffilieerde organisasie aanvaar nie, maar dit beteken tog wel dat die F.A.K. geen skriftelike vereistes ten opsigte van die konstitusie van die betrokke liggaam stel nie en derhalwe ook nie in beginsel of in die praktyk met die huishoudelike sake van die geaffilieerde liggame inmeng nie.

Die saambindende faktor is hier dus juis die vrywillige aanvaarding en onderskrywing van 'n bepaalde uitgesproke lewens- en wêreldbeskouing. Uit die aard van die saak sal sodanige vrywillig aanvaarde eenheidsband 'n groter mate van koördinasie tot gevolg hê ten spyte van wyd uiteenlopende werkswyses. Die eenheidsband wat die werksaamhede van die onderskeie geaffilieerde liggame gerig en gelei het, was dus die algemeen aanvaarde beginsels vervat in die Grondwet en Statute van die F.A.K. Dit het 'n eenheid van strewe tot stand gebring, wat in 'n groot mate bygedra het tot die uiteindelike totstandkoming van 'n organies gekoördineerde aksie in die kultuurlewe van die Afrikaner. Die doelstellinge van die F.A.K., soos vervat in die Grondwet en Statute van die F.A.K., was in 'n sekere sin die beliggaming van die lewens- en wêreldbeskouing van dr. N.J. van der Merwe[46], die eerste voorsitter en die stukrag agter die

---

46. Vgl. sy artikel „Calvinisme en kultuur", t.a.p.

totstandkoming van die F.A.K.

e. As die koördinerende werk van die F.A.K. kortliks opgesom word, is dit duidelik dat aandag geskenk is aan geografiese, funksionele, interne en eksterne koördinasie. Ten spyte hiervan het geen oorkoepelende meganiese totalitêre koördinasievorm tot stand gekom wat aan die geaffilieerde liggame regstreeks as gevolg van so 'n vorm, beleid voorskryf nie. Selfs op 'n hoë vlak geskied koördinasie deur middel van samesprekings en leiding. Hierdie taak van die koördinasie van kultuuraktiwiteite is deur die F.A.K. nie slegs op organisatoriese gebied tot stand gebring nie; nee, die belangrikste koördinerende werk wat deur die F.A.K. as geheel en deur sy skakelkomitees, kultuurverenigings en gebiedskultuurrade gedoen is, is die eenheid van doel en strewe wat dit in die Afrikanergeledere bewerkstellig het. Dit het verseker dat daar trou oor die geestelike en materiële erfnisse van die voorgeslag wag gehou is en dat 'n bestendige kultuurpatroon en lewenswyse aan die nageslag oorgedra is.

f. In die verwesenliking van hierdie eiesoortige eenheidstrewe het die Calvinisties-nasionale lewensoortuiging van dr. N.J. van der Merwe 'n belangrike en deurslaggewende rol gespeel. Ten grondslag van die werk van die F.A.K. waarby ook ingesluit is die regstreekse en onregstreekse koördinasie van kultuuraktiwiteite, lê 'n bepaalde godsgedagte. Hierdie Godsgedagte of Godsbegrip het tot gevolg gehad 'n bepaalde oortuiging oor die taak van die Afrikaanse kultuurvereniging en het bepaalde karakteristieke historiese kultuurprodukte tot gevolg gehad waaronder die federasie as organiese koördinasievorm. In die koördinerende werk van die F.A.K. word daar dus 'n organiese koördinasievorm aangetref waarin die orde of „vrede" van die Ou-Testamentiese vredesgroet „sjaloom" gerealiseer word.

# HOOFSTUK XI.

## DIE ONTWIKKELING VAN STAATSMAATREËLS WAT BETREKKING HET OP DIE KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG.

Die ontwikkeling van staatsoptrede en staatsmaatreëls ten opsigte van die vraagstuk van koördinasie in Suid-Afrika kan in drie fases verdeel word, naamlik:

1. die tydperk 1910 - 1937;
2. die fase 1937 - 1947;
3. die periode na 1947.

In hierdie hoofstuk word slegs eersgenoemde twee fases behandel, terwyl die laasgenoemde tydvak in 'n latere hoofstuk breedvoeriger behandel word met besondere klem op die koördinerende werk van die Nasionale Welsynsraad.

### 1. DIE FASE 1910 TOT 1937.

#### a. Verslag van die „Transvaal Indigency Commission, 1906 - 1908".

Een van die belangrike gebeurtenisse voor die totstandkoming van Unie was die publikasie van die verslag van die „Transvaal Indigency Commission".[1)]

Hoewel hierdie verslag nie binne die genoemde fase val nie, het dit verreikende gevolge gehad op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse statutêre maatskaplike sorg. Dit het reeds die eerste kiem gesaai vir die aanvaarding van staatsoptrede ten opsigte van die koördinasie van maatskaplike sorg.

In hierdie verslag word nog sterk klem gelê op die belangrikheid van hulpverlening van die kant van vrywillige welsynsorganisasies. Daar word in hierdie verslag daarop gewys dat daar 'n groot mate van oorvleueling asook onoordeelkundige hulpverlening voorkom. Die noodsaaklikheid van die sentralisasie en koördinasie van hulpverlening word benadruk. Verder word aanbeveel dat, met die hulp van die regering,

---

1. Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906 - 1908.

'n sentrale organisasie gevorm moet word wat in staat sal wees om 'n mate van koördinasie in die werk van die verskillende liefdadigheidsorganisasies tot stand te bring. Daar is veral op gewys dat so 'n sentrale organisasie, waarin onder meer staatsamptenare moet dien en wat sy finansies van die publiek, regering en deur middel van affiliasiegelde moet kry, aan die Witwatersrand dringend nodig is[2]. Hier is dus reeds tekens van die eerste neiging in die rigting van semistaatsoptrede ten opsigte van koördinasie.

b. Die Zuid-Afrikawet van 1909.

Met die totstandkoming van die Unie in 1910 word die Zuid-Afrikawet van 1909[3] gepromulgeer. In hierdie wet word daar slegs indirek na maatskaplike welsyn verwys. Die Wet dra die oprigting, onderhoud en beheer van hospitale, liefdadigheidsinrigtings, munisipale inrigtings, afdelingsrade en ander plaaslike inrigtings van 'n soortgelyke aard aan die provinsiale administrasies op.

c. Ordonnansie nr. 4 van 1919 (Kaap).

Die eerste optrede van die kant van provinsiale owerhede in die rigting van die koördinasie en registrasie van liefdadigheidsverenigings kom gedurende 1919 in die Kaap tot stand, naamlik Ordonnansie nommer 4 van 1919[4].

Die ordonnansie is in 1924 en 1933 deur onderskeidelik Ordonnansie nr. 5 van 1924 en nr. 5 van 1933 gewysig[5].

Die doel van die ordonnansie is om die metode van die verspreiding van armesorg te reguleer en te bepaal en om voorsiening te maak vir die ondersteuning, onderhoud en kontrole van geregistreerde liefdadigheidsinstellinge en -verenigings. Die ordonnansie bestaan uit drie dele,

2. Ibid., pp. 113, 159, 161, 163 en 164.

3. Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, Unie van S.A.: Hersiene wette van die Unie van S.A., deel I, 1910-1912; Pretoria, Staatsdrukker, s.j.

4. Kaap, provinsie van: Juta's revised Cape ordinances, 1911-1947, ordinances of the province of the Cape of Good Hope; Cape Town, Juta and Co., 1948; vol. 1, 1911-1921, p. 390; Report of the select committee on the subject of the welfare organizations bill, p. 1.

5. Kaap, provinsie van: Juta's revised Cape ordinances, 1911-1947, pp. 633, 844.

naamlik:

(1) armesorg,

(2) geregistreerde plaaslike en provinsiale liefdadigheidsinstellinge en -verenigings,

(3) algemeen[6].

Die afdeling van die ordonnansie wat oor „armesorg" handel, maak voorsiening vir drie tipes armesorg, te wete:

(a) gewone armesorg,

(b) addisionele armesorg,

(c) spesiale armesorg.

Onder hierdie laasgenoemde afdeling word daar voorsiening gemaak dat die Administrateur, deur 'n spesiale kennisgewing, die bepalinge van hierdie afdeling van die ordonnansie van krag kan maak sodat in noodsituasies spesiale hulp verleen kan word. Die burgemeester van die betrokke gebied moet dan 'n sogenaamde „Board of relief" instel, wat 'n beroep om geld op die publiek mag doen en hierdeur 'n noodlenigingsfonds in die lewe mag roep[7].

Met hierdie voorsiening word in Kaapland die registrasie van geldinsameling op 'n statutêre basis geplaas.

Die tweede gedeelte van die ordonnansie maak voorsiening vir die registrasie van plaaslike en provinsiale liefdadigheidsinstellings en -verenigings. Aansoeke om registrasie moet by die Administrateur ingedien word. Die registrasie van sodanige verenigings bring sekere voorwaardes en verpligtinge mee, naamlik die benoeming van 'n verteenwoordiger van die plaaslike owerheid en die administrasie in die bestuur, ouditering van die vereniging se boeke deur 'n persoon aangestel deur die provinsiale administrasie, inspeksie van geboue deur amptenare van die administrasie en goedkeuring van die begrotings deur die administrasie. Subsidie word dan betaal op grond van die gegewens wat so verkry word[8].

---

6. Ibid., p. 390; Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 22, 1941, p. 165.

7. Kaap, provinsie van: Juta's Revised Cape ordinances, 1911-1947, p. 391, 392, 395.

8. Ibid., pp. 390, 392, 393; Union of S.A.: House of Assembly, Debates, vol. 60,61, kolom 1874.

Die basis waarop subsidie aan geregistreerde instellinge toegeken word is 'n £1-vir-£1-basis. Subsidie word slegs betaal nadat die boeke geouditeer is.

Die onderskeidende kenmerk van die verlening van armesorg en die subsidiëring van geregistreerde inrigtings en verenigings in die Kaapprovinsie is die feit dat die plaaslike owerhede, wanneer bystand aan behoeftiges verleen is, 25 persent van die uitgawe van die sentrale regering terug ontvang, asook die feit dat plaaslike owerhede sekere verpligtings het ten opsigte van subsidie aan plaaslik geregistreerde liefdadigheidsinstellinge[9].

Met die oorname van sekere funksies van die provinsiale owerhede deur die sentrale regering was die ou reëling ooreenkomstig Ordonnansie 4 van 1919 nog van toepassing[10].

Met die oog op die feit dat die Departement van Volkswelsyn later algehele verantwoordelikheid vir hulpverlening aan behoeftige persone aanvaar het, het plaaslike owerhede in Kaapland versoek om van hierdie verpligting onthef te word. Sedert 1 Januarie 1950 is plaaslike owerhede in die Kaapprovinsie kragtens artikels 7 en 8 van die Finansieswet nr. 36 van 1950 van die betaling van subsidie onthef[11].

d. <u>Die liefdadige instellings-kontroleordonnansie nr. 5 van 1926 van die Transvaal.</u>

Hierdie ordonnansie is op 23 April 1926 goedgekeur en het op 19 Mei 1926 in werking getree. Die doel van die ordonnansie was om voorsiening te maak vir die registrasie en kontrole van liefdadigheidsinstellings. 'n <u>Liefdadigheidsinstelling</u> beteken in hierdie ordonnansie enige instelling of organisasie wat bydraes in geld of goedere verkry uit bronne anders as die Unieregering of provinsiale administrasie en sodanige bydraes geheel of gedeeltelik aanwend vir die uitdeling van

---

9. <u>Offisiële jaarboek van die Unie van S.A.</u>, nr. 22, 1941, p. 165; vgl. ook Kaap, provinsie van: <u>Juta's revised Cape ordinances, 1911-1947</u>, p. 395.

10. Oorname van hierdie funksies het geskied kragtens Wet nr. 27 van 1940 - vgl. <u>Offisiële jaarboek van die Unie</u>, nr. 22, 1941, p. 165.

11. Unie van S.A.: <u>Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1949-1951</u>, (U.G. 69-'51), Pretoria, Staatsdrukker, 1951; p. 10.

liefdegawe of aalmoese of ander vorms van bystand in geld of goedere[12].

In hierdie ordonnansie word vir die eerste keer voorsiening gemaak vir die registrasie van liefdadigheidsinstellinge in Transvaal. Vanaf die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie was dit onwettig vir enige iemand of enige organisasie om geld vir liefdadigheidsdoelstellings in te samel sonder dat hulle in besit is van 'n registrasiesertifikaat uitgereik kragtens hierdie ordonnansie.

Die ordonnansie maak onder meer voorsiening vir die intrekking van 'n sertifikaat van registrasie; vrystelling van die bepalinge van die ordonnansie; strafbepalings vir oortreding en regulasies vir die toepassing van die ordonnansie. Wanneer om registrasie aansoek gedoen word, moet die volgende gegewens verskaf word naamlik:

(1) Die reëling vir die beheer van die organisasie moet deeglik omskryf word.

(2) Daar moet uiteengesit word of die insamelaars van geld dit teen besoldiging doen.

(3) Verdere informasie soos deur die administrateur verlang[13].

Hierdie ordonnansie, wat aan die administrateur die bevoegdheid verleen om beheer oor die bedrywighede van liefdadigheidsinstellings uit te oefen, beperk die beheer bykans uitsluitend tot die finansies, boekhoumetodes en geldinsameling.

Die beheer word uitgeoefen deur liefdadigheidsrade, wat ingevolge die ordonnansie statutêre liggame is en waarvan daar een in Johannesburg en een in Pretoria tot stand gebring is. Die hoofdoel van die rade is die koördinering van die werksaamhede van organisasies in die betrokke gebiede[14].

---

12. Transvaal, provinsie van: Ordinances of the province of Transvaal, 1920; Pretoria, Staatsdrukker, 1921; p. 7; vgl. ook Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 18; Du Plessis: Samewerking tussen organisasies, p. 7.

13. Transvaal, provinsie van: Ordinances of the Province of Transvaal, 1920, p. 8; Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 22, 1941, p. 166.

gebiede[14].

Die Johannesburg Liefdadigheidsraad het die volgende tot taak gehad:

(a) Die beheer en aansporing van alle filantropiese werksaamhede in die stad;

(b) aanmoediging van samewerking en die koördinasie van aktiwiteite ten einde oorvleueling te voorkom;

(c) die bestryding van bedelary en die onderlinge wisseling van inligting;

(d) advisering van die administrateur ten opsigte van die toepassing van die ordonnansie en die toekenning van subsidie aan liefdadigheidsorganisasies;

(e) die registrasie van liefdadigheidsinstellinge;

(f) die verskaffing van inligting aan en inspeksie van geboue van welsynsorganisasies;

(g) die uitreiking en intrekking van sertifikate vir geldinsameling.

Een van die Raad se belangrikste werksaamhede was die instelling van 'n volkswelsynbeurs waar aantekening gehou word van alle persone wat hulp ontvang. Hierdie diens bring ook die verskillende organisasies met mekaar in aanraking wanneer daar meer as een organisasie aan iemand hulp verleen. Daardeur word samewerking bevorder[15].

Daar is ook deur die Johannesburgse Liefdadigheidsraad 'n volkswelsynkomitee in die lewe geroep, bestaande uit twee verteenwoordigers van elke liefdadigheidsinrigting wat ingevolge die ordonnansie geregis-

---

14. Vgl. du Plessis: Samewerking tussen organisasies, p. 7; Unie van S.A.: Verslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1939; p. 18; Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 21, 1940, en nr. 22, 1941, p.203. Carnegieverslag: Die armblankevraagstuk, dl. V, p. 140; Unie van S.A.: Verslag van die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 21; Union of S.A.: House of assembly, debates, vol. 60, 1947; Departement van Volkswelsyn: 'n Aanskoulike oorsig van welsynsdienste in die Unie, 1946; Pretoria, Staatsdrukker, 1946, p. 10.

15. Vgl. Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 18, 1937, p. 19; Carnegieverslag: Die armblankevraagstuk, dl. V, p. 140; Unie van S.A.: Verslag van die nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 23.

treer is. Hierdie komitee is in 1933 ingestel, en sy werksaamhede en pligte is om die Raad van advies te dien ten opsigte van bestaande liefdadigheidsinrigtings en vir die uitbreiding van hulle arbeidsveld[16].

e. Die Oranje-Vrystaat.

In die Oranje-Vrystaat word geen spesiale ordonnansie vir die reëling van die koördinasie van die werk van liefdadigheidsinstellinge aangetref nie, hoewel die beheer oor liefdadigheidsinstellinge ingevolge die Zuid-Afrika Wet, 1909, ook die taak van die provinsiale administrasie was[17].

f. Die ordonnansie op liefdadigheidsorganisasies nr. 8 van 1932.

Hierdie ordonnansie is in 1932 in Natal uitgevaardig om daar die registrasie en beheer van liefdadigheidsorganisasies moontlik te maak. In hierdie ordonnansie word 'n „liefdadigheidsorganisasie" omskryf as enige inrigting of organisasie wat bydraes in geld of goedere elders as van die Unieregering of die provinsiale administrasie ontvang of aanvra en wat sodanige bydraes geheel of gedeeltelik aanwend vir uitdeling van liefdegawes, aalmoese of ander vorme van ondersteuning in geld of goedere[18].

Dit sou, na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie, onwettig wees vir 'n liefdadigheidsorganisasie om te bestaan, tensy die bestuur van die organisasie in besit van 'n registrasiesertifikaat was.

In die aansoek om registrasie moes dieselfde inligting verstrek word as in die geval van die Transvaalse ordonnansie, naamlik:

(1) die deeglike omskrywing van die reëlings en beheer van die organisasie;

(2) die uiteensetting of insamelaars van geld dit doen

16. Vgl. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 20, 1939, p. 204, en nr. 21, 1940, p. 204.

17. Vgl. Unie van S.A.: Hersiene wette van die Unie van S.A., dl. I, 1910-1912, p. 31; vgl. ook Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 25 van 1949, p. 200.

18. Natal, provinsie van: Ordonnansies van die provinsie Natal, 1932; (N.P. 5-1932); Pietermaritzburg, The Natal Press, p. 23.

teen besoldiging of nie en

(3) alle verdere inligting wat die administrateur mag verlang.

Die ordonnansie[19] maak verder ook voorsiening vir skuldigbevinding by oortreding van die ordonnansie, die uitreiking van 'n registrasiesertifikaat en die vrystelling van die bepalings van die ordonnansie. Regulasies wat kragtens die ordonnansie uitgevaardig kan word, kan onder meer vir die volgende voorsiening maak met betrekking tot die vraagstuk van koördinasie:

> „(e) vir samewerking in mensliewende en liefdadigheidsondernemings en openbare hulpverlening en vir die koördinasie van die werksaamhede van liefdadigheidsorganisasies en vir die uitwisseling van gegewens tussen sodanige organisasies en die metodes wat aangewend moet word tot bestryding van bedelary;
>
> „(f) vir die instelling van adviserende rade of bestuursrade met betrekking tot liefdadigheidsinstellinge en die vasstelling van hulle funksies, bevoegdhede en pligte".

Die bepalings van hierdie ordonnansie is dus in hooftrekke identies aan die van die ordonnansie in Transvaal. Die Wet op Welsynsorganisasies no. 40 van 1947, wat die Transvaalse ordonnansie herroep het, is eers vanaf 1 April 1950 op Natal van toepassing gemaak[20].

g. <u>Die afdeling sosiale navorsing van die Nasionale buro vir opvoedkundige navorsing.</u>

'n Volgende belangrike gebeurtenis in die ontwikkeling van koördinasie van maatskaplike sorg van staatsweë is die byvoeging van 'n nuwe afdeling tot die Nasionale Buro vir Opvoedkundige Navorsing van die Unie-Onderwysdepartement van 1933. Die nuwe afdeling het bekend gestaan as die Afdeling vir Sosiale Navorsing. Die Buro sou voortaan bekend staan as die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Sosiale Navorsing[21].

---

19. Natal, provinsie van: <u>Ordonnansies van die provinsie Natal</u>, 1932, p. 23.

20. Unie van S.A.: <u>Wet op Welsynsorganisasies</u>, 1947, p. 35. In 1940 word die beheer van welsynsdienste van die provinsies na die sentrale regering oorgedra, en die toepassing van die Transvaalse en Kaapse ordonnansie val daarna onder die Departement van Volkswelsyn. Die provinsie Natal was nie by hierdie reëling ingesluit nie. Kyk Union of S.A.: <u>House of Assembly, Debates</u>, vol. 60, 61, 1947.

21. Unie van S.A.: <u>Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement vir die kalenderjare 1933 en 1934</u>, (U.G. 46-'35); Pretoria, Staatsdrukker, 1935; p. 5; <u>Offisiële jaarboek van die Unie van S.A.</u>, nr. 16, 1933-34.

Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige Navorsing, ook bekend as die Nasionale Onderwysburo, het in Julie 1929 onder die Departement van Onderwys tot stand gekom[22].

Die Navorsingstoelaeraad wat in 1918 tot stand gekom het, die voorloper van die Nasionale Onderwysburo, was reeds behulpsaam met die Carnegie-ondersoek na die armblankevraagstuk[23].

Die funksies van die Buro was die volgende:

(1) Dit sou dien as die sentrale kantoor vir die verspreiding van inligting in verband met opvoedkundige en maatskaplike werk oor die hele land.

(2) Die Buro het, benewens onderlinge skakeling tussen liggame belas met opvoedkundige en maatskaplike werk, tot taak gehad skakeling met die verskillende ontwikkelinge op hierdie terreine in ander lande vir sover dit vir Suid-Afrikaanse probleme belangrik is. In hierdie kapasiteit het die Buro ook opgetree as Suid-Afrika se verteenwoordiger in die Komitee vir Intellektuele Koöperasie van die Volkebond en die Internasionale Onderwyskantoor te Genève.

(3) Die Buro moes verder navorsingswerk uitvoer in verband met vraagstukke van opvoedkundige en maatskaplike aard.

(4) Dit sou ook optree as diensburo vir die staat en ander organisasies.

(5) Hoewel die Buro geen administratiewe koördinasie ten doel gehad het nie, het dit nogtans koördinasie bevorder deur middel van informele raadpleging en konferensies tussen indiwidue en organisasies met soortgelyke funksies[24].

---

22. Unie van S.A.: Jaarrapport van die Departement van Onderwys, 1928; (U.G. 51-'29), Pretoria, Staatsdrukker, 1928; p. 87.

23. Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 10, 1927-28, p. 182. Dit is van meer as bloot toevallige belang dat die Navorsingstoelaeraad dit as sy taak gesien het om die gedagtes van die Volkerebond deur middel van brosjures en toelaes vir die publikasie van brosjures onder skoolgaande kinders te versprei. Vgl. in die verband Unie van S.A.: Jaarrapport van die Departement van Onderwys, 1928, p. 87.

24. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 16, 1933 34; vgl. ook Unie van S.A.: Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement vir die jaar geeindig 1930; (U.G. 36-'31), Pretoria, Staatsdrukker, 1932 p. 28 e.v.

Uit die verslae van die Unie-Onderwysdepartement blyk dit dat daar ook in die werk van hierdie Departement hernieude klem gelê word op die sosiale aanpassing van die individu as doelstelling sowel in opvoedkundige as in maatskaplike werk asook dat daar 'n intensiewe belangstelling in die vraagstuk van sosiaal-opvoedkundige koördinasie gekom het[25]. Gedurende hierdie tydperk ressorteer maatskaplike aktiwiteite asook die proefdienste onder die Kinderbeskermingswet van 1913 onder die Unie-Onderwysdepartement.

Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing het in sy strewe na die koördinering van sorgaktiwiteite op opvoedkundige en maatskaplike gebied die nasionale konferensie oor maatskaplike werk van 1936 georganiseer. Die byvoeging van hierdie afdeling by die Buro asook die inlywing van volkswelsyn as afsonderlike afdeling onder die Departement van Arbeid word allerweë as twee vername gebeurtenisse in die geskiedenis van die koördinasie van aktiwiteite van staatsweë bestempel[26]

Die rede waarom die afdeling Maatskaplike Navorsing in die lewe geroep is, is:

( a ) om navorsing te onderneem,

( b ) om koördinasie van aktiwiteite te bevorder en

( c ) om 'n inligtingsdiens te verskaf.

Die doelstellinge van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing word kortliks soos volg saamgevat:

(i) Die Afdeling vir Maatskaplike Navorsing sal met die oog op die ne[illegible] van 'n praktiese beleid vir die toekoms ondersoek instel na die aard van maatskaplike probleme en die middele om dit te bekamp.

---

25. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1933 en 1934, p. 7.

26. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Nasionale Konferensie oor maatskaplike werk, 1936, p. 5; Unie van S.A.: Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1933/4, p. 8.

Hierdie werk kan op eie inisiatief of op versoek in samewerking met universiteite en indiwiduele navorsers onderneem word. Dit sluit statistiese opnames in.

(ii) Verder sal die Buro 'n register van sowel nasionale as internasionale organisasies op die gebied van maatskaplike welsyn saamstel. Hierdie register sal alfabeties en volgens register ingedeel werd.

(iii) Die Buro sal 'n doeltreffende biblioteek van werke oor sosiale aangeleenthede saamstel.

(iv) Die Buro sal dien as skakel tussen internasionale en Suid-Afrikaanse liggame vir maatskaplike welsyn en sal ook hulp aan verskillende staatsdepartemente aanbied. Verder sal die Buro as bemiddelaar tussen die regering en privaat liggame optree om die gladde verloop van sake te verseker wanneer dit sou gaan om finansiële steun, om beleid of om wetgewing[27].

Hoewel die Buro in besit was van die adresse van oor 900 verskillende welsynsorganisasies, het dit blykbaar die registrasie van organisasies nie op 'n statutêre basis onderneem nie maar bloot in 'n sekretariële en administratiewe hoedanigheid opgetree ten opsigte van vraagstukke van navorsing, koördinasie en inligting.

Gedurende die loop van die vyf jaar waarin die Buro veral met hierdie drieërlei werksaamheid gemoeid was, het dit op die volgende wyses uitdrukking gegee aan die doeleindes waarvoor dit in die lewe geroep is:

i Die Buro het 'n omvattende register van maatskaplike welsynsorganisasies opgestel.

---

27. Vgl. ibid., p. 13.

ii Dit het gedien as sekretariaat vir interdepartementele komitees wat ondersoek na sekere maatskaplike vraagstukke ingestel het.

iii Dit het hulp verleen by die instelling van 'n raad vir maatskaplike organisasies te Bloemfontein.

iv Die Buro het 'n vername aandeel gehad in die advisering van die Departement ten opsigte van die herorganisasie van sy proefbeamptediens asook van die formulering van die Kinderwet.

v Dit het ook opgetree as sekretariaat vir die Komitee insake armsorg- en liefdadigheidsorganisasies wat ondersoek ingestel het na die onderlinge verhouding tussen die armesorgfunksies van die Unieregering en die van die vier provinsies met die doel om beter koördinasie teweeg te bring[28].

Dit was asof die tendens tot en belangstelling in koördinasie omstreeks 1935 'n hoogtepunt bereik het. Hiertoe het die Buro ook 'n aktiewe deel bygedra[29].

Met die geleidelike ontwikkeling en ontplooiing van die werksaamhede van die gekombineerde Departement van Arbeid en Volkswelsyn ontstaan 'n mate van oorvleueling tussen die werksaamhede van hierdie Departement en die Buro. As 'n oplossing word

---

28. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, pp. 14, 25; 1935, p. 19.

29. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1935 (U.G. 55-'36); Pretoria, Staatsdrukker, 1936.

gesien die stigting van 'n afsonderlike, selfstandige Departement van Volkswelsyn. Met die oorplasing van die navorsingsbeampte van die Afdeling Maatskaplike Navorsing na die nuut gestigte Departement Volkswelsyn in 1937 het die werk van hierdie afdeling tot stilstand gekom en is besluit om in die toekoms meer langtermynnavorsingsprojekte aan te pak en die beplanning vir kort termyne aan die nuwe Departement oor te laat[30].

h. Die kerk-staat-groepareaplan.

'n Ander belangrike ontwikkeling op die gebied van die toetrede van die staat tot die koördinasie van maatskaplike sorg was die totstandkoming van die kerk-staat-groepareaplan[31].

Na aanleiding van die feit dat die Carnegiekommissie daarop gewys het dat daar 'n groot gebrek aan koördinasie tussen die werk van die verskillende liefdadigheidsinrigtings bestaan, het verteenwoordigers van die N.G. Kerk gedurende Mei 1930 'n onderhoud met verskeie ministers gehad ten einde 'n skema van samewerking tussen kerk en staat te formuleer. Benewens die feit dat daar swak koördinasie van werksaamhede tussen liefdadigheidsinrigtinge bestaan het, was daar ook 'n gebrek aan die duidelike skeiding van funksies tussen die onderskeie staatsdepartemente[32].

Die aanbeveling van die Carnegieverslag was dat plaaslike komitees gestig moes word wat nouer met die reeds bestaande liefdadig-

---

30. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1936, (U.G. 57-'37); Pretoria, Staatsdrukker, 1937; p. 6; idem.: 1938 (U.G. 59-'39 ); p. 57.

31. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 42.

32. Ibid., p. 42; Botha: Die maatskaplike sorg, p. 195; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 305. Beide laasgenoemde twee skrywers gee die datum as 1931 aan.

heidsinrigtings van die N.G. Kerk sou saamwerk.

Die kerkrade van die N.G. Kerk wat reeds as liefdadigheidskomitees gefunksioneer het, sou ook in die toekoms in die nuwe kerk-staatskema dien om die maatskaplike nood te lenig. In 1934 is daar toe oorgegaan tot die instelling van 13 kringe met elkeen 'n plaaslike „Armesorgkomitee"[33].

Die komitees was saamgestel uit vyf verteenwoordigers van die kerk, twee van die staat en later ook twee van die Federale Vroueraad. Die uitgawes verbonde aan die werksaamhede van die komitees sou een vyfde deur die kerk en vier vyfdes deur die staat gedra word, met dien verstande dat die vroueliggame twee vyf-en-twintigstes van die administratiewe koste sou dra. Die instelling van hierdie komitees was onderworpe aan 'n proeftydperk van een jaar. Na verloop van die proeftydperk het dit geblyk dat daar nie besondere tevredenheid met die skema was nie, en derhalwe is besluit om die gebiede waarin die komitees optree, opnuut in te deel en hulle naam na maatskaplike welsynskomitees te verander[34].

Die oorspronklike funksies van die komitees het onder meer die koördinering van alle liefdadigheidswerksaamhede ingehou.

Na 'n konferensie van verteenwoordigers van die kerk en die staat in September 1935 is nie slegs 'n wysiging van die naam van die komitees aanbeveel nie maar ook die verandering van die naam en status van die sekretarisse van die komitees tot „welsynsbeamptes" wat as voltydse departementele beamptes sou diens doen"[35].

---

33. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, pp. 42, 44; Zeeman: Die armesorgwerk, pp. 282, 283; Botha: Die maatskaplike sorg, p. 195.

34. Hierdie naamverandering is ook onder meer simptomaties van die verskuiwing wat ook in Suid-Afrika, mede onder druk van die staat, plaasgevind het van die karitatiewe na die sosiologiese prinsipe in die maatskaplike sorg. Vgl. verder Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 44; kyk ook in verband met hierdie verskuiwing, p. 121 van hierdie verhandeling.

35. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39, p. 44; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 305.

Gedurende 1937 het verdere samesprekings tussen verteenwoordigers van kerk en staat plaasgevind met die doel om 'n skema te ontwerp met betrekking tot die aanstelling van maatskaplike werkers en die staat-subsidie. 'n Nuwe basis van bydraes is beplan waar die staat vir drie kwart en die kerk vir een kwart van die onkoste verantwoordelik is[36].

Met die oordrag van alle werk in verband met werkloosheid na die landdroste het die hulpkomitees van die plaaslike welsynskomitees verval. Na die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn is die funksies van die maatskaplike welsynskomitees na die staat oorgedra en het die kerk-staat-skema verval (1939).

2. DIE FASE 1937 TOT 1947.

Uit die voorafgaande historiese oorsig blyk dit dat daar in die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorg 'n tendens tot toenemende staatsoptrede en staatsbemoeienis te bespeur is. Veral van 1930 af kristalliseer hierdie tendens al hoe duideliker uit. Gepaard met die nuwere beskouinge oor die staatstaak, wat geleidelik die weg baan vir die totstandkoming van 'n afsonderlike, selfstandige Departement van Volkswelsyn, gaan 'n intense bemoeienis met die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorg[37].

a. Die ontstaan van die Departement van Volkswelsyn.

Hierdie tendens tot gekoördineerde samesnoering van kragte in teenstelling met onafhanklike indiwiduele optrede vind sy kulminasie in die totstandkoming van 'n afsonderlike Departement van Volkswelsyn in 1937[38].

---

36. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 45.

37. Wagner en Theron: Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging, p. 119; Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 29; Unie van S.A.: Verslag van die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944 p. 20.

38. Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 29. Unie van S.A.: Verslag van die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 21.

Ander faktore wat direk aanleiding hiertoe gegee het, was onder meer die volgende:

(1) Die destyds heersende depressie en die chaotiese ekonomiese gevolge wat dit gehad het, onder andere die armblankevraagstuk, het grootskaalse noodleniging meegebring, wat in baie gevalle onoordeelkundige en botsende vorme van sorg tot gevolg gehad het[39].

(2) Die Carnegieverslag met sy aanbeveling dat 'n afsonderlike staatsdepartement vir welsynsaangeleenthede in die lewe geroep moes word, het verreikende gevolge gehad, deurdat dit 'n regstreekse aanleidende oorsaak was tot die totstandkoming van die afdeling Volkswelsyn, wat sedert 1935 by die Departement van Arbeid ingelyf was[40].

(3) Die belangrikste uitvloeisel van die Carnegieverslag was die Volkskongres wat in 1934 gehou is en waar daar aangedring is op die skepping van sodanige departement wat alle welsynswerksaamhede in een staatsdepartement sou koördineer[41].

(4) In 1936 vind die nasionale konferensie oor maatskaplike werk plaas. By hierdie geleentheid word die gedagte van staatskoördinasie van welsynsbedrywighede onder andere deur generaal J.C. Smuts bepleit, mede onder invloed van sy vitalistiese lewensbeskouing[42].

(5) Die mislukking van die kerk-staat-skema en die grondslag

---

39. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 3; 1937-1949, p. 29.

40. Ibid., p. 18.

41. Ibid., p. 2; Unie van S.A.: Jaarverslag van die departement van Volkswelsyn, 1952-1959; (U.G. 57-1959); Pretoria, Staatsdrukker, 1960; p. 1; Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 163.

42. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1939, p. 2; Brummer: Verslag van die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike werk, 1936; Du Plessis: Samewerking tussen organisasies. Kyk ook p. 186 van hierdie verhandeling.

van samewerking wat deur hierdie skema gelê is, het ook 'n vrugbare teelaarde gevorm wat die weg vir die selfstandige Volkswelsyndepartement berei het[43].

Die tendense wat uit die voorafgaande ontwikkelinge bespeur word, is:

(a) toenemende staatsbemoeienis;

(b) 'n toename in die bekendheid en populariteit van <u>maatskaplike werk</u> as die metode van versorging wat deur staat, kerk en partikuliere inisiatief gevolg word;

(c) 'n toenemende strewe na die koördinasie van sorgaktiwiteite van verskillende instansies, met die maatskaplike werker in alle gevalle die uitvoerder van die sorgaktiwiteite[44].

Al hierdie ontwikkelinge staan in die teken van die nuwe kultuurfase waarin die staat vir die geheel van maatskaplike welsyn verantwoordelik gehou word en waar die staat gesien word as geheelverband wat die samelewing omspan, die bevordering van die welsyn van die gemeenskap as geheel tot taak het en sorg koördineer[45].

Wanneer die eerste huiwerige stap in die rigting van die totstandkoming van 'n selfstandige Volkswelsyndepartement gedoen word, naamlik die byvoeging van Sosiale Welsyn tot die Departement van Arbeid in 1935, het hierdie Departement nog nie spesifiek eksterne koördinasie van sorgaktiwiteite tot taak nie maar is dit tog 'n stap in die rigting van die interne koördinasie van alle staatsmaatreëls met betrekking tot maatskap-

---

43. Vgl. Botha: <u>Die maatskaplike sorg</u>, p. 196.

44. Vgl. Unie van S.A.: <u>Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn</u>, 1937-1939, p. 13, 181; 1937-1949, p. 29; Botha: <u>Die maatskaplike sorg</u>, p. 193.

45. Unie van S.A.: <u>Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn</u>, 1937-1939, p. 10. In hierdie verslag word verwys na die gebed wat deur die speaker van die parlement daagliks voorgelees word en waarin dit blyk dat God owerhede verorden het om tot die welsyn van lande en volke te regeer.

like sorg onder een departement[46].

Dit was 'n stap wat gevolg het op die byvoeging van 'n afdeling Maatskaplike Navorsing tot die Buro vir Opvoedkundige Navorsing in 1933.

Toe die werksaamhede van die Departement van Arbeid en Sosiale Welsyn snel uitgebrei het en die voortsettingskomitee van die Volkskongres van 1934 'n deputasie na Pretoria gestuur het met 'n deeglik gemotiveerde betoog, waarin op die stigting van 'n afsonderlike Departement vir Volkswelsyn aangedring word, is hierdie Departement op 1 Oktober 1937 in die lewe geroep, met as hooffunksie die koördinasie van die verskillende dienste van staatsdepartemente[47].

b. Funksies van die Departement van Volkswelsyn.

Die funksies van die nuut gestigte Departement van Volkswelsyn, soos geformuleer deur 'n onderkomitee van die kabinet, het die volgende ingesluit:

(1) om persone of gesinne wat swak in die gemeenskap aanpas, tot behoorlike aanpassing te help;

(2) om toestande wat gebrekkige aanpassing meebring, te bestudeer en in behandeling te neem;

(3) om die werksaamhede van ander regeringsliggame wat ook dienste van 'n maatskaplike welsynsaard verrig, met die werksaamhede van die Departement te koördineer (die koördinasie van staatsdienste);

(4) om die werk van vrywillige welsynsorganisasies te koördineer, ook alle plaaslike welsynswerk, sowel van vrywillige liggame as van amptelike owerhede, insluitende die plaaslike owerhede (plaaslike koördinasie)[48].

---

46. Vgl.: Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 16, 1933-34, p. 240.

47. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 23; 1952-1959, p. 1; Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 19, 1938, p. 205; nr. 24 van 1948, p. 187, 188; Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 162.

48. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 5.

In Oktober 1938 is die doelstellings van die Departement van Volkswelsyn deur 'n subkomitee van die kabinet weer geformuleer in bykans dieselfde bewoording as die eerste keer. Die definisie van die subkomitee is later goedgekeur[49]. Hoewel daar sommige van die hier genoemde funksies was wat probleme opgelewer het, was die een funksie, naamlik die bevordering van plaaslike koördinasie van die werk van liefdadigheidsverenigings en die van die administratiewe, plaaslike owerhede en die Unieregering, 'n saak wat weinig probleme opgelewer het[50].

Die nuwe Volkswelsyndepartement het gou die ingewikkelde aard van die volksvraagstukke wat op sy rekening was besef, en al spoedig sowel die provinsiale en plaaslike owerhede as die partikuliere inisiatief by die oplossing van hierdie vraagstukke betrek[51].

Met die stigting van hierdie Departement het die regering 'n sogenaamde „blueprint" daargestel van sy vasberadenheid om „private liefdadigheidsprogramme deur gemeenskaplike sosiale sekerheidsmaatreëls wat finansieel deur die publiek ondersteun word, aan te vul en nie te vervang nie"[52].

Kenmerkend dus van die eerste fase van die tydvak 1937 tot 1947 is die besliste wyse waarop sentralisasie van sorgfunksies deur die sentrale regering tot stand kom. In die verslag word daar ook gewys op die toenemende sentralisasie van funksies in die sentrum met weinig oordrag of desentralisasie van werksaamhede[53].

c. Funksies van hoofvolkswelsynbeamptes.

Hierdie neiging tot die sentralisasie van werksaamhede en verantwoordelikheid is verder bevorder deur die aanstelling van agt wetenskaplik geskoolde hoofvolkswelsynsbeamptes in verskillende

---

49. Ibid., p. 8.

50. Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p.4; 1937-1949, p. 29.

51. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, pp. 1, 8.

52. Ibid., p. 4.

53. Vgl. ibid., p. 11.

streke, wat onder meer tot taak gehad het:

(1) die koördinering en aansporing van plaaslike pogings, om die volle ekonomiese gebruik van beskikbare hulpbronne te maak;

(2) om raad te gee aan plaaslike welsyns- en liefdadigheidsorganisasies vir die stimulering van nuwe dienste en die organisasie daarvan;

(3) die aanvulling van die dienste van plaaslike en private liggame in medewerking met distriksgeneeshere, verpleegsters, ensovoorts;

(4) die verteenwoordiging van die Departement in plaaslike openbare vergaderings;

(5) die inspeksie van departementele en gesubsidieerde inrigtings en hulle werksaamhede in hulle onderskeie streke[54].

Die skema wat veral tegnies-wetenskaplike hulp aan die partikuliere en ander instellinge betrokke by maatskaplike sorg beoog het, was ongelukkig nie prakties uitvoerbaar nie, en die Departement is derhalwe tydelik gedwarsboom in sy pogings ter bereiking van sy doel, naamlik die koördinasie en korrelasie van welsynswerksaamhede[55].

Die volkswelsynbeampte dien dus as die skakelamptenaar wat die werk van die plaaslike verenigings met mekaar in harmonie moet bring.

Die plaaslike volkswelsynkantoor as verteenwoordiger van die sentrale regering is die plig opgedra om toe te sien dat oorvleueling en leemtes in die sorgaktiwiteite van plaaslike partikuliere instellinge voorkom word. Hierdie funksie moet, volgens die verslag van die Departement vir 1949-1951, privaat inisiatief deur middel van advies en bystand aanmoedig met die oog daarop dat hierdie liggame saam aanvullende diens kan lewer en behoorlik ingeskakel kan word by die wat deur die staat verrig word[56].

---

54. Ibid., pp. 5, 6.
55. Ibid., p. 73, p. 5; 1949-1951, p. 24.
56. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 9; 1949-1951, pp. 28, 29, 30.

d. Samewerking tussen staat en partikuliere inisiatief.

Die partikuliere instellinge het in die maatskaplike sorg in Suid-Afrika baanbrekerswerk verrig. Kenmerkend van die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorgaktiwiteite is die feit dat feitlik elke nuwe terrein wat deur die selfstandige pioniersarbeid van die partikuliere instellinge ontgin is, later stelselmatig in samewerking met die staat ten uitvoer gebring is en stelselmatig subtiel verander het in semi-staatsinstellinge wat deur staatsgeld op kunsmatige wyse lewend gehou is[57].

Die skakel tussen die werksaamhede van die genoemde twee instansies is die volkswelsynbeampte van die staat, wat vanweë sy strategiese posisie hierdie kunsmatige, staatsondersteunde „samewerking" ooreenkomstig departementele beleid en voorskrifte moet behartig, onder andere deur die verteenwoordiging van die staat in die besture van die partikuliere instellinge[58].

Tradisioneel het die verhouding tussen statutêre en partikuliere sorg so gegroei dat dit wesenlik deel uitgemaak het van een groot geheel en omvattende staatspoging, veral ten opsigte van die oplossing van die armblankevraagstuk. Uit die aard van die saak was hierdie historiese feit van samewerking reeds teen 1937 so vas gewortel dat dit uiteraard moeilik verbreek kon word. Hiertoe het ook die krisistoestande na die twee wêreldoorloë meegehelp.

Die situasie het algaande so ontwikkel dat die partikuliere instellinge gesien is as „..... volkswelsyn se onbekende soldate sonder wie geen oorwinning nog ooit behaal is nie"[59]. Die betrokke verslag meld dat die dienste van hierdie organisasies onmisbaar is en dat daar slegs die regte onderlinge verhouding behoort te bestaan.

---

57. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1949-1951, pp. 28, 30, 31.

58. Ibid., p. 29.

59. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 7; Report of the select committee on the subject of the Welfare Organizations Bill, June 1945, (S.C. 11-'45); Cape Town, Cape Times Limited; p. 148; Union of South Africa: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61.

Reeds in die eerste verslag[60] van die nuwe staatsdepartement vir Volkswelsyn word die hoop uitgespreek dat hierdie onderlinge verhouding mettertyd op 'n vaste statutêre basis geplaas sou word. Totdat dit gebeur, sal die Departement voortgaan om deur middel van onderhandelinge sy plig van raadgewing, ondersteuning en koördinasie uit te voer.

Die tipiese verhouding wat in die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorg tussen die staat en partikuliere instellings gegroei het, is 'n vennootskapsverhouding[61].

Hierdie vennootskapsverhouding word gekenmerk daardeur dat die sterkere vennoot, die staat, die beleid bepaal, voorskrifte maak, eise stel, funksies verskaf, verantwoording eis en terrein verdeel, terwyl die partikuliere instelling beleid uitvoer, voorskrifte nakom, eise beantwoord, finansiële steun ontvang, verantwoording doen en hulle taak uitvoer op die gebied wat deur die staat aan hulle toegesê word[62].

e. Metodes waardeur die Departement koördinasie bewerkstellig.

Hierdie sogenaamde vennootskapsbasis tussen staat en partikuliere inisiatief word deur middel van die volgende metodes bewerkstellig:

(1) Konferensies,

(2) kommissies en komitees van ondersoek,

(3) subsidiëring van:

  (a) maatskaplike werkers in diens van privaat verenigings;

  (b) gemeenskapsentra;

  (c) sentrale registers;

---

60. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939.

61. Ibid., p. 29; Cronjé: Mens tot medemens, p. 155 e.v.

62. Volkswelsyn en Pensioene, Departement van: Omsendbrief nr. 56 van 1955 soos aangevul deur nr. 6 van 1957.

(d) administratiewe werk van welsynsliggame[63].

Dit blyk dat daar twee aspekte aan die verwesenliking van die vennootskapsverhouding verbonde is, naamlik: raadpleging en subsidiëring.

3. <u>SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.</u>

a. Reeds voor die totstandkoming van die Unie was daar van owerheidsweë besorgdheid oor die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite.

b. Koördinasie word gedurende die begin van die eerste fase nog gesien bloot as die uitskakeling van oorvleueling en die voorkoming van en optrede ten opsigte van leemtes in hulpverlening. Die vraagstuk sentreer aanvanklik bloot om onoordeelkundige hulpverlening ten opsigte van die armblankes.

c. Reeds met die aanname van die Uniewet van 1909 word die eerste saadjie gesaai van 'n nuwe, meer universalisties georiënteerde staatsbeskouing. Weliswaar word daar nie onmiddellik voortgebou op die gedagte dat die staat vir die welsyn van die gemeenskap verantwoordelik is nie, maar hierdie gedagte bly totdat dit later in die historiese verloop van die verhouding tussen staat-, kerk- en partikuliere sorginstansies duidelik na vore tree.

d. Met die aanname van Ordonnansie 4 van 1919 (Kaap) word 'n tydvak ingelui waarin die staat aktief toetree tot die terrein van die koördinasie van maatskaplike sorg en onder andere deur middel van subsidie en registrasie koördinerend te werk gaan.

e. Ook in Transvaal en Natal manifesteer hierdie ontwikkelingsfase hom maar net onderskeidelik sewe en dertien jaar later, met die aanname van Ordonnansie nr. 5 van 1926 en Ordonnansie nr. 8 van 1932. Met die ordonnansies word daar veral klem gelê op die koördinasie van sorgaktiwiteite, meer spesifiek liefdadigheidswerk, deur middel van Liefdadigheidsrade en regis-

---

63. Vgl. Unie van S.A.: <u>Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn</u>, 1937-1939, p. 37; 1937-1949, pp. 30, 31; 1949-1951, pp. 9, 10; kyk ook Volkswelsyn en Pensioene, Departement van: Omsendbrief nr. 56 van 1955.

trasie.

f. 'n Groter mate van wetenskaplik planmatige sentralisasie van werksaamhede word bespeur met die byvoeging van die afdeling Maatskaplike Navorsing by die Buro vir Opvoedkundige Navorsing van die Unie-Onderwysdepartement in 1934. Veral twee vraagstukke word deur die Buro beklemtoon, naamlik sosiale aanpassing by die eise van die gemeenskap enersyds en die koördinasie van sorgaktiwiteite andersyds.

g. Die kerk-staat-skema was 'n belangrike ontwikkeling in die geskiedenis van die koördinasie van sorgaktiwiteite van staatsweë, omdat dit die regstreekse voorloper was van die uiteindelike staatsdepartement vir Volkswelsyn en die wetenskaplik geskoolde vakkundige beamptes. Daar word op gewys dat die vernaamste oorsaak van die mislukking van die skema geleë was in die feit dat die staat die hele situasie gedomineer het[64]. Nie slegs het die sekretarisse later voltydse staatsamptenare geword nie, maar hulle was dikwels so oorlaai met opdragte van die staatshoofkantoor dat daar van die plaaslike werk weinig tereggekom het. Dit was een van die eerste gekonsolideerde pogings van sowel staat, kerk en partikuliere inisiatief waarin daar na 'n praktiese oplossing vir die koördinasievraagstuk gestreef is. Die skema het ook 'n fase ingelui waarin daar van 'n selfstandige suiwer kerklike sorg al hoe minder sprake is.

h. Die kulminering van die tendens tot vermeerderde sentralisasie en koördinasie van sorgaktiwiteite van staatsweë word bereik met die byvoeging van die afdeling Sosiale Welsyn tot die Departement van Arbeid in 1935 en die daaropvolgende totstandkoming van 'n afsonderlike Departement van Volkswelsyn in 1937. Deur omsendbrief nr. 56 van 1955 word die sogenaamde vennootskapsverhouding waarna die Departement sedert sy ontstaan

---

64. Vgl. Greyling: Die Ned. Geref. Kerk en armesorg, p. 374; Botha: Die maatskaplike sorg, p. 196; Zeeman: Die armesorgwerk, p. 306.

gestrewe het, vasgelê, sodat die Departement nou vir welsyns-organisasies voorskryf en vaslê wat hulle werkgebied en hulle verhouding tot die Departement moet wees.

i. In die geleidelike toetrede van die staat tot die koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite kan die rol van die denkbeelde van wyle genl. Smuts nie onderskat word nie. Die Holisme, waarin die lewens- en wêreldbeskouing van Smuts gefundeer was, het ook in hierdie sfeer onmiskenbaar sy spore gelaat. Tydens die volkskongres te Kimberley in 1934 word daar vir die eerste keer na aanleiding van die bevindinge en aanbevelings van die Carnegie-ondersoek oor die armblanke-vraagstuk klem gelê op die noodsaaklikheid van die staats-koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite. Hierdie gedagte word deur Smuts tydens die maatskaplike werk-konferensie in 1936 herbeklemtoon, sodat daar in 1937 so 'n Departement vir Volkswelsyn tot stand kom. Hierdie gedagte van die inskakeling van alle staatswelsynsdienste onder een omvattende staatsdepartement en die gevolglike inskakeling en koördinasie van die welsynsbedrywighede van die kerk en partikuliere inisiatief val heeltemal op een lyn met die holistiese denkbeelde van Smuts. Wesenselemente van die Holisme is die gedagtes van sentrale kontrole[65] en koördinasie van aktiwiteite vir die vorming van 'n „organiese" geheel. Hierdie siening leen hom baie maklik daartoe om die sentrale beheer in 'n spesifieke situasie aan die staat (of selfs die Statebond) toe te sê. Aan die Holisme lê 'n universalistiese maatskappybeskouing ten grondslag. In beide van hierdie geestesstrominge word elemente van die Roomse maatskappybeskouing terugge-

---

65. Die gedagte van sentrale kontrole word ook teruggevind in die Smuts-onderwyswet, nr. 25 van 1907 - kyk Transvaal, provinsie van: Statutes of the Transvaal, 1907; Pretoria, Government Printing and Stationery Office, 1907; Hancock: Smuts, pp. 239-242 e.v.

vind[66]. Die verband tussen die drie -ismes is onder meer die volgende:

(1) 'n dualistiese siening van die maatskappy;

(2) die aanvaarding van 'n bepaalde „organiese" eenheids- of geheelprinsipe in die kosmos en

(3) die verabsolutering van 'n sekere tydelike lewensverband tot 'n totalitêr omvattende verband.

Dit was veral gedurende die fase 1910 tot 1937, en met name gedurende die laaste jare van hierdie fase, dat die universalistiese tendens in die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorg na vore getree het. Die proses, wat in 'n sekere sin die vrug en die navolging was van soortgelyke tendense wat hulle feitlik simultaan in ander wêrelddele gemanifesteer het[67], is in 'n groot mate gestimuleer deur die klimaat wat geskep is deur die deurwerking van die lewensbeskouing van Smuts[68]. Die staatsdepartement wat midde-in die brandpunt van hierdie holistiese geestesstrominge in Suid-Afrika sy ontstaan het, is dan ook die historiese kultuurproduk van die geestesstrominge wat so 'n vrugbare teelaarde gevorm het vir die praktiese verwesenliking van holistiese en universalistiese denkbeelde.

---

66. Vgl. Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning; Smuts: Holism and evolution, p. 102; Grosheide e.a.: Christelijke encyclopaedie ens.

67. Vgl. die werke van skrywers soos Polak: De toekomst is verleden tijd; Couwenburg: De vereenzaming van de moderne mens; De strijd tussen progressiviteit en conservatisme; Schilder: De openbaring van Johannes en het sociale leven. Oor die hele wêreld kom soortgelyke staatsdepartemente tot stand - vgl. Kurtz, Russel H.: Social work yearbook, 1960.

68. Vgl. Brümmer: Verslag insake die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936. Mnr. G.A.C. Kuschke, destydse sekretaris van die Departement van Volkswelsyn, was van huis uit Lutheraan en het in die praktyk, miskien onbedoeld maar tog onmiskenbaar, Lutherse en aanverwante staatsbeskouinge in toepassing gebring. In die Lutherse staatsbeskouing word daar nog baie reste van die Roomse staatsbeskouing aangetref.

# HOOFSTUK XII.

## DIE WET OP WELSYNSORGANISASIES EN DIE NASIONALE WELSYNSRAAD.

'n Mylpaal in die ontwikkeling van die koördinasie van staatssorg word bereik met die promulgering van Wet nr. 40 van 1947, die Wet op Welsynsorganisasies[1]. Hierdie Wet en die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, later bekend as die Nasionale Welsynsraad, vorm die hoogtepunt van 'n proses van staatstoetrede tot die maatskaplike sorg en staatskoördinasie van sorgaktiwiteite wat vroeg reeds sy verskyning gemaak het.

Die volgende gebeurtenisse het aanleiding gegee tot die totstandkoming van die Wet op Welsynsorganisasies en die eerste Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies[2].

Gedurende die oorlogsjare het talle oorlogsfondse hulle verskyning gemaak om die nood van die oorlogsomstandighede te lenig. Burgemeesters van verskillende stede was met die ideaal begeester dat Suid-Afrika sy volle deel tot die oorlog moet bydra. Dit het gelei tot die totstandkoming van die South African Mayors' National War Fund, wat onder meer ten doel gehad het die verlening van hulp aan die afhanklikes van soldate en soldate wat van die oorlog teruggekeer het.

Vroeg in 1940 het genl. J.C. Smuts destydse Eerste Minister, gevoel dat die tyd ryp was vir die daarstelling van 'n fonds wat uitsluitend aan Suid-Afrikaanse soldate en hulle afhanklikes hulp sou verleen. Toestemming is verkry van die Goewerneur-generaal vir die daarstelling van so 'n fonds en die fonds is in die lewe geroep onder

---

1. Soos gewysig deur die Wysigingswet op Welsynsorganisasies nr. 3 van 1949 en die Wysigingswet nr. 75 van 1961; Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 29. Sien ook Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 159.

2. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, pp. 29, 124; Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A., nr. 24, 1948, pp. 190, 191; Governor General's National War Fund: Fifteenth annual report of the national executive committee for the period ending 30th June 1955.

voorsitterskap van die Goewerneur-generaal. Dit het as die <u>Governor General's National War Fund</u> bekend gestaan[3].

Feitlik gelyktydig met die ontstaan van hierdie oorlogsfonds het daar oral oor die land talle ander oorlogsfondse die lig gesien wat geld ingesamel het vir die behoeftes van die soldate en hulle afhanklikes. Uiteraard het hierdie vermenigvuldiging van fondse spoedig allerlei misbruike meegebring.

Geleidelik is allerweë gevoel dat beter beheer oor oorlogsfondse uitgeoefen moes word. Nadat sterk vertoë deur verskeie openbare liggame tot die staat gerig is, belê die Departement van Volkswelsyn, wat belas was met die opstel van beheerregulasies oor die fondse, in September 1941 'n konferensie in Pretoria, waartydens sekere regulasies voorgestel is. 'n Komitee is benoem om op hierdie voorstelle in te gaan en die regulasies te wysig.

'n Tweede konferensie oor hierdie onderwerp vind in November 1943 in Johannesburg plaas. Tydens hierdie konferensie word besluit dat noodregulasies uitgevaardig moet word om doeltreffende beheer oor die oorlogsfondse tot stand te bring. Oorlogsmaatreël nr. 48 van 1944 word uitgevaardig, waarin bekend gemaak word dat 'n Raad op Oorlogsfondse in die lewe geroep word[4]. Die hoofdoel van die beheer oor oorlogsfondse was om te verhoed dat valse oorlogsfondse in die lewe geroep word en ook om die publiek teen onverantwoordelike geldelike oproepe te beskerm. Die Raad het voortbestaan tot 31 Oktober 1947. In hierdie tydperk is 381 oorlogsfondse geregistreer[5].

Vredestydse omstandighede het uit die aard van die saak andersoortige kontrole geverg. Tydens die nasionale konferensie oor die naoorlogse

---

3. Waar genl. Smuts 'n leidende aandeel gehad het in die totstandkoming van hierdie oorlogsfonds, het sy vrou 'n belangrike rol gespeel in die werk van die Gifts and Comforts Organization. Vgl. haar artikel: „What I want for the 60,000 'glory bags' sent up North every month", t.a.p.

4. Unie van S.A.: <u>Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn</u>, 1937-1949, p. 124; Union of S.A.: <u>House of Assembly, Debates</u>, vol. 60, 61, 1947; kolom 1875.

5. Unie van S.A.: <u>Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn</u>, 1937-1939, pp. 190, 191.

beplanning van maatskaplike welsynswerk is daar breedvoerig ingegaan op die gedagte van 'n nasionale welsynsraad wat onder meer ten doel sou hê die beheer oor die insameling van geld deur welsynsliggame. In 1944 is daar deur minister H.G. Lawrence, die Minister van Volkswelsyn en Demobilisasie, die Wetsontwerp oor die beheer en registrasie van welsynsorganisasies by die Volksraad ingedien. Dit het net die eerste lesing bereik. In 1945 is 'n gewysigde wetsontwerp, wat na oorleg met welsynsorganisasies gewysig is, deur hom in die Volksraad voorgedra. Dit is na 'n Gekose Komitee verwys. In die gewysigde wetsontwerp is die woord beheer („control"), soos dit in die aanvanklike titel van die wetsontwerp vervat is, uitgelaat, vanweë die besware wat deur verskeie persone en instansies teen die gedagte van kontrole van staatsweë ingebring is. Die teëstand teen die wetsontwerp was hoofsaaklik gegrond op die feit dat dit ingrype in die huishoudelike funksies van welsynsorganisasies moontlik gemaak het en derhalwe die inisiatief van hierdie instellinge kon demp. Nadat die verslag van die Gekose Komitee deur die Volksraad behandel is, is daar in 1947 oorgegaan tot die promulgering van Wet nr. 40 van 1947, die Wet op Welsynsorganisasies, wat kragtens proklamasie nr. 3876 van 26 September 1947 op 1 November 1947 in werking getree het[6].

Die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, wat kragtens hierdie Wet in die lewe geroep is om die Wet te administreer, sou die werk van die Raad op Oorlogsfondse voortsit op 'n grondslag wat by vredestydse omstandighede en welsynsliggame aangepas was[7].

Die Liefdadige Instellingskontroleordonnansie nr. 5 van 1926 (Transvaal) is deur hierdie Wet herroep[8].

---

6. Vgl. Unie van S.A.: Wet nr. 40 van 1947, soos gewysig; Pretoria, Staatsdrukker; p. 35 asook Union of S.A.: Report of the select committee on the subject of the Welfare Organizations Bill; Unie van S.A.: Verslag van die nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944; Union of S.A.: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61; kolom 1888.

7. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 24, 1948, pp. 190, 191; Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, pp. 29, 30 asook Unie van S.A.: Eerste verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1948, (U.G. 11/49), p. 1.

8. Unie van S.A.: Wet op welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947 soos gewysig, p. 35; Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 24, 1948, p. 191.

1. DIE WET OP WELSYNSORGANISASIES, NR. 40 VAN 1947 SOOS GEWYSIG.

a. Hoofdoelstellings van die Wet op Welsynsorganisasies Nr. 40 van 1947, soos gewysig.

Die hoofdoelstellings van die Wet is die volgende[9]:

(1) Om die nodige masjinerie daar te stel om die Minister in staat te stel om geregistreerde welsynsorganisasies te raadpleeg in verband met enige aangeleentheid op die gebied van maatskaplike welsyn;

(2) om enigeen te belet om 'n welsynsorganisasie vir sy persoonlike voordeel te bestuur;

(3) om die wangebruik van welsynsorganisasies wat finansiële hulp van die staat, plaaslike besture of die publiek ontvang, te verhoed;

(4) om enigeen te belet om sonder behoorlike magtiging bydraes by die publiek te kollekteer.

Die Wet was nie van die begin af op die provinsie Natal van toepassing nie, maar kragtens proklamasie nr. 78, gepubliseer in Buitengewone Staatskoerant nr. 4354 van 31 Maart 1950, is hierdie Wet vanaf 1 April 1950 ook op die provinsie Natal van toepassing[10].

b. Wysiginge van die Wet op welsynsorganisasies[11].

Die Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947 is deur die volgende wette gewysig:

(1) Wysigingswet op Welsynsorganisasies nr. 3 van 1949,

---

9. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 24, 1948, pp. 190, 191.

10. Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 24 van 1948; Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947, p. 35; kyk ook i.v.m. die doelstellings van die Raad: Union of S.A.: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61, 1947, kolomme 1882, 1883.

11. Vgl. in verband met die wetswysiginge in die algemeen die openingsrede van die Sekretaris van Volkswelsyn en Kommissaris van Pensioene by geleentheid van die 26ste vergadering van die Nasionale Raad, 10-12 Maart 1959, asook sy toespraak van die Minister van Volkswelsyn op die 31ste vergadering van die Nasionale Raad, 24, 25 Okt., 1961; kyk ook Die Unie-wette, Geklassifiseerde en geannoteerde herdruk, 1910-1947; Durban, Butterworth and Co., 1962; p. 709 e.v.

(2) Kinderwet (1960) nr. 33 van 1960,

(3) Wysigingswet op Welsynsorganisasies nr. 75 van 1961,

(4) Wet nr. 93 van 1962.

Hierdie wette het in hooftrekke die volgende wysiginge tot gevolg gehad:

(a) Die ampstermyn van die Raad is van twee tot vyf jaar verleng[12].

(b) die naam van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies en die plaaslike welsynsrade is na die Nasionale Welsynsraad en streekswelsynsrade verander[13].

(c) Waar geregistreerde kinderinrigtings voorheen nie verplig was om te registreer nie, het die Wysigingswet nr. 75 van 1961 voorsiening gemaak daarvoor dat geregistreerde kinderinrigtings moet registreer as hulle doelstellings welsynsdoelstellings is[14].

(d) Artikel 8 van die ou wet, wat oor die uitreiking van permitte gehandel het, is sodanig gewysig dat die Raad behoorlik daaroor beheer kan uitoefen[15].

(e) Alle welsynsorganisasies behalwe kinderhuise of versorgingsoorde wat reeds ingevolge die Kinderwet geregistreer is, wat in die toekoms om registrasie aansoek sou doen, moet op die wyse soos in die Wet voorgeskryf eers hulle doelstellings publiseer.

---

12. Vgl. Union of S.A.: <u>House of Assembly, Debates</u>, vol. 60, 61, 1947, kolomme 1879-1881; Unie van S.A.: Wysigingswet nr. 3 van 1949, artikel I. In die oorspronklike wet is aan die Raad 'n tydperk van twee jaar toegestaan vir die afhandeling van die registrasie van welsynsorganisasies.

13. Sien Wysigingswet nr. 75 van 1961, artikel 2, asook Notule van die 31ste vergadering van die Nasionale Raad, 24, 25 Okt. 1961, toespraak van die Minister van Volkswelsyn.

14. Kyk Wysigingswet nr. 75 van 1961, artikel I; Kinderwet, nr. 33 van 1960.

15. Vgl. Wet nr. 75 van 1961, artikel 6.

Enigiemand kan dan binne die voorgeskrewe tydperk beswaar by die Raad indien teen die toestaan van die aansoek[16].

(f) Die Nasionale Raad ontvang ook die bevoegdheid om te eis dat doelstellings wat nie welsynsdoelstellings is nie, uit die konstitusie van daardie organisasie geskrap moet word[17].

(g) Die Raad kry ook twee verdere gronde waarop 'n aansoek vir registrasie geweier kan word, naamlik as die doelstellings en die werksgebied van 'n organisasie wesenlik ooreenkom met die van enige ander welsynsorganisasie wat reeds geregistreer is en wat doeltreffend fungeer; en, tweedens, as die welsynsdoelstellings ondergeskik aan of bykomstig is by sy ander doelstellings[18].

(h) Die Raad kan ook op die volgende gronde 'n sertifikaat vir registrasie intrek:

(i) Waar 'n organisasie vir 'n deurlopende tydperk van 2 jaar nie gefunksioneer het nie;

(ii) as daar versuim is om die voorgeskrewe opgawes aan die Raad voor te lê binne 12 maande nadat dit deur die Registrateur daartoe aangesê is[19].

Hierdie wysiginge van die Wet is in hoofsaak deur die Raad self bepleit na aanleiding van probleme wat in die praktyk ondervind is[20].

---

16. Ibid., artikel 7.

17. Ibid.

18. Ibid.

19. Ibid., artikel 8.

20. Vgl. Notule van die 10de vergadering van die U.K. van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 14 Februarie 1949, p. 2; Notule van die 14de U.K. 6/7/49, p. 8; notule van die 7de (14, 15 September 1950), 23ste (16, 17 en 18 Okt. 1957) en die 19de (28, 29 en 30 Nov., 1955) vergadering van die Nasionale Raad ens. Kyk ook Unie van S.A.: <u>Tweede jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet</u>, 1949; (U.G. 25-'50), p. 15.

Die ervaring van die Raad in verband met die haas onuitvoerbare gedagte van die vrywillige koördinasie van welsynsorganisasies het daartoe aanleiding gegee dat daar by die minister aanbeveel is dat daar nog 'n grond moes wees waarop registrasie geweier kon word, naamlik die oorvleueling van werksaamhede en werksgebied. Hierdie aangeleentheid word in 'n latere gedeelte breedvoeriger behandel[21].

Wysiging van die Regulasies ingevolge hierdie Wet is ook op aanbeveling van die Raad aangebring[22].

## 2. DIE NASIONALE WELSYNSRAAD[23].

### a. Die instelling van die eerste nasionale raad vir welsynsorganisasies.

Nadat die Minister van Volkswelsyn in die openbaar kennis gegee het dat nominasies vir die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies ingewag word, is die Raad saamgestel uit persone wat deur welsynsorganisasies en plaaslike besture genomineer is.

Alhoewel die Wet op Welsynsorganisasies reeds in November 1947 in werking getree het en die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies sy eerste vergadering op 13 November 1947 gehou het, was dit nie voor April-Junie 1948 dat die Raad in staat was om sy werksaamhede in die praktyk voort te sit nie. Hierdie vertraging is veral deur 'n aantal praktiese probleme veroorsaak[24].

In sy toespraak voor die eerste vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies het wyle mnr. J.H. Hofmeyr gesê dat daar met die instelling van hierdie Raad vir die eerste keer uit verteenwoordigers

---

21. Sien pp.354 van hierdie verhandeling.

22. Vgl. o.m. Notule van die 35ste vergadering van die U.K., 23 April, 1951, p. 6; Unie van S.A.: Vierde verslag insake die werking en administrasie van die wet, 1951, (U.G. 39-'52), pp. 11, 12.

23. Die naamsverandering van die Raad was een van die aanbevelings van die Du Plessis-verslag. Sedert 1/10/61 staan die Raad bekend as die Nasionale Welsynsraad en plaaslike rade as streekrade. In hierdie werkstuk sal deurgaans verwys word na die nuwe benamings behalwe wanneer spesifiek die werksaamhede van die Raad voor 6/10/61 bedoel word.

24. Unie van S.A.: Eerste verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1948, p. 2.

van welsynsorganisasies en plaaslike bestuŕe 'n nasionale liggaam saamgestel is[25].

Die Nasionale Welsynsraad, waarop vrywillige welsynsliggame verteenwoordiging geniet, word dan ook omskryf as 'n „openbare liggaam" waarin geen staatsamptenaar of regeringsverteenwoordigers dien nie[26].

Dit was die bedoeling van mnr. J.H. Hofmeyr dat die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies as 'n forum moes dien vir die bespreking van welsynsaangeleenthede en welsynsorganisasiebeleid. Dit moes verder ook dien as die welsynsparlement van die Unie en as 'n skakel tussen die regering en die Departement van Volkswelsyn aan die een kant en die publiek aan die ander kant[27].

Die twee vernaamste take waarvoor die Raad aanvanklik te staan gekom het, was:

(1) die registrasie van welsynsorganisasies en

(2) die instelling van plaaslike welsynsrade - later genoem streekswelsynsrade[28]

Hierdie plaaslike welsynsrade moes nie selfstandig te werk gaan en welsynsdienste lewer of geld insamel nie maar sou in hoofsaak koördinasie van plaaslike welsynsaktiwiteite ten doel hê[29].

Tydens die eerste vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies is besluit om die drie liefdadigheidsrade wat kragtens die Liefdadige Instellings Kontrole Ordonnansie nr. 5 van 1926 (Transvaal)

---

25. Ibid., p. 1.

26. Unie van S.A.: Jaarverslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 29; kyk ook Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 24, 1948, p. 191.

27. Unie van S.A.: Eerste verslag oor die werking en administrasie van die Wet, 1948, p. 1; Union of S.A.: House of Assembly. Debates, vol. 60, 61, 1947, kolomme 1882, 1883.

28. Sien Republiek van Suid-Afrika: Wet tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, 1947, nr. 75 van 1961, artikel 2(b).

29. Vgl. Unie van S.A.: Jaarverslae van die Departement Volkswelsyn: 1937-1949, p. 30; 1949-1951, p. 1; Offisiële jaarboek van die Unie van S.A., nr. 24, 1948, p. 191.

in Pretoria, Johannesburg en Klerksdorp ingestel is, te versoek om voort te bestaan en die Raad met advies by te staan ten opsigte van die registrasie van nuwe plaaslike organisasies in die gebiede van hierdie rade[30].

b. <u>Samestelling van die Nasionale welsynsraad.</u>

Die Raad word saamgestel uit 24 lede. Die eerste Raad is aanvanklik vir 'n tydperk van twee jaar saamgestel. Later is die ampstermyn van die Raad na 5 jaar verleng[31]. Hierdie verlenging van die ampstermyn van die Raad is toegestaan op grond van die feit dat die eerste Raad nie die taak wat aan hom opgedra is, naamlik die registrasie van welsynsorganisasies en die daarstelling van plaaslike welsynsrade, in die voorgeskrewe tydperk kon voltooi nie[32].

Die Raad, wat dus vir 'n tydperk van 5 jaar aangestel word, word saamgestel uit drie groepe[33]:

<u>Groep (a)</u>, wat een vierde van die Raad se ledetal uitmaak en bestaan uit opgeleide welsynswerkers of persone wat hulle in die sosiale wetenskappe bekwaam het;

<u>Groep (b)</u>, wat ook een kwart van die Raad se ledetal uitmaak en bestaan uit persone wat hulle met vrywillige welsynswerk in plattelandse distrikte besig hou;

<u>Groep (c)</u>, wat een helfte van die Raad se ledetal beslaan en bestaan uit persone wat hulle met vrywillige welsynswerk in stede besig hou.

---

30. Notule van die eerste vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 13 November, 1947, p. 9.

31. Vgl. Wet nr. 40 van 1947, p. 7; Unie van S.A.: <u>Tweede verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies</u>, 1949, p. 2 (hierdie wysiging is tot stand gebring deur die Wet tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, nr. 3 van 1949, artikel I); Union of S.A.: <u>House of Assembly. Debates</u>, vol. 60, 1947, 1879-1881; McLachlan, R.: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in S.A."; brosjure opgestel deur -; oorgedruk uit: <u>Tydskrif vir Geesteswetenskappe</u>, September 1962, Johannesburg, Voortrekkerpers, p. 150.

32. Unie van S.A.: <u>Eerste verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies</u>, p. 2; Lambrechts en Theron: <u>Vrouevolksdiens</u>, p. 159.

33. Vgl. art. 2 (1) tot (10) van die Wet op Welsynsorganisasies, soos gewysig.

Die interpretasie van die term vrywillig het op een stadium probleme opgelewer aangesien daar nie duidelikheid was of die term persone aandui wat wel wetenskaplik geskool is maar in diens van die vrywillige organisasies is nie, en of dit betrekking het op persone wat hulle slegs in hulle vrye tyd met welsynswerk besig hou en nie welsynswerk as 'n voltydse en besoldigde beroep beoefen nie.

Die hele aangeleentheid is onder meer verwys na die regsadviseurs van die Raad, wat te kenne gegee het dat die term vrywillig na persone verwys wat hierdie werk op 'n vrywillige grondslag verrig. Dit wil sê dat opgeleide werkkragte in diens van vrywillige organisasies nie in aanmerking kan kom vir aanstelling in groepe (b) en (c) nie maar wel in groep (a)[34].

Na die verstryking van die ampstermyn van die eerste Raad is 'n nuwe Raad deur die minister saamgestel, met inagneming van die proporsionele verhouding soos deur die Wet neergelê.[35]. Die nuwe Raad sou voortaan saamgestel word uit persone wat deur die plaaslike welsynsrade genomineer is.

Sedert die promulgering van die Wet het reeds drie Rade 'n ampstermyn van vyf jaar elk uitgedien. Op 1 November 1962 het die vierde Raad se ampstermyn begin[36].

Die Raad vergader minstens twee maal per jaar op die tye en plekke wat die minister in oorleg met die voorsitter bepaal. Onlangs het daar ook in hierdie reëling verandering ingetree. Aangesien die minister in die reël gedurende die eerste helfte van die jaar nie in Pretoria is, waar die vergaderings van die Raad plaasvind nie, is besluit dat die Raad die eerste vergadering se datum kon bepaal en die minister daarvan in kennis kon stel. Hierdie vergadering sou dan deur amptenare van die

---

34. Vgl. Notule van die 32ste vergadering van die Nasionale Raad 27, 28/3/62.

35. Met „proporsionele verhouding soos deur die Wet vasgestel" is niks gesê van die politieke verandering wat met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 teweeggebring is nie. Om hierop in te gaan lê nie op die terrein van die verhandeling nie maar moet deur latere navorsers wel deeglik in aanmerking geneem word.

36. Notule van die 33ste vergadering van die Nasionale Raad, 30, 31 Okt. '62.

Departement bygewoon word[37].

c. Werksaamhede van die Nasionale Welsynsraad.

Dit is volgens wet die plig van die Raad om, met inagneming van die bepalings van die Wet op Welsynsorganisasies,

(1) die registrasie van welsynsorganisasies te reël;

(2) die minister, geregistreerde welsynsorganisasies en streekswelsynsrade van advies te dien in verband met enige aangeleentheid op die gebied van volkswelsyn of wat uit die uitvoering of toepassing van hierdie Wet voortspruit;

(3) in verband met enige aangeleentheid wat op die verwesenliking van die oogmerke van hierdie Wet betrekking het, op te tree;

(4) die vrywillige koördinering van geregistreerde welsynsorganisasies met soortgelyke of verwante doelstellings te bevorder en aan te moedig;

(5) voor die verstryking van sy ampstermyn aan die minister 'n verslag voor te lê aangaande die uitvoering en toepassing van hierdie Wet en die verrigting van sy werksaamhede daarkragtens, met aangifte van 'n lys van welsynsorganisasies waarvan die aansoeke om registrasie toegestaan of afgewys is of waarvan die registrasie gedurende sy ampstermyn ingetrek is[38].

Die werk van die Nasionale Welsynsraad kom dus in hooftrekke wesenlik op die volgende neer:

---

37. Vgl. Notule van die 30ste vergadering van die Nasionale Raad, 21, 23 Maart 1961.

38. Vergelyk Wet nr. 40 van 1947, soos gewysig, p. 11, asook Wysigingswet van die Wet op Welsynsorganisasies, 1947, nr. 75 van 1961, p. 3; McLachlan, R.: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in Suid-Afrika", t.a.p.

(a) Die registrasie van welsynsorganisasies;

(b) advisering van staat en partikuliere inisiatief ten opsigte van aangeleenthede op die gebied van maatskaplike sorg;

(c) die bevordering van vrywillige koördinasie van welsynsorganisasies;

(d) verslag aan die minister in verband met sy werksaamhede.

d. Die uitvoerende komitee van die Nasionale Welsynsraad.

Die Nasionale Welsynsraad besit die bevoegdheid om 'n uitvoerende komitee, bestaande uit agt van sy lede, te benoem.

Vyf lede van hierdie komitee vorm tydens vergaderings 'n kworum. By die benoeming van die lede van hierdie komitee moet die proporsionele verhouding soos bepaal by die samestelling van die Raad in ag geneem word.

Die kworum, werksaamhede en prosedure van die uitvoerende komitee word deur die Raad vasgestel, en die Raad kan een of meer van sy werksaamhede kragtens die Wet op Welsynsorganisasies aan die uitvoerende komitee oordra.

Twee aangeleenthede waaroor die uitvoerende komitee egter nie bevoegdheid besit om te besluit nie, is die gehele of gedeeltelike weiering van toestemming tot 'n aansoek om registrasie of die intrekking of wysiging van 'n registrasiesertifikaat.

Besluite van die uitvoerende komitee na aanleiding van die oordrag van bevoegdheid van die Nasionale Welsynsraad word geag 'n beslissing van die Raad te wees[39].

(1) Werksaamhede en magte van die uitvoerende komitee.

Die oorspronklike werksaamhede en magte van die Uitvoerende Komitee was die volgende:

---

39. Die Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947, soos gewysig, art. 2 (11) a-c, p. 9.

(a) Die Uitvoerende Komitee stel sy eie prosedure vas;

(b) Die Uitvoerende Komitee het die mag om:

(i) aansoek om registrasie op eenparige besluit van die lede wat teenwoordig is, goed te keur;

(ii) aan die Registrateur opdrag te gee om vir die inspeksie van welsynsorganisasies deur 'n bevoegde persoon reëlings te tref;

(iii) die Departement van Volkswelsyn of enige ander departement, amptenare, persoon of liggaam en enige welsynsorganisasie te raadpleeg betreffende:

i. enige saak of onderwerp wat binne die bestek is van die mag en werksaamhede deur die Raad aan hom opgedra, en

ii. enige saak wat binne die bestek en werksaamhede van die Raad val, ten einde 'n verslag uit te bring of voorleggings of aanbevelings te maak;

(c) aan die Registrateur opdrag te gee met betrekking tot sake wat binne die bestek en mag val wat deur die Raad aan hom opgedra is;

(d) vakansieverlof aan die Registrateur toe te ken;

(e) aanbevelings by die Raad te doen betreffende die noodsaaklikheid vir die daarstelling van streekswelsynsrade ingevolge die Wet op Welsynsorganisasies;

(f) benoemings in te wag van persone vir aanstellinge in sodanige plaaslike welsynsrade as die minister kragtens artikel 5 (a) van die Wet besluit het om daar te stel;

(g) sodanige openbare verklarings te doen as wat nodig blyk te wees, afskrifte waarvan dadelik aan raadslede gesirkuleer moet word[40].

---

40. Vgl. Notule van die 2de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 1 Junie 1948, p. 3.

Tydens die agtste en negende vergaderinge van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies is die werksaamhede en magte van die Uitvoerende Komitee in hersiening geneem en is die volgende magte deur die Raad aan die Uitvoerende Komitee opgedra[41]:

(i) In uiters dringende gevalle mag die Raad 'n deputasie benoem om met die Minister 'n onderhoud te voer. Besluite in verband met sodanige aangeleenthede moet aan die volle Raad bekend gemaak word. In geval van meningsverskil word die hele aangeleentheid na die volle Raad verwys.

(ii) Die Uitvoerende Komitee mag, nadat volkome eenstemmigheid bereik is, toestemming gee tot naamsverandering of verandering van die doelstellings van 'n welsynsorganisasie asook vrystelling verleen onder artikel 7.

(iii) Wanneer dringende beginsels en beleidsake ter sprake kom, mag die Uitvoerende Komitee die minister of Departement adviseer op voorwaarde dat sodanige besluite eers aan raadslede gestuur word om hulle menings te verkry. Wanneer daar meningsverskil voorkom, word die saak ter beslissing na die volle Raad verwys. Dieselfde prosedure word gevolg wanneer die minister of 'n staatsdepartement die Uitvoerende Komitee insake beleids- of beginselsake dringend om sy mening versoek.

---

41. Vgl. Notule van die 8ste vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 28 en 29 Maart 1951, p. 3; Unie van S.A.: Vyfde jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947; 1952 (afgerolde verslag), pp. 3-5; Notule van die 53ste vergadering van die Uitvoerende Komitee, 5 Januarie 1953.

(iv) Dit is verder die funksie van die Uitvoerende Komitee om die jaarverslae asook die agenda vir raadsvergaderings op te stel;

(v) Die Uitvoerende Komitee besit die reg om die Raad te adviseer in verband met enige aangeleentheid wat voor die Uitvoerende Komitee dien.

(vi) Die Uitvoerende Komitee mag konstitusies vir plaaslike welsynsrade opstel en òf uit eie beweging òf op versoek van die plaaslike rade wysigings in die konstitusies aanbring.

(2) Finansiële subkomitee van die Uitvoerende Komitee.

Ingevolge paragraaf 7(f) van die regulasies kragtens die Wet op Welsynsorganisasies word bepaal dat alle welsynsorganisasies binne 'n tydperk van ses maande na die sluiting van hulle boekjaar 'n geouditeerde balansstaat en 'n geouditeerde staat van inkomste en uitgawe aan die Registrateur moet verstrek. 'n Register waarin die vervaldatum van elke organisasie se boekjaar aangeteken word, word deur die Registrateur aangehou[42].

'n Finansiële subkomitee is deur die Raad benoem om hierdie geldelike jaarverslae van die onderskeie welsynsorganisasies en takke na te gaan en in verband hiermee aan die Raad verslag te doen[43].

(a) Funksies van die finansiële subkomitee.

Die funksies van hierdie subkomitee is:

(i) die bepaling van watter persentasie van 'n organisasie se totale jaarlikse uitgawe aan administratiewe koste bestee behoort te word en op

---

42. Vergelyk Unie van S.A.: Tweede verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1949, pp. 14, 15.

43. Ibid.; Notule van die 16de vergadering van die Uitvoerende Komitee, 8/7/49, p. 4; Unie van S.A. Vierde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 10.

watter basis organisasies behoort te werk wanneer daar aan kollektante vir hul dienste kommissie-fooie betaal word;

(ii) die hersiening van die finansiële bylae wat by die voorlegging van aansoeke aan die Raad gebruik word[44].

Aandag is deur hierdie komitee gegee aan die gedagte om 'n handleiding vir geregistreerde organisasies saam te stel waarin leiding gegee sou word in verband met die opstel van die geldelike verslae van die organisasies. Later is egter besluit dat die wenke per omsendbrief aan die verskillende organisasies bekend gemaak sou word[45].

Parallel met hierdie kontrole van die kant van die Raad was daar reeds 'n geruime tyd lank die geldelike verslae wat deur organisasies wat van die Departement van Volkswelsyn finansiële hulp ontvang, by die Departement ingedien moes word. Alhoewel daar talle organisasies is wat sonder geldelike hulp van die staat die mas opkom en waarvan die state deur die finansiële subkomitee gekontroleer moes word, het die werk van die komitee en die van die Departement geduplikeer. 'n Woordvoerder van die Departement het dan ook aangebied dat die verslae insake die geldelike toestand van organisasies wat deur die Departement se beamptes gekontroleer word, ook op aanvraag aan die Raad beskikbaar gestel sou word[46].

Nadat hierdie subkomitee 'n geruime tyd lank gefunksioneer het, het dit geblyk dat die werk van die komitee nie alleenlik te omvangryk en tydrowend was nie maar ook te duur. Derhalwe is aanbeveel dat hierdie kontrole deur die beamptes van die registrateur onderneem moet word en dat slegs probleemgevalle vir ondersoek en kommentaar na hierdie

---

44. Notule van die 16de vergadering van die U.K., 8/7/49, p. 5.

45. Unie van S.A.: Vierde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 10; Notule van 35ste U.K. vergadering, 23/4/51, p. 6.

46. Notule van die 8ste vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 28 en 29 Maart 1951, p. 2.

finansiële subkomitee verwys moet word[47]. Hierdie nuwe reëling is veral met die oog op besparing en op aandrang van die Departement van Volkswelsyn aanvaar[48].

Die kontrole van die finansiële aspekte van die werk van geregistreerde welsynsorganisasies word derhalwe nou in hoofsaak deur beamptes van die Departement van Volkswelsyn onderneem[49].

Sedertdien het daar ook nog 'n wysiging in hierdie verband gekom, naamlik dat die finansiële state van welsynsorganisasies nou deur 'n beampte van die rekeningkundige afdeling van die Departement nagegaan word en nie meer deur die personeel van die kantoor van die registrateur nie[50].

e. Die Registrateur van Welsynsorganisasies[51].

Die Minister stel 'n voltydse staatsamptenaar as Registrateur van Welsynsorganisasies aan wat ook as sekretaris van die Nasionale Welsynsraad optree. Die Registrateur verrig sy werksaamhede onder toesig en leiding van die Raad en verrig ook, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, sulke pligte as wat die Raad van tyd tot tyd aan hom opdra ten einde aan die bepalinge van die Wet op Welsynsorganisasies uitvoering te gee.

Die Registrateur is derhalwe in hooftrekke die volgende pligte opgelê:

(1) Hy tree op as uitvoerende beampte van die Raad.

(2) Dit is sy taak om die finansiële state van welsynsorganisasies na te gaan.

---

47. Notule van die tiende vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 7 en 8 November 1951; Unie van S.A.: Vierde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 10.

48. Unie van S.A.: Vierde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951.

49. Die Registrateur en sy personeel is almal staatsamptenare.

50. Notule van die 28ste vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 15, 16, 17 Maart 1960, p. 11; vgl. ook lêer W.O.A. 87.

51. Kyk Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947, soos gewysig, p. 11.

(3) Hy moet voorleggings aan die Raad doen in die vorm van memoranda ens.

(4) Die sekretariële werk van die Nasionale Welsynsraad is aan hom opgedra[52].

3. STREEKSWELSYNSRADE. (Voorheen genoem plaaslike welsynsrade).

a. Instelling.

Die minister kan na oorleg met die Raad vir enige landdrosdistrik of plaaslike bestuursgebied 'n streekswelsynsraad instel wat uit minstens vier en hoogstens vier-en-twintig lede bestaan wat deur die Raad aangestel word uit persone wat deur die verskillende geregistreerde welsynsorganisasies wat in die betrokke gebied fungeer, genomineer is.

Die Minister besit verder die bevoegdheid om, bo en behalwe bogenoemde lede, nog hoogstens vyf persone as lede van so 'n raad aan te stel om een of meer staatsdepartemente of een of meer plaaslike besture wat in die betrokke gebied regsmag uitoefen, te verteenwoordig.

Persone op die streekswelsynsraad benoem ingevolge sodanige ministeriële besluit het die reg om aan die beraadslaginge op die vergadering van die welsynsraad waarvan hy lid is, deel te neem maar het nie stemreg nie[53].

b. Werksaamhede van streekswelsynsrade.

Dit is die plig van 'n streekswelsynsraad om, met inagneming van die Wet op Welsynsorganisasies:

(1) die Raad of enige staatsdepartement of plaaslike bestuur te raadpleeg òf uit eie beweging òf uit hoofde van 'n verwysing na hom deur die Raad of deur so 'n staatsde-

---

52. Notule van die 2de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 1 Junie 1948, pp. 3, 4.

53. Vgl. i.v.m. die instelling van plaaslike welsynsrade Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947, soos gewysig, pp. 11, 13. Na die wetsgewing van 1961 staan die plaaslike rade as streekswelsynsrade bekend. Waar die plaaslike welsynsrade vroeër koördinasie op 'n plaaslike vlak behartig het, sou die streeksrade dit in die toekoms op streeksbasis behartig. Vgl. Wet tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, 1947, nr. 75 van 1961.

departement of plaaslike bestuur in verband met enige aangeleentheid op die gebied van volkswelsyn of wat uit die uitvoering of toepassing van die Wet op Welsynsorganisasies spruit;

(2) aanbevelings by die Raad te doen in verband met 'n aansoek om registrasie kragtens die Wet op Welsynsorganisasies deur 'n welsynsorganisasie wat in die gebied waarvoor so 'n raad ingestel is, fungeer;

(3) die vrywillige koördinering van welsynsorganisasies met soortgelyke of verwante doelstellings wat in die gebied waarvoor so 'n raad ingestel is, fungeer, aan te moedig[54].

Die funksies van die streekswelsynsrade is dus kortliks:

(a) raadpleging,

(b) aanbeveling,

(c) bevordering van vrywillige koördinering tussen welsynsorganisasies[55].

Dit is as taak aan die eerste Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies opgedra om benewens die registrasie van alle welsynsliggame oor te gaan tot die instelling van plaaslike welsynsrade[56]. Later word die begrip plaaslike welsynsrade vervang met die term streekswelsynsrade[57].

Alhoewel daar aanvanklik agttien maande beraam is om hierdie taak te voltooi, het dit later geblyk dat die res van die eerste Nasionale

---

54. Vgl. Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947 soos gewysig, p. 13; Lambrechts en Theron: Vrouevolksdiens, p. 160.

55. Kyk Unie van S.A.: Vierde verslag insake die administrasie en werking van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951; p. 9; asook Verslag van die Komitee insake die bespoediging van afhandeling van aansoeke om registrasie en nouer kontak tussen plaaslike welsynsrade en welsynsorganisasies; McLachlan: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in S.A.," t.a.p.

56. Unie van S.A.: Tweede verslag van die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1949, pp. 2, 3.

57. Vgl. artikel 2 van die Wysigingswet nr. 75 van 1961 van die Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, p. 3.

Raad vir Welsynsorganisasies se ampstermyn nodig sou wees vir voltooiing van hierdie taak.

Nadat die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies reeds meer as twee jaar gefungeer het, is daar eers daadwerklik aandag geskenk aan die instelling van plaaslike welsynsrade. Die Nasionale Raad het dan ook 'n memorandum in dier voege aan die Minister voorgelê[58].

In hierdie stadium het die Departement van Volkswelsyn ook reeds 'n memorandum aan die Minister voorgelê in verband met hierdie aangeleentheid[59]. Die volgende algemene riglyne vir die instelling van hierdie rade is in die memorandum neergelê:

(i) Met die invoer van die skema moet 'n mate van sentrale beheer gehandhaaf word totdat die rade selfstandig funksioneer.

(ii) Die gebiede van die rade moet ooreenstem met die streke van die volkswelsynkantore.

(iii) Personeel van die plaaslike volkswelsynkantore sal die administratiewe werk verbonde aan die werk van die rade onderneem.

(iv) Daar word verder aanbeveel dat die raad uit hoogstens 9 genomineerde lede en 3 ministeriële aanstellings bestaan.

(v) Ten opsigte van die bestaande rade wat kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1926 ingestel is, is aanbeveel dat hulle moes verval en dat hulle funksies oorgeneem word deur die nuwe rade[60].

Die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies het in 'n paar opsigte

---

58. Vgl. Notule van 'n spesiale vergadering van die Uitvoerende Komitee 20 November 1950, p. 7. In Hierdie hoofstuk dui Minister op die Minister van Volkswelsyn, tensy anders vermeld.

59. Kyk Notule van 21ste vergadering van die Uitvoerende Komitee, 20 Februarie 1950.

60. Met bestaande rade word hier bedoel die rade wat kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1926 (Transvaal) in Johannesburg en Pretoria ingestel is.

van die aanbevelings vervat in bogemelde memorandum verskil, naamlik

eerstens oor die gebiede van die rade en

tweedens was die Raad van mening dat slegs een volkswelsynsbeampte op die raad behoort te dien.

Die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies het op sy sewende vergadering[61] 'n aantal voorstelle aanvaar wat aan die Minister voorgelê is: plaaslike rade sou voorlopig ingestel word te:

Pretoria, Kimberley, Oos-Londen, Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth.

Hierdie plaaslike welsynsrade moes hulle eie personeel kon aanstel en hulle eie administratiewe reëlings tref. Een of twee volkswelsynsbeamptes kon in die raad dien, en die bestaande koördinerende rade kragtens die provinsiale ordonnansie sou geraadpleeg word en kon bly voortbestaan.

Na aanleiding van 'n memorandum aan die Minister waarin die standpunt van die Raad in verband met die instelling van plaaslike welsynsrade uiteengesit word, stel die Minister die raad in kennis dat hy met die voorstelle van die Raad akkoord gaan, behalwe dat die administratiewe werk van die rade deur volkswelsynsbeamptes gedoen moes word[62].

Laasgenoemde aangeleentheid het veel probleme opgelewer en aanleiding gegee tot herhaalde onderhandelinge met die Minister[63].

Dit het in hierdie onderhandelinge gegaan om die standpunt van die Raad dat die plaaslike welsynsrade nie gedwing kon word nie maar die vryheid moes besit om wat hierdie saak betref, na eie goeddunke te

---

61. Notule van die 7de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 14, 15 September 1950, p. 3.

62. Kyk Notule van 'n spesiale vergadering van die Uitvoerende Komitee, 20 November 1950, p. 7.

63. Kyk Notule van spesiale U.K.-vergadering, 20 November 1950, Notule van 33ste U.K.-vergadering, 19 Februarie 1951, p. 6; Notule van 36ste U.K.-vergadering, 28 Mei 1951; Notule van die 9de N.R.-vergadering, 31 Julie 1 en 2 Augustus 1951; Notule van die 8ste N.R.-vergadering, 28 en 29 Maart 1951.

handel[64]. Daar is blykbaar ook gevoel dat as volkswelsynbeamptes hierdie werk sou onderneem, hulle moontlik die rade kon beïnvloed[65].

Terwyl die Raad die beslissing van die Minister afgewag het, is daar oorgegaan tot die instelling van hierdie plaaslike welsynsrade. Die instelling van hierdie agt rade word vir die eerste keer sedert die totstandkoming van die Raad in 1951 verwesenlik[66].

Die besluit van die Minister insake die administratiewe personeel vir die plaaslike welsynsrade word op die tiende vergadering van die Nasionale Raad behandel. In hooftrekke behels dit die volgende:

Waar plaaslike volkswelsynskantore bestaan, sou die personeel van hierdie kantore as sekretariaat van die plaaslike rade optree. Die Minister het verder besluit om in elke plaaslike raad die volgende persone te benoem:

i. die bevelvoerende beampte van die Departement se takkantoor in die gebied van die betrokke raad;

ii. die plaaslike hooflanddros;

iii. 'n verteenwoordiger van die plaaslike owerheid in wie se area die raad byeenkom;

iv. die plaaslike distriksgeneesheer[67].

Hierdie beslissing van die Minister is nie eenparig deur die Raad aanvaar nie. Hoewel die saak selfs na die regsadviseurs van die Raad verwys is, is daar uiteindelik berus in die beslissing van die Minister[68].

---

64. Notule van die 9de vergadering van die Nasionale Raad, 31 Julie 1 en 2 Augustus 1951.

65. Notule van die 8ste vergadering van die Nasionale Raad, 28, 29 Maart 1951, p. 5.

66. Notule van die 38ste vergadering van die U. K., 6 Julie 1951; Notule van die 9de vergadering van die Nasionale Raad, 31 Julie 1 en 2 Aug. 1951; Unie van S.A.: Vierde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies pp. 2, 3 en 5.

67. Notule van die 10de vergadering van die Nasionale Raad, 7, 8 November 1951, p. 5.

68. Notule van die 11de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 12, 13 Maart 1952, p. 3.

Die werksaamhede van twee van die plaaslike welsynsrade, t.w. die plaaslike welsynsraad vir Noord-Transvaal en die vir die Westelike Provinsie, het met verloop van tyd sodanig uitgebrei dat daar deur hierdie rade vertoë tot die Nasionale Raad gerig is waarin versoek word dat voltydse sekretarisse aangestel word om die werk van die rade te behartig[69].

Die Raad het vertoë in hierdie verband aan die Departement voorgelê, en goedkeuring is verkry dat die betrokke twee plaaslike rade voltydse sekretarisse kon hê. Persone wat in hierdie ampte sou diens doen, sou beamptes van die Departement wees[70].

Dit is belangrik dat dit vir die Nasionale Welsynsraad in hierdie vraagstuk van die aanstelling van administratiewe beamptes gegaan het om die behoud van die vrywilligheidsbeginsel[71]. In die vierde verslag van die Raad word dan ook gemeld dat vrywillige welsynsorganisasies, waar hulle gesamentlik fungeer, ook hulle eie sake behoort te beheer. Die stelling word geponeer dat dit behoort te geld van koördinering sowel op 'n plaaslike grondslag as op 'n grondslag van „soortgelyke belange" van nasionale aard[72].

Nadat oorgegaan is tot die instelling van hierdie rade het die meeste van die plaaslike welsynsrade hulle eerste vergaderings gehou gedurende April 1952 en 'n aanvang met hulle werksaamhede gemaak[73].

Plaaslike welsynsrade is in die volgende gebiede ingestel:

Johannesburg vir die gebied Suid-Transvaal,

Pretoria vir die gebied Noord-Transvaal,

Durban vir die gebied Natal,

---

69. Kyk Notule van die 26ste vergadering van die Nasionale Raad, 10, 12 Maart 1959, p. 8. Die Suid-Transvaalse streeksraad beskik ook reeds oor die dienste van 'n voltydse sekretaris.

70. Notule van die 28ste vergadering van die Nasionale Raad, 15, 16 en 17 Maart 1960.

71. Unie van S.A.: Vierde verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 5.

72. Ibid.

73. Vgl. Unie van S.A.: Vyfde verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, afgerolde verslag, p. 8.

Bloemfontein vir die Oranje-Vrystaat,

Oos-Londen vir die Grensgebied,

Kaapstad vir die Westelike Provinsie-gebied,

Kimberley vir die Noordwes-Kaaplandse gebied,

Port Elizabeth vir die gebied Oos-Kaapland[74].

Namate die plaaslike welsynsrade begin funksioneer het, het probleme opgeduik veral wat betref:

die afhandeling van aansoeke om registrasie en kontak tussen plaaslike welsynsrade en welsynsorganisasies en

die raadpleging van plaaslike welsynsrade deur die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies[75].

Wat die eerste probleem betref, het dit geblyk dat die prosedure waarvolgens aanbevelings in verband met registrasie van plaaslike welsynsrade verkry is, veel vertraging van die werk meegebring het. Die Registrateur het dan ook 'n memorandum in verband met hierdie saak aan die Uitvoerende Komitee voorgelê. 'n Subkomitee van die Uitvoerende Komitee het na aanleiding van hierdie memorandum aanbevelings gedoen by die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies[76].

Deur die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies is 'n subkomitee benoem wat op die hele aangeleentheid van die bespoediging van aansoeke om registrasie en nouer kontak tussen plaaslike welsynsrade en welsynsorganisasies, ingegaan het.

Uit die memorandum oor hierdie onderwerp en die verslag van die subkomitee blyk dit dat die belangrikste werk van die plaaslike rade die volgende is:[77]

74. Kyk Unie van S.A.: Vierde verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 3.

75. Notule van die 76ste vergadering van die Uitvoerende Komitee, 21 Januarie 1955; Notule van die 19de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 28, 29 en 30 November 1955.

76. Kyk Agenda vir 19de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 28, 29 November 1955, aanhangsel by bylae E.

77. Vgl. Notule van die 19de vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 28 en 29 November 1955 aanhangsel by bylae E, item 8 (c). Volgens die regsadviseurs van die Raad hoort dit nie tot die funksies van die plaaslike rade om vir die uitvoering van hulle funksies geld in te samel nie; vgl. Unie van S.A.: Vierde verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 9.

1) raadpleging ten opsigte van registrasie en koördinasie van welsynsorganisasies;
2) aanbevelings insake registrasie;
3) vrywillige koördinering.

Waar laasgenoemde werksaamheid spesifiek op koördinering as sodanig betrekking het, werk die eerste twee werksaamhede ook in 'n mindere of meerdere mate daartoe mee dat koördinasie van die werk van welsynsorganisasies tot stand kom.

Hierdie memorandum wys daarop dat die plaaslike welsynsrade in die fase toe die grootste massa registrasies afgehandel is, noodwendig meer aandag moes skenk aan die vrywillige koördinering van plaaslike welsynsbedrywighede.

In die uitvoering van hierdie plig is die plaaslike welsynsrade in 'n groot mate gestrem deur die bepaling van die Wet dat koördinering slegs op vrywillige grondslag mag geskied en registrasie nie op grond van oorvleuelende werksaamhede geweier kon word nie. Die gevoel van frustrasie wat by die welsynsrade ontstaan het, kan derhalwe in 'n groot mate toegeskryf word aan dié leemte in die bepalinge van die wet[78].

Ten opsigte van hierdie dooiepunt wat bereik is, voeg die komitee van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies die volgende toe aan die memorandum wat voor die Raad gelê is:

„Plaaslike rade kan gevoeglik ook aandag skenk aan die vraagstuk van die ontginning en koördinering van bronne vir die verkryging van die nodige finansies van vrywillige welsynsorganisasies"[79].

Die Komitee wys verder daarop: „Koördinasie en beplanning is

---

78. Notule van die 19de vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 28 en 29 November 1955, aanhangsel by bylae E; referate behandel op konferensie gereël deur die Suid-Transvaalse Streekswelsynsraad op 11 Augustus 1960. Vgl. veral die referaat van dr. R. McLachlan; „Koördinasie en hoe dit bewerkstellig kan word". Kyk ook brosjure van dieselfde skrywer: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in Suid-Afrika", t.a.p.

79. McLachlan: a.w., t.a.p.

moontlik die belangrikste van die Welsynsrade insluitende die Nasionale Raad se funksies, maar as dit alleenlik vrywilliglik kan toegepas word, dan word 'n stadium bereik waar mens net nie kan voortgaan sonder 'n mate van mag om die dinge te reël nie"[80].

4. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

a. Die promulgering van Wet nr. 40 van 1947 is die kulminasie van 'n proses van staatstoetrede tot die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorg wat reeds voor die totstandkoming van die Unie 'n aanvang geneem het. Deur hierdie wet word die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief vir die eerste keer op 'n statutêre basis geplaas.

b. Hierdie wet het, net soos die naoorlogse bestaansbeveiligingskemas, sy oorsprong in naoorlogse omstandighede wat uit die aard van die saak veel meer kontrole van die kant van hoër gesag verg as onder ander omstandighede. Nadat die toestande na die oorlog reeds lank na normaal teruggekeer het, kom hierdie wet tot stand as 'n vredestydse maatreël om van owerheidsweë beheer uit te oefen oor die insameling van geld deur welsynsorganisasies.

c. Die samestelling van die Raad soos in die wet omskryf hou praktiese sowel as prinsipiële probleme in. Dit het dan ook by meer as een geleentheid reaksie uitgelok, nie slegs van die kant van die onderskeie welsynsorganisasies nie maar ook van die kant van staatsdepartemente. Die probleem is veral geleë in die feit dat die Nasionale Raad nie verteenwoordigend van welsynsliggame is nie. Tans verteenwoordig die Raad slegs drie groepe, te wete die sosiaal-wetenskaplik geskoolde werkkragte, plattelandse en stedelike maatskaplike sorg. Dat die Raad al die verskillende uiteenlopende belangegroepe moet verteenwoordig, is uit die aard van die saak onmoontlik. Die

80. Ibid.

heterogeniteit van die bevolking en die daarmee samehangende skerp kultuurverskille tussen welsynsliggame bemoeilik die bestaan van 'n verteenwoordigende Nasionale Raad aansienlik.

d. Dit is duidelik dat ook hierdie liggaam, alhoewel dit 'n openbare liggaam is, nie van die invloede van politieke strominge vry te pleit is nie.

e. Gesien die feit dat aan die Nasionale Welsynsraad as semi-owerheidsinstansie onder meer die verantwoordelikheid opgedra is om toe te sien dat die geld van die staatsburger nie verkwis of wanbestee word nie, kan die benoeming van die finansiële subkomitee begryp word. Namate die gedagte egter prakties uitgevoer moes word, het dit geblyk dat soortgelyke werk reeds deur die Departement van Volkswelsyn verrig word in die geval van organisasies wat geldelike steun van die staat ontvang. Benewens hierdie „oorvleueling" met die werk van beamptes van die staat moes hierdie „suiwer openbare liggaam" al spoedig die taak wat aanvanklik aan die „verteenwoordigers van vrywillige welsynsorganisasies" opgedra is, oordra aan die Registrateur en sy personeel en later aan beamptes van die Departement wat voltydse en deur die staat besoldigde staatsamptenare was. Weliswaar het hierdie amptenare dit namens die Raad gedoen, maar dit wil voorkom asof hier 'n aksentsverskuiwing plaasgevind het.

f. Die streekswelsynsrade, wat die brandpunt moes vorm van die plaaslike koördinasie van welsynsbedrywighede, het getoon dat daar op meer as een kardinale punt probleme bestaan:

In die eerste plek moes hierdie rade vroeg in hulle bestaan reeds die „karakter van vrywilligheid" inboet as gevolg van die besluit van die Minister dat beamptes van die Departement as sekretarisse van hierdie rade sou optree en dat plaaslike Volkswelsynkantore in die betrokke streke die administrasiewerk van die rade sou verrig.

In die tweede plek het dit ook spoedig geblyk dat van die funksie van „raadpleging" soos in die wet omskryf daar in die praktyk om meer as een rede weinig tereggekom het. Aanbevelings is as gevolg van praktiese reëlings vertraag en het meegebring dat die werk van die Nasionale Raad daardeur vertraag is.

In die derde plek het daar van die funksie van koördinasie slegs in geïsoleerde gevalle iets tereggekom. Dit is veral toegeskryf aan die feit dat die wet slegs voorsiening maak dat koördinasie op vrywillige grondslag moet geskied.

g. Opsommenderwys moet gemeld word dat daar reeds vanaf die totstandkoming van die Raad probleme opgeduik het wat die onderliggende beginsels ten grondslag van koördinasie wesenlik raak. As gevolg van die organisatoriese vermenging van staat en partikuliere inisiatief het hier 'n soort „gemengde orgaan" ontstaan waardeur die beginsel van soewereiniteit in eie kring geweld aangedoen is. Weliswaar het dit nie meegebring die onderskikking van afsonderlike welsynsorganisasies as sodanig nie, maar in beginsel is die soewereiniteit van die partikuliere inisiatief in die algemeen ondergrawe en is aan die partikuliere inisiatief as geheel slegs 'n relatiewe outonomie oor hulle eie werk toegesê.

Wanneer die werk van die Raad in die volgende hoofstuk breedvoeriger uiteengesit word, sal opgemerk word dat ook die ander grondleggende prinsipes in 'n mindere of meerdere mate aangetas word.

## HOOFSTUK XIII.

## ONREGSTREEKSE KOÖRDINERENDE AKTIWITEITE VAN DIE NASIONALE WELSYNSRAAD.

Al vier die funksies van die Nasionale Welsynsraad, soos deur die wet aan hom toegewys en soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, raak in 'n mindere of meerdere mate die kernvraagstuk van koördinasie in die maatskaplike sorg en daarmee vanselfsprekend ook die vier onderliggende beginsels ten grondslag van koördinasie soos in afdeling A uiteengesit, naamlik universaliteit in eie kring, soewereiniteit in eie kring, enkapsis en die beginsels van gesag en van vryheid.

Dit gaan soms in die koördinerende werk van die Raad om die uitskakeling van botsings en oorvleueling en leemtes, maar dikwels gaan dit meer spesifiek om die juiste balans, ewewig en harmonie in die onderlinge verhouding tussen onderskeie liggame en instellings. Vervolgens word eerstens aandag geskenk aan die onregstreekse koördinerende aktiwiteite van die Nasionale Welsynsraad, terwyl die regstreekse pogings tot koördinasie in die volgende hoofstuk behandel word.

### 1. REGISTRASIE VAN WELSYNSORGANISASIES[1].

Een van die primêre doelstellinge wat met die instelling van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies bereik moes word, is die registrasie van alle instellings wat onder die term welsynsorganisasie val. 'n Welsynsorganisasie word soos volg omskryf in die Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947, soos gewysig:

> „..... enige assosiasie van persone, met of sonder regspersoonlikheid, of 'n inrigting waarvan die doelstellinge een of meer van onderstaande behels:
>
> (a) die voorsiening uit sy eie middele of namens die Staat of 'n plaaslike bestuur, of gedeeltelik uit sy eie middele en gedeeltelik namens die Staat of 'n plaaslike bestuur, van al of enigeen van die stoflike benodigdhede van behoeftiges;

---

1. Vgl. Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig, p. 11.

(b) die bevordering van -

(i) die gesinswelsyn; of

(ii) die welsyn van persone wat behoeftig is of in die samelewing agtergestel of sleg daarby aangepas is;

(c) die voorkoming van behoeftigheid en maatskaplike wanaanpassing;

(d) die verstrekking van regshulp en advies aan persone hoofsaaklik as mensliewendheidsdaad;

(e) die insameling van bydraes tot 'n oorlogsfonds;

(f) die voorkoming van mishandeling en die bevordering van die welsyn van diere;

(g) die insameling van bydraes vir enigeen van die in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (f) genoemde doelstellings,

dog omvat nie 'n inrigting wat deur die Staat of 'n plaaslike bestuur in stand gehou en beheer word nie, of 'n hospitaalraad of 'n vakvereniging wat geregistreer is of geag word geregistreer te wees ooreenkomstig die Nywerheidsversoeningswet, 1937, of godsdiensliggaam ten opsigte van werksaamhede wat tot godsdienswerk beperk is nie"[2].

Die eerste Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies se groot taak, naamlik die registrasie van vrywillige welsynsorganisasies, het 'n aanvang geneem nadat daar regulasies kragtens artikel 25 van die wet neergelê is.

Benewens administratiewe vereistes soos in artikel 2 van die regulasies uitgereik kragtens hierdie wet, is daar nog 'n aantal ander vereistes waaraan 'n organisasie moet voldoen alvorens sy aansoek om registrasie in aanmerking geneem word, t.w.:

---

2. Kyk Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig, pp. 5 en 6; Wet nr. 75 van 1961 tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, 1947, art. 1.
Die bepaling wat 'n kinderinrigting of versorgingsoord in die oorspronklike bewoording uitsluit, is sedertdien gewysig deur art. 94(b) van Wet nr. 33 van 1960, asook deur art. 1(c) van Wet 75 van 1961. Vgl. ook i.v.m. die omskrywing van 'n welsynsorganisasie: Stulting, A.A.: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie, p. 39 e.v.; McLachlan, R.: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in Suid-Afrika", t.a.p., p. 151.

„(1) Geen welsynsorganisasie mag kragtens hierdie Wet geregistreer word of bly nie tensy dit bestuur word volgens 'n skriftelike konstitusie wat nie in stryd met die bepalings van hierdie Wet is nie en waarin inter alia vir 'n bestuurskomitee van minstens sewe lede voorsiening gemaak word.

„(2) Verantwoordelikheid vir die nakoming van die bepalings van hierdie Wet berus by 'n bestuurskomitee en so 'n komitee moet ook sulke boeke, rekenings en registers hou, en aan die raad sulke rapporte en opgawes verstrek, as wat van tyd tot tyd voorgeskryf word"[3].

Alvorens 'n organisasie derhalwe vir registrasie in aanmerking kan kom, moet hy 'n geskrewe konstitusie besit wat nie met die bepalinge van die Wet in stryd is nie, en dit moet verder 'n bestuurskomitee hê wat die verantwoordelikheid vir die ordelike bestuur en beheer van die organisasie op hom sal neem.

Wanneer 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse by die Raad ingedien is, moet die organisasie ook op die voorgeskrewe wyse 'n kennisgewing waarin die doelstellinge van daardie welsynsorganisasie vermeld word, laat publiseer dat sodanige aansoek ingedien is, en moet die bewys aan die Registrateur voorgelê word dat sodanige kennisgewing op die voorgeskrewe wyse gepubliseer is.

Indien die organisasie aan hierdie vereistes voldoen, kan die Raad, nadat oorleg gepleeg is met die streekswelsynsraad en die plaaslike bestuur, indien daar een bestaan, die aansoek om registrasie toestaan[4].

Die aansoek om registrasie van 'n organisasie kan op die volgende gronde afgewys word:[5]

a. Indien die organisasie nie bona fide ter bevordering van die doelstellinge wat in sy aansoek om registrasie vermeld word,

---

3. Vgl. Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig, art. 16(1) en (2), p. 25.

4. Wet nr. 75 van 1961, art. 7, p. 7.

5. Wet nr. 40 van 1947, art. 9, p. 17; vgl. ook Wet nr. 75 van 1961, art. 7(b)(iv)(v).

fungeer nie, of

b. as die organisasie 'n naam aangeneem het wat waarskynlik die publiek sal mislei, of

c. indien die organisasie wat sy konstitusie of bestuur betref, nie aan een of ander van die bepalinge van hierdie wet voldoen nie, of

d. as die doelstellinge en werksgebied van die organisasie soos in sy aansoek vermeld, wesenlik ooreenkom met die doelstellinge en die werksgebied van enige welsynsorganisasie of welsynsorganisasies wat reeds geregistreer is en wat doeltreffend funksioneer of

e. as die doelstellinge van die organisasie bedoel in paragraaf (a), (b), (c), (d), (e) en (f) van die omskrywing van 'n „welsynsorganisasie" in die wet, ondergeskik aan of bykomstig by sy ander doelstellinge is.

Benewens die voorbehoudsbepaling wat geld vir 'n organisasie wat aansoek doen om registrasie ten opsigte van 'n doelstelling wat in paragraaf (d) van die omskrywing van 'n „welsynsorganisasie" vermeld word, is deur Wet nr. 75 van 1961 tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies ook die volgende voorbehoudsbepalinge bygevoeg:

> „Met dien verstande voorts dat die raad, voordat hy 'n aansoek toestaan, kan eis dat die doelstellinge van 'n welsynsorganisasie ten opsigte waarvan die aansoek afgewys is, uit die konstitusie van daardie organisasie geskrap word; Met dien verstande voorts dat as enige beswaar teen die toestaan van 'n aansoek van 'n welsynsorganisasie ingedien is, die raad nie die aansoek mag toestaan nie behalwe met die toestemming van die Minister"[6].

Die Raad besit verder die reg om die aansoek ten opsigte van een of meer van die doelstellings toe te staan en dit op grond van enige van die bogemelde redes ten opsigte van die res af te wys.

---

6. Vgl. Wet nr. 75 van 1961, art. 7(c).

Die termyn van die eerste Raad is feitlik in hoofsaak in beslag geneem deur die registrasie van welsynsorganisasies. Al spoedig het dit geblyk dat nie alle liggame wat om registrasie aansoek doen, summier geregistreer kon word nie. Vervolgens word die beleid wat deur die Raad gevolg is met betrekking tot die registrasie van die onderskeie tipes organisasies, behandel.

a. Registrasie van kerklike liggame.

Reeds tydens die tweede vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies is aan hierdie belangrike saak aandag gegee[7]. Gou het dit geblyk dat die Raad hier met 'n beginselsaak te doen het. By twee geleenthede het die Raad spesiale vergaderings gehou om die registrasie van kerklike liggame te bespreek[8].

Tydens 'n spesiale vergadering gehou op 30 November 1949 en bygewoon deur verteenwoordigers van kerke en die Departement van Bantoesake asook deur die Sekretaris van Volkswelsyn en lede van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Welsynsraad is tot die volgende gevolgtrekkinge geraak met betrekking tot die registrasie van kerklike liggame[9]:

(1) Slegs daardie organisasies en inrigtings wat as hulle hoof- of primêre doelstelling het een of meer van die doelstellinge genoem in artikel 1 van die wet en wat as outonome entiteite funksioneer, moet om registrasie aansoek doen.

---

7. Vgl. Notule van die 2de vergadering van die Nasionale Raad, 1 Junie 1948; vgl. ook in verband met hierdie onderwerp die Notule van die 12de, 14de en 19de vergaderings van die Uitvoerende Komitee gehou op 11/4/49, 8/7/49 en 31/10/49.

8. Spesiale vergaderings van die Raad is oor hierdie onderwerp gehou op 20 Junie en 30 November 1949.

9. Vgl. Notule van 'n spesiale vergadering van die Nasionale Raad oor die registrasie van kerklike liggame gehou op 30 November 1949, p. 12 e.v., asook Unie van S.A.: Tweede verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1949, p. 2. Vgl. ook toespraak van J.H. Naude, Registrateur van Welsynsorganisasies voor die N.H.S.V.-kongres op 12 Mei 1955, in Pretoria; Unie van S.A.: Vyfde verslag i.s. die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1952, p. 66; vgl. Botha: Die maatskaplike sorg, p. 65 e.v.

(2) Ondergeskikte organisasies wat blykbaar as hulle primêre doelstelling het die bevordering van die godsdiens van hulle kerke en wat verder insidenteel bykomstige doelstellinge nastreef en wat in die uitvoering van hierdie bykomstige maatskaplike doelstellinge geld insamel buiten by die lidmate van hulle eie gemeentes, sal nie nodig hê om onder die Wet te registreer nie.

(3) Geregistreerde kerklike organisasies wat takke het wat regstreeks onder hulle kontrole funksioneer, d.i. nie-outonome takke, moet magtigingsbriewe gee aan takke wat onder die beskrywing van 'n welsynsorganisasie val en wat geld by die publiek insamel.

(4) Geregistreerde kerklike organisasies wat outonome takke het wat nie onder hulle kontrole is nie, moet hierdie takke in kennis stel om om afsonderlike registrasie aansoek te doen. Sodanige takke kan egter ook, na oorleg met hulle hoofliggame, by laasgenoemde inskakel en sodoende nie-outonoom word met die gevolg dat hulle met magtigingsbriewe van die hoofliggaam moet fungeer.

(5) Inrigtings wat onder die toesig van verskeie van die kerke funksioneer, is nie geregtig op vrystelling van registrasie omdat hulle onder 'n hospitaalraad ressorteer nie.

Dit is opmerklik dat daar tydens die bespreking van die beleid in verband met die registrasie van kerklike liggame in 1949 daarop gewys is dat die Raad nie tot taak het om organisasies te dwing om hulle konstitusies te wysig nie, aangesien die Raad vrywillige koördinasie van werk moet bevorder[10].

---

10. Notule van die 14de vergadering van die U.K., 6/7/49. In 1961, twaalf jaar later, word die Wet, mede op aanbeveling van die Raad, gewysig om juis hierdie mag aan die Raad op te dra. Vgl. Wet nr. 75 van 1961, art. 7(c).

b. Registrasie van welsynsorganisasies.

Benewens die omskrywing van 'n welsynsorganisasie soos dit in die wet voorkom, kan welsynsorganisasies wat hulle werk deur middel van takke verrig, in drie kategorieë ingedeel word, naamlik:

(1) gevalle waar takke as aparte welsynsorganisasies geregistreer is, en al die takke is dan by 'n hoofliggaam geaffilieer, wat ook geregistreer is;

(2) gevalle waar takke geregistreer is as aparte welsynsorganisasies, waarby al die takke dan geaffilieer is by 'n hoofliggaam , maar die hoofliggaam nie geregistreer is nie;

(3) gevalle waar die hoofliggaam as welsynsorganisasie geregistreer is, maar die takke wat by die hoofliggaam geaffilieer is, nie geregistreer is nie[11].

Wat die laaste kategorie betref, naamlik nie-outonome takke van geregistreerde hoofliggame, is na beraadslaging besluit dat sodanige takke ingevolge volmag deur die hoofliggaam uitgereik mag fungeer. Dit is in die betrokke gevalle die verantwoordelikheid van die hoofliggaam om die Registrateur jaarliks van 'n lys van name van sulke takke te voorsien asook toe te sien dat behoorlik geouditeerde geldelike state van die takke aan die Registrateur gestuur word[12].

c. Registrasie van organisasies met veelvuldige doelstellings.

(Sogenaamde „multi purpose organisations").

Talle organisasies wat om registrasie aansoek doen, het in hulle konstitusies nie slegs welsynsdoelstellings nie maar ook ander. Hierdie feit het ook velerlei probleme opgelewer wat betref registra-

---

11. Vgl. Notule van die 28ste vergadering van die Nasionale Raad, 15, 16 en 17/3/60, p. 28.

12. Notule van die 21ste en 22ste vergaderinge van die U.K. onderskeidelik gehou op 20/2/50 en 28/3/50 asook Notule van die 6de en 29ste vergaderinge van die Nasionale Raad onderskeidelik gehou op 30/3/50 en 25 en 26/10/60.

sie sowel as die indiening van geldelike state.

Die beleid van die Raad in die geval van hierdie organisasies was, nadat die regsadviseurs van die Raad ook in hierdie verband geraadpleeg is, dat organisasies met veelvuldige doelstellings geregistreer sou word slegs ten opsigte van hulle welsynsdoelstellings[13]. Dit het meegebring dat die organisasies in hulle geldelike state aan die Raad duidelik moes aantoon watter deel van die totale inkomste spesifiek vir welsynswerk ingesamel en daaraan bestee word.

Ingevolge die wysiging van die wet waardeur registrasie van 'n organisasie geweier kan word waar sekere doelstellings ondergeskik is aan of bykomstig is by sy ander doelstellings, het die moontlikheid ook nou na vore getree dat die Raad die bevoegdheid besit om te eis dat, alvorens registrasie toegestaan kan word, die organisasie sy doelstellings ooreenkomstig die eise van die wet moet wysig[14].

d. Algemeen.

Ten opsigte van organisasies wat sowel by die Raad as by die Registrateur van Maatskappye om registrasie aansoek doen, is besluit dat die Registrateur van Maatskappye eers geraadpleeg moet word alvorens oorweging aan so 'n aansoek geskenk kan word[15].

Teen die einde van die ampstermyn van elk van die drie Rade wat reeds gedien het, was die volgende aantal organisasies geregistreer[16].

Dienstermyn van die eerste Nasionale Raad ..... 1620

Dienstermyn van die tweede Nasionale Raad ..... 2127

---

13. Vgl. Memorandum bevattende 'n opsomming van die menings van die regsadviseurs i.v.m. sekere aspekte oor die administrasie van die Wet; asook Unie van S.A.: Vyfde en Sesde verslag oor die werking en administrasie van die Wet, 1952 en 1953; idem: Sewende verslag oor die werking en administrasie van die Wet, 1954, en Notule van die 11de vergadering van die U.K., 10/3/49.

14. Kyk Wet tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, Wet nr. 75 van 1961, art. 7.

15. Vgl. Unie van S.A.: Sewende verslag oor die werking en administrasie van die Wet; (afgerolde verslag); 1954, p. 35.

16. Unie van S.A.: Tiende jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet, 1957, (afgerolde verslag), pp. 21, 25.

Dienstermyn van die derde Nasionale Raad ..... 2510

'n Groot aantal van hierdie organisasies het intussen opgehou om te bestaan. Teen die einde van November 1962 was daar 'n totaal van 2040 aktiewe liggame geregistreer, alhoewel daar sedert die bestaan van die Raad meer as 2500 organisasies geregistreer is[17].

Uit bostaande is dit duidelik dat die grootste aantal registrasies deur die eerste Nasionale Raad afgehandel is. Sedertdien het die stroom van aansoeke om registrasie nog geensins afgeneem nie. Verskeie persone het herhaalde kere daarop gewys dat hierdie verskynsel ten spyte van die heersende welvaart van die land in hoë mate onrusbarend is[18]. Die Raad het selfs in 1959 nog 'n bestendige stroom van ongeveer ses aansoeke per maand ontvang. Na aanleiding hiervan het die Sekretaris van Volkswelsyn in sy openingsrede voor die 26ste vergadering van die Nasionale Raad gesê: „Gesien teen die agtergrond van algemene welvaart in ons land, ontstaan die vraag onwillekeurig of daar in werklikheid so 'n lewendige belangstelling is en of daar in werklikheid 'n noodsaaklikheid bestaan vir die voortdurende parallelle uitbouing van welsynswerk. Indien 'n mens die versekering het dat hierdie uitbreiding op die gebied van private en vrywillige welsynswerk gepaard gaan met toenemende behoeftes en 'n gesindheid van samewerking wat lei tot daadwerklike pogings om gekoördineerde optrede te bewerkstellig, sal niemand so gelukkig voel sood die departement nie. Maar is dit nie 'n feit, wat u Voorsitter tydens sy rede by die 23ste vergadering van die Raad gekonstateer het dat die Raad, met sy pogings tot koördinasie, meer met onwillige partye

---

17. Vgl. openingsrede van die Minister van Volkswelsyn en Pensioene voor die 33ste Nasionale Raadsvergadering, 30, 31 Okt. 1962; McLachlan, R.: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in Suid-Afrika", t.a.p.

18. Vgl. openingsrede van die Sekretaris van Volkswelsyn by geleentheid van die 26ste vergadering van die Nasionale Raad, 10 tot 12 Maart 1959; Brief van Registrateur aan die Voorsitter van die Raad i.v.m. personeelsituasie van die kantoor van die Registrateur, 27/11/1959 (WOA87), asook Notas in verband met opening van die 29ste vergadering van die Nasionale Raad, 25, 26 Oktober 1960 (toespraak van mnr. P.E. Bosman).

as met gewilliges te doen kry nie?"[19]

As gevolg van die bepaling in die wet dat, alvorens registrasie toegestaan kan word, die plaaslike welsynsraad en die plaaslike bestuur, indien daar een bestaan, geraadpleeg moet word, het daar met verloop van tyd ontevredenheid by sowel die plaaslike as die Nasionale Raad ontstaan[20]. Enersyds het hierdie gebruik geweldige vertraging van registrasie meegebring omrede die plaaslike rade nie dikwels vergader het nie, en andersyds het daar van die kant van die plaaslike rade 'n gevoel van verydeling ontstaan, omdat daar gevoel is dat die rade geen doel dien nie behalwe om aanbevelings ten opsigte van die registrasie van liggame in hulle gebied te doen. Na aanleiding hiervan het die Raad 'n subkomitee benoem om in te gaan op die hele vraagstuk van die „bespoediging van afhandeling van aansoeke om registrasie en nouer kontak tussen plaaslike welsynsrade en welsynsorganisasies"[21].

Uit die memorandum wat deur hierdie subkomitee opgestel is, is dit duidelik dat plaaslike welsynsrade, volgens die bepalings van die wet, ten opsigte van registrasies geen ander plig het as om aanbevelings te doen nie. Selfs al sou die plaaslike raad dit as gevolg van plaaslike omstandighede gerade ag om die registrasie van die betrokke aansoekende organisasie nie aan te beveel nie en daar geen aanduiding bestaan dat die organisasie nie aan die vereistes van die wet voldoen nie, was die Nasionale Raad genoodsaak om die liggaam te registreer[22]. Die probleem van die bespoediging van aansoeke om registrasie is gedeeltelik opgelos deur die instelling van uitvoerende komitees deur die plaaslike rade wat sowel alle spoedeisende sake as aanbevelings ten opsigte van registrasies moes afhandel. Die subkomitee wat die bespoediging van

---

19. Openingsrede van die Sekretaris van Volkswelsyn en Kommissaris van Pensioene by die 26ste vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 10 tot 12 Maart 1959.

20. Memorandum van 'n subkomitee van die Raad oor die „Bespoediging van aansoeke om registrasie en nouer kontak tussen plaaslike welsynsrade en welsynsorganisasies", p. 3; Notule van die 76ste vergadering van die U.K., 21 Januarie 1955.

21. Memorandum van subkomitee waarna in voetnoot 20 verwys word.

22. Notule van die 65ste vergadering van die Uitvoerende Komitee, 23 Oktober 1953, asook Notule van die 72ste vergadering van die U.K., 18 Junie 1954.

aansoeke ondersoek het, het dan ook praktiese aanbevelings in hierdie verband gedoen[23].

Dit was dan ook juis die gevoel van verydeling wat die plaaslike welsynsraad van die Oostelike Provinsie daartoe genoop het om die aangeleentheid by die Nasionale Raad aanhangig te maak. Die plaaslike raad het daarop gewys dat ten spyte van die feit dat daar bestaande organisasies is wat reeds bepaalde welsynswerksaamhede behartig, die Nasionale Raad nogtans nuwe organisasies met soortgelyke doelstellings registreer[24]. Hierdie leemte, wat plaaslike koördinasie van welsynswerksaamhede in 'n groot mate bemoeilik het, het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat aanbeveel is dat die wet sodanig gewysig behoort te word dat die Raad die bevoegdheid sou besit om registrasie te weier op grond van die oorvleueling van werksaamhede van 'n nuwe organisasie met die werk van 'n reeds bestaande geregistreerde organisasie[25].

Samevattend word ten opsigte van die funksie van registrasie van die Nasionale Raad die volgende gestel:

In die tydperk voor die ingrypende wetswysiging van 1961 kon die Raad deur die uitvoering van die taak van registrasie slegs in beperkte sin onregstreekse koördinasie van die werksaamhede van vrywillige liggame tot stand bring. Die hoofdoel agter die registrasie van welsynsorganisasies was nie in die eerste plek die koördinasie van werksaamhede nie maar die doeltreffende beheer van owerheidsweë oor die geldinsameling van vrywillige organisasies wat op die publiek beroepe om geld doen. Registrasie van welsynsorganisasies het derhalwe nie in die eerste plek met die oog op die koördinering van werksaamhede geskied nie. Eers na die wysiging van die wet in 1961 sou registrasie as sodanig 'n meer prominente rol in hierdie verband speel. Verdere aandag word aan

---

23. Memorandum van 'n subkomitee i.s. die „Bespoediging van aansoeke om registrasie". Die uitvoerende komitees van plaaslike welsynsrade is o.m. aangestel om onkoste te bespaar, vgl. Notule van die 73ste vergadering van die U.K., 6 Augustus 1954.

24. Vgl. brief van die plaaslike raad van die Oostelike Provinsie, 4/12/59, op lêer WOA87.

25. Vgl. Wet nr. 75 van 1961, art. 7.

hierdie wysiging gegee in die hoofstuk oor „Regstreekse koördinasie"[26].

## 2. ADVISERING VAN DIE MINISTER, STREEKSWELSYNSRADE EN GEREGISTREERDE WELSYNSORGANISASIES[27].

Die Nasionale Raad tree volgens wet ook as adviesliggaam op en adviseer die Minister, streeksrade en geregistreerde welsynsorganisasies met betrekking tot enige aangeleentheid op die gebied van volkswelsyn en in verband met die toepassing of uitvoering van die Wet op Welsynsorganisasies.

Hierdie funksie raak die volgende drieërlei verhouding:

a. die verhouding van die Raad tot die Minister en die Departement van Volkswelsyn en daarby inbegrepe die verhouding van die partikuliere inisiatief tot die staat;

b. die verhouding van die Raad tot streeksrade en

c. die verhouding van die Raad tot geregistreerde welsynsorganisasies.

### a. Die verhouding van die Raad tot die Minister en die Departement van Volkswelsyn.

Die beginsel wat aan hierdie verhouding ten grondslag lê, word in artikel 3(1)(b) van die Wet op Welsynsorganisasies omskryf. Hiervolgens hoort dit onder meer tot die taak van die Nasionale Raad om: „die Minister ..... van advies te dien in verband met enige aangeleentheid op die gebied van Volkswelsyn"[28].

Die standpunt van die Raad kom kortliks daarop neer dat die Nasionale Raad die Minister versoek om hom in alle beleidsvraagstukke te ken. Hierdie raadpleging van die Raad deur die Minister moet volgens eie oordeel die advies van die Raad aanvaar of verwerp. Hierdie advisering van die kant van die Raad mag geskied ten opsigte van enige aangeleentheid op die gebied van Volkswelsyn, maar die Raad laat hom nie met die

---

26. Kyk p. 376 van hierdie verhandeling.

27. Tweede funksie van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies soos omskryf in Wet nr. 40 van 1947, soos gewysig, art. 3.

28. Vgl. Wet op Welsynsorganisasies, art. 3(1)(b).

interne administrasie van die Departement in nie. Aangesien die Raad die mondstuk van die privaat inisiatief in die algemeen is, veronderstel die beleid van vennootskap tussen die staat en partikuliere inisiatief dat daar wedersydse oorlegpleging tussen die twee liggame sal wees. Afgesien van raadpleging van die kant van die Minister staan dit die Raad vry om enige aangeleentheid op die gebied van Volkswelsyn by die Minister aanhangig te maak en hom dan in verband daarmee van advies te dien. Uit die aard van die saak beskik enige welsynsorganisasie ook oor hierdie mag. Die Minister het hom met hierdie standpunt ten opsigte van bogemelde verhouding verenig[29].

Ten spyte van die baie duidelike omskrywing van die verhouding tussen die Raad en die Minister het daar by die praktiese uitvoering van hierdie beleid veel geskort. Reeds voordat daar tot bogemelde ooreenkoms geraak is, is deur lede van die Raad gewys op die onbevredigende wyse waarop antwoorde van die Minister ontvang is[30].

Die saak wat egter veral in verband met die onderhawige verhouding ontevredenheid aan die kant van die Raad veroorsaak het, was die antwoord wat van die Minister ontvang is op die versoek van die Raad dat die verslag van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies eers aan die Raad voorgelê moet word vir oorweging en advies aan die Minister[31]. Die Minister het hierdie versoek geweier op grond van die feit dat -

(1) indiwiduele lede van die Raad voor die Komitee getuienis afgelê het en dat die mening van die Raad dus in die verslag vervat is;

(2) dit onnodige uitgawes sou meebring.

---

29. Vgl. Memorandum oor die „Verhouding van die Raad tot die Minister en departement van Volkswelsyn"; Unie van S.A.: Sesde verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1953; Unie van S.A.: Sewende verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1954.

30. Kyk Notule van die 11de vergadering van die Nasionale Raad, 12 en 13 Maart 1952, p. 8.

31. Vgl. Notule van die 14de vergadering van die Nasionale Raad, 5, 6 en 7 Mei 1953; Notule van die 69ste vergadering van die U.K., 19 Maart 1954.

Na herhaalde versoeke aan die Minister, onder meer deur die voorsitter van die Raad, het die Minister in 'n brief te kenne gegee dat hy onder geen verpligting staan om die Raad te raadpleeg nie. Na aanleiding hiervan het die Registrateur in opdrag van die voorsitter in die notule van die Raad nagegaan en bepaal hoeveel keer die Minister die Raad uit eie beweging geraadpleeg het. Dit het geblyk dat die aantal kere minimaal was. Op grond hiervan het die voorsitter aan die Minister 'n brief gerig waarin hy onder meer daarop wys dat „.... die staat (die Minister en sy Departement) sedert die totstandkoming van die Raad maar bitter min van hom gebruik gemaak het as adviesliggaam". Hy het voortgegaan deur daarop te wys dat die raadpleging wat wel plaasgevind het, „min of meer onbenullig van aard is en geensins die welsynbeleid van die land in sy wese raak nie". Hy het ten slotte die volgende stelling geponeer: „Die Raad het dus, afgesien van sy sienswyse wat hy van tyd tot tyd voorgelê het, as adviesliggaam eintlik geen funksie van enige betekenis ten opsigte van die staat gehad nie. Sy bestaan was in die opsig min of meer futiel"[32].

Met verloop van tyd het die verhouding van die Nasionale Raad tot die Minister aansienlik verbeter deurdat die Minister in sy toesprake voor die vergaderings van die Raad in die reël belangrike aankondigings gedoen het oor sake wat die landsbeleid ten opsigte van welsynsake wesenlik raak. Die Raad kon dan op sy vergaderings aan hierdie toesprake aandag gee en besluite in verband daarmee formuleer[33].

By verskillende geleenthede is oor hierdie aangeleentheid met die Minister onderhoude gevoer ten einde helderheid te kry oor die praktiese verwesenliking van hierdie verhouding.

Tydens die onderhoude is die standpunt van die Raad verduidelik, soos blyk uit 'n toespraak van die voorsitter tydens die 14de vergadering

---

32. Kyk ~~briewe van~~ die voorsitter van die Raad aan die Minister, 15/3/54 en 7/4/54; Notule van die 69ste vergadering van die U.K. 19/3/54.

33. Unie van S.A.: Tiende jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies 1957, p. 26; Unie van S.A.: Negende jaarverslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, (afgerolde verslag), 1956, p. 21.

van die Raad, naamlik:

(a) dat die Raad meer wou wees as net 'n registrerende liggaam;

(b) dat die Raad met groter prestige en aansien vrywillige koördinering van welsynswerk en -organisasies teweeg wil bring en

(c) dat die Raad wil trag om die Minister, plaaslike welsynsrade en vrywillige welsynsorganisasies van advies te dien[34].

Uit die aard van die funksies wat deur die wet aan die Nasionale Raad opgedra is, was dit ook die taak van die Raad om in die beplanning van die maatskaplike beleid van die land 'n leidinggewende rol te speel. Die voorsitter het dan ook in gemelde toespraak tydens die veertiende vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies in besonder op hierdie aspek van die Raad se werk klem gelê.

Die Raad het hom dit na aanleiding van hierdie toespraak veral ten doel gestel om met die medewerking van die Departement, die universiteite en vrywillige welsynsliggame 'n planmatige welsynsbeleid vir die land uit te werk, waarin beide die staat en die vrywillige welsynsorganisasies hulle regmatige plek sou verkry. Die vernaamste punte waaraan in hierdie beplande welsynsbeleid aandag geskenk moes word, was onder meer die volgende[35]:

(i) Navorsing in maatskaplike sorg met die oog op die beplanning van 'n omvattende welsynsbeleid vir die land;

(ii) die koördinasie van maatskaplike staatsorg binne een departement ooreenkomstig 'n bepaalde welsynbeleid, in verband waarmee daarop gewys word dat „..... 'n sterk en lewenskragtige

---

34. Vgl. toespraak van die voorsitter voor die 14de vergadering van die Nasionale Raad, 5, 6 en 7 Mei 1953.

35. Vgl. Notule van die 14de vergadering van die Nasionale Raad, 5, 6 en 7 Mei 1953.

departement van Volkswelsyn in die Suid-Afrikaanse welsynstelsel 'n sentrale plek moet inneem";

(iii) Gesinsorg en aanverwante werk moet hoofsaaklik deur die partikuliere inisiatief onderneem word;

(iv) Staatsubsidiering van die werk van vrywillige welsynsorganisasies moet in die omvattend beplande staatsbeleid 'n sentrale plek inneem;

(v) opgeleide welsynspersoneel met professionele status en besoldiging moet 'n belangrike plek in die land se welsynsbeleid inneem.

Hierdie gedagtes in verband met die beplanning van die maatskaplike sorg in Suid-Afrika het geleidelik in die praktyk vorm aangeneem. By herhaalde geleenthede is deur die Raad en sy Uitvoerende Komitee tydens vergaderings aan genoemde sake aandag geskenk.

Wat betref die finale verslag van die Departementele Komitee van ondersoek insake die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers het die Raad ook 'n besliste bydrae gelewer[36]. Die aanbevelings van die komitee, naamlik dat professionele status aan opgeleide maatskaplike werkers verleen word, is deur die Raad onderskryf. Na die verskyning en kennisname van die verslag van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, waarin bogemelde aangeleentheid behandel is, is deur die Raad daarop aangedring dat die aanbevelings van die Komitee, met die meeste waarvan die Raad ten volle akkoord gegaan het, so spoedig moontlik ten uitvoer gebring moes word[37].

b. <u>Verslag van die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies.</u>

Die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies het regstreeks

---

36. Vgl. Notule van die 21ste vergadering van die U.K., 20/2/50, Notule van die 8ste vergadering van die Nasionale Raad, 28 en 29 Maart, 1951, p. 9; Unie van S.A.: <u>Derde verslag i.s. die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies</u>, 1950, p. 15.

37. Unie van S.A.: <u>Sesde verslag i.s. die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies</u>, 1953, pp. 14, 15.

aanleiding gegee tot die instelling van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. Die Raad het, nadat 'n brief van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika in verband met die herroeping van Ordonnansie nr. 4 van 1919 (Kaap) ontvang is, vertoë tot die Minister gerig waarin versoek is dat 'n komitee van ondersoek benoem moes word wat sou ingaan op die moontlikheid van die daarstelling van 'n eenvormige nasionale beleid ten opsigte van die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. Onder hierdie ordonnansie was sekere liggame in die Kaapprovinsie meer deur subsidie bevoordeel as die in ander provinsies[38].

Die Minister was egter nie in daardie stadium bereid om sodanige komitee van ondersoek in te stel nie. Met hierdie standpunt het die Raad hom nie verenig nie, en 'n deputasie is na die Minister gestuur. Aangesien die Minister sy standpunt gehandhaaf het, is daar besluit om binne die tydsbestek van 'n jaar weer aan die saak aandag te skenk[39]. Nadat 'n tydjie later van die Kaapse Koördinerende Raad van Welsynsliggame 'n brief ontvang is, het die Raad weer op die aangeleentheid en die hele kwessie van die herroeping van Ordonnansie nr. 4 van 1919 ingegaan[40]. Die saak is hierna in 1949 en 1950 deur die Raad behandel. Na baie onderhandelinge is daar oorgegaan tot die instelling van so 'n komitee van ondersoek, wat benewens die opdrag in verband met die finansiering van vrywillige welsynswerk in die algemeen ook die opdrag gehad het om 'n wetsontwerp van Uniale omvang op te stel wat Ordonnansie nr. 4 van 1919 (Kaap) sal vervang en die finansiële verhouding tussen die Departement en die vrywillige welsynsorganisasies sou bepaal[41].

---

38. Notule van die 1ste vergadering van die Nasionale Raad, 13 Nov. 1947, p. 10; Notule van die 2de vergadering van die Nasionale Raad, 1 Junie 1948, p. 7; Unie van S.A.: Eerste verslag i.s. die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1948, p. 5; Idem; Tweede verslag i.s. die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1949. p. 16; Notule van die 17de vergadering van die Nasionale Raad, 26-28 Oktober 1954, bylae A.

39. Notule van die 10de vergadering van die U.K., 14 Februarie 1949, p. 3.

40. Notule van die 21ste vergadering van die U.K., 20/2/50, p. 12.

41. Vgl. Notule van die 7de vergadering van die Nasionale Raad, 14 en 15 September 1950, p. 3; Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1949-1951, pp. 21, 22.

Die menings van indiwiduele raadslede is gesamentlik in die vorm van 'n memorandum aan die Komitee voorgelê[42]. Toe die verslag van die Komitee beskikbaar gestel is, is 'n subkomitee deur die Raad benoem om op die aanbevelings van die Komitee van ondersoek in te gaan[43]. Die meeste van die aanbevelings van die Komitee is deur die Nasionale Raad onderskryf[44].

Die Nasionale Raad is ook deur die Minister verder geken in die vraagstuk van die herroeping van Ordonnansie nr. 4 van 1919 (Kaap) en die daarmee gepaard gaande probleme ten opsigte van die Kaapse Onderstandsraad en die Vereniging van Maatskaplike Dienste in Suid-Afrika. Daar is in hierdie verband, mede op aanbeveling van die Raad, besluit om nie hierdie ordonnansie onmiddellik te herroep nie maar om dit oor 'n tydperk van vyf jaar met 'n nasionale subsidiebeleid te vervang[45].

Die aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies het in breë trekke die verhouding aangedui waarin die Departement voortaan tot die partikuliere inisiatief sou staan. Die Komitee is onder meer aangestel omdat die Departement oortuig was dat die staat en private inisiatief deur koördinering en samewerking op die gebied van welsynswerk die beste resultate kan lewer[46]. Daarom ook het die staat die werk van die partikuliere

---

42. Notule van die 40ste vergadering van die U.K., 20 Augustus 1951, p. 6; Notule van die 10de vergadering van die Nasionale Raad, 7 en 8 November 1951, pp. 9, 10; Unie van S.A.: Sesde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1953, p. 15.

43. Notule van die 15de vergadering van die Nasionale Raad, 13, 14 en 15 Oktober 1953, p. 15.

44. Vgl. Notule van die 16de vergadering van die Nasionale Raad, 18 tot 20 Mei 1954, aanhangsel 28; Unie van S.A.: Sewende verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1954, p. 14 e.v.

45. Vgl.: Departement van Volkswelsyn; Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, 31 Augustus 1953; Staatsdrukker, Pretoria; Vierde verslag (1951) en Sewende verslag (1954) insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies; Notule van die 86ste vergadering van die U.K., 24/2/56, p. 14; Notule van die 19de vergadering van die Nasionale Raad, 28 tot 30 November 1955, en van die 20ste vergadering, 22 tot 23 Mei 1956; Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1949-1951, p. 10.

46. Vgl. Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1949-1951, pp. 7, 21.

inisiatief subsidieer.

Die grondleggende beginsel wat die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief moes beheers, was die sogenaamde vennootskapsverhouding.

Die vennootskapsverhouding[47] hou die volgende in:

(1) Die staat en die partikuliere inisiatief het op die gebied van die maatskaplike sorg elk sy besondere deel om by te dra en

(2) die beste resultate kan verkry word deur die partikuliere inisiatief en die staat as vennote op die gebied van die maatskaplike sorg te beskou.

Die Komitee was verder in verband met hierdie verhouding van mening dat ook die volgende by bogenoemde stellinge in berekening gebring moes word:

Die geslaagde bestaan en voortbestaan van die vrywillige welsynsorganisasies is van toereikende middele afhanklik. Om hierdie rede is dit die taak van die staat om die vrywillige welsynsorganisasies gedeeltelik aan geldmiddele te help.

Die aanvaarding van die beginsel het vir die praktyk die volgende betekenis: Beide die staat en die vrywillige welsynsorganisasies het 'n eiesoortige taak om op die gebied van die maatskaplike sorg te verrig. Derhalwe moet daar 'n baie duidelike taak- en funksieverdeling tussen die staat en die vrywillige welsynsorganisasies bestaan. Die vennootskapsverhouding impliseer ook verder dat die staat as die sterkste en senior vennoot die vrywillige welsynsorganisasies ten dele aan geldmiddele moet help om hulle werksaamhede voort te sit. Die vrywillige welsynsorganisasie moet verder ook self geldmiddele byeenbring om sy werksaamhede te finansier.

---

47. Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, 1953, p. 1; Cronjé: Mens tot medemens, p. 155 e.v.; Johannesburg, Stad van: Verslag van die Johannesburgse Konferensie oor maatskaplike werk, 9 - 14 Oktober 1950, p. 3. Vgl. ook in verband met die verhouding tussen die staat en partikuliere inisiatief, p. 100 van hierdie verhandeling.

Dit is baie belangrik dat die Komitee van die standpunt uitgaan dat die partikuliere inisiatief „..... met eie rieme moet roei sodat die karakter van vrywilligheid op die gebied van die maatskaplike sorg gehandhaaf kan word"[48]. Hierdie stelling laat onmiddellik die vraag ontstaan of die karakter van vrywilligheid deur die toekenning van staatsteun aangetas word?

Die Komitee van ondersoek het verder baie duidelike prinsipiële riglyne aangedui waarlangs die staat in die toekoms sou wil sien dat die verhouding tussen die staat en partikuliere inisiatief moes ontwikkel. Op grond van die feit dat die staat verantwoordelik sou wees vir die „welsyn van die gemeenskap" en die hele gebied van die maatskaplike sorg kan oorsien, word aan die staat in die eerste plek opgedra die beplanning van die maatskaplike beleid van die land. Verder het die staat tot taak die behartiging van die navorsing in verband met maatskaplike sorgvraagstukke asook die administrasie van staatstoelae en die behartiging van die statutêre maatskaplike sorg. Voortvloeiend uit die juridiese funksie van die staat word sorg in verband met persone wat in bewaring aangehou word, ook aan die staat opgedra, met dien verstande dat die noodsaaklike aanvullende gesinsorg wat daarmee gepaard behoort te gaan, deur die partikuliere inisiatief onderneem behoort te word. Alle vorme van duur en omvangryke maatskaplike sorg behoort ook vanweë die hoë finansiële eise wat dit stel, deur die staat onderneem te word[49].

Wat die toekenning van staatsteun aan die vrywillige welsynsorganisasies betref, is deur die Komitee aanbeveel dat subsidie slegs aan geregistreerde welsynsorganisasies wat by voorkeur op nasionale of provinsiale grondslag gekoördineer is, toegeken moes word. Die toekenning van geldelike steun aan geregistreerde welsynsorganisasies het

---

48. Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, p. 4; Cronjé: Mens tot medemens, pp. 156, 157.

49. Kyk i.v.m. aanbevelings oor staatstaak: Cronjé: Mens tot medemens, p. 161 e.v.; Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, pp. 1-5, 18-21, 59 e.v.

meegebring inspeksie van die geldelike state van die betrokke organisasie, verteenwoordiging van die staat op die bestuur asook inspeksie van die werksaamhede van die organisasie. Verder moet die organisasie voldoen aan bepaalde vereistes soos deur die Departement gestel[50].

Met betrekking tot die funksie van die plaaslike owerhede[51] in die behartiging van die maatskaplike sorg poneer die Komitee dat hulle taak nie identiek met die van die vrywillige welsynsorganisasies is nie. Dit hou veral in dat die plaaslike owerhede hulle nie op die terrein van die praktiese beoefening van maatskaplike sorg moet begewe nie maar hulle bydrae behoort te lewer deur die daarstelling van bepaalde gemeenskapsdienste in die vorm van, onder andere, geriewe vir ontspanning en vryetydsbesteding, geboue en kantore vir welsynsorganisasies, gesondheidsdienste en behuising. Baie duidelik word dit gestel dat daar 'n definitiewe verdeling van werk en terrein tussen die staat, plaaslike owerheid en die vrywillige welsynsorganisasie behoort te bestaan. Plaaslike owerhede het verder tot taak die behartiging van maatskaplike sorg ten opsigte van hulle eie werknemers en die aanbeveling ten opsigte van organisasies in hulle gebied wat by die Nasionale Raad om registrasie aansoek doen. Gedurende die oorgangsfase terwyl die Bantoe nog nie ten volle verantwoordelikheid vir sy eie welsynsdienste kan aanvaar nie, sal die plaaslike owerhede tydelik hierdie diens moet onderneem.

Histories het die situasie in Suid-Afrika sodanig ontwikkel dat die partikuliere inisiatief in hoofsaak vir die gesinsorg van die land verantwoordelik was[52]. Met verloop van tyd het baie van die funksies wat deur die partikuliere sorginstansies behartig is, in die hande van

---

50. Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, pp. 4, 6, e.v. Vgl. ook i.v.m. staatsteun aan die partikuliere inisiatief Cronjé: Mens tot medemens, p. 183, e.v.

51. Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, p. 8, e.v.; Cronjé: a.w., p. 168, e.v.

52. Cronjé: a.w., p. 175; Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 24, 1948, p. 188: Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 19; 1937 - 1949, p 3.

die staat oorgegaan of het gesubsidieerde instellinge semistaatsinstellings geword[53]. Die Komitee van ondersoek dra ook die taak van gesinsorg primêr aan die vrywillige welsynsorganisasies op, met die voorbehoud dat die staat, wanneer dit uit die aard van sy werksaamhede voortvloei, ook gesinsorg kan behartig. Dit word as die taak van die partikuliere inisiatief gesien om met betrekking tot die ontginning van nuwe werkterreine proefondervindelik te werk te gaan, met die voorbehoud dat wanneer die staat oortuig geraak het van die noodsaaklikheid van die nuwe diens as onderdeel van die welsynsprogram van die land, hy daartoe kan oorgaan om die diens geldelik te steun. Dit staan die staat verder ook vry om enige nuwe welsynsdiens self te inisieer[54]. Die werkverdeling tussen die gesinsorg- en spesialiserende organisasies behoort daarin te bestaan dat die gesinsorgorganisasie die gesin as eenheid behandel, terwyl die spesialiserende organisasie besondere probleme van bepaalde gesinslede behandel[55].

Die Komitee het ook belangrike aanbevelings met betrekking tot koördinasie gedoen. Daar is van die kerngedagte uitgegaan dat daar 'n sentrale, gekoördineerde en wetenskaplik beplande welsynbeleid moes wees, waarin navorsing in verband met maatskaplike sorg en maatskaplike sorgvraagstukke van kardinale en deurslaggewende belang sou wees en waarin beide die staat en die partikuliere inisiatief 'n daadwerklike rol sou speel[56]. Koördinasie van staatsorg moes onder die vleuels van een staatsdepartement geskied, terwyl die hoof-, streeks- en plaas-

---

53. Die vrywillige welsynsorganisasies word beskou as die pioniers wat nuwe ontwikkelings inisieer, en dan daarna, sodra die werk gevestig is, moet die staat die werk oorneem - vgl. Report of the select committee on the subject of the Welfare Organizations Bill, p. 48; Union of S.A.: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61, 1947, kolom 1886.

54. Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, pp. 24, 58; Report of the select committee on the subject of the Welfare Organizations Bill, p. 48.

55. Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, pp. 12, 13; Cronjé: Mens tot medemens, p. 200.

56. Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, p. 58; Cronjé: a.w., p. 155 e.v.

like kantore van die Departement van Volkswelsyn moes dien as sentra van waaruit die koördinasie van die werksaamhede van die staat en die vrywillige welsynsorganisasies sou plaasvind[57]. As oogmerk van die koördinasie van die werk is gestel die uitskakeling van oorvleueling en die bevordering van gesonde samewerking en wedersydse aanvulling van dienste op die basis van 'n goeie onderlinge gesindheid[58].

Uit die voorafgaande het dit seker meer as duidelik geword dat baie, trouens, die meeste, van hierdie gedagtes reeds op 'n beknopter wyse by die vergaderings van die Nasionale Raad genoem is[59].

Die verwesenliking van die genoemde onderlinge verhouding tussen die staat en die vrywillige welsynsorganisasies is tot stand gebring deur Omsendbrief nr. 56 van 1955 van die Departement van Volkswelsyn, waarin die hele aangeleentheid van die werkverdeling tussen die Departement en die vrywillige welsynsorganisasies uiteengesit word[60].

Die werkverdeling soos dit in die omsendbrief uiteengesit word, berus op die aanvaarding van die beginsel dat die staat as die senior vennoot in die vennootskapsverhouding tussen die staat en partikuliere inisiatief en as instansie wat die hele gebied van die land se maatskaplike sorg kan oorsien, daartoe moet oorgaan om 'n bevredigende werkverdeling tussen die staat en partikuliere inisiatief daar te stel met die oog op die koördinasie van die dienste van die twee betrokke instansies[61].

Die Nasionale Raad is ook oor hierdie werkverdeling geraadpleeg. Die voorsitter van die Raad het in sy hoedanigheid as voorsitter die

---

57. <u>Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies</u>, pp. 25, 58-60 e.v.

58. Ibid., p. 58.

59. Vgl. toespraak van die voorsitter voor die 14de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 5, 6 en 7 Mei 1953. (Die voorsitter van die Raad was ook lid van die Komitee van ondersoek).

60. Vgl. Omsendbriewe nr. 56 van 1955 en 6 van 1957 van die Departement van Volkswelsyn.

61. Unie van S.A.: <u>Sewende verslag i.s. die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies</u>, 1954, bylae C, p. 2; toespraak van die Minister voor 'n vergadering van die Nasionale Raad op 26 Oktober 1954; Cronjé: <u>Mens tot medemens</u>, p. 156.

samesprekings oor die werkverdeling in Pretoria bygewoon en sy persoonlike oortuigings oor hierdie aangeleentheid gelug, aangesien daar nie genoeg tyd was om eers die mening van die Uitvoerende Komitee of die Nasionale Raad daaroor in te win nie[62].

Die beleidstuk wat in hierdie verband deur die Departement opgestel is, is aan die Raad voorgelê en deur die Raad na die plaaslike rade verwys vir kommentaar[63]. Die Minister het egter reeds op die sewentiende vergadering van die Raad daarop gewys dat die werkverdeling tussen die takkantore van die Departement en die vrywillige welsynsorganisasies op die beginsel berus dat die staat die gesinsorg waarvoor hy verantwoordelik is, sover moontlik aan die vrywillige welsynsorganisasies sal toevertrou. Die beginsel sou prakties daarop neerkom dat alle maatskaplike sorg wat regstreeks op die indiwidu of gesin in die vrye samelewing gerig is, deur die vrywillige welsynsorganisasies behartig moet word. Die volkswelsynbeamptes sal optree waar enige geldelike hulp van staatsweë aan liggame, indiwidue of gesinne verleen staan te word. In sodanige omstandighede sal die voorafgaande maatskaplike ondersoek ter regverdiging van die hulp deur die departementele beamptes onderneem word. Alle maatskaplike ondersoek en verslae wat ingevolge bestaande statutêre bepalings deur staatsowerhede ten opsigte van indiwidue en gesinne verlang word, sal deur die vakkundiges van die Departement behartig word[64].

Die Nasionale Raad het verder ook in die planne ten opsigte van die reorganisasie van die Departement se velddienste 'n aandeel gehad. Een

---

62. Notule van die 19de vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, 28-30 November 1955, p. 16.

63. Vgl. Notule van die 19de (28-30 November 1955) en 20ste (22, 23 Mei 1956) vergaderings van die Nasionale Raad; Notule van die 86ste vergadering van die U.K., 24/2/56; verslae van plaaslike welsynsrade ingelewer i.v.m. die werkverdeling tussen vrywillige welsynsorganisasies en takkantore van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene (WOA 38/3).

64. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Navorsing en Inligting: <u>Die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief in die professionele maatskaplike werk</u>, uitgawe nr. 1 van 1962, p. 11; Notule van die 17de (26-28 Oktober 1954) en 19de (28/11/1955) vergaderings van die Nasionale Raad; Notule van die 61ste (3/8/53) en 68ste (24 Junie 1953) vergaderings van die U.K.; asook Notule van die 15de vergadering van die Nasionale Raad, 13-15 Oktober 1953.

van die gedagtes deur die voorsitter geuit insake die inskakeling van pensioene by die Departement het onder meer in die praktyk na die deurvoering van die reorganisasiebeleid verwesenliking gevind[65].

c. Verhouding van die Nasionale Raad tot die Streekswelsynsrade.

Soos reeds in die vorige hoofstuk[66] aangetoon is, het die streekswelsynsrade die taak om aanbevelings te doen ten opsigte van registrasie van welsynsorganisasies; die Nasionale Raad, staatsdepartemente en plaaslike besture te raadpleeg en die koördinering van vrywillige welsynsorganisasies se werksaamhede aan te moedig en te bevorder.

Dit is veral die eersgenoemde twee funksies wat koördinasie indirek raak en onder andere die verhouding tot die Nasionale Raad bepaal.

Juis as gevolg van die feit dat daar van die kant van die oorspronklike plaaslike rade onvergenoegdheid ontstaan het met betrekking tot hierdie verhouding, is 'n subkomitee benoem om die hele kwessie van die bespoediging van aansoeke om registrasie en nouer kontak tussen plaaslike welsynsrade en welsynsorganisasies te ondersoek. In die verslag van die subkomitee word daarop gewys dat die omskrywing van die pligte van die plaaslike rade baie vaag is en dat dit in hoofsaak in verband gebring moet word met die taak van aanbevelings ten opsigte van registrasie en vrywillige koördinering van welsynswerk. Waar die plaaslike rade tot taak het om met onderskeie liggame oor koördinasie oorleg te pleeg, berus die verhouding van die plaaslike rade tot die Nasionale Raad veral daarin dat die plaaslike rade aanbevelings doen oor welsynsorganisasies in hulle gebiede wat om registrasie aansoek doen[67]. Met die nuwe magte wat ingevolge die Wet op Welsynsorganisasies in hierdie verband aan die Raad opgedra is, kan die streeksrade baie doen deur

---

65. In 1958 word Pensioene van die Departement van Arbeid oorgeplaas na die Departement van Volkswelsyn.

66. Sien p. 333 e.v. hierbo.

67. Vgl. Wet nr. 40 van 1947, soos gewysig, art. 5(4)(b) asook Memorandum oor die standpunt van die Raad met betrekking tot die verhouding van die Raad tot die minister en Departement van Volkswelsyn en welsynsorganisasies.

die oorvleueling van welsynswerk op 'n plaaslike grondslag teë te werk. Die streekswelsynsrade is natuurlik ook die kanaal waardeur nominasies vir die samestelling van die nuwe Nasionale Welsynsraad aangevra word[68].

d. Verhouding van die Nasionale Raad tot die vrywillige welsynsorganisasies[69].

Dit is ingevolge die wet die plig van die Raad om welsynsorganisasies oor enige aangeleentheid op die gebied van maatskaplike sorg van advies te dien. Die Raad, wat deur J.H. Hofmeyr gesien is as 'n forum vir die bespreking van welsynsaangeleenthede en welsynsbeleid, is die statutêre mondstuk van die vrywillige maatskaplike sorg[70]. Vertoë in verband met beleidsaangeleenthede kan deur welsynsorganisasies tot die Raad gerig word, en die Raad kan kragtens sy statutêre bevoegdhede ten opsigte daarvan optree. Omdat die Raad nie die vrywillige welsynsorganisasies verteenwoordig nie, kan dit uit die aard van die saak nie as pleitbesorger vir spesifieke belange optree nie. Vertoë in verband met spesifieke belange moet nog die betrokke instelling via die bepaalde vrywillige organisasie self bereik. Wanneer die Raad opgetree het in verband met die funksie van advisering wat aan hom toevertrou is, het hy by voorkeur met die nasionaal gekoördineerde hoofliggame onderhandel.

3. OPTREDE VAN DIE RAAD MET BETREKKING TOT DIE VERWESENLIKING VAN DIE OOGMERKE VAN DIE WET.

Ten slotte moet daar in verband met die funksie van raadpleging gewys word op die talle kere wat die Raad sy kommentaar aan departementele kommissies of komitees van ondersoek voorgelê het of lede van die Raad getuienis voor sodanige komitees van ondersoek afgelê het. In hierdie verband dien daarop gewys te word dat die Raad belangrike advies gelewer het in die vorm van getuienis en kommentaar voor onder andere die volgende komitees:

---

68. Wet nr. 40 van 1947, soos gewysig, art. 2.

69. Vgl. memorandum oor genoemde verhouding genoem in voetnoot 67 hierbo; Unie van S.A.: Sewende verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1954, p. 1.

70. Notule van 1ste vergadering van die Nasionale Raad, 13/11/47, p. 2.

a. Die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies;

b. die Komitee van ondersoek na die hersiening van die inkomstebelastingwet;

c. die Komitee van ondersoek insake gesinstoelae;

d. die Komitee belas met die hersiening van die Kinderwet, ensovoorts[71].

Die Raad het ook op die verskillende terreine van die maatskaplike sorg aan talle vraagstukke aandag gewy waardeur hy uitvoering gegee het aan sy taak om met die oog op die verwesenliking van die oogmerke van die Wet op te tree. Baie van die vraagstukke het juis onder die aandag gekom vanweë die noodsaaklikheid om oorvleueling van dienste en botsings uit te skakel, soos byvoorbeeld die vraagstuk van die oorsending van voedsel en geld oorsee terwyl daar gebrek in Suid-Afrika bestaan[72]. Ander sake waaraan die Raad van tyd tot tyd aandag gegee het, is:

(1) die versorging in inrigtings van liggaamlik en verstandelik afwykende kinders[73];

(2) die distribusie van openbare bystand[74];

(3) openbare bystand in buitestedelike gebiede[75];

(4) herstellingsoorde vir pasiënte wat op ontslag uit hospitale vir sielsiekes wag[76];

---

71. Kyk o.a. Unie van S.A.: Tiende jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1957, p. 26.

72. Unie van S.A.: Tweede jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1949, pp. 17, 18; idem; Vierde jaarverslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 15; Notule van die 14de vergadering van die U.K., 8/7/49, p. 7.

73. Unie van S.A.: Tweede verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1949, p. 19; idem: Sesde jaarverslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1953, pp. 15, 16.

74. Unie van S.A.: Derde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1950, p. 11; Notule van 'n spesiale vergadering van die U.K., 20 November 1950.

75. Vgl. Unie van S.A.: Vierde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1951, p. 14.

76. Unie van S.A.: Sesde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1953, p. 16.

(5) die bestryding van alkoholisme[77];

(6) die versorging van bejaardes[78];

(7) ondersoek na die behoefte aan jeugtehuise vir nie-blankes aan die Rand[79];

(8) veiligheidsplekke vir behoeftige blanke vroue[80];

(9) werwing van vroue vir die Suid-Afrikaanse Polisiemag[81];

(10) versameling van statistiese gegewens oor die werksaamhede van verskillende bedrywighede van welsynsorganisasies en liefdadigheidsinrigtings[82];

(11) die integrasie van werk verbonde aan die gesondheidsdriehoek[83], ensovoorts.

4. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

a. Dit is duidelik dat die Departement, ten spyte van die totstandkoming van die Nasionale Welsynsraad, nogtans sy funksie van koördinasie van die werksaamhede van die vrywillige welsynsorganisasies behou het.

b. Met die byvoeging van oorvleueling van werksaamhede as grond vir die weiering van 'n aansoek om registrasie, verkry die Nasionale Raad, volgens 'n woordvoerder van die Departement, nou feitlik diktatoriale magte[84] sowel wat registrasie as

---

77. Ibid., pp. 16, 17.

78. Ibid., p. 19.

79. Ibid., pp. 20, 21.

80. Ibid., p. 20.

81. Ibid., pp. 21, 22.

82. Unie van S.A.: Tweede verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1949, p. 17; Idem: Sesde verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1953, p. 26.

83. Notule van die 2de vergadering van die Nasionale Raad, 1 Junie 1948; Unie van S.A.: Eerste verslag insake die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1948, pp. 5, 6.

84. Dit is interessant dat soortgelyke besware geopper is ten opsigte van die voorsiening van die oorspronklike wet vgl. Report of the Select Committee on the subject of the Welfare Organizations Bill; Union of S.A.: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61, 1947.

die koördinering van welsynswerk betref. Benewens die voordeel wat die nuwe wysiging ingehou het, naamlik die uitskakeling van onnodige botsings en oorvleueling, kan dit ook daartoe aanleiding gee dat die ondernemingsgees van die partikuliere inisiatief op verskillende terreine gedemp word en dat die monopolie ten opsigte van sorg op 'n bepaalde terrein geleidelik in die hande van een bepaalde organisasie oorgaan.

'n Ander wesenlike probleem wat hier mag opduik, is die feit dat registrasie van 'n organisasie op grond van die oorvleueling van funksies en werkgebied geweier kan word maar dat prinsipiële verskille nie in aanmerking geneem word nie. 'n Groep persone mag moontlik besluit om 'n organisasie soortgelyk aan 'n bestaande en doeltreffend funksionerende liggaam te stig, op grond van die feit dat hulle prinsipieel van die ander liggaam verskil en dus in beginsel nie met sodanige liggaam kan saamwerk nie.

'n Ander probleem wat in verband met hierdie ingrypende wetswysiging na vore tree, is die feit dat dit aan die Nasionale Raad oorgelaat word om te bepaal of 'n bestaande liggaam doeltreffend funksioneer al dan nie. 'n Aktuele vraag wat ten nouste hiermee saamhang, is of organisasies wat dan nou, volgens die oordeel van die Raad, nie doeltreffend funksioneer nie, op een of ander wyse hulle registrasiesertifikaat ontneem kan word. Waar registrasie aanvanklik 'n metode was waardeur die staat toegesien het dat die bydraes van die burger van die staat nie wanbestee word nie, het dit deur die nuwe wetswysiging in beginsel 'n metode geword waardeur regstreekse koördinasie deur middel van staatsdwang afgedwing kon word.

c. Wat betref die registrasie van kerklike liggame wat welsynswerk onderneem, moet daarop gelet word dat registrasie 'n sekere mate van kontrole van owerheidsweë meebring, veral as daar geldelike steun van die owerheid ontvang word. Hierdie posisie, waar die staat in beginsel beheer oor sekere administratiewe aspekte van die kerklike welsynswerk verkry, word

natuurlik bevorder deur die feit dat meeste kerke sommige van hulle barmhartigheidswerk deur kerklike verenigings, sinodale rade of deputaatskappe laat doen, wat dan noodwendig as welsynsorganisasies geregistreer moet word.

d. Tot omstreeks 1954 het daar van die funksie van advisering van die Minister maar weinig tereggekom. Selfs nadat hierdie toestand deur 'n beter onderlinge verstandhouding uit die weg geruim is, het dit nog by geleenthede geblyk dat die versoeke van die Raad op dowe ore val[85].

e. Uit die notule en die verslae oor die werksaamhede van die Raad is dit duidelik dat die Raad opgetree het as kampvegter vir belangrike beleidsake in verband met die beplanning van welsynsbeleid in die land[86].

f. Die Raad het 'n leidende aandeel gehad in die totstandkoming van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies en hierdeur ook in die uiteindelike beleid wat tot stand sal kom as gevolg van die aanbevelings van hierdie verslag oor die finansiële verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief. Die stelling van die Komitee dat die partikuliere inisiatief by voorkeur met eie rieme moet roei sodat die karakter van vrywilligheid daardeur gehandhaaf word, word van besondere belang geag. Onwillekeurig ontstaan die vraag of die teendeel dan beteken dat die karakter van vrywilligheid deur staatsteun geskend word? Onses insiens is dit juis hierdie vraagstuk van

staatsteun wat die brandpunt vorm van die hele probleem van die verhouding van die onderskeie instansies betrokke

---

85. Vgl. versoek van die Raad dat die beleidstuk oor die werkverdeling tussen die Departement en die vrywillige welsynsorganisasies eers aan die Raad beskikbaar gestel moes word alvorens dit aan die onderskeie organisasies gestuur word.

86. Dink maar aan die herhaalde bespreking van die status en salarisskale van maatskaplike werkers.

by die koördinasie van maatskaplike sorg geleë is. Dit is duidelik dat staatsgeld verkry word uit belastings, wat allermins vrywillige bydraes met die oog op welsynswerk is. Verder hou staatsteun van die werk van die partikuliere inisiatief in dat die staat in beginsel (en in die praktyk!) 'n al hoe groter wordende mate van kontrole verkry oor die werk en interne soewereiniteit van die partikuliere inisiatief. Staatsteun ondermyn die beginsel van vrywilligheid, veral wanneer dit verreikende kontrole, beheer en inspeksie van owerheidsweë meebring. Dit laat die grense tussen staat en partikuliere inisiatief vervaag, ondermyn die vrywillige finansiering van die partikuliere inisiatief en gee aanleiding tot die verstaatsing van vrywillige sorg[87]. Die Du Plessis-verslag het van die beginselstandpunt uitgegaan dat die staat die hele gebied van die maatskaplike sorg geografies kan oorsien en daarom daartoe kan oorgaan om die terrein te verdeel, in plaas daarvan om van die standpunt van funksieverdeling uit te gaan. Daar bestaan in 'n sekere sin die noodsaaklikheid van terreinverdeling maar dan ondergeskik aan die eerste en belangrikste beginsel van funksieverdeling volgens bepaalde inherente struktuurbeginsels.

g. 'n Saak wat veral aandag behoort te geniet, is dat beide die Nasionale Raad en die Departement in adviserende hoedanigheid optree - hulle is dus albei adviesliggame. Die vraag ontstaan nou watter een van die twee liggame se advies deur die Minister gevolg behoort te word in die geval van verskil van mening oor 'n bepaalde aangeleentheid.

h. Nasionale, streeks- en plaaslike koördinasie van welsynsaktiwiteite geskied nog deur die kantore van die Departement van Volkswelsyn.

i. Die partikuliere inisiatief kom deur hulle benoeming in die

---

87. Vgl. Cronjé: Mens tot medemens, pp. 156-160.

Raad in die sonderlinge posisie dat hulle medeverantwoordelik word vir die juridiese funksie van die staat. Ook hier moet 'n vraagteken geplaas word. Is dit geoorloof dat die verteenwoordigers van die partikuliere inisiatief in die algemeen by die uitvoering van owerheidsfunksies betrek word? Dit blyk dus dat hier 'n organisatoriese vermenging van staat en partikuliere inisiatief tot stand kom, wat veral aan die staat al hoe meer mag gee om in die ander selfstandige samelewingskringe op te tree.

## HOOFSTUK XIV.

## REGSTREEKSE KOÖRDINASIE DEUR DIE NASIONALE WELSYNSRAAD.

In die vorige hoofstuk is verwys na die funksies van die Nasionale Welsynsraad wat indirek die koördinasie van welsynsaktiwiteite tot gevolg gehad het, hoewel die hoofdoel van die bepaalde funksies eintlik iets anders is, soos byvoorbeeld registrasie, advisering ensovoorts.

In hierdie hoofstuk word kortliks aandag gewy aan die funksie van die bevordering van die vrywillige koördinasie van geregistreerde welsynsorganisasies met soortgelyke of verwante doelstellings, wat aan die Raad opgedra is.

Hierdie plig van die Nasionale Welsynsraad word in die Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos volg omskryf:

> „(d) die vrywillige koördinering van geregistreerde welsynsorganisasies met soortgelyke of verwante doelstellings aan te moedig".

Die begrip <u>koördinasie</u> word deur die Nasionale Welsynsraad soos volg geïnterpreteer: Dit behels nie alleen die uitskakeling van oorvleueling van werksaamhede nie maar ook die positiewe inhoud van samewerking op die grondslag van beplanning. By die begrip <u>beplanning</u> word dan ook ingesluit bepaalde norme ten opsigte van werksverdeling asook samewerking in die algemeen[1].

Ook die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies beskou die volgende elemente as inherente deel van die gedagte van koördinasie[2]:

a. Uitskakeling van onnodige en nadelige oorvleueling van werksaamhede;

---

1. Vgl. Notule van die 21ste vergadering van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies; Verslag van die komitee oor die „Koördinering van maatskaplike werk", bylae 28 tot die agenda, 23-25 Oktober 1956; vgl. ook Unie van S.A.: <u>Negende verslag insake die werking en administrasie van die Wet</u> 1956, p. 23.

2. <u>Aanbevelings van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies</u>, p. 58.

b. gesonde samewerking en doeltreffende wedersydse aanvulling van werksaamhede;

c. 'n goeie onderlinge gesindheid en verstandhouding waaruit onbaatsugtige samewerking kan voortvloei.

Benewens die bostaande elemente, wat by die begrip koördinasie inbegrepe is, gaan die Raad verder van die gedagte uit dat hierdie koördinasie alleen bereik kan word indien daar 'n bevredigende werkverdeling tussen organisasies onderling bestaan[3].

Daar moet duidelik op gelet word dat die Nasionale Welsynsraad sowel voor as na die wetswysiging van 1961 tot taak het die bevordering van die vrywillige koördinering van die werksaamhede van geregistreerde welsynsorganisasies. Dit is dus nie regstreeks by die pligte van die Raad ingesluit om die koördinasie van die werk van die staat en partikuliere inisiatief te bevorder nie. Die plig hou ook nie in dat die Raad hom daadwerklik, byvoorbeeld deur dwangmag, op die terrein van die aktuele koördinasie van geregistreerde welsynsorganisasies kan begewe nie[4].

Op 'n indirekte wyse het die Raad egter hierdie dwangmag verkry met betrekking tot die uitskakeling van oorvleueling deur die wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, sodat oorvleueling van werksgebied en funksies ook as grond vir die weiering van registrasie aanvaar word[5]. Dit raak egter slegs die aspek van die oorvleueling van werksaamhede. Die ander aspek, naamlik die bevordering van 'n goeie gesindheid tot samewerking en wedersydse aanvulling, kan en mag uiteraard nie deur dwangmag tot stand gebring word nie.

---

3. Vgl. brief van die Registrateur aan die maatskaplike werkersvereniging 4/5/57 (W.O.A. 87); Notule van die 29ste vergadering van die Nasionale Raad, 25, 26 Oktober 1960.

4. Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1952-1959, p. 25.

5. Vgl. die Wet tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, nr. 75 van 1961, art. 7. Die wetswysiging wat aan die Raad meer magte t.o.v. registrasie en die weiering van registrasie verleen het, het onregstreeks dwangmag in die hande van die Raad geplaas.

## 1. DIE EERSTE NASIONALE RAAD VIR WELSYNSORGANISASIES.

Vanaf die instelling van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies in 1947 was dit die veronderstelling dat die Raad, nadat dit sy eerste groot taak van die registrasie van welsynsliggame afgehandel het en oorgegaan het tot die instelling van plaaslike welsynsrade, daadwerklik aandag sou skenk aan die taak van die vrywillige koördinering van die werk van geregistreerde welsynsorganisasies.

Van hierdie taak het in die dienstermyn van die eerste Raad baie min tereggekom as gevolg van die feit dat dit die Raad selfs meer tyd as die dienstermyn soos dit in die oorspronklike Wet omskryf is, gekos het om sy taak van registrasie en die instelling van plaaslike welsynsrade te voltooi[6].

In die verslae en notule wat die werksaamhede van die eerste Raad in hierdie verband weerspieël, word baie min optrede in die verband bespeur. Vrywillige koördinering was in die tydperk van 1947 tot Oktober 1952 in hoofsaak beperk tot onderhandelinge met organisasies waarvan die doelstellings die van bestaande en reeds geregistreerde organisasies oorvleuel het. Omdat die Raad in hierdie tydperk nog geen mag besit het om registrasie op grond van oorvleueling van werksaamhede te weier nie, moes die organisasies doodeenvoudig geregistreer word indien hulle aan die vereistes van die wet voldoen, al het hulle werksaamhede en werksgebied die van 'n reeds bestaande organisasie oorvleuel[7].

Hoewel die aangeleentheid gedurende die dienstermyn van die eerste Raad enkele kere op die agenda van die Nasionale Raad verskyn kon daar geen uitsluitsel gegee word oor die metodes wat gevolg behoort te word

---

6. Notule van die 11de vergadering van die Nasionale Raad, 12, 13 Maart 1952, p. 14; Union of S.A.: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61, 1947, kolomme 1879-1881.

7. Vgl. eerste vyf jaarverslae oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies van 1948-1952; kyk in besonder i.v.m. die registrasie van liggame met soortgelyke doelstellinge as die reeds bestaande; Unie van S.A.: Vierde jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet, 1951, pp. 2, 6 en 7. Voorbeelde van poginge tot vrywillige koördinasie word onder andere aangetref in die notule van die 24ste (19/5/50), 50ste (16/8/52) en die 51ste (4/10/52) vergaderinge van die U.K.

om die koördinasie, soos in die wet omskryf, te verwesenlik nie, onder meer omdat daar gewag is op die verslag van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies[8]. Die gedagte is gedurende die dienstermyn van die eerste Raad geopper dat koördinasie moontlik bevorder kon word deur die deelname aan 'n sentrale register vir geregistreerde organisasies verpligtend te maak. Die voorstel is egter verwerp omrede dit nie prakties uitvoerbaar was nie en die Raad ook geen statutêre mag daartoe gehad het om deelname aan so 'n register verpligtend te maak nie[9].

## 2. DIE TWEEDE NASIONALE RAAD VIR WELSYNSORGANISASIES.

Gedurende die dienstermyn van die tweede Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies word daar meer daadwerklik aandag geskenk aan die behoefte aan koördinasie en word daar vir die eerste keer sedert die totstandkoming van die Raad in 1947 besin oor praktiese weë en middele om die vrywillige koördinering van die werk van welsynsorganisasies met soortgelyke of verwante doelstellings aan te moedig en te bevorder[10].

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee is daar melding gemaak van die onrusbarende aantal klein paddastoelorganisasies wat oor die hele land tot stand gekom het[11]. In die toespraak van die Minister voor die vergadering van die Raad op 26 Oktober 1954 het hy dan ook na die toestand verwys en gewag gemaak van die feit dat die tyd ryp was om dringende aandag te skenk aan die uitvoering van hierdie plig, soos dit

---

8. Die saak is deur die Suid-Transvaalse plaaslike raad aanhangig gemaak. Op die 11de Nasionale Raadsvergadering gehou op 12, 13 Maart 1952, is dit verwys na die nuwe Raad, wat op sy beurt gewag het op die verslag van die Komitee van ondersoek na die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies; kyk Notule van die 13de vergadering van die Nasionale Raad, 25 November 1952; Unie van S.A.: Sesde verslag insake die werking en administrasie van die Wet, 1953, p. 26.

9. Vgl. Notule van die 5de vergadering van die U.K. 23/7/1948; Unie van S.A. Eerste verslag insake die werking en administrasie van die Wet,

10. Vgl. verslae oor die werking en administrasie van die wet vanaf 1953-1957.

11. Notule van die 53ste vergadering van die U.K., 5 Januarie 1953, p. 2; Notule van die 17de vergadering van die Nasionale Raad, 26 Oktober 1954, bylae A.

in die wet aan die Raad opgedra is[12]. Na aanleiding van hierdie toespraak het die Raad besluit dat hy nou nie slegs statutêr nie maar ook moreel gebind is om aan die plig uitvoering te gee. Daar is derhalwe besluit:

a. daar moet met die hulp van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing 'n sistematiese opgawe verkry word van die funksies en werksgebiede van geregistreerde welsynsorganisasies. Die inligting wat op hierdie wyse bekom word, moet aan die plaaslike rade bekend gemaak word. Elke plaaslike raad moet die Nasionale Raad dan ook verder in kennis stel watter poginge in sy gebied ter bevordering van koördinasie aangewend word;

b. dit moet onder die aandag van die Minister gebring word dat die Raad oor geen statutêre mag beskik om die koördinasie van welsynsaktiwiteite tot stand te bring nie.

Ten spyte hiervan sou die Raad poog om veral deur die plaaslike rade vrywillige koördinasie tot stand te bring[13].

Die vrywillige koördinering van werksaamhede moes in hoofsaak deur die plaaslike rade tot stand gebring word, wat aan organisasies in hulle omgewing leiding moes gee en wat dit onder die aandag van nuwe organisasies moes bring om nie werk te onderneem wat alreeds doeltreffend deur bestaande organisasies verrig word nie.

Na aanleiding van die Minister se toespraak is ook 'n omsendbrief aan geregistreerde organisasies gestuur waarin verneem word:

(1) wat gedoen word om koördinasie te bevorder en aan te moedig;

(2) watter behoefte daar in die betrokke gebied van die

---

12. Vgl. Notule van die 17de Nasionale Raadsvergadering, 26 Oktober 1954; Unie van S.A.: Sewende verslag oor die werking en administrasie van die Wet, 1954.

13. Unie van S.A.: Sewende verslag oor die werking en administrasie van die wet, 1954, pp. 31, 32.

welsynsorganisasies aan koördinering bestaan;

(3) watter praktiese probleme in hierdie verband ondervind word, en

(4) watter aanbevelings in die verband deur die organisasie gedoen word[14].

In 'n ander opsig is die jaar 1954 ook besonder belangrik wat betref die koördinasie van maatskaplike sorg deur die Nasionale Raad: die verslag van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies verskyn naamlik in hierdie jaar. Soos reeds in die vorige hoofstuk uiteengesit, het die verhouding wat as gevolg van die aanbevelings van die verslag tussen staat en partikuliere inisiatief tot stand sou kom, vir die koördinering van welsynsaktiwiteite in die algemeen verreikende gevolge gehad.

Die Raad het in hoofsaak die aanbevelings van die Komitee onderskryf en het veral klem gelê op die noodsaaklikheid dat daar in die nabye toekoms deur die partikuliere inisiatief meer aandag gegee sou word aan die koördinasie van algemene en spesifieke maatskaplike werk op nasionale, provinsiale, streeks en plaaslike grondslag[15].

Gedurende die ampstermyn van die tweede Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies tree die werksverdeling soos uiteengesit in Omsendbrief nr. 56 van 1955 van die Departement Volkswelsyn in werking asook die beleid van kanalisering, waardeur alle verslae wat deur maatskaplike werksters in diens van privaat welsynsorganisasies vir die Kinderhof opgestel word, eers deur die beamptes van die Departement gekanaliseer moet word. Die Raad het na aanleiding van praktiese probleme wat deur plaaslike welsynsliggame ondervind is, asook as gevolg van die aanbevelings van die Komitee van ondersoek na die finansiering van vrywillige welsynsorgani-

---

14. Vgl. Notule van die 78ste (18/3/1955) en die 80ste (27/5/1955) vergaderinge van die U.K.

15. Kyk ook „National Welfare Organizations Board Evidence to the Committee of Enquiry into the financing of voluntary Welfare organizations on the Committee's Questionnaire A - general".

sasies en die toespraak van die Minister voor die Raad in 1954 besluit dat 'n leidraad aan die plaaslike welsynsrade gegee moet word in verband met hulle optrede ten opsigte van probleme van koördinasie en werksverdeling in die praktyk. Daar is aanbeveel dat in die kantoor van die plaaslike volkswelsynbeamptes van sentrale welsynsregisters gebruik gemaak moet word. Verder is aanbeveel die inskakeling van die volkswelsynbeampte as bemiddelaar tussen die betrokke partye. Indien laasgenoemde metode nie geslaagd blyk te wees nie, kan die plaaslike raad 'n ad hoc-komitee benoem wat op die basis van samesprekings, oorlegpleging en onderlinge vrywillige ooreenkoms probeer om die geskille te besleg en om die gewenste samewerking en koördinering, met uitskakeling van oorvleueling, te bewerkstellig en te handhaaf[16].

In die dienstermyn van die tweede Nasionale Raad kom daar vir die eerste keer 'n mate van duidelikheid oor die inhoud van die begrip <u>koördinasie</u> en word weë ondersoek waarlangs die koördinasie tot stand gebring kan word. Tydens 'n vergadering van die Nasionale Raad[17] is dit aan die Uitvoerende Komitee opgedra om 'n omsendbrief aan plaaslike rade te stuur waarin hulle aangemoedig word tot deelname aan die sentrale registers en waarin daar gewys word op die waarde van hierdie deelname. Die gedagte is selfs geopper dat deelname aan 'n sentrale register as voorwaarde vir registrasie en subsidie gestel kon word[18]. Later in die dienstermyn van dieselfde Raad is 'n komitee benoem om op hierdie saak in te gaan. Die verslag van die komitee het daarop gedui dat die sentrale register gebruik moes word as 'n meganiese hulpmiddel om samewerking tussen liggame te bevorder en die sistematisering van hulpverlening tot stand te bring. Onder geen omstandighede moes die sentrale registers as 'n instrument

---

16. Vgl. Notule van die 18de vergadering van die N.R., 16, 17 en 18 Maart 1955.

17. Notule van die 21ste vergadering van die Nasionale Raad, 23-25 Okt. 1956.

18. Notule van die 21ste vergadering van die Nasionale Raad, 23-25 Okt. 1956; Unie van S.A.: <u>Negende verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies,</u> 1956, pp. 23, 24.

vir die afdwing van 'n bepaalde werksverdeling gebruik word nie[19]

Twee aangeleenthede wat die werksaamhede van die Raad ten opsigte van koördinasie wesenlik raak, tree in die ampstermyn van die tweede Raad na vore.

Dit is naamlik die instelling van die interdepartementele komitee van ondersoek na die rehabilitasie van afwykende persone, ook genoem die Gauché-komitee, en die poging van die kant van vrywillige liggame om oor te gaan tot die stigting van 'n Nasionale Raad van nasionale rade wat as koördinerende liggaam vir die werksaamhede van die vrywillige welsynsorganisasies sou optree. Beide hierdie gebeurtenisse vind eers hulle volle deurwerking in die ampstermyn van die derde Nasionale Raad en word derhalwe onder daardie hoof breedvoeriger behandel.

Ten slotte is dit nodig om in hierdie fase daarop te wys dat die Raad vir die eerste keer baie duidelik die taak van die plaaslike welsynsrade ten opsigte van koördinasie omlyn. Waar die Nasionale Raad koördinasie op landswye grondslag moet bevorder, het die plaaslike rade as regsgebied hulle plaaslike omgewing of streek[20].

## 3. DIE VRAAGSTUK VAN KOÖRDINASIE GEDURENDE DIE DIENSTERMYN VAN DIE DERDE NASIONALE RAAD VIR WELSYNSORGANISASIES.

Die dienstermyn van die derde Nasionale Raad, wat strek van 1 November 1957 tot 31 Oktober 1962, is, wat die onderhawige betref, seker die belangrikste fase. Vir die eerste keer sedert die totstandkoming van die Raad het die werksaamhede met betrekking tot registrasie in so 'n mate afgeneem dat die Raad aandag kon wy aan die nou reeds dringende vraagstuk van koördinasie.

---

19. Notule van die 23ste vergadering van die Nasionale Raad, 16-18 Okt. 1957, p. 8; vgl. ook in hierdie verband : Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies, p. 60 e.v.

20. Vgl. Memorandum oor: „Die bespoediging van aansoeke om registrasie, nouer kontak tussen plaaslike welsynsrade en aanverwante aangeleenthede", bylaag tot die agenda van die 19de vergadering van die Nasionale Raad, 28-30 Nov. 1955, opgestel deur prof.dr. J.H. Coetzee en mev. A.E. Viljoen.

Twee baie belangrike sake het dan ook spoedig die aandag van die Raad in beslag geneem. Dit het naamlik onder die aandag van die Raad gekom dat die Suid-Afrikaanse Rehabilitasieraad, wat onder die jurisdiksie van die Departement van Arbeid val, doelstellinge nastreef en werksaamhede ten uitvoer bring wat binne die kader van die doelstellinge en werksaamhede van die Nasionale Welsynsraad tuis hoort. Die praktiese posisie wat as gevolg van hierdie situasie ontstaan het, was dat daar nou twee liggame naas mekaar bestaan het wat beide tot taak gehad het die advisering van Ministers ten opsigte van rehabilitasie-aangeleenthede en die bevordering van koördinasie. Na aanleiding hiervan asook as gevolg van die feit dat daar in die algemeen interdepartementele oorvleueling van staatswerksaamhede bestaan het, is die Interdepartementele komitee insake die rehabilitasie van afwykende persone, die Gauché-komitee, benoem om op hierdie saak in te gaan[21].

In sy ondersoek het hierdie interdepartementele komitee versoek dat die Nasionale Raad moes dien as die kanaal waardeur die onderskeie nasionale rade hulle standpunt oor die onderwerp van die rehabilitasie van afwykende persone kon lug[22]. Die voorsitter van die Raad het 'n memorandum opgestel en aan die komitee voorgelê. Dit het gehandel oor „Maatskaplike staatsorg vir afwykende persone"[23].

Om een of ander rede is die verslag van hierdie komitee nie gepubliseer nie[24], moontlik vanweë die omstrede aard van die aanbevelings van die komitee, onder meer oor die voortbestaan van die Nasionale

---

21. Unie van S.A.: Tiende jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet, 1957; vgl. Notule van die 26ste vergadering van die Nasionale Raad, 11 en 12 Maart 1959, p. 8.

22. Agenda en notule van die 27ste vergadering van die Nasionale Raad, 15-17 September 1959; Notule van die 117de vergadering van die U.K.

23. Vgl. aanhangsel 17 vir die 117de vergadering van die U.K. 19/6/59.

24. Daar is ook geweier om dit op versoek van die skryfster ter insae te verleen. Wat die rede hiervoor was, kan slegs gegis word. Dit wil egter voorkom asof die verslag van die interdepartementele komitee 'n ernstige vraagteken geplaas het oor die samestelling en funksionering van die Nasionale Welsynsraad.

Welsynsraad. In die toespraak van die Minister voor die drie-en-dertigste vergadering van die Nasionale Welsynsraad het hy gewys op die aanbeveling van die interdepartementele komitee dat die Nasionale Raad afgeskaf behoort te word. Hy het egter ook in die toespraak melding gemaak van die feit dat hy nie die aanbeveling van die komitee ten uitvoer sal bring nie maar dat daar aandag geskenk sal word aan die moontlikheid van die hersamestelling van die Raad[25]. Laasgenoemde gedagte vloei onder meer voort uit die aanbeveling van die Komitee van ondersoek insake gesinstoelae, naamlik dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan die totstandkoming van 'n liggaam wat 'n gesinsbeleid vir die land kan formuleer[26]. Hierdie hersamestelling van die Raad sou, indien dit deurgevoer word, die herformulering van die doelstellinge van die Raad, die reorganisasie van sy administrasie en die wysiging van die wet tot gevolg hê[27]. Alhoewel die betrokke verslag van die Interdepartementele Komitee nie ter insae was nie, blyk dit dat een van die hoofbesware van die Komitee was dat die Raad nie sy bestaan as koördinerende instansie regverdig het nie.

'n Tweede belangrike saak wat in die ampstermyn van die derde Nasionale Welsynsraad die aandag baie skerp op die dringende behoefte van koördinasie vestig, is die beweging wat deur 'n aantal partikuliere instansies op tou gesit is met betrekking tot die daarstelling van 'n soort van 'n super-koördinerende liggaam bekend as 'n Nasionale Raad

---

25. Vgl. toespraak van die Minister voor die 33ste vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 30, 31/10/62, asook berig „Welsynsraad nie afgeskaf", in <u>Die Transvaler</u>, 31/10/62. In die voorgestelde wetswysiginge wat deur die Raad vir die 1964-parlementêre sessie aanbeveel is, is aanbeveel dat die Nasionale Welsynsraad in die toekoms as 'n nasionale adviesraad vir welsynsbeplanning saamgestel moet word wat uit hoogstens sewe lede sal bestaan en waarvan die sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene lid en voorsitter is. Vgl. McLachlan: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in Suid-Afrika", t.a.p., p. 155.

26. <u>Verslag van die Komitee van ondersoek insake gesinstoelae</u>, 1961, pp. 94, 100 en 101.

27. Toespraak van die Minister voor die 33ste vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 1962, asook berig in <u>Die Transvaler</u>, 31/10/62.

van nasionale rade[28]. Die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies was bekend met hierdie gedagte en het na aanleiding daarvan 'n omsendbrief aan nasionale en plaaslike rade gerig, waarin verneem is of daar 'n behoefte aan sodanige liggaam, naas die bestaande Nasionale Raad, bestaan en of die Nasionale Raad nie deur die wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies in die gevoelde behoefte kon voorsien nie[29].

Uit die antwoorde wat van die verskillende rade ontvang is, is afgelei dat daar nie 'n behoefte aan so 'n koördinerende liggaam naas die Nasionale Raad bestaan nie. Die Raad het na aanleiding hiervan oorgegaan tot die instelling van 'n ad hoc-komitee onder voorsitterskap van prof. J. De W. Keyter, wat verslag moes doen oor: „Die oorbesetting van die terrein ten opsigte van welsynswerk en welsynswerkers". Verslae wat oor die aangeleentheid van die plaaslike rade ontvang is, asook die antwoorde op die omsendbrief waarin navraag gedoen is oor die behoefte aan 'n koördinerende instansie naas die Nasionale Welsynsraad, is deur die ad hoc-komitee bestudeer alvorens hulle verslag uitgebring het[30].

In die verslag wat deur die komitee uitgebring is, is daarop gewys dat daar geen noemenswaardige getuienis bestaan dat oorvleueling van nadelige aard op groot skaal en doelbewus plaasvind nie. Daar is bevind dat oorvleueling wel plaasvind waar:

a. meer as een gesinsorganisasie in dieselfde geografiese gebied werksaam is,

b. of waar 'n gespesialiseerde of semi-gespesialiseerde

---

28. Die gedagte is geopper tydens 'n konferensie belê deur die Johannesburgse Munisipaliteit, Afdeling vir maatskaplike sake, Julie 1957; kyk ook McLachlan: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in Suid-Afrika",t.a.p., p. 154.

29. Vgl. Notule van die 21ste vergadering van die Nasionale Raad, 23-25 Oktober 1956; Notule van die 27ste vergadering van die Nasionale Raad, 15-17 September 1959.

30. Notule van die 27ste vergadering van die Nasionale Raad, 15-17 Oktober 1959, p. 15; kyk ook omsendbrief WOA 15/WOA 53 van 23/12/57. Vgl. in verband met die verslag Byvoegsel tot bylaag 19a (laat voorlegging) by die agenda vir die 27ste vergadering van die Nasionale Raad, 15-17 September 1959.

organisasie by wyse van aanvulling van sy werksaamhede oor gesinsorgwerk onderneem,

c. of waar 'n nuwe organisasie die terrein betree wat reeds doeltreffend deur 'n ander liggaam gedek word.

Daar is ook bevind dat oorvleueling van werksaamhede in die hand gewerk word indien 'n organisasie na registrasie sy doelstellings uitbrei. Die algemene aard van die omskrywing van doelstellinge en werksgebied asook onkunde in verband met die werk van ander liggame is ook faktore wat oorvleueling van dienste in die hand werk. Die Komitee was van mening dat oorvleueling nooit ten volle uitgeskakel kan of mag word nie. Die beginsel van vrywillige koördinasie moes gehandhaaf word, omdat dit op die lang duur die beste resultate sou oplewer. 'n Aantal baie belangrike aanbevelings ten opsigte van die vraagstuk is deur die Komitee aan die hand gedoen. Die belangrikste hiervan is die volgende:

(1) Die definisie van 'n „welsynsorganisasie" moes in die wet nader omskryf word.

(2) Positiewe bevordering van koördinasie kon tot stand gebring word deurdat plaaslike rade met voornemende organisasies waarvan die doelstellinge of werksgebied die moontlikheid van oorvleueling inhou, onderhandel ten einde hulle voor te lig en te adviseer ten opsigte van koördinasie.

(3) Na goedkeuring van registrasie kon die betrokke organisasie slegs sy doelstellinge of werksgebied aanvul of wysig indien die nodige goedkeuring, volgens die korrekte prosedure, daarvoor verkry is.

(4) Waar geskille tussen organisasies onderling voorkom, moet die organisasies poog om die geskille selfstandig te besleg. Indien dit nie slaag nie, kan die plaaslike raad of uiteindelik die Nasionale Raad geraadpleeg word.

(5) By die samestelling van plaaslike rade moet so 'n doeltreffend moontlike verteenwoordiging van die streek in gedagte gehou word, dit wil sê, verteenwoordiging sowel

op geografiese as op funksionele vlak.

(6) Wedersydse kennismaking behoort deur 'n geklassifiseerde gids van geregistreerde organisasies waarin doelstellinge en werksgebied van organisasies uiteengesit word, bevorder te word.

(7) Skakelkomitees tussen die organisasies onderling behoort aangemoedig te word.

(8) Sentrale registers vir die bevordering van koördinasie word ten sterkste aanbeveel.

(9) Die Komitee het ook gewys op die belangrike rol wat 'n professionele etiese kode kan speel in die bevordering van 'n beroepshouding en die onderlinge samewerking tussen die maatskaplike werkers.

(10) 'n Omsendbrief van die Departement waarin die noodsaaklikheid van die koördinasie van dienste beklemtoon word, sal ook grootliks bydra tot 'n beter koördinasie op die gebied van die maatskaplike sorg[31].

Die tweede reaksie wat hierdie beweging in verband met die stigting van 'n Nasionale Raad van nasionale rade tot gevolg gehad het, was die besluit dat 'n konferensie van nasionale rade en plaaslike liggame belê sou word met die oog op die bespreking van die voorgestelde internasionale konferensie oor maatskaplike werk wat in 1961 in Rome sou plaasvind[32].

In die praktyk kon aan die aanbeveling van die komitee in verband met sentrale registers uitvoering gegee word. Aangesien die saak alreeds vroeër deur die Raad by die Departement aanhangig gemaak is en daar alreeds in hierdie rigting gewerk is, is die indeksstelsels van die streekskantore van die Departement van Volkswelsyn as sentrale registers

---

31. Kyk memorandum opgestel deur 'n ad hoc-komitee onder voorsitterskap van prof. J. de W. Keyter oor: „Oorbesetting van terrein ten opsigte van welsynswerk en welsynswerkers"; Notule van die 27ste vergadering van die Nasionale Raad, 15-17 September 1959.

32. Notule van die 26ste (10 en 12 Maart 1959) en die 27ste (15-17 Sept. 1959) van vergaderinge van die Nasionale Raad.

ingerig en hiervan kon die plaaslike welsynsorganisasies dan gebruik maak[33].

Aan die gedagte van 'n geklassifiseerde gids van welsynsorganisasies kon uit die aard van die saak nie uitvoering gegee word nie, omdat die uitgawes in verband met die onderhoud en instandhouding van so 'n gids nie die moeite sou loon nie en omdat die inligting wat so 'n gids sou bevat, binne een maand verouder sou wees[34].

Die belangrike gedagte wat by herhaling in die beraadslaginge van die Nasionale Raad oor die vraagstuk van koördinasie na vore tree, is die onvermoë van die Raad om, sonder 'n mate van dwang, werklik aan sy opdrag tot vrywillige koördinering van werksaamhede uitvoering te gee[35]. Die Raad het in sy pogings met betrekking tot die praktiese verwesenliking van koördinasie telkemale voor die probleem te staan gekom dat hy onwillige partye nie kan dwing om met mekaar saam te werk nie, aangesien die wet nie daarvoor voorsiening maak nie. In toesprake van die Minister en sy verteenwoordigers tydens die vergaderinge van die Raad is herhaalde kere op hierdie leemte in die wet gewys wat die taak van koördinasie in 'n hoë mate bemoeilik het[36].

Hierdie feit het daartoe aanleiding gegee dat daar deur die Raad by die Minister aanbeveel is dat nog 'n grond vir die weiering van registrasie in die wet neergelê behoort te word. Hierdie aanbevelings van die Raad het vorm aangeneem in die wetswysiginge wat deur Wet nr. 75 van 1961 tot stand gebring is[37].

---

33. Vgl. Unie van S.A.: Elfde jaarverslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies; (afgerolde verslag), 1958, p. 12.

34. Kyk lêer WOA 87.

35. Vgl. Notule van die 19de (28-30 November 1955), 21ste (23-25 Okt. 1956) 23ste (16-18 Okt. 1957) 26ste (10-12 Maart 1959) en die 27ste (15-17 Sept. 1959) vergaderinge van die Nasionale Raad.

36. Vgl. Notule van die 26ste en 27ste vergaderinge van die Nasionale Raad.

37. Kyk wet nr. 75 van 1961, art. 7, asook toespraak van die Minister voor die 31ste vergadering van die Nasionale Raad, 24, 25 Oktober 1961 in verband met die implikasie van die wetswysiginge; kyk ook berig „Misbruike sal die hoof gebied word", in Dagbreek en Sondagnuus, 1 Oktober 1961, p. 10.

Die geslaagdheid van hierdie wetswysiging as metode om koördinasie te bewerkstellig sal uiteraard eers vasgestel kan word as die wetswysiging reeds 'n geruime tyd in werking is.

In 'n toespraak voor die 29ste vergadering van die Nasionale Raad het die verteenwoordiger van die Minister gewys op die noodsaaklikheid dat die Raad aan die vraagstuk van vrywillige koördinering van welsynswerk aandag moes skenk[38]. Hy het gewys op twee voorwaardes wat noodsaaklik was alvorens hierdie ideaal bereik kan word, naamlik:

(a) 'n duidelike werksverdeling tussen die Departement en die partikuliere inisiatief en

(b) die vereiste dat die Raad in der waarheid <u>verteenwoordigend</u> van die partikuliere inisiatief behoort te wees.

Veral laasgenoemde vereiste het 'n probleem opgelewer waarop die Raad noodwendig moes ingaan.

Weliswaar was dit nie die eerste keer dat hierdie belangrike saak in 'n vergadering van die Raad te berde gebring is nie. Reeds in die dienstermyn van die eerste Raad is die saak deur die Vereniging vir Maatskaplike Dienste by die Raad aanhangig gemaak[39]. 'n Aanbeveling van 'n subkomitee van die Raad, naamlik dat die wet sodanig gewysig behoort te word dat dit voorsiening maak vir die verteenwoordiging van nasionaal gekoördineerde liggame, is deur die Raad verwerp[40].

By twee latere geleenthede is hierdie saak weer deur liggame onder die aandag van die Raad gebring, maar die Raad het sy standpunt in hierdie verband gehandhaaf deur aan te voer dat regstreekse verteenwoordiging van nasionaal georganiseerde liggame onprakties sou wees[41].

---

38. Toespraak van mnr. P.E. Bosman voor die 29ste vergadering van die Raad, 25, 26 Oktober 1960.

39. Vgl. Notule van die 6de (6/8/48) en 14de (8/7/49) van vergaderinge van die U.K.

40. Notule van die 2de (1 Junie 1948) en 3de (8 September 1948) vergaderinge van die Nasionale Raad.

41. Die Nasionale Raad vir kreupelsorg en die plaaslike welsynsraad vir Natal het die saak weer by twee geleenthede aanhangig gemaak; kyk Notule van die 59ste U.K. vergadering, 24 Junie 1953; Notule van die 15de Nasionale Raadsvergadering, 13-15 Okt. 1953; Notule van die 26ste vergadering van die Nasionale Raad, 10-12 Maart 1959.

Daar is weer aan die saak aandag geskenk na die nege-en-twintigste vergadering van die Raad, maar weer eens is besluit dat die samestelling van die Raad nie gewysig behoort te word nie. Die hele kwessie van die samestelling van die Raad geniet tans die aandag van die Minister[42].

4. SAMEVATTING, BEOORDELING EN BESPREKING.

a. Dit is duidelik dat die eerste Nasionale Raad weens sy veelvuldige verpligtinge en werksaamhede met betrekking tot die registrasie van welsynsliggame nie veel op die gebied van koördinasie tot stand kon bring nie. Slegs in geïsoleerde gevalle het die Raad aan die funksie van vrywillige koördinasie uitvoering gegee. Dit het in hoofsaak geskied deur oorreding van liggame met gelyke doelstellinge tot samewerking.

b. Uiteraard was die Raad vanuit die staanspoor in 'n hoë mate aan bande gelê met betrekking tot die uitvoering van die plig soos in die wet aan hom opgedra, deurdat die wet slegs voorsiening maak vir die bevordering van vrywillige koördinasie.

c. Die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorg soos dit deur die werksaamhede van die Raad geraak word, is ten nouste verbonde aan die plek en taak wat deur die omvattende staatsbeleid aan die partikuliere inisiatief voorgeskryf word. In die sin is die werk van die Nasionale Raad dan ook in 'n hoë mate aan bande gelê.

d. In die fase voor 1961 kon die Raad aan die taak uitvoering gee hoofsaaklik deur organisasies te oorreed om met mekaar saam te werk en plaaslike rade te gebruik om in die geval van plaaslike oorvleueling van dienste as arbiter op te tree. Hierdie taak is dikwels deur die plaaslike welsynsraad aan die plaas-

---

42. Notule van die 31ste vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 24, 25 Okt. 1961; Notule van die 132ste vergadering van die U.K., 23 Mei 1961; Notule van die 32ste vergadering van die Nasionale Raad, 27, 28 Maart 1962.

like volkswelsynbeampte opgedra.

e. Die werk van die Raad op nasionale en provinsiale vlak in hierdie verband is hoofsaaklik beperk tot die byeenroeping van konferensies en die uitstuur van omsendbriewe en vraelyste oor aangeleenthede wat met koördinasie in verband staan[43].

f. Hoewel die tweede Raad meer aandag aan die koördinasievraagstuk gegee het, veral op aandrang van die Minister en sy verteenwoordigers, het dit algaande duidelik geword dat die Raad sonder ingrypende wetswysiginge nie veel op die gebied tot stand kon bring nie.

g. In die dienstermyn van die tweede Raad word daar vir die eerste keer 'n duidelike formulering van die inhoud van die begrip koördinasie en sy betekenis in die praktyk gegee.

h. Die riglyne aangedui deur die verslag van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies oor die onderlinge verhouding van staat en partikuliere inisiatief is 'n belangrike ontwikkeling in die proses van staatsbeplanning van sorgaktiwiteite en daarby inbegrepe die koördinasie van sorgaktiwiteite.

i. Die mees kenmerkende van die dienstermyn van die derde Raad is die feit dat daar sowel van die kant van die staat as van die kant van die partikuliere inisiatief ernstige bedenkings uitgespreek is oor die doeltreffendheid van die Nasionale Raad as koördinerende liggaam.

j. In die beginjare van die Raad se werksaamhede was daar 'n groot mate van huiwering ten opsigte van die feit dat die Raad koör-

---

43. Die Raad het ook aandag geskenk aan verteenwoordiging op internasionale vlak, soos byvoorbeeld in die geval van die verteenwoordiging van Suid-Afrika in die Tiende internasionale konferensie oor maatskaplike werk in Rome, 1961.

dinasie van werksaamhede deur middel van dwangmag moes bewerkstellig. Die veranderde opvatting met betrekking tot die staatstaak het egter ook al spoedig sy invloed in hierdie sfeer laat geld, onder andere onder invloed van sosiaal-wetenskaplik geskoolde lede van die Raad, met die gevolg dat binne die kort tydsbestek van twaalf jaar na die totstandkoming van die Raad daartoe oorgegaan is om die wet voorsiening te maak vir ingrypende magte ten opsigte van registrasie. Hierdie selfde stelling geld wat betref die aanvanklike huiwering wat daar by die eerste Raad bestaan het oor die bevoegdheid van die Raad om te eis dat 'n organisasie sekere van die bepalings van sy konstitusie moes wysig. Tereg is hierdie nuwe voorsiening in die wet aangebring om die ondermynende bedrywighede van organisasies onder die dekmantel van welsynswerk te stuit, maar die feit bly nog dat die moontlikheid nou in beginsel bestaan om deur middel van dwangmag konstitusiewysiging teweeg te bring. Dit is te begrype dat sodanige maatreël ingevoer is om wanpraktyke te voorkom, maar terselfdertyd is die Raad nou met dwangmag beklee om in die interne soewereiniteit van die partikuliere inisiatief in te gryp.

k. In die laaste fase, wanneer die wet sodanig gewysig word dat die Raad ingrypender bevoegdhede verkry met betrekking tot registrasie en koördinasie, tree die vraag pertinent op die voorgrond of die onvermoë van die Raad om koördinasie te bewerkstellig nie dalk aan sy samestelling toe te skryf is nie. In hierdie vraag lê natuurlik opgesluit een van die wesensprobleme van die hele vraagstuk van koördinasie soos dit in die werk van die Raad vergestalting vind. Die Raad bestaan nie uit verteenwoordigers van die partikuliere inisiatief nie maar is slegs verteenwoordigend van die partikuliere inisiatief in die algemeen. Vanselfsprekend bring dit mee dat die Raad nie namens die partikuliere inisiatief met gesag kan

praat nie maar slegs met 'n mate van deskundigheid op grond van akademiese kwalifikasies of kundigheid op grond van ervaring in die vrywillige maatskaplike sorg in die stede of op die platteland.

Met betrekking tot die vraagstuk van verteenwoordiging in 'n koördinerende raad dien daarop gelet te word dat lede van sodanige raad slegs verteenwoordigend kan wees van 'n bepaalde liggaam as so iemand werklik die belange van die groep kan behartig. Alleen dan kan die verteenwoordiger in die plek van die organisasie as sodanig optree en met gesag praat namens die liggaam wat hy verteenwoordig. In die heterogene bevolkingssamestelling van Suid-Afrika en met die veelvuldigheid van welsynsliggame is die gedagte van regstreekse verteenwoordiging van bepaalde belangegroepe of nasionale liggame uiteraard 'n <u>fata morgana</u>.

l. Vrywillige koördinasie van werksaamhede kan alleen tot stand gebring word indien daar in die agtergrond en groeibodem van die samewerkende organisasies 'n groot mate van eenstemmigheid bestaan. Verder is 'n baie duidelike funksieverdeling op grond van inherente struktuurprinsipes nodig (en nie net op grond van die histories-ontwikkelde situasie nie). Ten einde doeltreffende koördinasie tot stand te bring behoort die beginsel van differensiasie en verskeidenheid geëerbiedig te word. Hoewel terreinverdeling in die geval van organisasies met ooreenstemmende doelstellings en werksgebied 'n oplossing mag blyk te wees, kan dit uit die aard van die saak in die geval van organisasies wat elkeen 'n eie funksie behoort te hê, nie 'n bevredigende oplossing bied nie.

m. As die regstreekse- en onregstreekse koördinerende aktiwiteite van die Nasionale Welsynsraad beoordeel word, moet terdeë rekening gehou word met die feit dat die Raad binne die raamwerk van die beleid van die Departement van Volkswelsyn

fungeer. Die werk van die Raad kan, alhoewel die Raad 'n statutêre liggaam is nie, nie in een van sy fasette van die hele opset en konstellasie van die Departement van Volkswelsyn losgedink word nie[44]. Dit moet grotendeels toegeskryf word aan die feit dat die Departement histories eerste ontstaan het. Die funksie van die koördinasie van sowel staatsorg as partikuliere sorg hoort histories tuis by die Departement. Met die totstandkoming van die Raad is die Departement nie van hierdie taak onthef nie[45]. Ten spyte van die feit dat die Raad ook hierdie funksie as opdrag ontvang het, het die Departement in die verdere beplanning en organisasie van sy departementele werksaamhede voortgebou op die basis wat in 1937 met die totstandkoming van die Departement gelê is.

Hierdie praktiese situasie het daartoe meegewerk dat die Raad in sy pogings tot die koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite terdeë rekening moes hou met die reeds gevestigde raamwerk en beleid wat deur die Departement daargestel is. Alhoewel die Raad in velerlei opsig in adviserende hoedanigheid meegewerk het tot die vorming van departementele beleid, is dit veeleer die geval dat die Raad in sy beslissinge rekening moes hou met en hom moes aanpas by die reeds bestaande omvattende staatsbeleid.

n. Die kernfout in die benadering van die koördinasievraagstuk deur beide die Nasionale Welsynsraad en die Departement is dat daar

---

44. Vgl. Unie van S.A: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1949-1951, p. 10.

45. Vgl. Unie van S.A.: Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, pp. 8, 9: „Dit is die opsetlike strewe van die Departement om koördinasie te bevorder, nie alleen die koördinering van die werk van vrywillige liggame met die werk van die Departement nie, maar ook plaaslike onderlinge samewerking. Dit is in die eerste instansie die taak van die Departement se streekskantore om koördinasie aan te moedig en moontlik te maak". Kyk ook Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Navorsing en Inligting: Die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief in die professionele maatskaplike werk, (uitgawe nr. 1 van 1962 deur F. Brümmer), p. 10.

van die standpunt uitgegaan word dat die staat die ganse geografiese gebied omspan en dus mag oorgaan tot die bepaling van die werksgebied en selfs die funksies van die partikuliere inisiatief. Op hierdie wyse kom geleidelik 'n geheel-deelverhouding tot stand wat maklik in 'n meer sosialistiese georiënteerde staatsbeskouing kan ontaard waar dit tot die taak van die staat gereken word om nie slegs die ganse maatskaplike lewe te omspan nie maar ook daaraan leiding te gee deur voorskrifte vir die ontwikkeling daarvan.

Hierdie gedagte is reeds in meer as een opsig in die kiem in Suid-Afrika aanwesig daarin dat die staat, benewens sy normale juridiese taak, ook terrein verdeel, beleid neerlê, verantwoording eis en beleidsbeplanning onderneem.

o. Dit is uit die voorafgaande duidelik dat ons in die geval van die Nasionale Welsynsraad te doen het met wat deur W.P. Berghuis beskryf word as 'n „gemengde orgaan". Hierdie gemengde organe bring, as gevolg van die organisatoriese vermenging van staat en partikuliere inisiatief, mee dat die sosialisme „zachtgevooisd en op kousenvoeten, vaak met de beste bedoelingen en op een ogenschijnlijk aanneemlijk wijse" in die volkslewe inkom[46]. Dit bring mee die nivellering van grense tussen staat en partikuliere inisiatief en die uiteindelike algehele opgaan van die partikuliere inisiatief in die totalitêre staat[47].

Hierdie vermenging of organisatories in mekaar opgaan, deelgenootskap- of vennootskapvorming hou dus, vanweë die miskenning van die eie-aard van die betrokke twee samelewingstrukture, die negasie van grense en die berowing van die tipiese karakter

46. Berghuis: „Samenwerken van overheid en particulieren", t.a.p.; idem: „De gemeente in de frontlijn", t.a.p., p. 382.

47. Berghuis: a.w.; Dooyeweerd: Vernieuwing en bezinning, p. 48; Van Riessen: De maatschappij der toekomst.

van elk van die instansies, 'n wesenlike gevaar in vir die normatiewe beginsels van gesag en vryheid, soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring en is die eerste skrede op die weg van die verstaatliking van die maatskaplike lewe of staatstotalitarisme[48].

p. Die vraag ontstaan nou onwillekeurig waarom koördinasie in die maatskaplike sorg tot so 'n omvangryke vraagstuk ontwikkel het dat dit selfs nodig geword het om die koördinasie van sorgaktiwiteite van staatsweë deur middel van wetgewing te probeer bewerkstellig. Uiteraard is hierdie vraag nie maklik te beantwoord nie. Een verskynsel wat egter baie pertinent na vore tree, is dat sowel staat as kerk en partikuliere inisiatief in die afgelope tyd in 'n toenemende mate van een gemeenskaplike werkmetode gebruik gemaak het. Hierdie verskynsel is op sigself vreemd. Vir die Calvinis, wat bely dat elke selfstandige samelewingskring 'n eie roeping en taak het wat hy ooreenkomstig 'n bepaalde uitgangspunt en doelstelling op eiesoortige wyse ten uitvoer moet bring, is die deurlopende gebruik van die maatskaplike werktegniek in die geval van sowel staat- en kerksorg as gedifferensieerde partikuliere sorg onrusbarend. Hierdie toestand kan nie anders as daarop dui dat daar 'n totaliserende verstarring plaasgevind het nie. Waar God dit gewil het dat die samelewing in sy ryke verskeidenheid deur die mens uitgebou moes word en ooreenkomstig Skriftuurlike norme en riglyne moes ontplooi, kan die gebruik van een sogenaamde wetenskaplike tegniek[49] in die geval van

---

48. Vgl. werke genoem in voetnoot 47.

49. Daar is reeds deur meer as een skrywer aangetoon dat dit in die maatskaplike werktegniek gaan om meer as net bloot 'n „neutrale wetenskaplike tegniek maar dat hierdie versorgingsmetode daarenteen uit 'n bepaalde groeibodem ontspruit het en gedra word deur dieper liggende ideologies motiewe vgl. Miles: American social work theory; Venter: „Maatskaplike werk en die P.U.", t.a.p; Bisno: The philosophy of social work.

sulke uiteenlopende sorgvraagstukke en sorgbehoeftes nie geregverdig word nie. Dit wil voorkom asof die koördinasievraagstuk in Suid-Afrika juis hierin geleë is dat daar slegs van een metode van sorg gebruik gemaak word om in 'n wye en uiteenlopende verskeidenheid van sorgbehoeftes te voorsien.

As gevolg hiervan het die maatskaplike werk 'n totalitêre versorgingsmetode geword, wat in feitlik alle samelewingskringe 'n sentrale plek inneem, met een hoofdoelstelling: die maatskaplike aanpassing of sosiale welsyn van die mens![50]. Dit gee derhalwe aanleiding tot die ontstaan van geweldige leemtes enersyds en andersyds weer 'n groot mate van oorvleueling, en dit kan op geen ander wyse as deur middel van wetgewing op 'n meganiese wyse verhoed word nie. Die Nasionale Welsynsraad moes dan ook op die lang duur sy toevlug neem tot meganiese hulpmiddele en wetlike dwang om koördinasie te bewerkstellig. Met verloop van tyd het hierdie meganiese koördinasie van sorgaktiwiteite meer en meer die vorm van gemeenskapsorganisasie begin aanneem. Baie van die vernaamste komponente van die gemeenskapsorganisasieproses kan reeds in die koördinerende werk van die Nasionale Welsynsraad bespeur word.

Dit is voor die hand liggend dat wanneer een versorgingsmetode tot die universele verhef word, organiese koördinasie van sorg op die basis van die beginsels van soewereiniteit in eie kring, universaliteit in eie kring, gesag en vryheid en enkapsis nie tot stand kan kom nie. Meganiese koördinasie is die noodwendige

---

50. Vandag word kerklike-, bedryfs-, staats-, hospitaal-, skool- en inrigtings-maatskaplike werkers aangetref vgl. openingsrede van die Minister van Volkswelsyn en Pensioene voor die 33ste vergadering van die Nasionale Welsynsraad, 30 Oktober 1962. Dit is interessant dat 'n hele paar skrywers reeds daarop gewys het dat die Nasionale Welsynsraad gesien kan word as 'n vorm van gemeenskapsorganisasie. Vgl. Stulting: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies; Pieterse: „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk" in Mens en Gemeenskap, III, 1, Maart 1962, p. 16 e.v.

gevolg van die afwyking van die Skriftuurlike norme vir die normatiewe funksionering van samelewingskringe.

Vir die gelowige is daar langs hierdie weg geen ware vrede of „sjaloom" te verwesenlik nie. Dit lei op die lang duur na 'n meganies universele totalitêre staat wat alle verhoudinge tussen mense en samelewingsvorme statutêr vaslê en vir die vrye ontplooiing ooreenkomstig Skriftuurlike riglyne, weinig ruimte laat.

# AFDELING D.

# GEVOLGTREKKINGS.

# HOOFSTUK XV.

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS IN VERBAND MET DIE VRAAGSTUK VAN DIE KOÖRDINASIE VAN MAATSKAPLIKE SORG, MET VERWYSING NA DIE F.A.K. EN DIE NASIONALE WELSYNSRAAD.

### 1. INLEIDEND.

Dit het in hierdie verhandeling gegaan om die daarstelling van 'n afgeronde wetenskaplike stuk waarin die verworwe kennis van die geskiedenis, praktyk en beginsels van die verskynsel van koördinasie van sorgaktiwiteite in die maatskappy, soos dit in die Maatskaplike Sorg bestudeer word, op geïntegreerde en geverifieerde wyse logies en sistematies weergegee word.

Waar die ekstrinsieke doel was die verkryging van 'n meestersgraad in die vakwetenskap, het dit in hierdie verhandeling intrinsiek gegaan om 'n ondersoek na die vraagstuk van koördinasie met besondere verwysing na die koördinasie van sorgaktiwiteite in Suid-Afrika.

Die skryfster het in hierdie ondersoek uitgegaan van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing soos gefundeer in die belydenisskrifte van die drie Afrikaanse Kerke, naamlik die Dordtse Leerreëls, die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis. Omdat hierdie Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vrug is van die Calvinistiese godsbegrip, hou dit 'n bepaalde eiesoortige benadering van vraagstukke ook van organisatoriese en administratiewe aard in.

Daar is in hierdie werk gepoog om in die lig van die Skrif en die belydenis die koördinasieverskynsel te ondersoek en die wortelvrae rondom die koördinasievraagstuk in die lig van die Woord van God te besien. Twee hedendaagse koördinasieverskynsels word meer spesifiek onder die soeklig geplaas, te wete die koördinasie van sorgaktiwiteite deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge en deur die Nasionale Welsynsraad.

Met betrekking tot die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing is dit duidelik dat daar aan die gelowige kennis van transendente oorsprong geopenbaar is, naamlik die Woord van God. Die gelowige kan dus tot kennis kom deur die bestudering van die skepping en die Skriftuur. Omdat God Hom op hierdie wyse aan die mens geopenbaar het, kan die mens tot 'n

bepaalde oortuiging kom aangaande die wese en bestemming van die lewe, die mens, die maatskappy en die wêreld.

Die wyse waarop die gelowige die lewe en die wêreld as vrug van sy godsbegrip sien, rig sy indiwiduele en georganiseerde besig wees met stof, plant, dier en mens. Dit bring mee die indiensstelling van sy lewe ooreenkomstig die Woord van God, met die oog op 'n bepaalde eskatologiese toekomsverwagting. Hierdie karakteristieke lewenswyse ooreenkomstig bogemelde lewens- en wêreldbeskouing het bepaalde uitingsvorme van hierdie geestesstroom in die vorm van versorgingsmetodes as historiese kultuurprodukte tot gevolg. Dit het ook as uitlopers bepaalde koördinasievorme, wat as organiese koördinasievorme getipeer kan word. Lynreg hierteenoor het ook die meganiese koördinasievorme as vrug van 'n andersoortige siening van die lewe uitgekristalliseer as uiting van 'n lewens- en wêreldbeskouing gegrond op 'n immanente godsbegrip.

2. <u>PRINSIPIëLE ORIëNTERING</u>.

a. <u>Terminolgie en begripsbepaling</u>.

In hierdie verhandeling is daar gepoog om vanuit 'n Calvinistiese standpunt, dit wil sê 'n standpunt wat uitgaan van die godsbegrip dat God die Skepper en Onderhouer van alle dinge is, vas te stel watter interpretasie aan die begrippe <u>maatskappy</u>, <u>kultuur</u>, <u>maatskaplike sorg</u> en <u>orde</u> geheg moet word. Die Calvinistiese geloofsbelydenis soos dit vorm aanneem in die drie Formuliere van Eenheid en die daaruit voortvloeiende lewens- en wêreldbeskouing, bring 'n eiesoortige siening van die wese van die genoemde terme mee, omdat daar wesenlik rekening gehou word met die kardinale feite van skepping, sondeval, verlossing en dankbaarheid.

Na aanleiding van 'n ontleding van 'n aantal definisies en omskrywinge van verskillende skrywers van die begrip <u>maatskappy</u> is bevind dat die mees aanvaarbare omskrywing waarin reg geskied aan die vereistes van die uitgangspunt van hierdie verhandeling, dié is waarin daar ruimte is vir die aanvaarding van die beginsel van soewereiniteit in eie kring van die verskillende gedifferensieerde sorgstigtinge, en dié een waarin die universele, omvattende en totalitêr omspannende entiteit die koninkryk

van God is. Dit het ingehou die aanvaarding van die feit dat die koninkryk van God nie slegs in die institutêre kerk nie maar ook in alle ander samelewingsvorme gestalte aanneem.

Met betrekking tot die begrip kultuur is tot die gevolgtrekking geraak dat dit betrekking het sowel op 'n proses as op die kultuurprodukte wat as gevolg van die aktiwiteit tot stand kom. Die begrip dui op die proses en vrug van menslike vormingsarbeid deur mense-in-samelewing aan stof, plant, dier en mens. Hierdie vormingsarbeid aan of sorg in die geskape werklikheid is religieus gefundeer. In die uitvoering van hierdie sorgtaak in die deur God geskape werklikheid tree die Christenmens op as ampsdraer en medearbeider van God in die koninkryk van God. Die aanvaarding van 'n bepaalde godsbegrip as gevolg van die transendente openbaring van God in Skriftuur en natuur bring mee dat die mens volgens die cultus wat uit sy godsbegrip voortvloei, sy lewe in diens van God stel. Hierdie cultus skryf aan die mens die kode voor waarop hy sy lewe deur sorgsame besig wees met die geskape natuur in diens van God moet stel en bepaal ten diepste watter kultuurpatroon, dit wil sê watter patroon van kultuuruitinge, tot stand sal kom.

Die totstandkoming en totstandbrenging van 'n ordelike kultuurpatroon hang derhalwe baie nou saam met die cultus en die lewens- en wêreldbeskouing van die kultuurdraer. Dit is dan ook juis hierdie faktor wat 'n bepalende invloed op kultuurvorming het.

Omdat daar van die standpunt uitgegaan word dat geen sorgaktiwiteite op grond van bogemelde uitgangspunt neutraal kan wees nie, is daar tot die gevolgtrekking geraak dat die begrip maatskaplike sorg dui op daardie aktiwiteite wat, uit watter motief ook al of met watter doel ook al voor oë, deur bepaalde instansies in die menslike samelewing ten uitvoer gebring word. So gesien is dit menslike beheersingsarbeid in die menslike samelewing en derhalwe onderdeel van kultuur. Hierdie sorgsame besig wees met mense-in-samelewing kan eskatologies of utopies gerig wees.

Daar is bevind dat daar volgens die gemelde uitgangspunt wel orde in die skepping bestaan, dat die Calvinistiese godsbegrip aanvaar dat God 'n god van orde en nie van wanorde is nie. Hierdie orde, wat deur die

sonde versteur is, is in Jesus Christus in beginsel weer herstel.

Omdat die mens in die verskillende uitingsvorme van die menslike samelewing, dit wil sê in die maatskappy tot kultuurvormer geroep is kragtens die kultuurgebod om die aarde te vul, te onderwerp en daaroor te heers, het hy ook onder meer tot taak om in die skepping, in die menslike samelewing en in maatskaplike sorgaktiwiteite as kultuuruitinge van 'n bepaalde geestesstroming hierdie orde wat in Jesus Christus in beginsel reeds herstel is, te realiseer. Dit bring verder mee dat die mens as kultuurbouer ook via die proses van organiese koördinasie in die maatskappy en die menslike sorgaktiwiteite ordeskeppend moet optree.

(b) Beginsels ten grondslag van organiese koördinasie in die maatskappy.

In die taak van die daarstelling van organiese koördinasie as onderdeel van die menslike kultuur- of sorgtaak is daar deur God in sy Woord en in die skepping bepaalde beginsels gelê wat die mens se sorgsame of versorgende optrede in die verskillende samelewingsvorme behoort te normeer. Oortreding van hierdie beginsels bring mee die totstandkoming van meganiese koördinasievorme. Die vier fundamentele beginsels wat aan die sorgsame besig wees van mense-in-samelewing ten grondslag lê, is die beginsels van universaliteit in eie kring, soewereiniteit in eie kring, enkapsis en gesag en vryheid.

Die beginsel van universaliteit in eie kring, wat inhou dat die hele tydelike werklikheid hom in sy volle samehang binne die grense van elke wetskring uitdruk, is die beginsel waarop koördinasie gefundeer is. Hierdie beginsel impliseer dat elke samelewingsfeer en sorginstansie onder leiding van sy tipiese leidende funksie 'n spesifieke taak te vervul het ten opsigte van elke skeppingsmodaliteit wat hom binne die grense van sy werksfeer uitdruk. Deur die gehoorsaming van hierdie beginsel kom 'n groot mate van geografiese sowel as funksionele organiese koördinasie tot stand.

Die beginsel van soewereiniteit in eie kring, wat voortvloei uit die feit dat God elke ding na sy eie aard geskape het en vir elke skeppingsfeer bepaalde norme en gedragslyne daargestel het, bring mee dat elke

sorgsfeer soewerein is binne die grense van sy eie werksgebied. Dit beteken dat elke sorginstelling of elke samelewingsverband wat op een of ander wyse in die menslike samelewing sorgsaam optree, die verantwoordelikheid en roeping het om ten opsigte van sy eie sake ordeskeppend op te tree. Die ordeskepping van die sorgaktiwiteite van die in eie kring soewereine instelling geskied binne die grense van die geldende norme vir daardie betrokke gebied. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring gee uitdrukking aan die selfstandigheid en normsoortigheid van elke samelewingskring teenoor alle ander gelykstaande samelewingskringe. Die aanvaarding van hierdie beginsel hou in die erkenning van die newegeskiktheid van die in eie kring soewereine instansies. Dit skakel die relatiewe outonomie uit van 'n <u>onder</u>-geskikte verhouding soos dit in die geheel-deel-verhouding van die universalistiese maatskappybeskouing na vore tree.

Deur die beginsel van enkapsis, wat die vervlegting van samelewingsvorme op modale, strukturele en dinamiese wyse veronderstel, kom reeds 'n groot mate van natuurlike koördinasie en samehang van maatskaplike sorgaktiwiteite tot stand. Die beginsel beteken egter nie 'n hiërargiese opbou van die samelewing waardeur 'n geheel-deel-verhouding tussen samelewingsvorme tot stand kom nie. Enkapsis veronderstel dat die enkapties vervlegte samelewingsverbande hulle eie identiteit en tipiese struktuur behou en eiesoortige en onherleibare funksies het om te vervul.

Daar is deur God in die menslike samelewing gesagsdraers geroep en verorden wat moet toesien dat alle sorgsame besig wees van mense-in-samelewing op die gebied van daardie betrokke instelling ordelik verloop. Die beginsel van gesag en vryheid hang ten nouste saam met die drie vorige beginsels en veral met die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Wanneer die sorg soos beoefen deur die versorgende mense onder toesig en leiding van die gesagsdraers ooreenkomstig die geldende norme vir daardie gebied geskied, kom 'n geordende toestand tot stand waarin vryheid kan opbloei. Vryheid in die Calvinistiese sin kan slegs groei in die gebondenheid aan norme en beginsels. Omdat die gesagsdraers of gesagsinstellings

die handhawing van reël en orde in bepaalde samelewingsfere tot taak het, hou hulle taak ook implisiet in die daarstelling van 'n gekoördineerde toestand. Hierdie beginsel van gesag en vryheid kan alleen tot sy reg kom en opbloei wanneer die beginsel van soewereiniteit in eie kring geëerbiedig word.

In die maatskappy waarin die mense-in-samelewing met ander sorgsaam moet optree, is daar 'n aantal samelewingsverbande wat ten nouste gemoeid is met die koördinasievraagstuk soos dit in hierdie verhandeling benader word, te wete die staat, die institutêre kerk en die partikuliere inisiatief.

c. Instansies en organe betrokke by die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorg.

Die institutêre kerk, as goddelike instelling, beoefen sorg in die menslike samelewing deur sy besondere ampsdraers, wat tot taak het die toerusting van die heiliges vir hulle dienswerk deur die bediening van die versoening. Die gelowiges, op hierdie wyse vir hulle dienswerk toegerus, dien God in die algemene amp van die gelowige deur sorgsaam besig te wees in die wye verskeidenheid van kultuursfere in die skepping. Die institutêre kerk en die georganiseerde partikuliere inisiatief het kragtens die beginsel van soewereiniteit in eie kring die koördinasie van hulle eie sorgaktiwiteite tot taak.

Die staat, wat regspleging tot taak het, het die bevoegdheid om ten opsigte van sy eie juridies gekwalifiseerde sorgaktiwiteite binne sy geografiese gebied koördinerend op te tree. Ordenende ingrype in die gesagsfeer van ander newegeskikte liggame is slegs geregverdig wanneer die wanorde of chaos binne daardie liggaam die algemene belang aantas. Ingrype ten opsigte van wanverhoudinge of wanorde in die aktiwiteite van sorgliggame is dan ook slegs geregverdig as dit geskied ter beskerming van die regsbelange van die daarby betrokke instansies.

Sowel die institutêre kerk as die staat en die partikuliere inisiatief het, kragtens hulle tipies leidende funksies, 'n eiesoortige

sorgroeping in die maatskaplike lewe te vervul. Gevolglik is die newegeskikte instansies soewerein in eie kring en mag die een slegs die taak van die ander, ook ten opsigte van die koördinasie van sorgaktiwiteite, in krisissituasies oorneem. Sodra die toestande egter normaal word, moet alles in die werk gestel word om die behoorlike ewewig tussen die samelewingsverbande te herstel.

As dit nodig blyk dat daar vir die doeltreffende onderlinge skakeling nouer kontak deur middel van 'n koördinerende liggaam bewerkstellig moet word, moet die liggame wat tot die koördinerende instansie toetree, hulle eie identiteit bly behou. Sodanige koördinerende instansie kan uiteraard slegs die werksaamhede van liggame met soortgelyke doelstellinge saamsnoer. Die metode wat aan die vier beginsels van universaliteit in eie kring, soewereiniteit in eie kring, enkapsis en gesag en vryheid reg laat ervaar, is die waarin liggame op newegeskikte wyse toetree en in die gesindheid van onderlinge liefde trag om wanverhoudinge op vreedsame wyse, sonder dwangmag, op te los. Indien sodanige koördinasie van sorgaktiwiteite tot stand kan kom deur onderlinge gesprek en wedersydse bereidwilligheid tot die aanvaarding van die eiesoortige prinsipiële taak, is dit des te beter.

Daar is in die prinsipiële oriëntering uitgegaan van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing ten opsigte van die beginsels wat ten grondslag lê van die koördinasietaak sowel as die taak van die onderskeie liggame gemoeid met die koördinasievraagstuk in die maatskaplike sorg. Die Calvinistiese kultuurerfenis is teenwoordig as gevolg van verskeie faktore in 'n krisis geplaas. Hierdie krisis het spoedig sy deurwerking op alle kultuurterreine laat blyk deurdat dit onder meer meganiese koördinasievorme in die maatskappy tot gevolg gehad het.

## 3. MEGANIESE KOÖRDINASIEVORME.

### a. Die huidige krisistyd en die meganiese koördinasiebeginsel.

Na aanleiding van 'n analise van die geestesstrominge van die huidige tydperk is bevind dat daar sedert die dertiger jare 'n kultuurpatroon na vore getree het wat as na-Christendomlik gekarakteriseer kan word. Die sekularisasieproses wat daartoe aanleiding gegee het dat die

ou tradisionele Christendomlike kultuurpatroon vinnig verdwyn het, het 'n tydvak ingelui waarin die teïstiese godsbegrip van die Christendomlike tydvak verdring is deur 'n deïstiese en daarna deur 'n ateïstiese godsbegrip. Omdat daar in die nuwe tydvak, geen belydenis aangaande God meer bestaan nie, het die nihilistiese moderne mens vir homself ooreenkomstig sy eie oordeel 'n surrogaat, 'n idool, in die plek daarvan gestel, naamlik die gemeenskapsideologie of die religie van die kommunard.

Hierdie nuwe „godsbegrip" het tot gevolg 'n andersoortige belydenis oor die wese en bestemming van die mens, maatskappy en wêreld en daarmee samehangend andersoortige uitingsvorme en kultuurhandelinge as die godsbegrip van die Christendom. Die nuwe kultuurpatroon is derhalwe gekenmerk deur 'n eiesoortige wyse waarop die mens sy lewe indiwidueel en in groepsverband daagliks in alle sfere van die lewe diensbaar gemaak het. In dié verband is veral die omgekeerde waar, naamlik dat die godsbegrip van die moderne mens veral uit sy historiese kultuurprodukte, sy kultuurhandelinge en lewensuitinge duidelik af te lei is.

Die maatskappybeskouing wat veral uit die nuwe godsbegrip (idoolbegrip) na vore getree het, was universalisties en totalitêr van aard. Hierdie nuwe totalitêre lewens- en wêreldbeskouing, wat vrug was van die gemeenskapsideologie, het as historiese kultuurproduk tot gevolg gehad die verskynsel van staatstotalitarisme. Die staatstotalitarisme het in die meeste lande omstreeks die dertiger jare van hierdie eeu ingang gevind as gevolg van die toepassing van 'n uitgebreide subsidiebeleid waardeur die gesubsidieerde instellinge vanweë die feit dat hulle finansieel gedeeltelik van die staat afhanklik geword het, geleidelik semi-staatsorgane word. 'n Ander wyse waarop die gemeenskapsideologie in die meeste lande sy verskyning gemaak het, was deur die bestaansbeveiligingsmaatreëls wat in die dertiger jare deur talle staatsowerhede ingestel word. Daar is met betrekking tot die subsidievraagstuk bevind dat dit baie nou verwant is aan die subsidiariteitsbeginsel. Die twee woorde <u>subsidiariteit</u> en <u>subsidie</u> hou beide die betekenis in van ondergeskik. Die betekenis van die subsidiariteitsbeginsel veronderstel dus onderskikking en dat die staat as reserwemag optree wat die taak van die ander

liggame oorneem wanneer hulle nie die mas kan opkom nie. Die subsidiariteitsbeginsel spruit voort uit die Roomse natuur-genade-motief, wat 'n dualistiese siening van die maatskappy tot gevolg het waarin die kerk die ganse menslike lewe omspan, dit opneem en heilig, terwyl die staat op natuurlike gebied die hoogste orgaan vorm. Die betekenis van die subsidiariteitsbeginsel is veral daarin geleë dat dit 'n oorgangsverskynsel is wat simptomaties is van die klemverskuiwing wat daar plaasgevind het van die karitatiewe via die humanitêr-etiese na die sosiologiese prinsipe in die maatskaplike sorg. Die subsidiariteitsbeginsel, as oorgangsverskynsel, en die subsidiebeleid lui 'n fase in wat gepaard gaan met die instelling van welsynsdepartemente wat op omvangryke skaal welsynsmaatreëls en welsynsprogramme van staatsweë onderneem en koördineer.

Die nuwe fase word veral gekenmerk deur 'n nuwe opvatting van die staatstaak, 'n nuwe opvatting van die verhouding van die staat tot die verskillende selfstandige samelewingsverbande - 'n verhouding waarin die beginsel van soewereiniteit in eie kring vervang word deur outonomie, universaliteit in <u>eie</u> kring deur universaliteit in <u>alle</u> kringe en die beginsels van gesag en vryheid van die gedifferensieerde sorginstansies deur die verabsolutering van die staatsmag. Die eie-aard en bestemming van elke onderskeie samelewingsverband word misken, en hulle gaan as gevolg van die proses van die verstaatliking van die lewe geheel en al in die staat op, totdat daar uiteindelik slegs 'n relatiewe outonomie oor eie lewensgebied oorbly.

Die moderne vrug van die subsidiariteitsbeginsel is die standpunt van funksionele desentralisasie, waarin daar uitgegaan word van die gedagte dat die staat die omvattende lewensverband is wat sy funksies deur middel van desentralisasie aan die ondergeskikte liggame kan oordra. Die verskynsel word veral opgemerk in die opkoms en ontstaan van die sogenaamde gemengde organe, soos die sosiale rade in Nederland, waar die staat die partikuliere inisiatief by die owerheidstaak <u>betrek</u>. Hierdie adviserende rade is die vrug van 'n tendens waarin daar geleidelik 'n vermenging van owerheid en partikuliere inisiatief plaasgevind het en waarin die staatstaak al hoe omvattender word.

Hierdie nuwe lewens- en wêreldbeskouing het tot gevolg gehad die totstandkoming van allerlei uitingsvorme as die simptome van die nuwe kultuurpatroon, waaronder die welsynstaat en die moderne meganiese koördinasietegniek van gemeenskapsorganisasie.

b. Moderne meganiese koördinasietendense.

Die universalistiese maatskappybeskouing en sy uitloper, die staatstotalitarisme, tree teenswoordig in 'n meer bedekte vorm na vore, naamlik in die gedaante van die welsynstaat. Die welsynstaat is die vrug van die nuwe universalistiese gemeenskapsideologie, waar die staat vir die algemene welsyn van die bevolking verantwoordelik gehou word. Sentraal staan in die welsynstaat die sosiale versekeringsbeleid, die proses van die herdistribusie van inkomste deur middel van 'n progressiewe belastingstelsel, kollektiewe spaarmaatreëls en die „democratic way of life", waarin die humanistiese lewenskonsepsie vooropstaan.

Die eertydse beperkte staatstaak wat as gevolg van prinsipiële oorweginge juridies gekwalifiseerd was, het nou verbreed en uitgebrei totdat dit feitlik elke lewensuiting van die mens deur middel van allerlei versekerings-, beheer- en kontrolemaatreëls dek. Feitlik die hele lewe van die mens is aan bande gelê deur 'n netwerk van maatreëls van staatsweë wat elke lewensuiting rig en lei. Die staat gryp nou ordeskeppend in in alle lewensterreine.

Ten opsigte van die tegniek van gemeenskapsorganisasie is bevind dat ook hierdie organisatoriese en administratiewe metode van sorg die draer van 'n bepaalde ideologie is, naamlik dieselfde ideologie as dié waarvan die maatskaplike werk die draer is. Ook in hierdie tegniek staan die gemeenskapsideologie en die universalistiese maatskappybeskouing sentraal. Die tegniek het ten doel die bewerkstelliging van integrasie of kohesie in die „gemeenskapslewe". Omdat dit egter in hierdie metode om 'n idoolbegrip in plaas van die Skriftuurlike godsbegrip gaan, kan daar slegs 'n meganiese totalitêr oorkoepelende integrasie tot stand kom. Die wesenlike gemeenskapselement in Skriftuurlike sin, naamlik die gemeenskap van die heiliges, ontbreek hier geheel en al.

Een van die vorme waarin gemeenskapsorganisasie kom voordoen, is nasionaal koördinerende rade. Verder word die tegniek ook ingespan in gemeenskapskasse en gemeenskapsentrums. Die hoofdoel waarop hierdie proses gerig is, is die realisering van die gedagte van 'n wêreldgemeenskap waarin die binding, integrasie en kohesie tot stand gebring word deur die basiese maatskaplike werktegniek. Gemeenskapsorganisasie is die speerpunt en gangmaker van 'n nuwe religie: die universalistiese gemeenskapsreligie.

4. KOÖRDINASIE IN SUID-AFRIKA:

a. Die invloed van konferensies en kongresse op die koördinasievraagstuk in Suid-Afrika.

Konferensies en kongresse het in die Suid-Afrikaanse volkslewe ten opsigte van die koördinasievraagstuk 'n belangrike rol gespeel. Die inisiatief vir die organisering van die kongresse en konferensies gaan in die beginjare in hoofsaak van die kerk uit. Dit word daaraan toegeskryf dat die owerheid in die beginjare van hierdie eeu die Afrikanervolk nie goedgesind was nie en die kerk die enigste ander „georganiseerde" lewensverband was waarna die volk kon opsien om leiding en optrede in die maatskaplike problematiek van daardie tyd. Die feit dat die staat ook ten opsigte van die organisering van kongresse en konferensies 'n standpunt van onthouding gehuldig het, kan ook onder meer toegeskryf word aan die destyds heersende staatsfilosofie waarin aan die staat slegs 'n beperkte plek en taak in die samelewing toegeken is.

Die jaar 1923 is belangrik in verband met die rol van konferensies en kongresse en hulle invloed op die koördinasievraagstuk, omdat staat en kerk nou die eerste keer gesamentlik oor volksprobleme beraadslaag. Van hierdie tydstip af is dit die staat wat die inisiatief en leiding neem in verband met die gesamentlike beraadslaging oor allerlei probleme wat hulle in die volkslewe voordoen.

'n Mylpaal word in 1934 bereik, wanneer daar op inisiatief van die Nasionale Buro vir Opvoeding en Maatskaplike Navorsing, na aanleiding van die Carnegieverslag oor die armblankevraagstuk, 'n volkskongres georganiseer word. Hierdie kongres is in meer as een opsig 'n mylpaal in die ontwikkeling van koördinasie in Suid-Afrika. Hier word die eerste keer die

gedagte geopper dat 'n staatsdepartement vir volkswelsyn in die lewe geroep behoort te word, wat alle staatsmaatreëls ten opsigte van welsynsvraagstukke sou koördineer. Die besluite van hierdie kongres het regstreeks aanleiding gegee tot die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn in 1937. Die voortsettingskomitee van hierdie kongres word later omgeskep in die Instituut vir Volkswelstand van die F.A.K., wat egter nie baie lank aktief bly voortbestaan nie.

Dit wil voorkom asof daar van hierdie kongres af twee strominge in die volkslewe te bespeur is, naamlik een waarin die staat al hoe meer die leiding neem ten opsigte van die organisering van konferensies en kongresse waartydens organisasies wat hulle besig hou met professionele maatskaplike werk, saamgetrek word, terwyl die Afrikaanse kultuurliggame wat reeds 'n geruime tyd in georganiseerde verband in die F.A.K. saamgesnoer is, 'n ander rigting inslaan, waarin kultuurorganisasies met as hoofdoel die bewaring en behoud van die volkskultuur kragte verenig.

Hierdie skeiding kan ten dele toegeskryf word aan die feit dat die kongres aanbeveel het dat daar oorgegaan moet word tot die opleiding en aanstelling van professionele maatskaplike werkers ten einde die heersende armblankevraagstuk te bowe te kom. Hierdie gedagte was die vrug van die Carnegie-ondersoek, waarin die heersende pragmatistiese Amerikaanse denkbeelde in die volkslewe ingedra is. Hoewel hierdie gedagtes aanvanklik deur almal, Afrikaanse kultuurleiers ingesluit, met groot akklamasie ontvang is, het dit spoedig geblyk dat die Afrikaanse kultuurliggame in hulle tradisionele versorgingsmetodes nie vir hierdie nuwe tegniek ruimte gehad het nie, en die professionele maatskaplike werk het weinig ingang gevind by die tradisionele Afrikaanse volksinstellinge.

Die invloed van die konferensies wat in 1936 en 1944 plaasvind, kan alleen reg beoordeel word as dit gesien word in die lig van die holistiese denkbeelde van genl. J.C. Smuts: by beide hierdie konferensies tree hy as spreker op.

Die 1936-konferensie staan geheel en al in die teken van die holistiese benadering van sorgvraagstukke. Daar word na die staat as omvattende verband omgesien om ten opsigte van die koördinasie van sorg-

vraagstukke handelend op te tree deur oor te gaan tot die instelling van 'n staatsdepartement van Volkswelsyn. In hierdie stadium het daar reeds die Afdeling Maatskaplike Welsyn by die Departement van Arbeid bestaan. Die hernieude klem wat ook deur hierdie konferensie op die noodsaaklikheid van staatsoptrede ten opsigte van die koördinasie van sorgaktiwiteite geplaas word, was deurslaggewend vir die totstandkoming van 'n afsonderlike departement van Volkswelsyn.

Die naoorlogse omstandighede gee daartoe aanleiding dat daar in 1944 weer eens van staatsweë 'n konferensie georganiseer word wat oor allerlei naoorlogse sorgvraagstukke handel. Vanweë die menigte oorlogsfondse wat in die voorafgaande tydperk in die lewe geroep is, word dit noodsaaklik om een of ander vorm van kontrole of beheer oor geldinsameling uit te oefen ten einde die publiek van uitbuiting te vrywaar. By hierdie konferensie word die gedagte van 'n nasionale koördinerende welsynsraad gebore. Albei hierdie konferensies aanvaar sonder voorbehoud dat dit staatstaak is om sorgaktiwiteite binne die omvattende raamwerk van die staat te koördineer.

Deur die organisering van konferensies en kongresse is die weg geleidelik gebaan vir die aanvaarding van die gedagte van staatskoördinasie van sorgaktiwiteite. Hierdie geleidelike verandering in die opvatting aangaande die staatstaak kan ook in Suid-Afrika toegeskryf word aan 'n veranderde lewens- en wêreldbeskouing wat sedert die dertiger jare hier ingang gevind het. In hierdie stelselmatige verandering van die opvattinge aangaande die staatstaak moet die rol en invloed van die Holisme soos deur genl. Smuts geïnterpreteer en in praktyk gebring nie onderskat word nie. Die Holisme, soos dit deur generaal Smuts vertolk is, het in die vorming van die patroon van staatskoördinasie van sorgaktiwiteite 'n belangrike rol gespeel. Deur sy denkbeelde is die universalistiese maatskappybeskouing in die volkslewe ingedra, sodat daar algaande tussen die staat en die kerk en partikuliere inisiatief 'n tipies geheel-deel-verhouding tot stand gekom het ..... die staat is immers die geheel wat al die ander ondergeskikte dele in 'n omvattende totalitêre geheel („whole")

omvat. Van hierdie stroming was beide die staatsdepartement van Volkswelsyn en die Nasionale Welsynsraad historiese kultuurprodukte.

b. <u>Die koördinasie van partikuliere sorg in Suid-Afrika</u>.

Daar is in die geskiedenis van die maatskaplike sorg in Suid-Afrika drie fases te bespeur, te wete 'n fase waarin die gesin sentraal staan en primêr as versorgingseenheid optree, daarna 'n fase waarin die institutêre kerk en 'n bietjie later die partikuliere organisasies sorg onderneem, terwyl daar in die laaste fase 'n duidelike oordrag van sorgfunksies aan die staat voorkom.

Hierdie ontwikkeling is soortgelyk aan die wat in ander wêrelddele plaasvind en waarin die staat, veral sedert die dertiger jare, 'n belangrike plek inneem. Hierdie ontwikkeling as geheel kan gesien word as die manifestasie van die oorgang van die karitatiewe na die sosiologiese prinsipe in die maatskaplike sorg in Suid-Afrika.

In die ontstaan en ontwikkeling van die vroueverenigings in Suid-Afrika kan die invloed van die liberalisme duidelik bespeur word. Die vroueverenigings in Suid-Afrika het diep gedrink aan die liberale geestestroming, waarvan die stryd om vrouestemreg onder meer die historiese kultuurproduk was.

Wat die koördinasie van sorgaktiwiteite betref, word hier die tendens aangetref waarin daar koördinasie van sorgaktiwiteite op provinsiale grondslag plaasvind. Die vier vroueverenigings se sorgaktiwiteite word later deur die Federale Vroueraad op landswye basis saamgesnoer. Die vroueverenigings maak onder meer van professionele maatskaplike werksters as werkkragte gebruik vir die uitvoering van hulle sorgtaak. Uiteraard is die totstandkoming van organisasies en die aanstelling van 'n professionele werkkrag vir die uitvoering van die doelstellings van daardie liggaam reeds 'n vorm van koördinasie.

By die ander partikuliere sorginstansies wat hulle met bepaalde sorgkategorieë besig hou, word 'n tendens aangetref waarin daar vir bepaalde kategorieë van sorgbehoeftes nasionaal koördinerende rade tot stand kom, en hulle koördineer die werk van verskillende liggame wat op dieselfde funksionele terrein werksaam is. Hierdie nasionaal koördinerende rade en

hulle geaffilieerde liggame neem in die reël ook professionele maatskaplike werkers in diens, wat staatsubsidie vir hulle werk ontvang en ten opsigte van opleiding ensovoorts aan die vereistes van die staat moet voldoen.

Parallel naas die partikuliere instansies, wat vir die uitvoering van die sorgtaak by uitstek van professionele maatskaplike werkers gebruik maak, kan 'n ander stroming onderskei word waarin die volk as geheel aktief en selfstandig optree ten einde volksnood te lenig. Van hierdie stroming is die Helpmekaarbeweging en die Reddingsdaadbond historiese kultuurprodukte. Beide hierdie versorgingsmetodes is gebore uit die tradisionele Christelik-nasionale kultuurpatroon, waarin hulp aan die volksgenoot in nood gesien word as deel van die alledaagse wyse van lewens-indienstelling en derhalwe as uitvloeisel van die amp van die gelowige.

Die Helpmekaarbeweging is 'n spontane versorgingsmetode wat uit die hart van die volk self ontstaan het en wat ten doel gehad het hulpverlening aan die rebelle wat in nood verkeer het. Die beweging het tot gevolg gehad 'n grootskaalse insameling van geld deur volksgenote wat self onder die las van knellende omstandighede gebuk gegaan het maar wat bereid was om vir die ideaal van vryheid en selfstandigheid veel op te offer.

In hierdie beweging het dr. N.J. van der Merwe 'n baie belangrike rol gespeel. Nadat die aanvanklike taak van die Helpmekaar reeds afgehandel was, het die beweging hom ook onder leiding van dr. N.J. van der Merwe as voorsitter op ander volksterreine begeef. Die hoofdoel was die materiële en geestelike weerbaarmaking van die Afrikaner ten einde die Afrikanerkultuur van ondergang te red.

Die Reddingsdaadbond is 'n ander beweging wat in die Voortrekkereeufeesjaar uit die tradisionele Christelik-nasionale kultuurpatroon na vore tree. Dit is 'n gedenkdaad wat gedra word deur dieselfde gees van opoffering as die van die Groot Trek. Dit gaan in hierdie beweging om 'n reuse-volksofferande gebore uit die geestesworsteling van 'n volk op pad na selfstandigwording. In die werk van die Rdb. word daar 'n unieke benadering van die probleem van volksarmoede aangetref.

Daar kan in die Afrikaanse volkslewe twee duidelik herkenbare versorgingsmetodes onderskei word. Enersyds word daar die vrouevereniginge

en ander kategoriese partikuliere sorginstansies aangetref wat daartoe oorgaan om provinsiaal en nasionaal koördinerende rade in die lewe te roep en wat vir die uitvoering van die sorgtaak van die dienste van die professioneel gekwalifiseerde werkkrag gebruik maak. Daarteenoor word die volksbewegings aangetref wat op nasionale grondslag georganiseer is en wat deur die georganiseerde optrede van die volk as geheel trag om volksprobleme die hoof te bied.

Hierdie uiteenlopende benaderings van dieselfde probleem dui op twee verskillende geestesstrominge waarvan die onderskeie vorme van sorg die historiese kultuurprodukte is. Hierdie duidelike onderskeid word later beklemtoon wanneer dit blyk dat die twee rigtings ideaal-tipies gesproke polariseer om die Nasionale Welsynsraad enersyds en die F.A.K. andersyds.

c. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings as koördinerende sorginstansie.

(1) Die ontstaan en instelling van die F.A.K.

Wat betref die geesteskllimaat waaruit die F.A.K. ontwikkel het, is tot die gevolgtrekking geraak dat dit vrug is van die eiesoortige Afrikaanse leefwyse wat die uitvloeisel van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is gefundeer in die Calvinistiese godsbegrip. Kenmerkend van die Afrikaanse volksgemeenskap is die organiese volksbegrip, waaraan die Calvinisme ten grondslag lê. Hierdie geesteskllimaat het tot gevolg 'n „Afrikaanse gedagte" waarin die denkbeeld van 'n eie lotsbestemming en Godgegewe roeping en taak vooropstaan. Hierdie karakteristieke siening van lewe, mens, maatskappy en wêreld het tot gevolg gehad 'n eiesoortige kultuurbeskouing, met ander woorde 'n kenmerkende opvatting van die wyse waarop daar in die alledaagse volkslewe deur die indiwidu en die georganiseerde verbande versorgend met die geskapene omgegaan behoort te word.

Die F.A.K. kom tot stand in 'n tydvak waarin die tradisionele kultuurerfnisse van die Afrikaner sowel op geestelike as op materiële gebied deur die stroom van verengelsing bedreig word. Die F.A.K. kom dan tot stand ten einde die versnippering van kultuurkragte teë te werk en 'n

gesamentlike program vir die handhawing en positiewe ontwikkeling van die Afrikaanse taal en kultuur daar te stel.

In die ontstaan en latere werk van die F.A.K. speel die lewens- en wêreldbeskouing van dr. N.J. van der Merwe, die eerste voorsitter van die F.A.K., 'n belangrike rol. Dr. N.J. van der Merwe was Calvinis van oortuiging en het as kultuurleier op verskillende lewensterreine kultuurhandhawing en kultuuruitbou voorgestaan onderworpe aan die goddelike skeppingsordinansies. Sy ideale van die geestelike vryheid en selfstandigheid van die Afrikanervolk was die stukrag agter die werk van die F.A.K. Sy opvatting dat hoër eenheid in die volkslewe alleen bereikbaar is deur die erkenning en die handhawing van dit wat aan elke volksgroep eie is, was die gedagte waaruit die versorgingsmetodes en die historiese kultuurprodukte van die F.A.K. gebore is. In die kultuurbeskouing van Van der Merwe staan die gedagte van die innige verbondenheid tussen kultuur en godsdiens voorop. Dit het onder meer ingehou dat daar vir die Afrikaner geen kompromie of rassesamesmelting op kultuurgebied kon wees nie, selfs nie ter wille van die ideaal van die bereiking van sogenaamde eenheid nie. Hy het verder die tradisionele Afrikaanse kultuur gesien as die enigste eenheidsband wat die volk as geheel kon verenig.

Wat die samestelling van die F.A.K. betref, het ons te doen met 'n organisasievorm bekend as 'n federasie, waarin liggame op newegeskikte basis op voet van gelykheid toetree en regstreekse verteenwoordiging geniet. In die samestelling van die F.A.K. behou elke toetredende liggaam sy soewereiniteit. Die wyse waarop die F.A.K. saamgestel is, tas nie die Skriftuurlike beginsels ten grondslag van organiese koördinasie aan nie maar maak dit inteendeel moontlik om deur die bewerkstelliging van organiese koördinasie en die bevordering van gemeenskaplike doelstellings die geaffilieerde liggame beter in staat te stel om hulle kultuurtaak te vervul.

Die liggame wat die F.A.K. bestuur, is sodanig saamgestel dat hulle in staat is om die regstreekse en onregstreekse koördinasie van kultuuraktiwiteite op nasionale, plaaslike en streeksvlak te kan behartig. Hierdie liggame is in der waarheid die spreekbuis van die georganiseerde Calvinisties-nasionale Afrikaanse kultuurlewe.

'n Belangrike feit in die samestelling van die F.A.K. is dat liggame wat tot die federasie toetree, dit vrywillig doen op grond van die feit dat hulle die beginsels vervat in die Grondwet en Statute van die F.A.K. onderskryf. Toetrede tot die F.A.K. is dus geheel en al vrywillig op grond van die aanvaarding van gemeenskaplike beginsels en ideale.

(2) Onregstreekse koördinerende werksaamhede van die F.A.K.

Omdat die organisasievorm van die F.A.K. 'n federasie is, staan feitlik elke optrede en aksie van hierdie liggaam in die teken van die koördinasie van kultuurwerksaamhede. Elke poging van die F.A.K. verteenwoordig in werklikheid die saamgesnoerde en gekoördineerde aksie van die geaffilieerde liggame met die oog op die realisering van die hoofdoelstelling van die F.A.K., naamlik taalhandhawing en kultuurbou.

Die werk in verband met die verwesenliking van hierdie doelstelling geskied deur middel van die beheerliggame van die F.A.K. en word hoofsaaklik op nasionale vlak voltrek. In die uitvoering van sy funksies van taal en kultuurhandhawing en uitbou het die F.A.K. daartoe oorgegaan om 'n groot aantal institute en kommissies in die lewe te roep. Die institute en kommissies van die F.A.K. is in werklikheid die arms van die geaffilieerde kultuurliggame waardeur gekoördineerde pogings aangewend word ter bevordering en behoud van die Afrikanerkultuur. Die verskillende institute en kommissies van die F.A.K. kan dus gesien word as vorme en metodes waardeur die liggame op saamgesnoerde wyse op verskillende lewensterreine sorg beoefen. As gevolg van die onregstreekse gekoördineerde optrede van die F.A.K. kom daar allerlei historiese kultuurprodukte op die gebied van taal en kultuur tot stand. Hierdie geestelike en materiële kultuurprodukte op die gebied van volksmusiek en -sang, volkskuns, volksgeskiedenis, volksonderwys en opvoeding, volksekonomie, volkswelstand en die volkskultuur in die algemeen is die vrug van die dieperliggende geestestroming wat aan al die kultuurarbeid van die F.A.K. ten grondslag lê, naamlik die sentrale tema van die behoud, bewaring en uitbou van die Afrikaanse taal en kultuur, omdat die Afrikanervolk die draer is van 'n eie godsgedagte.

(3) Regstreekse koördinerende aktiwiteite van die F.A.K.

In die pogings van die F.A.K. om regstreekse koördinasie van kultuurwerksaamhede te bevorder het hy gebruik gemaak van sy beheerliggame op nasionale vlak, terwyl die werk op plaaslike vlak deur die skakelkomitees en kultuurverenigings voortgesit is en sedert onlangs op streeksvlak deur die gebiedskultuurrade behartig word.

In die regstreekse koördinerende werk van die F.A.K. op nasionale vlak, het die Federasie aandag geskenk aan die volgende sake:

(i) die uitskakeling van oorvleueling;

(ii) die samesnoering van kragte vir die aktivering van kultuurliggame op kultuurgebied;

(iii) regstreekse eksterne koördinasie van sy werk met dié van ander kultuurliggame en

(iv) koördinasie met die oog op beleidsbepaling en gesamentlike optrede.

Belangrike regstreekse koördinerende werk op plaaslike vlak word deur die skakelkomitees van die F.A.K. verrig, terwyl die uitvoering van bepaalde kultuuraktiwiteite deur die plaaslike kultuurverenigings verrig word. Beide hierdie plaaslike instellinge werk mee tot die doeltreffende koördinasie van die plaaslike kultuurwerk. Die ondoeltreffende funksionering van die skakelkomitees wat soms in die praktyk aangetref word, kan toegeskryf word aan onaktiwiteit van die geaffilieerde liggame enersyds en die gebrek aan uitvoerende aksie andersyds. Hierdie leemte is in 'n groot mate oorbrug deur die instelling van die gebiedskultuurrade.

Hierdie rade wat onder meer tot taak het die regstreekse koördinasie van kultuurwerk op streeksvlak, fungeer as uitvoerende liggame en het ten doel die doeltreffende aktivering en inskakeling van alle kultuurliggame in hulle bepaalde gebied. Deur middel van die advieskomitees word daar leiding gegee aan die gebiedskultuurrade ten opsigte van die aktivering van die bevolking op verskillende belangstellingsterreine.

Dit is duidelik dat die F.A.K., wat sy samestelling betref, reg laat geskied aan die beginsels van universaliteit in eie kring, soewereiniteit in eie kring, gesag en vryheid en die beginsel van die enkaptiese vervlegting van samelewingsvorme eerbiedig. Ten spyte van die feit dat die F.A.K. geografies, funksioneel, intern en ekstern kultuuraktiwiteite op regstreekse en onregstreekse wyse koördineer, kom daar geen oorkoepelende meganiese en totalitêre koördinasievorm tot stand waardeur aan die soewereiniteit en gesag en vryheid van die geaffilieerde liggame afbreuk gedoen word nie. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die F.A.K. organiese koördinasie nastreef en dit op 'n ordelike wyse sonder dwangmag tot stand bring. Hier is dus in die werk van die F.A.K. iets te bespeur van die Bybelse vredesbegrip soos dit in die Ou-Testamentiese vredesgroet „sjaloom" vergestalting vind.

d. <u>Die ontwikkeling van staatsmaatreëls wat op die koördinasie van maatskaplike sorg in Suid-Afrika betrekking het.</u>

In die ontwikkeling van staatsmaatreëls in die koördinasie van maatskaplike sorg in Suid-Afrika kan daar twee fases onderskei word, naamlik die tydperk vanaf 1910 tot 1937 en die tydperk van 1937 tot 1947.

(1) <u>Die fase van 1910 tot 1937</u>:

Omstreeks 1910 bestaan daar in Suid-Afrika van owerheidsweë nog weinig voorsiening vir die koördinasie van sorgaktiwiteite. Met die publikasie van die verslag van die Transvaal Indigency Commission in 1909 word daar vir die eerste keer gewys op die noodsaaklikheid van die instelling van 'n sentrale organisasie wat die koördinasie van die sorgaktiwiteite van die verskillende liefdadigheidsinstellinge kan behartig, terwyl die Zuid-Afrikawet van 1909 die beheer van onder meer liefdadigheidsinstellinge aan die provinsiale administrasies opdra.

Die volgende ontwikkeling in hierdie eerste fase verteenwoordig 'n tydvak waarin die provinsiale owerhede oorgaan tot die beheer en kontrole van die werk van liefdadigheidsinstellinge deur die proklamasie van ordonnansies wat die kontrole van geldinsameling deur liefdadigheidsinstellinge en die registrasie van hierdie instellinge beheer. Die volgende provinsiale

ordonnansies kom in hierdie tydperk tot stand:

(a) Ordonnansie nr. 4 van 1919 (Kaap),

(b) Ordonnansie nr. 5 van 1926 (Transvaal),

(c) Ordonnansie nr. 8 van 1932 (Natal).

Hierdie drie ordonnansies het een eienskap gemeenskaplik, naamlik die sentrale koördinasie, beheer en kontrole oor die insameling van gelde deur liefdadigheidsinstellinge. In die Transvaalse en Natalse ordonnansies word daar voorsiening gemaak vir die instelling van liefdadigheidsrade wat op plaaslike vlak die koördinasie van welsynsbedrywighede onderneem. Reeds omstreeks die jare dertig word daar nou van owerheidsweë, deur middel van die instelling van koördinerende rade gepoog om beheer en kontrole oor die werk van liefdadigheidsinstellinge uit te oefen.

Die pas wat deur die provinsiale owerhede aangegee is ten opsigte van die koördinasie van welsynsbedrywighede, word al spoedig deur die sentrale regering gevolg toe die kerk-staat-groepareaplan in 1933 in werking tree. Die skema en die byvoeging van die Afdeling Maatskaplike Welsyn tot die Nasionale Raad vir Opvoedkundige Navorsing in 1934 is twee gebeurtenisse wat die instelling van die Departement van Volkswelsyn voorafgaan. Met die byvoeging van die Afdeling Maatskaplike Welsyn tot die Departement van Arbeid in 1935 en die uiteindelike totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn in 1937 word die proses van staatstoetrede tot die koördinasie van sorgaktiwiteite in Suid-Afrika tot 'n hoogtepunt gevoer. Hierdie historiese ontwikkeling in Suid-Afrika is soortgelyk aan die proses wat gedurende die jare dertig van hierdie eeu in die meeste wêrelddele voltrek is. Hoewel daar aanvanklik, as gevolg van 'n beleid van onthouding van die kant van die staat, huiwering is om deur middel van beheer- en kontrolemaatreëls in die sorgaktiwiteite van die selfstandige partikuliere en kerklike liggame in te gryp, verander die heersende staatsbeskouing spoedig tot een waarin samewerking tussen kerk en staat en staatstoetrede tot die koördinasie van maatskaplike sorg as heel aanvaarbaar en gewens beskou word.

In hierdie proses van staatstoetrede tot die koördinasie van maatskaplike sorgaktiwiteite speel die konferensies en kongresse waarin staat,

kerk en partikuliere inisiatief samesprekinge voer, 'n belangrike rol, omdat daar deur middel van hierdie konferensies en kongresse deur die aanwesige liggame druk op die owerheid uitgeoefen word om die toesegging van meer en meer finansiële staatsteun. Vermeerderde finansiële staatsteun en samewerking tussen staat en partikuliere inisiatief bring uiteraard met verloop van tyd meer toesig en beheer van owerheidsweë mee.

Dit is kenmerkend van die eerste fase in die ontwikkeling van staatsmaatreëls ten opsigte van die koördinasievraagstuk dat daar in die beginjare, as gevolg van die heersende staatsopvatting, 'n groot mate van huiwering van die kant van die staat bestaan ten opsigte van die maatskaplike sorgaktiwiteite waarmee die kerk en partikuliere instellinge hulle besig gehou het.

Suid-Afrika is egter nie vry te pleit van die invloede wat hulle in die buiteland gemanifesteer het nie, en al spoedig word die heersende denkbeelde aangaande die beperktheid van die staatstaak onder meer deur die invloed van die Carnegieverslag aangaande die armblankevraagstuk en die aanbevelings en besluite van die 1934-volkskongres oor die armblankevraagstuk ingrypend gewysig.

(2) <u>Die fase vanaf 1937 tot 1947</u>:

In die tydvak ná 1937 het die koördinasie van sorgaktiwiteite van staatsweë via die staatsdepartement van Volkswelsyn reeds 'n voldonge feit geword. Die totstandkoming van die staatsdepartement van Volkswelsyn vorm die kulminasie van 'n proses waarin die staat stelselmatig deur middel van allerlei beheermaatreëls en deur samewerking op grond van die beleid van die subsidiëring van professionele werkkragte van kerklike en partikuliere instellinge, tot die koördinasie van sorgaktiwiteite soos beoefen deur die kerk en die partikuliere instellinge, toetree.

Met die totstandkoming van die staatsdepartement van Volkswelsyn word 'n nuwe wyse van samewerking tussen staat en partikuliere inisiatief in Suid-Afrika gebore. Staatsubsidiëring van die sorgaktiwiteite van welsynsliggame tree op die voorgrond en die sogenaamde vennootskapsverhouding ontstaan waarin die partikuliere inisiatief by die staatstaak „ingeskakel"

en „betrek" word. Die vennootskapsverhouding word daardeur gekenmerk dat die finansieel sterkere en territoriaal grotere vennoot beleid bepaal, voorskrifte maak, eise stel, funksies en terrein verdeel en verantwoording eis, terwyl die partikuliere instellinge behulpsaam is in die uitvoering van staatsbeleid, voorskrifte uitvoer, aan eise beantwoord, finansiële steun ontvang, ensovoorts. Op hierdie wyse word die partikuliere instellinge bloot semistaatsorgane wat hulle eie interne soewereiniteit prysgee ter wille van die finansiële steun wat hulle van staatsweë ontvang.

Ná die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn in 1937 volg daar twee belangrike gebeurtenisse waaruit blyk dat die proses van staatskoördinasie van die sorgaktiwiteite van kerk en partikuliere instellinge geleidelik toeneem. Dit is 'n proses wat moeilik gekeer kan word as dit eers eenmaal 'n aanvang geneem het.

In 1940 word die behartiging van armesorg van die provinsiale owerhede aan die sentrale regering oorgedra. Dit verteenwoordig 'n tendens waarin daar algaande oorgegaan word tot die sentralisasie van owerheidsmaatreëls met betrekking tot maatskaplike sorg.

In 1947 word die Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947 gepromulgeer, en dit lei tot die instelling van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, later bekend as die Nasionale Welsynsraad, wat tot taak het die registrasie, koördinasie en beheer van die werk van welsynsorganisasies.

(e) Die Nasionale Welsynsraad as koördinerende instansie in die maatskaplike sorg.

Deur die Wet op Welsynsorganisasies word die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief vir die eerste keer op 'n statutêre basis geplaas. Die liggaam wat vir die uitvoering van hierdie wet verantwoordelik is, is die Nasionale Welsynsraad. Die totstandkoming van die Nasionale Welsynsraad vorm die kulminasie van 'n proses van staatstoetrede tot die koördinasie van sorgaktiwiteite soos dit deur die kerk en partikuliere instellinge beoefen is.

Die Wet op Welsynsorganisasies en die Nasionale Welsynsraad is die uitvloeisel van die eertydse Raad op Oorlogsfondse, wat beheer oor die insameling van geld deur die verskillende oorlogsfondse ten doel gehad het. In die totstandkoming van die Raad op Oorlogsfondse het die denkbeelde van die Holisme en die klimaat van die lewens- en wêreldbeskouing van genl. J.C. Smuts 'n pertinente rol gespeel. Die oorlogsfondse waarin genl. en mev. Smuts 'n belangrike rol gespeel het, het voortgespruit uit en deel gevorm van sy oortuiginge aangaande die hoër eenheid wat in Suid-Afrika alleen bereikbaar sou wees deur die deelvorming van die groter geheel: die magtige Britse Ryk. Die Nasionale Welsynsraad was onregstreeks die vrug van hierdie denkbeelde.

Wanneer die motief vir die instelling van die Nasionale Welsynsraad in oënskou geneem word, sien ons dat die Raad tot taak het die beskerming van die landsburger teen uitbuiting deur ongeoorloofde geldinsameling. Hierdie motief is 'n prinsipieel verantwoorde beweegrede wat vir die Calvinis aanvaarbaar is. Die positief juridiese taak van die staat kan egter nie sonder ernstige gevolge vir die partikuliere inisiatief enersyds en die staat andersyds deur 'n openbare liggaam ten uitvoer gebring word nie. Hoewel dit op die oog af lyk asof die partikuliere inisiatief daadwerklik by die uitvoering van die owerheidstaak betrek word, het die situasie in die praktyk tot stand gekom dat die privaat inisiatief in der waarheid weinig seggenskap bly behou het oor die breë beleid en raamwerk waarbinne hulle werk moet plaasvind. Dit blyk onder meer uit die feit dat die streeksrade al spoedig die karakter van vrywilligheid moes inboet toe verorden is dat die administratiewe werk van die rade deur die beamptes van die Departement van Volkswelsyn behartig moes word.

Daar dien in die Nasionale Welsynsraad slegs persone wat die partikuliere inisiatief in die algemeen verteenwoordig. Die Raad leen hom nie tot regstreekse verteenwoordiging nie. 'n Regstreeks verteenwoordigende liggaam is in Suid-Afrika eintlik ondenkbaar. Die feit dat reeds meer as 2,500 welsynsorganisasies geregistreer is, en die faktor van die heterogeniteit van die Suid-Afrikaanse bevolking asook die uiteenlopende

beskouinge wat aan die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorg ten grondslag lê skakel hierdie moontlikheid geheel en al uit. Desnieteenstaande bly dit 'n onomstootlike feit dat daar 'n ernstige behoefte bestaan aan 'n liggaam waarin die partikuliere inisiatief op groter en meer verteenwoordigende wyse aanwesig is en waarin die partikuliere inisiatief as geheel meer soewereiniteit en seggenskap het in die bepaling van beleid ten opsigte van hulle werksaamhede in die algemeen en die koördinasie van hulle sorgaktiwiteite in die besonder.

f. Die onregstreekse koördinerende aktiwiteite van die Nasionale Welsynsraad.

Een van die belangrikste metodes waardeur die Nasionale Welsynsraad poog om die koördinasie van die sorgaktiwiteite van partikuliere en kerklike instellinge te koördineer, is die registrasie van alle welsynsliggame. Deur middel van hierdie metode word daar beheer uitgeoefen oor die insameling van geld deur die verskillende liggame. 'n Belangrike faktor waarmee hier rekening gehou moet word, is dat die registrasie van alle welsynsliggame verpligtend is onder die Wet, dat slegs geregistreerde liggame vir owerheidsubsidie in aanmerking kom en dat die registrasie van liggame meebring dat die staat in beginsel bepaalde eise ten opsigte van die konstitusie van registrerende liggame kan stel. Met die vermeerderde magte wat deur die nuwe wetswysiginge aan die Raad verleen is ten opsigte van die weiering van registrasie op grond van die oorvleueling van werksaamhede van die van reeds geregistreerde liggame wat doeltreffend funksioneer, betree die Raad 'n fase waarin hy in sy onregstreekse koördinerende funksie oor feitlik absolute magte beskik. Dit berus by die Raad om te bepaal of 'n organisasie doeltreffend funksioneer of nie en om dan te bepaal of beoogde doelstellinge van 'n nuwe organisasie met die van die reeds doeltreffend funksionerende liggaam se doelstellinge ooreenstem of dit oorvleuel. Uiteraard kan sodanige magte in die hande van 'n klein groepie diktatoriale optrede tot gevolg hê en kan dit die inisiatief van die volk demp.

Ten opsigte van die funksie van die advisering van die minister ten opsigte van sake rakende die wet en die toepassing daarvan en die algemene welsynsbeleid word die eienaardige posisie aangetref dat beide die Nasionale Welsynsraad en die Departement van Volkswelsyn advies aan die minister tot taak het.

In die uitvoering van sy taak om die uitvoering van die oogmerke van die wet te bevorder het die Nasionale Welsynsraad onder meer tot taak gehad die medebepaling van beleid ten opsigte van finansiering van die vrywillige welsynsorganisasies. Hierdeur het die Nasionale Raad in beginsel daartoe meegewerk dat die beginsel van vrywilligheid in die maatskaplike sorg ondermyn word deurdat die partikuliere inisiatief nou aan verregaande kontrole, inspeksie en beheer van owerheidsweë onderwerp word.

g. Die regstreekse koördinerende aktiwiteite van die Nasionale Welsynsraad.

By die onregstreekse koördinerende aktiwiteite van die Nasionale Welsynsraad word die tendens bespeur dat aan die Raad met verloop van tyd al hoe meer magte ten opsigte van registrasie toegeken word, en dit is ook die geval ten opsigte van die regstreekse koördinasie van sorgaktiwiteite. Die vermeerderde magte ten opsigte van die goed- of afkeuring van die registrasie van liggame het daartoe meegewerk dat die eertyds vrywillige koördinering van die werk van geregistreerde welsynsliggame plek moes maak vir koördinasie deur middel van statutêre dwangmag. Registrasie wat voorheen 'n metode was wat deur die staat gebruik is om die landsburger teen uitbuiting te beskerm, word nou 'n wyse waarop regstreekse koördinasie deur middel van wetsdwang bewerkstellig kan word. Weliswaar geskied dit nog altyd onder die dekmantel van die beskerming van die belange van die landsburger maar nou met dié verskil dat die staat in beginsel oor feitlik diktatoriale magte beskik.

Die werk van die Nasionale Welsynsraad kan nie los van die algemene raamwerk van die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorg beoordeel word nie.

Dit is die produk van die tipies Suid-Afrikaanse staatswelsynstelsel, waarin die partikuliere inisiatief in 'n sekere sin die rol van semistaatsorgane speel. Ook die sogenaamde vennootskapsverhouding, soos dit tussen die Departement van Volkswelsyn en die partikuliere inisiatief in die algemeen aangetref word, lê aan die verband tussen hierdie twee instansies in die Nasionale Welsynsraad ten grondslag.

Die koördinerende funksie wat deur die Nasionale Raad en sy streeksrade behoort te geskied, vind in werklikheid plaas via die departementele kantore van die Departement van Volkswelsyn. In laaste instansie is die plaaslike of streeksvolkswelsynbeamptes uitvoerders van hierdie funksie. Op 'n hoër vlak word die eienaardige posisie aangetref dat beide die Nasionale Welsynsraad en die Departement van Volkswelsyn die koördinasie van sorgaktiwiteite tot opdrag het.

Waar die totstandkoming van die Nasionale Welsynsraad die hoogtepunt is van 'n proses van staatsbemoeiing met die werk van die partikuliere en ander selfstandige sorgsfere, is die vermeerderde staatsmag ten opsigte van koördinasie, soos dit in die Wet op Welsynsorganisasies beliggaam is, 'n voorwaartse stap op die weg van staatsingrype binne die soewereine sfeer van die selfstandige partikuliere en kerklike instellinge.

Ten grondslag van die proses van die stelselmatige verowering van partikuliere terrein deur die staat lê 'n veranderde opvatting van die staatstaak waarin aan die staat 'n veel breër taak as net die juridiese toegeken word.

Nie slegs het die Nasionale Raad in beginsel die weg gebaan vir die verkragting van die beginsel van die soewereiniteit in eie kring van die partikuliere inisiatief en kerk nie, maar die vryheid van die betrokke liggame is ook aan bande gelê, en die gesagsbevoegdheid van die gesagsinstansies in die onderskeie kringe is aangetas.

Die Nasionale Welsynsraad kan op grond van die voorafgaande gekwalifiseer word as een van die nuwe vorme van bestuurorganisasie waarin ons met 'n sogenaamde „gemengde bestuursorgaan" te doen het. In hierdie gemengde bestuursvorm vind 'n verskuiwing van die taak van die partikuliere inisiatief

na die staat op baie subtiele wyse plaas. Wat die prinsipiële taak van die staat betref, word in die tendens tot die daarstelling van hierdie gemengde bestuursorgane 'n onregmatige verbreding van die staatstaak aangetref wat nie gerym kan word met die beperkte taak wat in die Skrif aan die staat toegeken word nie. Andersyds beland die partikuliere instellinge in hierdie bestuursvorm in die posisie dat hulle as gevolg van die feit dat hulle by die uitvoering van staatstaak betrek word hulle eie beperkte Skriftuurlike taak oorskry. In werklikheid gee hulle op hierdie wyse 'n groot mate van soewereiniteit oor hulle eie gesagsgebied prys aan die staat ter wille van gewaande samewerking op 'n vennootskapsbasis.

Daar skuil 'n mate van universalisme in hierdie stelsel wat op grond van hierdie vennootskapsverhouding in die praktyk ontwikkel het, aangesien die staat, wat finansieel die sterkere vennoot is en territoriaal die grootste gebied beslaan, nou terrein verdeel, funksies bepaal en beleid voorskryf.

Meer en meer skrywers sien vandag die Nasionale Welsynsraad in Suid-Afrika as 'n vorm van gemeenskapsorganisasie waarin daar op nasionale vlak deur die staat tot die koördinasie van sorgaktiwiteite oorgegaan word. Die feit dat dit in hoofsaak die instellinge is wat die professionele maatskaplike werk in beginsel onderskryf wat rondom hierdie Raad polariseer, wil hierdie opvatting bevestig.

Dit is duidelik dat die Nasionale Welsynsraad die vrug is van die geestesstroming wat gedurende die jare dertig van hierdie eeu die ganse wêreld oorspoel het. Dit is die vrug van 'n geestesstroming waarin nie die Skrif nie maar die histories ontwikkelde empiriese situasie tot die normatiewe verhef is. Die feit dat hierdie Raad blykbaar pas binne die raamwerk van die staatsbeleid waarin daar algaande meer en meer magte aan die staat toegeskryf word op grond daarvan dat die staat aanspreeklik sou wees vir die „algemene welsyn", dui daarop dat hierdie Raad, net soos die sosiale rade in ander lande, die voorloper en die begeleidende verskynsel van 'n staatsopvatting is wat baie nou verwant aan indien nie sinoniem met die welsynstaatgedagte is soos dit onder meer in die Skandinawiese lande

bestaan. Hierdie opvallende ooreenkoms en die feit dat die holistiese opvattinge van J.C. Smuts in die vorming van die uiteindelike staatsbeleid ten opsigte van welsynsbedrywighede 'n belangrike rol gespeel het, dui daarop dat ons hier te make het met die historiese kultuurproduk van 'n gans ander geestesstroming as byvoorbeeld in die werk van die F.A.K. Dat daar ten spyte van vermeerderde staatskontrole en bindende maatreëls van owerheidsweë nog 'n koördinasievraagstuk bly bestaan, is duidelike bewys dat die menslike samelewing moeilik op meganiese wyse totalitêr en universeel gekoördineer kan word.

Die twee koördinasievorme wat in hierdie verhandeling aandag geniet het, is uiteraard moeilik vergelykbaar. In die werk van die Nasionale Welsynsraad het ons te make met 'n statutêre raad wat met dwangmag beklee is, terwyl die F.A.K. 'n selfstandige instelling is wat deur die partikuliere inisiatief en die kerk tot stand gekom het. In die geval van die Nasionale Welsynsraad word 'n semistaatsorgaan aangetref waarin die partikuliere instellinge en die kerk „betrek" word, terwyl die F.A.K. 'n federasie is waarin liggame op grond van die aanvaarding van gemeenskaplike beginsels toetree ten einde gekoördineerde en saamgesnoerde aksie op kultuurterrein te bewerkstellig. Dit val op dat die grondliggende verskil tussen die twee vorme geleë is in die kontrasterende groeibodem waaruit die twee koördinasievorme ontspruit het. Dit kan ideaal-tipies aangedui word as die basiese onderskeid tussen die twee lynreg teenoor mekaar staande lewens- en wêreldbeskouinge, naamlik die Britse holisme en die Afrikaner-nasionalisme.

Dit is vir die Christen-wetenskaplike baie duidelik dat daar langs die weg van die negering van die Skrifbeginsels ten opsigte van die koördinasievraagstuk geen ware organiese koördinasie moontlik is nie. Uiteraard is die Bybelse „sjaloom", vrede of orde nie te verwesenlik langs die weg van ongehoorsaamheid aan die eise van die Skrif nie. Slegs deur Skriftuurlik verantwoorde versorgende optrede in die menslike samelewing en daarby inbegrepe ook in die organisatoriese en administratiewe sfeer van die menslike kultuurwerk, kan daar sprake wees van die realisering van hierdie „sjaloom" of vrede waardeur die mens as die medearbeider van God in sy

koninkryk daartoe meewerk dat die koninkryk van God in alle menslike samelewingsvorme gestalte aanneem.

5. AANBEVELINGS.

a. Die gesonde beginsel van koördinasie op die grondslag van die verskillende kategorieë van sorgaktiwiteite soos dit reeds in Suid-Afrika aangetref word moet verder uitgebou word. In hierdie verband behoort die kategoriese koördinasie op nasionale en provinsiale vlak veral aandag te geniet. Koördinasie van werksaamhede op grond van gemeenskaplike werkterrein, doelstellinge en funksies moet in die toekoms in 'n meerdere mate deur die partikuliere instellinge prakties toegepas word.

b. Die interne koördinasie van die werksaamhede van die in eie kring soewereine instellinge moet deur die gesagsinstansies van die betrokke instellinge self onderneem word. Die eksterne koördinasie van die werk van hierdie instellinge met dié van ander liggame met soortgelyke funksies en werksgebied moet deur middel van 'n koördinerende instansie waarin die samewerkende instellinge op basis van newegeskiktheid verteenwoordiging geniet, geskied.

c. Eksterne koördinasie van die werksaamhede van instellinge met prinsipieel verskillende funksies moet op die basis van newegeskiktheid deur middel van samesprekinge op die grondslag van Christelike liefde en samehorigheid geskied.

Slot. d. Die basiese veronderstelling waarvan uitgegaan moet word, is die aanvaarding dat staat, kerk en partikulier georganiseerde inisiatief elk 'n eiesoortige funksie het en afsonderlik vir die handhawing van orde binne die grense van hulle funksionele en geografiese werkterrein aanspreeklik is. Hieruit vloei voort dat die staat tot taak het die koördinasie van sy eie interne sorgaktiwiteite en dat staatsingrype in die soewereine sfeer van die kerk en die partikuliere inisiatief slegs wanneer die sorgaktiwiteite in daardie sfere die algemene regsbelang van die bevolking bedreig geoorloof is. Optrede van die staat ten opsigte van sodanige wanordelike ontwikkelings moet streng ooreenkomstig die juridiese bestemmingsfunksie van die staat geskied.

Watter standpunt ook al ten opsigte van die vraagstuk van owerheidsubsidie aan die kerklike en partikuliere instellinge ingeneem word, bly een feit vasstaan naamlik dat daar gewaak moet word dat deur die toekenning van subsidie die staat in die posisie gestel word om in beginsel of in praktyk in die interne gesagsbevoegdhede van die in eie kring soewereine gesagsfeer van die kerk of die partikuliere inisiatief in te gryp.

e. Die praktiese situasie in Suid-Afrika verg ernstige besinning veral wat die deurlopende gebruik van die feitlik universele professionele maatskaplike werktegniek betref. Dit het dringend noodsaaklik geword dat daar oor hierdie verskynsel besin moet word en dat daar in die Suid-Afrikaanse maatskaplike sorgbeleid riglyne vanuit prinsipiële oorweginge aangedui moet word vir die volvoering van die eiesoortige sorgtaak van die in eie kring soewereine instellinge.

# BRONNELYS.

## 1. BOEKE:


ALGEMENE ARMESORGKOMMISSIE VAN DIE N.G. KERK: *Verslag van die kerklike armesorg-konferensie, Kimberley, 6 en 7 Oktober* 1934.

ALGEMENE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK: *Kerklike kongres oor die gesinslewe*, 23 tot 27 September 1963; Handelinge, referate en besluite en aanbevelings van die kerklike kongres oor die gesinslewe, gehou in die Stadsaal, Bloemfontein; Kaapstad, N.G.-Kerkuitgewers, 1963.

ANGELINUS, P. Dr. Mr., O.F.M. CAP.: *Wijsgerige gemeenschapsleer*, vierde druk; Utrecht, Dekker en van de Vegt, s.j.

ARMSTRONG, H.C.: *Grey Steel*; J.C. Smuts. A study in arrogance; London, Arthur Baker, 1937.

BANNING, Dr. W.: *Hedendaagse sociale bewegingen*; Armhem, Von Loghum Slaterus, 1957.

—————————: *Maatschappij, kerk en evangelie*; Arnhem, Von Loghum Slaterus, 1957.

—————————: *Moderne maatschappijproblemen*; Haarlem, De Erven F. Bohn, 1955.

—————————: *Sociologie en kerk*; Publicatie van het Sociologisch Instituut der Nederlandse Hervormde Kerk, nr. 2, 's-Gravenhage, Boekencentrum, 1951.

BAVINCK, H. *Wijsbegeerte der Openbaring*, 19 Stonelezingen, November, 1908; Princeton, Kampen, J.H. Kok, 1908.

BEVERIDGE, SIR, WILLIAM H.: Inter-departmental committee on social insurance and allied services; London, H.M. Stationery office, 1942.

——————————: The pillars of security and other wartime essays and addresses; London, George Allen and Unwin, 1943.

BIESTERVELD, PROF. B., VAN LONKHUYZEN, DR. J., EN RUDOLPH, DS. R.W.J.: Het diaconaat; Handboek ten dienste der diaconieën; Hilversum, J.H. Wizel, 1907.

BISNO, H.: The philosophy of social work; Washington D.C., Public Affairs Press, 1952.

BLANCKENBERG, P.B. (samesteller): The thoughts of general Smuts; Cape Town, Juta and Co., 1951.

BOND VAN JONGELIEDEVERENIGINGS OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG: Koers in ons J.V.-werk. Leierskamp van die -; 2-4 September 1961; Potchefstroom, Pro Rege Pers, s.j.

BOTHA, DR. L.L.N.: Die maatskaplike sorg van die N.G.-kerk in Suid-Afrika; Paarl, Paarlse Drukpers-mpy., 1956.

BOUMAN, DR. P.J.: Rewolusie van die eensames; Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1958.

BRÜMMER, DR. F.: Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936; geredigeer namens die konferensiebestuur, Pretoria, Staatsdrukker, 1937.

BRUNO, FRANK J.: Trends in social work; New York, Columbia University Press, 1948.

BURNS, EVELINE M.: Social security and public policy; New York, McGraw Hill Book Co., 1956.

CARNEGIE KOMMISSIE: Die armblankevraagstuk in Suid-Afrika; vyf dele, Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1932.

CILLIERS, DR. A.C.: South African nationalism or British holism; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1938.

CLARKE, HELEN I.: Principles and practice of social work; New York, Appleton-Century, 1947.

CLOECK, H.P.: Maatschappelijk werk in overgangstijd; Alphen aan den Rhijn, N. Samson, 1957.

COETZEE, DR. J.A.: Ons reddingsdaad; Brosjure uitgegee deur die hoofkantoor van die Reddingsdaadbond, Johannesburg.

COETZEE, J.H.: Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1859-1949); Potchefstroom, Pro Rege-Pers, 1953.

―――――: Verarming en oorheersing; Die Tweede Trek-reeks, onder redaksie van prof.dr. J. de W. Keyter e.a.; Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942.

COETZEE, P.C.: Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte; Publikasies van die Universiteit van Pretoria, nuwe reeks, nr. I, onder redaksie van prof.dr. B.F. Nel e.a.; Johannesburg, Voortrekkerpers, 1956.

COUWENBURG, DR. S.W.: De strijd tussen progressiviteit en conservatisme; 's-Gravenhage, Uitgeverij Pax, 1959.

―――――: De vereenzaming van de moderne mens; 's-Gravenhage, Uitgeversmaatschappij Pax, 1958.

CRONJÉ, DR. G.: *Mens tot medemens*; Pretoria, H.A.U.M., 1958.

DAWSON, CHRISTOPHER: *De Christelijke cultuur als historische werkelijkheid*; Utrecht; Spectrum, 1962.

DE BRUIN, J. EN GEIJS, J.H.: *De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken*; Alphen aan den Rhijn, N. Samson, 1954.

DE GROOT DR. D.J.: *De reformatie en de staatkunde*; Franeker, T. Wever, Christelijk Nationale Bibliotheek, 1955.

DENGERINK, J.D.: *Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der souvereiniteit in eigen kring in die 19de en 20e eeuw*; Kampen, J.H. Kok, 1948.

DE VILLIERS, DR. T.C.: *Die sosiale roeping van ons kerk*; Amsterdam, H.A. van Bottenburg, 1922.

DE VLEESCHAUWER, H.J.: *Handleiding by die wetenskaplike tegniek*. Ten behoewe van die historiese en geesteswetenskappe in die algemeen; Johannesburg, Voortrekkerpers Bpk., 1961.

*DIE DRIE FORMULIERE VAN ENIGHEID* : (tweede druk); Kaapstad, N.G.Kerk uitgewers.

DOOYEWEERD, PROF. DR. H.: *Vernieuwing en bezinning*; om het reformatorisch grondmotief; Zuthpen, J.B. van den Brink, 1959.

DU PLESSIS, PROF. L.J.: *Aard, doel en uitingsvorme van kultuur in die menslike samelewing*. Ongepubliseerde lesing Kulturele Roepingsleerkursus; P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1958.

DU PLESSIS, S.: Samewerking tussen organisasies; Tesis vir die diploma in sosiale en gesondheidswerk; Pretoria, April, 1951.

DU TOIT, DR. H.D.A.: Olie op die wonde; Pretoria, N.G. Kerk-uitgewers, 1955.

DU TOIT, P. (samesteller): Verslag van die volkskongres oor die armblankevraagstuk, Kimberley, 3 tot 5 Oktober 1934; Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., s.j.

DUVENAGE, DR. S.C.W.: Kerk, volk en jeug, dl. I; Zaandijk, J., Heijnes Tsz., 1962.

————: Preek oor Johannes 14:27 (ongepubliseerd.)

EBENSTEIN, PROF. W.: Today's -isms; New York, Prentice Hall, 1954.

EVERTS, E. en TREURNIET, A.: Gids voor maatschappelijk werk, dl.I; Alphen aan den Rhijn, Samson, 1954.

FAIRCHILD, H.P. (EDITOR): Dictionary of sociology; New York, Philosophical library, 1944.

FEDERALE ARMESORGRAAD VAN DIE N.G. KERK: Die diens van barmhartigheid. Die armesorgwerk van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika; Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1955.

FEDERALE VROUERAAD: Vrouevolksdiens in oënskou. Die federale kongres van die A.C.V.V. (Kaapland), S.A.V.F. (Transvaal), O.V.V. (Oranje-Vrystaat), N.C.V.V. (Natal) gehou in Bloemfontein 27 tot 29 September 1956; Bloemfontein, Sentrale Pers, 1956.

FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE: Grondwet en statute van die F.A.K. soos aanvaar op die F.A.K.-kultuurkongres, 5 Julie 1945.

————————: Grondwet van 'n kultuurvereniging.

————————: Handhaaf-en boureeks, nr. 4.

————————: VERSLAE:

Verslag van die reëlingskomitee vir die Afrikaanse taal- en kultuurkonferensie, Bloemfontein, 24 Augustus 1929.

Sekretariële en geldelike verslag, 1 Oktober 1931.

Verslag van die Uitvoerende Komitee, 1944-1946.

Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1954 tot 31 Maart 1955.

Verslag van die werksaamhede van die F.A.K., 1 April 1956 tot 31 Maart 1957.

Jaarverslag van die F.A.K., 1958-1959.

Jaarverslag van die F.A.K., 1959-1960.

Jaarverslag van die F.A.K., 1960-1961.

————————: Konsepreglement vir skakelkomitees.

————————: KONGRESSE.

Program en verslag van die Uniale taal- en kultuurkonferensie, Bloemfontein, 18 en 19 Desember 1929.

Verslag van die F.A.K.-kultuurkongres, Kaapstad, 21 tot 23 Desember 1931.

Program en notule van die F.A.K.-kultuurkongres, Johannesburg, 1934.

———————: Referate en verslag van die F.A.K.-kongres, 6 en 7 Julie 1937; Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., s.j.

———————: Notule van die Ekonomiese Volkskongres, 1939.

———————: Program, verslag en notule vir die sewende amptelike kongres van die F.A.K.; Bloemfontein, 1944; Johannesburg, Voortrekkerpers, s.j.

———————: Program en sekretariële jaarverslag vir die agtste tweejaarlikse kongres van die F.A.K., Clarendonsaal, Bloemfontein, 2 Julie 1946.

———————: Agenda verslag en notule vir die negende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 30 September tot 2 Oktober 1948, Bloemfontein.

———————: Agenda en jaarverslag van die tiende tweejaarlikse kongres van die F.A. K., 4 Oktober 1950, Bloemfontein.

———————: Agenda en jaarverslag van die elfde tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1 Oktober 1952, Bloemfontein.

———————: Program vir die twaalfde tweejaarlikse kongres en silwerjubileum van die F.A.K., 29 September tot 30 Oktober 1954.

———————: Referate by geleentheid van die Silwerjubileum-kongres, die twaalfde tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1954.

———————: Program en notule van die dertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K. 2 en 3 Oktober 1956.

——————: Referate gelewer by geleentheid van die dertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K. en die volkskongres oor jeugsake, 2 en 3 Oktober 1956, Bloemfontein.

——————: Program vir die veertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 1958.

——————: Notule van die vyftiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., 28 en 29 September 1960.

——————: Jaarverslag en program vir die sestiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K., Durban 1962.

——————: Konstitusie van die F.A.K. soos aanvaar op die derde vergadering van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K., 28 Junie 1928.

——————: NOTULE:
Notule van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad vanaf 1934 tot 1963.

——————: Notule van die Uitvoerende Komitee (voorheen genoem Uitvoerende Bestuur) van die F.A.K. vanaf 1929 tot 1963.

——————: Notule van die Dagbestuur van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. vanaf totstandkoming tot 1963.

——————: Notule van die Nasionale Instituut vir Onderwys en opvoeding, 13 Julie 1945.

——————: Notule van 'n konferensie met jeugorganisasies en organisasies belas met jeugwerk, 7 Oktober 1950.

——————————: Program van aksie; Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., s.j.

——————————: Program van aksie. Handhaaf- en boureeks, uitgegee in samewerking met die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns; Johannesburg, Hortors Bpk., s.j.

——————————: Silwerjubileumuitgawe 1929-1954.

——————————: Statute van die Nasionale Instituut vir Onderwys en Opvoeding; bylae tot die agenda van die vergadering van die I.C.N.O., 29 Junie 1946.

——————————: Wat elke Afrikaner behoort te weet, brosjure opgestel deur die -.

FEDERASE VAN CALVINISTIESE STUDENTEVERENIGINGS: Koers in die krisis, 3 dle.; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1935, 1940, 1941.

——————————: Op die voorpunt van die tye; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1945.

FULFORD, ROGER: Votes for women. The story of a struggle; London, Faber and Faber, 1957.

GEESINK, DR. W.: Gereformeerde ethiek, dl. II; Kampen, J.H. Kok, 1931.

GEFEDEREERDE N.G. KERKE IN SUID-AFRIKA: Die berymde psalms en gesange, met belydenisskrifte, liturgiese formuliere en Christelike gebede; Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1936.

GOVERNOR-GENERAL'S NATIONAL WAR FUND: Fifteenth annual report of the national executive committee for the period ending 30th June, 1955; Johannesburg, 1956.

GREYLING, P.F. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en armesorg*; proefskrif goedgekeur vir die graad van doktor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch; Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.

GROBLER, W.S.J.: *Die F.A.K.*, ongepubliseerde referaat.

HAMILTON, GORDON: *Theory and practice of social casework*; 2nd revised edition; New York, Columbia University Press, 1951.

HANCOCK, W.K.: *Smuts: The sanguine years 1870-1919*; Cambridge, at the University Press, 1962.

HANEKOM, DR. T.N.: *Die liberale rigting in Suid-Afrika*; 'n Kerkhistoriese studie; Stellenbosch, Die Christen Studenteverenigingmaatskappy, 1951.

HAYEK, F.A.: *The road to serfdom*; London, Routledge, 1944.

HEESE, J. DE V.: *Van penkop tot hoofleier*; Kaapstad, 1941.

HELPMEKAARGEDENKBOEK: *'n Geskiedenis van die grote reddingsdaadbeweging van die Afrikanervolk met statistieke van die Helpmekaarbeweging*; Kaapstad, Nasionale Pers, 1918.

HEROMA-MEILINK, MEV. D. e.a. (samestellers): *Helpen in deze tijd*; Nederlandse Gesprekcentrum, Publicatie nr. 19; Kampen, J.H. Kok, 1960.

JACKSON, FOAKES, F.J.: *History of the Christian church to A.D. 461, 6th edition*; Cambridge, Deighton Bell and Co., 1954.

JOHANNESBURG, STAD VAN: Verslag van die Johannesburgse konferensie oor maatskaplike werk, 9-14 Oktober 1950. Opgestel deur die afdeling Maatskaplike Sake van die -.

KAMPHUIS, M. e.a.: Helpen als ambacht; Studies over maatschappelijk werk; Baarn, Bosch en Keunig, 1951.

KAMPHUIS, M.: Om de leefbaarheid van het bestaan; Geschriften van de Academie voor Sociale en Culturele Arbeid te Groningen, nr. 3; Lochem, De Tijdstroom, 1959.

KESTELL, J.D.: My nasie in nood; Die Tweede Trekreeks, nr. III, onder redaksie van Keyter, prof.dr. J. de W., e.a.; Bloemfontein, Nasionale Pers, 1950.

KRUGER, JANNIE: Kultuur in die Republiek; uitgegee deur die F.A.K.; Johannesburg, Voortrekkerpers, 1960.

KRUYSWIJK, DR. M.: De ongerepte orde; schets van een Christelijke cultuurbeschouwing; Kampen, J.H. Kok, 1957.

KUIN, DR. P.: Ordening als maatschappelijke verschijnsel; Haarlem, H.D. Tjeenk Willink en Zoon, 1938.

KURTZ, RUSSEL H.: Social work yearbook, A description of organized activities in social work and in related fields; 14th issue; New York, Boyd Printing Co., 1960.

KUYPER, DR. A.: *Anti-Revolutionaire staatkunde*, dl. I; Kampen, J.H. Kok, 1916.

———————: *De gemeene gratie*, dl. III, Kampen, J.H. Kok, s.j.

———————: *Encyclopaedie der heilige Godgeleerdheid*, tweede hersiene druk; Kampen, Kok, 1908, 1909.

———————: *Pro Rege*, dl. III; Kampen, J.H. Kok, 1912.

LAMBRECHTS, H.C., en THERON, E.: *Vrouevolksdiens*; Kaapstad, H.A.U.M., 1960.

PETHICK-LAWRENCE, LORD (editor): *Unshackled, Dame Christabel Pankhurst*; London, Hutchinson, 1959.

LEWIN, W.H.: *The 1912 overture*...; A man's answer to the suffragists. London, s.j.

LEYENDECKER, H.M.: *Problems and policy in public assistance*; New York, Harper and Brothers, 1950.

MACDONALD, TOM: *Ouma Smuts, The first lady of South Africa*; London, Hurst and Blackett, 1946.

MANNHEIM, K.: *Man and society in an age of social reconstruction*; studies in modern social structure; London, Kegan Paul, 1940.

MARX, H.L. (editor): *The welfare state*; New York, H.W. Wilson, 1950.

MEYER, DR. P.J.: *Die Afrikaner*; Die Tweede Trek-reeks, nr. I; Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., 1940.

MILES, A.P.: *American social work theory*; A critique and a proposal; New York, Harper and Brothers, 1954.

MüLLER, EBERHARD: <u>De wereld is anders geworden</u>; de weg der kerk in die 20ste eeuw; tweede druk; Franeker, T. Wever, 1953.

NASIONALE RAAD VIR DIE VERSORGING VAN KREUPELES IN S.A: <u>Referate gelewer tydens die konferensie van maatskaplike werksters</u>; Pretoria, 1958.

NASIONALE WELSYNSRAAD: Notule van die Nasionale Welsynsraad vanaf 13 November 1947 tot 27, 28 Maart 1963.

————: Notule van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Welsynsraad vanaf 28 November 1947 tot 22 November 1963.

————: Verslag van die Komitee insake die bespoediging van afhandeling van aansoeke om registrasie en nouer kontak tussen plaaslike welsynsrade en welsynsorganisasies. (ongepubliseerd)

NATIONAL COUNCIL OF SOCIAL SERVICE, THE: <u>Community organisation</u>; an introduction; Leicester, Blackfriars Press Ltd., 1962.

NATIONAL WELFARE ORGANIZATIONS: <u>Evidence to the Committee of enquiry into the financing of voluntary welfare organisations on the committees</u>': <u>Questionnaire A - general</u>.

NAUDE, J.H.: Toespraak van mnr. J.H. Naude, registrateur van welsynsorganisasies voor die N.H.S.V.-kongres, 12 Mei 1955, Pretoria, ongepubliseerd.

NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA: <u>Konstitusie van die Ondersteuningsraad van die -.</u>

————: <u>Konstitusie van die Streeksraad van die -.</u>

NEDERLANDSE SOCIOLOGISCHE VERENIGING: <u>Sociologisch jaarboek</u>; dl. III, Leiden, E.J. Brill, 1949.

NEPGEN, C.C.: <u>Die sociale gewete van die Afrikaanssprekendes</u>; uitgegee deur die C.S.V. van S.A.; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1938.

NIENABER, DR. P.J.: <u>Dr. J.D. Kestell, vader van die Reddingsdaad</u>; Bloemfontein, Nasionale Pers, 1946.

NISBET, R.A.: <u>The quest for community</u>; A study in the ethics of order and freedom; New York, Oxford University Press, 1953.

NORTON, W.J.: <u>The cooperative movement in social work</u>; New York, Macmillan, 1927.

OBERHOLZER, C.K.: <u>Ons en ons kinders</u>; Pretoria, J.L. van Schaik, 1957.

PAUW, S.: <u>Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad</u>; Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1946.

PIENAAR, T.C.: <u>In diens van die volk</u>; Johannesburg, A.P.B.-uitgewers, 1944.

POLAK, PROF. DR. F.L.: <u>Om het behoud van ons bestaan</u>; Cultuursociologische voorstudies; Leiden, H.E. Stenfert Kroese, 1951.

————————: <u>De toekomst is verleden tijd</u>; Utrecht, W. De Haan, 1955.

PONSIOEN, DR. J.: <u>De menselijke samenleving</u>, dl. I; Bussum, Paul Brand, 1953.

POPPER, K.R.: <u>The open society and its enemies</u>; 3rd edition, London, Routledge and Kegan Paul, 1956.

PROBLEMEN VAN MAATSCHAPPELIJK WERK: Gedenkboek ter gelegenheid van het 50-jarig bestaan (1899-1949) van de school voor maatschappelijk werk; Amsterdam, J. Muuses, 1949.

PRINGLE, J.C.: Community organization, Theory and principles; New York, Harper and Brothers, 1955.

P.U. VIR C.H.O.: Jaarboek van die -; Potchefstroom, 1963.

RIESMAN, DAVID: De eenzame massa; Assen, Van Gorcum, 1959.

REEDER, WARD G.: How to write a thesis, Bloomington, Illinois Public School publishing Co., 1925.

ROSS, M.G.: Community organization; Theory and principles; New York, Harper and Brothers, 1955.

S.A.V.F.: Vyftig jaar van seën (1904-1954); Pretoria, Wallach, 1954.

SCHILDER, DR. K.: Christus en cultuur; Franeker, T. Wever, 1955.

————————: De Openbaring van Johannes en het sociale leven; derde herziene druk; Delft, W.D. Meinema, 1951.

SCHOLTZ, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940; Johannesburg, Voortrekkerpers, 1944.

SIETSMA, DR. K.: De ambsgedachte; Amsterdam, S.J.P. Bakker, 1952.

SLATER, GILBERT: Poverty and the state; London, Constable and Co., 1930.

SMEENCK, C.: Christelijk-sociale beginselen, twee dele; Kampen, J.H. Kok, 1934.

SMUTS, J.C.: Holism and evolution, 3rd edition; London, Macmillan, 1936.

SOLOMON, W.E. GLADSTONE: Saul Solomon - the member for Cape Town; Cape Town, Oxford University Press, 1948.

SPIER, H.J., en SPIER, J.M.: Wijsbegeerte en levenspractijk; Kampen, J.H. Kok, 1948.

SPIER, J.M.: Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, vierde herziene druk; Kampen, J.H. Kok, 1950.

————————: Wat is Calvinistische wijsbegeerte?; Kampen, J.H. Kok, 1950.

STÉPHAN, RAOUL: Het Westen op de dwaalweg; Franeker, T. Wever, 1951.

STEINER, J.F.: Community organization; New York, The Century Co., 1925.

STOKER, PROF. DR. H.G.: Beginsels en metodes in die wetenskap; Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1961.

————————: Praktiese Calvinisme; praatjies gelewer oor die Afrikaanse sender van die S.A.U.K., 23 Oktober tot 20 November 1955; Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1956.

————————: „Die prinsipiële agtergrond van maatskaplike sorg en maatskaplike werk"; ongepubliseerde memorandum.

————————: Die wysbegeerte van die skeppingsidee; Kaapstad, H.A.U.M. 1933.

STRAUSS, PROF. H.J.: Christelike wetenskap; Bloemfontein, SACUM, 1953.

————————: „Die grondslag doel en taak van die Afrikaanse kultuurvereniging", ongepubliseerde lesing, gelewer tydens 'n A.T.K.V.-jeugleierskursus, Johannesburg, 1961.

STROUP, H.H.: <u>Social work</u>; An introduction to the field; New York; American Book Co., 1948.

STULTING, A.A.: <u>Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie</u>; D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, November 1961.

SULLIVAN, J.R.: <u>Die volk se grondwet</u>; Maatskaplike beveiligingswet vir S.A., vertaal deur P.J. Retief; Durban, Knox Publishing Co., 1944.

TALJAARD, J.A.L.: <u>Lewens- en wêreldbeskouingsleer B</u>; Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1960.

THERON, E en DE VILLIERS J.J.: <u>Welsynswerk met gestremdes</u>; Kaapstad H.A.U.M., 1959.

UNESCO: <u>Human Rights</u>; Comments and interpretations; A simposium edited by UNESCO, 2nd edition; New York, Alan Wingate, 1950.

VAN BILSEN, PROF. DR. B. e.a.: <u>Kerk en staat</u>; Publikasie nr. 10 van die Nederlandse Gesprekcentrum; Kampen, J.H. Kok, 1955.

VAN DEN DAM, DRS. J.P.A.: <u>Maatschappelijk werk</u>, tweede druk; Utrecht, Het Spectrum, 1958.

VAN DEN HEEVER, PROF. DR. C.M., en PIENAAR, DR. P. DE V.: <u>Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner</u>, dl. III; Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950.

VAN DER KOOY, DR. T.P.: <u>Op het grensgebied van economie en religie</u>; Wageningen, Zomer en Keunings, 1953.

VAN DIJK, R.: <u>Mens tot medemens</u>; Wageningen, Zomer en Keunings, 1953.

VAN LEEUWEN, DR. C.: Sociaal besef in Israel; Baarn, Bosch en Keunig, s.j.

VAN LOON, DR. P.C.J. Doelmatigheid van het maatschappelijk werk; 's-Hertogenbosch, Malmberg, 1950.

VAN PEURSEN, DR. C.A.: Cultuur en Christelijk geloof; Kampen, J.H. Kok, 1955.

VAN RENSBURG, S.M.: Die ontstaan en ontwikkeling van die Oranje-Vrouevereniging as vereniging vir maatskaplike werk; Verhandeling vir die graad M.A. in Sosiologie, Universiteit van Pretoria, November 1946.

VAN RIESSEN, DR. IR. H.: De maatschappij der toekomst, 3de druk; Franeker, T. Wever, 1953.

————: Op wijsgerige wegen; Wageningen, Zomer en Keunings, 1958.

VAN ROOY, DR. H.: Casework en maatschappelijk werk; Assen, Van Gorcum en Comp., 1952.

VAN RYSSEN, DS. J.W.J.: Die messias uit die aarde; Potchefstroom, Pro Rege-Pers Bpk., 1954.

VAN SCHOOR, M.C.E.: Die Vrystaatse Helpmekaar; Bloemfontein, Sentrale Pers, 1960.

VAN VELDHUIZEN, G.: De kerk aan de zelfkant; Den Haag, J.N. Voorhoeve, s.j.

VAN WYK, J.T.: Plaaslike beheer in die onderwys van Transvaal 1902-1910; ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1958.

VENTER, C.N.: Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk; ongepubliseerde M.Soc.Sc.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1954.

———————: Professionele maatskaplike werk en Christelike maatskaplike sorg, ongepubliseerde memorandum.

VENTER, DR. E.A.: Die gelowige in die samelewing; Bloemfontein, Sentrale Pers, 1961.

VENTER, J.J.: Die huidige krisis in die menslike samelewing met besondere verwysing na die sosiologiese opvatting van Karl Mannheim; P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1958.

VISSER 'T HOOFT, W.A.: The first assembly of the World Council of Churches held at Amsterdam, August the 22nd to September the 4th, vol. V; London, S.C.M. Press Ltd., 1949.

VON MEYENFELDT, DR. F.H.: De diaken als componist der gemeenschap; 's-Gravenhage, Keulen, 1955.

WAGNER, O.J.M. en THERON, E.: Maatskappelike werk by 'n plattelandse vereniging; Kaapstad, Nasionale Pers, 1944.

WARNER, A.G., QUEEN, S.A. and HARPER, E.B.: American charities and social work, fourth edition; New York, T.Y. Crowell Co., 1937.

WEBB, B.: My apprenticeship, 2 volumes; Harmondsworth, Penguin Books Ltd.,1938.

WESSELS, F.J.H.: Vrouestemreg, 'n Staatsfilosofiese studie, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S.; Bloemfontein, 1953.

WITMER, H.: *Social work*, An analysis of a social institution; New York, Rinehart and Co., 1942.

WURTH, DR. G.B.: *Christelijke zielsorg in het licht der moderne psychologie*; Kampen, J.H. Kok, N.V., 1955.

————————: *Evangelieboodskap en wêreldkrisis*, Kaapstad, N.G.kerkuitgewers, 1959.

————————: *Het Christelijk leven in huwelik en gezin*; Kampen, J.H. Kok, 1951.

————————: *Het Christelijk leven in de maatschappij*, Kampen, J.H. Kok, 1951.

————————: *Mensbeschouwing en maatschappelijk werk*; Kampen, J.H. Kok, 1957.

WURTH, DR. G.B. e.a. (samestellers): *Geestelijke volksgesondheid*; publikasie nr. 17 van die Nederlandse Gesprekcentrum; Kampen, J.H. Kok, 1959.

YOUNG, A.F. AND ASHTON, E.T.: *British social work in the nineteenth century*; London, Rutledge and Kegan Paul, 1956.

ZEEMAN, DR. M.T.S.: *Die armesorgwerk van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika*; Bloemfontein, Sacum Bpk., 1957.

————————: *Gaan dit goed met die N.G.-kerk?*; opgestel in opdrag van die N.G. kerkraad, Berg-en-dal, 1958.

ZUIDEMA, S.U.: *Denkers van deze tijd*, dl. I, derde druk; Franeker, T. Wever, s.j.

2. ENSIKLOPEDIË EN WOORDEBOEKE.

DAVIDSON, REV. T. (compiled by): *Chambers' Twentieth century dictionary*; London, W. and R. Chambers, 1956.

*ENCYCLOPAEDIA BRITTANICA, THE*; 11th edition, vol. V; Cambridge University Press, 1910-1911.

GROSHEIDE, PROF. F.W. e.a.: Christelijke encyclopaedie, tweede hersiene druk, 6 dele; Kampen, J.H. Kok, 1956.

KRITZINGER, M.S.B. e.a.: Verklarende Afrikaanse woordeboek, tweede uitgebreide druk; Pretoria, J.L. van Schaik, 1947.

MURRAY, JAMES A.H. and others: Oxford English dictionary, The, vol. II; Oxford, Clarendon Press, 1933.

SELIGMAN, R.A. (EDITOR IN CHIEF) AND JOHNSON, ALVIN (ASSOCIATE EDITOR): Encyclopaedia of the social sciences, vol. III; New York, Macmillan, 1958.

VAN DER MANDERE e.a. (samestellers): Politieke encyclopaedie; Amsterdam, Keesing, 1949.

WEEKLY, ERNEST: A concise etymological dictionary of modern English, revised edition; London, Secker and Warburg, 1952.

3. STAATSPUBLIKASIES.

KAAP, PROVINSIE VAN: Ordinances of the province of the Cape of Good Hope, volume I, 1911-1921. Compiled by Duncan, T.G. and Wyndham, C.; Kaapstad, Juta and Co., 1948.

NATAL, PROVINSIE VAN: Ordonnansies van die provinsie Natal, 1932; Pietermaritzburg, The Natal Press, (N.P. 5, 1932).

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: Wet tot wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, 1947, nr. 75 van 1961; Kaapstad, Cape Times Ltd., s.j.

SENSUS EN STATISTIEK, BURO VAN: Offisiële jaarboek van die Unie en van Basutoeland, Bechuanaland protektoraat en Swaziland; Pretoria, Staatsdrukker:
nommers 10 van 1927-28; 11 van 1928-29;
12 van 1929-30; 13 van 1930-31;
14 van 1931-32; 15 van 1932-33;

16 van 1933-34; 17 van 1934-35;
18 van 1937; 19 van 1938;
20 van 1939; 21 van 1940;
22 van 1941; 23 van 1946;
24 van 1948; 25 van 1949; en
26 van 1950.

TRANSVAAL, PROVINSIE VAN: Die liefdadige instellings (Kontrole) Ordonnansie, nr. 5 van 1926, soos gewysig in 1931 en 1933.

——————: Ordinances of the province of Transvaal, 1920; Pretoria, Staatsdrukker, 1921.

——————: Statutes of the province of Transvaal, 1907. Act no. 25 of 1907; Pretoria, Government printing and stationery office, 1907.

UNIE VAN SUID-AFRIKA: Die Uniewette. Geklassifiseerde en geannoteerde herdruk, 1910-1947; Durban, Butterworth and Co., 1962.

——————: Hersiene wette van die Unie van S.A., dl. I, 1910-1912; Pretoria, Staatsdrukker, s.j.

——————: Jaarverslae van die Departement van Onderwys, (ook bekend as die Unie-Onderwysdepartement) vir die jaar geëindig:

1928; Pretoria, Staatsdrukker, 1928; (U.G. 51-'29).
1930; Pretoria, Staatsdrukker, 1932; (U.G. 36 - '31).
1933 en 1934; Pretoria, Staatsdrukker, 1935; (U.G. 46-'35).
1935; Pretoria, Staatsdrukker, 1936 (U.G. 55-'36).

1936; Pretoria, Staatsdrukker, 1937; (U.G. 57-'37).

1937; Pretoria, Staatsdrukker, 1938; (U.G. 51-'38).

1938; Pretoria, Staatsdrukker, 1939; (U.G. 59-'39).

————: Jaarverslae van die Departement van Volkswelsyn (later bekend as die Departement Volkswelsyn en Pensioene) vir die tydperk van:

1937-1939; Kaapstad, Cape Times Ltd., 1940; (U.G. 15-'40).

1937-1949; Pretoria, Staatsdrukker; 1951; (U.G. 36-'50).

1949-1951; Pretoria, Staatsdrukker, 1951; (U.G. 69-1951).

1952-1959; Pretoria, Staatsdrukker, 1960; (U.G. 57-'59).

————: Kinderwet nr. 33 van 1960.

————: Program en verslag van die nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 25 tot 29 September 1944; Pretoria, Staatsdrukker; 1945.

————: Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936; Pretoria, Staatsdrukker; 1937.

————: Wet op Welsynsorganisasie nr. 40 van 1947, soos gewysig; Pretoria, Staatsdrukker, 1956-57.

————: Wet op Welsynsorganisasies: Verslae oor die werking en administrasie van die Wet:

Eerste jaarverslag, 31 Oktober 1948;

(U.G. 11/49.)
Tweede jaarverslag, 31 Oktober 1949; (U.G. 25/50).
Vierde jaarverslag, 31 Oktober 1951; (U.G. 39/52).
Vyfde jaarverslag, 31 Oktober 1952; (afgerolde verslag).
Sesde jaarverslag, 31 Oktober 1953; (afgerolde verslag).
Sewende jaarverslag, 31 Oktober 1954; (afgerolde verslag).
Negende jaarverslag, 31 Oktober 1956; (afgerolde verslag).
Tiende jaarverslag, 31 Oktober 1957; (afgerolde verslag).
Elfde jaarverslag, 31 Oktober 1958; (afgerolde verslag).

UNION OF SOUTH AFRICA: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61, 1947; Cape Town, Unie Volkspers Bpk., 1947.

VOLKSWELSYN EN PENSIOENE DEPARTEMENT VAN: Aanskoulike oorsig van welsynsdienste in die Unie, 1946; Pretoria, Staatsdrukker, 1946.

————————: Navorsing en inligting: Die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief in die professionele maatskaplike werk; aangebied deur die Departement Sosiologie van die Universiteit van Pretoria. Gelewer deur dr. F. Brümmer; uitgawe nr. 1 van 1962, September 1962.

————————: Omsendbriewe nrs. 56 van 1955 en 6 van 1957.

4. VERSLAE.

Aanbevelings van die Komitee van ondersoek i.s. die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies; Pretoria, Staatsdrukker, 31 Augustus 1953.

Report of the select committee on the subject of the welfare organisations Bill; Cape Town, Cape Times Ltd., June 1945.

Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908; Pretoria, Government printing and stationery office, 1908; (T.G. 13-'08).

Verslag van die Komitee van ondersoek insake gesinstoelae; Pretoria, Staatsdrukker, 1961.

Verslag van die Toneelkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; ongepubliseerd.

5. TYDSKRIFARTIKELS.

ALONS, DS. L.: „Levensbeschouwing en maatschappelijk werk", in Tijdschrift voor maatschappelijk werk; X, 19, 5, November 1956.

BERGHUIS, W.P.: „De taak der overheid", in Anti-Revolutionaire staatkunde; XIX, I, Januarie 1949.

————————: „De gemeente in de frontlijn", in Anti-Revolutionaire staatkunde; XXI, 11, November 1951.

————————: „Samenwerken van overheid en particulieren", in Anti-Revolutionaire staatkunde; XXV, 1, Januarie, 1955.

BOUMAN, DRS. F.J.A.: „Aspecten van maatschappelijk opbouw", in Mens en maatschappij, XXXVI, 2.

BOUMAN, DR. P.J.: „Jeugd", in Wending, spesiale uitgawe, Augustus-September 1955.

CHAUDHARI, DR. K.S.: „The vertices of social welfare", in Indian journal of social work, XIX, 2, 1 Junie 1958.

CILLIERS, PROF. A.C.: „Die beroerders van Israel", XXXIV, 1460; in _Die Huisgenoot_, 17 Maart 1950.

――――――: „Die regte van die mens", XXXIV, 1461; 24 Maart 1950.

DE JONGH, DR. J.F.: „Die werk van die V.V.O. op maatschappelijke gebied", in _Tijdschrift voor maatschappelijk werk_, XIII, 15, 5 September 1959.

DU PREEZ, DS. J.: „Christus ons groot diaken", in _Die Kerkbode_, CXII, 8, 24 Februarie 1960.

EYDEN, JOAN L.M.: „Social work co-operation in Europe", in _Social service quarterly_, published by the National Council of Social Service, XXXIII, 3, Desember 1959-Februarie 1960.

FOURIE, DR. J.J.: „Die verhouding tussen staat en kerk by Herman Dooyeweerd", deel 1 en 2, in _Die Kerkbode_, CXV, 5, van 31 Julie 1963 en 6, van 7 Augustus 1963.

GANGRADE, K.D.: „Community development programme in action. A problem for community development", in _Indian journal of social work_, Social service quarterly; XXI, 1, June 1960.

JOLLES, H.M.: „De ideaal van de planner", in _Sociologische gids_, IV, I, Januarie 1957.

KUIPER, DR. HENRY: „Protest against the welfare state", in _Torch and Trumpet_, IX, 2, May-June 1959.

McLACHLAN, R.: „Koördinasie as faktor in die bevordering van welsynsdienste in Suid-Afrika", brosjure oorgedruk uit: Tydskrif vir Geesteswetenskappe, September 1962, Johannesburg, Voortrekkerpers.

MEEDER, DR. J.R.: „Gevaarlijke subsidiepolitiek", in Anti-Revolutionaire staatkunde; XXXI, 3, Maart 1961.

MEKKES, PROF. DR. J.P.A.: „Christelijke politiek", in Anti-Revolutionaire staatkunde, XXI, 9, September 1951.

PIETERSE, DR. J.E.: „Die metodes van maatskaplike werk", in Mens en gemeenskap. Tydskrif vir die bevordering van kennis van maatskaplike sorgvraagstukke in Suid-Afrika onder redaksie van prof. dr. G. Cronjé, II, 1, Maart 1962.

——————: „Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk", in Mens en gemeenskap, III, 1, Maart 1962.

POLET, CAND. IR. G.H.: „De staatstaak bij Goddelijke ordinantie", in Anti-Revolutionaire staatkunde, XXV, 9, September 1955.

PRABHU, DR. PANDHARI-NATH H.: „Social psychology of community development", in Indian journal of social work, Social service quarterly, XXI, 1, June 1960.

REDAKSIONEEL: „Doelgerigte optrede", in Handhaaf, F.A.K.-nuusbrief 1, 2, Oktober 1963.

——————: „F.A.K.-nuus", in Handhaaf, F.A.K.-nuusbrief, 1, 1, September 1963.

———————: „'n Geskiedkundige oorsig", in Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid, nr. 3, April 1961.

REDAKSIONELE ADVIESRUBRIEK: Vraerubriek in Anti-Revolutionaire staatkunde, VII, 9, Kampen, J.H. Kok, 1931, p. 401.

SMUTS, MRS. Sibella M. (KRIGE): „What I want for the 60,000 'glorybags' sent up North every month", in Outspan, XXXI, 803, 17th July 1942.

STRAUSS, PROF. H.J.: „Kerklike verenigings- 'n dereformatoriese koers", in Die Gereformeerde vaandel, XIX, 3, Junie 1951.

TELLEGEN, PROF. DR. F.Ph.: „Bezinning op communicatie", in Tijdschrift voor maatschappelijk werk, XXIII, 12, 20 Junie 1959.

VAN OYEN, DR. H.: „Bijbelse gerechtigheid en wêreldlijk recht", in Wending, V, 9, November 1960.

VAN RULER, PROF. DR. A.A.: „God en de chaos", in Wending, XIV, 5 en 6, Julie-Augustus 1959.

VENTER, E.S.: „Die emansipasie van die vrou", in Die Taalgenoot, XXXI, April 1962.

VENTER, C.N.: „Die kultuurkrisis en die verbondsjeug", in Koers, Deel XXVIII, 7 en 8, Jan.-Feb. 1961.

———————: „Die kultuurtoestand van die Afrikaner", deel I; „Kulturele eindbestemming", in Die Taalgenoot, XXXI, 12, November 1962.
deel II: „Die amptelike kultuuropvatting van die Afrikaner", in Die Taalgenoot, XXXII, 1, Desember 1962.

deel III: „Die deïstiese kultuuropvatting onder Afrikaners", in Die Taalgenoot, XXXII, 2, Januarie 1963.

deel IV: „'n Nuwe wêreld staan op", in Die Taalgenoot, XXXII, 3, Februarie 1963.

deel V: „Die mensdom pleeg selfmoord", in Die Taalgenoot, XXXII, 4, Maart 1963.

deel VI in Die Taalgenoot, XXXII, 5, April 1963.

deel VII „Ons volk is in sy hart getref", in Die Taalgenoot, XXXII, 6, Mei 1963.

————————: „Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur", in Koers, XXIII, 1, Augustus 1955.

————————: „Maatskaplike werk en die P.U. 'n Prinsipiële verantwoording", in Die veteraan, XXVII, nr. 3, September 1962, asook in die byvoegsel tot Die veteraan, XXVIII, 2, Junie 1963.

————————: „Nuwe leerplan in Maatskaplike Sorg", in Die veteraan, XXVI, 3, September 1961.

————————: „Probleme rondom die begrip terrein van die 'Gemeene Gratie'", in Perspektief, II, 1, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1963.

WILSON, DOROTHY: „America and the welfare state", in Planning, XXVI, 438, 25th January 1960.

6. KOERANTE.

„Welsynsraad nie afgeskaf", in Die Transvaler, 31 Oktober 1962.

„Gewysigde welsynswet geproklameer. Misbruike sal die hoof gebied word", in Dagbreek en Sondagnuus, 1 Oktober 1961.

„Handhaaf en bou", in Die Burger, 21 Desember 1929.

„Handhaaf en bou", in Die Volksblad, 19 Desember 1929.

7. ALGEMEEN.

'n Groot aantal lêers, geskrifte, dokumente, notule, verslae ens. is in die kantore van die Nasionale Welsynsraad en die F.A.K. nagegaan, benewens die wat reeds in die bronnelys opgeneem is.